

**Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n  
inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks**

**C.P. van Oort  
11005351**

**Proefskrif voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Afrikaans en Nederlands  
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

**Promotor: Prof. W.A.M. Carstens  
Medepromotor: Dr. M. van den Berg  
Hulppromotor: Prof. J.L. van der Walt**

**2008**

Ter nagedagtenis aan my pa vir sy besondere voorbeeld van moed en deursettingsvermoë en aan my ma vir haar voorbeeld van toewyding.

Vir Joggie, Marike en Abie.

Vir Sussie.

**SOLA GRATIA, SOLA FIDE: SOLI DEO GLORIA**

## Dankbetuigings

Ek betuig graag my opregte dank aan:

- My studieleiers, prof. Wannie Carstens, dr. Ria van den Berg en prof. Johann van der Walt vir hulle kundige leiding en begeleiding, toegewydheid en voortdurende ondersteuning gedurende hierdie studieproses.
- Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus wat my die geleentheid gebied het om hierdie studie uit te voer.
- Prof. Attie de Lange, navorsingsdirekteur van die Skool vir Tale, prof. Wannie Carstens, direkteur van die Skool vir Tale, en prof. Barry Richter, direkteur van die Skool vir Kurrikulumstudies, vir die finansiële ondersteuning om hierdie studie af te handel.
- Dr. Suria Ellis van die Statistiese Konsultasiediens vir haar bekwame hulp.
- Al die persone, soos onder andere dr. Dan Sleight en Elna Boesak, wat my gewillig en vriendelik te woord gestaan het en met hulle kennis daartoe bygedra het om van hierdie studie 'n werklikheid te maak.
- Die vriendelike samewerking van skoolhoofde, Afrikaansdepartementshoofde, -onderwysers en leerders wat deel uitgemaak het van die empiriese ondersoek.
- Me. Cecilia van der Walt vir die taalversorging van hierdie proefskrif.
- My lojale kollegas en vriendinne, Ria van den Berg, Susan Meyer en Christine du Toit, van die vakgroep Afrikaans van die Skool vir Kurrikulumstudies, vir die verskillende wyses waarop hulle gedurende die studietydperk my werkklas ligter gemaak het.
- Al my vriendinne wat altyd liefdevol en geduldig 'n oor om te luister en 'n skouer om op steun aangebied het.
- My suster, Marietjie, vir haar voortdurende aanmoediging en vertroue in my.
- My man, Joggie, en my kinders, Abie en Marike, vir hulle volgehoue liefdevolle bemoediging, onvoorwaardelike ondersteuning, motivering, eindelose geduld en geloof in my.
- My getroue hemelse Vader wat my deur Sy krag, genade en troue beloftes deur elke uur van hierdie studie gedra het.

## OPSOMMING

In hierdie studie is gepoog om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652, asook die verskillende ontstaansperspektiewe ten opsigte van Afrikaans wat van die 18de tot 21ste eeu die lig gesien het, in een bron te konsolideer. As gevolg van die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke omstandighede is nie ál die rolspelers in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans genoegsaam in die beskrywing van die Afrikaanse taalgeskiedenis verreken nie. Dit het bygedra tot die ontstaan van wanpersepsies oor die herkoms van Afrikaans. Hierdie wanpersepsies het onder andere aanleiding gegee daartoe dat in die onderrig van die taalgeskiedenis van Afrikaans hoofsaaklik op die ("wit") historiese Oostelike variëteit en op Standaardafrikaans gefokus is en dat die bestaan van enige moontlike kreoolse invloede op die taal geminimaliseer is. Die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 is vir die doel van hierdie studie herskryf om die invloed van ál die rolspelers (die Europeërs uit die Weste, die inheemse Koina uit Afrika en die ingevoerde slawe uit Asië) op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans te verreken. 'n Verdere doel van hierdie studie was om 40 ontstaansperspektiewe oor Afrikaans teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu waarbinne dit tot stand gekom het, te beoordeel en chronologies in één bron te konsolideer. 'n Lesreeks deur middel waarvan leerders van fasette van hierdie herskrywe geskiedenis van Afrikaans bewus gemaak sou kon word, is saamgestel binne die moontlikhede wat die NKV bied. Hierdie lesreeks is deur onderwysers aan Graad 9-leerders in streke wat verteenwoordigend is van gebiede waar hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite gepraat en gehoor word, gefasiliteer. Die doel hiermee was om te bepaal hoe die betrokke leerders en onderwysers op hierdie lesreeks reageer. Daar is van die standpunt uitgegaan dat 'n positiewe respons 'n aanduiding daarvan sou wees dat soortgelyke lesreekse in die toekoms gebruik sou kon word om die skoolgaande jeug bewus te maak van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans. Kennis van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis kan moontlik bydra tot versoening tussen Afrikaanssprekende groepe in Suid-Afrika, want dit dui daarop dat Afrikaans die gemeenskaplike skepping van alle Afrikaanssprekendes se voorgeslagte is: Europeërs uit die Weste, inheemse Koina uit Afrika en ingevoerde slawe uit die Ooste.

**Slutelwoorde:** Afrikaans, ontwikkelingsgeskiedenis, ontstaansperspektiewe, historiese variëteite, NKV, UGO-lesreeks.

## ABSTRACT

This study is an attempt at consolidating in a single source the inclusive history of the development of Afrikaans since 1652, as well as the various perspectives on the origins of Afrikaans put forward from the eighteenth to the twenty-first century. As a consequence of socio-political circumstances in South Africa, the various role-players involved in the origins and development of Afrikaans have not all been adequately taken account of in the description of the history of the Afrikaans language. This has contributed to the prevalence of inaccurate perceptions about the origins of Afrikaans. Amongst others, these misperceptions have led to the teaching of the history of Afrikaans predominantly focusing on the (white) historical Eastern variety and on standard Afrikaans, minimising the existence of any possible Creole influences on the language. For purposes of this study, the inclusive history of the development of Afrikaans since 1652 was rewritten in order to take account of the influence of all the role players (the Europeans from the West, the indigenous Koina from Africa, and the slaves brought from Asia) on the origins and development of Afrikaans. A further aim of this rewriting was to evaluate and consolidate, chronologically, the approximately 40 perspectives on the origins of Afrikaans against the background of the socio-political milieu within which these perspectives developed. Some aspects of this rewritten history of Afrikaans were taught by means of a series of lessons to learners in regions representative of areas where sub-varieties of the three historical Afrikaans varieties are spoken and heard. The aim was to determine whether series of lessons, similar to the one used in this study, could be regarded (and recommended) as an appropriate presentation method to disseminate the inclusive history of the development of Afrikaans among the school-going youth. Knowledge of and insight in the inclusive history of the development of Afrikaans may contribute to the process of reconciliation in South Africa, because this history suggests that Afrikaans is the collective creation of Afrikaans-speaking citizens' ancestors: Europeans from the West, indigenous Koina from Africa, and slaves brought from the East.

**Keywords:** Afrikaans, historical development, perspectives on origins, historical varieties, NCS, OBE lesson series

## INHOUD

Proloog	1
<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>2</b>
<b>INLEIDING</b>	<b>2</b>
1.1 Inleidend	2
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Navorsingsvrae	5
1.3.1 Primêre navorsingsvrae	5
1.3.2 Sekondêre navorsingsvrae	5
1.4 Doelstellings	5
1.4.1 Primêre doelstellings	5
1.4.2 Sekondêre doelstellings	6
1.5 Sentrale teoretiese stelling	6
1.6 Navorsingsontwerp	6
1.6.1 Literatuurstudie	6
1.6.2 Empiriese ondersoek	6
1.7 Hoofstukindeling	7

<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>8</b>
<b>DIE SEWENTIENDE EN AGTIENDE EEUE (1652-1799) AAN DIE VROEË KAAP</b>	<b>8</b>
Oriëntering	8
2.1 Inleiding	9
2.2 Die sosiopolitieke milieu waarin die Kaapse taalgroepe sedert 1652 tot 1799 verkeer het	13
2.2.1 Die Nederlandse seevaarders	13
2.2.2 Die sosiopolitieke en -linguistiese milieu waarin die Nederlanders aan die Kaap verkeer het	14
2.2.2.1 Die verskillende herkomsgebiede, taalvorme, ambagte en sosiale stande van die Nederlandse setlaars aan die Kaap	14
2.2.2.2 Die Nederlandse setlaars aan die Kaap kom in aanraking met nie-Germaanse tale	14
2.2.2.3 Die sosiopolitieke verhouding tussen die Kaapse setlaars en die Koina	15
2.2.2.4 Die kerklike en opvoedkundige omstandighede van die Kaapse setlaars	15
2.2.2.5 Die gesinslewe van die Kaapse setlaars	16
2.2.3 Die invloed van die Nederlandse setlaars op die ontwikkeling van Afrikaans	16
2.2.4 Die Franse Hugenote se sosiopolitieke en -linguistiese omstandighede aan die Kaap	18
2.2.5 Die Duitse immigrante se sosiopolitieke en -linguistiese omstandighede aan die vroeë Kaap	20
2.2.6 Die sosiopolitieke en -linguistiese omstandighede waarin ander tale aan die vroeë	

Kaap verkeer het	21
2.3 Die drie taalgroepe (die Hollanders, die Koina en die slawe ) se onderskeie rolle in die taalveranderingsproses wat aan die vroeë Kaap plaasvind	22
2.3.1 Die Hollandse setlaarveeboere	22
2.3.2 Die Koina	24
2.3.2.1 Gekoloniseerdes en koloniseerders	24
2.3.2.2 Die Koina se sosiopolitieke en ekonomiese strukture stort in duie	24
2.3.2.3 Die Koina verlaat die Kaap	25
2.3.2.4 Assimilasie en akkulturasie vind plaas	26
2.3.2.5 Die Koina se invloed op die taalveranderingsproses	26
2.3.3 Die ingevoerde slawe	28
2.3.3.1 Slawe uit verskillende wêrelddele word na die Kaap ingevoer	28
2.3.3.2 Assimilasie en akkulturasie vind plaas	29
2.3.3.3 Stedelike subkulturele Islamitiese bevolkingstruktuur ontwikkel aan die Kaap	31
2.3.3.4 Slawegetalle oorheers setlaargetalle	31
2.3.3.5 Die invloed van die ingevoerde slawe op die taalveranderingsproses	31
2.4 Die ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite	33
2.4.1 Die historiese Westelike Afrikaanse variëteit	36
2.4.1.1 Die veranderde sosiopolitieke en ekonomiese omstandighede van die Koina	37

2.4.1.2 Die noordwaartse beweging van die Koina	37
2.4.1.3 Die historiese Westelike Afrikaanse variëteit as gesproke streekstaal	38
2.4.1.4 Die invloed van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit op die standaardvariëteit van Afrikaans	38
2.4.1.5 Griekwa-Afrikaans	38
2.4.2 Die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit	39
2.4.2.1 Kommunikasie ter wille van oorlewing in 'n nuwe land	40
2.4.2.2 Die slawe raak van hulle moedertale vervreemd	40
2.4.2.3 Afrikaans word die onderrigtaal in slaweskole	41
2.4.2.4 Die invloed van Suidelike Afrikaans op die Afrikaanse standaardvariëteit	42
2.4.3 Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit	43
2.4.3.1 Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit ontwikkel uit die Niestandaardvorme van Nederlands	43
2.4.3.2 Die <i>Statenbijbel</i> as enigste normgewer	44
2.4.3.3 Die taalsituasie op die Oosgrens	44
2.5 Gevolgtrekking	45
<b>HOOFSTUK 3</b>	<b>48</b>
<b>DIE NEGENTIENDE EN TWINTIGSTE EEUE (1800-2000) IN SUID-AFRIKA</b>	<b>48</b>
Oriëntering	48
3.1 Inleiding	48

3.2	Die negentiende en twintigste eeue se historiese, sosiopolitieke, -kulturele en -linguistiese milieu in Suid-Afrika	50
3.2.1	Die Groot Trek	50
3.2.2	Die Genootskap van Regte Afrikaners is <i>méer as net 'n taalbeweging</i>	51
3.2.3	Ontdekking van grondstowwe in die Boererepublieke	51
3.2.4	Groot Brittanje verklaar oorlog teen die Boererepublieke	51
3.2.5	Nasionale en politieke bewussyn ontwikkel by wit Kapenaars	53
3.3	Die implikasies van die sosiopolitieke milieu van die negentiende en twintigste eeue vir Afrikaans	53
3.3.1	Taal- en kulturele veranderinge ten gunste van Engels	54
3.3.2	Die Afrikaanssprekendes word verplaas	54
3.3.3	Reaksie van Afrikaanssprekendes op die verengelsingsbeleid	55
3.3.4	Standaardnederlands en die invloed daarvan op die ontwikkeling van Afrikaans	56
3.3.5	Die ontstaan van Arabies-Afrikaanse geskrifte	56
3.3.6	Die Groot Trek se invloed op Afrikaans	57
3.3.7	Die opkoms van die joernalistiek	57
3.3.8	Die stigting van die twee noordelike Boererepublieke	59
3.3.9	Stigting van privaatskole	59
3.3.10	Die bevordering/benadeling van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)	59
3.3.11	Die ontdekking van goud in die binneland	62

3.3.12	Die Anglo-Boereoorlog en die gevolge daarvan vir Afrikaans	62
3.3.13	Afrikaans vorder stapsgewys	63
3.3.14	Die Afrikaner se politieke ontwaking	64
3.3.15	Standaardisering van Afrikaans	65
3.3.16	Die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke milieu verander ná die Tweede Wêreldoorlog	66
3.3.17	Die posisie van Afrikaans ná Republiekwording	66
3.3.18	Die teenreaksie op die sosiolinguistiese en -kulturele eksklusiwiteit van die ("wit") Afrikaner	67
3.3.19	Die Soweto-opstande en Afrikaans	68
3.3.20	Afrikaans ná 1994	69
3.4	Gevolgtrekking	70
	<b>HOOFSTUK 4</b>	74
	<b>PERSPEKTIEWE OOR DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS</b>	74
	Oriëntering	74
4.1	Inleiding	74
4.1.1	Ontwikkelinge in die sosiolinguistiek en die betekenis daarvan vir Afrikaans	77
4.1.1.1	Voor die opkoms van die sosiolinguistiek	77
4.1.1.2	Afrikaanse taalverskeidenheid in die verlede geïgnoreer	78
4.1.2	Die opkoms van die sosiolinguistiek	79

4.1.2.1	Paradigmaverskuiwing vind plaas	80
4.1.2.2	'n Duidelike verband tussen 'n taal se geskiedenis en die ontstaan van variëteite	81
4.1.2.3	Meer as net die standaardgeskiedenis van Afrikaans	81
4.1.2.4	Afrikaanse taalverskeidenheid teen die agtergrond van die sosiolinguistiek	82
4.2	Chronologiese weergawe van verskillende perspektiewe op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans	83
4.2.1	M.H.C. Lichtenstein	84
4.2.2	J.G. Swaving	85
4.2.3	A.N.E. Changuion	85
4.2.4	Die GRA	86
4.2.5	F. von Hoogendorp	88
4.2.6	T. Hahn	88
4.2.7	C. Stoffel	89
4.2.8	H. Schuchardt	90
4.2.9	C. de Coutouly	90
4.2.10	W.J. Viljoen	91
4.2.11	J.T. te Winkel	91
4.2.12	S.J. du Toit	93
4.2.13	E. Kruisinga	94
4.2.14	T.H. le Roux	95

4.2.15	Jac J. van Ginneken	95
4.2.16	C.J. van Rijn	96
4.2.17	G.R. von Wielligh	97
4.2.18	D.C. Hesseling	98
4.2.19	G.S. Nienaber	102
4.2.20	S.A. Louw	104
4.2.21	J. du P. Scholtz	104
4.2.22	G.G. Kloeke	107
4.2.23	A. van Selms	108
4.2.24	J.L.M. Franken	109
4.2.25	F. van Coetsem	110
4.2.26	M.F. Valkhoff	110
4.2.27	D.B. Bosman	112
4.2.28	H.J.J.M. van der Merwe	115
4.2.29	M.C.J. van Rensburg	116
4.2.30	T. Markey	120
4.2.31	H. den Besten	121
4.2.32	E.H. Raidt	124
4.2.33	F.A. Poneis	128
4.2.34	Achmat Davids	130

4.2.35	P.T. Roberge	131
4.2.36	H.G.W. (Hans) du Plessis	133
4.2.37	E.F. Kotzé	135
4.2.38	C. de Ruyter en E.F. Kotzé	137
4.2.39	Ana Deumert	139
4.2.40	H.P. Grebe	140
4.3	Verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans	140
4.3.1	Die ontstaan van Afrikaans word toegeskryf aan 'n tweedeling van faktore	141
4.3.2	Die ontstaansperspektiewe wat 'n kombinasie van meer as twee faktore insluit	142
4.4	Sintetisering van die ontstaansperspektiewe	143-160
4.5	Gevolgtrekking	161

## **HOOFSTUK 5**

	<b>DIE HANTERING VAN DIE TAALGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS OP SKOOLVLAK SEDERT DIE TAGTIGERJARE VAN DIE VORIGE EEU</b>	168
	Oriëntering	168
5.1	Inleiding	168
5.2.1	Taalhandboeke en bloemlesings	169
5.2.2	Bevinding	177
5.3.1	Die akademiese toerusting van Afrikaanshoofvakstudente	178

5.3.2	Bevinding	180
5.4.1	Die akademiese kundigheid van 14 praktiserende Afrikaansonderwysers ten opsigte van die Afrikaanse taalgeskiedenis	181
5.4.2	Bevinding	182
5.5.1	Die hantering van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die 1985- en 1995-sillabus	183
5.5.2	Bevinding	184
5.6.1	Kommentaar van enkele onderwyskenners oor die vorige sillabi en onderwysbenaderings	186
5.6.2	Bevinding	187
5.7	Gevolgtrekking	187
	<b>HOOFSTUK 6</b>	<b>190</b>
	<b>'N WERKSWYSE VIR DIE BEWUSMAKING VAN DIE INKLUSIEWE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS BINNE DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARINGRAAMWERK</b>	<b>190</b>
	Oriëntering	190
6.1	Inleiding	190
6.2	Die Grondwet van Suid-Afrika lê die grondslag vir die Nasionale Kurrikulumverklaring	191
6.3	Voorgestelde werkswyse om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die NKV-raamwerk te onderrig	192
6.3.1	Die NKV-leerinhoud	192

6.3.2	Verskeidenheid tematiesgeorganiseerde tekste	195
6.3.3	Geïntegreerde onderrigbenadering	195
6.3.4	Gepaste metodiek	196
6.3.5	Die voorbeeldesreeks	197
6.3.6	Die voorbeeldesmodel	198
6.3.7	Die geïntegreerde leeraktiwiteite	199
6.4	Gevolgtrekking	205
	<b>HOOFSTUK 7</b>	207
	<b>IMPLEMENTERING VAN DIE VOORBEELDLESREEKS IN DIE PRAKTYK</b>	207
	Oriëntering	207
7.1	Inleiding	207
7.2	Stappe van die ondersoekprosedure	209
7.2.1	Bepaling van die studiepopulasie	209
7.2.1.1	Doelmatig gekose, beskikbare skole	209
7.2.1.2	Graad 9-leerders en hulle onderwysers	210
7.2.2	Gesprekke met onderwysers	211
7.2.3	Fasilitering van die voorbeeldesreeks	211
7.2.4	Evalueringsprosedure	211
7.2.4.1	Response van die Graad 9-leerders op die voorbeeldesreeks	211

7.2.4.2	Response van die onderwysers op die voorbeeldesreeks	212
7.2.4.3	Response word teruggestuur	212
7.2.4.4	Verwerking van die response van die leerders op die voorbeeldesreeks	212
7.3	Interpretasie van die leerders se response op die voorbeeldesreeks	213
7.3.1	Stelling 1	213
7.3.2	Stelling 2	214
7.3.3	Stelling 3	215
7.3.4	Stelling 4	216
7.3.5	Stelling 5	217
7.3.6	Stelling 6	217
7.3.7	Stelling 7	219
7.3.8	Stelling 8	219
7.3.9	Stelling 9	220
7.3.10	Stelling 10	221
7.4	Interpretasie van die onderwysers se response op die voorbeeldesreeks	223
7.5	Gevolgtrekking	225
	<b>HOOFSTUK 8</b>	<b>227</b>
	<b>GEVOLGTREKKING EN BYDRAE VAN DIE STUDIE</b>	<b>227</b>
	Oriëntering	227

8.1	Inleiding	227
8.2	Doelstellings van die studie	228
8.3	'n Samevatting van Hoofstukke 2 tot 7	230
8.4	Gevolgtrekking oor die bydrae van hierdie studie	233
8.5	Aanbevelings	236
8.5.1	Die opleiding van Afrikaansonderwysstudente	236
8.5.2	Onderwysersopleiding	237
8.5.3	Kurrikuleerders en handboekkeurders van die Nasionale Onderwysdepartement	237
8.5.4	Die skool	238
8.5.5	Verantwoordelikheid van historici	238
8.5.6	Verantwoordelikheid van die Afrikaanse taal- en kultuurleiers van Suid-Afrika	239
8.5.7	Verantwoordelikheid van die Afrikaanse publiek	239
8.5.8	'n Bewussynsveldtog vir die bewaring en ontwikkeling van taalerfenis	239
8.5.9	Die media	240
8.5.9.1	Internet	240
8.5.9.2	Die pers	240
8.5.9.3	Radio en TV	241
8.5.9.4	Musiekproduksies	241
8.5.9.5	CD's van streekstale	241
8.6	Slot	241

8.7	Verdere navorsingsvoorstelle	242
8.8	Afsluiting	242
	Epiloog	243
	<b>BIBLIOGRAFIE</b>	244
	<b>LYS VAN TABELLE</b>	
Tabel 4.4.1	Beknopte samevatting van ontstaanspersepsies van Afrikaans	145
Tabel 5.2.2.1	Oorsigtelike samevatting van die ondersoek van Afrikaanse taalhandboeke	176
Tabel 6.3.1	Die insluiting en inhoud van die Afrikaanse taalgeskiedenis volgens die NKV (2002)	194
	<b>LYS VAN GRAFIEKE</b>	
Grafiek 5.2.2.1	Hantering van die Afrikaanse taalgeskiedenis en Afrikaanse variëteite in 'n aantal handboeke	177
Grafiek 7.3.1	Stelling 1	213
Grafiek 7.3.2	Stelling 2	214
Grafiek 7.3.2	Stelling 3	215
Grafiek 7.3.4	Stelling 4	216
Grafiek 7.3.5	Stelling 5	217
Grafiek 7.3.6	Stelling 6	218
Grafiek 7.3.7	Stelling 7	219
Grafiek 7.3.8	Stelling 8	220

Grafiek 7.3.9	Stelling 9	221
Grafiek 7.3.10	Stelling 10	222
Vraelys 7.4.1	Die vraelys vir onderwysers ná die fasilitering van die voorbeeld Lesreeks	223
Tabel 7.4.2	Algemene kommentaar van onderwysers ná afhandeling van die voorbeeldlesreeks	224

#### **DIAGRAM**

Diagram 6.3.2	Die aangepaste sirkelmodel	199
---------------	----------------------------	-----

#### **LYS VAN BYLAES**

Bylae A	Voorbeeldlesreeks
Bylae B	Mini-biblioteek
Bylae C	Onderwysersgids

# PROLOOG

Afrikaans – 'n versoeningstaal<sup>1</sup>

Dit is  
het hulle gesê,  
die taal van die onderdrukker.  
Dit kom  
het hulle gesê,  
uit die mond van Europa.  
Dit het  
het hulle gesê,  
'n enkele styl,  
net een vir kommunikeer.  
Maar uit die buik van Afrika  
kom sy –  
uit die monde van slawe  
Europeërs en inheemse volke,  
dans sy op die maat van oeroue  
tromme  
en handgemaakte kitare,  
dra sy kostuums van vele kleure  
en sing sy in duisend stemme!  
Nou ná die storm jare (sic)  
dans sy nie meer so flink,  
maar sy omhels die skouers van  
haar susters  
en kus versoenend op elke wang.  
Aan die geveg oor identiteit het  
sy geen erg –  
In die Afrika-Renaissance  
vind sy haar weg.

(Diana Ferrus, 2006:15)

---

<sup>1</sup> Die verhaal en lotgevalle van Afrikaans word deur eeue heen ook in poësievorm in die verskillende variëteite van Afrikaans vertel.

# HOOFSTUK 1

## Inleiding

“Ek glo daar was nog nooit 'n beter tyd om Afrikaans in meer harte en monde te plaas nie”  
(Coenie de Villiers as uitvoerende direkteur van die ATKV met ingang Desember 2006 aan Retief, 2006:vii).

### 1.1 Inleidend

Die tradisionele beskouing van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans weerspieël 'n eensydige wit purisme, waarin die aandeel van rolspelers soos die inheemse Koina<sup>2</sup> en die Kaapse slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans geringgeskat word (Du Plessis, 2001a:70). Hierdie geringskatting het aanleiding gegee tot 'n verdeelde én verdelende taalgeskiedenis (Willemse, 2003) onder wit en bruin Afrikaanssprekendes.

Ná die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in April 1994 het *akademici* soos Gerwel (2005a:16; 2004a:20), Willemse (2006:14), Carstens en Du Plessis (in 'n onderhoud met Jacobs 2007:28-29), *historici* soos Giliomee (2004a:41-42), *politici* soos F.W. de Klerk (2007), *kunstenaars* soos De Villiers (aan Retief, 2006:vii) en *joernaliste* soos Du Preez (2007:4), De Vries (2007:3) en Boesak (2007) begin vra na 'n inklusiewer opvatting van Afrikaans *wat die volle diversiteit binne Afrikaans erken*.

Begrip van en waardering vir die volle diversiteit binne Afrikaans vereis na my mening 'n ingesteldheid op inklusiwiteit wat die bydraes van alle rolspelers (die Europeërs, die Koina en die ingevoerde slawe) in die ontwikkeling van Afrikaans vanaf 1652 erken. Hierdie *inklusiewe* beskouing van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans verskil van die tradisionele beskouing waarvolgens die ontstaan van Afrikaans op eensydige wyse aan die bedrywighede van die Genootskap van Regte Afrikaners<sup>3</sup> (GRA) sedert 1875 gekoppel word (Du Plessis, 2003a:129).

---

<sup>2</sup> “Koina” word in hierdie studie gebruik na aanleiding van die historikus, dr. Dan Sleight, se motivering: Twee Koina wat as tolke vir die Hollanders opgetree het, by name Autshumao (1653) en Krotoa (1657), gebruik die woord *Quena* om na die inheemse Kaapse herderbevolking (veebesitters) te verwys. Dié uitspraak is volgens Sleight onbekend, maar duidelik verwant aan die samestelling van *Khoi* (persoon) plus *-na* (meervoud, onslagtig). Die soektog na 'n outentieke en korrek geïdentifiseerde eienaam vir dié groep duur volgens Sleight steeds voort. Dit is duidelik uit die verskillende benamings en spelwyses wat deur verskillende taalkundiges en geskiedkundiges gebruik word: Elphick (1988:3): *Khoikhoi* en hy verklaar dié benaming as “man der manne” of as “opregte mense”; Raidt (1991:90): *Khoi-Khoi*; Ponelis (1993:1): *Khoi*; Scholtz (1981): *Hottentot*; Van Rensburg (1983:102) en Nienaber (1934): *Khoekhoens*, Coetzee (2001b:1): *Koikoï*; Du Plessis (2003a:129): *Khoe*; Carstens (2002:154): *Khoisan*; Heese (2005:45): *Khoikhoi*. sien voetnoot 92 op p.39 aangaande die benaming *San*.

Daar was met die aankoms van die Nederlandse setlaars aan die Kaap nege Koi-hoofgroepe waaronder die skiereilandse Koi-groepe: die *Gorachoqua*, die *Goringhaiqua* en die *Goringhaicona*. Die Koi-groepe verder van die skiereiland: die *Cochoqua*, die *Chainouqua*, die *Grigriqua*, die *Namaqua*, die *Attaqua*, die *Inqua*, die *Damasonqua* en die *Gonaqua* (Sleight, 2004:62-77). Nienaber (1989) bespreek in sy insiggewende werk “Die Khoekhoense stamname” die verskillende Koi-groepe se herkomsgebiede en benamings in detail.

<sup>3</sup> sien Hoofstuk 3, par. 3.2.2 vir meer aangaande die GRA se motiewe.

Waardering vir die bydraes van ál die rolspelers<sup>4</sup> in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans onder alle Afrikaanssprekendes kan na my mening 'n bydrae lewer tot versoening onder Afrikaanssprekende groepe.

Tot op hede het verskillende taalakademici op verskillende fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans gekonsentreer. So konsentreer Du Plessis (2003a; 1994) hoofsaaklik op die Afrika-geskiedenis van Afrikaans en die rol wat die Koina in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. Roberge (1994) konsentreer op die rol wat die inheemse en Asiatiese tale in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. Davids (1994a; 1990; 1989) fokus op die invloed wat die vroeë Kaapse slawegemeenskap op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gehad het. Ponelis (1993) skenk veral aandag aan die interne geskiedenis<sup>5</sup> van Afrikaans en bied 'n uitgebreide bespreking van die Afrikaanse fonologiese, leksikale, semantiese en sintaktiese prosesse en taalstruktuur. Van Rensburg tree na vore met sy beskouing dat sinchroniese verskynsels lig kan werp op diachroniese prosesse<sup>6</sup>. Raidt (1991) bespreek die Europese en Afrika-taalgeskiedenis van Afrikaans, maar fokus in hoofsaak op die Europese verlede van Afrikaans<sup>7</sup>. Scholtz (1950; 1965; 1980) beskou die taalgeskiedenis van Afrikaans hoofsaaklik vanuit 'n Eurosentriese perspektief. Die historikus Giliomee (2004a) gee weliswaar 'n breedvoerige beskrywing van die Suid-Afrikaanse politieke landsgeskiedenis, maar hy fokus nie op die taalgeskiedenis van Afrikaans nie.

## 1.2 Probleemstelling

In die postapartheid-Suid-Afrika bestaan daar 'n behoefte aan navorsing oor die volle spektrum van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652, aangesien die geskiedenis van 1652 tot 1775 in die verlede onderbeklemtoon is as gevolg van, onder andere, sosiopolitieke (apartheids-) ideologieë. Daar bestaan ook 'n behoefte daaraan om dié inligting aangaande die ontstaan en ook die ontwikkeling van Afrikaans vanaf 1652 (en selfs daarvóór) in één gekonsolideerde en toeganklike bron<sup>8</sup> weer te gee. Inligting aangaande die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans kom tans verspreid in 'n verskeidenheid bronne voor.

Bestaande navorsing van historici en akademici lê klem op verskillende fasette en bespreek nie die volle spektrum van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans nie. *Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, gemeet aan die bepaalde sosiopolitieke milieu (van die 17de eeu af tot die begin van die 21ste eeu) waarin dit afspeel, steeds nie inklusief in 'n enkele bron gekonsolideer is sodat die bydraes van alle hoofrolspelers in die ontwikkeling van Afrikaans vanaf 1652 duidelik na vore kom nie.* Hierdie studie wil 'n meer verteenwoordigende en toeganklike weergawe van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans

<sup>4</sup> Afrikaans is die gesamentlike skepping van huidige wit en bruin Afrikaanssprekendes se voorsate.

<sup>5</sup> In Ponelis (1993) se werk *The Development of Afrikaans* word 22,1% van die inhoud aan die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans gewy.

<sup>6</sup> Van Rensburg se navorsing het Afrikaans begin losmaak van haar "leliewit" assosiasie.

<sup>7</sup> Raidt is die outeur van *Afrikaans en sy Europese verlede* (1991) en wy 22,6% van die inhoud aan die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans.

<sup>8</sup> In die besonder gekonsolideer en toeganklik vir die gebruik van studente, aspirant-Afrikaansonderwysers en praktiserende Afrikaansonderwysers om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te onderrig.

(waarin alle rolspelers in die ontwikkeling van Afrikaans erkenning geniet) aanbied – veral met die oog op die toepaslike onderrig daarvan.

Die bestaande navorsing deur akademici soos Ponelis (1993:69-71), Raidt (1991:232-236), Nienaber (1984), Scholtz (1980:29-34), Van der Merwe (1968b:22-48) en andere in verband met die verskillende *beskouings* oor die wyse waarop Afrikaans ontstaan het, behels tans die bespreking van enkele ontstaansperspektiewe in dele van artikels of boeke, maar nie die chronologiese konsolidasie van die ontstaansperspektiewe van Afrikaans (met die inagneming van die bepalende rol wat die sosiopolitieke milieu waarin die perspektiewe ontstaan het, daarin gespeel het) in één bron nie. Daarom bestaan daar ook 'n behoefte daaraan om die verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans vanaf die vroeë negentiende eeu binne die bepaalde sosiopolitieke milieu waarin die perspektiewe die lig gesien het, te beoordeel en chronologies in een bron te konsolideer.

Die tyd is nou ryp om 'n meganisme in werking te stel wat die “gesplete” taalgeskiedenis van Afrikaans as 'n *gedeelde* taalgeskiedenis aan Afrikaanssprekendes bekend te maak (De Villiers, 2006), aangesien die herskryf en verspreiding van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans op só 'n wyse kan bydra tot die versoeningsideaal wat die grondwet van Suid-Afrika in die vooruitsig stel (Giliomee, 2004b:12; Gerwel, 2004a; b; Olivier, 2004:15).

Dat 'n regstelling van die skeefgetrekte taalgeskiedenis van Afrikaans (toe te skryf aan sosiopolitieke agendas van die verlede) nou nodig is, blyk ook uit die onlangse 2006-hoorbeeld *Suid-Afrika en haar slawegeskiedenis* van Elna Boesak oor RSG en die musiekblyspel *Ghoema* van Kramer en Petersen (2006; 2007).

'n Voor die hand liggende wyse om die volle omvang van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 by Afrikaanssprekendes uit te bring is deur die skoolgaande jeug te betrek by wyse van die aanbied van lesreekse<sup>9</sup> binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) en die paradigma van uitkomsgerigte onderwys (UGO)<sup>10</sup>. Toepaslike lesreekse waarin fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 by die leerinhoude geïntegreer word, kan saamgestel word, aangesien die meeste handboeke<sup>11</sup> die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans nie genoegsaam verreken nie. Die NKV (Departement van Onderwys: 2002) wat verskyn het, bied genoegsame moontlikhede<sup>12</sup> om wel fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis by die kurrikula van verskillende grade te kan insluit.

---

<sup>9</sup> Lesreekse waarin die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans op interessante wyses by die leerinhoude geïntegreer word, in teenstelling met die aanbieding van taalgeskiedenis (as voorgeskrewe komponent) in die verlede. Sien Hoofstuk 5, par.5.5 in verband met die hantering van die taalgeskiedenis in skoolverband.

<sup>10</sup> Daar word in Hoofstuk 6 aangetoon hoe 'n lesreeks aan leerders op skool aangebied kan word waarin fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 met die leerinhoude geïntegreer kan word.

<sup>11</sup> Vergelyk Hoofstuk 5 aangaande die nie-genoegsame verrekening van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 in taalhandboeke en die skoolsillabi van die vorige onderwysbedeling.

<sup>12</sup> Vergelyk Hoofstuk 6 aangaande die genoegsame moontlikhede wat die NKV (Departement van Onderwys, 2002) binne die UGO-paradigma vir die integrering van fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 in die huidige onderwysbedeling bied.

Uit bostaande probleemstelling vloei die volgende navorsingsvrae voort:

### 1.3 Navorsingsvrae

#### 1.3.1 Primêre navorsingsvrae

- Kan die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 op so 'n wyse in één bron gekonsolideer word dat die bydraes van die hoofrolspelers (die Koina, die Europeërs en die ingevoerde slawe aan die vroeë Kaap) duidelik daardeur weerspieël word om onder andere in die onderrig daarvan gebruik te word?
- Kan taalkundiges (van die vroeë negentiende eeu af tot die vroeë een-en-twintigste eeu) se uiteenlopende beskouings oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu waarbinne dit figureer, gesintetiseer en chronologies in een bron weergegee word?

#### 1.3.2 Sekondêre navorsingsvraag

- Kan lesreekse binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) saamgestel word waarin fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 as tema – binne die normale skoolprogram – onderrig word, en hoe sal leerders daarop respondeer?

Uit die geformuleerde probleemstelling en navorsingsvrae volg die volgende primêre en sekondêre doelstellings logieserwys:

### 1.4 Doelstellings

#### 1.4.1 Primêre doelstellings

- Om die *inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis* van Afrikaans vanaf 1652, wat alle rolspelers in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans erken en waarin die invloed van die bepaalde sosiopolitieke milieu daarop duidelik na vore kom, in een bron te konsolideer met die oog op die toepaslike onderrig daarvan.
- Om die *verskillende ontstaansperspektiewe* van Afrikaans teen die sosiopolitieke milieu waarbinne dit gevorm is, te sintetiseer, chronologies te orden en in een bron byeen te bring met die doel om beter begrip van die verskillende beskouings asook van die geskiedenis van Afrikaans te bekom.

#### **1.4.2 Sekondêre doelstelling**

- Om die moontlikhede wat die NKV-raamwerk en UGO-paradigma bied om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 te onderrig, te ontgin, en 'n lesreeks binne die raamwerk van die NKV saam te stel deur middel waarvan fasette van ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 – binne die normale skoolprogram – onderrig kan word, en om vas te stel hoe leerders en onderwysers daarop reageer.

#### **1.5 Sentrale teoretiese stelling**

Die vertrekpunt is dat die vroeëre aanbod van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 in sy gedokumenteerde vorm nie volledig verteenwoordigend van sy totale sprekerskorps van die taal is nie en dat dit reggestel moet word. Bekende én dikwels versweë fasette<sup>13</sup> van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652, asook die verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans (wat tans in 'n wye verskeidenheid bronne weergegee word), kan chronologies in een bron georden en in die toepaslike onderrig van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans op skoolvlak gebruik word.

#### **1.6 Navorsingsontwerp**

##### **1.6.1 Literatuurstudie**

Die literatuur wat geraadpleeg is, behels hoofsaaklik soveel moontlik

- boeke, tydskrif- en koerantartikels, proefskrifte en verhandelings, radioprogramme, toesprake, digbundels asook elektroniese media met die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en die verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans as onderwerp, en
- Afrikaanse taalhandboeke, vorige sillabi (om die leemtes daarin te bepaal) asook huidige kurrikula (om die moontlikhede daarin vas te stel) om 'n lesreeks waarin fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans voorkom, te kan saamstel.

##### **1.6.2 Empiriese ondersoek**

Die rasionaal van die empiriese ondersoek was om vas te stel hoe leerders en onderwysers op 'n lesreeks wat fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 as tema het, sou reageer. 'n Ondersoek is vir dié doel by vyf doelmatig gekose skole in drie verskillende spraakgebiede van Afrikaans (waar hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite gehoor en gepraat word) gedoen.

---

<sup>13</sup> Verswyg as gevolg van bepaalde sosiopolitieke filosofieë.

## 1.7 Hoofstukindeling

In Hoofstuk 2 word eerstens die historiese, sosiopolitieke en kulturele milieu van die sewentiende en die agtiende eeue waarin Afrikaans deur die samekoms van drie groepe mense uit drie kontinente aan die Kaap ontstaan het, bespreek. Tweedens word die (taal)implikasies vir die ontstaan en ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite gedurende hierdie tydperk aan die vroeë Kaap ondersoek.

Hoofstuk 3 handel oor die historiese, sosiopolitieke en kulturele milieu van die negentiende en die twintigste eeue (1800-2000) en die gepaardgaande (taal)implikasies vir die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans van 'n onderdrukte variëteit tot 'n ampstaal en tot die taal van die onderdrukker en eindelijk tot 'n bevrydingstaal<sup>14</sup>.

In Hoofstuk 4 word die verskillende (en uiteenlopende) perspektiewe van 40 taalteoretici, -historici en ander rolspelers oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gedurende die negentiende tot vroeë een-en-twintigste eeue bespreek en teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu waarbinne hierdie ontstaansperspektiewe die lig gesien het, *gesintetiseer* en *beoordeel volgens die mate waartoe die bydraes van die Nederlandse matreke en die intertekte van die Koina en die slawe daarin verreken is*.

Hoofstuk 5 ondersoek die plek van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne vorige sillabi (om die leemtes daarin te bepaal) en huidige kurrikula (om die moontlikhede daarin te bepaal vir die onderrig van die ontwikkelingsgeskiedenis).

In Hoofstuk 6 word daar deur middel van 'n voorbeeldesreeks op skoolvlak aangedui hoe leerders van fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 bewus gemaak kan word.

Hoofstuk 7 behels die beskrywing van 'n ondersoek wat by vyf skole gedoen is om vas te stel hoe die leerders op die voorbeeldesreeks repondeer.

Hoofstuk 8 bevat die gevolgtrekking wat uit die studie gemaak kan word en aanbevelings word gemaak.

In hierdie studie word daar ook van 'n verskeidenheid frases van toepaslike Afrikaanse *gedigte* asook *aanhalings* van verskillende *akademici*, *historici*, *kunstenaars* en *politici* gebruik gemaak. Die doel van hierdie relevante *aanhalings* is om as konteksskeppende meganismes te dien. Die doel van die *gedigte* is om die kern en atmosfeer van die betrokke gedeelte in poëtiese taal saam te vat. Gedigte wat in verskillende variëteite van Afrikaans geskryf is, het met verloop van eeue die verhaal van Afrikaans en haar *sosiopolitieke lotgevalle* vertel.

---

<sup>14</sup> Sien Hoofstuk 3, par. 3.3, Hoofstuk 4, par. 4.1.1 en par. 4.1.2 in hierdie verband.

# HOOFSTUK 2

## Die sewentiende en agtiende eeue (1652-1799) aan die vroeë Kaap

"Afrikaans developed out of a Dutch stem as a result of interaction between European colonists, who arrived there in 1652, slaves imported from Africa and Asia, and indigenous Khoisan people" (Gillomee, 2003:3).

### Oriëntering

Die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf 1652 word vir doeleindes van hierdie studie in twee tydperke, naamlik 1652<sup>1</sup>-1788 en 1800-2000, in twee hoofstukke (Hoofstukke 2 en 3) beskryf deur op die *breë algemene sosiopolitieke milieu* van hierdie twee tydperke te fokus en *die invloed* te bespreek wat die bepaalde milieu op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans uitgeoefen het.

Die herkoms van Afrikaans behoort in werklikheid, wat die *Nederlandse wortels daarvan* betref, veel vroeër gesoek te word. Nederlands se oerwortels lê in die Indo-Europese<sup>2</sup> (of Indo-Germaanse) grondtaal waaruit die Germaanse tale ontwikkel het (Raidt, 1991:4-7). Teen die derde eeu n.C. kon drie Germaanse groeperings onderskei word, naamlik Noord-, Oos- en *Wes-Germaans*. *Wes-Germaans* het in twee takke verdeel: *Noordsee-Germaans*<sup>3</sup> en *Binne-Germaans*<sup>4</sup> (of Duits in die breër betekenis). *Binne-Germaans* het later vertak in *Neder-*, *Middel-* en *Opperduits*. *Nederduits* het vertak in *Nederfrankies* en *Saksies*. Uit *Nederfrankies* het twee verdere vertakkings ontwikkel, naamlik *Wes-* en *Oos-Nederfrankies*. *Nederlands* het ontwikkel uit *Wes-Nederfrankies* en die jong taal, *Afrikaans*, het ontstaan uit die sewentiende-eeuse *Nederlands* (Raidt, 1991:8).

Die volgende drie hoofpunte word in Hoofstuk 2 ondersoek:

- Die *sosiopolitieke* en *-linguistiese milieu* van die sestiende en sewentiende eeue waarin die Europese taalgroepe in die vroeë Kaap verkeer het.
- Die *taalkontak* tussen sprekers van tale uit Europa, Afrika en Asië aan die vroeë Kaap.
- Die *ontwikkeling* van die drie historiese Afrikaanse variëteite as gevolg van die taalkontak tussen sprekers uit Europa, Afrika en Asië aan die vroeë Kaap.

<sup>1</sup> Hierdie studie fokus hoofsaaklik op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans binne Afrika. Die geskiedenis van Indo-Europees tot Nederlands (sien Raidt, 1991:3 e.v.) word nie hierby ingesluit nie, aangesien dit nie op skoolvlak hanteer word nie. Die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans het volgens De Ruyter en Kotzé (2002:142) ook vroeër as 1652 'n aanvang geneem: Die Nederlandse seevaarders het reeds in die sestiende eeu (met Nederlandse oornames van die Portugese handelsnetwerk in die Oos-Indiese argipel) met Maleis en Kreools-Portugees in taalkontak verkeer. Die invloed van dié taalkontak het deurgesypel na alle VOC-vestigings, waaronder ook die Kaap van Goeie Hoop aan die suidpunt van Afrika.

<sup>2</sup> sien ook Raidt (1991:11) vir 'n skematiese voorstelling van die taalvertakkings uit die Indo-Europese grondtaal.

<sup>3</sup> Noordsee-Germaans sluit Engels en Fries in (Raidt, 1991:8).

<sup>4</sup> Binne-Germaans of Kontinentale Germaans (Raidt, 1991:8).

## 2.1 Inleiding

Volgens Groenewald (2002:36) bestaan daar nog nie 'n goed uitgewerkte teorie oor presies hoe die intertale aan die Kaap tot die drie basiese variëteite ontwikkel het nie, en hoe die variëteite mekaar beïnvloed het nie. Hy skryf dit daaraan toe dat die meeste navorsing in dié verband die klem op sinchroniese aspekte van Afrikaans geplaas het en dat daar (indien daar wel oor die geskiedenis uitgebrei is) hoofsaaklik op die 19de eeu gekonsentreer is. Groenewald is van mening dat daar nie duidelike uitsprake oor die taalsituasie voor die 19de eeu bestaan nie. Daar word in Hoofstuk 2 juis op die taalontwikkeling van die 17de en 18de eeue gefokus om hopelik die onsekerheid wat daaroor bestaan, duideliker te probeer stel.

Die sluiting van Portugal<sup>5</sup> se hawens in 1580, as gevolg van die oorlogtoestande wat geheers het, het handel in Europa benadeel. Nederlandse entrepreneurs het daarom besluit om self die seeroete na die Ooste aan te pak (De Ruyter & Kotzé, 2002:141). In die Oos-Indiese argipel het 'n "talebotsing" tussen Maleise streekstale en Portugese kreole met die Nederlandse variëteite van Nederlandse seevaarders plaasgevind. Maleis en Portugese kreole is steeds, dekades ná die Nederlandse oornam van die Portugese handelsnetwerk in die Ooste, as handelskontaktaal<sup>6</sup> gebruik (De Ruyter & Kotzé, 2002:142; Van Rensburg *et al.*, 1997:10). Hierdie "talebotsing" in die Oos-Indiese argipel ná 1596 het volgens De Ruyter en Kotzé (2002:143) aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n nuwe vorm van Nederlands,<sup>7</sup> wat later ook die taal wat in die sewentiende die aan Kaap sou ontwikkel, beïnvloed het.

Die sewentiende-eeuse seeroete wat die Nederlandse Vereenigde Oostindische Compagnie<sup>8</sup> (VOC) se vlote afgelê het (ongeveer 20 000 km) om handel met Oosterse ware te dryf, die tydperk wat een reis geneem het (agt tot nege maande); die toenemende getal skepe op die seeroete en die gemiddelde personeelverlies (60%) het noodwendig die behoefte aan *maritieme verversing* meegebring. Jan van Riebeeck land in April 1652 aan die Kaap met die opdrag om vir die VOC 'n halfwegstasie vir maritieme verversing tussen Amsterdam en Batavia<sup>9</sup> te vestig (Giliomee, 2004a:1; Sleigh, 2004:1-6; Du Plessis, 2003a:131; Ponelis, 1993:1; Elphick, 1988:9; Guelke, 1988:44; Steyn, 1980:101-104).

Die VOC-direksie se besluit om aan die suidpunt van Afrika 'n maritieme aanvullingsdiens en hospitaal op te rig het nie die stigting van 'n kolonie of 'n volksplanting ingesluit nie, want dié klein Kaapse maritieme aanvullingstasie sou geografies, en wat bemanning betref, klein bly (Giliomee, 2004a:1; Raidt, 1991:98-

---

<sup>5</sup> Portugal het gedurende die vroeë sestende eeu 'n groot handelsnetwerk in die Oos-Indiese argipel tot stand gebring wat vanaf die eerste deel van die sewentiende eeu geleidelik deur die Nederlanders oorgeneem is (De Ruyter & Kotzé, 2002:141).

<sup>6</sup> Ook bekend as Pasar-Maleis, "Maleis-Portugees" en/of "Kreools-Portugees". Diegene wat in diens van die VOC gestaan het, het in Batavia taalprobleme ondervind: hulle moes Maleis en/of Kreools-Portugees aanleer om in die Suidoos-Asiatiese gemeenskap te leef, maar ook om aan die VOC-doelwitte te voldoen (De Ruyter & Kotzé, 2002:142). Sien ook voetnoot 10 in verband met die benaming "Maleis-Portugees".

<sup>7</sup> Austro-Nederlands. Sien Hoofstuk 4, par. 4.2.38 aangaande die "oseaniese hipotese".

<sup>8</sup> Die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) was die wêreld se grootste handelonderneming van die sewentiende en agtiende eeue (Sleigh, 2004:1-8; De Ruyter & Kotzé, 2002:141; Ponelis, 1998:47). Die VOC het die alleenreg van die Nederlandse regering verkry om met die Ooste handel te dryf. Die VOC het die suidpunt van Afrika, meer spesifiek Tafelbaai, as gerieflike halfwegstasie op die gevaarlike seeroete tussen die Ooste en die Weste geïdentifiseer. Dié maritieme aanvullingstasie moes skepe van vars voorrade voorsien en siek matrose hospitaliseer (Sleigh, 2004:1-8).

<sup>9</sup> Die VOC se hoofkwartier was in Batavia op die eiland Java.

90; Sleigh, 2004:1-5; Boucher, 1986:65; Schutte, 1988:186-196). Maar teen die tyd dat Jan van Riebeeck die Kaap verlaat (1662), het die Kaapse nedersetting egter reeds uit 'n groepie mense bestaan wat – anders as die wisselende VOC-amptenare – permanent in Afrika wóú bly (Raidt, 1991:90; Sleigh, 2004:9-13).

Gedurende die VOC-tydperk aan die Kaap was dié maritieme aanvullingstasie aan die voet van Tafelberg die *ontmoetingspunt* van drie (uiteenlopende) *kontinente* (Afrika, Europa en Asië) en *kulture* (uit Afrika, die Weste en die Ooste) asook van 'n wye verskeidenheid *tale* en *taalvariëteite*.

Dié tale en variëteite het onder andere 'n verskeidenheid Nederlandse variëteite, Europese tale soos Laag- en Hoogduits en Frans, Asiatiese tale soos Maleis<sup>10</sup>, Kreools-Portugees, Afro-Portugees en Afrika-tale soos die inheemse Koi-tale ingesluit (Hattingh, 2005b:16; Roberge, 2003:16; Davids, 1994b:112; Raidt, 1991:127; Nienaber, 1953:1). Hattingh (2005b:16), Du Plessis (1995b:144) en Van Rensburg *et al.* (1997:1-2) wys tereg daarop dat die ontmoeting van hierdie *drie kontinente*, *tale* en *kulture* aan die Kaap die *deurslaggewende faktor* was wat aanleiding gegee het tot die ontstaan en ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite<sup>11</sup>.

Die ontmoeting van drie kontinente (Afrika, Europa en Asië) aan die suidpunt van Afrika gedurende die sewentiende eeu asook die historiese, sosiopolitieke en -linguistiese milieu van die 17de en 18de eeue aan die vroeë Kaap, wat tot die ontstaan van Afrikaans sou bydra, word in die volgende gedig metafories verwoord.

---

<sup>10</sup> Dit blyk dat daar verskillende beskouings onder taalkundiges oor die term “Maleis-Portugees” in die literatuur bestaan. (i) Hesseling (1899), soos ook Nienaber (1953:17), beskryf “Maleis-Portugees” as ’n taalvorm wat deur sterk mengsels van Maleis en Portugees ontstaan het. Die Portugees hier ter sprake het volgens Hesseling van die Portugees van Lissabon verskil en Maleise en Hollandse woorde het hierin voorgekom. Dié taal is vir internasionale kommunikasie in die Oos-Indiese argipel gebruik (Hesseling, 1923:22). Hesseling se term “Maleis-Portugees” was volgens Valkhoff (1966:243) eerder “Kreools-Portugees” of “Maleis”. (ii) Valkhoff (1966:242) tref ook onderskeid tussen ’n Asiatiese en ’n Afro-Portugese variëteit: Die Afro-Portugese variëteit het weswaarts versprei, terwyl die Asiatiese Portugese variëteit na Indië versprei het en vandaar na die Kaap. (iii) Volgens De Ruyter en Kotzé (2002:144) is “Maleis-Portugees” ’n “ou *lingua franca*” waarin ’n aantal Portugese woorde voorkom. (iv) Volgens Ponelis (1993:69) is dit ’n vorm van Portugees wat sterk deur Maleis beïnvloed is. Die Kaapse slawe het die taal as kommunikasiemiddel gebruik en in die besige Kaapse hawe is dit in maritieme taalkontak situasies gebruik. (v) Van Rensburg *et al.* (1997:10) én Davids (1994a:41-43) maak gebruik van die benaming “Maleis-Polinesies” om die tale van die slawe uit die Ooste te benoem. Hierdie Maleis-Polinesiese slawetale het volgens Davids aan die Kaap as gevolg van die taalkontak situasie daar verander. Volgens Van Rensburg *et al.* (1997:10) het die meeste slawe uit die Ooste een van die Maleis-Polinesiese tale gepraat: “Een van die tale wat die meeste slawe op ’n manier kon praat en kon verstaan, was die taal van die Portugese invallers wat uit die vyftiende en sestiende eeue oorgebly het. Hierdie Portugees was in die Ooste goed bekend. Dit was ’n soort Aanleerdersportugees wat later “Maleis-Portugees” genoem is.” (vi) Van Rensburg *et al.* (1997:70) beskou “Maleis-Portugees” as die taal van Portugese handelaars, soldate, matrose en slawe en is op see en op land gepraat. (vi) Volgens Den Besten (1997) is die standaardinterpretasie van “Maleis-Portugees” dat dit hoofsaaklik Portugees was wat in gebiede waar die Maleise tale gepraat is, gedeeltelik daardeur beïnvloed is. Den Besten voer aan dat die deursnee-taalkundige “Maleis-Portugees” soos Schuchardt sien as *Kreools-Portugees wat in die Maleise gebied deur Maleissprekendes gepraat en beïnvloed is*. Daarenteen beskou Hesseling “Maleis-Portugees” as ’n mengsel van Maleis en Kreools-Portugees en hy stel die twee tale dus gelyk aanmekaar. Die benaming “Maleis-Portugees” van Hesseling (1897a, 1923) vir die “bont” taalgebruik van die VOC-amptenare in Suidoos-Asië en in die Kaap word deur De Ruyter en Kotzé (2002:143) as “’n vormlose en onbruikbare” term vir ’n “nuwe vorm” van Nederlands (Austro-Nederlands) – wat ná 1596 as gevolg van die Oos-Indiese “talebotsing” ontstaan het – beskou. Vir die doel van hierdie studie word die term “Maleis-Portugees” aangewend soos dit in die bronne wat gebruik is, verskyn.

<sup>11</sup> Sien par. 2.4 vir die bespreking van die drie historiese Afrikaanse variëteite.

my taal is 'n koppie van die kompanjie –  
op reis na die Kaap het dit sy oor verloor  
sodat die onverskillige hand homself verbrand  
tog kan die ou glasuur steeds bekoor  
  
vanweë skeepskombuise se gerinkel  
wat in die vangnet van krakies skuil  
en in die Ooste is 'n vreemde piering  
vir sy swaarwigtige ondertas verruil  
  
maar uit die koppie word al minder gedrink  
omdat imperiale goud om sy borand blink

Daniel Hugo (titelloos; Uit die bundel: *Breekware vir die revolusie*, 1984).

Die eerste strofe van die gedig betrek amptelike Nederlands<sup>12</sup>. *Nederlands* dui op die taal van veral die VOC-amptenare (VOC-seevaarders<sup>13</sup> word hierby uitgesluit) wat die Nederlandse taalnorme in stand wou hou. Dié taal het egter reeds gedurende seereise om die Kaap na die Ooste, as gevolg van die taalkontak of “talebotsing”<sup>14</sup> met ander tale, iets van die Europese Nederlands begin verloor (Raidt, 1991:185).

Die onverskillige omgang met die taal gedurende hierdie goue<sup>15</sup> handelsera dui waarskynlik op die afwesigheid van taalgetrouheid onder die Nederlandse taalgebruikers<sup>16</sup>. Tog het die taal haar kommunikasievermoë op die seeroetes tussen die Weste en die Ooste behou. Dit kan toegeskryf word aan die Nederlandse seevaarders se Austro-Nederlands wat ook bygedra het tot die behoud van die Dietse karakter van Afrikaans (De Ruyter & Kotzé, 2002:142).

<sup>12</sup> Om die problematiek te oorkom rakende verwarrende naamgewing en terminologie wat moontlik in hierdie proefskrif mag voorkom, die volgende verduideliking: *Nederlands*: alhoewel Nederland uit twaalf provinsies bestaan, word daar oor die algemeen van die Nederlanders as Hollanders gepraat en van Nederlands as Hollands. Die woord Nederlands word in die proefskrif as die Nederlandse skryftaal en as die amptelike taal van die VOC-amptenare beskou. *Hollands*: Hollands word gebruik om die spreektaal van die Nederlandse setlaars te beskryf. Hollands was ook die Nederlandse variëteit wat die meeste aan die vroeë Kaapse nedersetting gepraat is en die term word hoofsaaklik in dié verband in die literatuur gebruik. Die benaming *Afrikaans* het volgens Botha (2005:67) nog nie bestaan nie en daar is onder andere ook gebruik gemaak van die terme *Kaaps-Hollands*, *Kaaps*, *Afrikaansch-Hollands*, *Bastaard-Hollandsch*, *Boeren-Hollands* om die taal aan die Kaap te beskryf.

<sup>13</sup> Sien voetnoot 1 en par. 2.1, par. 2.2.1 en par. 2.2.3 aangaande die VOC-seevaarders.

<sup>14</sup> De Ruyter en Kotzé (2002) maak gebruik van die term. Sien par. 2.1 aangaande die “talebotsing” wat in die Oos-Indiese argipel plaasgevind het.

<sup>15</sup> Die Nederlandse handelsmag, die VOC, se “goue era” of “goue eeu” dui op die florerende hoogtepunt van hulle wêreldwye handelsaksies gedurende die sewentiende eeu (Conradie, 1986:101).

<sup>16</sup> Waarskynlik die VOC-seevaarders.

Die tweede strofe toon aan hoe die Nederlanders tydens die VOC se handel-seereise met uiteenlopende kulture en tale in aanraking gekom het. Die Nederlandse vlote se eiesoortige seemanstaal<sup>17</sup> het onder die invloed van Oosterse tale gekom om sodoende die “swaarwigtige ondertas<sup>18</sup>” (die amptelike Nederlands van die VOC-amptenare) te omvorm tot ’n variëteit<sup>19</sup> waarvan die sprekers hulle min aan taalnorme gesteur het.

Die kort derde strofe wys op die Britse besetting van die Kaap teen die einde van die agtiende eeu. Die Britse besetting het daartoe aanleiding gegee dat Nederlands (asook die Kaaps-Hollands<sup>20</sup> wat intussen aan die Kaap ontstaan het) onderdruk sou word, aangesien Engels en die Britse imperialisme die botoon gevoer het. Dié strofe konsolideer in twee reëls die kerngedagte van dit wat ek in Hoofstuk 2 wil aantoon: *sosiopolitieke oorwegings en ideologieë was (en is) deur die loop van meer as drie eeue in Suid-Afrika die hoof faktore wat die rigting van tale in Suid-Afrika direk bepaal en beïnvloed het*. Die gedig weerspieël die verhouding en verbande van die taal met ’n bepaalde historiese milieu, die sosiopolitieke mag en die ideologiese konteks waarbinne die taal gebruik word.

Kaths (2006:6) is tereg van mening dat as die Nederlandse voorsate taalpuriste was, Afrikaans nie vandag sou bestaan het nie. As rede voer Kaths aan dat taal en kultuur in die omgang van mense met mekaar ontwikkel en gestimuleer word deur die milieu waarin ’n bepaalde taalgemeenskap voorkom. In die milieu waarin Afrikaans ontstaan en ontwikkel het, het puristiese taalnorme nie voorgekom nie, want die grootste behoefte was dié aan kommunikasie in ’n diverse taalgemeenskap en nié om die taal suiwer te hou nie.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die historiese, sosiopolitieke, -kulturele en -linguistiese konteks van die vroeë Kaap in ’n *inklusiewe* perspektief te stel. So ’n inklusiewe perspektief verenig die rol wat die Europese setlaars (uit Wes-Europa), die inheemse Koi-inwoners (aan die suidpunt van Afrika) en die ingevoerde slawe (uit onder andere die Ooste) in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. In die verlede is die rol van die Koina en die slawe as gevolg van sosiopolitieke ideologieë onderbeklemtoon en selfs verswyg (Gerwel, 2005a:16; 2004a:20; Du Plessis, 2003a:129).

In die volgende afdeling van die hoofstuk word die *sosiopolitieke* en *-linguistiese* milieu van die *Europese setlaars* bespreek en hulle invloed op Afrikaans ondersoek.

---

<sup>17</sup> De Ruyter en Kotzé (2002) gebruik die term “Austro-Nederlands” vir hierdie Nederlandse seemanstaal.

<sup>18</sup> Hier word die Germaanse ekwivalent vir *piering* gebruik, om metafores die Nederlands (van Germaanse herkoms) van die VOC-amptenare teenoor die Kaaps-Hollands van die setlaars (wat onder andere deur die taal van VOC-seevaarders en Oosterse slawetale soos Maleis beïnvloed is) te stel.

<sup>19</sup> Hierdie variëteit kan metafores aan “pierung”, ’n leenvertaling uit Maleis (wat waarskynlik danksy die taal van die VOC-seevaarders aan die Kaap bekendgestel is) gelykgestel word. Die term *variëteit* (en nie *variasie* nie) word in hierdie proefskrif gebruik na aanleiding van Du Plessis (1995a:10) se verduideliking dat die versamelnaam *variëteit* gebruik behoort te word, aangesien dit tale, dialekte en registers insluit.

<sup>20</sup> Volgens Roberge (2003:20) het teen ongeveer 1750, maar nie later nie as 1775, aan die Kaap ’n *vernakulêr* (Kaaps-Hollands) ontstaan wat verwyderd was van Nederlands, maar wat uit Nederlands ontstaan het. Dié vernakulêr het die spreektaal van die Kaapse kolonie geword. Soos Roberge is Raidt (1991:156) ook van mening: “... dat Afrikaans rondom 1800 alreeds min of meer bestaan het en gepraat is soos vandag.”

## 2.2 Die sosiopolitieke en -linguistiese milieu waarin die Europeërs aan die vroeë Kaap verkeer het

"Daar sal voortdurend sprake wees van 'n simbiose van drie taalgroepe, naamlik (i) die Europese tale wat na die Kaap oorgebring is, (ii) die inboorlingtale en (iii) die Oosterse tale" (Nienaber, 1953:1).

Taalkontak tussen Europese en Afrika-tale het reeds vóór 1652 aan die suidpunt van Afrika plaasgevind deur kontak tussen skipbreukelinge en seevaarders uit Europa (Portugese, Engelse en Nederlanders) wat om die Kaap gevaar het. "Op dié manier het die sprekers wat teen die middel van die sewentiende eeu aan die Kaapse kus gewoon het, alreeds 'n aantal Portugese, Engelse en Nederlandse woorde en sinsnedes aangeleer" (Van Rensburg *et al.*, 1997:1-2, 10). "Maleis-Portugees"<sup>21</sup> was volgens Van Rensburg *et al.* (1997:10) die taal wat Portugese handelaars, soldate en matrose ter see en op land gepraat het. Nederlandse seevaarders, asook die slawe wat na Suid-Afrika ingevoer is, het in dié taal gekommunikeer<sup>22</sup>.

Die VOC-tydperk aan die Kaap het Europeërs (Nederlanders en ander Europese immigrante, onder andere Franse, Duitsers, Dene, Pole, Italianers, Nore en Swede) na die Kaap gebring. Die Europeërs wat aan die suidpunt van Afrika geland het, het onmiddellik met 'n nuwe geografiese ruimte en die inheemse inwoners daarvan in aanraking gekom (Liebenberg, 2007:2; Titus, 2007:2; Poneis, 1993:14, 24; Raidt, 1991:89; Steyn, 1980:111; Bosman, 1923:4-15).

### 2.2.1 Die Nederlandse seevaarders

Die Nederlandse seevaarders reeds vóór die stigting van die Kaapse nedersetting in die Ooste met die Oosterse handelstale in taalkontak verkeer. Na die stigting van die Kaapse nedersetting het daar jaarliks duisende seevaarders op retoervlote uit die Ooste die Kaap aangedoen en hulle het tussen drie weke tot ses weke of langer vertoef. Die siekes en gehospitaliseerdes moes nog langer bly. Sommige van hierdie seevaarders het hulle permanent in die Kaap gevestig.

Hierdie seevaarders het 'n invloed op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans aan die vroeë Kaap uitgeoefen en hierdie invloed het volgens De Ruyter en Kotzé (2002:148-149) daartoe bygedra dat Afrikaans 'n Dietse taal is<sup>23</sup>.

De Ruyter en Kotzé (2002:149-150) glo dat hierdie seevaarders met hulle kennis van Maleis en/of Kreools-Portugees ook 'n toegeneetheid teenoor die Kaapse slawe moes getoon het. Dit het daartoe gelei dat 'n Maleise taalfaktor in Afrikaans bewaar gebly het.

Die Nederlandse setlaars aan die Kaap word vervolgens bespreek.

<sup>21</sup> Sien weer voetnoot 10 aangaande die benaming "Maleis-Portugees".

<sup>22</sup> Sien weer par. 2.1. Vergelyk ook voetnoot 7.

<sup>23</sup> Die Afrikaanse woordeskat (95%) stem grootliks met die woordeskat van Nederlands ooreen (Raidt, 1991:172; De Villiers, 1960:28 e.v.).

## **2.2.2 Die sosiopolitieke en -linguistiese milieu waarin die Nederlandse setlaars aan die Kaap verkeer het**

Op 6 April 1652 het 'n groepie van 90 mense in diens van die VOC uit Europa in Tafelbaai aan die suidpunt van Afrika aan wal gestap om die VOC se opdrag uit te voer, naamlik om 'n maritieme aanvullingsdiens aan die toenemende getal skepe tussen Nederland en Oos-Indië te lewer en 'n hospitaal vir siek seevaarders op te rig (Sleigh, 2004:1; Raidt, 1991:89).

### **2.2.2.1 Die verskillende herkomsgebiede, taalvorme, ambagte en sosiale stande van die Nederlandse setlaars aan die vroeë Kaap**

Aangesien Nederlands nog nie gestandaardiseer was nie, het die taal van die Nederlandse setlaars aan die Kaap nie 'n standaardvorm<sup>24</sup> van Nederlands weerspieël nie, maar wel die verskillende variëteite van hulle verskillende herkomsgebiede<sup>25</sup> en sosiale stande<sup>26</sup>. Die Nederlandse VOC-amptenare se amptelike taal, die setlaars se verskillende Nederlandse streeksvariëteite, die seevaarders se seemans- en handelstale (Austro-Nederlands) wat deur Portugees en Oosterse tale beïnvloed is, was kenmerkend van die Nederlandse setlaars aan die Kaap se verskillende linguistiese agtergronde (Roberge, 2003:16; De Ruyter & Kotzé, 2002:143; Kotzé, 2001:109; Coetzee, 2001b:1; Ponelis, 1993:9, 26; Raidt, 1991:16; 2001:108; Van Rensburg, 1990:45; Van Rensburg *et al.*, 1989:33; Steyn, 1980:101).

De Ruyter en Kotzé (2002:141) het in hulle resente navorsing<sup>27</sup> bevind dat die VOC-seevaarders 'n "deurslaggewende aandeel" in die Kaapse taalprosesse gehad het, aangesien hierdie seevaarders met verloop van tyd "onvermydelike spore van gemaklike meertaligheid" moes vertoon wat ook 'n invloed op die taal aan die Kaap uitgeoefen het.

### **2.2.2.2 Die Nederlandse setlaars kom aan die Kaap in aanraking met nie-Germaanse tale**

Nadat die Nederlanders in Tafelbaai anker gegooi het, het hulle in aanraking gekom met nie-Germaanse tale, naamlik die inheemse tale van Suid-Afrika (Roberge, 2003:16; Van Rensburg, 1990:6). Die Kaapse maritieme aanvullingstasie is met nomadiese Koina<sup>28</sup> omring en noodwendige taalkontak het uit die

---

<sup>24</sup> Nederlands was gedurende dié tyd aan die vroeë Kaap nog nie gestandaardiseer nie (Raidt, 1994:55,70).

<sup>25</sup> Verskillende Nederlandse provinsies waar verskillende streeksdialekte gepraat is, soos onder andere die Suid-Hollandse spreektaal, Amsterdamse burgertaal en die Utrechtse en Brabantse dialekte (Raidt, 1997:57, 59, 62, 65).

<sup>26</sup> Die Nederlandse staatsamptenare se taal en die burgers se volkstale (Raidt, 1997:69, 201).

<sup>27</sup> De Ruyter en Kotzé (2002:140) het 'n nuwe siening oor die ontstaan van Afrikaans aan die hand van die "oseaniese hipotese" ondersoek. Sien Hoofstuk 4, par. 4.2.38, aangaande die rol wat "Austro-Nederlands" (die benaming vir die "nuwe vorm van Nederlands") in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. Austro-Nederlands (waarin ontlenings uit Maleis en Portugese kreole voorkom) is in die VOC-vestings (óók in die Kaap) gebruik.

<sup>28</sup> Nienaber (1989) skenk in sy werk *Khoekhoense stamname* breedvoerige aandag aan die herkomsgebiede van die Koi-stamme, die verskillende Koi-groepe, die onderskeie trekroetes wat deur die Koi-stamme onderneem is en die skiereilandse Koi-stamme, die Gorachoqua, die Goringhaiqua en die Goringhaicona waarmee die Europese setlaars in aanraking gekom het.

staanspoor plaasgevind tussen die Nederlanders en die inheemse Koina. Dié taalkontak was 'n voorvereiste om 'n sukses van die stasie te maak. 'n Onbestendige ooreenkoms is gesluit wat bepaal het dat die Koina vee aan die setlaars sou lewer om skepe van vars voorrade te voorsien weens die toenemende vraag daarna (Sleigh, 2004:9-13; Van Rensburg *et al.*, 1989:33; Van Rensburg *et al.*, 1997:25; Du Plessis, 1995b:149; Ponelis, 1993:1; Raidt, 1991:90).

### **2.2.2.3 Die sosiopolitieke verhouding tussen die Kaapse setlaars en die Koina**

Die politieke en sosiale verhouding wat tussen die setlaars en die Koina bestaan het, was onbestendig: die Koina het mettertyd teësinnig geword om van hulle vee te verruil, te wyte aan die druk wat die vraag na vars voorrade op hulle veestapels geplaas het. Dit het aanleiding gegee tot wedersydse wantroue en vyandighede tussen die setlaars en die Koina (Sleigh, 2004:6, 63; Du Plessis, 2003a:129-139; Van Rensburg *et al.*, 1997:24; Elphick, 1988:11-14).

Die latere toekenning van grond aan onafhanklike setlaars<sup>29</sup> het onder andere die stamverbonde Koi-strukture laat ineenstort, aangesien die Koina as gevolg daarvan van hulle belangrikste ekonomiese kommoditeit, die vrye nomadiese beweging tussen veeweidings, ontnem is (Du Plessis, 1995b:149). Sodoende het die Koina se status van ryk veeboere en veeverskaffers tot die status van veewagters in diens van die setlaars gedaal (Van Rensburg *et al.*, 1997:25; Scholtz, 1980:38; Steyn, 1980:104-108).

### **2.2.2.4 Die kerklike en opvoedkundige omstandighede van die Kaapse setlaars**

Die kerk aan die Kaap<sup>30</sup> was onder die beheer en toesig van die VOC en die poste predikant en siektetrooster is deur die VOC beheer. Die VOC het slegs Calvinisme toegelaat, die Lutherse Kerk net verdra, 'n verbod op Rooms-Katolisisme en Anabaptisme geplaas en min aandag aan evangelisasie<sup>31</sup> in die Kaap geskenk (Ponelis, 1993:13).

Die Nederlandse *Statenbijbel* was die enigste normgewer vir die setlaars aan die Kaap, en huisgesinne het waarskynlik dié Bybel, asook Nederlandse psalm- en preekbundels besit. Al het die Kaapse setlaars Kaaps-Hollands gepraat, moes almal wat lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wou word, sodanige kennis van Nederlands gehad het om die *Statenbijbel* te kon lees en Nederlandse kerkdienste te kon volg (Raidt, 1991:239).

Die Nederlandse koloniale onderrigstelsel was nie na wense nie (Roberge, 2003:17; Raidt, 1991:97; Ponelis, 1993:4-5). Ongeletterdheid het algemeen onder die Kaapse bevolking voorgekom. Pieter van Stael bied basiese onderwys gedurende 1658-1663 in die Kaap aan. Teen 1795 het 'n paar klein – oorwegend kerkgeadministreerde – primêre skole in Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein bestaan. 'n Sekondêre skool is in 1714 opgerig en het in 1742 as gevolg van 'n tekort aan leerders gesluit. Van tersiêre opleiding was daar aan die Kaap geen sprake nie. Geen publikasies het in die tydperk van 1652

<sup>29</sup> Onafhanklike setlaars het nie meer in diens van die VOC gestaan nie.

<sup>30</sup> Die kerk aan die Kaap moes ook die opvoeding van die Kaapse nedersetting hanteer.

<sup>31</sup> Daar was sendelinge wat die Koi-tale wou aanleer, maar hulle was onsuksesvol in hulle pogings (Elphick & Shell, 1988:127).

tot in die laat sewentiende eeu in die Kaap die lig gesien nie. Daar was ook nie sprake van letterkunde, boeke en werklik intellektuele aktiwiteite nie (Roberge, 2003:17).

### 2.2.2.5 Die gesinslewe van die Kaapse setlaars

Die Kaapse gemeenskap het nie uit gesinne gegroei nie, aangesien min VOC-amptenare deur (hulle) vroue na die Kaap vergesel is. Selfs die getal vroulike slawe maak minder as 20% van die Kaapse slawebevolking uit. Dié twee faktore het noodwendig aanleiding gegee tot eksogene verhoudings<sup>32</sup> wat 'n invloed uitgeoefen het op die vorming van hierdie besondere samelewing (Heese, 2005:13, 15-16; Giliomee, 2004a:31; Ponelis, 1994:218-230; Nienaber, 1953:168-171).

Die Nederlandse taalgroep se bydrae tot die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans word vervolgens bespreek.

### 2.2.3 Die invloed van die Nederlandse setlaars op die ontwikkeling van Afrikaans

Die onderstaande versreël dui op die Hollandse herkoms van Afrikaans.

Uit Holland het myn pa gekom

Na sonnig Afrika

Uit: "Die Afrikaanse taal"<sup>33</sup> deur Lion-Cachet in *Groot Verseboek* (2000:15).

Kontinuiteit met Nederland en die taalgemeenskap in Nederland is aan die Kaap belemmer deur tyd en afstand. Die kleinskaalse Nederlandse immigrasie<sup>34</sup> na die Kaap het ook bygedra tot die diskontinuiteit met die Nederlandse taalgemeenskap in Europa. Die min vrouens aan die Kaap; die afwesigheid van skole en kerke; die gebrek aan die beskawende invloed van 'n werklik huislike lewe<sup>35</sup>; kontak met die Koina; asook die invoer van Oosterse slawe met 'n verskeidenheid moedertale, is alles faktore wat daartoe bygedra het dat Nederlands "sy swaarwigtige ondertas (vir Kaaps-Hollands) verruil"<sup>36</sup> het (Ponelis, 1993:3; Raidt, 1991:96).

<sup>32</sup> Verhoudings/huwelike buite stamverband. Sien ook Heese (2005) vir meer inligting in dié verband.

<sup>33</sup> Die gedig, "Di Afrikaanse taal", beskryf volgens Hugo (2008:1, 2, 5) op 'n "beeldend-allegoriese wyse" die herkoms van Afrikaans en "boekstaaf die negentiende-eeuse status van en geskrewe voorkoms van die taal." Die spelwyse wat in die gedig voorkom, is volgens S.J. du Toit ('n GRA-lid) se spelwyse en uitgangspunt: "Skryf soos jy praat". S.J. du Toit se uitgangspunt ten opsigte van hierdie spelwyse word in sy *Patriot Woordeboek: Afrikaans-Engels* (1902) gedemonstreer. Die Afrikaanse spelreëls is vanaf 1914 vir die eerste keer amptelik deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vasgestel, terwyl die gedig reeds in 1896 in die GRA se tydskrif *Di Klyntji* verskyn het. Die eerste *Afrikaanse Woordelys en spelreëls* is in 1917 gepubliseer en dié bron (saam met die hersiene weergawe daarvan) het die standaardbron van die Afrikaanse spelling geword (Carstens, 1999:369).

<sup>34</sup> Die Kaap is as 'n minderwaardige VOC-besitting beskou; daarom het daar nie grootskaalse emigrasie uit Nederland na die Kaap plaasgevind nie (Raidt, 1991:96).

<sup>35</sup> Min gesinne het in die vroeë Kaap voorgekom (Raidt, 1991:89; Ponelis, 1993:14, 24; Steyn, 1980:111).

<sup>36</sup> Vergelyk die gedig van Daniel Hugo aan die begin van Hoofstuk 2.

Dié verskillende tale, die verskillende groepe mense wat dié tale gepraat het, asook die verskeidenheid kulture aan die vroeë Kaap, het 'n "onmiskbare" rol in die Kaapse samelewing gespeel. Taalkontak tussen die verskillende groepe in die vroeë Kaapse multitalige en -kulturele samelewing het aanleiding gegee tot *taalkontakvariasie*. Dié taalkontakvariasie is steeds in die moderne Afrikaanse variëteite soos Namakwalandse Afrikaans<sup>37</sup>, Vrystaatse Afrikaans<sup>38</sup> en Kaapse Afrikaans<sup>39</sup> sigbaar (Van Rensburg *et al.*, 1997:10, 100; Van Rensburg, 1997:7; Van Rensburg, 1990:6). Sosiale kontak en rassevermenging het 'n belangrike rol in die vroeë oorsprong van Afrikaans gespeel, alhoewel dit nie altyd erkenning in die geskiedskrywing van Afrikaans geniet het nie (Davids, 1994b:110).

Die Nederlandse setlaars en VOC-seevaarders aan die Kaap het 'n groot invloed ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse woordeskat<sup>40</sup> uitgeoefen, en dit sluit onder andere sake soos die volgende in:

- Die Afrikaanse woordeskat (95%) stem grootliks met die woordeskat van Nederlands ooreen (Raidt, 1991:172; De Villiers, 1960:28 e.v.).
- Woorde uit die Nederlandse seemans-<sup>41</sup> en handelstaal is in die Afrikaanse woordeskat opgeneem. Voorbeelde hiervan is: *kombuis, spens, kooi, katrol, hangmat, kombers, bulsak, balie, bottel, mielie, rissie* (Raidt, 1991:185; Van der Merwe, 1970:93).
- 'n Aantal Nederlandse woorde wat as gevolg van die nuwe omgewing aan die Kaap 'n ander betekenis gekry het, maak deel uit van die woordeskat van Afrikaans:

Nederlandse betekenis	Afrikaans
<b>Dam</b> > wal	<b>Dam</b> > reservoir
<b>Drif</b> > paadjie waarlangs beeste loop	<b>Drif</b> > deurgang deur rivier
<b>Vallei</b> > dal tussen berge	<b>Vlei</b> > nat moerasagtige leegte

- Talle neologismes wat aan die Kaap tot stand gekom het, is volgens die Nederlandse patroon of idioom gevorm (Swanepoel, 1994:39-40; Raidt, 1991:180-181, 183, 185). Voorbeelde van sulke neologismes wat plante en diere beskryf, is *erdvark, sekretarisvoël, klipspringer, kameeldoring, oumenspeer, duinspreu, muisvoël, bontrokkie, kommetjiesgatbok, kwêvoël, bokmakerie*. Neologismes wat in die boerdery voorkom, is byvoorbeeld *bokkapater* en *biltong*. Hierdie neologismes is deur samestellings gevorm.

<sup>37</sup> 'n Subvariëteit van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit.

<sup>38</sup> 'n Subvariëteit van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit.

<sup>39</sup> 'n Subvariëteit van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit.

<sup>40</sup> Daar word hoofsaaklik gefokus op die invloed wat die tale aan die vroeë Kaap op die Afrikaanse woordeskat uitgeoefen het, met die oog op die samestelling van 'n lesreeks op skoolvlak waarin die bydraes van die verskillende rolspelers tot die woordeskat (waar ter sake word ander aspekte ook vermeld) van Afrikaans bespreek word. (Vergelyk Hoofstuk 6 vir die samestelling van die voorbeeldesreeks asook Bylae A).

<sup>41</sup> In De Ruyter en Kotzé (2002) word verskillende fasette van die Nederlands van die suidelike Oseane (Austro-Nederlands) bespreek.

Vervolgens word die Franse taalgroep aan die vroeë Kaap bespreek.

#### 2.2.4 Die Franse Hugenote<sup>42</sup> se sosiopolitieke en -linguistiese omstandighede aan die Kaap

Die onderstaande versreël dui op die invloed van Frans<sup>43</sup> op Afrikaans.

Uit Frankryk, waar die druiftrous swel,

Myn liwe mooi ma

Uit: "Die Afrikaanse taal" deur Lion-Cachet in *Groot Verseboek* (2000:15).

Vanaf 1688 tot 1698 het die Franse Hugenote as saamgebonde godsdienstvlugtelinge na die Kaap gekom (Ponelis, 1993:1; Raidt, 1989:96-126; Pfeiffer, 1980:95-101; Steyn, 1980:102). Die oorlog wat in dié stadium tussen Frankryk en Nederland geheers het, het die Kaapse goewerneur, Simon van die Stel, laat vrees dat die Franse immigrante in die geval van 'n Franse inval in die Kaap téén die VOC sou staan. As gevolg hiervan word die Franse gesinne opsetlik tussen reeds gevestigde Hollandse setlaarboere in die omgewing van Stellenbosch, die Paarl en Franschoek geplaas om te verhoed dat 'n Franse groep binne die Kaapse samelewing ontwikkel (Raidt, 1991:93-94; 1989:113; Ponelis, 1993:21; Scholtz, 1980:37).

Hierdie doelbewuste plasing van Franse gesinne tussen Hollandse boere het óók die doel voor oë gehad om die Franse gouer by die Hollandssprekendes te laat inskakel. Dit het daartoe bygedra om die agteruitgang van Frans en die Franse kultuur in die Nederlandse kolonie te verhaas en die Franse in die Kaapse samelewing te laat opneem. Die Franse (soos ook die Duitsers) was vóór hulle aankoms aan die Kaap reeds in Europa aan Nederlands blootgestel, danksy die vloeibare Europese grense; tog handhaaf die Franse Hugenote meer as 'n dekade lank aan die Kaap hulle taal (Roberge, 2003:16; Waher, 1994:105; Ponelis, 1993:21; Raidt, 1991:93; 1989:113; Scholtz, 1980:37; Steyn, 1980:111).

Steyn (1980:112-113) is van mening dat Frans aan die Kaap deur 'n natuurlike assimilasiëproses verdwyn het. Die Franse het aanvanklik 'n Franse predikant<sup>44</sup> gehad, maar met dié se vertrek is sy opvolger slegs toegelaat om Nederlandse kerkdienste aan te bied. Franse leerders het aanvanklik ook hulle eie onderwyser<sup>45</sup> gehad, maar ná sy dood is onderrig slegs deur middel van Nederlands aangebied. Die maatskaplike omgewing, ondertrouery en sosiale omgang tussen Franse en Hollanders het tot dié assimilasiëproses bygedra. Die Hollandse setlaars en die Franse Hugenote se gemeenskaplike verset teen die Kaapse dienende goewerneur, Willem Adriaan van der Stel, het verder daartoe bygedra dat die

<sup>42</sup> Die rol van die Franssprekendes in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans word uitvoerig deur Franken (1978) en Pfeiffer (1980) bespreek.

<sup>43</sup> Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) het Frans as 'n deurslaggewende faktor in die ontstaan van Afrikaans beskou (Scholtz, 1980:29). Dit kan volgens Hugo (2008:3) begryp word as in ag geneem word dat ses van die agt Genootskappers van Hugenote-afkoms was. Die gedig maak geen melding van die Duitse invloed op Afrikaans nie.

<sup>44</sup> Die Franse Hugenote se predikant aan die Kaap was Pierre Simond (Ponelis, 1993:21; Nienaber, 1953:104).

<sup>45</sup> Die Franse Hugenote se eie onderwyser aan die Kaap was Paul Roux (Ponelis, 1993:21).

assimilasieproses van die Franse in die Hollandse taal versnel het. As gevolg van die eenheidsgevoel wat tussen Hollandse setlaars en Franse Hugenote geheers het, het daar geen werklike weerstand teen sosiale omgang en ondertrouery tussen die twee genoemde groepe voorgekom nie.

Die invloed van Frans was te beperk (slegs ongeveer een sesde van die Kaapse Europese bevolking het uit Franse bestaan) om werklik 'n invloed op Nederlands te kon uitoefen. Die gebrekkige Nederlands van die Franse het die ontstaan en ontwikkelingstendense van Kaaps-Hollands (wat later Afrikaans sou word) wel versterk (Van Rensburg *et al.*, 1989:59; Scholtz, 1980:37; Pfeiffer, 1980:95-101; Steyn, 1980:112; Bosman, 1923:113).

Raidt (1991:193) en Van Rensburg *et al.* (1989:60-61) is van mening dat die invloed van Frans op Kaaps-Hollands oorskat word, aangesien die 17de-eeuse Nederlands gedurende die Middeleeue onder die invloed van Frans verkeer het. Die 17de-eeuse Nederlands het Franse woorde ingesluit wat in die algemene omgangstaal van die Lae Lande voorgekom het.

Ontlening van Franse woorde het dus reeds in Europa voorgekom. Daarom is dit verstaanbaar dat die 17de-eeuse Nederlandse omgangstaal ook Franse woorde ingesluit het ten tye van die aankoms van die Nederlandse setlaars in die Kaap. Daar kom minder woorde in die Afrikaanse woordeskat voor wat uit Frans ontleen is as wat uit Duits ontleen is (Raidt, 1991:109). Ponelis (1993:21) is tereg van mening dat die Hugenote se invloed (as 'n nie-Nederlandse invloed) relatief klein moes gewees het.

Die invloed wat die Franse Hugenote aan die Kaap ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse woordeskat<sup>46</sup> uitgeoefen het, blyk onder andere uit:

- die "alledaagse" Afrikaanse woordeskat wat uit Frans via Nederlands in Afrikaans opgeneem is: *vendusie, pasiënt, plesier, juwelier, briljant, avontuur, domein, affêre, petalje* (Raidt, 1991:193-194; Scholtz *et al.*, s.j.:233);
- woorde uit die amptelike taal wat aan die vroeë Kaap gepraat is: *absent, permissie, okkasie, provisie, brutaal, opsent* (Ponelis, 1993:22; Raidt, 1991:194);
- kleinskaalse regstreekse ontlening wat aan die Kaap voorgekom het in 'n paar vrugtename: *pompemoer, sermeinpeer, sersanpeer* (Raidt, 1994:7; 1991:194; Van Rensburg, 1990:57; Conradie, 1986:22; Van Rensburg, 1989:59; Bosman, 1923:113), en
- die Franse invloed op die gebied van die nomenklatuur in die naamgewing van Franse eiendomme: *La Provence, Picardie, Normandië* (Coetzee, 1994:7-21).

Wat klankverskynsels betref, kan byvoorbeeld die nasalering wat in Afrikaans voorkom nie aan die Franse invloed toegeskryf word nie, aangesien die Franse nasalering van dié van Afrikaans verskil. Dit

---

<sup>46</sup> Daar word hoofsaaklik gefokus op die invloed wat die tale aan die vroeë Kaap op die Afrikaanse *woordeskat* uitgeoefen het, met die oog op die samestelling van 'n lesreeks waarin die bydraes van die verskillende rolspelers tot die woordeskat (waar ter sake word ander aspekte ook vermeld) van Afrikaans bespreek word (vergelyk Hoofstuk 6 en Bylae A).

bevestig die geringe direkte invloed van Frans op hedendaagse Afrikaans (Van Rensburg, 1989:62; Raidt, 1991:204).

Die Duitse taalgroep aan die vroeë Kaap word vervolgens bespreek.

### **2.2.5 Die Duitse immigrante<sup>47</sup> se sosiopolitieke en -linguistiese omstandighede aan die vroeë Kaap**

'n Groot aantal Duitsers, oorwegend enkelopende mans en in diens van hulle Nederlandse werkgewer, die VOC, se koms gedurende die eerste 50 jaar van kolonisasie was minder opvallend as dié van die Franse Hugenoot-gesinne (Van Zyl, 2002:9; Raidt, 1991:96; Scholtz, 1980:36-37).

Te wyte aan die min Duitse vroue aan die Kaap, kon 'n Duitse gemeenskap nie aan die Kaap gevestig raak nie en het hierdie enkelopende Duitse mans met nie-Duitse vroue getrou. Die VOC, wat vasbeslote was om Nederlands as die taal van die Kaap te vestig, het ook geweier om aan die Duitse Lutherse Kerk enige bestaansreg te gee (Ponelis, 1993:19). Die assimilasië van Duitsers in die Nederlandse taal en kultuur het maklik verloop (Steyn, 1980:113). Die Duitsers het hulle moedertaal gou afgelê en die wordende Kaaps-Hollands gepraat (Raidt, 1991:192).

Aangesien die Duitse immigrante VOC-amptenare was, was Nederlands aan hulle bekend en het hulle Nederlands gepraat; daarbenewens was die verskeidenheid Nederlandse variëteite ook aan Standaard-Hoogduits verbind (Ponelis, 1993:18-19; Raidt, 1991:96; Scholtz, 1980:36-37).

Wat die linguistiese invloed van Duits aan die Kaap betref, moet die rol van Platduits/Nederduits<sup>48</sup> genoem word, aangesien dit vóór die koms van die Duitsers na die Kaap reeds die grondslag van die Nederfrankiese tale gelê. Uit die westelike tak van die Nederfrankiese tale het Nederlands, Vlaams en Afrikaans ontstaan (Raidt, 1991:8; Van der Merwe, 1968a:1).

Die rol wat die Duitsers aan die Kaap ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, is slegs betekenisvol as 'n nie-Nederlandse element in die heterogene vroeë Kaapse samelewing (Ponelis, 1993:19). Dit kan toegeskryf word aan te min Duitse vroulike immigrante en die feit dat Duits en Duitse gebruikte by dié van die Nederlanders aangesluit het. Die Duitse immigrante het Nederlands ook reeds geken tydens hulle aankoms aan die Kaap (Scholtz, 1980:36).

---

<sup>47</sup> Sien onder andere Klooke (1950:25-28) en Van der Merwe (1968a) aangaande die Duitse immigrante se invloed op die ontwikkeling van Afrikaans.

<sup>48</sup> Rondom die 3de eeu n.C. kon drie Germaanse groeperings onderskei word: Noord-Germaans, Oos-Germaans en Wes-Germaans. Die Wes-Germans het verdeel in Noordsee-Germans, Weser-Ryn-Germans en Elbe-Germans, en uit hierdie bevolkingsgroepe het die Wes-Germaanse stamme en hulle variëteite ontwikkel. Wes-Germaans bestaan uit twee vertakings, naamlik Noordsee-Germaans (of Kus-Germaans) en Binne-Germaans (of Kontinentale Germaans of Duits in die breë sin) wat later sou vertak in Neder-, Middel- en Opperduits. Onderverdelings van Nederduits is Nederfrankies en Saksies. Teen die einde van die vierde eeu n.C. was die teenswoordige Nederlandse grondgebied deur drie Germaanse stamme bewoon: 1) Franke, 2) Saksers, 3) Friese. Die Franke was die magtigste groep en het die oerbevolking van die Nederlanders gevorm. Onderverdelings van Nederduits is Nederfrankies en Saksies. Nederfrankies het in 'n oostelike en westelike tak verdeel. Uit Wes-Nederfrankies het Nederlands ontwikkel en uit die 17de-eeuse Nederlands Afrikaans (Raidt, 1991:8). Sien ook par. 2.1.

Die invloed wat die Duitse immigrante in die Kaap wel op die ontwikkeling van die Afrikaanse woordeskat gehad het, blyk onder andere uit die volgende Duitse ontlennings:

- Duitse *woorde* wat via Nederlands in die Afrikaanse woordeskat<sup>49</sup> ingesluit is, is onder andere: *dolk, koeël, smul, leidraad, skerpsinnig, eensaam, heers, vertwyfeling, kamaste, werskaf, peits (piets)* (Raidt, 1991:129; Bosman, 1923:115).
- Duitse *uitdrukkings* wat via Nederlands in die Afrikaanse woordeskat voorkom: *aanstalles maak, spoorloos verdwyn, agter slot en grendel, dan en wan, sak en pak* (Raidt, 1991:192; Bosman, 1923:115).
- Enkele *militêre terme* soos *laer* en *kamaste* en kragwoorde soos *swernoot* en *swaap* is direk aan Duits ontleen (Raidt, 1991:192; Bosman, 1923:115).

Raidt (1991:191) en Bosman (1923:114) wys tereg daarop dat onderskeid getref behoort te word tussen direkte en indirekte ontlennings uit Duits, aangesien die oorgrote meerderheid leenwoorde uit Duits deur middel van Nederlands in Afrikaans ingesluit is.

Die presiese invloed van Duits op die taal wat in die Kaap ontstaan het, is moeilik om vas te stel, as gevolg van die vinnige assimilasie van die Duitsers in die Kaapse samelewing. Duits het wel 'n indirekte invloed op die wording van Afrikaans uitgeoefen deur die gebrekkige aanleer van Nederlands deur Duitssprekende immigrante aan die vroeë Kaap (Raidt, 1991:95, 109).

Die ander tale wat in die vroeë Kaap voorgekom het, word vervolgens bespreek.

## **2.2.6 Die sosiopolitieke en -linguistiese omstandighede waarin ander tale aan die vroeë Kaap verkeer het**

Afgesien van die Franse Hugenote en die Duitse immigrante het 'n klein aantal ander Europese immigrante óók na die vroeë Kaap gekom: uit Pole, Italië, Skotland, Engeland, Denemarke, Noorweë en Swede. Moedertale wat onder andere aan die vroeë Kaap gepraat is, sluit Europese tale in soos die Nederlandse streeksvariëteite, Hoog- en Laagduits, Frans en Portugees, verskeie Afrikatale en Oosterse tale soos Maleis en Javanees en tale uit Indië (Ponelis, 1993:14, 24; Steyn, 1980:111).

Verskeie Europese kulture en die verskeidenheid Europese tale asook die verskillende slawetale en kulture het aan die suidpunt van Afrika begin saamsmelt – ook met fasette van die Koi-kulture. Teen die einde van die 18de eeu was die vernaamste kultuurverskille aan die Kaap nie tussen etniese of status-groepe nie, maar tussen streke (Elphick & Shell, 1988:172-174). Dit word deur die voorkoms van die historiese Afrikaanse variëteite in verskillende streke bevestig.

---

<sup>49</sup> Daar word hoofsaaklik gefokus op die invloed wat die tale aan die vroeë Kaap op die Afrikaanse *woordeskat* uitgeoefen het, met die oog op die samestelling van 'n lesreeks op skoolvlak waarin die bydraes van die verskillende rolspelers tot die woordeskat van Afrikaans bespreek word (vergelyk Hoofstuk 6 en Bylae A). Waar ter sake word ander aspekte ook vermeld.

Die wye verskeidenheid ander *tale* as Europese tale wat aan die vroeë Kaap gepraat is – asook die uiteenlopende *kulture* wat as gevolg hiervan voorgekom het – het aanleiding gegee tot grootskaalse akkulturasie. Akkulturasie ontstaan wanneer groepe of individue van verskillende herkomsgebiede van verskillende kulture (soos Afrika, Asië en Europa) in voortdurende en direkte kontak (soos aan die vroeë Kaap) verkeer. Die gevolg van akkulturasie is dat daar veranderinge in die oorspronklike kultuurpatrone plaasvind (Titus, 2007:2; Hattingh, 2005b:16; Davids, 1994b:113).

Wat taalpatrone aan die Kaap betref, het die Nederlandse heersers se taaldwangmaatreëls bepaal dat Nederlands die teikentaal van die onderskeie groepe geword het. Dié bepaling het die Koina en die slawe gedwing om Nederlands op gebrekkige maniere te praat. Twee van die historiese Afrikaanse variëteite, Westelike en Suidelike Afrikaans, ontwikkel uit onderskeidelik die Koina en slawe se pogings<sup>50</sup> om Nederlands te praat (Roberge, 2003:18; Ponelis, 1993:10-11, 39; Scholtz, 1980:38).

In die volgende afdeling van die hoofstuk word die *taalkontak* tussen sprekers van tale uit Europa, Afrika en Asië gedurende die tweede helfte van die sestiende eeu aan die Kaap ondersoek. Daar word gefokus op die *invloed* van drie hooftaalgroepe (die Hollanders, die Koina en die slawe) *op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans* (beskou teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu waarin die groepe hulle bevind het).

### **2.3 Die drie taalgroepe (die Hollanders, die Koina en die slawe) se onderskeie rolle in die taalveranderingsprosesse wat aan die vroeë Kaap plaasvind**

“Met die besluit van die Vereenigde Oos-Indiese Kompanjie in 1652 om 'n verversingspos aan die Kaap van Goeie Hoop te stig, lui die geboorteklokke van Afrikaans” (Rina Loader, 2007:8).

Met die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap van Goeie Hoop is 'n variëteit van Europese Nederlands “op Afrika-bodem oorgeplant” (Raidt, 1991:89). Hierdie variëteit is deur 'n verskeidenheid mense van verskillende taalagtergronde in 'n land gepraat wat ten opsigte van klimaat, natuur en bevolking van Nederland verskil het. Hierdie variëteit sou 'n deurslaggewende rol speel in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans aan die vroeë Kaap.

Die Hollandse setlaarveeboere (die Europese element in die taalkontaksituasie) word volgende bespreek.

#### **2.3.1 Die Hollandse setlaarveeboere**

Terwyl die Nederlandse VOC-amptenare aan die Kaap 'n “formele soort sewentiende-eeuse Nederlands<sup>51</sup> gepraat” het (Van Rensburg *et al.*, 1997:2), het die setlaars volgens Raidt (1991:171-172) die Kaapse omgangstaal gepraat wat verskil<sup>52</sup> het van Europese Nederlands, maar nog nie Afrikaans was

<sup>50</sup> Vergelyk ook par. 2.3.2 en 2.3.3 in hierdie verband.

<sup>51</sup> Kenmerke van die VOC-amptenare se Nederlands was onder andere lang sinne (Van Rensburg *et al.*, 1997:2).

<sup>52</sup> Vergelyk Raidt (1991:171) vir die faktore wat aanleiding gegee het tot die verskille tussen die VOC-amptenare se Nederlands en die setlaars se Kaaps-Hollandse spreektaal.

nie: "Die taal van hierdie oorgangsfase kan die beste as 'Kaaps-Nederlands' of 'Kaaps-Hollands' bestempel word, d.w.s. Nederlands (Hollands) soos gepraat aan die Kaap."

Die Kaapse kolonie het vinnig na die binneland uitgebrei met die opkoms van onafhanklike landbou en veeboerdery. Die eerste VOC-amptenare is in 1657 toegelaat om die diens van die VOC te verlaat en as onafhanklike setlaars op landbougrond wat die VOC aan hulle toegeken het, te boer (Van Rensburg, 1997:9; Ponelis, 1993:1; Raidt, 1991:95; Van Rensburg *et al.*, 1989:70; Guelke, 1988:44, 47; Elphick, 1988:22, 25).

Wyn- en landbou is aangemoedig, maar wingerde het lank geneem om te vestig en weersomstandighede soos winde, droogtes en storms het landbou bemoeilik:

Van Riebeeck het kort na die stigting van die skeepsverversingstasie uitgevind dat die Tafelvallei, waarin die nedersetting aangelê is, as voedingsbron te arm was om die verlangde sukses te behaal. Sterk somerwinde wat plante beskadig, boomgroei vertraag en graan in die laaste stadiums van rypwording uit die are slaan, het die ontwikkeling van tuine, boorde en landerye in die Tafelvallei belemmer. Die vallei se enigste vaste waterbron was die strome uit Tafelberg, en dit het in die somer amper opgedroog. Die grond was arm. Die vallei was ook te klein om weiding te verskaf aan al die beeste en skape wat vir skeepsverversing nodig was, en kon ewe min die nodige oppervlakte vir graanlande, boorde, wingerde en tuine afstaan (Sleigh, 2004:6-7).

Die onafhanklike setlaarboere het, te wyte aan bogenoemde omstandighede, begin voorkeur gee aan veeboerdery. Ná 1700 vind die geografiese uitbreiding van die Kaap plaas as gevolg van nomadiese veeboerdery. Teen 1735 het die trekveeboere reeds noordweswaarts tot in die Hantam en ooswaarts tot by Mosselbaai gevorder (Sleigh, 2004:6-9; Ponelis, 1993:1; Raidt, 1991:95; Van Rensburg *et al.*, 1989:70; Guelke, 1988:44, 47; Elphick, 1988:22, 25). Hierdie geografiese uitbreiding word deur Raidt (1991:108) ook as 'n aksie van taaluitbreiding na die ooste en uiteindelik na die binneland van Suid-Afrika beskryf.

Die geografiese uitbreiding van veeboerdery het aanleiding gegee daartoe dat 'n klein bevolking oor 'n groot, uitgestrekte ruimte sonder enige infrastruktuur versprei het. Daar was geen sprake van kerk- of skoolgeriewe nie en ouers het (soos aanvanklik ook in Kaapstad en omstreke) die noodsaaklikste godsdienstige en opvoedkundige insette gelewer. Dit het 'n taalsituasie geskep waarin die veeboere hulle Kaaps-Hollandse taal al hoe verder weg van die Kaap gepraat het. Die Koina en slawe<sup>53</sup>, wat as arbeiders vir die trekveeboere gewerk het, het nou met die veeboer se gesin saamgeleef, van die Westerse kultuur geleer en saam huisgodsdienste gehou (Giliomee, 2004a:26; Ponelis, 1993:8,127; Van Rensburg *et al.*, 1989:70; Van Rensburg *et al.*, 1997:31-33; Elphick, 1988:35, 64, 68-70; Franken, 1953:36-38).

Namate daar die binneland in beweging is, het bevolkingsdigtheid, materiële rykdom, kontak met Kaapstad en Europa en die Kaapse slawe toenemend afgeneem. Dit het die opkoms van 'n selfstandige kultuur tot gevolg gehad waarin Koi-invloede voorgekom het, maar in geringe mate slawe-invloede. Die veeboere

---

<sup>53</sup> Die Koina wat saam met die veeboere getrek het, was baie meer as die enkele slawe wat saam met die nomadiese Hollandse setlaarboere getrek het (Giliomee, 1988:314; Raidt, 1991:91).

neem byvoorbeeld Koi-gebruike ten opsigte van beesboerdery oor en die Koina neem op hulle beurt van die Europese kulturele aspekte soos die Westerse kleredrag oor. Die kommunikasiemedium aan die veeboerstreke was Kaaps-Hollands – tussen werkgewers (die Kaaps-Hollandse veeboere) en werknemers (die slawe en Koina in diens van die veeboere) asook tussen hierdie werknemers wat verskillende moedertale gehad het (Elphick & Shell, 1988:169-171).

Teen 1798 was groepe van Europese afkoms oor die Kaap versprei en het hulle Kaaps-Hollands van die Nederlands in Nederland afgewyk (Steyn, 1980:101). Die Hollandse veeboere se slawe en Koi-bediendes het op hulle manier Kaaps-Hollands gepraat, of soos Steyn dit stel: "... hulle het ten minste 'n variëteit daarvan gepraat".

Die Koina (die Afrika-element in die taalkontaksituasie) word volgende bespreek.

### **2.3.2 Die Koina**

Die eerste mense met wie die Europeërs aan die Kaap kontak maak, is die inheemse Koina. Dit impliseer noodwendige kommunikasie tussen hierdie twee wyd uiteenlopende taalgemeenskappe: taalgroepe uit Europa en inheemse taalgroepe van Afrika (Du Plessis, 2003a:131). Die sukses van die maritieme aanvullingstasie het ruilhandel genoodsaak, wat transaksionele kommunikasie met die veeryke<sup>54</sup> Koina impliseer (Sleigh, 2004:1-43; Roberge, 2003:16; Du Plessis, 1995b:149; Raidt, 1989:111; Van Rensburg *et al.*, 1989:35; Elphick, 1988:3; Boucher, 1986:63; Conradie, 1986:82).

#### **2.3.2.1 Gekoloniseerdes en koloniseerders**

Die Europeërs<sup>55</sup> vind die inheemse Koi-tale baie moeilik om te bemeester, veral die onbekende suigklanke (Nienaber, 1953:8, 10). In teenstelling daarmee beskik die Koina blykbaar oor 'n aanleg vir die aanleer van tale en leer hulle Nederlands vinnig op hulle manier aan. Die VOC se taalbeleid het ook geëis dat daar aan die Kaap slegs Nederlands met die Koina gepraat mag word (Van Zyl, 2002:27; Du Plessis, 1995b:155; Raidt, 1991:109; Hesseling, 1897a:143; Elphick & Shell, 1988:172; Scholtz, 1980:37; Van der Merwe, 1968b:20-22).

Bowendien was Nederlands die taal van die koloniseerder en die gekoloniseerdes (die Koina) móés die koloniale taal noodgedwonge as teikentaal aanleer (Du Plessis, 2003a:133-134; Kotzé, 2001:108; Nienaber, 1994:139-152). Aan die begin van die 19de eeu was daar min Koina wat hulle eie tale nog suiwer kon praat (Steyn, 1980:101).

---

<sup>54</sup> Veebesit was vir die Koina 'n teken van rykdom en welvarendheid, maar dit het ook met simboliese betekenis gepaard gegaan. 'n Stam wat sy vee verloor het, het sy rykdom en status verloor en moes hom wend tot jag, roof en die versamel van veld- en seekos (Van Rensburg, 1997:7-9; Sleigh, 2004:9).

<sup>55</sup> Die Europeërs artikuleer veral orale spraakklanke, terwyl die Koina suigklanke artikuleer wat die setlaars aan die "gekloek van kalkoene" herinner het (Giliomee, 2004a:41; Nienaber, 1994:141; Steyn, 1980:107).

### 2.3.2.2 Die Koina se sosiopolitieke en ekonomiese strukture stort in duie

Die taalkontaksituasie en interaksie tussen die Kaapse setlaars en die Koina beweeg mettertyd na 'n nuwe vlak.

Die Koina het as gevolg van hulle sosiopolitieke<sup>56</sup> milieu en ekonomiese<sup>57</sup> omstandighede<sup>58</sup> toenemend meer van die Kaapse setlaars afhanklik geword.

Die volgende faktore was hiervoor verantwoordelik:

- die uitbreek van die pokke-epidemies wat die getalle van die Koina (en die slawe) baie laat afneem het (Roberge, 2003:18; Van Rensburg *et al.*, 1997:25; Raidt, 1991:90; Steyn, 1980:104);
- die feit dat die Koina se sosiale strukture<sup>59</sup> vernietig is en hulle tale<sup>60</sup> besig was om uit te sterf (Ponelis, 1993:10-11; Steyn, 1980:105);
- die Koina se mobiliteit is beperk as gevolg van landbougrond wat aan onafhanklike setlaars toegeken is om op te boer (Giliomee, 2004a:26; Elphick, 1988:22; Guelke, 1988:52-53);
- die Koina het nie meer oor 'n eie ekonomie beskik nie (Elphick, 1988:3, 22) en
- die Koi-identiteit is vernietig (Raidt, 1991:109; Elphick, 1988:22).

Bogenoemde faktore het meegebring dat die Koina noodgedwonge vinniger by die Europese kultuur aangepas het. Dit het aanleiding gegee tot die disintegrasie van die eens selfstandige Koi-stamme.

### 2.3.2.3 Die Koina verlaat die Kaap

Die pokke-epidemies<sup>61</sup> wat aan die Kaap uitgebreek het, asook konflik tussen die Hollanders en die Koina, het tot gevolg gehad dat die Koina die Kaap verlaat het. Die Koina trek teen die Weskus op, die binneland in, om hulle aan die Gariep<sup>62</sup> te vestig. Dit het die verbroekelingsproses van die Koina

<sup>56</sup> Die Koina het as gekoloniseerdes nie meer oor politieke mag beskik nie.

<sup>57</sup> Die Koina se veestapels is uitgedun as gevolg van ruilhandel, en hulle vrye nomadiese mobiliteit tussen veeweidings behoort tot die verlede.

<sup>58</sup> Vergelyk in die verband weer par. 2.2.2.3 en par. 2.3.2.

<sup>59</sup> Die Koina het as bediendes in die diens van setlaars getree en eksogene verhoudings (huwelike buite stamverwantskap) het ontstaan.

<sup>60</sup> Die Koina moes noodgedwonge as gevolg van VOC-taalbepalings die taal van die koloniseerders as teikentaal aanleer (Ponelis, 2004:2; Van Zyl, 2002:7; Raidt, 1991:109; Conradie, 1986:82; Scholtz, 1980:37).

<sup>61</sup> Die pokke-epidemies (1713, 1755, 1767) aan die Kaap het ontstaan as gevolg van besmette wasgoed wat vanaf skepe aan wal gestuur is om gewas te word. Die Koina het blykbaar geen weerstand teen die virus gehad nie (Armstrong, 1988:99-100). Sleigh (2004) is van mening dat van bogenoemde pokke-epidemies waarskynlik verwar word met moontlike malariaverwante siektes.

<sup>62</sup> Die Gariep staan ook bekend as die Oranjerivier. (Nog 'n spelwyse van die eienaam is: !Xarip.)

afgesluit, aangesien Koi- en Oorlamse<sup>63</sup> groepe hulle in 'n nuwe geografiese gebied gevestig het (Kotzé, 2001:109; Van Rensburg *et al.*, 1997; Du Plessis, 1994:124, 1995b:149; Ponelis, 1993:38; Elphick, 1988:4, 23; Armstrong, 1988:99; Nienaber, 1953:5, 7). Die Koina wat nie noordwaarts weggetrek het nie, het vir veeboere in die binneland gewerk (Raidt, 1991:91).

#### **2.3.2.4 Assimilasie en akkulturasie vind plaas**

Ná die uitbreek van die pokke-epidemie(s)<sup>64</sup> was die oorblywende Koina in die Kaap ontredder, arm en haweloos en het hulle noodgedwonge aangebied om as veewagters<sup>65</sup> op plase te werk. Die Koina word onder andere ook gebruik as plaasarbeiders, om hout te versamel, vis te vang en van hulle tree as tolke en gidse op. Die gevolg hiervan was dat die Koina sedert 1680 toenemend in die Westerse, Kaapse en Hollandse gemeenskap opgeneem is (Hattingh, 2005b:16).

Selfs voor 1680 kon die Koi-kindere as gevolg van bogenoemde assimilasié al redelik Hollands praat en teen 1800 was daar min Koina<sup>66</sup> wat nog nie in die diens van Europeërs was nie. Dié Koina het hulle eie vorm van Hollands gepraat. Die assimilasié van die Koina in die Kaapse samelewing het 'n demografiese bydrae tot die Kaaps-Hollandse gemeenskap gelewer, aangesien die Koina sosiaal en linguisties by die Kaapse setlaars en slawe geïntegreer het (Roberge, 2003:18; Ponelis, 1993:10-11, 39; Scholtz, 1980:38).

Van die Koina en slawe het dus saam in die Kaapse landbousektor gewerk en hulle het waarskynlik dieselfde slaapplekke gedeel, vermeng en die daaruit voortspruitende geslag is by die setlaarboere as arbeiders geregistreer (Hattingh, 2005a:15; 2005b:16).

Skole van die Kompanjie stel volgens Ponelis (1993:4-5), Elphick en Shell (1988:127) en Roberge (2003:17) ook enkele Koina (in 1661) aan die Europese kultuur en godsdiens bloot. Die blootstelling aan die Christelike geloof het gelei tot die kerstening van enkele Koina, maar nie tot die algemene kerstening van slawe nie.

#### **2.3.2.5 Die Koina se invloed op die taalveranderingsproses**

Die invloed wat die Koina op die taalveranderingsproses aan die Kaap gehad het, is in die negentiende eeu gestigmatiseer:

---

<sup>63</sup> Groepe wat van die Kaapse samelewing weggebreek het, het uit Koina, gedroste matrose, soldate en slawe bestaan en dié groepe het volgens Du Plessis (2003a:133-134) as "Oorlamse" of "Baster-" groepe bekend gestaan.

<sup>64</sup> Volgens Mellet (2006) het die pokke-epidemie(s) die Koina en onafhanklike swartes feitlik uitgewis en het die pokke-epidemie(s) as 'n natuurlike ramp 'n groot verskil in die Kaap ten opsigte van die sosiale stratifikasie, die arbeidersklasse en in die getalle van die Koina en slawe teweeggebring.

<sup>65</sup> Dit was 'n taak wat die slawe nie verrig het nie.

<sup>66</sup> As gevolg van 'n toename in die Kaapse landbouproduksie het die ontstamde Koina in die landbousektor gewerk.

Met die ineenstorting van die Koina se sosiale strukture versprei die verskillende vorme van die Koina se gebrekkige Nederlands oor die Kaap – wes- en ooswaarts – die binneland in (Elphick & Shell, 1988:169). Van Rensburg *et al.* (1989:36) is van mening dat die Koi-tale (as die eksterne faktor) waarskynlik die grootste invloed van al die tale wat aan die suidpunt van Afrika gepraat is, op Kaaps-Hollands uitgeoefen het. Dié invloed was slegs beperk tot die variëteite van gesproke Afrikaans.

Die erkenning van die Koi-imploed op Afrikaans is geensins nuut nie. Volgens Den Besten (1989:219, 1986:197; 1978:11) het taalkontak vóór die koloniale tydperk tussen Europeërs en Koina aan die suidpunt van Afrika voorgekom. Dit het aanleiding gegee tot 'n vorm van kommunikasie waarin byvoorbeeld Nederlanders en Koina handel gedryf het. Dit het geïmpliseer dat die Nederlanders ten tye van die stigting van die maritieme verversingspos 'n inheemse bevolking teëgekom het wat reeds aan Engels en Nederlands blootgestel was. Die taalvorm het volgens Den Besten die basis van Koi-Nederlands gevorm wat na die koloniale tydperk in die Kaap voorgekom het. Ek is van mening dat die voorkoloniale blootstelling van die Koina aan onder andere Nederlands, minimaal moes gewees het.

Navorsing oor die aard en omvang van die invloed is hoofsaaklik beperk tot die geleende Koi-woordeskat, alhoewel die taalkontak tussen Kaaps-Hollands en die Koi-tale 'n groter linguistiese invloed op die grammatikale vlakke van moderne Afrikaans het as bloot die oorneem van enkele leenwoorde (Du Plessis, 2003a:137-138).

Die invloed wat die Koina op die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse woordeskat<sup>68</sup> uitgeoefen het, sluit onder andere die volgende in:

- Enkele voorbeelde van geleende Koi-woordeskat wat deel uitmaak van Afrikaans:

Plante: *boegoe, dagga, karee, tsamma*

Voorwerpe: *kierie, karos*

Diere: *kwagga, gogga, oribi*

Uitroepe: *eina, aitsa, soe, sie, ga, arrie*

Plekname: *Karoo, Keiskamma, Kango, Gariep, Kareedouw, Gamka, Kango* (Bowes, 2005; Du Plessis, 2005; 1995b:155; Deacon, 1995:134, 137, 140-142; Raidt, 1991:190; Van Rensburg, 1990:32).

<sup>67</sup> Diegene wat Afrikaans as 'n minderwaardige taal geag het, het Afrikaans as 'n "Hotnotstaal" beskou. Na genoemde versreël volg 'n trotse en rasbewuste regstelling in die gedig waar daar deur Lion-Cachet geïmpliseer word dat die Koi-tale geen invloed op die wording van Afrikaans gehad het nie (Hugo, 2008:4). Daarteenoor beskou Van Rensburg *et al.* (1997:30-31) juis die Koi-tale as die grootste eksterne invloed op Afrikaans.

<sup>68</sup> Daar word hoofsaaklik gefokus op die invloed wat die tale aan die vroeë Kaap op die Afrikaanse *woordeskat* uitgeoefen het, met die oog op die samestelling van 'n lesreeks op skoolvlak waarin die bydraes van die verskillende rolspelers tot die woordeskat van Afrikaans bespreek word (vergelyk Hoofstuk 6 en Bylae A). Waar ter sake word ander aspekte ook vermeld.

- Enkele voorbeelde van herhalingskonstruksies wat uit die Koi-tale in Afrikaans opgeneem is (wat moontlik die ontkeningsvorm in Afrikaans kon beïnvloed): *noem-noem, hê-ê* (Van Rensburg, 1990:32).

Die onderstaande voorbeelde kom in subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit na vore:

- Besitskonstruksies wat in die woordeskat van subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit voorkom: *hy se huis, jy se perd, meneergoed* (Van Rensburg et al., 1997:23-24).
- Fonologiese verskynsels wat in subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit voorkom, is die opvallende intonasieverskynsels, byvoorbeeld: "*Die skappe loop in die graas*" (Du Plessis, 2005; Van Rensburg, 1990:85).

Die taal van die Koina het ook bygedra tot die woordeskat van subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit.

Enkele voorbeelde hiervan:

- Verkleinwoorde soos: *oudstetjie, klippertjies* (net bepaalde konstruksies)
- Meervoudsvorming soos: *goete* (goeters)
- Werkwoorde soos: *gewôre* (geword), *versôre* (versorg)
- Besitlike voornaamwoorde: *jou se prate, Pa-goed* (Crafford, 2004:78-80; Van Rensburg, 1983:150; 1990:32; Van Rensburg et al., 1997:23-24).

Die ingevoerde slawe (die Oosterse element in die taalkontaksituasie) word vervolgens bespreek.

### 2.3.3 Die ingevoerde slawe

Gedurende die pionierstyd aan die Kaap was handarbeid van groot belang om in die Kaap se skeepsverversingstaak te kon slaag. 'n Arbeidstekort ('n tekort aan handarbeid) het die sukses en lewensvatbaarheid van die Kaapse maritieme aanvullingstasie reeds spoedig ná die aankoms van die klein groepie Nederlanders (180) aan die Kaap bedreig (Sleigh, 2004; Raidt, 1991:91-92).

#### 2.3.3.1 Slawe uit verskillende wêrelddele word na die Kaap ingevoer<sup>69</sup>

Aangesien die Koina nie aan die Kaapse skeepsverversingstasie se arbeidsbehoefes kon of wou<sup>70</sup> voldoen nie, word slawe uit verskillende wêrelddele soos Indië, Indonesië, Suidoos-Asië, die Verre Ooste,

<sup>69</sup> Vergelyk par. 2.4.2.

<sup>70</sup> Die Koina wou volgens Hattingh (2005a en b) nie vir die VOC werk nie en was ook nie geskik vir bepaalde arbeid nie. Bowendien wou die VOC volgens Sleigh (2005a) en Hattingh (2005a en b) die Koina uit die VOC en Europese Kaapse gemeenskap hou.

die Ooskus van Afrika, Madagaskar, Angola en Dahomey (tans Benin) ingevoer. Hierdie slawe het verskillende tale<sup>71</sup> gepraat en het ook verskillende kulturele agtergronde gehad. Die slawe het 'n nuwe element (n Oosterse element) in die Kaapse multitalige en multikulturele samelewing geword (Boesak, 2006; Heese, 2005:85; Sleight, 2004:117-118; Roberge, 2003:17; Kotzé, 2001:108; Van Rensburg *et al.*, 1997:10; Davids, 1994b:112; Ponelis, 1993:1; Raidt, 1991:110; Du Plessis, 1995b:149; Armstrong, 1982:80-82; Steyn, 1980:1113; Nienaber, 1953:15-18).

Die profiel van die ingevoerde slawe het volgens Boesak (2006) soos volg daar uitgesien:

- Die meeste slawe (50%) is uit Oos- en Wes-Afrika en die eilande aan die Ooskus van Afrika, onder andere Madagaskar en Mauritius, ingevoer;
- Uit Indië is 25,9% slawe van Bengale, Ceylon en Sri Lanka ingevoer;
- Uit die Indonesiese eilandgroep is 22,7% slawe ingevoer;
- Uit ander streke soos Arabië, Japan, China en die Filippyne is 0,9% slawe ingevoer.

As dié profiel bestudeer word, is dit duidelik dat die ingevoerde slawe van uiteenlopende herkoms was en verskillende identiteite gehad het. Die koms van die slawe na die Kaap het bygedra tot die ontstaan van die "mees diverse groep ter wêreld" (Boesak, 2006).

Hierdie ingevoerde slawe was 'n bate vir die Kaapse nedersetting: hulle was intelligente en opgeleide vakmanne en spesialis-ambagsmanne en -vroue<sup>72</sup> soos bakkers, kleremakers, messelaars, skrynwerkers, musikante, wingerdsnoeiërs, vrugteverkopers, wasvroue, tolke, smede en kokke (Sleight, 2004:117; Raidt, 1991:92; Armstrong, 1988:97). Guelke (1988:50) twyfel weer of die slawe werklik 'n bate was, aangesien hulle nie doeltreffende werkers was nie, gedros het en "weerbarstig" was.

### 2.3.3.2 Assimilasie en akkulturasie vind plaas

Daar was te min gemeenskaplike verbande tussen hierdie slawegroepe uit verskillende geografiese wêrelddele, taalgebiede en kulturele agtergronde om 'n slawekultuur (wat onafhanklik van die Westerse koloniale gemeenskap is) tot stand te bring. Daarom is die slawe noodgedwonge vroeër in die Nederlandse kultuur opgeneem soos die geval met die Koina was (Ponelis, 1993:12-13).

Verskille ten opsigte van die intensiteit van die uiteenlopende verhoudings tussen die slawe en ander groepe aan die vroeë Kaap verklaar die mate waarin akkulturasie plaasgevind het: die meesters het onder andere eetgewoontes en kosvoorbereidingsmetodes as kulturele gebruik van die slawe oorgeneem, terwyl slawe in sommige gevalle hulle meesters se kultuur aanvaar het – deur dwang of werksomstandighede, of uit eie keuse (Davids, 1994b:117; 1990:3-4).

---

<sup>71</sup> Volgens De Ruyter en Kotzé (2002:143-144) is daar meer as 200 tale in die Indonesiese argipel gepraat en van die Kaapse slawe het oor min kennis van Maleis en Kreools-Portugees beskik. Dit beklemtoon die komplekse taalsituasie waarin die ingevoerde slawe (wat geen gemene taaldeler gehad het nie) hulle aan die Kaap bevind het.

<sup>72</sup> Daar was onder die ingevoerde slawe ook misdadigers, bandiete, politieke bannelinge en selfs rebelse koninklikes (Bowes, 2005).

Die tekort aan Europese vroue aan die Kaap het tot verhoudings en die daaruit voortspruitende akkulturasie tussen setlaarmans<sup>73</sup> en slawevroue gelei. In Kaapstad, sowel as in landelike gebiede, dra akkulturasie tussen setlaars en slawe by tot 'n groter wordende sosiale Kaapse groep<sup>74</sup>. Die kinders wat uit genoemde verhoudings gebore is, is in wit geleedere aanvaar indien die kinders volgens die Christelike sakrament gedoop is. Dit het vir die slawekinders vryheid beteken, al was die moeder 'n slavin. Indien die kinders nie gedoop is nie, was hulle maats vir die setlaarkinders. Sodra dié kinders arbeid kon verrig, is hulle as slawe beskou wat vir setlaarboere of -vaders gewerk het (Boesak, 2006; Giliomee, 2004a:19-54; Heese, 2005; Du Plessis, 1994:126; Davids, 1994b:110; Raidt, 1991:91; Van Rensburg, 1990:38; Armstrong, 1988:93; Steyn, 1980:4).

Aangesien slawe- (asook Koi-) vroue by hulle setlaarmans gaan woon het, is hulle in die wit gemeenskap geassimileer. Dié vroue het op hulle manier in Kaaps-Hollands met hulle setlaarmans gekommunikeer. Hierdie (twyfelagtige) taalvorm sou dan ook die *taal van hulle kinders* word (Belcher, 1987:21), aangesien hulle geen korrekief gehad het nie (Van Rensburg *et al.*, 1997:14). Die setlaarvaders moes in hierdie verband volgens De Ruyter en Kotzé (s.j.:8) ook van die voorreg afstand doen om hulle moedertaal (Nederlands) aan hulle kinders oor te dra .

Slavinne het ook as kokke, bediendes en kinderoppassers<sup>75</sup> vir setlaargesinne opgetree en sodoende het oorfloedige geleenthede vir taalkontak tussen werkgewers (en hulle kinders) en werknemers ontstaan (Heese, 2005; Du Plessis, 1994:126; Davids, 1994b:110; Armstrong, 1988:93). Hierdie kontak moes 'n onafwendbare rol in die ontstaan van Afrikaans gespeel het (De Ruyter & Kotzé, s.j.:9).

Giliomee (2004a:42) som bogenoemde situasie soos volg op:

Gedurende die eerste sewentig jaar van die nedersetting het slawe en Khoi-Khoi-bediendes waarskynlik die grootste rol in die ontwikkeling van die taal gespeel. In die loop van die agtiende eeu het sowel burgers as hul bediendes en slawe, in hulle omgang met mekaar, hierdie herstrukturering verder gevoer. Hollands is vereenvoudig en 'n aansienlike aantal Maleis-Portugese frases wat deur die slawe gebruik is, is in die taal opgeneem.

In teenstelling met Giliomee se beskouing staan De Ruyter en Kotzé (2002:147) se “oseaniese hipotese”. Dié hipotese voer aan dat die slawe se tradisioneel aanvaarde aandeel tot Afrikaans (die leenvertalings uit Maleis en Kreools-Portugees) oorskakel word. Dit is eerder die VOC-seevaarders se Austro-Nederlandse<sup>76</sup> taalgebruik wat leenvertalings uit Maleis en Kreools-Portugees in Afrikaans gebring het. Die hipotese berus grootliks op die feit dat die VOC-seevaarders die moedertaalsprekers van Maleis en ander tale in getalle oortref het, en daarom 'n sterker invloed op Afrikaans uitgeoefen het as die slawe.

---

<sup>73</sup> Gedurende die eerste drie dekades van die Nederlandse kolonisasie van die Kaap het hoofsaaklik enkelopende mans na die Kaap gekom (Giliomee, 2004a:5).

<sup>74</sup> 75% van slawevroue se babas het setlaarvaders gehad (Heese, 2005).

<sup>75</sup> Slavinne het volgens (Rosseau & Malan, 2003:11) selfs as soogmoeders of minnemoeders (“minas”) vir setlaarkinders opgetree.

<sup>76</sup> Vergelyk weer voetnoot 6 aangaande Austro-Nederlands van die VOC-seevaarders.

### 2.3.3.3 Stedelike subkulturele Islamitiese bevolkingstruktuur ontwikkel aan die Kaap

Teen die einde van die 18de eeu ontwikkel daar aan die Kaap 'n stedelike subkulturele bevolkingstruktuur wat bestaan het uit slawe, handelaars en besoekers uit die Ooste. Vir dié bepaalde groep het die Islamitiese geloofsoortuiging 'n duidelike rol gespeel. Die Moesliemgeloof van die slawe het 'n hegte samehörigheid<sup>77</sup> tussen die slawe bewerkstellig (Boesak, 2006; Ponelis, 1993:43; Davids, 1990:3).

In die slawelosie is 'n Moesliemskool vir slawekinders begin (waar setlaarkinders ook onderrig kon ontvang). In 1793 word nog 'n *madrassa* (n Moesliemskool) in Dorpstraat, Kaapstad, gestig waar Afrikaans in Arabiese skrif met 'n Arabiese ortografie gebruik is (Davids, 1990:2; 1991:80-81; Kotzé, 1983). Moesliemleiers aan die Kaap het Afrikaans gebruik ter bevordering van Islam<sup>78</sup> (Raidt, 1991:240) en dit het ook aanleiding gegee daartoe dat die eerste Afrikaanse boek in Arabiese skrif gedruk is (Giliomee, 2004a:79).

Elphick en Shell (1988:132) is van mening dat 'n Eurosentriese taalgeskiedskrywing die rol van die Christelike geloof oorbeklemtoon het ten koste van die rol wat Islam aan die vroeë Kaap gespeel het, terwyl Islam inderdaad 'n bepalende rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

### 2.3.3.4 Slawegetalle<sup>79</sup> oorheers setlaargetalle

Gedurende die 17de eeu maak die slawe 'n sterk deel uit van die Kaapse samelewing. Die setlaars het aanvanklik die slawegetalle oorheers, maar teen die 18de eeu het die slawegetalle die setlaargetalle verbygesteek. Die ontstamming van die Koina het ook daartoe bygedra dat die slawegeledere versterk is deur eksogene verhoudings (Ponelis, 1989:38-71; 1994:218-230).

### 2.3.3.5 Die invloed van die ingevoerde slawe op die taalveranderingsproses

Voor die Nederlanders was die Portugese die sterkste koloniale mag asook die voorste slawehandelaars. Portugees was dwarsdeur die ontdekte wêreld, selfs in die VOC-hoofkwartier in Batavia, as handelstaal in daaglikse gebruik. Aan die Kaapse hawestad is Portugees voortdurend by besoekers, matrose en VOC-seevaarders op skepe gehoor. As 'n sekondêre taalvoorsieningsmiddel (tussen slawe, matrose en handelaars) het kennis van Portugees as kommunikasie-middel gedien. Portugese kreole<sup>80</sup> het volgens Ponelis (1993:15-17) hieruit gevorm. Die slawe het Maleis en Portugese kreole na die Kaap gebring.

<sup>77</sup> Die Islamitiese geloofsoortuiging was waarskynlik die enigste gemene deler vir die Kaapse slawe van verskillende wêrelddele, tale en kulture.

<sup>78</sup> In 'n studie om te bepaal hoe die Maleise taal Kaaps-Hollands in die taalkontak-situasie aan die Kaap beïnvloed het, is woordelyste wat deur Leibbrandt (1884), Franken (1953), Boshoff en Nienaber (1967), Kähler (1971) en Kotzé (1983) saamgestel is oor die Maleise slawe se woordeskat ondersoek. Die resultate toon ongeveer 700 Maleise ontlenings wat aan die Kaap gebruik is, asook 200 Maleise woorde wat in die Kaapse Moesliems se religieuse taal voorgekom het (De Ruyter & Kotzé, s.j.:1).

<sup>79</sup> In 1679 was daar 471 slawe, 450 VOC-amptenare en 232 setlaars. In 1702 was daar 1 491 slawe, 550 VOC-amptenare en 1 265 setlaars (Van Rensburg *et al.*, 1997:12).

<sup>80</sup> *Kreool*: 'n Kreool is, soos 'n pidgin, 'n intertaalvariëteit. Volgens Du Plessis (1995a:28) is dit nie seker dat 'n pidgin 'n poging is om 'n doelwittaal te bemeester nie, maar dit is duidelik dat pidgins ontstaan uit kommunikasiepogings tussen "lede van linguïstiese onderskeibare taalgemeenskappe wat in 'n taalkontak-situasie verkeer."

Den Besten (1989:219-220) is van mening dat dit in ag geneem behoort te word dat daar met die aankoms van Jan van Riebeeck slegs enkele huisslawe aan die Kaap was. Die taalgroepe het aanvanklik net uit Nederlandssprekendes en die Koi-taalsprekers bestaan. Dit het die Koina in staat gestel om hulle vorm van Nederlands ses jaar lank te ontwikkel sonder die beïnvloeding van ander tale as Nederlands. Dié situasie het verander met die aankoms van die ingevoerde slawe.

Om van die Kaapse maritieme aanvullingstasie 'n sukses te kon maak en om dit vir die slawe moontlik te maak om hulle verskillende ambagte te beoefen het aanleiding gegee tot noodwendige taalkontak van verskillende vorme<sup>81</sup> (Davids, 1990:3-4; 1994b:116; Armstrong, 1988:116). Die noodwendige en noue kontak in die Kaapse slawelosie tussen slawe van verskillende geografiese, kulturele en taalagtergronde het aanleiding gegee daartoe dat die slawe maniere moes vind om te kommunikeer. Om in 'n nuwe land aan te pas, asook om mekaar te akkommodeer, is die slawe (ondanks die VOC-se streng taalbeleid) gedwing om hulle gemeenskaplike tale Maleis en Kreools-Portugees aan die Kaap te gebruik (Heese, 2005:17; Giliomee, 2004a:4; Deumert, 2004b:27; Roberge, 2003:17; Van Zyl, 2002:8; Coetzee, 2001b:1; Van Rensburg *et al.*, 1997:10-11; Ponelis, 1993:43; Davids, 1994b:117; Raidt, 1991:231).

In die Kaap vereis die VOC-taalbeleid egter dat daar slegs Nederlands met die slawe gepraat mag word. Die VOC-amptenare moes toesien dat geen Maleis asook Kreools-Portugees, die aanvanklike *lingua francas* van die slawe (later sou die slawe se Kaaps-Hollandse aanleerdersvariëteit as hulle *lingua franca* dien) gebruik mag word nie (Giliomee, 2007:4; Raidt, 1991:91; Van Rensburg, 1990:38; Armstrong, 1988:90; Steyn, 1980:114).

Den Besten (1994:3-4) is van mening dat die slawe hulle vorm van Nederlands gedeeltelik by die Koina aangeleer het, aangesien daar nie 'n gemeenskaplike taal tussen die twee groepe bestaan het nie. Die ontwikkelende vorm van die slawe se Nederlands het op sy beurt ook die Koi-Nederlands beïnvloed, maar oor hoe groot hierdie beïnvloeding was, is Den Besten onseker.

Du Plessis (1994:126) wys ook daarop dat die sosiopolitieke en ekonomiese omstandighede waarin die slawe aan die Kaap verkeer het, nouer kontak tussen die verskillende Kaapse taalgroepe bewerkstellig het. Die slawe het geen gemene (taal)deler gehad nie; daarom moes hulle 'n *intertaalvorm*<sup>82</sup> gebruik om te kommunikeer. Die menslike behoefte van die slawe om te kommunikeer het bygedra tot hulle pogings om die maghebbers se taal aan te leer. Hoe meer die slawe hulle Aanleerdersvariëteit gepraat het, hoe minder was dit vir hulle nodig om op Maleis en Kreools-Portugees staat te maak (Van Rensburg *et al.*, 1997:14).

Davids (1994b:117), Van Rensburg (1994:166-167, 169-170) en Van Rensburg *et al.* (1989:68-69) wys daarop dat dié intertaalvorm aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Afrikaanse slawevariëteit, aangesien die Kaapse slawe volgens Van Rensburg *et al.* (1997:12) – soos in die meeste gevalle van

<sup>81</sup> Vorme van taalkontak, onder andere tussen meesters en slawe, slawe en slawe en Koina en slawe, het aan die Kaap geheers (Davids, 1994b:111).

<sup>82</sup> Van Rensburg (1990:26) definieer 'n *intertaal* soos volg: "Wanneer 'n volwasse moedertaalspreker 'n ander taal as sy moedertaal vir hom as doelwittaal stel, praat hy op 'n stadium 'n taal wat nie meer baie van sy moeder-taalkenmerke vertoon nie, maar wat ook nie presies aan sy doeltaal gelyk te stel is nie. Die taal wat só ontstaan, staan bekend as 'n intertaal." Du Plessis (1995a:28) beskou *kreole* en *pidgins* as intertaalvariëteite.

volwassenes wat 'n nuwe taal aanleer – nie daarin kon slaag om die doelwittaal volledig te bemeester nie. Die slawe het ook nie almal die variëteit eenders gepraat nie, en onderlinge verskille het voorgekom.

Afgesien van die invloed van die Kaapse slawe op die Afrikaanse woordeskat, het hulle ook die Afrikaanse klankleer, morfologie en sintaksis beïnvloed (Van Rensburg, 1990:38). Die slawe se godsdiens het – afgesien van die Arabiese Afrikaanse skryftradisie – ook die musiektradisie in Suid-Afrika beïnvloed in die vorm van die gewydheid van Moesliem-musiek en Oosterse klanke wat in Suidelike Afrikaanse musiek<sup>83</sup> hoorbaar is. Ook het die slawe se kostradisie nie net die Afrikaanse woordeskat verryk nie, maar ook bygedra tot die totstandkoming van tradisionele Suid-Afrikaanse geregte<sup>84</sup> (Davids, 1993:3).

Die invloed wat die slawe op die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse woordeskat en sinsbou uitgeoefen het, sluit onder andere die volgende in.

- Voorbeelde van geleende woorde uit Maleis: *amok, baadjie, baie, baklei, sosatie, doepa, piering, piesang, bobotie, soebat, rottang, frikkadel, sambal, katel, sarong, amper, katjiejepiering*, (Wilkinson & Kragolsen-Kille, 2006:27-28, Van Rensburg, 1990:40).
- Voorbeelde van reduplikasie uit Maleis: *staan-staan eet, kort-kort loer*.
- Voorbeelde van geleende woordeskat uit Portugees is byvoorbeeld: *bredie, brinjal, kiepersol, sambreel, tjalie, mielie, kraal, ramkie, tamaai*.
- 'n Voorbeeld van sinsbou wat by Kreools-Portugees geleen is: *vir hom slaan* (Van Rensburg, 1990:39; 1997:11; Raidt, 1991:187-188; Scholtz, 1980:101; Nienaber, 1953:20).

In die volgende afdeling van die hoofstuk word die *ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite* bespreek as die resultaat van taalkontak tussen die drie hooftaalgroepe wat aan die Kaap voorgekom het.

#### **2.4 Die ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite**

Ná 1750 het immigrasie uit Europa en die invoer van slawe na die Kaap afgeneem en het die heterogene Kaapse samelewing tot 'n spraakgemeenskap met 'n bepaalde profiel ontwikkel waarin Kaaps-Hollands as die algemene omgangstaal gebruik is (Raidt, 1991:10; Davids, 1994a:40-41; Ponelis, 1994:218 e.v.; 1993:9, 13-14).

---

<sup>83</sup> Die Kaapse tradisionele volksmusiekgees en bekende musiekblyspele duur steeds voort en floreer op wêreld-verhoë (Desai, s.j.:3-6). 'n Resente voorbeeld hiervan is "Ghoema" (2006, 2007), 'n produksie van Taliep Petersen en David Kramer wat die verhaal van Afrikaans deur sang vertel.

<sup>84</sup> Tradisionele Suid-Afrikaanse geregte is sterk deur die Oosterse kookkuns beïnvloed: *sosaties, bobotie, koesters, samoosas* (sic) (Veldsman, 1998:97-105).

In hierdie Kaapse multitalige en -kulturele samelewing het die voortdurende behoefte aan kommunikasie voorgekom tussen verskillende groepe wat geen taal as gemene deler gehad het nie: tussen Europeërs en Afrikane, tussen Oosterse en Afrika-slawe van verskillende taalagtergronde, tussen Afrikane en Asiërs (Roberge, 2003:17).

Die linguistiese situasie aan die vroeë Kaap word veral gekenmerk deur twee verbandhoudende faktore:

- 'n buitengewoon hoë voorkoms van sekondêre taalvaardigheid, en
- omvattende veeltaligheid aan die Kaap waarin 'n taalverskuiwing vanuit die Koi-tale en die slawetale asook Europese tale, soos Frans, in die rigting van 'n Nederlandse *lingua franca*, Kaaps-Hollands, plaasgevind het (Roberge, 2003:16; Van Zyl, 2002:9; Ponelis, 1993:14).

Volgens Giliomee (2004a:42) het daar vroeg reeds nadat die Nederlanders aan die Kaap geland het, 'n "besondere taal" in Afrika ontstaan. Giliomee is verder ook van mening dat die *lingua franca* wat aan die Kaap gepraat is "die gesamentlike skepping van Europeërs en nie-Europeërs, van wit en swart, van base en slawe" is, maar voeg tereg ook die volgende by: "Afrikaans was in sy kern 'n Hollandse dialek wat mettertyd 'n beperkte mate van kreolisering of afwyking van die basiese Hollandse strukture ondergaan het"<sup>85</sup>.

Elphick en Shell (1988:167-168) beklemtoon dat 'n duidelike kenmerk van die Kaapse kultuurgeskiedenis die uitruil van kulturele elemente tussen die verskillende groepe was. Die Koina het aanvanklik die kultuur van hulle heersers stadiger en meer selektief aanvaar as die slawe. In die landboustreke het die slawe weer die Europese kultuur vinniger opgeneem as die slawe in die stadskom, aangesien plattelandse slawe in nouer kontak met die setlaars geleef het en dit die aanvaarding van die Europese kultuur verhaas het.

Du Plessis (2003a:131) wys daarop dat 'n belangrike aspek van die kommunikasie tussen die drie onderskeie Kaapse groepe (die Koina, die slawe en die setlaars) die verhouding meester-slaaf of koloniseerder-gekoloniseerde voorgekom het. Hierdie situasie het geïmpliseer dat die slaaf of gekoloniseerde geen ander keuse gehad het as om die taal van die meester of koloniseerder aan te leer nie. Die gevolg hiervan was dat:

- die Koina hulle bepaalde vorm van Hollands met Koi-invloede gepraat het;
- die slawe hulle vorm van Nederlands met Oosterse kultuur- en taalinvloede gepraat het, en
- die Hollandse setlaars se gesproke Hollands 'n verandering getoon het ten opsigte van die Nederlandse variëteite wat in Nederland gehoor is as gevolg van die besondere taalkontak-situasie waarin hulle in die Kaap verkeer het.

---

<sup>85</sup> Vergelyk par. 4.2 vir meer aangaande die verskillende ontstaansteorieë van Afrikaans.

Die *Statenbijbel* (as normgewer) het daartoe bygedra dat die Hollandse setlaars nie heeltemal voeling met amptelike Nederlands verloor het nie. Hulle het dit steeds as hulle taal beskou en dit ook steeds probeer skryf, maar afstand en tyd dra uiteindelik daartoe by dat die Hollandse setlaars se taal anders is as die stamlandtaal, Europese Nederlands, ofte wel die wordende Algemeen Beschaafd Nederlands (Van Rensburg *et al.*, 1997:70; Raidt, 1991:63-64).

Die volgende versreëls uit die gedig "Die Afrikaanse taal" deur Lion-Cachet verwoord op metaforiese wyse die verandering wat die Kaapse setlaars se gesproke Hollands ten opsigte van Europese Nederlands ondergaan het.

My sussie<sup>86</sup> wat uit Holland kom,  
Die hou verniet haar groot;  
Die lug is al te skerp vir haar,  
Sy is al amper dood.

Uit "Die Afrikaanse taal" van Lion-Cachet in *Groot Verseboek* (2000:15).

In dié versreëls word gesuggereer dat Nederlands (*My sussie*), soos dit in Europa bekend is, verskil van die Nederlands (Kaaps-Hollands) wat in die Kaap gepraat is. Europese Nederlands as spreektaal (*Sy is amper dood*) se plek is geleidelik deur Kaaps-Hollands ingeneem.

Nederlands was die amptelike taal van die VOC in die Kaapse nedersetting, maar gaandeweg het Kaaps-Hollands<sup>87</sup> die primêre taal geword van die wye verskeidenheid mense met uiteenlopende taalagtergronde aan die Kaap (Raidt, 1991:89).

Toe is daar van vroeg af drie Hollandse: Hollandse Hollands, Koi-Hollands en Slawe-Hollands. Die boeretrekke vat Hollandse Hollands Oosgrens toe en oostelike binneland toe. Die slawe bly saam met hulle Oosterse speserytjies in die Kaap, en die Koi-Hollands pak sy Europese goeters in 'n Afrika-bondel en loop die Weskus op, weg van die Engelse Kaap af (Du Plessis, 1984:1).

Du Plessis (1984:1-2) som die drieledigheid ten opsigte van die Nederlandse aanleerderstale, wat aan die vroeë Kaap gepraat is, soos volg op:

- 1) "Hollandse Hollands" (die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit) wat die Kaaps-Hollandse setlaarveeboere die oostelike binneland van die kolonie ingeneem het.

<sup>86</sup> Nederlands soos dit in Europa gepraat is en steeds aan die Kaap as skryftaal gebruik is.

<sup>87</sup> Teen die einde van die 18de eeu het Kaaps-Hollands *Afrikaans* (soos dit tans bekend is) geword (Giliomee, 2004a:42).

- 2) “Koi-Hollands” (die historiese Westelike Afrikaanse variëteit) wat die Koi-groepe na die omstreke van die Gariep geneem het. Dié Koi-groepe was reeds in 'n mate deur die Europese leefwyse en Hollandse taal beïnvloed.
- 3) “Slawe-Hollands” (die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit), wat kenmerkende Oosterse taalinvloede van die slawe het en in Kaapstad en omstreke gepraat is.

Van Rensburg (1997:9) toon aan dat die vroeë soorte Afrikaans in talle opsigte van die sewentiende-eeuse Nederlands van die VOC verskil het.

Daar sou op grond van die bydrae van die drie uiteenlopende religieë (uit Afrika, die Ooste en Europa) wat aan die vroeë Kaap voorgekom het, 'n soortgelyke driedeling saamgestel kon word:

- 1) Aan die Weskus en in die noordweste langs die Gariep, waar die *historiese Westelike Afrikaanse variëteit* gepraat is, het akkulturasie<sup>88</sup> tussen wit en swart plaasgevind en is Afrika-religieë deur die Westerse Christelike godsdiens beïnvloed (Du Plessis, 2003a:135-137, 1995b:149; Ponelis, 1993:40-42).
- 2) In Kaapstad het 'n (florerende) stedelike Moesliemgemeenskap ontwikkel wat die Kaapse Moesliemleerders aan die hand van Afrikaans in Arabiese skrif en met 'n Arabiese ortografie onderrig het. Dié tradisie het 'n rol in die totstandkoming van die *historiese Suidelike Afrikaanse variëteit* gespeel (Boesak, 2006; Davids, 1990:3).
- 3) Die Nederlandse *Statenbijbel* het 'n rol in die Kaaps-Hollandse veeboere se godsdiensbeoefening gespeel. Van hierdie veeboere verhuis uit die Kaap na die binneland waar die *historiese Oostelike Afrikaanse variëteit* gepraat is. Die godsdienstige lewe van die veeboergesinne het hoofsaaklik bestaan uit Christelike huisgodsdiens aan die hand van die Nederlandse *Statenbijbel* (Raidt, 1991:239).

Vervolgens word die rol van die Koina, die slawe en die setlaarveeboere in die *evolusie* van die drie historiese Afrikaanse variëteite bespreek.

#### **2.4.1 Die historiese Westelike Afrikaanse variëteit**

Dit is die oudste Afrikaanse variëteit (Du Plessis, 1995b:155) en die Koina se vorm van Niestandaardnederlands (Van Rensburg, 1990:66-67; Raidt, 1991:110). Hierdie vorm van Hollands, wat deur die Koina as 'n aanleerdersvariëteit aan die vroeë Kaap gepraat is, vorm die basis waarop die historiese Westelike Afrikaanse variëteit van die 18de eeu gebaseer is. Volgens Du Plessis (1992:2) het dié variëteit: “... sy eie Afrikageit behou: in woordeskat, fonologie, morfologie, sintaksis en semantiek.”

---

<sup>88</sup> Vergelyk ook par. 2.4.1.1 en 4.2.1.2 in hierdie verband.

#### 2.4.1.1 Die veranderde sosiopolitieke en ekonomiese omstandighede van die Koina

Dit wat hoofsaaklik die veranderde sosiopolitieke milieu<sup>89</sup> en ekonomiese omstandighede<sup>90</sup> van die Koina wat aanleiding gegee het tot hulle noodwendige akkulturasie en assimilasië in die dominante koloniseerders se taal en kultuur. Die gevolg van hierdie sosiopolitieke milieu en ekonomiese omstandighede van die Koina is *absorpsie* (die Koina tree in diens van die setlaars) en *verplasing* (die Koina trek uit die Kaap weg). Die Koi-veeherders en die San<sup>91</sup>-jagters wat tydens kolonisasie in die Kaapse skiereiland en onmiddellike omstreke voorgekom het, het as gevolg van absorpsie en verplasing in getalle afgeneem (Roberge, 2003:18; Du Plessis, 1995b:149; Elphick, 1988:17-20; Guelke, 1988:51; Steyn, 1980:101).

#### 2.4.1.2 Die noordwaartse beweging van die Koina

Die Koina het al verder weg van die Kaapse nedersetting in die Skiereiland beweeg. 'n Groep Koina het gedurende die 18de eeu hulle teen die noordwestelike grens van die Kaapse kolonie, langs die Gariep, gevestig. Dié groep het uit 'n onafhanklike Kaaps-Hollandse spraakgemeenskap bestaan nog vóórdat blankes ook later daarheen getrek het.

Uitgebreide akkulturasie het tussen die Koina en wit setlaars in hierdie geografiese streek voorgekom en verhoudings tussen blanke mans en Koi-vroue was algemeen. Die Europese Kaaps-Hollandssprekende vaders het onder andere besluite geneem oor sosiokulturele en -linguistiese faktore soos:

- die taal wat hulle kinders gepraat het, naamlik Kaaps-Hollands;
- die name wat hulle kinders gekry het, naamlik Afrikaanse name;
- die doop van hulle kinders volgens die Christelike geloof, en
- die onderrig van hulle kinders deur rondreisende Nederlandse en Kaaps-Hollandse onderwysers (Van Rensburg *et al.*, 1997:25, 28; Davids, 1994b:114; Du Plessis, 2003a:133-134; 1995b:149; Ponelis, 1997:112-123; 1993:40-42; Legassick, 1982:295-296).

<sup>89</sup> Die Koina het as gekoloniseerdes nie meer oor politieke mag beskik nie.

<sup>90</sup> Die Koina se veestapels is uitgedun as gevolg van ruilhandel, en hulle vrye nomadiese mobiliteit tussen veeweidings behoort tot die verlede.

<sup>91</sup> Oor die gebruik van eiename vir die Kaapse inheemse groepe duur daar steeds 'n debat. Volgens Sleigh (2005c:12, 2005d:15) is die benaming *Khoisan* nie korrek nie, aangesien die twee groepe (die Koina en die San/Boesmans) nie fisiologies as 'n eenheid gekategoriseer kan word nie. Die San/Boesmans het ook as gevolg van die verbrekking van hulle maatskaplike stelsel onder koloniale druk onthoem geraak en hulle maatskaplike status was laag. Die inheemse groepe aan die Kaap en Groot Karoo word volgens Sleigh die beste in ekonomiese terme en volgens hulle produksiestelsels beskryf: *see-versamelaars* (strandlopers), *herders* (veebesitters) en *jagversamelaars-struikrowers* (San/Boesmans). Die seeversamelaars en die herders het maatskaplik met mekaar geskakel. Die jagversamelaars-struikrowers het 'n ander leefwyse as die eersgenoemde groepe gevolg en hulle word deur tyd- en rasgenote as struikrowers bestempel met die eienaam "Sonqua". Of die jagversamelaars-struikrowers 'n algemene groepsnaam vir hulleself gehad het, kon Sleigh nie vasstel nie en Sleigh kon ook nie in die 17de- tot 19de-eeuse argivale versamelings dokumente vind waarin die woord *San* voorkom nie. Sleigh het uit argivale studies onder die indruk gekom dat daar 'n streng rasse-onderskeid tussen die Koina en die Sonqua gehandhaaf is. Nienaber (1989:7) verduidelik dat die versamelnaam "Koisian" vir die Koina en die San gebruik word, aangesien beide groepe sprekers van klaptale is, 'n olyfkleurige gelaat het en kleiner van gestalte is as swart mense. Vir doeleindes van hierdie studie moet onderskeid getref word tussen die Koina en die San, aangesien dit die Koina is wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit.

Die geakkultureerde Koina is dus gekersten<sup>92</sup>, het Westerse klere gedra, en het van Westerse vervoermiddels soos waens en perde gebruik gemaak (nie meer van osse soos die Koina nie) en Westerse vuurwapens vir jag gebruik (Du Plessis, 2003a:133-134; Van Rensburg, *et al.*, 1997:25, 28; Du Plessis, 1995b:149; Ponelis, 1993:40-42; Nienaber, 1989:24-25; Legassick, 1982:295-296).

Hierdie Koina het 'n rol ten opsigte van die latere geografiese uitbreiding van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit gespeel: van Namakwaland noordwaarts tot in die Richtersveld en ooswaarts langs die Gariep tot in die suide van die Vrystaat waarvandaan dit in die negentiende eeu uitgebrei het tot in Kokstad in KwaZulu-Natal (Ponelis, 1989:38-71; Roberge, 2003:18).

#### **2.4.1.3 Die historiese Westelike Afrikaanse variëteit as gesproke streekstaal**

Die Westelike Afrikaanse variëteit het aanvanklik as 'n gesproke taal, en nie as 'n skryftaal nie, bekend geword, maar het danksy die geïsoleerde gebied waarin dié variëteit gepraat is, besonder goed bewaar gebly (Du Plessis, 1992:2). Tans word subvariëteite van historiese Westelike Afrikaans hoofsaaklik nog onder die ouer sprekers daarvan gehoor (Van Rensburg *et al.*, 1997:26). Dit rede hiervoor is die gevolg van die standaardisering van Afrikaans wat 'n "beskaafde" Afrikaans voorgehou het, terwyl variëteite (verkeerdelik) as "onbeskaafd" beskou is (Davids, 1994b:112-113; Webb *et al.*, 1992:33). Standaardafrikaans het in die onlangse verlede (te wyte aan die rol van die openbare elektroniese media) die taal van die jonger generasie van hierdie geografiese streek geword (Du Plessis, 1992:2).

#### **2.4.1.4 Die invloed van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit op die standaardvariëteit van Afrikaans**

Van Rensburg (1999a:5) is van mening dat die historiese Westelike Afrikaanse variëteit die meeste daarin geslaag het om die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit (later tot die standaardvariëteit verhef) te beïnvloed, ondanks die destydse beperkte kontak tussen die westelike en oostelike dele van die oorspronklike Kaapkolonie.

Daar kan uit die vroegste berigte oor die Kaaps-Hollandse vorm wat die Koina gepraat het, voorbeelde gevind word wat later in die geskrewe vorm van Afrikaans opgeteken is en nog later deel sou uitmaak van Afrikaans, onder andere: Hy het *vir hulle gewerk*, maar *loop slaap* toe in *die straat in* (Van Rensburg *et al.*, 1997:26-31; Van Rensburg, 1983:150-151).

Vervolgens word een van die bekendste subvariëteite van historiese Westelike Afrikaans kortliks bespreek.

#### **2.4.1.5 Griekwa-Afrikaans**

Die Afrikaans van die Griekwas laat hom nie in bietjie woorde sê nie, want hy staan nie in boeke nie, steur hom nie aan spelreëls nie en loop leen nie by Ingels nie. Dit weet nie van opsmuk nie, dit ken nie pretensie

---

<sup>92</sup> Vergelyk ook par. 2.3.2.4 in hierdie verband.

nie. Dit leef in die monde van mense wat met mekaar moet praat om te kan oorleef, en met die Here moet kan gesels om die seën van sy harde stuk aarde raak te lewe. Daarom sê jy in dié stuk Afrikaans wat jy te sê het. En jy sal hom hoeka uitken, want hy sê Afrika se hart raak, want sy tonge klink van hoeka af op Afrika se maat (Du Plessis, 1984:1).

Daar bestaan sedert die laaste dekade, danksy onder andere professor Hans du Plessis se navorsing as dialektoloog oor Griekwa-Afrikaans, voorbeelde van literêre werke<sup>93</sup> in Griekwa-Afrikaans (Van Oort, 2002:10-11). Dié literêre werke het Griekwa-Afrikaans in die grafosfeer<sup>94</sup> geplaas en lesers van Afrikaans het bewus geword van die bestaan van dié spesifieke variëteit.

Die Griekwas beywer hulle tans vir die herlewing van die Koi-tale asook vir die reg dat Afrikaanssprekendes van alle Afrikaanse variëteite as deel van die Afrikaanse gemeenskap aanvaar word (Malan, s.j.:1; Gerwel, 2005d:ii). Ongelukkig is (en word) die streekspesifieke kenmerke van hierdie variëteite van die standaardvorme uitgesluit en “gruwelik verwaarloos” (Van Rensburg *et al.*, 1997:18).

#### 2.4.2 Die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit<sup>95</sup>

Die onderstaande uittreksel uit “G'n decent gebed” verwoord die onbevange spontaneïteit van die spreker van 'n hedendaagse variëteit van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit. Daar kom ook woordspeling met betrekking tot 'n aanvanklike benaming van en gesindheid jeens Afrikaans na vore, naamlik “kombuistaal”. Dié woordspeling dui metafories op die bydrae van die slawe (as huiswerkers, kokke en kinderoppassers vir die setlaars) in die ontwikkeling van Afrikaans.

ek praat soema never-maaind soes innie

huis

lat ek kan sê wat koek innie hart se

kombys

Uit “G'n decent gebed” van André Boezak in *Groot Verseboek* (2000:883).

Dié variëteit, wat as die ingevoerde slawe se aanleedersvorm van Niestandaardnederlands aan die vroeë Kaap ontstaan het, behels die Oosterse slawe-invoerd ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans (Du Plessis, 2001a:72; Van Rensburg, 1994:167, 169-170; 1990:44).

<sup>93</sup> Enkele voorbeelde van letterkundige werke in Griekwa-Afrikaans is onder andere: *In die skytte van die Jirre* (2001b) en *Boegoe van die liefde* (2002) van Hans du Plessis en deur Lapa-uitgewers uitgegee en *Rooigrond* (1995) van Thomas Deacon en deur Tafelberg uitgegee.

<sup>94</sup> Die sfeer van die gedrukte woord.

<sup>95</sup> Volgens Coetzee (2001b:4) is die “diachronie-in-sinchronie”-studies van die slawe se taalgebruik deur Kotzé (1983) van besondere waarde in 'n sosiolinguistiese konteks ten opsigte van die rekonstruering van die slawe se historiese Suidelike Afrikaanse variëteit.

Armstrong (1982:89-90) beskryf die taalvorm wat die slawe aan die vroeë Kaap gebruik het om met mekaar te kommunikeer as 'n "onontwikkelde" vorm van Hollands. Die hedendaagse Suidelike Afrikaanse variëteit kan beskou word as "n historiese erfenis" wat teruggevoer kan word tot die omgangstaaltoestand aan die vroeë Kaap, waartydens die Kaapse slawe se taal toe reeds 'n sterk Afrikaanse karakter getoon het (Hendricks aan De Vries, 2006a:1; Davids, 1994a:40-41).

#### 2.4.2.1 Kommunikasie ter wille van oorlewing in 'n nuwe land

Die ingevoerde slawe het 'n verskeidenheid slawetale na die suidpunt van Afrika gebring. Davids (1994a) is soos Valkhoff (1966) en Crawford (1820) van mening dat die Oosterse slawe verskeie hooftale en dialekte van die Maleis-Polinesiese familie na die Kaap gebring het. Dié verskillende slawetaalgroepe aan die Kaap het geen gemene (taal)deler gehad nie en hulle moes van 'n *intertaalvorm* gebruik maak om te kommunikeer. Die VOC se slawe het in die slawelosie gewoon en hulle het met mekaar 'n vorm van Niestandaardnederlands gepraat (Roberge, 2003:18; Van Rensburg, 1994:167, 169-170; 1990:66-67). Die slawe het ook hierdie intertaalvorm gebruik om met die koloniseerders te kommunikeer. Dié variëteit sou uiteindelik die grondslag lê vir die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit: "The pidgin was itself part of a larger developing system, namely the Cape Dutch vernacular, which was a complex multidimensional space comparing a wide range of competing linguistic variants" (Roberge, 2003:18).

#### 2.4.2.2 Die slawe raak van hulle moedertale vervreemd

"Cape Dutch, the name which the creolized Dutch now assumed, was elevated to a religious language in the mosque of Cape Town, and as a medium of instruction in this community's religious schools" (Davids, 1994a:51).

Die impak van linguistiese akkulturasie aan die vroeë Kaap is reeds in die sewentiende eeu sigbaar in die gekreoliseerde vorm van Hollands<sup>96</sup> wat die Kaapse Moesliemgemeenskap gebruik het. Teen die einde van die 18de eeu en aan die begin van die 19de eeu het die Kaapse slawe dit moeilik begin vind om die ingevoerde vertalings van die Koran in 'n vreemde idioom te lees (Davids, 1994a:49).

*Akkommodasie* en *verplasing*<sup>97</sup> is die twee sosiokulturele funksies wat met linguistiese akkulturasie verband hou. In die taal van die slawe het dié twee sosiokulturele funksies voorgekom as gevolg van die slawe se bereidwilligheid om hulle *lingua francas*, Maleis en Kreools-Portugees, met die Kaaps-Hollands van hulle sosiale milieu te vervang (Davids, 1994b:117). Die meesters (Europeërs) van die slawe het ook volgens Davids (1994a:41) van die slawe (en VOC-seevaarders) se taalvorme oorgeneem, onder andere *pieringe* (pierings) en *baiing* (baie).

<sup>96</sup> Volgens Davids (1994a:49) is hierdie vorm in Standaardafrikaans geabsorbeer op morfologiese, fonetiese en leksikale vlak. Davids verskil hier van Raidt wat van mening is dat van hierdie grammatikale veranderinge bloot die nabootsing was van setlaars wat 'n Hollandse variëteit praat.

<sup>97</sup> Vergelyk ook par. 2.4.1.1 vir die soortgelyke situasie waarin die Koina aan die vroeë Kaap verkeer het.

### 2.4.2.3 Afrikaans word die onderrigtaal in slaweskole

Soos reeds in paragraaf 2.3.3.3 uitgewys, het 'n Eurosentriese geskiedskrywing van die vroeë Kaap (Elphick & Shell, 1988:132-134; Davids, 1991:80-81) die rol van die Christendom oorbeklemtoon en die rol van Islam onderbeklemtoon. Die Moesliemgemeenskap aan die Kaap het nie obsessies oor taal en identiteit gehad nie, want hulle godsdienst was van groter belang (Giliomee, 2007:7). Bekering tot die Islam is aangemoedig deur die (doelbewuste) uitsluiting van die slawe van die Christendom<sup>98</sup> en deur die werk van die *imams*<sup>99</sup>. In 1799 het die florerende Moesliemgemeenskap aan die Kaap die stigting van 'n moskee en 'n *madrassa*<sup>100</sup> regverdig (Davids, 1990:1). Navorsers het volgens Van Rensburg *et al.* (1997:15) en Davids (1990:2; 1991:80-81) bevind dat die onderrigtaal van die slaweskool nié Nederlands kon gewees het nie, aangesien dit duidelik uit tekste blyk dat Maleis en Kreools-Portugees deur die slawe se vorme van Hollands as onderrigtaal vervang is.

- Die volgende is voorbeelde van die Maleise invloed op die Afrikaanse woordeskat (Raidt, 1997:157):

Woordsoorte	Maleis	Afrikaans
Werkwoorde	<i>membalik-balik</i> <i>oem tilier</i>	blaa-blaai om te leer
Telwoorde	<i>satoe-satoe</i>	een-een
selfstandige naamwoorde	<i>diwaar ait</i>	die waarheid
Bywoorde	<i>hampir-hampir</i>	amper-amper

Die oudste vertaalde teks in Afrikaans is dié van die Arabiese *Bâyanudîn*<sup>101</sup> wat deur Sjeg Abubakr Effendi<sup>102</sup> vertaal is as die *Uiteensetting van die geloof*. Dié geskrif is as 'n handboek gebruik waarin die Islamitiese beginsels aan Moesliemleerders uiteengesit is<sup>103</sup>. Moesliembeginsels is vir die slawe-leerders in die slawe se vorm van Kaaps-Hollands vertaal<sup>104</sup> en verduidelik, en sodoende is die vroegste vorme van Suidelike Afrikaans, naamlik Arabiese Afrikaans, opgeteken. Dit maak veral 'n belangrike deel uit van die Afrikaanse literatuur- en kultuurgeskiedenis, aangesien Sjeg Abubakr Effendi die Arabiese skrif met Afrikaanse klanke aangevul het en hierdie vorm van Afrikaans sodoende foneties vir navorsers bewaar het (Van Rensburg *et al.*, 1997: 12,16; Raidt, 1991:162).

Kotzé (1983:29) is van mening dat die oudste manuskrip waarin uiteensettings van die Islamitiese beginsels in die "Betroubare woord" en "Geskenk van die vriende" weergegee word, moontlik al voor 1856 geskryf is. Dit is ses jaar vóór die eerste selfstandige publikasie in boekvorm in Afrikaans verskyn het. Dit het aanleiding gegee daartoe dat die slawe se Kaaps-Hollandse variëteit die grafosfeer

<sup>98</sup> Deur die Europese setlaars.

<sup>99</sup> Die amptelike voorganger by Moesliemdienste.

<sup>100</sup> 'n Moesliemskool (Davids, 1990:1).

<sup>101</sup> Die spelwyse is na analogie van Davids (1993:67). Daar kom 'n verskeidenheid spelvorme in die literatuur voor.

<sup>102</sup> Dié spelwyse is na aanleiding van Davids (1989:12).

<sup>103</sup> Vergelyk ook Van Selms (1979) asook par. 4.2.23 in hierdie verband.

<sup>104</sup> Vergelyk weer par. 2.4.2.2 waarin vermeld word dat die Kaapse slawe dit moeilik gevind het om die ingevoerde vertalings van die Koran in 'n vreemde idioom te lees (Davids, 1994a:49).

binnegetree het en dat daar onder die Kaapse slawe 'n Arabiese Afrikaanse skryftradisie 'n aanvang geneem het (Giliomee, 2007:7; Van Rensburg, 1999b:75-76; Davids, 1990:2; Kotzé, 1983:29-30).

#### 2.4.2.4 Die invloed van Suidelike Afrikaans op die Afrikaanse standaardvariëteit

Volgens Davids (1994b:116) kon Afrikaans – soos dit tans bestaan – nie sonder die invloed van die slawe aan die vroeë Kaap ontstaan het nie. Ongelukkig is die Suidelike Afrikaanse variëteit (soos ook in die geval van die Westelike Afrikaanse variëteit) in die verlede op 'n geestige, ironiese, stereotiperende en bevooroordeelde wyse gebruik (Kwaa Prah, 2003:143; Ponelis, 1993:152-161). Tans staan daar hier-teenoor die jonger, moderne letterkunde in subvariëteite van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit waarin 'n sosiopolities bewuste beeld van die moedertaalsprekers van hierdie variëteit weergegee<sup>105</sup> word (Van Rensburg *et al.*, 1997:19).

Die bekende kunstenaar, David Kramer<sup>106</sup>, verduidelik na aanleiding van sy navorsing oor die ingevoerde slawe se taal- en musiekgeskiedenis, die ontstaan van Afrikaans in 'n koerantonderhoud aan Burger (2005:6) soos volg: "Die slawe moes 'n nuwe taal leer omdat hulle nie Hollands kon praat nie. Hulle het die klanke in hul monde rondgerol en so is Afrikaans gevorm. Wit mense het dit nie geskep nie – hulle het dit net leer praat."

Innie kombuis het sy afrikaans gebry

Jy 'tit gesteel en wil niks bely

my' okay my bra, ekke het nog die troos:

die hele tyd het sy nog Afrikaans gebly

Uit Skelm! Van André Boezak in Groot verseboek (2000:882).

Die spreker in die uittreksel van hierdie gedig is van mening dat Afrikaans die skepping van die Kaapse slawe se nageslagte is wat deur wit Afrikaanssprekendes "gesteel" is<sup>107</sup>.

Professor Frank Hendricks, verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaapland se Departement Afrikaans en Nederlands, verduidelik in 'n onderhoud aan De Vries (2006a:1) dat Standaardafrikaans gedra is deur streng normering, maar dat die Suidelike Afrikaanse variëteit daarenteen spontaan en onbevange ontwikkel het. De Vries (2006a:1) skryf ook in dié verband oor die Suidelike Afrikaanse variëteit:

<sup>105</sup> Skrywers in die Suidelike Afrikaanse variëteit, onder andere P.J. Philander, André Boezak, Patrick Petersen, Peter Snyders, Hein Willemsse, Adam Small het leed, lyding, bitterheid en opstand verwoord (Zietsman, 2003:13).

<sup>106</sup> David Kramer en Taliep Petersen se produksie "Ghoema" (2006, 2007) beeld deur sang en woord die Kaapse slawegeskiedenis uit asook die rol wat die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

<sup>107</sup> Ek wil met behulp van die voorbeeldesreëks (Bylae A) aan leerders op skoolvlak toon dat Afrikaans die gesamentlike skepping van die voorgeslagte van wit en bruin Afrikaanssprekendes is, en dat niemand iemand se taal "gesteel" het nie. Dit is 'n bydrae tot 'n versoeningspoging tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes.

Maar spits die oor en in die skadu van Tafelberg ontplooi 'n bont Afrikaanse taalgemeenskap wat strek van die Bo-Kaap dwarsoor die Kaapse Vlakte tot die suidelike en noordelike voorstede van Kaapstad. Hier lewe die Afrikaans in monde onder meer onder Maleisiese invloed ... En soos 'n spons suig Kaaps invloede uit die gay-, straat- en bendetaal op, en duik Maleisiese, Xhosa- en Arabiese elemente op naas 'n magdom eieskippings.

Sprekers van die hedendaagse subvariëteite van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit toon volgens Van Rensburg *et al.* (1997:19) toenemend trots en waardering vir dié variëteite en volgens Kwaa Prah (2003:141-142) is daar sedert die einde van die apartheidsera (1994) by bruin Afrikaanssprekendes 'n toenemende soeke na hulle historiese herkoms.

#### **2.4.3 Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit en haar sprekers**

Het "Oost-Grens Afrikaans" zou uiteindelijk als basis fungeren voor het "Oranje-Vrystaatse" en "Transvaalse Afrikaans" ook aangeduid als "Voortrekker Afrikaans", en uit deze vormen zou later het Standaard Afrikaans voortkomen. Het beeld echter van het Afrikaans als uitsluitend een Dietse taal zou hardnekkig blijven voortbestaan (February, 1994:4-5).

Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit staan ook bekend as *Oosgrensafrikaans*, *Voortrekker-afrikaans*, *Boere-Afrikaans* en is die jongste Afrikaanse historiese variëteit.

Setlaarveeboerdery aan die Kaap het vinnig na die binneland uitgebrei. Teen 1800 het setlaarveeboere op die Oosgrens afgesonder van die inwoners van Kaapstad 'n onafhanklike bestaan gevoer. Dié veeboere en die stedelinge het op verskillende maniere met Nederlands in verbinding gebly: "In die Kaap het 'n kennis van Nederlands nog bygedra tot 'n insig en begrip van Europese sosiale waardes en gebruike. Aan die Oosgrens was dit nie die geval nie." Hierdie waardes was daar onbekend en nuwe norme het ontstaan wat by implikasie ook die taal van die pioniersboere insluit (Van Rensburg *et al.*, 1989:70-71).

##### **2.4.3.1 Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit ontwikkel uit die niestandaardvorme van Nederlands**

Van Rensburg (1990:69-80) is van mening dat die veeboere se taal die voortsetting was van Niestandaardnederlands met invloede van Koi- en slawetale. Die boere se taal was nie die taal wat die hoë VOC-amptenare in die Kaap gebruik het nie. Daarom kan die veeboere, volgens Raidt (1991:108), Van Rensburg *et al.* (1997:31-33) en Van Rensburg *et al.* (1989:70-91), as verantwoordelik beskou word vir die linguistiese uitbreidingsproses van Kaaps-Hollands<sup>108</sup>. Aanvanklik is daar ooswaarts in die rigting van die Oosgrens beweeg en later (tydens die Groot Trek in die negentiende eeu) daarvandaan noordwaarts die Suidelike Afrikaanse binneland in.

---

<sup>108</sup> Grebe (1997:111) stem nie saam met Van Rensburg se siening dat die vroeë vorme van Afrikaans 'n voortsetting van Niestandaardnederlands is nie. Dit is 'n te simplistiese verklaring. Dit is volgens Grebe gewoon te maklik om die rol van aanleerderskragte in hierdie siening "op sybane te skuiwe". Ek is soos Van Rensburg en Du Plessis van mening dat Oosgrensafrikaans ontstaan het uit die setlaars se Niestandaardnederlandse variëteite, maar met belangrike linguistiese beïnvloeding deur die Koina en die slawe daarop.

### 2.4.3.2 Die *Statenbijbel* as enigste normgewer

Die onderstaande versreëls dui op die gebruik van Europese Nederlands in die godsdienstbeoefening van die setlaarveeboere.

Maar as ek bid, dan hoor jy wel<sup>109</sup>,

Ek is 'n kind van pa

Uit: "Die Afrikaanse taal" deur Lion-Cachet in *Groot Verseboek* (2000:15).

In die afgeleë streke waar die veeboere gevestig geraak het, het hulle geen beskawingsvoordele geniet nie. Godsdienst en die Nederlandse *Statenbijbel* was in dié streke die enigste beskawingsmiddel om ongeletterdheid teë te hou, aangesien die kerk van lidmate verwag het om die *Statenbijbel* te kon lees. Die veeboere het daarom met die Nederlands van die *Statenbijbel* bekend gebly, alhoewel hulle dit nie gepraat het nie. Rondreisende onderwysers<sup>110</sup> se eenvoudige kennis (ook van die Nederlandse taal) was die enigste skakel tussen die veeboerhuisgesinne in afgeleë streke en die beskawing (Van Rensburg *et al.*, 1997:70; 1989:70; Raidt, 1991:63-64).

### 2.4.3.3 Die taalsituasie op die Oosgrens

Die huisgesinsamestelling op die Oosgrens het uit man, vrou, kinders, huisslawe, kokke, kinderoppassers en Koi-bediendes bestaan (Van Rensburg *et al.*, 1989:70-71; Raidt, 1991:63-64). Dit weerspieël duidelik die heterogeniteit van die huisgesinne. Daarby impliseer dit ook dat die linguïstiese elemente van die verskillende groepe wat deel van die huisgesin uitgemaak het op verskillende vlakke in noue kontak met mekaar verkeer het (Ponelis, 1993:8; Franken, 1953:36-38).

Intussen het steeds meer mense uit die verskillende lae van die Kaapse samelewing hulle by die veeboere op die voorposte gevoeg. Sodoende het daar 'n situasie aan die Oosgrens ontstaan waarin die veeboere se taal al hoe verder weg van die Kaap gepraat is (Giliomee, 2004a:41-42; Van Rensburg *et al.*, 1989:70-91). Die struktuur van die Oostelike Afrikaanse variëteit was aanvanklik onvas en vorme van die historiese Suidelike en Westelike Afrikaanse variëteite het daarin voorgekom, maar die isolasie wat die Groot Trek<sup>111</sup> meegebring het, het die mededinging met Suidelike Afrikaans laat verval. Die Oostelike Afrikaanse variëteit het later die taal van die noordelike republieke geword en daarom toon die Standaardafrikaanse variëteit in die noordelike dele van Suid-Afrika duidelike verskille<sup>112</sup>, vergeleke met die Wes-Kaapse Standaardafrikaanse variëteit (Van Rensburg, 1990:70-71).

Die eerste strofe van die gedig "Die beitelkje" kan metafories op die ontwikkeling van Afrikaans van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit tot 'n standaardvariëteit dui.

<sup>109</sup> Hierdie uitspraak sluit volgens Hugo (2008:3) die Moesliemsprekers van Afrikaans uit. Tog het die Moesliems van die Bo-Kaap die beginsels van die Islam reeds vanaf 1862 in Afrikaans onderrig.

<sup>110</sup> Voormalige VOC-amptenare.

<sup>111</sup> Die invloed wat die Groot Trek op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het, word in Hoofstuk 3 bespreek.

<sup>112</sup> Die bry-r het nie noordwaarts uitgebrei nie; bepaalde assimilasierverskynsels is beperk tot die Wes-Kaap; toonhoogte en tempoverskille kom tussen die Noorde en die Suide voor (Van Rensburg, 1990:71).

Ek kry 'n klein klein beiteljtjie,

Ek tik hom en hy klink;

Toe slyp ek en ek slyp hom

Totdat hy klink en blink

Uit "Die beiteljtjie" van NP van Wyk Louw in *Groot Verseboek* (2000:143).

## 2.5 Gevolgtrekking

"Afrikaans is in wese Nederlands, maar dan moet die rol van die vreemdsprekende slawe en Koi-sprekers van reg van die begin van koloniserings af ook in berekening gebring word" (Du Plessis, 1994:122).

In hierdie hoofstuk is aangetoon hoe die sosiopolitieke en multitalige en -kulturele milieu van die tydperk van 1652 tot 1799 'n invloed uitgeoefen het op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans en haar drie historiese variëteite. Die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap was die eerste tree in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in Afrika.

Die sewentiende-eeuse VOC-seeroete van ongeveer 20 000 kilometer tussen Nederland en Batavia het aanleiding gegee tot die aanleg van die Kaapse maritieme aanvullingstasie aan die suidpunt van Afrika. Dié aanvullingstasie het in die sewentiende eeu die ontmoetingspunt van drie kontinente (Afrika, Europa, Asië) se mense, tale, kulture en gelowe geword (Titus, 2007:2). Volgehoue interaksie en taalkontak tussen die verskillende taalgroepe aan die vroeë Kaapse multitalige en -kulturele samelewing het tot taalkontakvariasie gelei en die gevolg daarvan was die evolusie van die drie historiese Afrikaanse variëteite<sup>113</sup>.

Die evolusie van die drie historiese Afrikaanse variëteite het gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu aan die Kaap 'n aanvang geneem as gevolg van die sameloop van die volgende omstandighede.

Om van die aanvullingstasie 'n sukses te maak was die Europeërs aan die Kaap genoodsaak om met die inheemse Koina handel te dryf, wat transaksionele kommunikasie tussen die twee groepe vereis het. Die arbeidstekort aan die Kaap het die geslaagdheid van die Kaapse maritieme aanvullingstasie bedreig; gevolglik is slawe wat 'n verskeidenheid tale gepraat het, uit verskillende wêrelddele ingevoer. Dit het ook kommunikasie tussen eenaars en slawe geïmpliseer.

---

<sup>113</sup> Vergelyk par. 2.1 in verband met die vroeë Kaapse multitalige en -kulturele samelewing wat tot die evolusie van die historiese Afrikaanse variëteite bygedra het.

Aangesien die Koina die gekoloniseerde was en die slawe sonder enige regte, moes hierdie twee groepe die taal van die koloniseerders (die maghebbers) probeer praat. Hierdie pogings het 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die historiese Westelike en Suidelike Afrikaanse variëteite gespeel.

Die VOC se motief om die Kaapse maritieme aanvullingstasie aan te lê, het nie die stigting van 'n kolonie ingesluit nie (en by implikasie 'n nuwe taal nie); tog wou van die setlaars permanent in die Kaap aanbly. Die aanvanklike Kaapse setlaarbevolking het hoofsaaklik uit mans bestaan en dit lei tot verhoudings met slawe- en inheemse vroue wat ook die behoefte aan kommunikasie en akkulturasie impliseer. Die *assimilasie* en *integrasie* van die inheemse Koina en die ingevoerde Oosterse slawe in die Westerse Kaapse samelewing het 'n rol gespeel ten opsigte van sosiokulturele en -linguistiese aspekte van die Kaaps-Hollandse multitalige en -kulturele samelewing.

Die VOC-seevaarders wat in die Suidelike oseane met Maleis en Portugese kreole in aanraking gekom het, is nie 'n algemene faktor nie, maar wel 'n bepalende een wat ook in ag geneem behoort te word in enige verklaring van die Kaapse taalveranderingprosesse en by enige wetenskaplike beskouing daarvoor.

Die sosiopolitieke en ekonomiese verhouding wat tussen die Koina en die setlaars aan die vroeë Kaap ontstaan het, asook die uitbraak van pokke, het die ineenstorting van die Koi-strukture en die uiteindelijke noordwaartse migrasie (later ook wes- en ooswaartse migrasie<sup>114</sup>) van die Koina tot gevolg gehad<sup>115</sup>. Die Koina wat hulle eie vorm van Hollands gepraat het (as gevolg van hulle pogings om Hollands te praat) neem dié vorm saam met hulle. Dié variëteit staan as die historiese Westelike Afrikaanse variëteit bekend en het meer invloed op die Afrikaanse standaardvariëteit gehad as bloot enkele leenwoorde (Du Plessis, 1984:1).

Die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit het in die Wes-Kaap ontstaan as gevolg van die assimilasie en akkulturasie van die ingevoerde slawe in die vroeë Kaapse setlaarsamelewing. Die assimilasie en akkulturasie het aanleiding gegee tot die slawe se noodgedwonge pogings om in Hollands met mekaar en met hulle Europese eenaars te kommunikeer. Hierdie noodgedwonge pogings (omdat daar tussen die verskillende slawegroepe uit verskillende wêrelddele geen gemene (taal)deler bestaan het nie<sup>116</sup>) lei tot die ontstaan van die slawe se vorm van Hollands wat as die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit bekend staan.

Teen 1798 het groepe van Europese afkoms oor die Kaapse binneland begin versprei. Hierdie groepe se Nederlands het van die Nederlands in Nederland afgewyk, aangesien hulle in 'n nuwe omgewing<sup>117</sup> (verwyderd en geïsoleerd van Nederland) Kaaps-Hollands<sup>118</sup> gepraat het. Hierdie taalvorm van die Kaapse setlaars het van die VOC-Nederlands verskil. Die setlaarveeboere en hulle Koi-bediendes en

---

<sup>114</sup> Vergelyk Nienaber (1989:xxiv, xxvi, xxvii, xxx) se kaarte waarop die Koina se migrasies aangedui word.

<sup>115</sup> Vergelyk par. 2.3.2.1, 2.3.2.2, 2.3.2.3 in verband met die ontstaan en ontwikkeling van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit.

<sup>116</sup> Vergelyk par. 2.4.2.1, 2.4.2.2 in verband met die ontstaan en ontwikkeling van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit.

<sup>117</sup> 'n Nuwe land wat baie van Nederland verskil ten opsigte van natuur, klimaat en bevolkingsgroepe.

<sup>118</sup> Wat uit Niestandaardnederlandse vorme voortgespruit het.

slawe<sup>119</sup> het Kaaps-Hollands as kommunikasiemedium gebruik en het dit met hulle saam die uitgestrekte en geïsoleerde oostelike binneland in gedra. Dit lei tot die opkoms van 'n selfstandige taalkultuur wat as die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit bekend staan en waarin Koi-invloede, maar minder slawe-invloede, voorgekom het<sup>120</sup>.

Giliomee (2004a:42) vat die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans goed saam:

Die taal is dus die gesamentlike skepping van Europeërs en nie-Europeërs, van wit en swart, van base en slawe. Die taal is sowel op die platteland as in Kaapstad ontwikkel. Die grammatikale struktuur van die omgangstaal was reeds teen 1750 soos dié van moderne Afrikaans.

In die verlede is die rol wat die Koina en die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, onderbeklemtoon en die wit Afrikaanse taalgeskiedenis van die GRA oorbeklemtoon. In hierdie hoofstuk is die historiese, sosiopolitieke, -kulturele en -ekonomiese milieu van die sewentiende en agtiende eeue (1652-1799) aan die vroeë Kaap en die invloed daarvan op die ontstaan en evolusie van die drie historiese Afrikaanse variëteite bespreek. In die proses is prominensie verleen aan die (voorheen versweë, maar belangrike) rol wat die Koina en die slawe se Aanleerdersnederlands en Austro-Nederlands in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het (Du Plessis, 2003a:129; Gerwel, 2005a:16; 2004a:20).

In die volgende hoofstuk word in aansluiting by hierdie hoofstuk op die volgende twee eeue in die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans gefokus aan die hand van die volgende aspekte:

- die 19de en 20ste eeue se historiese, sosiopolitieke, -kulturele en -linguistiese milieu in Suid-Afrika, en
- die implikasies wat hierdie besondere milieu vir die ontwikkeling van die Afrikaanse taal (van (kombuis)variëteit tot ampstaal, apartheidstaal en uiteindelik bevrydingstaal) ingehou het.

---

<sup>119</sup> Heelwat minder slawe as Koi-bediendes het die setlaarboere vergesel.

<sup>120</sup> Vergelyk par. 2.4.3.1, 2.4.3.2 en 2.4.3.3 in verband met die ontstaan en ontwikkeling van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit.

# HOOFSTUK 3

## Die negentiende en twintigste eeue (1800-2000) in Suid-Afrika

“Die geskiedenis is nie onpartydig nie. Die wenners het immers die pen in die hand wanneer dit geskryf word”

(Le Roux & De Lange, 2005:15).

### Oriëntering

In hierdie hoofstuk word in aansluiting by Hoofstuk 2, voortgegaan om die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te beskryf deur eerstens die negentiende en twintigste eeue se *historiese, sosiopolitieke, -kulturele en -linguistiese milieu* in Suid-Afrika te bespreek en tweedens op die *implikasies te fokus wat hierdie besondere milieu vir die ontwikkeling van die Afrikaanse taal ingehou het*.

### 3.1 Inleiding

Onderstaande gedeelte van die gedig “Fooruitgang” weerspieël die gevoel onder Afrikaners<sup>1</sup> in die laat negentiende en vroeë twintigste eeue: hulle is oorweldig deur die sosiopolitieke verengingsbeleid van die maghebbers.

#### Fooruitgang

Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy siin en hoor:

In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal fermoor.

Ag hoe word ons folk ferbaster; daartoe werk ons leraars saam;

Hollands nog in sekere skole: is bedrog, 'n blote naam!

Wi hom ni laat anglisere word geskolde en gesmaad.

Tot in Frystaat en Transfaal al, oweral diselfde kwaad.

“Dis vooruitgang!” roep di skreewers, “dis beskawing wat nou kom!”

Di wat dit ni wil gelowe, di is ouderwets en dom.

Uit: “Fooruitgang” deur C.P. Hoogenhout in *Groot Verseboek* (2000:8).

<sup>1</sup> Die term *Afrikaner* is volgens Giliomee (2004a:19, 24) aanvanklik in Kaapstad gebruik om gekleurdes te benoem wat gedeeltelik van slawe-afkoms was. Teen die einde van die 18de eeu het die Kaapse setlaars gevoel dat hulle eerder *Afrikaners* was as wat hulle Hollanders, Duitsers en Franse was. Die woord *Afrikaners* is ook op die platteland gebruik om na die boere te verwys en mettertyd is dié benaming gebruik om Europeërs te beskryf wat aan die Kaap gebore is en wat Kaaps-Hollands gepraat het. Die term *Afrikaner* word in hierdie hoofstuk gebruik in die konteks van wit “ouderwetse Afrikanernasionalisme”, 'n term wat Scholtz (2006:12) geskep het en op eksklusiewe blank-georiënteerde belange dui. Volgens Steyn (1987:15) is die algemeenste betekenis van *Afrikaner* wit en Afrikaans-sprekend – dit is terselfdertyd ook die betekenis wat daaraan geheg word wanneer *Afrikaner-nasionalisme* ter sprake is.

Die Franse Rewolusie (1789) het die politieke situasie in Europa verander en indirek die Nederlandse sosiopolitieke situasie aan die Kaap beïnvloed én ook verander. Prins Willem van Oranje vlug uit Nederland na Engeland en die Bataafse Republiek word in Nederland uitgeroep. In 1795 verower Brittanje die Kaap vir die eerste keer en dit lui die einde van Nederland se Goue Eeu in aangesien Nederland, as een van die toonaangewendste handelsmoondhede ter wêreld, sy posisie moes prysgee (Van Zyl, 2002:10; Conradie, 1986:101).

Taalomstandighede in Suid-Afrika het in die negentiende eeu ook "ingrypend" verander: Engels en Afrikaans is teen 1806 suid van die Gariep gepraat, en Afrikaans<sup>2</sup> is aan die begin van die twintigste eeu selfs tot oorkant die Limpopo gepraat. Wat in die negentiende eeu op taalgebied in Suid-Afrika gebeur het, kan hoofsaaklik beskryf word ooreenkomstig die verskillende *bevolkingsmigrasies* wat gedurende hierdie tydperk plaasgevind het: wit<sup>3</sup> en bruin<sup>4</sup> Afrikaanssprekendes se onderskeie trekke die binneland in; Britse immigrante<sup>5</sup> wat na alle dele van Suid-Afrika gestroom het; asook die massale migrasies<sup>6</sup> deur sprekers van die Afrika-tale (Steyn, 1980:124-125).

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon dat dit die Suid-Afrikaanse *sosiopolitieke milieu*<sup>7</sup> en die *ideologiese strewes* van die *maghebers* gedurende die negentiende en twintigste eeue was wat die strekking van die geskiedenis van Afrikaans bepaal het. Dit word gedoen deur die konteks van die taalgegewens in Suid-Afrika kortliks in perspektief te stel deur in hoofsaak aan die volgende twee aspekte aandag te skenk:

- die breë, algemene negentiende en twintigste eeue se historiese *sosiopolitieke, -kulturele en -linguistiese milieu* in Suid-Afrika, en
- die *implikasies* wat hierdie besondere milieu vir die *ontwikkeling van die Afrikaanse taal* ingehou het.

---

<sup>2</sup> In Hoofstuk 3 word daar gebruik gemaak van die term *Afrikaans* en nie meer *Kaaps-Hollands* nie. Dit is na aanleiding van die motivering van Roberge (2003:20) dat daar teen ongeveer 1750, maar nie later nie as 1775, 'n vernakulêr – wat verwyderd van die Nederlands van Nederland gestaan het – uit die Kaapse Nederlands gekristalliseer het. Hierdie vernakulêr het die spreektaal van die Kaap geword. Dié vernakulêr was volgens Raidt (1991:156) min of meer identies aan die Afrikaans wat tans gepraat word. Afrikaans se geboortedatum as 1875 in die Paarl is ook volgens Du Plessis (2005) nie korrek nie.

Steyn (1980:101) is ook van mening dat die term "Hollands" tot in die 20ste eeu vir Afrikaans gebruik is, hoewel dit in die 19de eeu al as 'n vernakulêr onderskei is van die Nederlandse Nederlands en as "Kaaps-Hollands" bekendgestaan het. Dit is gedoen om die spreektaal, Afrikaans, van Nederlands, die skryftaal en kultuurtaal, te onderskei. Volgens Botha (2005:67) was die term "Afrikaans" nog nie in die 18de eeu bekend nie. Die betekenisverwarring gedurende 1871-1911 ten opsigte van die begrip "Afrikaans" word geïllustreer deur waardebeoordelende terme soos "Plat-Hollands", "Transvaals", "Africaander Taal", "The Taal", "Boer-Dutch", "La Langue des Boers" en "Zuid-Afrikaansch". Volgens Scholtz (1980:3) kan die afleiding gemaak word dat Afrikaans, en nie meer Nederlands nie, lank voor die einde van die 18de eeu die alledaagse omgangstaal aan die Kaap was. Teen 1870 was Afrikaans volgens Pretorius (2004:1-12) en Raidt (1991) as spreektaal in Suid-Afrika gevestig en het Afrikaans reeds oor 'n moderne grammatika beskik.

<sup>3</sup> Wit: die Groot Trek: die Voortrekkers se tog na die noorde (Giliomee, 2004a:108-111; Ponielis, 1993:49; Van Rensburg, 1997:26).

<sup>4</sup> Bruin: een van die grootste trekke van die 19de eeu ('n soort volksverhuising) was dié van die Griekwas van Griekwaland-Wes in die Noord-Kaap oor die Drakensberge na Griekwaland-Oos in die Oos-Kaap (Van Rensburg, *et al.*, 1997:26).

<sup>5</sup> As gevolg van die ontdekking van minerale in die binneland van Suid-Afrika (Van Zyl, 2002:15).

<sup>6</sup> Die gedwonge verhuising van swart stamme (Edgecombe, 1986:115-1125). Vergelyk ook voetnote 12 en 13 in hierdie verband.

<sup>7</sup> In Hoofstuk 2 is aandag geskenk aan die sosiopolitieke milieu van die sewentiende en die agtiende eeue en hoe dit die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans beïnvloed het.

### 3.2 Die negentiende en twintigste eeue se historiese, sosiopolitieke, -kulturele en -linguistiese milieu in Suid-Afrika

Die Nederlanders was seker dat hulle bewind permanent sou wees en die eerste Britse besetting (1795) slegs tydelik van aard, maar in 1806 word die Kaap vir die tweede keer binne 'n kort tydsbestek deur die Britte beset – dié keer meer as 'n eeu lank. Van die belangrikste veranderinge wat onder Britse bewind aan die Kaap plaasgevind het, was ekonomies van aard.

Gedurende die VOC-tydperk was die Kaap deel van die wêreldwye Nederlandse handelstelsel, maar nou is dit betrokke by die veel groter Britse imperiale handelstelsel wat die wêreld se eerste nywerheidsmag geword het. Sosiolinguistiese en -kulturele veranderinge<sup>8</sup> wat uit die ekonomiese verandering<sup>9</sup> voortspuit, was mettertyd onafwendbaar – óók vir die suidpunt van Afrika (Freund, 1988:227; Le Cordeur, 1986:75-93; Scholtz, 1980:3).

#### 3.2.1 Die Groot Trek

Die veranderinge wat onder Britse bewind aan die Kaap plaasgevind het, het ook stukrag aan die Groot Trek verleen. Die Groot Trek vind tussen 1835 en 1848 plaas en Kaaps-Hollandse grensboere verlaat die Kaapse Oosgrensgebied as, onder andere, 'n versetbeweging teen die Britse imperiale regering van die Kaap<sup>10</sup> (Giliomee, 2004a:111; Du Plessis, 2005; Roberge, 2003:16).

Hierdie verset teen die Britse imperiale regering was terselfdertyd óók 'n daad van (Afrikaner-)kolonisasie. Dit het meegebring dat groot gebiede van Suid-Afrika binne een geslag met die Westerse kultuur en Kaaps-Hollands<sup>11</sup> in aanraking gekom het. Dit het die ontstammingsproses van swart stamme wat met die *mfecane*<sup>12</sup> en *difaqane*<sup>13</sup> begin het, verhaas, en dit het 'n onbewoonde gebied noord van die Gariep geskep waarheen die Voortrekkers kon verhuis. Die setlaars van hierdie gebied kon nou in hierdie gebiede hulle ideale verwesentlik deur die stigting van die twee onafhanklike (Afrikaner-) Boere-republieke:

---

<sup>8</sup> Onder andere die afgedwonge verengelsingsbeleid (Giliomee, 2004a:156).

<sup>9</sup> Onder andere nuwe geleenthede wat die Britte benut het danksy die vryer ekonomiese beleid (Giliomee, 2004a:155).

<sup>10</sup> Die "Agternatrekkers" het die Voortrekkers gevolg, en migrasies van uiteenlopende aard het tot aan die einde van die 19de eeu voortgeduur (Steyn, 1980:152).

<sup>11</sup> Wat in dié tydvak Afrikaans sou word.

<sup>12</sup> *Mfecane*: verpletter deur oorlog (Edgecombe, 1986:115-125).

<sup>13</sup> *Difaqane*: gedwonge verhuising (Edgecombe, 1986:115-125). Volgens Steyn (1980:131) lê die oorsprong van die *difaqane* by die opkoms van die Zoeloeryk. Diegene wat nie tydens die Zoeloes se veroweringstogte gedood of by die Zoeloes ingelyf is nie, het in verskillende rigtings weggetrek. Dit het aanleiding gegee tot die ontstamming van verskeie swart stamme. Giliomee (2004a:95, 101-102, 110-111, 115, 236, 415) is van mening dat bogenoemde "volksverhuising" toegeskryf kan word aan die aanvalle wat die Zoeloe-heerser, Shaka, se leër op stamme in KwaZulu-Natal gedurende 1818-1828 geloods het.

Meer resente navorsing toon dat die "volksverhuising" meer ingewikkeld was en dat faktore soos droogtetoestande, bevolkingsaanwas, groter mededinging om grondgebied, ivoorhandel en stamkonflikte daartoe bygedra het dat mense noord-, wes- en suidwaarts gemigreer het. As gevolg van die *mfecane* en *difaqane* is die Voortrekkervervestiging in die Suid-Afrikaanse binneland makliker gemaak, aangesien groot gebiede tydelik ontruim was (Giliomee, 2004a:415).

- die Zuid-Afrikaansche Republiek (die ZAR)<sup>14</sup> in 1854, en
- Republiek<sup>15</sup> van die Oranje-Vrystaat in 1852 (Giliomee, 2004a:136-137; Van Zyl, 2002:12-13; Raidt, 1991:246; Conradie, 1986:101; Scholtz, 1980:3; Steyn, 1980:132).

### **3.2.2 Die Genootskap van Regte Afrikaners is *méér as net 'n taalbeweging***

Intussen word die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 in die Paarl gestig. Die GRA het mites tot stand gebring wat die blankgeoriënteerde (eksklusiewe) ontstaansgeskiedenis van Afrikaans sou ondersteun (Van Rensburg *et al.*, 1997:43-45; Esterhuysen, 1986:29; Pokpas en Van Gensen, 1992:173; February, 1998:14; Zietsman, 1992:7). "Die GRA se doelwit was om die Hollands- en Afrikaanssprekende wit mense te ooreed dat Afrikaans 'n belangrike rol in hulle nasionale bewussyn kan speel en om hulleself te beskou as 'n besondere gemeenskap met die naam Afrikaner" (Giliomee, 2004a:178). Die beweging blyk daarom nie net 'n taalbeweging te wees nie, maar het duidelik ook nasionale politieke doelstellings gehad. Die stigting van die GRA het aanleiding gegee tot die Afrikaner se nasionale ontwaking (Van Rensburg *et al.*, 1997:45; Kannemeyer, 1978:51).

### **3.2.3 Ontdekking van grondstowwe in die Boererepublieke**

Die ontdekking van goud in die Boererepublieke het 'n groot aantal immigrante daarheen laat stroom en 'n groot Engelse bevolking het in die bestek van 'n kort rukkie aan die Witwatersrand (Gauteng) ontstaan (Giliomee, 2004a:194; Van Zyl, 2002:15). 'n Stryd het tussen Groot-Brittanje en die ZAR oor onder andere materiële belange ontstaan. Dit het aanleiding gegee tot groot verskille tussen Paul Kruger, die president van die ZAR, en Cecil John Rhodes, die premier van die Brits-beheerde Kaapkolonie. Planne is deur die Britte gesmee om die ZAR omver te werp, maar die Jameson-inval het misluk en Rhodes moes bedank (Giliomee, 2004a:200; Zietsman, 1992:17; Grundlingh, 1986:183-199).

Spanning tussen Brittanje en die ZAR het toegeneem en 'n politieke verbond word in 1897 tussen die twee Boererepublieke teen Brittanje gesluit. Die aanstelling van sir Alfred Milner as Britse kommissaris in Suid-Afrika, het die Anglo-Boereoorlog<sup>16</sup> (1899-1902) aan die einde van die negentiende eeu onafwendbaar gemaak. Dit het duidelik geword dat Milner, met die steun van die Britse eerste minister, Chamberlain, daarop ingestel was om die ZAR militêr te verower (Giliomee, 2004a:202; Van Zyl, 2002:17; Grundlingh, 1986:197).

### **3.2.4 Groot Brittanje verklaar oorlog teen die Boererepublieke**

Alhoewel die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) in die guns van die Transvalers (die ZAR) verloop het, het dit nog steeds nie beteken dat hulle van Britse oorheersing bevry is nie, aangesien toenemende spanning met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand tussen Brittanje en die ZAR opgelaai het. Intussen het die afloop van die Eerste Vryheidsoorlog aanleiding gegee tot die vinnige ontwaking van

<sup>14</sup> Transvaal soos dit in die vorige politieke bedeling bekend gestaan het.

<sup>15</sup> Die gebied staan in die huidige politieke bedeling bekend as die Vrystaat.

<sup>16</sup> Die Suid-Afrikaanse oorloë staan ook bekend as die Eerste en die Tweede Vryheidsoorlog (Steyn, 1980:182). Die Tweede Vryheidsoorlog is algemeen bekend as die Anglo-Boereoorlog.

nasionalisme in die Boererepublieke. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die Boererepublieke se ultimatum<sup>17</sup> aan Brittanje die Britte gepas, aangesien die indruk daardeur geskep is dat die Boererepublieke die aggressors was. Op 12 Oktober 1899 het die oorlog tussen die Boererepublieke en Groot-Brittanje 'n werklikheid geword toe die spertyd van die ultimatum verstryk het (Giliomee, 2004a:2006; Grundlingh, 1986:183).

Tydens die Anglo-Boereoorlog het ongeveer 35 000 gewone landsburgers van die twee Boererepublieke (sonder enige oorlogsopleiding) en meer as 250 000 opgeleide soldate van die Britse ryk mekaar die stryd aangesê (Vermaak, 2001:126). Die volgende gedig beskryf op paradoksale wyse Boerekrygers wat gereed is om op kommando te vertrek om oorlog te voer teen die magtige Britse Ryk.

Veer in die paprand- en opslaanhoede,  
melkdons en weglêmoestas,  
dowwe Boere-oë vol grys woede,  
gepoleerde kamas en koeëltas  
  
om die skouers baard, gewere,  
verkyker, die oorlogsdrag  
van die menere  
is soos dié van 'n plaassondag  
  
of van outydse naweekvryers;  
pure penkoppe, ou korrelkopooms,  
nederige lojale agterryers,  
perde en saals en tooms  
  
kruithorings, vilthoed  
geweerloop, bandelier,  
die saak van die habitat en heldmoed  
dit ruik alles na lak en karton en papier.

"Foto Boerekrygers" van T.T. Cloete in Vermaak (2001:126).

<sup>17</sup> Die Britse troepe aan die grense van die Boererepublieke moet onttrek word (Grundlingh, 1986:183).

Die Anglo-Boereoorlog<sup>18</sup> sou “sy skaduwee lank oor die twintigste-eeuse Suid-Afrika gooi en die lewe van blank en swart drasties raak” (Grundlingh, 1986:183). Die werklikheid waarmee die Unie van Suid-Afrika (asook die res van die wêreld) ná die oorlog gekonfronteer is, het onder andere bestaan uit klasse-, rasse- en kulturele skeidings wat druk op die wisselende politieke groeperings uitgeoefen het (Spies, 1986:229). Die sosiopolitieke opset na afloop van die Anglo-Boereoorlog in 1902 was een van “botsende belange en strewes” (Roos, 1998:21). Ná die Anglo-Boereoorlog het die vyandige gevoel onder die wit Afrikaanssprekendes téén Engels ook sterker geword. Dit het aanleiding gegee tot vyandigheid teenoor Engels én Engelssprekendes (Van Rensburg *et al.*, 1997:45, 47).

### **3.2.5 Nasionale en politieke bewussyn ontwikkel by wit Kapenaars**

Die unifikasie van Suid-Afrika, agt jaar na afloop van die oorlog, blyk tot toenadering en versoening tussen die vier Suid-Afrikaanse provinsies<sup>19</sup> te lei (Giliomee, 2004a:228-230).

Oorloë<sup>20</sup> teen binnelandse inheemse stamme, die politieke spanning wat tussen die ZAR en Groot-Brittanje geheers het, die reaksies op die behandeling van die Vrystaat deur die Britsgeoriënteerde Kaapse regering, asook die verontwaardiging oor hoe die Vrystaatse diamantvelde geproklameer is, maak die wit Afrikaanssprekende Kapenaars bewus van hulle noordelike taalgenote en ’n nasionale en politieke bewussyn begin onder Kaapse Afrikaners ontwikkel (Van Zyl, 2002:15; Scholtz, 1980:6; Steyn, 1980:129). Hierdie ontwikkeling van ’n nasionale en politieke bewussyn onder Kaapse Afrikaners het aanleiding gegee tot solidariteit asook ’n kulturele eenheidsgevoel met hulle republikeinse “bure oorkant die Oranjerivier”.

Die breë algemene sosiopolitieke milieu van die negentiende en twintigste eeu het vir die *ontwikkeling van Afrikaans* bepaalde implikasies ingehou. Hierdie implikasies word vervolgens bespreek.

### **3.3 Die implikasies van die sosiopolitieke milieu van die negentiende en twintigste eeu vir Afrikaans**

Nederlands het, danksy die oprigting van die maritieme aanvullingstasie in 1652 aan die Kaap van Goede Hoop, die amptelike en kultuurtaal van die Europese volksplanting geword. Ná anderhalfeeu het daar met die oorname van die Kaap deur Groot-Brittanje ’n kulturele en taalverandering ingetree (Giliomee, 2004a:154, 156, 157; Scholtz, 1980:3; Raidt, 1991:242; 1989:115).

---

<sup>18</sup> Daar word in hierdie studie gebruik gemaak van die term, *Anglo-Boereoorlog*, na aanleiding van die gebruik daarvan deur die historikus Herman Giliomee. Die verskeie terme wat in die literatuur vir dié oorloë voorkom, word deur die perspektief van die outeur bepaal (Du Pisani, 2007).

<sup>19</sup> Die Kaapprovinsie en Natal was aanvanklik Engelse provinsies, terwyl die ZAR en die OVS onafhanklike (Afrikaner-) Boererepublieke was.

<sup>20</sup> Die oorloë vind gedurende 1865-1866 en gedurende 1867-1868 plaas (Scholtz, 1980:6).

### 3.3.1 Taal- en kulturele veranderinge ten gunste van Engels

Die tweede koms<sup>21</sup> van die Engelse in 1806 het die taalkontaksituasie aan die Kaap sodanig verander dat dit toenemend komplekse taalkontak tussen Nederlands, Engels en Kaaps-Hollands (Afrikaans) veroorsaak het (Ponelis, 1993:50; Raidt, 1991:242; 1989:115). Die Britse besettings lei ook tot die begin van taal- en kulturele veranderinge ten gunste van Engels in Suid-Afrika (Van Zyl, 2002:27; Du Plessis, 1995b:146-147; Claassen, 1983:27).

Die Kaapse setlaars was 'n oorwegend landelike gemeenskap en hulle het hulle ekonomiese belange met Afrikanerbelange geassosieer; daarom het hulle politieke gemobiliseer en verengelsing teëgestaan (Zietsman, 1992:7). Die Britse bestuur aan die Kaap was bewus van wydverspreide teenkanting en dwing aanvanklik nie veel veranderinge af nie; tog word Engels, toe die Kaap in 1814 'n permanente Britse kolonie word, die taal van die regering (Raidt, 1991:242; Steyn, 1980:97). Dit het die einde van Nederlands as amptelike taal in Suid-Afrika geïmpliseer (Steyn, 2001:137). Engels word die enigste amptelike korrespondensiemedium in 1823, die enigste taal van die staatsdiens in 1825, en die enigste taal in howe in 1827. Engels word ook as onderrigtaal afgedwing (Giliomee, 2004a:221, 223; Ponelis, 1993:50). Die Britse owerheid het die uitsluitlike Engelstaligheid van die onderwysstelsel gebruik om Afrikaans en Nederlands uit skole te dryf (Scholtz, 1965:104; Steyn, 1980:128). Daardeur het Engels die hoë taalfunksies in die Kaap oorgeneem.

Die Engelse denke het selfs die twee Boererepublieke in die noorde van Suid-Afrika beïnvloed: ekonomiese leiers was Engelssprekendes – ook in die Boererepublieke. Hierdie oorwig van Engels lei daartoe dat Engels die algemene omgangstaal word én dat Afrikaanssprekendes hul met die Britse kultuur en tradisies begin vereenselwig het. Daar is ook begin om aan Engels, as openbare kommunikasiemedium, groot waarde te heg. Daar het dus nie alleen 'n *taalverskuiwing* in Suid-Afrika na Engels plaasgevind nie, maar ook 'n *kulturele verskuiwing* na Engels (Van Zyl, 2002:13-14; Conradie, 1986:102; Steyn, 1980:104; Pienaar, 1943:56-67).

### 3.3.2 Die Afrikaanssprekendes word verplaas

Aan die einde van die negentiende eeu vind daar politieke, ekonomiese en sosiale veranderinge in die Afrikaanse taalkonteks plaas:

- die ekonomiese fokus verskuif van landbou ('n oorwegend Afrikaanse ekonomie) na mynbou ('n oorwegend Engelse ekonomie) met die ontdekking van diamante (1870) en goud (1886);
- die voorheen oorwegend plattelandse Afrikaanssprekendes moet daarom noodgedwonge verstedelik, en
- Afrikaanssprekendes word na 'n multitalige gemeenskap met Engels as dominante taal verplaas (Van Rensburg *et al.*, 1997:47; Ponelis, 1993:52; Murray en Stadler, 1986:248-260).

---

<sup>21</sup> Die koms van Engelssprekendes na Suid-Afrika was een van die belangrikste migrasies van die 19de eeu, aangesien die Engelse in alle opsigte 'n invloed op Suid-Afrika uitgeoefen het: op taalgebied, landsadministrasie, die onderwys en ekonomiese gebied (Steyn, 1980:148-149; Conradie, 1986:101).

### 3.3.3 Reaksie van Afrikaanssprekendes op die verengelsingsbeleid

Tot en met die Londense Konvensie in 1814, wat die Britse gesag oor die Kaap finaal bevestig het, was die Britte aanvanklik tegemoetkomend teenoor die Kaapse setlaars en hulle taal, maar die sentralisasie van Britse gesag sou mettertyd tot voordeel van die verengelsingsbeleid strek (Van Zyl, 2002:10-11; Steyn, 1980:127). Sir John Cradock word as goewerneur in die Kaap aangestel en die verengelsingsbeleid neem 'n aanvang (Conradie, 1986:102).

Die yl verspreide plattelandse setlaarbevolking<sup>22</sup> in die Kaap is in 'n geringer mate as die Kaapse stedelike setlaarbevolking deur verengelsing en imperialisme geraak. Die houding van die setlaarboere het 'n afsydigheid teenoor die Britse regering getoon "eerder as 'n intense afkeer" (Giliomee, 2004a:157). Bowendien het die setlaars aanvanklik nie veel politieke belangstelling getoon nie. Intussen was Kaaps-Hollands (Afrikaans) steeds die taal wat hulle gepraat het en Nederlands steeds die taal wat hulle probeer skryf het (Van Zyl, 2002:11-12; Scholtz, 1939:16-43).

As gevolg van die streng en sistematiese verengelsingsbeleid word Engels toenemend die enigste onderrigtaal in staatskole. Mettertyd word daar ook aan Engels voorkeur gegee as dié taal in die openbare lewe – selfs in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Scholtz, 1965:15-16). Die Kaapse setlaars het hulle nie werklik teen dié taalbeleid verset nie – hulle was hoofsaaklik ontevrede oor die praktiese ongerief wat dit veroorsaak het. Engels is geleidelik aanvaar, aangesien die Afrikaanssprekendes onbewus was van die politieke ondertone wat daarmee gepaard gegaan het (Giliomee, 2004a:156; Van Zyl, 2002:11-12; Steyn, 1980:129).

Dit was vir Cradock belangrik om die Kaapkolonie as 'n eentalige land te regeer en hy het van alle staatsamptenare verwag om kennis van die Engelse taal te besit (Roberge, 2003:19; Van Zyl, 2002:10-11). Dit het daartoe gelei dat Nederlands binne 50 jaar al haar hoë taalfunksies in die Kaapse samelewing verloor het (Raidt, 1989:115-116; Scholtz, 1964:7). Taalassimilasie, die beleid wat daarop gerig was om 'n taalverskuiwing na Engels te bewerkstellig, het die beleid van die nuwe maghebbers geword (Steyn, 2001:137) en Afrikaans is beskou as slegs 'n omgangstaal sonder enige status (Raidt, 1989:115-116).

Dit het duidelik geword dat Nederlands nié teen die Engelse oorheersing volhoubaar was nie, aangesien dit nié Nederlands was wat die lewende taal van die tyd was nie, maar wél Afrikaans (Raidt, 1991:243-244).

Lord Charles Somerset voer Cradock se verengelsingsbeleid verder na aanleiding van die Britse minister van kolonies se opdrag dat Engels tot die amptelike taal verhef moet word met die taalproklamasie van 1822 (Kannemeyer, 1978:12; Raidt, 1991:242). Te wyte aan hierdie aggressiewe verengelsingsbeleid het daar 'n taalverskuiwing van die spreektaal, Afrikaans, en die skryftaal, Nederlands, na Engels plaasgevind (Giliomee, 2004a:156; Steyn, 1980:127, 148-149; Scholtz, 1980:3). Tog lei hierdie toenemende verengelsingsbeleid tot die onverwagte:

---

<sup>22</sup> Oorwegend Kaaps-Hollandssprekende setlaars.

- die kultivering van Nederlands, aangesien die afgedwonge invoer van Engels die setlaars laat besef het watter simboliese waarde en betekenis Nederlands vir hulle gehad het (Raidt, 1991:234);
- die totstandkoming van private Nederlandse skole, en
- 'n pleidooi vir 'n Afrikaanse Bybel (Scholtz, 1943:67-75; Scholtz, 1980:5-6; Van Zyl, 2002:11-12).

Dit het volgens Steyn (1980:148-149) 'n nasionale oplewing tot gevolg waarvan die *ontwikkeling van en stryd vir Afrikaans* 'n belangrike onderdeel was. Die intensiteit van die ideologiese stryd vir Afrikaans wat reeds in die negentiende eeu 'n aanvang geneem het, neem in die twintigste eeu toe en word die fokuspunt van (wit) Afrikanernasionalisme. Dit word méér as bloot 'n taalbeweging; dit word ook 'n etniese beweging (L.T. du Plessis, 1992:108; Ponelis, 1993:52-53).

### 3.3.4 Standaardnederlands en die invloed daarvan op die ontwikkeling van Afrikaans

Standaardnederlands beleef gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeue 'n *renaissance* in Suid-Afrika, aangesien die aggressiewe verengelsingsbeleid deur die Britse owerheid die Afrikaanssprekende gemeenskap genoop het om hulle toevlug tot Standaardnederlands te neem ter wille van die behoud van hulle eie vernakulêr: Afrikaans. Terselfdertyd emigreer Standaardnederlandssprekendes, onder andere akademië, onderwysers, predikante, sendelinge, prokureurs, joernaliste, kunstenaars en skrywers na Suid-Afrika wat onder andere in intellektuele leierskap sou voorsien. Téén die verwagting in dra die verengelsingsbeleid by tot die herlewing van Standaardnederlands. Die verengelsingsbeleid het indirek ook bygedra tot die opkoms van Afrikaans as 'n selfstandige skryftaal<sup>23</sup> (Ponelis, 1993:46).

### 3.3.5 Die ontstaan van Arabies-Afrikaanse tekste<sup>24</sup>

Intussen vind die Kaapse slawe gedurende die negentiende eeu dit toenemend moeilik om die ingevoerde vertalings van religieuse tekste in Jawi<sup>25</sup> te lees en kla hulle oor die vreemde idioom daarvan. Die klagte oor die vreemde idioom kan toegeskryf word aan die gebruik van Afrikaans onder die slawe, want teen die negentiende eeu het die slawe se vorm van Afrikaans die hoë (godsdienst- en onderrigtaal) en die lae (huisgesintaal) taalfunksies van die Moesliem-gemeenskap in die Kaap vervul (Giliomee, 2004a:79; Van Rensburg *et al.*, 1997:16; Ponelis, 1993:46-47; Raidt, 1991:240; Davids, 1990:2, 1993:67).

Teen 1845 het daar reeds onder die Kaapse slawe 'n geskrewe vorm van Afrikaans in Arabiese skrif bestaan (Giliomee, 2003:5; Van Rensburg *et al.*, 1997:16; Ponelis, 1993:46-47; Raidt, 1991:240; Davids, 1990:2; 1993:67). Die eerste Afrikaanse publikasie in boekvorm (rondom 1856) was volgens Raidt (1991:240) 'n Arabies-Afrikaanse teks.

<sup>23</sup> Sien par. 3.3.7 vir die bespreking van die opkoms van Afrikaans as skryftaal.

<sup>24</sup> In Hoofstuk 2 par. 2.3.3.3, par. 2.3.3.5 en par. 2.4.2.3 word daar na hierdie tekste verwys. Van Selms (1979) bespreek hierdie onderwerp uitvoerig.

<sup>25</sup> Jawi: Arabies-Maleise skrif (Davids, 1994b:117).

Dié publikasie het as grondslag vir die ontwikkeling van Afrikaans as skryftaal gedien, want hierdie aanleersverskeidenheid is in die negentiende eeu doelbewus as skryftaal aangewend. Die ortografie van die skryftaal was dié van die historiese Suidelike Afrikaanse verskeidenheid<sup>26</sup>, maar in Arabiese skrif. Die oorsprong van die Moesliem-religie aan die Kaap was van hierdie verskeidenheid afhanklik (Raidt, 1991:239-240).

### 3.3.6 Die invloed van die Groot Trek op Afrikaans

Die Groot Trek<sup>27</sup>, onder andere uit verset teen die Britse oorheersing, het indirek 'n invloed op Afrikaans gehad:

- dit het aan die een kant aanleiding gegee tot 'n aansienlike vermindering van Afrikaanse sprekers in die Wes- en Oos-Kaap<sup>28</sup>, en
- dit het aan die ander kant aanleiding gegee tot die verspreiding van Afrikaanssprekende Voortrekkers oor 'n groot en uitgestrekte geografiese gebied van Suid-Afrika (Van Zyl, 2002:13-14; Steyn, 1980:132; Louw, 1948:10).

### 3.3.7 Die opkoms van die joernalistiek

Talle Nederlandse publikasies sien teen die einde van die negentiende eeu in Suid-Afrika die lig: koerante<sup>29</sup>, tydskrifte<sup>30</sup>, onder andere *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* (1824) en die Kaaps-Hollandse *De Zuid-Afrikaan*<sup>31</sup> (1830) wat byna 'n eeu lank voortbestaan het. *De Volksvriend* (1862) onder leiding van Jan H. Hofmeyr het ook 'n belangrike rol in die Afrikaanse gemeenskap gespeel deurdat dit as 'n klankbord vir Afrikaanse belange gedien het. Dié publikasie staan later as *Ons land* (1894) bekend (Ponelis, 1993:48; Kannemeyer, 1978:28).

Die opkoms van die Nederlandse joernalistiek aan die Kaap (danksy persvryheid teen 1828) laat ook nuwe belangstelling in die gebruik van Afrikaans ontlok. Die eerste skrywers van Afrikaans was nie-Afrikaanssprekendes: die Fransman Charles Etienne Boniface, die Skot A.G. Bain en Louis Henri Meurant<sup>32</sup> (van Frans-Switserse en Engelse afkoms). Die eerste Afrikaanse skryfstukke gee spottenderwys en grappenderwys die Afrikaans van gekleurdes<sup>33</sup> weer (Raidt, 1991:239; Scholtz, 1980:4), maar betree sodoende tog die grafosfeer – die sfeer van die gedrukte woord.

<sup>26</sup> Vergelyk par. 2.3.3.5 en par. 2.4.2 van Hoofstuk 2 in verband met die historiese Suidelike Afrikaanse verskeidenheid.

<sup>27</sup> Die Voortrekkers was Afrikaans-georiënteerd (Van Zyl, 2002:13-14; Steyn, 1980:132-133).

<sup>28</sup> Die Groot Trek het die posisie van Kaaps-Hollands/Afrikaans aan die Oosgrens "verswak". Die Oosgrens was 'n streek waar daar sedert 1820 reeds heelwat Engelssprekendes was en ná die Groot Trek het dit 'n Engelse karakter aangeneem (Steyn, 1980:132).

<sup>29</sup> Op 18 Augustus 1800 neem die joernalistiek in Suid-Afrika 'n aanvang met die publikasie van *The Cape Town Gazette and African Advertiser* – *Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter*. Gedurende die Bataafse bewind word dié gewilde koerant hoofsaaklik in Nederlands uitgegee, maar ná 1806 is die blad hoofsaaklik in Engels uitgegee (Kannemeyer, 1978:27-28).

<sup>30</sup> In 1824 verskyn die tweetalige *South African Journal – Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* (Kannemeyer, 1978:28).

<sup>31</sup> Talle Afrikaanse briewe word in dié koerant geplaas en dit word die eerste koerant wat volgens Kannemeyer (1987:28) "duidelike Suid-Afrikaanse standpunte inneem."

<sup>32</sup> Meurant was die voorloper om Afrikaans vir ernstiger sake in die pers te gebruik. Sy Afrikaanse "Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar" verskyn in Desember 1860 in 'n Oos-Kaapse koerant. Hy publiseer ook in 1861 die eerste Afrikaanse boek waarin sy samesprake vervat is (Scholtz, 1980:4; Pienaar, 1943:73-75).

<sup>33</sup> In hierdie tydvak as minderwaardig en onontwikkel beskou.

In die noorde van Suid-Afrika word daar ná afloop van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) verskeie pogings aangewend om Afrikaners meer bewus te maak van Afrikaans as 'n volwaardige skryftaal. 'n Verskeidenheid Afrikaanse publikasies vloei uit hierdie bewusmakingspoging voort, onder andere *Land en volk* (1902) met Eugène Marais as redakteur, asook *De Volkstem* in 1905 (Conradie, 1986:116). Danksy bogenoemde rol van die joernalistiek is Afrikaans as skryftaal gevestig, aangesien dit bewys het dat Afrikaans as 'n skryftaal en 'n gedrukte taal aangewend kon word.

'n Geleidelike verandering ten opsigte van die Afrikaanse skryftradisie het ook ingetree. Afrikaans is toenemend in die vroeë pers gebruik vir ernstige sake<sup>34</sup> danksy die verbetering in die gehalte van Afrikaans (Raidt, 1991:239; Scholtz, 1980:4).

Rossouw (2004a:11) toon in aansluiting by die opkoms van die Afrikaanse joernalistiek aan dat taal in die mondelinge sfeer (*logosfeer*), die sfeer van die gedrukte woord (*grafosfeer*), en in die sfeer van die elektroniese beeld (*videosfeer*) nie vir alle Afrikaanssprekende groepe in 'n bepaalde tydvak dieselfde was nie. Dit behoort tereg die vertrekpunt te wees as daar oor Suid-Afrika se lands- en taalgeskiedenis gepraat word. In die geval van Afrikaans, het wit Afrikaans die grafosfeer betree (en kon die GRA dit sy taak maak om wit Afrikaans te standaardiseer), terwyl bruin Afrikaans gedurende dié stadium nog in die logosfeer verkeer het.

Dit verklaar waarom dit juis die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit was wat die leiding in die normerings- en standaardiseringsprosesse van Afrikaans geneem het. Die ander Afrikaanse variëteite was tot in die onlangse verlede nog in die logosfeer – onder andere as gevolg van bepaalde sosio-politieke faktore wat die historiese Westelike en historiese Suidelike Afrikaanse variëteite gestigmatiseer en dit as onvanpas vir die grafosfeer beskou het. Sedert die bekende *Kanna hy kô hystoe* (1963) van Adam Small sien 'n verskeidenheid publikasies in subvariëteite van historiese Suidelike en historiese Westelike Afrikaans gereeld die lig, byvoorbeeld die hedendaagse ewe bekende *In die skyfte van die Jirre* (2001) en *Boegoe van die liefde* (2002) van Hans du Plessis.

Alhoewel daar gedurende 1828-1873 baie in Afrikaans geskryf is (veral in die Oos-Kaap), het niemand ooit daaraan gedink om Afrikaans in die plek van Nederlands<sup>35</sup> as kultuurtaal te gebruik nie (Scholtz, 1980:5). Dié gedagte het te vergesog voorgekom.

Volgens Raidt (1991:239) het die publikasie van Afrikaanse briewe in koerante Afrikaanse lesers daaraan gewoond gemaak om hulle spreektaal op skrif te sien. Dit was vir Afrikaanssprekendes 'n bewys dat Afrikaans as 'n skryftaal aangewend kon word.

<sup>34</sup> Aanvanklik is Afrikaans spottenderwyse in die pers aangewend soos in M.D. Teenstra se fiktiewe "Zamespraak" (1825) waarin hy 'n boervrou se dialoog weergee en C.E. Boniface se hekeldrama *De nieuwe ridderorde of De temperantisten* (1832) waarin die karakters die stereotipes van die maatskappy voorstel (Kannemeyer, 1987:34; Conradie, 1986:109; Scholtz, 1980:8).

<sup>35</sup> Alhoewel daar aan die begin van die twintigste eeu doelbewuste pogings aangewend is om Nederlands in Suid-Afrika te laat voortbestaan, het Afrikaans toenemend die plek van Nederlands ingeneem (Kannemeyer, 1978:32).

### 3.3.8 Die stigting van die twee noordelike Boererepublieke

Dié onafhanklike Boererepublieke was nie meer Britse onderdane nie en hulle het Nederlands as amptelike taal en Afrikaans as spreektaal gebruik; desondanks het die Engelse invloed in die Boererepublieke in die openbare lewe gegeld, aangesien die staatsdiens en die ekonomie weinig geleentede aan Afrikaanssprekendes gebied het (Zietsman, 1992:12-13; Scholtz, 1980:3; Steyn, 1980:174-175). Juis daarom kon die gebruik van Nederlands nie die aanslag van Engels afweer nie (Raidt, 1991:246).

### 3.3.9 Stigting van privaat skole

Van primêre tot tersiêre vlak word Engels as onderrigmedium deur die Britse maghebbers afdwing (Scholtz, 1965:104). Deur middel van hierdie uitsluitlik Engelse onderwysstelsel het die Britse owerheid die onderwys gebruik om Afrikaans en Nederlands uit die skole uit te dryf. Goed georganiseerde skole met Engels as onderrigmedium word in die Kaap ook deur Afrikaanssprekende leerders bygewoon. Die verzet teen Engels as verpligte onderrigmedium in die Boererepublieke lei tot die ontstaan van Christelike-nasionale privaat skole met Afrikaans as onderrigtaal<sup>36</sup>. Die stigting van hierdie skole het ook 'n politieke agenda gehad, want die Afrikanerleiers het besef dat dié skole kon bydra tot die opbou van Afrikaner-nasionalistiese politieke steun (Giliomee, 2004a:224; Ponelis, 1993:47; Zietsman, 1992:3-4; Steyn, 1980:128; Pienaar, 1943:25-31).

### 3.3.10 Die bevordering/benadeling van Afrikaans deur die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)

"... die koppeling van 'n taal aan 'n arrogante, eksklusiewe identiteit loop die gevaar om 'n dodelike omhelsing te word ..." (Giliomee, 2007:2).

Volgens linguïste soos Roberge (2003:20) en Raidt (1991:171) het daar tussen ongeveer 1725 en 1750 (maar nie later nie as 1775) 'n vernakulêr bestaan wat verwyderd gestaan het van Nederlands, maar wel uit Nederlands ontstaan het. Hierdie vernakulêr het die spreektaal van die Kaapse kolonie geword. Twee Nederlanders, Arnoldus Pannevis en C.P. Hoogenhout, het hulle om religieuse redes vir hierdie vernakulêr beywer deur by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BBBG) vir 'n Bybel in Afrikaans te pleit. Pannevis was volgens Pienaar (1943:107-109), Kannemeyer (1978:48-50), Van Rensburg *et al.* (1997:43) en Giliomee (2004a:177) bekommerd oor die geestelike gesondheid van die gekleurde Afrikaanssprekendes met die klem op "Afrikaans as Kleurlingtaal". Hoogenhout se pleidooi vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling was volgens Giliomee 'n reaksie op Pannevis se pleidooi, aangesien hy dit nie nodig geag het om tot "Hottentots-Hollands" af te daal om die Bybel in Afrikaans te vertaal nie. Dié reaksie van Hoogenhout bevestig die destydse stigmatisering van die historiese (bruin) Afrikaanse variëteite.

Pannevis en Hoogenhout se strewes het onder andere daartoe bygedra dat die GRA gestig word (Roberge, 2003:25; Nieuwoudt, 2005:19). Arnoldus Pannevis was die eerste persoon wat 'n doelbewuste

<sup>36</sup> Vergelyk par. 3.3.12 in hierdie verband.

poging aangewend het om Afrikaans tot 'n skryftaal te verhoog. Sodoende het die beweging vir die erkenning van Afrikaans momentum begin kry (Kannemeyer, 1978:48-49; Nienaber, 1974:37).

Die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) is op 14 Augustus 1875 in die Paarl met die bepaalde uitkoms om Afrikaans as Bybel- en skryftaal erken te kry, gestig (Giliomee, 2004a:178; Kannemeyer, 1978:51). Die doel van die GRA was "om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land" met S.J. du Toit as die (politieke) dryfkrag agter die beweging (Van Rensburg *et al.*, 1997:43). Die GRA wou Afrikaanssprekendes terselfdertyd ook bewus maak van hul (eksklusiewe) geestesgoedere. So word dié beweging 'n (sterk nasionale) strewe om (wit) Afrikaanssprekendes taalbewus te maak en daarvan te oortuig dat Afrikaans hulle eksklusiewe taal is (Nienaber, 1974:37). Dit het aanleiding gegee daartoe dat die GRA 'n kragtige (wit) etniese beweging geword het (Ponelis, 1993:53). Dit het nie meer om die Bybelvertaling gegaan nie, maar om Afrikaans "die simbool van 'n volk se identiteit te maak" (Giliomee, 2007:6).

Die GRA-lede het, wat die status van Afrikaans betref, "... voor die probleem van 'n noodsaaklike standaardisering en taalnormering te staan gekom" (Raidt, 1994:319). Die leiers van die GRA was almal Kapenaars en die Kaap was gedurende dié tydperk wat kultuur betref, op die voorgrond in Suid-Afrika (Kannemeyer, 1978:82). Die GRA-leiers was wel bewus van die Afrikaanse taalverskeidenheid en hulle het dit in die eerste pogings tot normering probeer insluit, maar die normeringsproses bestaan egter daaruit dat 'n keuse ten opsigte van wisselvorme uitgeoefen moet word:

Dit was onvermydelik dat by 'n geleidelike normering en standaardisering uit 'n dergelike rykdom wisselvorme een, hoogstens twee algemeen aanvaarbare variante gekies moes word. So 'n seleksie was uit die aard van die saak 'n kompromis en 'n inkorting van taalverskeidenheid wat aan sosiolinguïstiese norme soos status, deftigheid en sosiale netwerke gekoppel was (Raidt, 1994:319-321).

Raidt (1994:321) se bestudering van die Patriotpublikasies<sup>37</sup> toon aan dat GRA-leiers "van 'n Wes-Kaapse Afrikaans as algemene en beskaafde Afrikaans uitgegaan het ..." terwyl streektaalvorme, soos die historiese Suidelike en Westelike Afrikaanse variëteite, as "nie-algemeen" en "niebeskaafd" beskou is.

February (1994:4-5) beklemtoon die feit dat nie alle sprekers van die verskillende Afrikaanse variëteite deel gehad het aan die normerings- en standaardiseringsprosesse nie. Die seleksie van dit wat as standaardtaal beskou is, was *eensydig*, aangesien die Oostelike Afrikaanse variëteit, hoofsaaklik die spreektaal van wit Afrikaanssprekendes, die basis sou vorm van die latere Standaardafrikaans. February som bogenoemde soos volg op: "Tot op 1989 had de blanke spreker van de Afrikaanse taal zich niet druk gemaakt over de variëteiten of ze als volwaardig beschouwd."

Dieselfde motivering wat die GRA gebruik het om die wit Afrikaanse variëteit tot skryftaal te verhef het tydens die standaardisering van Afrikaans gegeld. Afrikaans, as 'n "nuwe" taal, moes gestandaardiseer word om as amptelike taal die (hoër) taalfunksies te vervul. In alle tale moet een van die variëteite van die

---

<sup>37</sup> Dit is publikasies soos: *Di eerste beginsels fan die Afrikaanse Taal* (1876); *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels* (1902), *Patriotwoordeboek* (1902); *Afrikaanse taalskat fan spreekwyse, gesegdes en uitdrukings* (1908); *Proeve van een Kaapsch Hollandsch Idioticon* (Raidt:1994).

taal mettertyd die rol van 'n amptelike taal vervul – dit word gewoonlik polities (en ekonomies) gemotiveer. Slegs een van 'n taal se verskillende variëteite kan gestandaardiseer word en die Afrikaans<sup>38</sup> wat in die Boererepublieke gepraat is, het die basis van gestandaardiseerde Afrikaans gevorm. Daar is ook 'n politieke stryd (eerder as 'n taalstryd) tydens die proses gevoer: “As die voorstanders van een taal genoeg politieke mag het en genoeg stemme trek, kan die parlement besluit om so 'n taal 'n ampstaal te maak” (Van Rensburg *et al.*, 1997:49). Die assosiasie wat gedurende die laaste gedeelte van die twintigste eeu tussen Afrikaans en 'n “pro-Afrikanergesindheid” bestaan het, was ook vir wit Afrikaanssprekendes 'n vanselfsprekende saak (Van Rensburg *et al.*, 1997:45).

Die GRA wou ook 'n koerant publiseer, die volk Afrikaans leer lees en skryf en grammatika- en skoolhandboeke uitgee (Opperman & Heyl, s.j.:9-10). Die beweging wat die GRA begin het, was *sosiaal en geografies* beperk, maar desondanks het dit 'n “kettingreaksie” begin wat eers in die twintigste eeu sou groei en ontwikkel om aan die hoër taalfunksies te voldoen. Faktore wat aanleiding gegee het hiertoe, was:

- die letterkunde wat Afrikaanse digters en skrywers die lig laat sien het, en
- die aanvaarding van Afrikaans as onderwysmedium (Raidt, 1991:249).

Dit het mettertyd duidelik geword dat die GRA nie net 'n taalgenootskap was nie. Die GRA se strewes, selfs 'n eeu nadat die beweging in die Paarl gestig is, het steeds die ideologie gevoed dat Afrikaans eksklusief “'n blanke saak” is (Scholtz, 1965:201). Dit het 'n sosiolinguistiese mite geskep dat gekleurdes se moedertale anders (minderwaardiger) is as dié moedertaal van wit Afrikaanssprekendes (February, 1998:14; Zietsman, 1992:7).

February (1994:4) merk in dié verband tereg op: “Het aandeel van de Afrikaans-sprekenden in de oorsprongsgeschiedenis van de Afrikaanse taal die niet tot de groep van de Afrikaner behoort, werd vooral genegeerd in de taalhandleidingen en de geschiedenis van de Afrikaanse taal.”

Die GRA se ideale om die Bybel te vertaal en om die “Afrikaans van die Paarl” erken te kry het uiteindelik nie geslaag nie. Daarbenewens is die publikasies van die GRA nie in alle Afrikaanssprekende groepe aanvaar nie. Die Afrikaans wat die GRA gepubliseer het, was vir sekere (wit) Afrikaanssprekendes te ver verwyderd van geskrewe Nederlands en vir ander (bruin) Afrikaanssprekendes was die GRA-Afrikaans “vreemd” (Van Rensburg *et al.*, 1997:44-45).

Dat die GRA as taalbeweging gefaal het – afgesien van die Genootskappers se eksklusiewe politieke strewes – kan gewyt word aan hulle onvermoë om Afrikaanssprekendes in die GRA se doelwitte te laat glo, die verdeeldheid wat onder Afrikaanssprekendes geheers het, leiersfigure wat Engels voorgestaan het of wat Nederlands verkies het, asook die term “Afrikaner” wat nie ruim genoeg was om alle Afrikaanssprekendes daarby in te sluit nie (Van Rensburg *et al.*, 1997:45).

---

<sup>38</sup> Oosgrensafrikaans.

### 3.3.11 Die ontdekking van goud en diamante in die binneland

Met die ontdekking van goud en diamante het talle immigrante na Suid-Afrika gestroom. Daar het volgens Giliomee (2004a:194) en Van Zyl (2002:15) byna oornag 'n Engelse bevolking aan die Witwatersrand tot stand gekom. Engels het volgens Van Zyl ook 'n belangrike faktor in die mynindustrie en -administrasie geword. Die bevoordeling van Engels en die benadeling van Afrikaans is in die dertigerjare van die twintigste eeu geïntensiveer deur die depressie wat tot die armblankevraagstuk gelei het omdat baie Afrikaanssprekendes afkomstig van landelike gebiede na die stad en mynindustrieë verplaas is. Hier het Afrikaanssprekendes (noodgedwonge) in diens van Engelse werkgewers getree.

Dit is 'n situasie wat ooreenstem met 'n situasie gedurende die sewentiende eeu aan die Kaap toe die Koina, wat as gevolg van die Nederlandse kolonisasie van die Kaap hulle ekonomiese mag verloor het, noodgedwonge in diens van die maghebbers (met 'n ander taal) moes tree. (Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.2.4.)

### 3.3.12 Die Anglo-Boereoorlog en die gevolge daarvan vir Afrikaans

Onderstaande gedig verwoord die ontredderde gevoel wat tydens die Anglo-Boereoorlog onder die Afrikaners geheers het:

Siembamba, Siembamba,  
Mame se kindjie, Siembamba!  
Jy, wat die hoop van ons nasie is;  
Jy, wat ons volk so min kan mis;  
Jy, wat moet opgroeï tot 'n man;  
Jy, wat plig moet doen, as jy kan;  
Jy, wat geen deel aan die oorlog het;  
Jy, wat moet sing van pure pret –  
Jy moet verkwyn in 'n kinderkamp,  
Jy moet vir vrede word uitgestamp;  
Hou maar jou handjies dig tesame,  
Sluit maar jou agies en sê ame!

Uit: "n Nuwe liedjie op 'n ou deuntjie" deur C. Louis Leipoldt in die *Groot Verseboek* (2000:59-60).

Giliomee (2004a:6), Steyn (2001:137-141), Ponielis (1993:52), Murray en Stadler (1986:248-260), Pakenham (1986:214) en Spies (1986:222-223) wys op die volgende ingrypende gevolge wat die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) vir die status van Afrikaans en Afrikaanssprekendes gehad het:

- die verlies van Afrikaans se hoë taalfunksies;
- groot lewensverliese (op die slagveld én in konsentrasiekampe) onder Afrikaanssprekendes wat die vermindering van Afrikaanssprekendes impliseer;
- die Boererepublieke verloor hulle taalregte te wyte aan die veroweraars se taalassimilasie- en verengelsingsbeleid;
- Afrikaanssprekendes word genoop om werknemers van Engelse werkgewers te word;
- die instelling van eentalige Engelse onderwys waarvan die kurrikulum 'n duidelike imperialistiese inslag gehad het, asook
- die invoer van Engelssprekende Milner-ondersteuners na Suid-Afrika.

Bogenoemde het pro-Afrikaanse sentimente tot gevolg gehad: Afrikaners reageer heftig teen Engels as onderrigmedium deur Christelik-nasionale privaatskole te stig. In dié skole het nasionalistiese beskouings gedy (Giliomee, 2004a:224). Die Engelse eentaligheid was vir Afrikaners onaanvaarbaar en 'n ywerige stryd het begin om Afrikaans as amptelike taal erken te kry (Steyn, 2001:140-141; Spies, 1986:223, 224; Nieuwoudt, 2005:19) en na afloop van die Anglo-Boereoorlog (1902) vlam taaldebate in Suid-Afrika op. Een groep landsgenote het gepoog om Nederlands (Hollands soos dit genoem is) te vestig, en 'n ander groep om Afrikaans te vestig. Uiteindelik het die groepe saamgewerk en het Afrikaans die taalfunksies van Nederlands oorgeneem. Die Anglo-Boereoorlog het veroorsaak dat Afrikaanssprekendes 'n eenheid gevorm het teen die Britse imperialisme en die taalstryd vir (wit) Afrikaans ywerig aangepak het (Conradie, 1986:116; Spies, 1986:224; Steyn, 2001:141-142).

### 3.3.13 Afrikaans vorder stapsgewys

"Afrikaans moes ná 1925 verander van 'n plaastal na 'n staatstaal" (Van Rensburg *et al.*, 1997:49).

Die vordering van Afrikaans word onder andere deur Raidt (1991:253-255), Conradie (1986:117), Van Zyl (2002:22-23), Roos (1998:22) en Pienaar (1943:305-422) in besonderhede bespreek. Die hoofmomente van hierdie vordering is soos volg:

- In 1907 word Afrikaans in Kaapse howe gebruik.
- In Julie 1909 word die *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* in Bloemfontein gestig om Nederlands én Afrikaans te bevorder.
- In 1910 sien die tweeweeklikse tydskrif *Die Brandwag* die lig.
- Deur die toedoen van C.J. Langenhoven word Afrikaans in skole (1914) in die Kaap toegelaat en die ander provinsies volg spoedig.
- Studente in die suide en noorde van Suid-Afrika begin betrokke raak by Afrikaans.
- Die Hertzog-prys word in 1914 ingestel.
- Die eerste volledige *Afrikaanse woordelys en spelreëls* verskyn in 1917.
- Die eerste leerstoel in Afrikaans word in Augustus 1918 aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel (beset deur J.J. Smith) en in Oktober 1918 aan die Universiteitskollege van die OVS (beset deur D.F. Malherbe).

- In Mei 1925 word Afrikaans (kragtens Artikel 137 van die Unie-Grondwet) saam met Engels een van die twee amptelike tale van Suid-Afrika.
- In 1926 begin die werk aan die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* onder leiding van prof. J.J. Smith.
- Afrikaans word tussen 1916 en 1919 die godsdiensttaal van die Gereformeerde kerke.
- 'n Afrikaanse Bybelvertaling neem 'n aanvang en in 1933 verskyn die eerste Bybel in Afrikaans.

Giliomee (2003:6) som die vordering van Afrikaans soos volg op:

The renewed growth of Afrikaans in the early twentieth century was part and parcel of the rise of a modern Afrikaner nationalism. It met two major needs. First it bridged intra-Afrikaner class divisions. The war had impoverished most of the Afrikaners in the ex-republics. There was a demand for a simpler medium of instruction than Dutch ... In the second place Afrikaans became the symbol of a modernized Afrikaner identity.

### 3.3.14 Die Afrikaner se politieke ontwaking

“Zeer zeker maakt het nationalisme een wezenlijk deel van de politieke en culturele geschiedenis van de Afrikaners uit en zeer zeker is het sterk met de taal verbonden” (Koch, 1995:303).

Die nasionale én politieke oplewing van die Afrikaner het gelei tot die stigting van die Nasionale Party in 1914 in die Transvaal<sup>39</sup> en Vrystaat (Van Zyl, 2003:19 e.v., 248; Murray & Stadler, 1986:248; Conradie, 1986:117). Generaal J.B.M. Hertzog se Nasionale Party het in 1924 aan bewind gekom en het taal as 'n middel aangewend om die Afrikaner se nasionale bewussyn wakker te maak. Daarom het die politieke vooruitgang van die (wit) Afrikaner wins vir (wit) Afrikaans geïmpliseer (Van Zyl, 2002:21; Conradie, 1986:117).

Binne die konteks van 'n ekonomiese stryd, droogte en mynstakings het die Nasionale Party in 1924 die verkiesing in Suid-Afrika gewen (Giliomee, 2004a:328; Roos, 1998:22). Die alliansie van die Nasionale Party en die Arbeidersparty (Paktregering) het die woord “Hollands” in die grondwet van 1909 met die woord “Afrikaans” vervang en sodoende het Afrikaans naas Engels een van die amptelike tale van Suid-Afrika geword. Die erkenning van Afrikaans word deur die 1925-wet bevestig en is die “strydfase van die naoorlogse taalbeweging suksesvol afgesluit en kan die handhaaffase begin” (Conradie, 1986:117). Nadat die taalstryd afgesluit is, het die Afrikaner wyer en krities begin dink en is dit in die Afrikaanse literatuur weerspieël (Kannemeyer, 1974:24).

Afrikaans het deur die ideologiese strewe van die Nasionale Party toenemend die voertuig van Afrikanernasionalisme geword en sodoende 'n sterk politieke karakter ontwikkel. Die depressie van 1931-1932 het Hertzog tot 'n koalisieregering met J.C. Smuts gedwing. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van D.F. Malan se Gesuiwerde Nasionale Party – wat 'n aggressiewer Afrikanernasionalistiese ideologie nagestreef het (Giliomee, 2004a:279, 469, 488; Van Zyl, 2002:21).

<sup>39</sup> Soos in die vorige politieke bedeling genoem.

Afrikanernasionalisme het toenemend kleurbewus geraak (Giliomee, 2007:7, 10) en taalnasionalisme het toenemend deel van politieke Afrikanernasionalisme geword wat bruin Afrikaanssprekendes doelbewus uitgesluit het. Dit het 'n tweesnydende swaard geword: aan die een kant die groei van Afrikaans tot gestandaardiseerde taal – en aan die ander kant die ontwikkeling van Afrikaans as apartheidstaal (wat aanleiding gegee het tot die stigmatisering van Afrikaans).

Dit het ook gelei tot die taalverplasing van bruin Afrikaanssprekendes na Engels, asook tot 'n verdeling en 'n vervreemding van Afrikaanssprekende groepe (Giliomee, 2004a:345; Raidt, 1991:256).

Dit was 'n ironiese wending, aangesien die bruin moedertaalsprekers van Afrikaans meer as 'n eeu gelede Afrikaans “sonder inhibisie as 'n eerste taal” gehandhaaf het en sodoende die toekoms van Afrikaans kón verseker het indien daar nie deur Nasionale Party-politici ingegryp is nie (Raidt, 1991:256).

### 3.3.15 Standaardisering van Afrikaans

Afrikaans, 'n nuwe taal onder die tale van die wêreld, het ongeveer 170 jaar gelede as 'n variëteit herkenbaar geword. Hierdie variëteit is 120 jaar gelede doelbewus begin gebruik en bevorder (Conradie, 1986:21). Die strewe om Afrikaans as volwaardige taal te erken, het een honderd jaar geneem (Raidt, 1991:254-255; Ponelis, 1993:54). Die Afrikaanse variëteite is nie in die standaardiseringsproses<sup>40</sup> van Afrikaans in aanmerking geneem nie (Raidt, 1991:255).

Die onderstaande gedig dui daarop dat die (wit) Afrikaanssprekende die behoud van die eksklusiewe standaardstatus van Afrikaans<sup>41</sup> bo die onderdrukking van die bruin en swart Suid-Afrikaners gestel het – wat intussen polities gemobiliseer het teen die ondemokratiese (wit) maghebbers.

Hy<sup>42</sup> sou altoos algemeen-beskaafd

NASIONAAL

stem en hom eerder bekommer

oor sy abc as die anc

Uit: “komapunt” deur Dan Roodt in *Poskaarte* (1997:247).

Deumert (2004a:42) wys tereg daarop dat die standaardisasie van Afrikaans én haar simboliese assosiasie met wit Afrikaneridentiteit 'n *kulturele ingryping* in die negentiende en twintigste eeu was. Die inklusiewe herkoms van Afrikaans as die Kaaps-Hollandse vernakulêr is daarmee geïgnoreer om só die mite te bewaar dat Afrikaans 'n wit (eksklusiewe) herkoms het.

<sup>40</sup> Die historiese Suidelike en Westelike Afrikaanse variëteite is in die normerings- en standaardiseringsprosesse van Afrikaanse uitgesluit, aangesien dit in dié betrokke sosiopolitieke milieu as “niebeskaafd” beskou is.

<sup>41</sup> In die betrokke historiese, sosiopolitieke milieu “Algemeen-beskaafde Afrikaans” genoem.

<sup>42</sup> “Hy”: die stereotipering van die wit Afrikaner.

Ook Esterhuysen (1986:13) beklemtoon dat gekleurdes se kulturele diversiteit reeds in die negentiende eeu geïgnoreer,<sup>43</sup> hulle mede-eienaarskap in die evolusie van Afrikaans ontken en hulle moedertaal-variëteite daardeur gestigmatiseer is.

### 3.3.16 Die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke milieu verander ná die Tweede Wêreldoorlog

'n Tydperk van ekonomiese onsekerheid<sup>44</sup> en politieke onstabielheid<sup>45</sup> kom ná die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika voor (Giliomee, 2004a:490-491). Die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) bring ook sosiale omwentelinge in Suid-Afrika mee. Dit gee onder andere ook aanleiding tot die verdieping in die politieke stryd van die swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

Die heerskappy van die ondemokratiese Nasionale Party en dié politieke party se beleid van afsonderlike ontwikkeling het bepaalde gevolge vir Suid-Afrikaners ingehou: sosiale en ekonomiese strukture het nie meer met etniese groepe saamgeval nie (Giliomee, 2004a:419, 437-494; Van Zyl, 2002:22). Die Nasionale Party se (wit) maghebbers het sedert 1950 op ekonomiese, kulturele, maatskaplike en politieke gebied begin floreer, terwyl swart en bruin groepe in Suid-Afrika die teendeel ervaar het (Giliomee, 2004a:462-463).

Die volgende gedig in 'n hedendaagse subvariëteit van die Suidelike Afrikaanse variëteit toon aan hoe die apartheidsbeleid Suid-Afrikaners gedwing het om op verskillende "paaie" te gaan. Die gedig suggereer dat die een groep<sup>46</sup> se "pad" rooskleuriger was as die ander groep<sup>47</sup> se "pad".

Eers het o's apa't geloop  
Djy diekant en ekke daai kant;  
Djou path was allie djare rosier dan myne...  
Ek het gehet die dorings en djy't gehet die petals...

(Du Preez, 1995:6).

### 3.3.17 Die posisie van Afrikaans ná Republiekwording

Die eertydse Boererepublieke se ideaal om weer eens 'n republiek vry van Engelse oorheersing te wees, is verwesenlik met die republiekwording van Suid-Afrika in 1961. Wit Afrikanernasionalisme is bevredig,

<sup>43</sup> Vergelyk in hierdie verband Hoofstuk 4 waarin die perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans bespreek word.

<sup>44</sup> Geen vryemarkstelsel word gevolg nie.

<sup>45</sup> Geen vrye demokrasie kom in Suid-Afrika voor nie en dit gee uiteindelik aanleiding tot die Verwoerdiaanse apartheidsideologie (Giliomee, 2004a:437-494).

<sup>46</sup> Waarskynlik die wit Afrikaanssprekendes.

<sup>47</sup> Waarskynlik die gekleurde Afrikaanssprekendes.

terwyl die gekleurde bevolkingsgroepe die apartheidsbeleid (wat Verwoerd se tuislandbeleid<sup>48</sup> insluit) as uitsluiting en onderdrukking ervaar het. Die apartheidsbeleid het bepaal dat daar in agt etniese gebiede vir swartmense voorsiening gemaak moet word. Dit het geïmpliseer dat Afrikaans, op grond van haar posisie as taal van die maghebbers, haar posisie ten koste van die ander landstale kon verstewig. Dit is byvoorbeeld gedoen deur te bepaal dat Afrikaans as onderrigmedium in sekere vakke in swart skole gebruik moet word (Giliomee, 2004a:531; Van Zyl, 2002:22-23; Davenport, 1986:307).

Afrikanernasionalisme het daartoe bygedra dat die (wit) Afrikaner die politieke mag verkry het. Die apartheidsbeleid is ingevoer en Afrikaans het die simbool van Afrikaneroorheersing en eksklusiwiteit geword terwyl subvariëteite van die historiese Afrikaanse aanleedersvariëteite gestigmatiseer is. In hierdie sosiopolitieke en -linguistiese situasie is Afrikaans toenemend beskou as die taal van die onderdrukker (Du Plessis, 1987:212).

Een van die implikasies van die apartheidsbeleid was dat die staatsbeheerde provinsiale onderwysdepartemente sou sorg vir kurrikula wat sogenaamd aan die aard en behoeftes van swart en wit mense sou voldoen. Dit het verder geïmpliseer dat "wit" en "swart" onderwysdepartemente verskillende kurrikula sou volg. Apartheid ten opsigte van die voorgeskrewe kurrikula kon daarom "bewustelike" en "onbewustelike" sosiolinguistiese aspekte in Suid-Afrika manipuleer (Esterhuise, 1986:i).

### **3.3.18 Die teenreaksie op die sosiolinguistiese en -kulturele eksklusiwiteit van die (wit) Afrikaner**

Die *South African Native National Congress* (SANNC) is reeds op 8 Januarie 1912 in Bloemfontein gestig met die doel om as "forum te dien vir die aspirasies van die swart middelklas" (Kotzé & Greyling, 1991:31). Die SANNC verander in 1923 na die ANC, 'n bevrydingsorganisasie, wat hom vir stemreg vir alle Suid-Afrikaners beywer het met die uiteindelijke doel om 'n demokratiese Suid-Afrika te skep (Giliomee, 2004a:259; Kotzé & Greyling, 1991:31).

Die ANC-jeugliga is in die veertigerjare van die vorige eeu gestig en het op selfontwikkeling, rassetrots en Afrikanisme as sleutelfaktore gefokus. Dit was 'n duidelike teenreaksie op die wit Afrikaanssprekendes se kulturele ontwaking en meegaande nasionalisme ná 1940 (De Wet, 2004:75).

Die ANC het die apartheidswette as beledigend beskou en het in 1952 verteenwoordiging in die parlement en ander wetgewende instansies geëis, maar dit is deur die Nasionale Party-regering geweier. Die Nasionale Party was ook gereed om radikale verset swaar te straf en te onderdruk (Giliomee, 2004a:461).

In 1960 verban die Nasionale Party-regering vryheidsbewegings soos die ANC en PAC en neem hulle belangrikste leiers in hegtenis. Oënskynlik lyk alles in orde, maar onrus het onder gekleurdes "gesmeul" en hulle bedrywighede is ondergronds voortgesit (Giliomee, 2004a:472; Van Rensburg, 1997:54).

---

<sup>48</sup> "Tuislandbeleid" – Wet nr. 46 van 1959 het bepaal dat swartmense in swart gebiede sonder wit inmenging of beheer hulleself moet regeer. Die Nasionale Party se 1948-verkiesingsmanifes het reeds van die beginsel uitgegaan dat swart groepe in bepaalde gebiede moet ontwikkel in selfversorgende eenhede (Giliomee, 2004a:437-494; Van Zyl, 2002:22-23; Davenport, 1986:307; Coetzer, 1986:271-289; Van Aswegen, 1986:293-302).

### 3.3.19 Die Soweto-opstande en Afrikaans

Die volgende gedig beskryf hoe die politieke onrus in 1976 in Soweto beleef is.

soms, snags, kom pla die skim nog  
in my slaap, hoor ek hoe huil  
die amper-kindere, hoe hardloop hulle trug  
met hom en met die wreedste seer  
dan bo die skote hoor ek hoe sirenes loei.  
O hector hector hoe slaap die hand  
van daardie dag vannag: sien hy jou jonglyf  
ruk hoor hy hoe skree die een wat langs jou loop?  
weet hulle nou al hoe sag is bloed hoe rooi die teer?

Uit: "die kind is nie dood nie" van Fanie Olivier in *Poskaarte* (1997:438).

Swart, bruin en Asiatiese leerders het sterk teenstand teen die apartheidsbeleid en "apartheidsonderwys" begin toon. 'n Kombinasie van "politieke arrogansie en kulturele onsekerheid" het aanleiding gegee tot onrus onder die gekleurde Suid-Afrikaanse jeug (Giliomee, 2004a:530).

Die emansipasie van gekleurdere, Afrikaans as verpligte medium, historiese redes en die status van Engels as internasionale taal het tot groot ondersteuning vir Engels gelei en daarom is Engels as onder-rigmedium verkies (Van Rensburg, 1997:54).

Teen 1976 het onrus in Suid-Afrika 'n hoogtepunt bereik met die uitbreek van die Soweto-onluste teen Afrikaans as verpligte onderrigmedium in sekere vakke in swart skole. Die opstand was ook 'n simboliese aksie: om teen Afrikaans beswaar te maak, was om beswaar te maak teen die Nasionale Party-regering, aangesien Afrikaans geassosieer is met die taal van die heersende regering, die "onderdrukker" (Giliomee, 2004a:530-531; Steyn, 2000:11; Van Rensburg, 1997:54).

Die Soweto-opstande het internasionaal bekend geword en het 'n persepsie gevestig dat dit 'n verset teen die gebruik van verpligte Afrikaans in swart skole is, alhoewel dit nie n et oor Afrikaans gegaan het nie (Pienaar, 2004:138). Ander redes waarom die leerders van Soweto op 16 Junie 1976 "... metafories begin slaan het, was 'n opstand teen die feit dat daar vir 'n geruime tyd nie nuwe skole in Soweto gebou is nie, dat daar geluide van regeringskant gemaak is dat kindere in die tuislande moes skoolgaan, dat burgers van die land nie vry was om sonder die gehate pas van een gebied na 'n ander te beweeg nie. Kortom: dit

was 'n opstand teen apartheid. Maar kenners<sup>49</sup> meen ook dat leiers van die swartbewussynsbeweging die situasie uitgebuit en kinders aangehits het om in opstand te kom" (Nieuwoudt, 2006:19).

Die Soweto-opstande was die keerpunt in die geskiedenis van apartheid (Giliomee, 2004a:530-532). Die videosfeer waarin Suid-Afrika gedurende 1976 beweeg het, het bygedra tot die besef (én die keerpunt in die geskiedenis) dat die wit heerskappy in Suid-Afrika "verfoei" word, want die televisie-uitsendings van die Soweto-opstande oor Suid-Afrika heen het die werklikheid openbaar (Rossouw, 2004a:11).

Webb (in 'n onderhoud met Nieuwoudt, 2006:20) wys daarop dat die sosiolinguistiese betekenis van 16 Junie 1976 'n negatiewe uitwerking op die samelewing gehad het, omdat Afrikaanssprekendes daardeur as negatief ervaar is. Daar was ook politieke negatiewe omdat daar met stereotipes gewerk is – en as die stereotiperings van 'n spreker van 'n taal negatief is, "... word die simbool – die taal – van die spreker negatief ervaar." Dié gebeure het Afrikaans na die mening van Webb skerp in die openbare oog gebring en 16 Junie 1976 kan as die begin én die einde van apartheid beskou word, aangesien dié dag in die geskiedenis onthou sal word as die hoogtepunt van die stigmatisering van Afrikaans as openbare taal.

Om Afrikaans van hierdie stigma te bevry en om die verwydering wat tussen Afrikaanssprekendes en alle anderlandse landsgenote in Suid-Afrika bestaan, behoort daar met ywer gewerk te word: "Afrikaanssprekendes moet self regstreeks betrokke wees by die regmaakproses" (Carstens, aan Nieuwoudt, 2006:20 in 'n koerantonderhoud).

### **3.3.20 Afrikaans ná 1994**

Die (ongelukkige) assosiasie van Afrikaans met die apartheidsideologie van die vorige politieke maghebbers het Afrikaans skade berokken in die sin dat verdelende politieke aspekte – eerder as gedeelde taalaspekte – deur Afrikaanssprekende teenstanders van apartheid oorbeklemtoon is. Die instelling van Afrikaans tot ampstaal (1925) is geassosieer met die instelling van apartheid. Die vorige politieke maghebbers het slegs een groep verteenwoordig: die sprekers van (wit) Afrikaans. As gevolg van die politieke mag van hierdie groep is Standaardafrikaans ten koste van die ander variëteite van Afrikaans bevoordeel. Ná 1994 is die politieke mag nie meer in die (wit) Afrikaanssprekendes se hande nie en dit lui 'n nuwe era vir Afrikaans in. Afrikaanssprekendes het vrese oor die toekoms van Afrikaans begin uitspreek, want 'n taal se hoë funksies word nie deur die sprekers van die taal bepaal nie, maar deur die politieke mag aan bewind (Van Rensburg *et al.*, 1997:53-62).

Beter begrip van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 kan myns insiens alle Afrikaanssprekendes (van die standaardvariëteit tot moderne subvariëteitsprekers van historiese Afrikaanse variëteite) saamsnoer en daar kan *gesamentlik* aan die toekoms van Afrikaans beplan word. Die beste plek om te begin om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans aan alle Afrikaanssprekendes bekend te stel, is die Afrikaanssprekende skoolgaande jeug, want:

---

<sup>49</sup> Kenners, onder ander Giliomee (2004a:531), Sema (aan Nieuwoudt, 2006:20), Steyn (2000:11) en Carstens (2000:26).

Afrikaans is belangrik vir *nasiebou*, want dit dien as tussenganger tussen die drie grootste bevolkingsgroepe wat vroeër onderskei (en geskei) is: swart, wit en bruin. Tussen bruin mense en Afrikaanssprekende wittes is Afrikaans veel méér as 'n blote verkeerstaal, dit is 'n gedeelde moedertaal (Conradie, 2004:154).

### 3.4 Gevolgtrekking

In Hoofstuk 2 is die inklusiewe taalontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 bespreek teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu van die sewentiende en agtiende eeue in Suid-Afrika. Daar is in Hoofstuk 2 tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaans tot stand gekom het deur die samekoms van groepe mense uit Europa, Afrika en Asië aan die suidpunt van Afrika. Wat die ontwikkeling van Afrikaans gedurende die sewentiende en agtiende eeue aan die Kaap betref, is die rolle wat die Koina en die ingevoerde slawe daarin gespeel het, dikwels (vanweë sosiopolitieke ideologieë) verswyg. Om die feite rakende die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans (beginnde by die skoolgaande Afrikaanssprekende jeug) aan alle Afrikaanssprekendes bekend te maak (sodat hulle daarvan bewus kan word dat die voorgeslagte van alle Afrikaanssprekendes 'n rol gespeel het in die wording van Afrikaans) kan na my mening 'n bydrae lewer om by alle Afrikaanssprekendes wedersydse respek en begrip vir mekaar te wek.

In Hoofstuk 3 is daar gefokus op die pad wat Afrikaans geloop het om van *gesproke variëteit* tot *ampstaal* te vorder en daarna gestigmatiseer te word as *apartheidstaal*. Om dié pad ten volle te begryp, is kennis van die sosiopolitieke milieu van die negentiende en twintigste eeue onontbeerlik.

In hierdie hoofstuk is die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in aansluiting by Hoofstuk 2 verder geanaliseer deur die negentiende en twintigste eeue teen die agtergrond van hierdie bepaalde sosiopolitieke milieu te ondersoek. Die gevolgtrekking waartoe daar in Hoofstuk 3 gekom is, is dat die sosiopolitieke milieu van die negentiende en twintigste eeue die oorsaak was van:

- die opkoms van (wit) Afrikanernasionalisme (onder andere as gevolg van Britse oorheersing, die oorloë teen die Britse ryk en die aggressiewe verengelsingsbeleid);
- die daaruit voortspruitende verwydering tussen Afrikaanssprekende groepe (onder andere as gevolg van die ontwikkeling van wit nasionalisme en die verskillende sferes waarin die onderskeie Afrikaanse variëteite verkeer het).

Aan die begin van die negentiende eeu neem Groot-Brittanje die Kaapse kolonie in en dit lei tot veranderde taalomstandighede<sup>50</sup> in Suid-Afrika: Afrikaanssprekendes trek die binneland in;<sup>51</sup> Britse immigrante stroom Suid-Afrika binne hoofsaaklik as gevolg van die ontdekking van grondstowwe<sup>52</sup> in die binneland; inheemse Afrikataal-sprekers migreer<sup>53</sup>; twee Boererepublieke<sup>54</sup> (die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) en die Republiek van die Oranje-Vrystaat) word oorkant die Gariepriver gestig; en Neder-

<sup>50</sup> Vergelyk weer par. 3.1 en 3.3.1 aangaande veranderde taalomstandighede aan die Kaap.

<sup>51</sup> Vergelyk weer par. 3.2.1 waarin die verplasing van Afrikaanssprekendes bespreek word.

<sup>52</sup> Vergelyk weer par. 3.2.3 en 3.3.11 in verband met die ontdekking van grondstowwe in die binneland van Suid-Afrika.

<sup>53</sup> Vergelyk weer par. 3.2.1 waarin aandag geskenk is aan die verhuising van swartmense.

<sup>54</sup> Vergelyk weer par. 3.3.8 in verband met die stigting van die noordelike Boererepublieke.

lands word as die amptelike taal van die Boererepublieke beskou, ondanks die feit dat Engels in die openbare lewe hoog geag is.

Intussen is die Genootskap van Regte Afrikaners<sup>55</sup> in die Paarl gestig (1875) met S.J. du Toit<sup>56</sup> as die dryfkrag daaragter. Die GRA was méér as 'n taalorganisasie en het duidelike politieke agendas gehad wat tot die voordeel van wit nasionalisme en wit Afrikaans gestrek het. Die GRA het onder andere daartoe bygedra<sup>57</sup> dat die wit Afrikaanse variëteit gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu die grafosfeer betree het. Dit het ook tot die voordeel van die wit Afrikaanse variëteit gestrek, aangesien die ander Afrikaanse variëteite toe nog in die logosfeer verkeer het.

Die Anglo-Boereoorlog het aanleiding gegee tot die vinnige ontwaking van nasionalisme in die Boererepublieke. Die Boererepublieke het nie net die oorlog verloor nie, maar veel meer – hulle het ook hulle taalregte verloor deur die aggressiewe verengelsingsbeleid<sup>58</sup> van die nuwe maghebbers van Suid-Afrika.

Die toenemende taalkontak tussen Engels, Nederlands en Kaaps-Hollands (Afrikaans) het bygedra tot taal- en kulturele veranderinge in Suid-Afrika ten gunste van Engels. Dit het die einde van Nederlands as amptelike taal in Suid-Afrika ingelei, aangesien Brittanje Suid-Afrika as 'n eentalige Engelse land wou regeer. Dít het politieke, ekonomiese, kulturele, sosiale en taalveranderinge vir die Afrikaanse konteks geïmpliseer. Aanvanklik het die Afrikaanssprekendes nie besef wat die gedwonge verengelsing ingehou het nie; maar het mettertyd die implikasies begin besef. Engels is onder Britse bewind as onderrigmedium in skole afgedwing; taalassimilasie het 'n taalverskuiwing na Engels bewerkstellig; en Afrikaans is slegs as 'n omgangstaal sonder status beskou. In reaksie op die gedwonge onderrig in Engels is Christelik-nasionale privaatskole met Afrikaans as onderrigmedium gestig.

Die toenemende verengelsingsbeleid het ook tot die onverwagte gelei: die kultivering van Nederlands en die opkoms van Afrikaans as selfstandige taal wat aan hoë en lae taalfunksies voldoen<sup>59</sup> het.

Die feit dat die Afrikaanse variëteit van die wit setlaars vóór die slawe en die Koina se Afrikaanse aanleerdersvariëteite die grafosfeer betree het, is 'n sinvolle vertrekpunt om te verklaar waarom dit juis dié wit variëteit is wat gestandaardiseer is<sup>60</sup>. Die eerste skrywers in Afrikaans was hoofsaaklik nie-Afrikaanssprekendes en hulle het die variëteite van gekleurde Afrikaanssprekendes spottenderwys en met “karikatuurtekeninge” weergegee<sup>61</sup> (Coetzee, 2005:37). Dit het onder andere aanleiding gegee tot die stigmatisering van dié variëteite asook die uitsluiting daarvan in die normerings- en standaardiseringsprosesse van Afrikaans.

---

<sup>55</sup> Vergelyk weer par. 3.2.2 en 3.3.10 aangaande die GRA.

<sup>56</sup> S.J. du Toit was volgens Van Rensburg *et al.* (1997:43) die dryfkrag agter die GRA en kan die sukses van die taalbeweging “slegs aan politieke winste gemeet word”. Na die ontbinding van die GRA was S.J. du Toit die hoof van die politieke organisasie, die Afrikanerbond.

<sup>57</sup> Die GRA het die drukpers van D.F. du Toit tot hulle beskikking gehad (Van Rensburg *et al.* (1997:43).

<sup>58</sup> Vergelyk weer par. 3.3.1 en 3.3.3 in verband met die verengelsingsbeleid.

<sup>59</sup> Vergelyk weer par. 3.3.1.3 aangaande die ontwikkeling van Afrikaans as selfstandige taal.

<sup>60</sup> Vergelyk weer par. 3.3.15 aangaande die standaardisering van Afrikaans.

<sup>61</sup> Die volgende is onder andere voorbeelde van “karikatuurtekeninge”: *Kaatjie Kekkelbek* (1832) van Rex Bain, *Jacob Platjie* (1896) van G.R. von Wielligh wat in die tydskrif *Ons Klijntji* verskyn het (Februari, 1998:2, 6). In 1930 het die spot begin verdwyn en is 'n simpatieker aanslag wat die subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite betref, in die Afrikaanse literatuur waarneembaar (Coetzee, 2005:38).

Gedurende die sosiopolitieke milieu van die negentiende en twintigste eeue het Afrikanernasionalisme hoogty gevier en is die mite dat Afrikaans 'n Germaanse en wit erfenis was, lewendig gehou. Die Nasionale Party, die maghebbers<sup>62</sup> van die grootste gedeelte van die twintigste eeu, het 'n aggressiewer Afrikanernasionalistiese ideologie nagestreef en taalnasionalisme het toenemend deel geword van die ideologie wat gekleurde Afrikaanssprekendes daarby uitgesluit het.

In Suid-Afrika het daar aan die een kant van die taalkontinuum 'n Afrikaanse variëteit ('n subvariëteit van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit) tot gestandaardiseerde variëteit ontwikkel – en aan die ander kant het dié variëteit tot 'n gestigmatiseerde apartheidstaal ontwikkel wat Afrikaans onomkeerbare skade berokken het. Dit het gelei tot die taalverplasing van gekleurde Afrikaanssprekendes na Engels en 'n bitter skeiding onder Afrikaanssprekendes en ander Suid-Afrikaners wat met die Soweto-onluste in 1976 'n hoogtepunt bereik het. Afrikaanssprekendes is gestigmatiseer en Afrikaans is gebrandmerk as “taal van die onderdrukker”, aangesien dit die taal van die maghebbers was.

In die nuwe demokratiese Suid-Afrika ná 1994 word daar meer positief oor Afrikaans gepraat. Die tyd is ook nou ryp om wat in die verlede as gevolg van sosiopolitieke omstandighede nie gesê is nie, te sê. Die Afrikaanse taalgeskiedenis behoort inklusief weergegee te word om daardeur onder andere die mite dat Afrikaans die eksklusiewe erfenis van “wit” Afrikaanssprekendes, is “reg te stel”. Afrikaanssprekendes behoort self by die “regmaakproses” betrokke te wees (Carstens, in 'n onderhoud met Nieuwoudt, 2006:20).

Ek is van mening dat bekendstelling van die skoolgaande jeug aan die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 die beginpunt kan vorm van die “regmaakproses” om die skeiding wat tussen bruin en wit Afrikaanssprekendes geheers het (en steeds heers), te verklein, aangesien Afrikaans die gemene (taal)deler van hierdie groepe is.

Daar moet egter uit die verlede geleer word. Combrink en Verhoef (2006:18) maak in dié verband die volgende sinvolle voorstelle:

- Afrikaans moenie gepolitiseer word nie.
- Neem in ag dat taalomstandighede verskil en pas daarby aan.
- Wees versigtig vir taal-idealisasie.
- Handhaaf 'n balans tussen taaldiversiteit en -gelykberegting.
- Waak teen taalstigmatisering.
- Leer uit die geskiedenis om nie wéér dieselfde foute te begaan nie.

In Hoofstuk 4 word perspektiewe ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans van bepaalde taalteoretici en -historici bespreek met die doel om aan te dui hoe die sosiopolitieke milieu waarbinne 'n bepaalde beskouing tot stand gekom het, 'n invloed uitgeoefen het op die aard van die spesifieke perspektief. In dié proses word aandag geskenk aan die volgende aspekte:

---

<sup>62</sup> Vergelyk par. 3.3.17 in verband met die simboliese assosiasies van Afrikaans.

- ontwikkelinge in die sosiolinguistiek en die betekenis daarvan vir Afrikaans.
- 'n chronologiese oorsig oor individuele perspektiewe oor die ontstaan van Afrikaans.

# HOOFSTUK 4

## Perspektiewe oor die ontstaan van Afrikaans

“n Aanvaarbare weergawe van die ontstaan van enige taal is in enige samelewing noodsaaklik. Daarom is die verklaring van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans belangrik vir alle Afrikaanssprekendes”

(Achmat Davids, 1994b:110).

### Oriëntering

Hoofstukke 2 en 3 het die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die sosiopolitieke milieu van twee tydvakke (1652-1799 en 1800-2000) beskryf. In Hoofstuk 2 is daar gefokus op die invloed wat die bepaalde sosiopolitieke milieu op die ontstaan van die drie historiese Afrikaanse variëteite gehad het. In Hoofstuk 3 is die invloed van die sosiopolitieke milieu op die ontwikkeling van Afrikaans tot kultuurtaal bespreek.

In Hoofstuk 4 verskuif die fokus na die verskillende perspektiewe oor die ontstaan van Afrikaans en die rol wat sosiopolitieke faktore deur die eeue heen in die totstandkoming van sodanige perspektiewe gespeel het.

### 4.1 Inleiding

Kennis van die verlede stel 'n mens in staat om die hede en die toekoms van 'n taal in perspektief te sien (Carstens, 2003b:5). Dit is ook volgens linguïste, politici en joernaliste van belang dat Afrikaanssprekendes weet waar die Afrikaanse taal vandaan kom om 'n identiteit te kan ontwikkel (Greyling, 2005:14; Jansen, 2005a:12; Jackson, 2003:12; Gerwel, 2004a:20; Shaikh, 2004:10; Retief, 2004:16; February, 1998:3).

Taalkundige belangstelling in Afrikaans dateer reeds van vóór die helfte van die negentiende eeu (Ponelis, 1999:3). Gedurende die 19de en die 20ste eeue is uiteenlopende perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gehandhaaf. Dié perspektiewe loop parallel met die geskiedenis van Suid-Afrika en met dit wat die onderskeie regerings sedert die 17de (tot die 21ste) eeu as taalbeleid vasgestel het (Du Plessis, 2003a:132; Verhoef, 1997:2):

- Die VOC se koloniale taalbeleid (1652-1795) het bepaal dat slegs Nederlands aan die vroeë Kaap gepraat mag word. Dit het die sprekers van tale anders as Nederlands genoodsaak om Nederlands aan te leer (Ponelis, 2004:2; Van Zyl, 2002:7; Raidt, 1991:109; Conradie, 1986:82; Scholtz, 1980:37). Dié pogings om Nederlands aan te leer het aanleiding gegee tot

die ontstaan van aanleedersvariëteite<sup>1</sup> van Nederlands onder die inheemse Koina en ingevoerde slawe (Du Plessis, 2001a:72; Van Rensburg *et al.*, 1989:39; Armstrong, 1982:89-90).

- Die Britse imperialistiese taalbeleid (1795-1803, 1806-1925) het vereis dat Engels die dominante taal in Suid-Afrika moes wees (Giliomee, 2004a:184, 185; Scholtz, 1980:3; 1939:16; Steyn, 1980:127; Pienaar, 1943:25-27). Dit het 'n taalverskuiwing na Engels meegebring (Steyn, 2001:137; Conradie, 1986:102) en Afrikaans sonder hoë taalstatus gelaat (Raidt, 1989:115-116).
- In 1852 word die Zuid-Afrikaansche Republiek gestig en die ZAR se republikeinse taalbeleid het bepaal dat Nederlands die twee noordelike Boererepublieke se ampstaal moes wees (Giliomee, 2004a:136, 230). In die twee Boere-republieke, die ZAR en die OVS, het pro-Afrikaanse sentimente ontwikkel en het die stryd begin om Afrikaans as volwaardige taal erken te kry (Steyn, 2001:140-141; Spies, 1986:223, 224; Nieuwoudt, 2005:19).
- Die Nasionale Party-regering se Afrikanernasionalistiese taalbeleid en apartheidsideologie het Afrikaans as erfenis en as eksklusiewe taal van die wit Afrikaner geannekseer (Giliomee, 2004a:441; 2003:7-9). Sodoende het taalnasionalisme deel van die Afrikaner se politieke nasionalisme geword (Raidt, 1991:256). Dit het aanleiding gegee tot die taalverplasing van gekleurde Afrikaanssprekendes na Engels en 'n verdeling en skeiding tussen Afrikaanssprekende groepe van verskillende kleur bewerkstellig (Giliomee, 2004a:354; Raidt, 1991:256).
- Die ANC-regering (1994) se Afrikanistiese taalbeleid bevoordeel Engels, en Afrikaans word as slegs een van elf amptelike tale beskou (Webb, 2001:174-175). Dit het aanleiding gegee tot die "agteruitgang van Afrikaans en Afrikaanse instellings" en dit dra by tot die afskaling van Afrikaans wat deur wit Afrikaanssprekendes aangevoel word as 'n aanslag op hulle taal (Giliomee, 2004a:622).

Die voorafgaande is 'n illustrasie van L.T. du Plessis (1999:143) se konklusie: "Al wat ek hiermee wil sê, is dat taal jou politiek dra en politiek jou taal. Laat daar oor die verbondenheid tussen die twee dan nie meer twyfel bestaan nie."

Die linguistiese situasie in Suid-Afrika was en is steeds ingewikkeld: uit die geskiedenis is dit duidelik dat taal en politiek in die veeltalige en multikulturele Suid-Afrika onlosmaaklik verweef is (Du Plessis, 2003a:132; Van Zyl, 2002:27).

Malan (2005:vi), Jackson (2003:12), Scholtz (2004:16), Du Plessis (2003a:132; 2003b:58), Verhoef (1997:2) en Steyn (1980:305) wys tereg daarop dat elke politieke groep wat aan bewind kom, hierdie magsposisie ingespan het (of steeds inspan) om die een of ander taalbeleid op groepe af te dwing. Wanneer magsverskuiwings plaasvind, misbruik die voorheen onderdrukte groep (nou in die rol van die magshebber) sy posisie om ander groepe weer te onderdruk (Steyn, 1980:303-305). Daarom is die geskiedenis nooit onpartydig nie (Le Roux & De Lange, 2005:15).

---

<sup>1</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.2 en 2.3.3 aangaande die Nederlandse aanleedersvariëteite van die Koina en die slawe.

Die studie van die Afrikaanse taalgeskiedenis was vir 'n lang tydperk vasgevang in 'n greep van uiteenlopende perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans (Kotzé, 2001:105; Raidt, 1991:1; Scholtz, 1981:274). Perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans bestaan al sedert die vroeë negentiende eeu. Nienaber (1934:6) het krities gestaan teenoor die stel van ontstaansperspektiewe aangesien hy geredeneer het dat bewyse gemanipuleer kon word om 'n bepaalde perspektief te ondersteun. Du Plessis (1995b:144, 145) beklemtoon tereg dat 'n taal se geboortedag uiteindelik deur die navorsers daarvan se invalshoeke en perspektiewe bepaal word.

*In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe hierdie uiteenlopende invalshoeke en perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans deur sosiopolitieke faktore gedikteer is en gedikteer word.*

Weens die uiteenlopende perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans het 'n taalpolemie daarvoor ontwikkel wat taalteoretici dekades lank reeds besig hou. Dit het daartoe bygedra dat geen daadwerklike poging aanvanklik aangewend is om Afrikaans se grammatika of leksikon te beskryf nie (Scholtz, 1980:33). Raidt (1991:233) wys daarop dat die Afrikaanse taalwetenskap aanvanklik slegs uit verskillende ontstaansteorieë oor Afrikaans bestaan het.

Kotzé (2001:104) tipeer hierdie bespreking oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans as 'n kontinuum van twee uiterstes: taalkundige nuuskierigheid<sup>2</sup> aan die een kant en "emosionele sienings" oor die "simboliese waarde"<sup>3</sup> van die taal aan die ander kant.

Valkhoff (1967:587) beskuldig navorsers van 'n "albosentriese" perspektief ten opsigte van die wyse waarop hulle die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans verklaar. Jansen (2004:12), Du Plessis (1995b:146) en Esterhuysen (1986:1) is dit ook met mekaar eens dat die studie van Afrikaans tot in die onlangse verlede 'n wit purisme weerspieël het wat die werklike taalhistoriese feite weerspreek<sup>4</sup>.

Dit is hierdie weerspreking van die werklike taalhistoriese feite oor die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, asook die verskillende perspektiewe en invalshoeke van waaruit daar na dieselfde geskiedenis gekyk word, wat nasiebou in Suid-Afrika belemmer (Sleigh, 2004:14; Snyders, 2002:2). Juis daarom behoort die ware taalhistoriese feite oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans aan die breë Afrikaanse publiek bekendgemaak te word. Ek beskou die skool as die aangewese vertrekpunt daarvoor. Lesreekse<sup>5</sup> deur middel waarvan fasette van die inklusiewe taalgeskiedenis van Afrikaans aan leerders onderrig word, kan byvoorbeeld saamgestel word en onder skole versprei word.

<sup>2</sup> Nuuskierigheid oor die verskille tussen die Kaapse Nederlands en Europese Nederlands (Kotzé, 2001:104).

<sup>3</sup> Die beskouing van die taal as "kombuistaal", "witmanstaal" en "taal van die onderdrukker" (Kotzé, 2001:104).

<sup>4</sup> Du Preez (2006:4) som dit soos volg op: "Ons historici het oor die jare darem lekker vir ons gelieg. Ewe onvergeeflik as die invloed wat al die leuens geslagte lank op ons politieke sieninge gehad het, is die feit dat die stoere Boeregeskiedskrywers van die lekkerste stories uit ons verlede doodgeswyg het omdat dit nie hul ideologie gepas het nie."

<sup>5</sup> Vergelyk Hoofstuk 6 waarin 'n Graad 9-lesreeks, waarin fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans ingesluit is, bespreek word.

In Hoofstuk 4 word vervolgens aan die volgende aspekte aandag gegee:

- Ontwikkelinge in die sosiolinguistiek<sup>6</sup> en die betekenis daarvan vir beskouings oor Afrikaans.
- 'n Chronologiese oorsig van linguïste en ander individue se perspektiewe oor die ontstaan van Afrikaans met inagneming van die invloed wat die sosiopolitieke milieu oor drie eeue heen op die ontstaansperspektiewe gehad het.
- 'n Chronologiese indeling van 40 taalteoretici en ander individue se perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.
- 'n Samevatting van die verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans in tabelvorm.

#### 4.1.1 Ontwikkelinge in die sosiolinguistiek en die betekenis daarvan vir Afrikaans

Tot en met die sestigerjare van die vorige eeu was die Afrikaanse taalkunde “deur en deur” diachronies van aard (Ponelis, 1999:3). Gepaard met 'n tendens onder linguïste wêreldwyd het die klem in die sestiger- en sewentigerjare al hoe meer begin val op die bytrek van die *konteks* waarbinne taal gebruik is. Die sosiolinguistiek het die “onlosmaaklike” verband tussen taal en die samelewing beklemtoon (Groenewald, 2002:1). Dit was ook die geval onder taalkundiges in Suid-Afrika (Carstens, 2007b).

Voordat die verskillende ontstaansperspektiewe bespreek word, word relevante ontwikkelinge in die sosiolinguistiek bespreek. Daar word ook verduidelik waarom die sosiolinguistiek, na die mening van Davids (1994b:110), van belang is om 'n aanvaarbare weergawe van die ontstaan van Afrikaans aan te bied.

##### 4.1.1.1 Voor die opkoms van die sosiolinguistiek

Voor die opkoms van die sosiolinguistiek is taal tradisioneel bestudeer buite die sosiale konteks waarbinne dit gepraat is, en is die homogeniteit eerder as die heterogeniteit van tale beklemtoon. Om hierdie rede is variëteite van tale in die verlede as afwykings van die norm – dit is die standaardvariëteit – beskou en met groepe van 'n lae status geassosieer (Fourie, 1985:14; Webb, 1983:229).

Kotzé (1983:1) wys daarop dat die belangrikste beginselverskil tussen die *linguis*, Chomsky<sup>7</sup>, en die *sosiolinguïst*, Labov, in beide navorsers se onderskeie sienings oor wat niestandaardvariëteite is, geleë is. Chomsky se homogeniteitsbeginsel – met die verengde fokus op die geïdealiseerde spreker/hoorder as lid van 'n homogene taalgemeenskap – lei naamlik daartoe dat niestandaardvorme van tale as

---

<sup>6</sup> Du Plessis (1995a:21) gee 'n verduideliking van die term “sosiolinguistiek”: “As die variasie deur sosiale eienskappe van die gebruiker gevoed word, en hierdie taalvariasie word met die sosiale faktore gekorreleer, word daar van die sosiolinguistiek gepraat.” Volgens Carstens (1991:95) kan sosiolinguistiek omskryf word as “... 'n studie van die taalgebruik van taalsprekers binne die sosiale en kulturele konteks waarbinne die betrokke sprekers beweeg” en “die ondersoek na die gebruik van taal in 'n sosiale konteks” (Carstens, 1997:13). Die *HAT* (2005:1068) verklaar sosiolinguistiek soos volg: “Wat 'n studie maak van taal in sy sosiologiese verband”.

<sup>7</sup> Chomsky se Transformasioneel-Generatiewe Grammatika (TGG) ondersoek taal “gedekontekstueerd en gede-humaniseerd” (Carstens, 1991:96). Chomsky se siening van taal is humanisties (taal is 'n uniek menslike vermoë) en beskou taalwetenskap as 'n onderdeel van die kognitiewe sielkunde (Webb, 1983:243).

“ongrammatikale” en “onaanvaarbare” taalvorme<sup>8</sup> beskou word, terwyl Labov juis fokus op die nie-standaardvorme en van mening was dat werklike taagebruik kontekstueel as ’n maatskaplike verskynsel bestudeer behoort te word.

Die bepaalde en bepalende sosiopolitieke milieu van die negentiende en die twintigste eeue in Suid-Afrika het meegebring dat die gebruiksvorme van wit Afrikaanssprekendes die norm vir standaardisasie (formeel en informeel) geword het, en dit het aanleiding gegee tot tiperings van “suiwer Afrikaans” en “Kombuisafrikaans”. Kotzé (1983:3) wys tereg daarop dat dié sosiale beoordeling van die niestandaardvorme van Afrikaans van “purisme” getuig wat op ’n taalwetenskaplike vlak gelykstaande is aan die Chomskiaanse homogeniteitsbeginsel se ontkenning van sosiale en stilisties gemotiveerde variasie. Daarteenoor word taalvariasie binne die sosiolinguistiek as ’n natuurlike en inherente deel van ’n taal beskou.

#### 4.1.1.2 Afrikaanse taalverskeidenheid in die verlede geïgnoreer

“Tot op 1989 had de blanke spreker van de Afrikaanse taal zich niet druk gemaakt over de variëteiten of ze als volwaardig beschouwd. Toen de dichter en dramaturg, Adam Small, in de vijftiger en zestiger jaren zich dan ook gaan (sic) bedienen van een variëteit, werd het smalend afgedaan ...” (February, 1994:5).

Sedert die kolonisasie van die Kaap in 1652 het ’n verskeidenheid tale in wisselwerking met mekaar verkeer en het hierdie wisselwerking die lotgevalle van die tale se sprekers weerspieël (Van Zyl, 2002:6; Kotzé, 2001:108-109; Roberge, 1994:39; Raidt, 1991:90-92; Nienaber, 1934:54-55; 1953:1). Tog is daar in die verlede min melding gemaak van hierdie wisselwerking. Dit is om sosiopolitieke redes uit die wetenskaplike beskouing van Afrikaans geweer om die wit herkoms van Afrikaans te bewaar en Afrikaans vir wit Afrikaanssprekendes te “kaap”, aldus Du Plessis (2001a:70).

Hierdie houding teenoor die Afrikaanse variëteite is toe te skryf aan:

- Die apartheidsideologie – wat die grootste deel van die 20ste eeu die ideologie van die regering (die Nasionale Party) aan bewind was – het Afrikaans (in haar geheel) gelykgestel aan die standaardvariëteit. Die Chomskiaanse homogeniteitsbeginsel het die maghebbers van die apartheidstydvak se politieke ideologieë perfek gepas (Du Plessis, 2003a:129).
- Die Afrikaanse taalverskeidenheid is aanvanklik uit die wetenskaplike beskouing van Afrikaans geweer as gevolg van die rol wat nie-Germaanse tale daarin gespeel het. “So ’n beskouing van die gebrek aan variasie in Afrikaans moet egter teen die agtergrond van die oordeel van die tyd beskou word, naamlik dat ’n dialek as minderwaardige vorm van taal aanvaar word – nie net in die geval van Afrikaans nie” (Du Plessis, 2001a:70).

---

<sup>8</sup> Webb (1983:235) is van mening dat indien die taalwetenskap beperk word tot taalvorme wat verteenwoordigend is van een bepaalde variëteit (byvoorbeeld die standaardvariëteit), sal belangrike (en interessante) linguistiese inligting nooit die lig sien nie.

Eers in die tagtigerjare van die vorige eeu het die variëteite van Afrikaans, danksy die navorsing van Van Rensburg, van die "leliewit" assosiasie begin loskom (Du Plessis, 2001a:70).

#### 4.1.2 Die opkoms van die sosiolinguistiek

Gedurende die veertigerjare van die vorige eeu het die fokus verskuif van die *versameling* van taalgewens na die *bestudering* van data<sup>9</sup> en veral na die taalveranderingsprosesse wat tydens die aanleer van 'n taal voorkom (Grebe, 1997:1).

Dit bring mee dat daar teen 1960 'n hernieude belangstelling in taalkontak, kreoolse tale<sup>10</sup>, pidgintale<sup>11</sup> en taalbeïnvloeding ontstaan het. Die rede vir die aanvanklike gebrek aan belangstelling in kreolisering is volgens Du Plessis (1995a:28) die tradisionele negatiewe beskouing oor pidgins en kreoolse tale.

Daar is sedert die sestigerjare begin om van sosiale en kontekstuele parameters in die bestudering van taal gebruik te maak. Daaruit het dit duidelik geword dat taalverskeidenheid nie op onwetmatighede en idiosinkrasieë dui nie, maar wel op sistematiese wetmatighede – indien sosiale omstandighede in ag geneem word (Raidt, 1991:234; Webb, 1983:234; Kotzé, 1983:5). Hierdie uitgangspunt staan in teenstelling tot Chomsky se homogeniteitsbeginsel, maar sluit aan by Carstens (2003a:281; 1992:51), Halliday (1985:17) en Webb (1989:412-434; 1983:233-235) se sosiolinguistiese siening dat tale inherent heterogeen is.

Gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu is daar besef dat die geskiedenis van 'n samelewing en die ontwikkeling van sy taal as *onskeibaar* hanteer behoort te word. In die negentigerjare van die vorige eeu het taalkundiges benadruk dat *sosiohistoriese data* saam met *taalkundige data* bestudeer moet word. Die gevolg hiervan was dat daar nie meer net aandag geskenk is aanstrukturele aspekte van taalverandering nie, maar dat taalverandering in 'n wyer konteks bestudeer is (Groenewald, 2002:1-2).

Tog het die studie van Afrikaans, ten spyte van bogenoemde sosiolinguistiese filosofie, steeds 'n eensydige blanke purisme weerspieël wat die ware historiese gebeure sedert die 17de eeu weerspreek en sekere historiese gebeure geïgnoreer het (Du Plessis, 1994:127). Die sestigerjare van die vorige eeu is in Suid-Afrika deur apartheid oorheers (Nieuwoudt, 2005:20; Giliomee, 2004a:437-494) en om dié rede is die sienings oor Afrikaans ook deur 'n wit Afrikanersentriese benadering oorheers, aangesien die

---

<sup>9</sup> Een van die belangrikste bronne van kennis aangaande die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in die 18de eeu en eerste gedeelte van die 19de eeu is die dokumente waarin hoofsaaklik voorbeelde van volwasse Kaapse setlaars se taalgebruik voorkom. L.C. van Oordt het dié data in tien dele versamel en uitgegee. Hierdie gegewens is veral in die verlede deur taalnavorsers gebruik om antwoorde te verskaf oor waar Afrikaans vandaan kom (Scholtz, 1981:9). Dié argivale data is egter aanvanklik gebruik sonder om die historiese en sosiopolitieke konteks daarvan in ag te neem (Pieterse, 1995:40-41; Raidt, 1991: 115-116; Webb, 1983:234; Kotzé, 1983:5).

<sup>10</sup> *Kreools* is volgens Du Plessis (1995a:28) 'n *intertaal* en ontstaan (net soos 'n pidgin) "uit die noodsaak vir 'n gemeenskaplike linguistiese sisteem van kommunikasie." ('n Kreoolse taal is volgens Du Plessis 'n voormalige pidgin wat mettertyd 'n primêre taalgemeenskap verkry het en later as 'n moedertaal gebruik word.) Vergelyk ook Mufwene (2001) in hierdie verband.

<sup>11</sup> "Baie vereenvoudigde taalvorm met o.a. woorde uit twee of meer tale en gebruik word tussen taalgemeenskappe wat mekaar se tale nie verstaan nie (HAT, 2005:864). Volgens Du Plessis (1995a:27) is 'n *pidgin* 'n vorm van 'n intertaal met 'n gereduseerde woordeskat en 'n klein stilistiese reikwydte.

ontstaansbeskrywing van Afrikaans aanvanklik eers deur 'n "kolonistiese" en later (in die meeste gevalle) deur 'n "apartheidsbril" beskou is (Du Plessis, 1994:127).

#### 4.1.2.1 Paradigmaverskuiwing vind plaas

In die tagtigerjare van die vorige eeu het 'n wêreldwye paradigmaterskuiwing op taalgebied voorgekom danksy die perspektiewe van "kreoolssprekende kreoliste uit geëmansipeerde gemeenskappe" (Raidt, 2001:4). Die gevolg hiervan was die ontwikkeling van 'n wye verskeidenheid (ook strydende) benaderings deur filoloë en kreoliste oor die ontstaan van Afrikaans (Groenewald, 2002:35).

'n Taaldebat het hieruit ontstaan wat oorheers is deur die vrae of Afrikaans 'n kreoolse taal, 'n semi-kreool, 'n kreolied (of nie één hiervan nie) is én of Afrikaans 'n taal uit Europa of uit Afrika is (Deumert, 2004a:21; Giliomee, 2003:4; Roberge, 2003:15; Kotzé, 2001:105; Coetzee, 2001b:1-2). Dié taaldebate het aanleiding gegee daartoe dat die rol wat ander groepe as die Europese groep in die ontstaan van Afrikaans gespeel het, (uiteindelik) 'n debatsfokuspunt geword het (Giliomee, 2003:4; Carstens & Grebe, 2001:8-9; Grebe, 1997:1).

Die debatsfokuspunt of Afrikaans van kreoolse afkoms was of nie, het egter ingrypende gevolge vir die heersende Suid-Afrikaanse sosiopolitieke apartheidsmilieu<sup>12</sup>, aangesien kreolisering met rassevermenging geassosieer is (Kotzé, 2001:104). Die kreolistiek het die tradisionele Eurosentryse mite dat Afrikaans slegs 'n wit herkoms het, bedreig, maar daar is terselfdertyd ook besef dat die sosiopolitieke, -historiese en -linguistiese milieu in die studie van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans aandag behoort te geniet (Du Plessis, 1994:93).

Kotzé (1994:136) wys op die noodsaaklikheid daarvan om die kreolistiek en sosiale faktore met "mikro-linguistiese ontledings" in die ondersoek van ontwikkelingspatrone van tale te integreer. Dit kan naamlik bydra tot die klassifikasie van tale op grond van die interaksie wat tussen tale bestaan (het).

Tans word die invloed van die Koina en die slawe in die ontwikkeling van Afrikaans nie meer soos vroeër ontken nie, maar daar bestaan volgens Groenewald (2002:4) nog steeds meningsverskille oor die "aard" van die invloed daarvan: kreoliste sien hulle invloed as deurslaggewend, terwyl filoloë hulle invloed slegs as bydraende faktore beskou.

Die sosiopolitieke verandering wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, het ook veranderinge in die taalpatrone van die land meegebring (Van Zyl, 2002:6; Webb, 1992:121-122). Daar is tans elf amptelike tale, en Afrikaans het in 1994 haar status as een van slegs twee amptelike tale verloor (Carstens, 2006; Webb, 2001). Nieuwoudt (2005:20) en Kotzé (2001:110) wys daarop dat 1994 ook die tydperk was waarin talle mites rakende die Afrikaner en Afrikaans blootgelê is, aangesien die demokratisering van 'n ruimer Afrikaanse taalgemeenskap daartoe gelei het dat die wit sprekers van Afrikaans nie meer die eksklusiewe basis vir gestandaardiseerde spraak gevorm het nie.

---

<sup>12</sup>Die apartheidsbeleid van die heersende Nasionale Party het rassevermenging veroordeel (Giliomee, 2004a:413-414).

#### 4.1.2.2 Duidelike verband tussen 'n taal se geskiedenis en die ontstaan van variëteite

"Leer meer van mekaar se geskiedenis om meer insig en begrip te hê. Luister na die stories van Suid-Afrika"

(Eerwaarde Moss Ntsha, 2005).

Die studie van die variasie in Afrikaans teen die agtergrond van die sosiolinguïstiek – soos Labov dit sien – het die studie van die Afrikaanse taalverskeidenheid 'n nuwe rigting ingestuur<sup>13</sup> (Du Plessis, 2001a:77, 79).

Die sosiolinguïstiek het bevestig dat daar 'n duidelike verband tussen 'n taal se geskiedenis en variëteite binne die taal bestaan (Van Rensburg, 1989:436; Du Plessis, 1995b:144). Du Plessis (2001a:69) beklemtoon dat dit onafwendbaar geword het om in die bespreking van die taalgeskiedenis van Afrikaans óók op die historiese Afrikaanse variëteite te fokus. Ek is van mening dat daar in die verlede in die bespreking van die taalgeskiedenis van Afrikaans nie omvattend genoeg op die Afrikaanse variëteite gefokus is nie. Die rol wat die historiese Afrikaanse variëteite in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, is om sosio-politieke redes onderbeklemtoon, of gewoon net nie verstaan nie<sup>14</sup>.

#### 4.1.2.3 Meer as net die standaardtaalgeskiedenis van Afrikaans

Die Afrikaanse historiese variëteite is veel ouer as die Afrikaanse standaardtaal, aangesien Afrikaans tot aan die einde van die 19de eeu slegs 'n spreektaal was. *Die Afrikaanse standaardtaalgeskiedenis alléén (die vroeë spreektaalgeskiedenis van Afrikaans buite rekening gelaat) is ontoereikend en ontoeganklik<sup>15</sup> vir 'n groot deel Afrikaanssprekendes wat óók 'n rol in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.* Die volle spektrum van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, waaraan wit én gekleurde Afrikaanssprekendes 'n deel en 'n erfenis het, kan sonder die inklusiewe spreektaalgeskiedenis van Afrikaans volgens Boesak (2006), Gerwel (2005c:16; 2004a:20), Davids (1994b:110), De Villiers (2006:vii), Jansen (2005a en b) en Shaikh (2004:10) nie werklik tot sy reg kom nie.

Die hedendaagse Afrikaanse variëteite is lewende getuies van die gevolge van die taalkontak situasie wat aan die vroeë Kaap tussen wit en gekleurde voorgekom het, en dit het aanleiding gegee tot die taalkontakevolusie<sup>16</sup> van Afrikaans (Du Plessis, 1995b:144).

---

<sup>13</sup> Vergelyk ook par. 4.1.1 waarin die opkoms van die sosiolinguïstiek en die betekenis daarvan vir Afrikaans bespreek word.

<sup>14</sup> Vergelyk Hoofstuk 1, par. 1.1 in dié verband.

<sup>15</sup> Die (Afrikaner-nasionalistiese) taalgeskiedenis van die standaardvariëteit van Afrikaans is ontoereikend en ontoeganklik vir bruin Afrikaanssprekendes, aangesien bruin Afrikaanssprekendes hulle nie daarmee kan vereenselwig nie. Hulle aandeel in die taalgeskiedenis van Afrikaans is in die verlede (en steeds?) geminimaliseer (February, 1994:1, 4-6).

<sup>16</sup> Die Koina, ingevoerde slawe en Europese setlaars was gedurende die ontstaanstydperk in die vroeë Kaap in volgehoue taalkontak met mekaar. Danksy dié kontak het die historiese Afrikaanse variëteite hul beslag gekry en word daar van die evolusie van Afrikaans in die Kaapse kontak situasie gepraat. Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.

#### 4.1.2.4 Afrikaanse taalverskeidenheid teen die agtergrond van die sosiolinguistiek

“Dit is eers wanneer die navorser sosiolinguisties ingestel is dat ’n ander soort optekening van variasie begin sin maak” (Du Plessis, 2001a:73).

Die Afrikaanse taalverskeidenheid word sedert die tagtigerjare van die vorige eeu deur talle Afrikaanse taalkundiges teen die agtergrond van die sosiolinguistiek gestel. Die verskil<sup>17</sup> tussen die linguïes en die sosiolinguïes lê daarin dat die linguïes taal in homogeniteit wil ondersoek, terwyl die sosiolinguïes se belangstelling breër en in hoofsaak op die spreker van die taal se sosiale agtergrond gerig is (Esterhuyse, 1986:2; Webb, 1983:234). Kotzé (2001:104) wys tereg daarop dat taal nie net as ’n suiwer linguïstiese aangeleentheid bestudeer kan word nie en dat taal gevolglik as ’n maatskaplike en sosiopolitieke verskynsel bestudeer behoort te word. Die ontstaan en ontwikkeling van ’n taal is onlosmaaklik aan die spraakgemeenskap verbonde wat die taal as kommunikasiemiddel in die daaglikse omgang gebruik. Daarom weerspieël ’n taal die “lotgevalle” van haar sprekers (Raidt, 1991:89; Webb, 1983:234).

Daar was in die verlede min sprake van wetenskaplike navorsing<sup>18</sup> op die gebied van die Afrikaanse taalverskeidenheid. Daar is teen die einde van die 20ste eeu probeer om die Afrikaanse taalverskeidenheid wetenskaplik vanuit ’n historiese perspektief te beskryf. Dit het aanleiding gegee tot die navorsing van onder andere Hans den Besten en Christo van Rensburg (Du Plessis, 2001a:72; 2003a:130, 138-139). Den Besten (1989:207 e.v.) en L.T. du Plessis (1992:93) is tereg van oordeel dat die opkoms van die sosiolinguïstiese benadering ten opsigte van die Afrikaanse variëteite, asook politieke liberalisme en demokrasie aanleiding gegee het tot nuwe sosiolinguïstiese perspektiewe rakende die oorsprong van Afrikaans.

Die Afrikaanse taalhistorikus Christo van Rensburg (1990:68-86) se beskouing oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans hou verband daarmee dat *synchroniese* verskynsels belangrike lig kan werp op *diachroniese* prosesse. Die deeglike beskrywing van die hedendaagse Afrikaanse variëteite kan lei tot beter insig in die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans: “... it is important to note that modern variation in Afrikaans suggests the contact history of the language; the three varieties that can be distinguished are evidence of the fact that Afrikaans is the result of contact between Dutch and the language of the Khoe and the slaves ....” (Du Plessis, 2003a:139). Die ontstaan en ontwikkeling van ’n taal kan derhalwe nie net aan die hand van die standaardvariëteit gedefinieer word nie, maar wel as die totaal van al die variasie moontlikhede van die taal (Du Plessis, 2003a:139; Webb, 1989:412).

Hierdie sosiolinguïstiese benadering ten opsigte van die taalverskeidenheid van Afrikaans lei ’n nuwe era ten opsigte van die siening van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in. “Nuu” kan dalk die verkeerde woordkeuse wees, aangesien verskillende teorieë reeds vóór 1970 ’n meer inklusiewe benadering ten opsigte van die oorsprong van Afrikaans gesuggereer het waarin die rol van die Koina en

<sup>17</sup> Vergelyk par. 4.1.1.1 vir die verskil tussen die linguïes en die sosiolinguïes.

<sup>18</sup> S.A. Louw was egter ’n pionier met sy taalgeografiese navorsing (1941, 1948). Sien par. 4.2.20 vir meer aangaande Louw.

ingevoerde slawe meer beklemtoon word. Desondanks is dié “nuwe” benaderingswyse aanvanklik nie ernstig deur die hoofstroomlinguïste in Suid-Afrika opgeneem nie (Du Plessis, 2003a:129).

In die volgende gedeelte van die hoofstuk word aangetoon hoe taalwetenskaplikes en historici se perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans sedert kolonisasie (1652) tot met die demokratisering van Suid-Afrika in 1994 deur die sosiopolitieke faktore (wat die tydgees bepaal het) beïnvloed is.

#### **4.2 Chronologiese weergawe van verskillende perspektiewe op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans**

Die onderstaande frase uit die gedig “Die klippe praat” van P.J. Philander, wat in die bundel *Poskaarte* (1997:3) verskyn, dui op die spreker van die gedig (’n inheemse inwoner) se verwyt dat die Suid-Afrikaanse opgetekende (taalontwikkelings)geskiedenis sedert kolonisasie nie die (ware) feite weergee nie en die rol wat die inheemse inwoners daarin gespeel het, nie erkenning daarin geniet nie.

Sedert die Rijger, Goede Hoop en Drommedaris  
bewaar julle valse stukke by die argivaris.

In hierdie afdeling van Hoofstuk 4 word aandag geskenk aan die verskillende ontstaansperspektiewe oor Afrikaans, aangesien daar sedert die laat-negentiende eeu uiteenlopende (en mededingende) perspektiewe ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans na vore gekom het (Roux, 2001:9).

Taalteoretici en -historici se belangstelling in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans is kort ná die stigting van die GRA in 1875 geprikkel (Du Plessis, 2003a:129). Dié belangstelling het aanleiding gegee tot die stel van verskillende en uiteenlopende perspektiewe ten opsigte van die oorsprong van Afrikaans. Die eerste taalkundiges wat hulle oor Afrikaans uitlaat, onder andere Changuion (1844) en Mansveldt<sup>19</sup> (1884), is niemoedertaalsprekers van Afrikaans (Raidt, 1991:241; Du Plessis, 1995b:144-145). Scholtz (1981:29) het in hierdie opsig beklemtoon dat alles wat tot 1896 oor die verklaring van die ontstaan van Afrikaans gesê is, as voorwetenskaplik beskou behoort te word.

Vir ’n gedeelte van die 20ste eeu is (deur die filoloë) aanvaar dat Afrikaans in wese Nederlands is met onbelangrike invloede van Frans, Duits, Engels en Koi- en slawetale, asook van inheemse swart tale. Hierdie hipotese het die Nasionale Party se apartheidsfilosofie van Suid-Afrika na die mening van Du Plessis (2003a:129) soos ’n “handskoen gepas” en Afrikaans is tot die ongemak van taalkundiges, onder

<sup>19</sup> N. Mansveldt (1884) het, alhoewel van die afleidings wat hy maak foutief was, ’n belangrike leksikografiese bron vir sy tyd saamgestel waarin Afrikaanse uitspraak, woorde en uitdrukkings noukeurig beskryf word (Van der Merwe, 1971:xiii).

andere Raidt (1991:256), as eksklusief die taal van die wit Afrikaner beskou. Met die opkoms van die sosiolinguistiek het daar 'n ommekeer in die fokus van die hipotese oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans begin voorkom (Grebe, 1977:77). Die rol wat die Koina en die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in die vroeë Kaap gespeel het, is na my mening (uiteindelik) met nuwe belangstelling bejeën.

Sedert die tagtigerjare van die vorige eeu het linguiste meer inklusiewe beskouings oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans begin huldig. Volgens Afrikaanse historici soos Giliomee (2004a:40-42) en navorsers oor die diachronie van Afrikaans, soos Du Plessis (1995b:144-158), Poneis (1993:30) en Van Rensburg (1990:25-86), het die historiese Afrikaanse aanleedersvariëteite onder andere tot die *genesis* van Afrikaans bygedra. Taalwetenskaplikes en historici het as gevolg van bepaalde en bepalende sosiopolitieke filosofieë van hulle tyd bostaande stelling volledig of gedeeltelik erken, óf volledig of gedeeltelik ontken óf die middeweg gevolg. (Sien Tabel 4.4.1.)

In die volgende afdeling van Hoofstuk 4 word dié onderskeie erkennings of ontkenings van die betrokke stelling deur bepaalde historiese linguiste chronologies bespreek, en waar moontlik word die linguis/historikus se perspektief ten opsigte van die drie historiese Afrikaanse variëteite aangetoon.

#### 4.2.1 M.H.C. Lichtenstein<sup>20</sup>

Martin Hinrich Carl Lichtenstein (1780-1857) het tydens sy reise na Suid-Afrika opgemerk dat die taal van die Hollandse setlaars aan die Kaap reeds vroeg in die 19de eeu sodanig van Europese Nederlands afgewyk het dat Europees-gebore Hollanders dit onverstaanbaar begin vind het. Lichtenstein was van mening dat die Hollandse setlaars hulle taal opsetlik vereenvoudig het om dit vir die Koina verstaanbaar te maak. Dié vereenvoudigde taal het volgens Lichtenstein die taal van die Hollandse setlaars aan die Kaap geword (Pienaar, 1943:15; Raidt, 1991:168-169).

Lichtenstein (1811:136) maak ook melding van die rol wat die Kaapse vroue<sup>21</sup> in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het as meesteres oor slawe- en Koi-bediendes. Hy beklemtoon die feit dat die Kaapse vroue meer as een keer in hulle lewe getrou<sup>22</sup> het en aan baie kinders die lewe geskenk het (Lichtenstein, 1811:173). Die noue kontak wat tussen die Kaapse werkgewers<sup>23</sup> en hulle werknemers, die slawe en die Koina, geheers het, het volgens Lichtenstein tot die taalverandering in die Kaap bygedra. Dit lei tot Lichtenstein se verklaring dat die taal wat aan die Kaap gepraat is, 'n vermenging van slawetale en Nederlands was (Pienaar, 1943:14-16).

---

<sup>20</sup> Dr. M.H.C. Lichtenstein reis tussen 1802 en 1806 na Suid-Afrika. Hy was 'n ontdekkingsreisiger en medikus en as professor verbonde aan die Friedrich-Wilhelms-Universiteit in Berlyn. Lichtenstein is die outeur van *Reisen im Südlichen Afrika 1803, 1804, 1806 und 1806* (Lichtenstein, 1811 en 1812).

<sup>21</sup> Vergelyk ook onder andere Raidt (1991:111, 1997:175-257) aangaande die rol wat vroue aan die vroeë Kaap as taalveranderingsagente gespeel het.

<sup>22</sup> Dikwels met mans van verskillende nasionaliteite en tale. Vergelyk ook in hierdie verband Raidt (1994).

<sup>23</sup> Veral die Kaapse vroue as werkgewers. Davids (1994a:44) sou byna twee eeue later in sy perspektief ook die "intieme" verhouding tussen die slawevroue, setlaarmans en as huisslawe vir setlaarvroue as 'n belangrike faktor in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans beskou.

#### 4.2.2 J.G. Swaving<sup>24</sup>

J.G. Swaving noem in sy boek *Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotsverwisselingen* (1830) die taal wat aan die Kaap gepraat word "verbasterde Nederlands". Swaving tref die volgende onderskeiding tussen die Kaapse groepe se vorme van Nederlands:

- 1) *Bastaard-Hollands* van "kaffer en Hottentot" (sic);
- 2) Hollands wat gekontamineer is deur *Bastaard-Hollands* (Dié verbasterde soort Nederlands waarvan Swaving melding maak, is deur die setlaarboere, die slawe en die Koina, asook "heidense stamme"<sup>25</sup> gepraat), en
- 3) Suiwer Hollands wat mense gepraat het wat in Nederlands gebore en opgevoed is. (Raidt, 1991:169-170).

Swaving se drieledige onderskeiding ten opsigte van die soorte gesproke Nederlandse vorme wat aan die vroeë Kaap gepraat is, dui onder andere op die teenwoordigheid van Koi-sprekers se aanleerdersvariëteit wat Swaving as *Bastaard-Hollands* beskryf, asook op 'n variëteit wat deur die setlaarboere, Koina en slawe gepraat is. Lichtenstein beskou dié twee variëteite as "verbasterde" variëteite wat die invloed van die setlaars, slawe en Koina op Hollands suggereer. Met hierdie onderskeiding tref Swaving, soos 'n kind van sy tyd wat "suiwer" Nederlands as die taalvorm van "opgevoedes" beskou het, volgens my eintlik 'n onderskeid tussen beskaafde en onbeskaafde (sic) taal.

#### 4.2.3 A.N.E. Changuion<sup>26</sup>

In A.N.E. Changuion se Afrikaanse glossarium met aantekeninge, *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld* en gepaardgaande aanhangsel *Proeven van Kaapsch Taaleigen* (1844), dokumenteer hy sy waarnemings oor die grammatika en spraak van die Kapenaars. Dit het volgens Raidt (1991:241-242) ten doel om die diskontinuiteit<sup>27</sup> tussen die Kaaps-Hollandse vernakulêr en die Nederlands in Europa aan te toon, asook om die opname van Duitse en Franse woorde in Afrikaans te ondersoek. Van der Merwe (1971:ix) maak melding van Changuion se insluiting van 'n "taamlike getal" Engelse woorde in sy woorde-lyste<sup>28</sup>.

Volgens Raidt (1994:318) wys Changuion reeds in die negentiende eeu op *maatskaplike* en *geografiese verskille* in die Kaapse taalgebruik, maar fokus (soos 'n kind van sy tyd) meer op Nederlands. Coetzee

---

<sup>24</sup> Swaving was 'n Nederlander wat in Oos-Indië en Suid-Afrika rondgereis het. Hy het o.a. as tolk aan die Kaapse Hooggeregshof opgetree (Raidt, 1991:169-170).

<sup>25</sup> Moontlik swart stamme.

<sup>26</sup> A.N.E. Changuion was opvoedkundige, 'n taal- en letterkundige, 'n kerkman en 'n politikus, asook die inisieerder van die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika (Van der Merwe, 1971). Changuion was 'n professor in Nederlands aan die Zuid-Afrikaanse Athenaeum in Kaapstad in 1831-1841 (Raidt, 1991:170, Scholtz, 1981:230). Changuion se werk *De Nederlandsche taal in Zuid-Afrika hersteld* (1844) is volgens Coetzee (1951:1) een van die eerste taalkundige werke wat met erns bejeën is.

<sup>27</sup> Soos ook Lichtenstein (1811).

<sup>28</sup> H.C.V. Leibbrandt (1859) stel woordelyste saam waarin die verskil tussen die "Blanketaal" en die "Hollands-Hottentots" aangedui word. Leibbrandt se woordelyste bevat ook Oosterse woorde wat aan die Kaap voortgeleef het (Van der Merwe, 1971:xi).

(1951:1-2), 'n dialektograaf, beskou Changuion as die eerste taalkundige wie se werk ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans werklik as van belang beskou kan word.

Changuion lewer voortdurend kommentaar oor die foutiewe vorme van die “Kaapsche spraak” wat volgens hom reggestel behoort te word (Raidt, 1994:164; 1991:241). Changuion was 'n kampvegter vir die behoud van korrekte Nederlands aan die Kaap. Dit kan begryp word, aangesien Changuion jare lank betrokke was by die onderrig van Nederlands in *Het Zuid-Afrikaansche Athenaeum* in Kaapstad (Conradie, 1986:103).

Changuion het onderskeid getref tussen “de gemeenzame spraak” en die taalgebruik van “de openbare spreker” asook tussen beskaafde (“... dat de beschaafde klasse overal haar best doet om het kenmerkende der Kaapsche spraak af te leggen...”) en onbeskaafde (sic) taalgebruik (Scholtz, 1981:178, 230).

Changuion het rondom 1840 vier “skakerings” van Nederlands aan die Kaap onderskei:

- 1) Suiwer Nederlands; (beskaafde taalgebruik);
- 2) Hoog-Hollands van die VOC-amptenary; (“Wie de Kaapsche tongval verzaakt word gezegd *hoog* Hollands te spreken” (Changuion, 1844);
- 3) Plat-Kaaps van die ander wittes en Engelse aan die Kaap, en
- 4) Plat-Kaaps soos deur die Koina gepraat. Die “Plat-Kaaps” van die Koina dui op hulle Nederlandse aanleedersvariëteit (Van der Merwe, 1970:42).

Changuion en Swaving se onderskeidings ten opsigte van die Hollandse vorme wat in die vroeë Kaap gepraat is, toon duidelike ooreenkomste: Beide maak melding van “Suiwer Nederlands”, die variëteit wat die Koina gepraat het, sowel as die variëteit van die wit setlaars wat van “Suiwer Nederlands” verskil het. Swaving het nie 'n onderskeid tussen “Suiwer Nederlands” en die Hollands van die VOC-amptenare soos Changuion getref nie, omdat hy waarskynlik die twee sprekergroepe as een groep beskou het.

Du Plessis (2001a:73) vind dit jammer dat Changuion slegs die taal beskryf wat in Kaapstad gebruik is, maar hy is ook van mening dat Changuion sy tyd vooruit was, aangesien Changuion reeds gedurende 1840 sosiolinguïstiese uitsprake gelewer het wat dit moontlik maak om die taalvariasie te begryp wat in Afrikaans voorkom.

#### **4.2.4 Die GRA**

Alhoewel dit die doel van die GRA was om Afrikaans as kultuurtaal te vestig (Giliomee, 2004a:184; Raidt, 1991:2482-56), het die opdrag aan sy lede om variasie in Afrikaans na te vors, volgens Du Plessis (2001a:74) aanleiding gegee tot 'n doelbewuste belangstelling in onder andere taalvariasie. Tog het *Di Patriotwoordeboek* (1902), volgens Coetzee (1951:5), min variasie ingesluit.

Esterhuysen (1986:29-30) is van mening dat, ondanks dié opdrag aan GRA-lede om variasie na te vors, die GRA steeds sosiolinguistiese mites tot stand wou bring wat die blankgeoriënteerde siening van die bepaalde sosiopolitieke milieu ondersteun het: gekleurde Afrikaanssprekendes se moedertaal is “anders” (lees “onbeskaafd”) as dié van wit Afrikaanssprekendes se moedertaal.

Gerwel (1983:40-41) is op sy beurt van mening dat die verhaal van die Afrikaanse taalgeskiedenis, soos deur die GRA verkondig, “n ideologiese reproduksie van die werklike geskiedenis was.” Die GRA wou beklemtoon dat Afrikaans uit Standaardnederlands ontwikkel het, aangesien die GRA<sup>29</sup> die persepsie wou vestig dat Afrikaans van Nederlandse en Germaanse herkoms was (Ponelis, 1993:70). In hierdie verband wys Giliomee (2004a:178) daarop dat ’n belangrike GRA-lid, S.J. du Toit (sien par. 4.2.12), ontken het dat Afrikaans die taal van die gekleurdtes ook was. S.J. du Toit het naamlik die standpunt gehuldig dat die Koina hulle tale afgelê het en Afrikaans, “n witmanstaal, ’n suiwer Germaanse taal”, aangeneem het. Die GRA het volgens Raidt (1994:290) doelbewus die (wit) historiese Oostelike Afrikaanse variëteit gekies as grondslag vir die uitbouing van die taal.

Na my mening is die volgende twee sake in hierdie opsig van belang: 1) die historiese sosiopolitieke konteks waarin die GRA opgetree het en Afrikanernasionalisme wat sterk na vore getree het; asook 2) die feit dat die historiese Oostelike variëteit van Afrikaans in die Westerse<sup>30</sup> grafosfeer was (terwyl die ander twee historiese Afrikaanse variëteite hoofsaaklik nog in die logosfeer verkeer het) en dat hierdie feit bygedra het tot die standaardiseringsproses van die (wit) Afrikaanse variëteit<sup>31</sup>.

Hierdie stereotipering van gekleurde Afrikaanssprekendes se taal deur die GRA het ook daartoe gelei dat die gemiddelde leerder tydens die apartheidsmilieu in die Afrikaansklas geleer het dat Afrikaans die “unieke skepping van wittes” was en “in die Paarl gebore” is (sien Hoofstuk 5, par. 5.2.2, par. 5.4.2 en par. 5.5.1).

Ek is van mening dat die kromgetrekte taalgeskiedenis van die verlede reggestel moet word. Afrikaanssprekende leerders wat tans op skool is, kan byvoorbeeld aan die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans blootgestel word deur fasette van dié geskiedenis by die NKV-leerinhoud te integreer. (Sien Hoofstuk 6, par. 6.2.2, par. 6.2.3, par. 6.2.4, par. 6.2.5 en par. 6.3 asook Bylae A vir ’n voorbeeldesreeks.)

---

<sup>29</sup> Om hierdie rede het die GRA in stryd met Hesseling getree aangesien hy die perspektief gehuldig het dat Afrikaans óók danksy die invloed van gekleurde sprekers tot stand gekom het.

<sup>30</sup> Tekste in Arabiese ortografie het reeds voor die GRA-tydperk verskyn (Davids, 1990:2, 1991:80-81; Kotzé, 1983). Die Westerse grafosfeer was egter die norm.

<sup>31</sup> Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit was die variëteit wat die setlaars gepraat het en dit was ook die Afrikaanse variëteit waarop die standaardisering van Afrikaans uiteindelik geskoei is.

#### 4.2.5 F. von Hoogendorp<sup>32</sup>

F. von Hoogendorp (1879:297 e.v.) noem die gebruik van talryke Franse<sup>33</sup> en Maleise<sup>34</sup> woorde asook Engelse en Duitse uitdrukkings<sup>35</sup> wat aan die Kaap in die "Afrikaansch-dialek" opgeneem is<sup>36</sup>. Dit is opvallend dat die Koina se invloed nie in Van Hoogendorp se perspektief na vore kom nie. Van Hoogendorp (1879:297 e.v.) maak (ondanks die uitsluiting van die Koina se rol) tog melding van uitroepe soos *eina*, en *hè*, wat van Koi-taalinvloede getuig, maar skakel dit nié met Koi-beïnvloeding in die ontwikkeling van Afrikaans nie. Na my mening is dit waarskynlik die gevolg van die politieke filosofieë van dié tyd, waartydens nie-Germaanse invloede op Nederlands as negatief beskou is.

Von Hoogendorp (1879:297 e.v.) neem 'n verskil waar (soos ook Changuion en Swaving) tussen die "Hoog-Hollands" en die Hollands wat in die Kaap gepraat is. Von Hoogendorp beskryf die verskil soos volg: "Dat verschil ligt in den inzet, den toon en de buiging der stem." Wat die taal van trekveeboere in die afgeleë streke van die Kaap betref, maak Von Hoogendorp ook 'n waarneming: "Zijn spraak is langzaam en eenigszins moeilijk." Von Hoogendorp bevestig die bestaan van die setlaars se Nederlandse variëteit wat van Europese Nederlands verskil het.

#### 4.2.6 T. Hahn<sup>37</sup>

Theophilus Hahn (1882:36-37 e.v.) se "Hottentots"-teorie fokus hoofsaaklik op die invloed wat die Koi-tale op die Hollands van die Kaapse setlaars uitgeoefen het. Hahn is van mening dat Afrikaans foneties Germaans is en "psigologies" 'n Koi-idioom het, aangesien die "patois"<sup>38</sup> in die eerste plek by Oosterse en Koi-kinderoppassers aangeleer is. As gevolg van die geïsoleerde bestaan wat die setlaars op plase gevoer het, is die setlaarkinders se taal veral deur hulle Koi-speelmaats (wat sprekers van die "patois" was) se taal beïnvloed.

Hahn is verder van mening dat selfs die volwasse setlaars nie die "degraderende" effek van hulle Oosterse en Koi-werkers kon ontsnap nie. Van Rensburg (1999a:4) wys daarop dat Hahn se perspektief waarskynlik die intertaal van die Koina (met Nederlands as teikentaal) betrek.

Dit wil voorkom of Hahn die Koina se nie-Europese invloede op Hollands as "degraderend" beskou. Tog het hy belangrike waarnemings gemaak. Eerstens dokumenteer hy die invloed wat Oosterse en Koi-

---

<sup>32</sup> Baron Von Hoogendorp was omstreeks 1875 'n joernalis in Bloemfontein. Hy vertrek in 1877 terug na Nederland waar hy sy Suid-Afrikaanse ervaring boekstaaf.

<sup>33</sup> Franse woorde wat herinner aan die Franse Hugenote aan die Kaap.

<sup>34</sup> Maleise woorde wat ten tye van die VOC-tydperk aan die Kaap voorgekom het.

<sup>35</sup> Engelse en Duitse uitdrukkings wat vanuit Europa na die Kaap gebring is. Changuion se woordelyste het ook 'n aantal Duitse, Franse en Engelse woorde ingesluit.

<sup>36</sup> Von Hoogendorp se beskouing toon ook ooreenkomste met Changuion, afgesien daarvan dat Changuion nie Maleise woorde in sy woordelyste opgeneem het nie.

<sup>37</sup> Dr. Hahn, 'n sendelingseun, is in Suid-Afrika gebore en ontvang sy opleiding in die taalwetenskap in Duitsland (Nienaber, 1984:83). Hahn is die outeur van *On the science of Language and its study, with special regard to South Africa* (1882). Hahn se "Hottentots-teorie" van 1882 was volgens Raidt (1975:39) die eerste poging tot 'n meer wetenskaplik verantwoordbare verklaring. Hesseling (1923) se perspektief sou 40 jaar later ook as 'n "Hottentot-teorie" in die literatuur bekend staan.

<sup>38</sup> *Patois*: gewoonlik 'n neerhalend bedoelde term vir 'n plaaslike dialektiese taalvorm (HAT, 2005:854).

kinderoppassers op die taal van Kaapse kinders<sup>39</sup> gehad het. Tweedens dokumenteer hy die bestaan van die Koina se aanleedersvariëteit.

Hahn se gevolgtrekking<sup>40</sup> dat Afrikaans foneties Germaans is en psigologies 'n Koi-idioom het, dui daarop dat Afrikaans onder andere ook deur die Afrika-idioom gevoed is en dat Afrikaans, soos dit later ook in Den Besten (1989) se teorie na vore sou kom, en deur Raidt (1991:20) in haar bekende boomdiagram voorgestel sou word, "wortels" in beide Europa en Afrika het.

#### 4.2.7 C. Stoffel<sup>41</sup>

Cornelis Stoffel (1882), 'n niemoedertaalspreker van Afrikaans, leer Afrikaans volgens Nienaber (1984:73) ken uit die vroeë GRA-publikasies en skryf 'n artikel oor Afrikaans: "Eene wettige dochter der Hollandse taal" in die *Volksalmanak voor het jaar 1882*. Stoffel (1882) was (soos 'n kind van sy tyd wat die beskaafde vorm (sic) van Nederlands hoog geag het) van mening dat die GRA moed gehad het om "een skijnbaar barbaarsch gebroken Hollandsch tot schrijftaal te verheffen."

Stoffel is van mening dat die spreektaal van die Kapenaars:

... het natuurlijk uitvloeisel (is) van de behoefte aan een gemakkelijk en handelbaar middel tot gedachtenwisseling tussen Hollanders eenerzijds, en anderzijds Franschen, door den drang der omstandigheden genoodzaak werden hunne moedertaal op te offeren. En zoo is eene taal ontstaan, waarvan de grondstof, de woordeschat Hollandsch, wellicht specifiek Noord-Hollandsch is, maar die het grootste gedeelte van haren vroegeren spraakkunstigen toestel heeft opgeofferd om aldus hare aanleering door Franschen gemakkelijk te maken. Die taal is dus het uitvloeisel van een natuurlijk onbewust voltrokken *compromis*.

Stoffel het lank die perspektief gehandhaaf dat Frans<sup>42</sup> die deurslaggewende faktor in die ontstaan van Afrikaans was (Scholtz, 1981:29). Dit is belangrik om daarop te let dat Stoffel in hoofsaak slegs die invloed van Europese tale op die wording van Afrikaans bespreek.

---

<sup>39</sup> Die taal van Kaapse kinders beskou ek as 'n belangrike faktor in die wording van Afrikaans, maar te wyte aan onvoldoende navorsingsdata, argivaal sowel as sosiaal, moontlik onderskat word. Vergelyk ook Raidt (1991:115-237) aangaande die bestaande navorsingsdata vir die bestudering van Afrikaans. Sien Schuchardt (1885:464), Hesseling (1897:138 e.v.), Bosman (1923:143-146), Kloeke (1950:357) en Grebe (1997:24,25) se beskouings oor die rol van kindertaal aan die vroeë Kaap.

<sup>40</sup> Dit is volgens Bosman (1923:16) die oudste verklaring van die "karakter" van Afrikaans. Hahn het die gevolgtrekking tydens 'n lesing in 1882 aan lede van die *Kaapstadsche Bilbioteek* gesê. Bosman (1923:17) het nie met Hahn se gevolgtrekking saamgestem nie.

<sup>41</sup> Stoffel was 'n onderwyser in Engels aan die Openbare Handelskool in Amsterdam. Cornelius Stoffel is die outeur van die artikel *Een wettige dochter der hollandsche taal* wat in 1882 in die *Volksalmanak voor het jaar 1882* verskyn het.

<sup>42</sup> Dit het later duidelik geword dat die rol van Frans op die wording van Afrikaans oorskakel is (Roberge, 2003:16; Waher, 1994:105; Ponelis, 1993:21; Raidt, 1991:109; Steyn, 1980:112-113). Vergelyk Pheiffer (1980) in hierdie verband.

#### 4.2.8 H. Schuchardt<sup>43</sup>

Hugo Schuchardt word deur Markey (1982:204) as die “vader van die kreolistiek” beskryf. Schuchardt (1891) was van mening dat twee faktore tot die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans aanleiding gegee het:

- 1) die Duitse invloed op Afrikaans, en
- 2) moontlike kreolisering.

Ten tye van Schuchardt se kreolitiese uitsprake het Afrikanernasionalisme begin ontwikkel en het Afrikanernasionalistiese sentimente daartoe bygedra dat enige kreoolse eienskappe<sup>44</sup> uit die wordingsgeskiedenis van Afrikaans geweier is om die “wit” Germaanse herkoms van Afrikaans te beklemtoon (Du Plessis, 1995a:28; February, 1994:4; 1981:14, 20; Zietsman, 1992:7; Esterhuysen, 1986:27).

Schuchardt het ook gemeen dat kinders en vreemdelinge se spraak aanleiding gegee het tot vereenvoudiging en dat dit tot pidginisering gelei het. Hesseling (1923:211) verskil in hierdie opsig van Schuchardt, aangesien Hesseling geredeneer het dat kinders nie ’n taal verwerf het deur vereenvoudiging van hulle oppassers se taal nie.

Schuchardt was volgens Raidt (1994:33) die eerste taalkenner wat die invloed van Duits én van kreolisering<sup>45</sup> op die ontstaan van Afrikaans erken het, met ander woorde Europese én nie-Europese invloede. Alhoewel Schuchardt (1891) kreolisering wel as ’n faktor beskou wat tot die ontstaan van Afrikaans bygedra het, verbind hy dit nie aan enige van die drie historiese Afrikaanse variëteite nie.

#### 4.2.9 C. de Coutouly<sup>46</sup>

Dit het C. de Coutouly (1892) gegrief dat die slawe Islam deur middel van hulle Hollandse aanleedersvariëteit gedien het en die tale van die Koina is deur hom as ’n “leelijk geklikklak” beskou. (Hy was as’t ware dankbaar (sic) dat die Koina hulle inheemse tale met ’n Hollandse aanleedersvariëteit vervang het.) Deur bogenoemde uitsprake het De Coutouly na my mening die bestaan van die Nederlandse aanleedersvariëteite van die slawe en Koina bevestig.

De Coutouly maak ook melding van drie *geografiese gebiede* waar die drie hooftaalgroepe van die Kaap hulle onderskeie variëteite van Nederlands gepraat en versprei het:

---

<sup>43</sup> Prof. Hugo Schuchardt was ’n Duitse geleerde en ’n bekende kreoolkenner (Raidt, 1994:33; Bosman, 1923:25). Schuchardt se perspektief staan ook in die literatuur as die *Duits-teorie* bekend (Bosman, 1923:23). Schuchardt (1885:464) se perspektief word gevind in ’n resensie van prof. N Mansveldt se *Proeven van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon in Literaturblatt für Germanische und Romanische Philologie*. Schuchardt is die outeur van *Kreolische Studien IX: Über das Malaioportugiesische von Batavia und Tugu* wat in 1891 in Wene uitgegee is (Ponelis, 1993:599).

<sup>44</sup> Kreolisering is aan rassevermenging en afwykings gelykgestel (Du Plessis, 1995a:28; February, 1994:4, 1981:14, 20; Esterhuysen, 1986:27; Zietsman, 1992:7).

<sup>45</sup> Danksy Schuchardt se kennis van Indo-Portugees en “Maleis-Portugees” (Maleis en Kreools-Portugees).

<sup>46</sup> De Coutouly was ’n Fransman wat oor Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse taalkwessies artikels geskryf het. De Coutouly beskryf in drie artikels in *De Express* van 26 Julie, 2 Augustus en 30 Augustus 1892 sy gevolgtrekkings oor Afrikaans.

1. Noordwaarts in die rigting van die Gariep – of soos De Coutouly dit noem – “Duitch Namaqualand”, het stamme wat hulle oorsprong uit die Koina het, hulle aanleedersvorm van Hollands gepraat het.
2. Ooswaarts na die Oosgrens en in die Boererepublieke is daar Hoog-Hollands en die spreektaal, Kaaps-Hollands, gepraat.
3. In die Kaap en omstreke het die slawe (ook met mekaar<sup>47</sup>) hulle Hollandse aanleedersvariëteite gepraat.

Volgens De Coutouly het daar in die eerste twee gebiede minder slawe voorgekom as in die Kaap en omstreke en is die slawe in hierdie gebiede daarom minder gehoor. Dit impliseer dus 'n kleiner invloed van die slawe op die taal van die eerste twee genoemde streke. Hierdie geografiese indeling stem duidelik ooreen met die gebiede waarin die drie historiese Afrikaanse variëteite voorgekom het en 'n eeu later ook deur Van Rensburg (1994; 1989), Ponelis (1993; 1994) en Du Plessis (1994; 2003a) onderskei sou word. Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.4.

Ondanks die feit dat De Coutouly melding gemaak het van die geografiese verspreiding van die verskillende vorme van Afrikaans wat voorgekom het, skryf hy in *De Express* die teendeel, naamlik dat hy<sup>48</sup> van Tafelberg tot die Limpopo “een dialect niet veel meer verschillend” van die ander nie, gevind het.

#### 4.2.10 W.J. Viljoen<sup>49</sup>

W.J. Viljoen tref in sy proefskrif *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*<sup>50</sup> (1896) 'n onderskeid tussen Afrikaans (Kaaps-Hollands) en die Afrikaans (Kaaps-Hollands) wat in die Boland gepraat word. Dit is volgens Du Plessis (2001a:73) belangrik, aangesien Viljoen, as moedertaalspreker van Afrikaans, uitspraak lewer oor variasie wat in Afrikaans voorkom. Vorige uitsprake hieroor is deur niemoedertaalsprekers van Afrikaans gemaak. Du Plessis (2001a:73) is van mening dat die Afrikaanse variasietaalkunde met Viljoen se identifisering van die Bolandse Afrikaanse variëteit 'n aanvang geneem het.

#### 4.2.11 J.T. te Winkel<sup>51</sup>

J.T. te Winkel (1896:337-362, 418-442, 483-505) het, soos 'n kollega van hom, M. de Vries (1891), asook Stoffel (1882), gemeen dat Frans<sup>52</sup> 'n invloed op die Nederlands van die Kaap uitgeoefen het: “Dit is in

<sup>47</sup> Die Kaapse slawe (van verskillende taalagtergronde) het gee (taal)deler aan die Kaap gehad nie en moes Nederlands probeer praat.

<sup>48</sup> De Coutouly was 'n niemoedertaalspreker van Afrikaans.

<sup>49</sup> Dr. W.J. Viljoen se proefskrif is die eerste taalkundige werk oor vroeë Afrikaans deur 'n Afrikaanssprekende (Ponelis, 1999:3). Hy word in 1897 aangewys as die eerste professor in Nederlands verbonde aan die Stellenbosch Victoria College (Ponelis, 1993:49).

<sup>50</sup> *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache* kan as *Bydraes tot die geskiedenis van die Kaaps-Hollandse taal* vertaal word.

<sup>51</sup> Professor Te Winkel was 'n Nederlandse akademikus wat die ontstaan van Afrikaans deur die invloed van Frans verklaar het. Publikasies van Te Winkel is onder andere *Inleiding tot de geschiedenis der Nederlandse taal* (1904) en *Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika* (1986).

<sup>52</sup> Te Winkel (1896:483-505) is egter van mening dat die invloed van Frans (én die slawetale) ná die Britse annekasie van Suid-Afrika tydelik van aard was, aangesien die invloed van Engels toegeneem het. Scholtz (1981:29) wys

elk geval zeker, geene taal heeft op het Nederlandsch in Zuid-Afrika grooter invloed gehad dan het Fransch ..." en "Men ziet, dat de invloed van het Franch is in Zuid-Afrika van ingrijpenden aard geweest: het karakter van de taal is er merkbaar door veranderd, de deflexie heeft er haar hoogtepunt bereikt, zooals in gene andere Europeesche taal ..."

In sy artikel "Het Nederlands in Noord-Amerika en Zuid-Afrika" maak Te Winkel (1896:337-362, 418-442, 483-505) ook melding van fasette van die sosiohistoriese situasie aan die Kaap soos:

- 1) die handelsaksies wat kommunikasie tussen die Nederlandse setlaars en die inheemse bevolking genoodsaak het;
- 2) die rol van die slawe uit die Ooste;
- 3) die gevolg van min vroue aan die Kaap, en
- 4) die moeite om Europeërs te werf om na die Kaap te kom, sodat daar selfs weesmeisies<sup>53</sup> na die Kaap gestuur is om die Europese bevolking aan te vul.

Te Winkel het egter nie bogenoemde fasette van die sosiohistoriese situasie aan die vroeë Kaap duidelik in verband gebring met die linguistiese rol wat dié fasette in die ontstaan van Afrikaans gespeel het nie.

Te Winkel se beskouing toon myns insiens teenstrydighede: Hy het die "ingrypende" invloed van Frans beklemtoon, maar beskou tog die Nederlandse variëteite (die verskillende "tongvalle" van die setlaars) as die grondslag van "het latere Zuidafrikaansch"<sup>54</sup> (Te Winkel, 1896:337-362). Dit het Te Winkel (1896:337-362) onder andere ook verras om woorde in "Zuidafrikaansch" te vind wat in Europa as verouderd beskou is. Maleise woorde wat in "Zuidafrikaansch" voorgekom het, was volgens Te Winkel reeds aan die Nederlandse matrose wat in Oos-Indië diens gedoen het, bekend en het langs dié weg deel van "Zuid-Afrikaansch" geword. Dié verklaring (in 1896 gestel) van Te Winkel dat die Nederlandse matrose met Maleise woorde bekend was en dit na die Kaap gebring het, korreleer met De Ruyter en Kotzé (2002:147) se oseaaniese ontstaanshipotese ('n eeu later gestel) oor die Austro-Nederlands van die VOC-seevaarders. (Sien par. 4.2.38 vir meer aangaande die oseaaniese ontstaanshipotese.)

Te Winkel (1896:337-362, 418-442, 483-505) bepaal hom by slegs één van die Afrikaanse variëteite, naamlik die taal van die setlaars: "De taal, deze kolonisten spraken, is de grondslag van het latere Zuid-Afrikaansch geworden."<sup>55</sup> Hieruit kan afgelei word dat Te Winkel die Koina en slawe nie as rolspelers in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans beskou het nie en hierdie stelling van Te Winkel behoort teen die agtergrond van die bepaalde sosiopolitieke milieu waartydens die nie-Germaanse invloede op Afrikaans gestigmatiseer was, beskou te word.

---

daarop dat Te Winkel lank die standpunt gehuldig het dat Frans die bepalende faktor was in die ontstaan van Afrikaans.

<sup>53</sup> Die weesmeisies is na die Kaap ingevoer as gevolg van die tekort aan vroue aan die Kaap (Te Winkel, 1896:337-362).

<sup>54</sup> Te Winkel maak gebruik van die term *Zuidafrikaansch* vir Afrikaans.

<sup>55</sup> Dié variëteit sou later as die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit bekend word (Du Plessis, 1995b:150).

#### 4.2.12 S.J. du Toit<sup>56</sup>

S.J. du Toit was die vernaamste figuur in die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) en hy het ontken dat Afrikaans (’n Germaanse witmanstaal) ook die moedertaal van gekleurde sprekers was (Giliomee, 2007:7). Du Toit het die woordeskat van Afrikaans as Germaans beskou en gemeen die grammatika van Afrikaans het onder die invloed van Frans en Engels verander<sup>57</sup> (Bosman, 1923:23).

Taalkundiges wat vóór Du Toit ook van mening was dat Frans ’n invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het, was onder andere Stoffel, Changuion en Te Winkel.

S.J. du Toit het Afrikaans as “variasieloos” beskou (Kruisinga, 1906:433; Du Plessis, 1995b:144-145; 2001:70; Opperman & Heyl, s.j.:30). Afrikaans word deur Du Toit (1909:11) as eenvormig<sup>58</sup> en sonder enige dialekte beskryf: “... van Tafelberg tot Soutpansberg praat di Afrikaner een taal.” Hierdie stelling stem ooreen met De Coutouly se (eweneens Eurosentriese) uitspraak in 1892 dat van Tafelberg tot die Limpopo “een dialect niet veel meer verschillend” van die ander in Afrikaans voorgekom het nie.

Die onderstaande strofe uit die gedig “Die Afrikaanse Folkslied” (opgeneem in Brink, 2000:7) deur die patriotdigters A. Pannevis, C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit, en S.J. du Toit, illustreer aan die lesers daarvan die bepaalde denkraamwerk<sup>59</sup> van die Patriotdigters. Die eerste versreël impliseer dat die (wit) Afrikanernasie ’n eie taal het en die tweede versreël van hierdie strofe dui op die “eenvormigheid” van Afrikaans.

’n Ieder nasi het syn taal  
Ons praat fan Kaap tot in Transvaal  
Wat almal maklik kan ferstaan -  
Wat gaat di ander tale ons aan?  
Ons praat soos Pa en Oupapa  
Die landstaal fan Suid-Afrika

“Die Afrikaanse Folkslied” in Brink (2000:7) deur A. Pannevis, C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit en S.J. du Toit.

<sup>56</sup> Ds. S.J. du Toit was ’n predikant, digter en skrywer en het onder die bynaam “’n Ware Afrikaner” bekend gestaan (Opperman en Heyl, s.j.:9). S.J. du Toit was lid van die GRA en sien dié organisasie nie net as ’n taalbeweging nie, maar ook as ’n organisasie wat die Afrikaner se nasionale gees moes ontwikkel; vandaar sy medewerking aan o.a. “Die Afrikaanse Folkslied” (Kannemeyer, 1987:63-64). S.J. du Toit publiseer die *Afrikaanse Grammatika* in 1879 (Ponelis, 1999:3). Hy is ook die outeur van *Die geskiedenis van ons land* (1877) en *Geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging* (1880).

<sup>57</sup> S.J. du Toit is die outeur van *Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels* (1897).

<sup>58</sup> Dr. Mansveldt (1884) was soos Du Toit van mening dat Afrikaans oral in Suid-Afrika dieselfde taal is met enkele klein dialektiese verskille.

<sup>59</sup> Die denke van die tydperk is deur die nasionalistiese ontwaking van die (wit) Afrikaner oorheers en Afrikaans is as die eiendom van die Afrikaner beskou (February, 1994:4).

Die rede vir die perspektief dat Afrikaans variasieloos is, blyk uit die sosiopolitieke konteks van die tydperk waarin die GRA mobiliseer. Aan die einde van die 19de eeu het die GRA-lede hulle daarvoor begin beywer om Afrikaans tot kultuurtaal te verhef (Giliomee, 2004a:178-179; Kannemeyer, 1978:48-57; Steyn, 1980:138). Du Plessis (2001a:70; 1995b:145) wys tereg daarop dat gedurende dié bepaalde tyd en in dié bepaalde sosiopolitieke konteks<sup>60</sup> (waartydens die opkoms van wit Afrikanernasionalisme op die horison verskyn) variasie as “onaanvaarbare afwykings” of “onbeskaafde vorme” beskou is. Daarom is gekleurdes se vorme van Afrikaans in dié tydperk nie met wit Afrikaans geassosieer nie.

#### 4.2.13 E. Kruisinga<sup>61</sup>

E. Kruisinga is volgens Conradie (1986:85) in 1906 ’n vroeë voorstander van die perspektief dat Afrikaans uit die spontane ontwikkeling van Nederlands gegroei het. In die artikel “De Oorsprong van het Afrikaans” (1906:417-418) het Kruisinga Te Winkel<sup>62</sup> se Frans-teorie en Hesseling<sup>63</sup> se Maleis-Portugese teorie bespreek.

Kruisinga (1906:418) was van mening dat nie Frans, Duits of “Maleis-Portugees” tot die ontstaan van Afrikaans aanleiding kon gee nie. “Maleis-Portugees” het wel volgens Kruisinga (1906:430) die Afrikaans van die Maleiers beïnvloed, “maar niet (op) het echte Afrikaans” ’n invloed gehad nie. Kruisinga (1906:432) se argument het daarop berus dat die invloed van vreemde tale op die wording van Afrikaans minimaal was: “De invloed van het Maleis-Portugees op de volwassen Afrikaners zal dus wel gering geweest zijn; maar de kinderen kunnen van de slaven veel overgenomen hebben.” Kruisinga het hiermee te kenne gegee dat die Kaapse kinders se taal onder die slawe se invloed verkeer het – ’n aspek waarmee Hesseling nie saamgestem het nie.

Kruisinga (1906:432) het gereken dat Afrikaans in die mond van Hollanders (lees: setlaars) ontstaan het. Die verskil tussen Afrikaans en “Negerhollands” (lees: nie-Nederlandse variëteite van Europese sprekers) is volgens Kruisinga (1906:435, 436) bloot *aanpassing en ontlening*.

“Meent men dus dat invloed van een vreemde taal noodzakelik is om het teenwoordige Afrikaans te verklaren, dan moet men in elk geval niet denken aan het Maleis-Portugees, maar aan het geadapteerde Hollands van de inboorlingen en vreemde Europeanen.” Ten opsigte van hierdie uitspraak van Kruisinga vind ek ’n teenstydigheid, aangesien Kruisinga reeds die invloed van die slawe op die Kaapse kinders (en die geringe invloed op volwassenes) erken het, maar in die aangehaalde deel slegs die Koina se invloed erken.

Kruisinga (1906:439) het in sy perspektief op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans onderskei tussen “echte Afrikaans” en die aangepaste (“adaptatie-”) Afrikaans in die mond van die slawe en inboorlinge wat hy “Negerhollands” noem. Kruisinga het dit duidelik gestel dat “echte Afrikaans” suiwer uit

<sup>60</sup> Vergelyk Hoofstuk 3, par. 3.3.14.

<sup>61</sup> Dr. E. Kruisinga, ’n Nederlandse linguïst, was die rektor van die Skool vir Tale en Letterkunde van ’s Gravenhage. Kruisinga is die outeur van die artikel “De Oorsprong van het Afrikaans” wat in 1906 in die *Tydskrif vir Taal en Letteren (XVI)* verskyn het.

<sup>62</sup> Vergelyk par. 4.2.11 aangaande Te Winkel se perspektief op die ontstaan van Afrikaans.

<sup>63</sup> Vergelyk par. 4.2.18 aangaande Hesseling se perspektief op die ontstaan van Afrikaans.

'n Nederlandse dialek ontstaan het en dat die aangepaste Afrikaans van die “kleurlingen misschien enige invloed op de taal van sommige Afrikaners” uitgeoefen het.

In die lig van hierdie studie het Krusinga 'n onderskeid getref tussen die Afrikaans van die setlaars en die (“adaptatie-”) Afrikaans van die slawe en die Koina. Alhoewel Krusinga (1906:428, 430, 439) van mening was dat Afrikaans die “zuivere” en spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek is, bevestig hy tog die bestaan van die historiese Afrikaanse aanleedersvariëteite<sup>64</sup> in die monde van die Koina en die Kaapse slawe. Krusinga opper ook die mening dat die (“adaptatie-”) Afrikaans van die slawe en die Koina nie “echte” Afrikaans was nie. Krusinga se perspektief sluit aan by die sosiopolitieke milieu van sy tyd waarin daar hoofsaaklik van 'n Eurosentriese benadering uitgegaan is om Afrikaans se ontstaan en ontwikkeling te verklaar.

Krusinga se persepsie dat Afrikaans die suiwere ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek was, is ook deur Hesseling (1906:417-439), 'n tydgenoot van Krusinga, gekritiseer. Krusinga het volgens Hesseling die sosiohistoriese milieu waarbinne die ontwikkeling van Afrikaans plaasgevind het, nie in sy beskouing verreken nie.

#### 4.2.14 T.H. le Roux<sup>65</sup>

T.H. le Roux gee in sy proefskrif *Beschrijvende klankleer van het Afrikaansch* (1910) in die hoofstuk “Dialektiese verskille” kortliks aandag aan sekere fonetiese verskille tussen dorpe en streke binne Suid-Afrika. Le Roux begin volgens Du Plessis (2001a:74) met hierdie studie die eerste variasie-analise van Afrikaans. As kind van die sosiopolitieke tydperk waarin hy die studie doen, beoordeel variasie egter as afwykings en onbeskaafde vorme.

#### 4.2.15 Jac J. van Ginneken<sup>66</sup>

Jac J. van Ginneken (1913) het volgens Du Plessis (2001a:74) en Coetzee (1951:9) die eerste taalkaart<sup>67</sup> van Afrikaans geteken en gemerk dat Afrikaans nie so eenvormig<sup>68</sup> blyk te wees as wat daar aanvanklik aanvaar is nie, aangesien hy drie streeksvariëteite onderskei het<sup>69</sup>.

Van Ginneken (1913) verklaar die Afrikaanse fonologie aan die hand van die Suid-Nederlandse variëteite<sup>70</sup> en tref 'n driedelige variasie-onderskeiding in Afrikaans:

<sup>64</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.2 en par. 2.3.3 vir meer aangaande die Koina en slawe se aanleedersvariëteite.

<sup>65</sup> T.H. le Roux was 'n taalkundige adviseur en betrokke by die Afrikaanse vertaling van die *Vier Evangelies en die Psalms* uit Nederlands in 1922 en 1929 (Kannemeyer, 1987:90) en hy is die outeur van *Afrikaanse Taalstudie* (1937) asook mede-outeur van *Afrikaanse fonetiek* (1927) en *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans* wat in 1962 in Pretoria uitgegee is.

<sup>66</sup> Van Ginneken was 'n Nederlandse taalkundige en outeur van *Handboek der Nederlandsche taal 1* (1913) en *11* (1928) asook die mede-outeur van *De Regenboogkleuren van Nederlands taal* (1931).

<sup>67</sup> Die taalkaart is in Van Ginneken se boek *Handboek der Nederlandsche taal* in 1913 gepubliseer.

<sup>68</sup> Van Ginneken het gereken dat die vroeëre aannames (deur Du Toit en De Coutouly) dat Afrikaans variasieloos is, op onvoldoende kennis gedui het (Du Plessis, 2001a:74).

<sup>69</sup> Van Ginneken se onderskeiding van drie streeksvariëteite was vir die latere studie van Afrikaans belangrik, al het Van Ginneken die grense nie duidelik getrek nie (Du Plessis, 2001a:74). Du Plessis beskou Van Ginneken se dieldeling as “veelseggend”.

- 1) West-Afrikaansch;
- 2) Noord-oost-Afrikaansch, en
- 3) Slamaaier-Afrikaansch.

Hierdie onderskeid toon ook ooreenkomste met De Coutouly (1892) se onderskeiding (sien par. 4.2.9).

Na my mening stem Van Ginneken se variasie-onderskeiding duidelik ooreen met die drie geografiese gebiede waarin die drie historiese Afrikaanse variëteite gedurende die sewentiende eeu en agtiende eeu voorgekom het (Van Rensburg, 1994; 1995; Du Plessis, 1994; 2003a; Ponielis, 1993; 1994):

- 1) historiese Westelike Afrikaans (West-Afrikaansch), die aanleedersvariëteit van die Koina;
- 2) Oostelike Afrikaans (Noord-oost-Afrikaansch), die historiese variëteit van die vroeë Kaapse setlaars, en
- 3) historiese Suidelike Afrikaans (Slamaaier-Afrikaansch), die aanleedersvariëteit van die Kaapse slawe.

Die rol wat vroue in die ontstaan van Afrikaans gespeel het, is ook deur Van Ginneken (1913:51) beklemtoon. Hy was onder andere van mening dat die taal van vroue van 'n kleiner omvang (eenvoudiger) was as die taal wat mans gebruik het: "Met haar eng bewustzijn hangt het samen dat de vrouw niet houdt van ingewikkelde syntactische constructies." Van Ginneken is volgens Van Rensburg (1983:12) daarom een van die vroeë taalkundiges wat aandag geskenk het aan "sosiaal gedetermineerde taalvariante".

In Van Ginneken se boek *Handboek der Nederlandsche Taal* (1913) beskou hy "Maleis-Portugees" (soos Hesseling vroeg in die twintigste eeu en soos February teen die einde van die twintigste eeu) as 'n hoof faktor in die kreoliseringsproses van Nederlands na Afrikaans<sup>71</sup>.

#### 4.2.16 C.J. van Rijn<sup>72</sup>

C. J. van Rijn (1914:16) was 'n onderwyser en in 'n lesing onderskei hy tussen die volgende drie soorte Afrikaans<sup>73</sup> aan die Kaap:

<sup>70</sup> Soos gevind in die omstreke van Rotterdam. Van Ginneken verskil dus hier van die aannames dat die Noord-Hollandse variëteite tot die wording van Afrikaans bygedra het.

<sup>71</sup> Dr. H. Meyer(-Benfey) stem in sy boek *Die Sprache der Buren* nie met Van Ginneken se perspektief saam nie en beskou Afrikaans as *Hottentots-Hollands* (Bosman, 1923:29).

<sup>72</sup> Van Rijn is die outeur van *Het zeer nauwe verband tussen het Afrikaans en het Nederlands* wat in 1914 in Kaapstad deur die skrywer uitgegee is (Du Plessis, 2001a:80). Van Rijn se bydrae oor die ontwikkeling van die Afrikaanse taalverskeidenheid word volgens Du Plessis (2001a:74) oor die hoof gesien.

<sup>73</sup> In G.S. Nienaber (1994:150) se onderskeiding van die variëteite wat aan die Kaap ontstaan het, maak hy soos Van Rijn ook melding van "Burger-Afrikaans", maar waar Van Rijn twee soorte "wit" variëteite en een "gekleurde" variëteit onderskei, onderskei Nienaber een "wit" variëteit en twee "gekleurde" variëteite.

- 1) *Burger-Afrikaans*, die “fijn Hollands”, ’n “wit” variëteit, wat veral gepraat is in Kaapstad, Paarl en Stellenbosch, maar waarvan die gehalte, volgens Van Rijn, ná 1806 afgeneem het onder die invloed van die taal van die “Kleurlinge” (sic)
- 2) *Boere-Hollands*, ’n “wit” variëteit, en
- 3) *Kleurling-Afrikaans* (sic), ’n “gekleurde” variëteit.

*Kleurling-Afrikaans* is volgens Van Rijn ’n ander vorm as *Burger-Hollands* en dit word deur hom as “arm” en “krom” beskryf. Dié vorm van *Kleurling-Afrikaans* het ná 1806 nader aan *Burger-Hollands* begin beweeg. Hierdie “verbeterde” *Kleurling-Hollands* is die samekoms van *Burger-Hollands* en *Kleurling-Hollands*, aldus Van Rijn (1914:12-16).

*Boere-Hollands* is “anders” as *Burger-Hollands* en *Kleurling-Hollands* en het volgens Van Rijn deur die afsondering waarin die veeboere hulle bevind het, ’n natuurlike vereenvoudigingsproses ondergaan. *Boere-Hollands* is deur die veeboere na die Oosgrens geneem en van daar deur die Voortrekkers na die binneland van Suid-Afrika saamgeneem. Van Rijn (1914:12-16) beskou *Boere-Hollands* vry van enige invloed van *Kleurling-Hollands* en stel dit gelyk aan die vorm van Afrikaans wat later in Standaardafrikaans sou ontwikkel.

Ginneken (1913) het volgens Du Plessis (2001a:74-75) reeds aan die begin van die twintigste eeu<sup>74</sup> die bestaan van sekere historiese variëteite van Afrikaans bevestig. De Coutouly (1892) het selfs vroeër, teen die einde van die negentiende eeu, ’n drieledige variasie-onderskeiding in drie streke (soortgelyk aan die streke wat Van Rensburg (1994; 1995) onderskei het) waargeneem (sien par. 4.2.8).

#### 4.2.17 G.R. von Wielligh<sup>75</sup>

G.R. von Wielligh begin in opdrag van die GRA<sup>76</sup> aan die GRA-lede<sup>77</sup> met die optekening van Afrikaanse variante (Du Plessis, 2001a:75). Hy onderskei tien taalstreke, waaronder die spraakgemeenskappe van die Boland, Caledon, Koeberg, Swartland, Piketberg, Clanwilliam, Stellenbosch, Paarl, Tulbagh, Worcester, Calvinia, Bokveld, Roggeveld, Karoo, Koup, Oudtshoorn, Vrystaat en Transvaal (Von Wielligh, 1918:113).

Volgens Von Wielligh (1918:115) het Namakwaland, Boesmanland en die Agter-Hantam die “swakste Afrikaans” opgelewer. Hy skryf dit toe aan verwaarlosing van mense deur die kerk en staat en aan die voortdurende aanraking met die Koina wat ’n “lae plat, halfbarbaarse (sic) taalvorm van Afrikaans praat.”

Von Wielligh (1918:113) toon die streke aan waar hy spreektaalverskille opmerk – onder andere die bry-R. Hy teken nie net wit Afrikaanssprekendes se taal op nie, aangesien hy praat van “... die gekleurdes

<sup>74</sup> Lank vóór Von Wielligh se onderskeiding van verskillende Afrikaanse spraaklandskappe in 1925.

<sup>75</sup> G.R. von Wielligh was ’n landmeter-generaal van die ZAR en is ook onder andere die outeur van *Ons geselstaal* (1925), *Eerste skrywers, laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners* (1918), en *Die laaste snikke van Maleis-Portugees aan die Kaap* wat in 1917 deur M.F. Valkhoff herdruk is.

<sup>76</sup> Afrikaans is deur lede van die GRA as eenvormig beskou. Vergelyk par. 4.2.12 in hierdie verband.

<sup>77</sup> G.R. von Wielligh was ’n GRA-lid.

wat graag die sagte a in plaas van die [ə] gebruik in sulke woorde soos *gawies* (gewees), *nodag* (nodig) ..." (Von Wielligh, 1918:113-114).

Die grensboere wat tussen swart inheemse bevolkings woon se Afrikaans is volgens Von Wielligh (1918:116) nie deur die swart tale beïnvloed nie. Dieselfde geld vir die inwoners van die Vrystaat en (ou) Transvaal.

Dit was nie Von Wielligh se taak om te verduidelik waar die Afrikaanse taalverskeidenheid vandaan kom nie, maar om die voorkoms van taalverskeidenheid in Afrikaans te ondersoek. Tog is dit van belang vir hierdie studie dat Von Wielligh (1918:115-116) bevind het dat die Koina se manier van Afrikaans<sup>78</sup> praat, anders is as die wit Afrikaanssprekendes s'n, en dat die taalgebruik van die grensboere<sup>79</sup> volgens hom nie deur swart tale beïnvloed is nie.

Von Wielligh se onderskeiding van taalstreke het by taalkundiges direk aanleiding gegee tot verdere doelbewuste belangstelling in die verskeidenheid van Afrikaans.

#### 4.2.18 D.C. Hesseling<sup>80</sup>

Dirk Christiaan Hesseling het nie die verband of die diskontinuiteit tussen Germaanse Nederlands en Afrikaans ondersoek (soos talle taalkundiges voor hom) nie, maar hom bepaal by die "dinamika" van die taalkontak wat in die vroeë Kaapse samelewing plaasgevind het en die grootste invloed op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gehad het. Hesseling word oor die algemeen beskou as die grondlegger van die Afrikaanse historiese taalkunde (Ponelis, 1999:4; 1993:69). Hesseling se perspektief word in sy werk *Het Afrikaansch* (1923) uiteengesit.

Hesseling se perspektief kan volgens Groenewald (2002:4-5) as 'n reaksie gesien word téén die persepsies dat Afrikaans die spontane ontwikkeling van Noord-Hollandse dialekte was. Die grootste deel van Hesseling se werk is gewy aan die rol wat "Maleis-Portugees"<sup>81</sup> in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in die vroeë Kaapse multitalige en multikulturele samelewing gespeel het (Hesseling, 1923:31, 67; 1897b:8-9). Die drastiese en vinnige vereenvoudiging van die Afrikaanse verbale sisteem kan volgens Hesseling (1897b:8-9) nié uit Nederlands verklaar word nie, maar wel deur die invloed van "Maleis-Portugees". Hesseling het die rol van "Maleis-Portugees"<sup>82</sup> as deurslaggewend in die ontwikkeling van Afrikaans (volgens Hesseling 'n mengeltaal) beskou. Afrikaans het ontstaan as gevolg van 'n groot groep

<sup>78</sup> Later as die historiese Westelike Afrikaanse variëteit bekend.

<sup>79</sup> Later as die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit bekend.

<sup>80</sup> Die Nederlandse taalkundige, D.C. Hesseling, was 'n spesialis in Nieu-Grieks en het op die studie van taalvermenging gekonsentreer (Scholtz, 1980:29). Hy is in 1893 as privaatdosent in die Klassieke aan die Ryksuniversiteit Leiden aangestel en is in 1907 tot hoogleraar in die Bisantynse en Moderne Grieks bevorder (Ponelis, 1999:2). Van der Merwe (1968a:24) kritiseer die feit dat Hesseling nooit in Suid-Afrika was nie. Hesseling se perspektiewe staan ook in die literatuur bekend as die *Hottentots-teorie* en die *Maleis-Portugeese teorie* (Bosman, 1923:27). Afgesien van Hesseling se belangrike werk *Het Afrikaans* (1923) is hy ook onder andere die outeur van *Het Hollandsch in Zuid-Afrika* (1897a) en *Het Frans in Noord-Amerika en het Nederlands in Zuid-Afrika* (1897b). Vergelyk ook Ponelis (1999:8) en Groenewald (2002:4-12) aangaande Hesseling se perspektief.

<sup>81</sup> Hesseling (1899) beskryf "Maleis-Portugees" as 'n taalvorm wat deur sterk mengsels van Maleis en Portugees ontstaan het. Ook bekend as Pasar-Maleis, "Maleis-Portugees" en/of "Kreools-Portugees". Sien ook Hoofstuk 2, voetnoot 10, in verband met die benaming "Maleis-Portugees".

<sup>82</sup> Soos ook Ginneken (1913), Van Selms (1951) en Davids (1994).

sprekers wat 'n vreemde taal gereeld gebruik het. Dié vreemde taal was volgens Hesseling "Maleis-Portugees", die lingua franca (die internasionale handelstaal) van die Indiese Oseaan wat onder andere ook deur Nederlandse seevaarders na die Kaap gebring is (Hesseling, 1923:31, 67; 1899:47; 1897b:8-9).

Hesseling was ook daarvan oortuig dat die VOC-matrose en -soldate se Nederlands wat onder die invloed van "Maleis-Portugees" gestaan het, 'n rol in die vorming van Afrikaans gespeel het (Hesseling, 1897a:138 e.v.). Hierdie oortuiging van Hesseling ondersteun De Ruyter en Kotzé (2002:143) se "oseaniese ontstaanshipotese" waarvolgens die (relatief onbekende) rol van die Nederlandse seevaarders van die suidelike oseane in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans na vore gebring word.

Hesseling (1910:28-30) het sy aanvanklike beskouing dat daar moontlik 'n kreoolse Nederlandse variëteit/ Nederlandse seemanstaal in die Nederlandse Ooste (en wat na Suid-Afrika gebring is) bestaan het, verwerp. Hy het die siening gehuldig dat die ooreenkoms tussen Afrikaans en die Nederlands van die Indiese Oseaan beter verklaar kon word aan die hand van die soortgelykte sosiohistoriese omstandighede van die Kaap en die Nederlandse Ooste, maar nié ten opsigte van taalomstandighede nie. Daar het in die Nederlandse Ooste tweetaligheid geheers tussen die Portugese vorm van die streek en Nederlands, terwyl die Kaapse setlaars aan Nederlands vasgekleef het.

Hesseling se belangstelling in Afrikaans het berus op die moontlike kreoolse status van Afrikaans en hy het verder uitgebrei op Schuchardt (1913) se kreoliseringsperspektief. Hesseling behoort volgens Grebe (1997:58) tereg die eer te kry vir die inagneming van die sosiale omstandighede waaronder Afrikaans tot stand gekom het, asook vir sy siening dat inagneming van die *konteks* waarbinne die taalkontak plaasvind, noodsaaklik is in die beskrywing van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans.

Dié verandering<sup>83</sup> van Nederlands na Afrikaans het volgens Hesseling (1923:18) op twee wyses plaasgevind:

- a) beïnvloeding (wat 'n oorname van verskynsels uit 'n taal/tale behels), en
- b) interlektiese aanpassing<sup>84</sup> (wat taalverwerwingstrategieë behels).

Ponelis (1999:7) is van mening dat Hesseling die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans verklaar het deur beïnvloeding – in die besonder beïnvloeding deur "Maleis-Portugees". Frans en Duits het min invloed in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gehad en die Koina se invloed het volgens Hesseling (1923:18; 1899:19-28) eers aan die begin van die 18de eeu ingetree, aangesien die Koina aanvanklik nie noue kontak met die setlaars gehad het nie. Hesseling (1899:47) het gemeen daar het nouer kontak tussen die slawe en die setlaars as tussen die Koina en die setlaars bestaan. Daarby het setlaarmans en slawevroue in verhoudings getree (Hesseling, 1899:49-53) en het die verskillende moedertale van die slawe in die slawelosie aanleiding gegee tot die gebruik van 'n gemeenskaplike taal (Hesseling, 1899:56). Volgens Hesseling (1899:60-62) moes setlaars die slawe se vorm van Portugees verstaan het en was

---

<sup>83</sup> Hesseling wys in hierdie verband daarop dat Jan van Riebeeck se taal reeds sekere kenmerke vertoon het wat in die Ooste gepraat is (Grebe, 1997:58).

<sup>84</sup> Interlektiese aanpassing dui op die taalverwerwing van 'n nuwe taal deur volwassenes wanneer hulle primêre taalverwerwingsvermoëns reeds afgestomp het (Ponelis, 1999:7).

hulle ook vertrouwd met die Nederlandse seevaarders se seemanstaal. Hesseling het bygevoeg dat die slawe ook Nederlands moes verstaan het.

Van der Merwe (1968a:23-28), se kritiek teen Hesseling se perspektief dat Afrikaans uit 'n "botsing" tussen Nederlands en "Maleis-Portugees" ontstaan het, was dat dit op gissings berus het, maar Hesseling (1897a:138 e.v.) se oorwoë mening was dat die aanneemlikste verklaring vir die ontstaan van Afrikaans die rol is wat die slawe én die Koina daarin moes gespeel het. Die Koina se rol kan toegeskryf word daaraan dat:

- 1) die Koina en die slawe as kinderoppassers in diens van die setlaars was;
- 2) die Koina oor 'n besondere taalaanleerderstalent beskik het;
- 3) die setlaars daarenteen geen moeite gedoen het om die Koina se tale aan te leer nie, en
- 4) die setlaarkinders (deur die slawe en Koina opgepas) se Aanleedersnederlands ook gebroke van aard was en dit 'n rol in die taalontwikkeling van die setlaarkinders<sup>85</sup> gespeel het.

Dit het gelei tot die volgende vraag wat Hesseling gestel het: "... dat het Hottentotten en de slaven, aan wie de kindere der kolonisten werden toevertrouwd, de oorzaak zijn geweest der zoogenaamde verbas-tering?" (Hesseling, 1897a:138 e.v.). Hierdie afleiding wat Hesseling gemaak het ten opsigte van die taal van setlaarkinders toon ooreenkomste met die sienings van taalkundiges soos Hahn (1882), Schuchardt (1891) en Kruisinga (1906).

Die slawe se Aanleedersnederlands was volgens Hesseling (1897a:138 e.v.) gebroke van aard, en daarom het die Nederlandse geslagsonderskeiding, werkwoordverbuiging, die imperfektum en infinitief vorme verdwyn. Hesseling was ook van mening dat die taaltoestand aan die Kaap heeltemal anders was as in die Nederlandse Oos-Indiese kolonies waar die Nederlandse kinders (in teenstelling met die kinders aan die Kaap wat slegs Nederlands geken het) Maleis aangeleer het.

Hesseling (1897a:138 e.v.) het verder aangevoer dat die slawe pogings om te kommunikeer en hulle Kaapse *lingua franca* (die slawe se Aanleedersnederlands) tot reduksie, vereenvoudiging en (gedeeltelike) kreolisering in die Kaap bygedra het, aangesien 'n Europese taal in 'n kort tyd in die mond van die niemoedertaalsprekers daarvan verander het in 'n ander taal. Hy het geredeneer dat die aard van Afrikaans slegs verklaar kan word as daar aanvaar word dat Afrikaans 'n mengeltaal is – die resultaat van Nederlands wat onder die invloed van ander tale (in die besonder "Maleis-Portugees") gekreoliseer is. Hesseling (1897a:138 e.v.) het beklemtoon dat die "Maleis-Portugese" invloed in die Afrikaanse woorde-skat, vormleer en sintaksis aangetoon kan word. Hy het ook bygevoeg dat die Nederlandse kerktal, veral aan die hand van die *Statenbijbel*, en die kleurbewustheid van wittes in die multitalige taalkontak-situasie as korrekatief onder die Nederlandse setlaars opgetree het.

Hesseling se perspektief oor die ontstaan van Afrikaans staan in die literatuur bekend as die "Kreools-Portugese" of die "Maleis-Portugese" teorie. In sy werk *Het Afrikaans* (1923) bestempel hy Afrikaans as 'n

---

<sup>85</sup> Ek is (soos reeds genoem) van mening dat kinders 'n belangrike rol in die wording van Afrikaans kon gespeel het, maar te wyte aan onvoldoende navorsingsdata word dié rol moontlik onderskat.

semi-kreool. Raidt (1994:39) se geldige kritiek<sup>86</sup> teen Hesseling se werk is dat hy hoofsaaklik met sosio-historiese gegewens gewerk het en nie met taalkundige materiaal nie.

Van der Merwe (1968a:29) se kritiek (vanuit 'n Eurosentriese perspektief) teen Hesseling se teorie is dat geen slawe- of Koi-groep of enige individue Nederlands sodanig kon beïnvloed het dat dit verander het tot Afrikaans nie. Van der Merwe (1968a:41) kritiseer ook tereg Hesseling se skynbaar teenstrydige argumente, naamlik die argument dat Afrikaans 'n spontane ontwikkeling uit Nederlands is (ná die lees van Afrikaanse prosa deur S.J. du Toit soos die *Geskiedenis van Jozef ver Afrikaanse kinders en huissouwers in ons eie taal geskrywe* kon die lesers daarvan volgens Hesseling (1897a:138 e.v.) daardeur oortuig word dat Afrikaans die vinnige<sup>87</sup>, spontane en interne ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek is) teenoor die argument dat Afrikaans ontstaan het as gevolg van 'n "botsing" van Nederlands en "Maleis-Portugees".

Hesseling (1897a:138 e.v.) gee erkenning aan die feit dat die slawe en Koina in hulle pogings om Hollands te praat, bygedra het tot sekere kenmerkende verskynsels<sup>88</sup> in Afrikaans. Die aanleedersvariëteite van die Koina (historiese Westelike Afrikaans) en die slawe (historiese Suidelike Afrikaanse variëteit) figureer wel in Hesseling se perspektief oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

Die bydrae wat Hesseling gelewer het, sluit die volgende in:

- Hy het die Afrikaanse taalkunde as 'n historiese taalkunde help vestig.
- Hy het die invloed van taalkontak aan die vroeë Kaap beklemtoon in die verklaring van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.
- Hy het ook bygedra tot die kultivering van Afrikaans.

Hesseling se groot aandeel in die beskrywing van die oorsprong van Afrikaans sou egter eers heelwat later in die lig van kreoolse studies na waarde geag word (Ponelis, 1993:69-70). Afrikanernasionalistiese "witwassery" van Afrikaans het aanleiding gegee daartoe dat Hesseling se bydrae tot die Afrikaanse taalkunde aanvanklik nie na waarde geag is nie (Ponelis, 1999:11).

---

<sup>86</sup> Vergelyk ook Van der Merwe (1968a:24-41) se kritiek op Hesseling se perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Boshoff (1921) en Bosman (1916, 1923) het Hesseling se standpunte ook fel gekritiseer. D.F. Malherbe het Hesseling se publikasie gunstig geresenseer. Hesseling het 'n invloed uitgeoefen op taalkundiges soos Valkhoff (1966) en Le Roux (Ponelis, 1999:11).

<sup>87</sup> Die verandering van Nederlands tot Afrikaans het binne drie dekades plaasgevind (Hesseling, 1923:18).

<sup>88</sup> Kenmerkende verskynsels soos die voorkoms van *ons* i.p.v. *wij*, *die brood* i.p.v. *het brood* (Ponelis, 1993:30).

#### 4.2.19 G.S. Nienaber<sup>89</sup>

"Die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands lê eintlik in die lig van die geskiedenis" (Nienaber, 1949:156).

Hierdie aanhaling van Nienaber toon 'n sosiohistoriese en -linguistiese inslag wat korreleer met Nienaber se siening dat taalkontak aan die vroeë Kaap, tyd en plek van die taalkontak, asook getalsterkte en sosiopolitieke faktore bestudeer moet word in die soeke na die herkoms van Afrikaans.

G.S. Nienaber het nie 'n bepaalde ontstaansperspektief gehuldig of hom aan 'n bepaalde teorie gebind nie. Volgens Groenewald (2002:16) was Nienaber krities teenoor die stel van ontstaansperspektiewe. Nienaber (1934:6) se kritiek spruit voort uit sy mening dat ontstaansperspektiewe bewyse kon manipuleer sodat dit 'n bepaalde teorie kon ondersteun.

Nienaber (1953:1; 1934:54-55) het die stelling gemaak dat daar voortdurend in die geskiedenis van Afrikaans 'n "simbiose" of wisselwerking bestaan het tussen Europese tale, plaaslike inheemse tale en die tale van die slawe.

Nienaber het ook aandag geskenk aan die rol wat kinders en die nuwe Kaapse omgewing in die setlaars se taalverandering na Afrikaans gespeel het. Nienaber se geldige mening was dat die Europeërs nie die Koina se tale geleer het nie, maar dat die Koina Nederlands (alhoewel "krom") aangeleer het. Die slawe het nie almal gelyktydig in die Kaap gearriveer nie en nuutaangekome slawe het volgens Nienaber (1953:125-126) "slawe-Hollands" by die reeds gevestigde slawe aangeleer. Nienaber (1953:194-195) het ook gewys op die groot toename in slawegetalle teen 1711. Die slawe het volgens Nienaber Maleis en Kreools-Portugese tale gebruik, maar ook 'n vorm van Nederlands wat hy as die belangrikste taal onder die slawe beskou het. Dit het volgens Nienaber (1953:255) op 'n gekreoliseerde vorm van Nederlands gedui.

Nienaber (1953:280-281) het verder 'n onderskeid getref tussen *Kreools-Nederlands* of *Kreools-Afrikaans* soos deur die Koina en die taal van die setlaars, wat 'n voortsetting was van die Nederlands wat na die Kaap gebring is en haar eie ontwikkeling hier ter plaatse ondergaan het.

Die eerste tien jaar van kolonisasie van die Kaap is volgens Nienaber (1953:83) gekenmerk deur die voorkoms van 'n verskeidenheid kultuur- en taalvorme in 'n klein geografiese gebied. Hierdie heterogene samelewing het bestaan uit Nederlandse dialektspreekers en die "krom" Nederlands van nie-Nederlands-sprekendes (die slawe en die Koina) wat as kragte opgetree het in die Kaapse taalveranderingsproses.

Teen 1662-1708 het die taaltoestand aan die Kaap volgens Nienaber (1953:134-135) soos volg gelyk:

---

<sup>89</sup> Professor G.S. Nienaber het belangrike argivale werk verrig deur 'n groot versameling tekste oor vroeë taalgebruik in die Kaap byeen te bring. Dit het in sy bundel *Afrikaans uit die vroeër jare* verskyn. Dit het onder andere gelei tot verdere belangstelling in die vroeë taalgebruik in die Kaap. Nienaber het ook inligting versamel oor die Koina en dit het verskyn in die gesaghebbende bron: *Khoekhoense stamme, 'n voortopige verkenning* (1989).

- 'n Groep sprekers wat "goeie" Nederlands gepraat het en bestaan het uit Nederlandsgeborenes of dié wat in Nederlandse huise aan die Kaap grootgeword het.
- 'n Groep sprekers wat "krom" of "gebroke" vorme van Nederlands gepraat het en bestaan het uit slawe en Koina en waarskynlik ook setlaarkinders wat (tot hulle vyf of ses jaar oud was) grootgemaak is in die geselskap van slaweoppassers, -bediendes en Koi-maats.
- 'n Groep wat vorme van Nederlands, wat tussen bogenoemde twee vorme gelê het, gepraat het en bestaan het uit vreeemdelinge wat nie goed aangepas het by die heersende taaltoestande nie, asook kinders wat gebore is uit ouers waarvan albei nie Nederlandssprekend was nie. (Nienaber noem dié kinders "Afrikanertjies".)

Daar het tussen 1750 en 1800 'n wit variëteit ontstaan wat volgens Nienaber die basis gevorm het van moderne Afrikaans. Hierdie variëteit het 'n Oostelike en Westelike vorm gehad. Die Oostelike vorm is deur die Voortrekkers die binneland ingeneem en dit het die grondslag gelê vir moderne Standaardafrikaans. Afrikaans op die platteland het volgens Nienaber ontstaan aangesien daar na sy mening minder normatiewe invloede van die Nederlandse kultuurtaal bestaan het. Nienaber (1934:12) tref ook 'n onderskeid tussen "beskaafde" en "plat" Nederlands asook tussen Afrikaans in die landelike gebiede en stedelike gebiede. Die taal van die stad was volgens Nienaber (1953:205-206) meer "behoudend" as gevolg van die hoë funksies waarvoor dit gebruik is asook die groter aantal Nederlandssprekendes en beter geskooldes wat daar voorgekom het. Die taal op die platteland toon volgens Nienaber as gevolg van isolasie en die gebrek aan skole 'n swakker taalhandhawing. Binnelandse setlaars het ook in gereelde kontak met die Koina verkeer wat 'n invloed op die setlaars se taal kon gehad het, terwyl slawetale die setlaars van die Boland se taal kon beïnvloed het. Die Afrikaanse taalontwikkeling was volgens Nienaber 'n geleidelike proses.

Ten opsigte van die geografiese voorkoms van taalgroepe onderskei Nienaber (1953:214-223) ook drie groepe:

- blanke inwoners van Kaapstad,
- Bolandse setlaarboere,
- plattelandse veeboere.

Hierdie onderskeid van Nienaber fokus egter slegs op die geografiese spraakgebiede van wit sprekers.

#### 4.2.20 S.A. Louw<sup>90</sup>

S.A. Louw was as taalgeograaf 'n pionier met sy werke *Taalgeografie* (1941) en *Dialekvermenging en taalontwikkeling* (1948) waarin hy die eerste veertien taalspraakkaarte van Suid-Afrika saamgestel het. Louw se werk op hierdie gebied was taalgeografies<sup>91</sup> van aard en dit het 'n wetenskaplike benadering ten opsigte van die Afrikaanse variasie begin toon (Du Plessis, 2001a:76).

Du Plessis (2001a:72, 76) toon aan dat daar vóór 1940 geen werklike wetenskaplike studie oor die Afrikaanse taalverskeidenheid gedoen is nie. Daarom word die wetenskaplike taalgeografiese navorsing van S.A. Louw as 'n belangrike bydrae tot die studie van die Afrikaanse variasietaalkunde beskou (Du Plessis, 1995b:144; Van Rensburg, 1990:86).

Louw (1941:60) was, ondanks die feit dat hy op die wit verlede van Afrikaans gekonsentreer het om die ontstaan van Afrikaans te verklaar, tog tereg van oortuiging dat die "taalgeografiese metode" waarin streke se taalvariasie aangeteken word, aanleiding kan gee tot meer duidelikheid oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

#### 4.2.21 J. du P. Scholtz<sup>92</sup>

Groenewald (2002:20) is van mening dat J. du P. Scholtz 'n besondere plek in die ontwikkeling van die Afrikaanse taalhistoriese wetenskap beklee het en dat hy "geëer" behoort te word vir die feit dat hy Afrikaans op 'n wetenskaplike grondslag geplaas het. Groenewald beskou Scholtz as die grondlegger van die Filologiese Skool. Raidt (1994:viii) gee Scholtz ook die eer vir die wetenskaplike grondslag waarop hy die Afrikaanse historiese taalwetenskap geplaas het, aangesien dit 'n teoretiese raamwerk vir taalhistorici geskep het.

---

<sup>90</sup> Professor S.A. Louw (L.C. Eksteen het op 'n laat stadium van die taalatlusprojek ook daarby betrokke geraak) het die *Afrikaanse taalAtlas* (1975) saamgestel. Louw was verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Hy word as 'n pionier op die gebied van die taalgeografie beskou. Vergelyk Louw se volgende werke in hierdie verband: *Taalgeografie, Inleidende gedagtes oor dialektstudie* (1941), *Dialekvermenging en taalontwikkeling* (1948), *Die Afrikaanse TaalAtlas* (1959), *Taalgeografie en die studie van Afrikaans* (1976).

<sup>91</sup> Die ouer taalgeografiese studies het volgens Du Plessis (1995a:59) die geografiese faktor oorbeklemtoon, terwyl die moderne variasietaalkundige erken dat geografiese faktore slegs één van vele faktore is wat taalvariasie beïnvloed. Dié interafhanklikheid van vele faktore lei daartoe dat die variasietaalkunde en die sosiolinguietiek in die praktyk moeilik is om te skei.

<sup>92</sup> Professor J. du P. Scholtz (1900-1990) het onder andere in Nederland (1929-1931) in dialektologie en strukturele linguïetiek studeer. Dit het die basis van sy werk in Afrikaans gevorm. Scholtz was verbonde aan die Universiteit van Kaapstad se Departement van Afrikaans en Nederlands. Scholtz (1941, 1975) het uit vroeë Kaapse reisverhale en botaniese studies uittreksels van belangrike Afrikaanse taalkundige vorme gemaak (Raidt, 1991:118). Scholtz het Kloeke (1950) se tradisie in verband met dialektiese 17de-eeuse Nederlands as basisvorm van Afrikaans voortgesit en die vooruitgang van die historiese taalkunde van Afrikaans sedert die vyftigerjare van die vorige eeu kan aan Scholtz toegeskryf word (Ponelis, 1989:33). Scholtz en sy student, Edith Raidt, het volgens Deumert (2005:18) pionierswerk oor die geskiedenis van Afrikaans gedoen. Scholtz het in 1965 afgetree. Publikasies van Scholtz is onder andere: *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875* (n.d.), *Die Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat* (1951), *Afrikaans uit die vroeë tyd* (1965), *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu* (1972), *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans* (1975), *Wording en ontwikkeling van Afrikaans* (1980), *Taalhistoriese opstelle* (1981), *Oor die herkoms van Afrikaans* (1981), "Afrikaanse woorde en uitdrukkinge – eiegoed of erfgoed" (1985). Artikels wat Scholtz in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* geskryf het, is onder andere "Afrikaanse taaltoestande tydens Jan van Riebeeck" en "Die huidige stand van die ondersoek na die ontstaan van Afrikaans". Scholtz het ook as mede-outeur 'n rol gespeel in die samestelling van woordeboeke soos onder andere *Tweetalige woordeboek, 2 dele, Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans* (1962).

Ponelis (1993:71) se mening is dat Scholtz vervreem geraak het van die sosiohistoriese debat oor die ontstaan van Afrikaans. Aangesien daar in die sosiohistoriese debat min aandag geskenk is aan die sosiolinguistiek, beweeg Scholtz na die analise van argivale data. Grebe (1997:89) wys daarop dat Scholtz in dié proses die sosiale konteks waarin taal van een geslag na die volgende oorgedra word, slegs terloops erken het.

Scholtz kan as die eerste hoofvertegenwoordiger van die wetenskaplike bestudering van die Afrikaanse taalgeskiedenis beskou word – juis op grond van sy bestudering van bekombare argivale data (Raidt, 1991:233). Deur Scholtz se toedoen is die Kaapse argief<sup>93</sup> volgens Raidt (1994:34) noukeurig nagegaan en heelwat materiaal<sup>94</sup> is gevind om mee te werk. Die norm waaraan hierdie argivale taalvorme gemeet moes word, was tereg volgens Raidt (1994:53) 'n knelpunt, aangesien daar nie werklik 'n norm bestaan het wat as vertrekpunt in hierdie verband kon dien nie. Afgesien van hierdie knelpunt kon taalkundiges soos Scholtz objektief en wetenskaplik met die beskikbare argivale data omgaan en sonder “hipoteses en veralgemenings” die sisteem van Afrikaans navors en die stappe van die proses reconstrueer (Raidt, 1994:53, 70). Scholtz (1967:42) het die bestudering van die argivale data soos volg beskou: “Sinchronies-opgetekende taalmateriaal verskaf dikwels gegewens wat uit geen ander bron verkrygbaar is nie, of vul die skaars gegewens uit die vroeëre geskiedenis van die betrokke taal aanmerklik aan.” (Scholtz, 1967:42.)

Daar is waarskynlik in die vroeë Kaapse argivale stukke pogings deur die Kaapse setlaars aangewend om suiwer Nederlands te skryf, maar hulle kon volgens Scholtz (1980:109) nie meer daarin slaag nie:

Uit dié foute in hul Nederlands, en af en toe ook uit 'n woordeliks gerapporteerde stukkie gesproke taal, kon ons baie te wete kom omtrent die wordingsgeskiedenis van Afrikaans. Vandag weet ons met sekerheid dat die grammatikale struktuur van die alledaagse omgangstaal van die burgers al rondom 1770 in hoofsaak was soos dié van Afrikaans – met ander woorde, dat Afrikaans as gesproke taal al ruim tweehonderd jaar bestaan. Alle ontwikkelingsverskynsels was wel nog nie end-uit voltrek nie, maar veranderings in die grammatikale struktuur wat daarna nog plaasgevind het, was gering in vergelyking met wat vooraf gebeur het. (Scholtz, 1980:100 e.v.)

Scholtz het, met die hulp van L.C. van Oordt, data uit Kaaps-Hollandse tekste versamel en opgeteken. Daar kan volgens Raidt (1994:218) in die lig van moontlike variasie in Afrikaans, nie bepaal word wat Van Oordt as variante beskou het nie – en wat hy moontlik nie raakgesien het nie.

Die volgende opmerking van Scholtz (1980:110) dui op die invloed van die sosiopolitieke omstandighede<sup>95</sup> van die tyd waarin hy sy uitsprake ten opsigte van taalkwessies gemaak het: “Die wording van Afrikaans het gelyk geloop met die wording van die Afrikaner”.<sup>96</sup> Grebe (1997:90) wys tereg daarop dat Scholtz in sy beskouing oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans slegs gekonsentreer het op die

<sup>93</sup> Met die hulp van L.C. van Oordt, voltijdse navorsingsassistent van prof. Scholtz (Raidt, 1994:53, 218).

<sup>94</sup> Scholtz (1981) was realisties wat die argivale data aanbetref, aangesien hy geweet het dat tekste uit die argief woorde kon bevat het wat lank in die taal geleef het voordat dit in geskrewe vorm aangebied is.

<sup>95</sup> Afrikanemasionalisme het daartoe bygedra dat Afrikaans as eksklusief die eiendom van die wit Afrikaner beskou is.

<sup>96</sup> Daar word dus nie deur Scholtz rekening gehou met die gekleurde sprekers se invloed op die wording van Afrikaans nie.

geskiedenis van Standaardafrikaans – alhoewel Scholtz (1980) tog te kenne gegee het dat Afrikaans as gesproke taal reeds al “ruim tweehonderd jaar” bestaan het.

Scholtz openbaar volgens Groenewald (2002:22, 23) 'n “eng siening” van wat Afrikaans is, aangesien hy verwys het na “kolonistetaal” of “burgertaal” waaruit Afrikaans ontwikkel het. Scholtz het dus in hoofsaak die taal van “koloniste” en “burgers” en die plaaslik gebore Nederlandssprekendes ondersoek. Scholtz (1963:10, 15, 26, 84) was van mening dat die taalgebruik van Duitsers, Franse, Koina en slawe nie “hoog” aangeslaan moes word nie en dat die taal van die Koina “op geen manier” (sic) in verband met Afrikaans gebring kon word nie.

In die boek *Wording en ontwikkeling van Afrikaans* (1980) word weinig aandag aan die sosiohistoriese, taalsosiologiese of historiese aspekte geskenk, alhoewel hy verklaar het: “Taal moet as maatskaplike verskynsel steeds bestudeer word in nou verband met die ekonomiese, sosiale en kulturele toestand van die gebruikers van die taal.” (Scholtz, 1963:225.) In hierdie boek het Scholtz faktore geïdentifiseer wat volgens hom waarskynlik meegewerk het om tot taalverandering by te dra:

- ongehinderde analogiewerking
- dialekmenging
- die invloed van vreemdelinge-Nederlands
- die invloed van vreemde tale self (alhoewel in geringer mate)

Vreemdelinge-Nederlands het volgens Scholtz (1980, 74-76, 90-91; 1963:205) bygedra tot die teenwoordigheid van “taalversteurende” faktore wat sekere tendense soos vereenvoudiging (wat reeds in Afrikaans teenwoordig was) versterk het, maar in wese het Afrikaans Nederlands gebly.

Hieruit blyk dit dat Scholtz sy aanvanklike siening dat die Koina en die slawe nie 'n invloed op Afrikaans kon uitoefen nie, verander het deur nie meer “so afwysend” daarteenoor te staan nie. Daar is volgens Groenewald (2002:24) progressie in Scholtz se werk ten opsigte van die groter inklusiwiteit van faktore wat tot taalverandering aan die Kaap bygedra het, alhoewel hy steeds verskynsels wat deur taalkundiges as kreolismes beskou is, uit Nederlandse dialektiese materiaal probeer verklaar het.

Volgens Scholtz (1980:109) het die ontwikkeling van Afrikaans uit Hollands ook nie ten opsigte van die Kaap en die platteland verskil nie, maar het dié ontwikkeling gelyktydig plaasgevind. Dit staan in teenstelling met Nienaber (1934) se perspektief dat die ontwikkeling van Afrikaans in die landelike gebiede en stedelike gebied wel verskil het. Scholtz (1980:110-111) het erken dat Afrikaans (soos elke ander taal) uit die staanspoor lokaal en sosiaal gestratifiseer was om te voldoen aan die bepaalde behoeftes wat 'n taal stel: “Die verskille binne Afrikaans lê in die eerste plek in die woordeskat, veel minder in die klankvorm en so te sê glad nie in die grammatikale struktuur nie.” Hierdie uitspraak van Scholtz weerspieël myns insiens wat in die historiese Afrikaanse variëteite voorgekom het: die Koina en die slawe se variëteite toon verskille in woordeskat en klankvorm, maar ooreenkomste wat die grammatikale struktuur betref.

Grebe (1997:89) se geldige kritiek teen Scholtz se perspektief oor die ontstaan van Afrikaans is dat Scholtz aan die een kant die invloed van vreemdelinge soos die Koina<sup>97</sup>, slawe<sup>98</sup> en Duitsers erken het, maar aan die ander kant nie-Europese invloede in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans ontken het. Die rol wat die Koina en die slawe se tale in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, is deur Scholtz (1980:96) slegs as 'n *bykomende faktor* beskou.

Afrikaans is volgens Scholtz (1963:256) nie die gevolg van 'n "mengsel" van alle Nederlands (dialekte, in die besonder die dialek van die provinsie, Holland, asook die Nederlandse kultuurtaal), "Maleis-Portugees", Frans en Duits nie, maar eerder 'n geleidelike wysiging van die 17de-eeuse Nederlands in die rigting van Afrikaans. Afrikaans het volgens Scholtz geleidelik ontstaan en nié teen 'n bepaalde tyd nie, terwyl Hesseling (1923) daarenteen die verandering na Afrikaans as 'n vinnige proses beskou het.

#### 4.2.22 G.G. Kloeke<sup>99</sup>

Gesinus Gerhardus Kloeke (1950) het die Nederlandse basis van Afrikaans ondersoek en was van mening dat die herkoms van Afrikaans nie sonder kennis van die Nederlandse dialekte verklaar kan word nie (Ponelis, 1999:4). Die Nederlands waarmee die Nederlandse setlaars na die Kaap gekom het, het volgens Kloeke (1950:354-355) 'n Suid-Hollandse "kleur verraad". Dit kom onder andere volgens hom na vore in Jan van Riebeeck se dagboek wat 'n Suid-Hollandse oriëntasie getoon het. Dié Hollandse dialek is volgens Kloeke (1950:354) "de suprematie boven de andere provinciale dialecten". Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat Jan van Riebeeck deur Suid-Hollanders ondersteun is om die Hollandse taaltradisie in die Kaap te vestig en ook te handhaaf.

Die omwenteling ten opsigte van die taal aan die vroeë Kaap het tereg volgens Kloeke (1950:356-357) vóór 1687 (kort ná kolonisasie) in *Afrika* plaasgevind, alhoewel die Nederlandse woordeskat en fonologiese sisteem steeds gehandhaaf is ten spyte van die "schijnbaar zwakke Afrikaans temidden van een rijk-geskakeerde bevolking van blank, zwart en bruin".

Kloeke (1950:357) het ook aanvaar dat die Nederlands van nuwe setlaars ná 1700 onder die invloed van die taal van die reeds gevestigde setlaars gekom het en dat dit nié andersom die geval was nie. Tog het die Afrikaanssprekende, volgens Kloeke (1950:358), steeds aan die formele taal van Nederland en die *Statenbijbel* vasgekleef en kon daar volgens hom vóór 1860 nie gepraat word van "cel-deling" tussen Afrikaans en Nederlands nie.

---

<sup>97</sup> Die Koina het bygedra tot die ontwikkeling van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit (Du Plessis, 2003a:129-139, 1995a).

<sup>98</sup> Die slawe het bygedra tot die ontwikkeling van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit (Du Plessis, 2003a, 1995a:150).

<sup>99</sup> Professor G.G. Kloeke was op die gebied van die Nederlandse, Vlaamse en Duitse linguïstiek en die historiese dialektologie 'n deskundige en doseer hierdie vakgebiede in Leiden (Nederland) en in Hamburg (Duitsland). Kloeke het geglo dat die geskiedenis van 'n taal in sy dialekte weerspieël word – 'n siening wat Du Plessis (1995a, 2003a) ongeveer 50 jaar ná Kloeke sou herhaal. Sy belangstelling in die dialektologie het aanleiding daartoe gegee dat hy die Nederlandse basis van Afrikaans en die oorsprong van Afrikaans bestudeer het (Ponelis, 1993:127). Hy het volgens Scholtz (1981:232-233) ernstig in Afrikaans belanggestel en het in 1939 'n tydperk in Suid-Afrika navorsing gedoen. Raidt (1991:234) is van mening dat Kloeke 'n belangrike bydrae tot die studie van die Afrikaanse taalgeskiedenis gelewer het met sy werk *Herkomst en Groei van het Afrikaans* (1950).

... verblijvend inzicht, dat, dank zij de onbezweken vitaliteit van het Afrikaans, toch een onnoemlijke hoeveelheid Hollands en Nederlands taalbezit aan gene zijde van de evenaar is bewaard gebleven. En er is geen reden te vrezen, dat het huidige Afrikaans in levenskracht zou achterstaan bij het naar Afrika overgebrachte 17de-eeuwse Hollands (Kloeke, 1950:358).

Kloeke (1950:358) het in sy werk *Herkomst en groei van het Afrikaans* melding gemaak van drie groepe, "blank, zwart en bruin", waaruit die vroeë Kaapse bevolking bestaan het. Daar was ook volgens Kloeke méér "vreemdelingen" as Hollanders aan Kaap. Kloeke meld ook dat die "eigenlijke Hollanders" in de minderheid was teenoor die groeiende meerderheid sprekers van ander tale en dit moes 'n invloed op die taalontwikkeling gehad het. In dié opsig stem Kloeke en Nienaber (1934:194-195) se sienings ooreen.

Wat die invloed van kinders betref, het Kloeke (1950:357) aangevoer: "In een 'onbewaakt ogenblik', waarskynlik in de slappe tijd na Van Riebeeck en vóór Simon van der Stel, heeft het Hollands der jeugd (die opgroeide tussen zóveel vreemdelingen) een Kaapse 'draai' gekregen." Hierdie beskouing van Kloeke oor die rol van kindertaal<sup>100</sup> is onder andere ook deur Hahn (1882), Schuchardt (1891), Kruisinga (1906), Nienaber (1934) en Hesseling (1923) gehandhaaf. Kloeke beskryf dié taal van kinders as 'n "rewolusionêre" vereenvoudigde taal, maar met opvallende konserwatiewe taaleienskappe (Kloeke, 1950:357).

#### 4.2.23 A. van Selms<sup>101</sup>

A. van Selms (1951) se perspektief werp lig op die sosiolek van die Islamitiese godsdienst- en taalgemeenskap aan die Kaap. Van Selms betrek die Arabiese invloed op Afrikaans deur te fokus op die rol wat Abubakr Effendi<sup>102</sup> in die vertaling van Arabies na Afrikaans gespeel het toe Afrikaans as onder-riptaal<sup>103</sup> vir Islamitiese leerders gebruik is. Dié Arabiese invloed op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans is nie in die verlede as betekenisvol beskou nie, aangesien die invloed wat gekleurdes op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans (om sosiopolitieke redes) onderbeklemtoon is.

Van Selms, wat die rol wat die Kaapse Moesliem-gemeenskap se sosiolek in die ontstaan van Afrikaans gespeel het, na vore gebring het, het met die opkoms van die sosiolinguistiek hernieude aandag op die slawe se rol in die ontwikkeling van Afrikaans gevestig waaruit insiggewende navorsing voortgespruit het. Vergelyk in hierdie verband onder andere Davids (1994a en b; 1991; 1990; 1989; 1980). Taalkundiges en historici, soos Wilkinson en Kragolsen-Kille (2006:25-28), Du Plessis (2005), Giliomee (2004a:42), Davids (1994:39-52) en Van Rensburg *et al.* (1989:42-49, 69), ondersteun die perspektief dat die Kaapse slawe se aanleerdersvariëteit 'n rol in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

<sup>100</sup> Sien ook par. 4.2.27 vir die rol wat die *Kaapse kinders* se taal in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

<sup>101</sup> Professor Van Selms emigreer in 1940 uit Nederland na Suid-Afrika. Hy doseer Semitiese studies aan die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). Vergelyk Van Selms (1951) se *Arabies-Afrikaanse Studies I. 'n Tweetalige (Arabiese en Afrikaanse Kategismus)*; en Van Selms (1979) *Abubakr se uiteensetting van die godsdienst*.

<sup>102</sup> Abubakr Effendi was 'n Moesliem-geleerde. Die oudste vertaalde Afrikaanse teks, *Uiteensetting van die geloof* uit 1869, is deur Abubakr Effendi in Arabiese skrif geskryf.

<sup>103</sup> As deel van die Moesliem-kindere se opvoeding het hulle godsdiensoefeninge in hulle soort Afrikaans gedoen. Dié kinders het met ander woorde die Koran met behulp van Afrikaans verstaan (Davids, 1990:2). Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.4.2.3 en par. 2.4.2.4, in dié verband.

#### 4.2.24 J.L.M. Franken<sup>104</sup>

J.L.M. Franken (1953:15-19) het hom ook toegespits op die rol van die slawe in die ontwikkeling van Afrikaans. Hy was van mening dat eksogene verhoudings en ('n groot getal) huwelike tussen slavinne en setlaars in die 17de eeu die invloed wat "Maleis-Portugees"<sup>105</sup> op Afrikaans uitgeoefen het, versterk het. Davids (1994 a en b) sou later ook hierdie perspektief ondersteun. Franken het onder andere tereg bewys dat daar in die slawelosie (anders as wat Hesseling gemeen het) nie "Maleis-Portugees" gepraat is nie, maar Nederlands, alhoewel dit 'n "krom" vorm van Nederlands was. Franken het ook die geldige mening gehuldig dat Hesseling verkeerd was: die wittes het nié die "Maleis-Portugees" van die slawe oorgeneem nie, maar het die slawe Nederlands geleer (al was dit "krom" Nederlands). Hierdie mening van Franken sou later ook in die perspektiewe van onder andere Van Rensburg, (1994; 1995), Du Plessis (1995a; 2003a) en Ponelis (1993; 1994) na vore kom. In Franken se publikasie "Van der Heiden en die swart slaaf" (1928) is 'n aantal voorbeelde van slawe en Koina se "krom" vorme van Nederlands opgeneem.

Franken (1953:94-95) het ook daarop gewys dat setlaarkinders die "krom" Nederlands van die Koina oorgeneem het. Hierdie kinders was volgens Franken teen 1690-1700 volwassenes en hy het die aanname gemaak dat hulle die taalvorm wat hulle as kinders gebruik het, in hulle volwasse spraak voortgesit het.

Ten opsigte van die gebruik van "Maleis-Portugees" onder die slawe het Franken (1953:41-44) bevind dat Portugees 'n algemene omgangstaal onder die slawe was en dat die setlaars teen die eerste deel van die 18de eeu ook kennis gedra het daarvan. Franken se bevindinge stem ooreen met Bosman se siening dat Portugees eers ná 1700 as 'n slawetaal belangrik was, hoewel Franken gemeen het dat daar méér Oosterse slawe in die Kaap was as wat Bosman te kenne wou gee.

Die natuurlike verloop van die ontwikkeling van Afrikaans van die sewentiende tot die negentiende eeu was volgens Franken (1953:194) 'n geleidelike inwerking van die Afrikaans van die bruin sprekers ten eerste op die setlaarboere en ongeletterde setlaars en ten tweede op die taal van die "beskaafde" inwoners van die Kaap. Franken (1953:194, 202-203) reken dat die grammatikale sisteem van die moderne Afrikaans reeds vroeg bestaan het, maar in teenstelling met die tradisionele siening – in die mond van die bruin Afrikaanssprekendes.

Volgens Groenewald (2002:13,15) het Franken groter sekerheid aan die Afrikaanse taalkunde verleen deur uitsprake wat vaag, onseker of hipoteties was te *ondersoek* en te *toets*<sup>106</sup>. Franken (1953:194) is uit

<sup>104</sup> Die nuwe rigting wat taalkundiges ná 1927 ingeslaan het om soveel moontlik tekste van vroeë Kaaps-Nederlands taalkundig te ontleed, is deur professor J.L.M. Franken aangevoer. Hy het hy onder andere breedvoerig berig aangaande "Aantekeninge oor die taal van Wikar se Joernaal". Hy het die lewensloop van Johanna Duminy en haar familie geskets waarin haar taal beskryf word. Hy het ook taalkundige beskouings oor Teenstra se Afrikaanse same-spraak, "Die Afrikaans van Boniface" en Christiaan Hendrik Persoon geskryf.

<sup>105</sup> Franken maak van die benaming "Maleis-Portugees" gebruik. Vergelyk Hoofstuk 2, voetnoot 10.

<sup>106</sup> Franken het aannames en kontroversiële stellings van onder andere Hesseling en Bosman getoets deur argivale ondersoek (Groenewald, 2002:15).

die aard van die sosiopolitieke milieu waarbinne hy sy perspektief (dat Afrikaans in die mond van die Kleurling (sic) ontstaan het) gestel het, deur lede van die Filologiese Skool, onder andere veral Scholtz, gekritiseer.

#### 4.2.25 F. van Coetsem<sup>107</sup>

Van Coetsem (1964:31-32) het daarop gewys dat die verhouding van die sinchronie tot die diachronie anders as in die verlede bestudeer behoort te word. Indien die sinchronie as *aanvullend* en *verrykend* tot die diachronie beskou word, vervaag die skeidslyn tussen die sinchroniese en diachroniese taalbeskouings<sup>108</sup> en word die variasie in Afrikaans verstaan. Met hierdie verklaring van Van Coetsem voeg hy sy stem by dié van onder andere Raidt (1994:217) en Van Rensburg (1997; 1990; 1989) dat die Afrikaanse historiese taalkunde deur sosiolinguistiese navorsing (wat op 'n historiese grondslag berus) aangevul kan word.

Van Coetsem (1988:129, 134) se perspektief<sup>109</sup> het die hipotese behels dat die variasie wat in moderne Afrikaans voorkom, teruggevoer kan word na die taalkontak tussen Nederlands en nie-Nederlandse kontak aan die vroeë Kaap en dat Afrikaans se eie identiteit reeds rondom 1750 ontwikkel het. Dit is in ooreenstemming met Du Plessis (2003a) se taalkontakbeskouing.

Afrikaans het volgens Van Coetsem se geldige siening ontstaan as gevolg van:

- 1) Die invloed van die Koina en die slawe se pogings om Nederlands as nie-Nederlandssprekendes te praat;
- 2) die kreoolvriendelike situasie aan die Kaap waar 'n verskeidenheid tale gepraat is, en
- 3) die spontane, kontinue en natuurlike ontwikkeling van Nederlands wat deur die Kaapse setlaars gepraat is.

#### 4.2.26 M.F. Valkhoff<sup>110</sup>

Marius F. Valkhoff publiseer in 1966 'n Engelse artikel in *African Studies* en in 1972 verskyn sy publikasie *New light on Afrikaans and Malayo-Portugese* oor die kreoliseringsfaktore in Afrikaans. Hierin beskou hy Afrikaans as 'n gedeeltelik gekreoliseerde taal. Die feit dat Valkhoff in Engels gepubliseer het, het dit volgens Raidt (1994:35, 36; 1991:235) vir meer mense toeganklik gemaak en dit het bygedra tot 'n inter-

<sup>107</sup> Professor Frans van Coetsem (1919-2002) was verbonde aan die Universiteit van Cornell in New York en het onder andere in die Germaanse linguïstiek gespesialiseer. Van Coetsem se indeling van die drie Kaapse groepe het volgens Van Rensburg (1989:436-467, 1990:66-67) aanleiding gegee tot die indeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite. Van Coetsem is die outeur van die artikel "Structural linguistics and old Germanic" (1964).

<sup>108</sup> De Saussure wou 'n definitiewe skeiding maak tussen die diachroniese en sinchroniese taalkunde en sodoende het 'n "onoorkombare kloof" tussen die sinchroniese en diachroniese taalkunde ontstaan (Raidt, 1994:1).

<sup>109</sup> Du Plessis (par. 4.2.36) en Van Rensburg (par. 4.2.29) se beskouings korreleer met dié van Van Coetsem (par. 4.2.25) se perspektief. Vergelyk ook Van Coetsem se ontlenings- en imposisiemodel (Van Coetsem, 1988:135).

<sup>110</sup> Professor Valkhoff was 'n linguïst en navorser verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand (Van der Merwe, 1968b:29). Hy het navorsing gedoen oor Afrika se Portugese invloed op kreoolse dialekte, insluitend Afrikaans. Valkhoff is die outeur van *Studies in Portugese and Creole – with special reference to South Africa* wat in 1966 in Johannesburg gepubliseer is, *New Light on Afrikaans and "Malayo-Portugese"* wat in 1972 in Leuven uitgegee is asook *Descriptive Bibliography of the Linguistics of Afrikaans: a survey of major works and authors* (1971), Den Haag.

nasionale diskoers oor Afrikaans. Vergelyk onder andere Makhudu (1986), Muysken (1978) en Holm (1988). Valkhoff se werk is as gesaghebbend beskou en dit het daartoe bygedra dat Afrikaans wêreldwyd as 'n kreoolse taal bekend geword het.

Valkhoff was 'n aanhanger van die gedeeltelike kreoliseringsgedagte en hy het die Maleis-Portugese<sup>111</sup> *lingua franca* van die slawe<sup>112</sup> as 'n belangrike aspek in die ontstaan van Afrikaans beskou. Valkhoff sluit daarom by D.C. Hesseling (1897a en b) se siening aan dat Afrikaans 'n gedeeltelik gekreoliseerde taal is. Daardeur het Valkhoff Hesseling se werk weer onder die aandag van taalkundiges gebring.

Die klem wat Scholtz (1963; 1980) op die taal van die setlaars geplaas het, was vir Valkhoff (1966:5-6) 'n bewys van 'n rassistiese benadering wat gevolg is om die ontstaan van Afrikaans te verklaar. Valkhoff (1966:4, 20-22, 192-1930) was van mening dat daar nie onderskeid getref behoort te word tussen die variëteitsprekers van Afrikaans nie. Afrikaans en Nederlands is wel volgens Valkhoff afsonderlike tale en taalkundiges moes eerder ooreenkomste as verskille tussen die tale aangetoon het. Groenewald (2002:25) sê Valkhoff se grootste bydrae is sy siening dat Afrikaans nie net binne die raamwerk van die *Neerlandistiek* bestudeer moet word nie, maar ook binne die *kreolistiek* (Valkhoff, 1972:59). En aangesien Nederlands 'n koloniale taal was, behoort daar volgens Valkhoff (1966:192, 197) ook na ander koloniale tale gekyk te word om meer daaruit te leer aangaande die proses van taalverspreiding en taalkontak.

Valkhoff het sy ontstaansperspektief van Afrikaans as 'n kreoliserings- of interaksieteorie beskou (Valkhoff, 1972:1-2, 17-18), aangesien hy die multikulturele aard van die vroeë Kaapse samelewing as 'n belangrike faktor in die taalontwikkeling wat daar plaasgevind het, beskou het. Valkhoff het die vinnige ontwikkeling van Afrikaans (in teenstelling met Nienaber en Scholtz se beskouings dat Afrikaans geleidelik tot stand gekom het) verklaar aan die hand van hierdie sosiologiese faktore. Taalkundige kreolisering hang volgens Valkhoff nou saam met rassevermenging wat weer aanleiding gee tot 'n gekreoliseerde samelewing (Valkhoff, 1966:211-215).

Valkhoff se perspektief op die ontstaan van Afrikaans kan soos volg saamgevat word: Alle vorme van Portugees (die wêreldtaal van die bepaalde tydperk), veral Kreools-Portugees, het in die 17de eeu 'n rol in die Nederlandse kolonies gespeel, daarom het dit ook 'n rol gespeel om Kaaps-Hollands te kreoliseer. Die slawe en die Koina het, volgens Valkhoff (1966:222-223), Nederlands vinnig aangeleer, maar op 'n gebrekkige wyse. Die Koina en die slawe se onderskeie pogings om Nederlands aan te leer het volgens Valkhoff (1972:50; 1966:211) aanleiding gegee tot die ontstaan van twee gekreoliseerde Nederlandse vorme aan die vroeë Kaap. Die verskillende variëteite van Afrikaans was volgens Valkhoff (1972: 7, 16, 17) 'n belangrike aanduiding van die geskiedenis van Afrikaans. Al die variëteite van Afrikaans is na die

---

<sup>111</sup> Valkhoff maak gebruik die term "Maleis-Portugees". Sien Hoofstuk 2, voetnoot 10.

<sup>112</sup> Valkhoff het in die Kaapse Argief op 'n opmerking van kommissaris-generaal Van Rhee de afgekom. Hy interpreteer dié opmerking en kom tot die gevolgtrekking dat die "krom Afrikaans" van die *slawe* aanleiding tot die ontstaan van Afrikaans gegee het (Scholtz, 1981:262). W. Blommaert (n professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch in 1921) se interpretasie van dieselfde opmerking is dat dit die gebrekkige Hollands van die *inboorlinge* was wat tot die gebroke taal van die Europese setlaars aanleiding gegee het. Blommaert beskou die rol wat kinders in die totstandkoming van Afrikaans gespeel het tereg as 'n faktor wat nie buite rekening gelaat kan word nie (Scholtz, 1981:257-258).

mening van Valkhoff (1966:49) verskillende fases van dieselfde taal. Valkhoff (1966:158) was van mening dat nie net die 17de eeu (soos Hesseling aanvaar het) van belang was in die ontstaan van Afrikaans nie, maar dat die 18de eeu net so belangrik was.

Van der Merwe (1968a:36-38), Valkhoff se grootste teenstander, kritiseer tereg Valkhoff se teorie, naamlik dat dit as 'n herhaling van Hesseling se perspektief beskou sou kon word. Raidt het volgens Groenewald (2002:27) ook sinvolle kritiek op Valkhoff se werk gelewer, maar dit het haar terselfdertyd introspeksie laat doen om in haar eie werk die sosiohistoriese omstandighede in die multitalige koloniale samelewing te verreken.

Valkhoff se werk het volgens Groenewald (2002:24) 'n "waterskeiding" in die historiese taalkunde van Afrikaans gebring, omdat hy Afrikaans binne die raamwerk van die kreolistiek geplaas het. As gevolg van sy kritiek op Afrikaanse taalkundiges móés hulle volgens Groenewald op Valkhoff se perspektief reageer. 'n Voorbeeld hiervan is onder andere Raidt se reaksie op Valkhoff wat aanleiding gegee tot haar eie bestudering van die prosesse van taalkontak. In hierdie studie het sy aandag geskenk aan die sosiohistoriese aspekte van die verskillende taalgroepe aan die Kaap en dit het volgens Groenewald (2002:29-30) 'n "rigtingverandering" in Raidt se werk tot gevolg gehad waarin sy onder andere die sosiohistoriese faktore as medefaktore in die ontstaan van Afrikaans begin verreken het. Tog "betreur" sy volgens Groenewald (2002:27) die aandag wat Valkhoff se werk onder kreoliste geniet, omdat sy oortuig was daarvan dat Valkhoff se "kreoliseringsteorie" in stryd is met die ware toedrag van sake in die vroeë Kaap. Raidt (1994:35-36) beskou Afrikaans nie as 'n gekreoliseerde taal nie, maar 'n taal wat ondanks vreemde beïnvloeding haar Germaanse struktuur en karakter behou het. Raidt (1994:39) beskuldig Valkhoff van oorbeklemtoning van die sosiohistoriese en sosiologiese aspekte in plaas daarvan om meer aandag te skenk aan taalkundige gegewens. Dit beteken Raidt is tereg van mening dat sowel taalkundige materiaal as sosiohistoriese gegewens ondersoek behoort te word.

#### 4.2.27 D.B. Bosman<sup>113</sup>

D.B. Bosman wou, volgens Groenewald (2002:9) en Van der Merwe (1968a:40), die veranderinge in Afrikaans ten opsigte van Nederlands terugvoer na Germaanse of 17de-eeuse Nederlandse dialektiese materiaal (of volkstaal). Verder wou Bosman die aandag vestig op die invloed wat hierdie Nederlandse dialektiese materiaal op die taal van die Kaapse setlaars uitgeoefen het. Die "moedertaalin invloed" was volgens Bosman (1923:100) belangrik, want dit verklaar die sterk Nederlandse karakter wat in moderne Afrikaans voorkom. Na die mening van Bosman was Afrikaans nie gekreoliseerde Nederlands nie, maar 'n taal wat onder die invloed van Kreools-Nederlands (van nie-Nederlandssprekendes of "vreemdelinge") verkeer het.

---

<sup>113</sup> Professor D.B. Bosman was 'n taalhistorikus, skrywer, vername filoloog in die Duitse en Nederlandse tradisie en diachroniese taalpuris. Hy was verbonde aan die Universiteit van Kaapstad. Bosman was die belangrikste teenstander van Hesseling se perspektief. In sy doktorsale studie beoordeel hy Hesseling se perspektief as onoortuigend en foutief (Scholtz, 1981:31). Bosman bespreek die ontstaansteorieë van Afrikaans in sy werk *Oor die ontstaan van Afrikaans* (1923). Bosman is ook die outeur van *Afrikaans en Maleis-Portugees* (1916), 'n ongepubliseerde Ph.D.

Bosman (1916:1-2 e.v.) het baie tyd en aandag daaraan bestee om Hesseling se siening aangaande die Maleis-Portugese invloed en gepaardgaande kreoliseringsgedagte in die ontstaan van Afrikaans te weerlê<sup>114</sup>. Hy was van mening dat Afrikaans nie 'n mengeltaal was nie en dat Hesseling die invloed van die slawe en "Maleis-Portugees"<sup>115</sup> oorskat het. Bosman (1916:32-34) was verder van mening dat Hesseling se aanname dat die setlaars "Maleis-Portugees" geken het, nie bewysbaar was nie. Bosman (1916:10) kritiseer ook tereg Hesseling se aanname dat "Maleis-Portugees" een taal is, want hy was van oordeel dat dit twee tale was.

Hesseling het hom later teen Bosman se kritiek verdedig deur te sê dat hy nie alle taalverandering in die Kaap aan die invloed van "Maleis-Portugees" toegeskryf het nie (Groenewald, 2002:9). Hesseling (1916:252) het ook toegegee dat daar nie 'n taal soos "Maleis-Portugees" bestaan het nie en dat hy nie kon bewys het dat "Maleis-Portugees" die oorsaak van die vervorming van Nederlands na Afrikaans was nie. Hesseling was van mening dat dit wel bewys kon word dat die slawe se Maleis en Portugees veel meer aan die Kaap gebruik is as Koi-tale. Daarom het Hesseling "Maleis-Portugees" as die toonaangewende faktor in taalverandering beskou, terwyl ander tale ondergeskikte faktore was.

Bosman het nie die gebruik van "Maleis-Portugees" in die Kaap ontken nie, maar hy het sy bedenkinge gehad oor die *gebruiksomvang daarvan* (veral ten opsigte van wit setlaars) (Groenewald, 2002:8). Dit is volgens Ponelis (1999:9) wel waarskynlik dat Bosman "soos sogenaamd diachroniese puriste" Afrikaner-nasionalistiese motiewe gehad het en daarom kreolisering uit Afrikaans wou weer.

Tog reken Bosman (1916:112-118) in teenstelling met bostaande paragraaf dat taalkundiges nie net één oorsaak vir die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans moes bied nie, maar alle faktore in aanmerking moes neem en teen mekaar moes opweeg. In Bosman se bekende werk *Oor die ontstaan van Afrikaans* (1923) stel hy die argument dat nie-Nederlandssprekendes (die Koina en die slawe) se onvoldoende aanleerderspogings om Nederlands te praat, wel aanleiding gegee het tot die ontstaan van Afrikaans, máár hy plaas steeds (soos 'n kind van die sosiopolitieke milieu waarbinne hy werk) die sterkste klem op die rol van die wit (Europese) invloed op die ontstaan van Afrikaans (Bosman, 1923:16-29, 39-41).

Bosman (1916:115-123) verdeel die Kaap se inwoners in twee groepe:

- Nederlandse moedertaalsprekers, en
- "Vreemdelinge" wat Nederlands aangeneem het.

Hierdie twee groepe het mekaar volgens Bosman beïnvloed en hiervolgens is Afrikaans die ontwikkeling van Nederlands onder die invloed van die Nederlandse taalgebruik van "vreemdelinge". Die "vreemdelinge" se Nederlands het dus op 'n indirekte wyse op Afrikaans ingewerk; daarom het die Afrikaanse woordeskat in wese grootliks Nederlands gebly. Dit is in ooreenstemming met Raidt (1991:235) se mening dat 95% van die Afrikaanse woordeskat 'n Nederlandse herkoms het. Dit het bepaal dat Bosman

---

<sup>114</sup> Scholtz (1980) is ook van mening dat Hesseling die rol van "Maleis-Portugees" in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans oorbeklemtoon het.

<sup>115</sup> Dit het volgens Ponelis (1999:9) nie vir Bosman oor die taal, Portugees, gegaan nie, maar eerder oor die feit dat die hoofgebruikers van die taal die slawe was.

(1923:40) 'n voorstander van die *Vreemdelinge-Nederlands-teorie* was in dié sin: "... dat vreemdelinge Nederlands gaan praat het, en nie andersom nie. Hottentotte, Franse, Duitsers, slawe, algar het hulle taal opgegee en Nederlands aangeneem. In soverre ... Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge." Grebe (1997:62) wys daarop dat Bosman nie die Maleis-Portugese faktor in die vorming van Afrikaans ontken nie, maar dat hy dit nie as die aanleidende faktor aanvaar het nie.

In 'n kort afdeling van sy werk *Oor die ontstaan van Afrikaans* (1923) het Bosman die invloed bespreek wat kindertaal op die ontstaan van Afrikaans uitgeoefen het. Hy verduidelik: "... dat kinders en vreemdelinge as faktor van taalverandering tesaam gegroep kan word" (Bosman, 1923:143). Aan die Kaap het Hollandse kleuters se taal volgens Bosman (1923:145-146) afgewyk van die taal van die volwasse sprekers van Hollands. Dié kleutertaal toon volgens Bosman ooreenstemming met Afrikaans. Ter staving van sy argument het Bosman onder andere op die volgende gewys:

- Verkleinwoorde is eie aan kindertaal en is ook tipies van Afrikaans.
- By kindertaal ontbreek woordgeslag, neutrum en onsydig – so ook in Afrikaans. Die voorkoms van "inkorrekte" werkwoordelike tydsvorme is eie aan kindertaal.

Slawevroue wat met setlaars getrou het, kon na die mening van Bosman (1923:147) nie hulle kinders se taalafwykinge van Hollands verbeter nie, omdat hulle self nie van beter geweet het nie, en nie korrekief kon optree nie. Die kinders van slawe- én setlaarvroue se slawe- en Koi-maats se aanleerdersvariëteite het volgens Bosman ook 'n rol in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel. Bosman (1923:148) was dus daarvan oortuig dat "Kreools-Afrikaans" bygedra het tot die "sneller ontwikkelingstempo van Nederlands in Suid-Afrika".

Bosman het nie melding gemaak van die drie historiese Afrikaanse variëteite nie. Hy meld tog die aanleerderspogings van die Koina en slawe om Nederlands te praat en hier onderskei hy drie groepe se taal – maar *drie groepe kinders se taal* – wat 'n aandeel in die ontstaan van die drie historiese Afrikaanse variëteite kon gehad het:

- 1) Kaapse kinders;
- 2) Kaapse kinders se slawemaats, en
- 3) Kaapse kinders se Koi-maats.

Ds. W. Postma<sup>116</sup> formuleer in *Die Brandwag* van 15 Februarie 1912 'n perspektief oor die ontstaan van Afrikaans wat die perspektief van Bosman eggo, naamlik: Afrikaans het ontstaan deur die Afrikaanse kind, aangesien Afrikaanse kinders voortdurend omring was deur sprekers van 'n verskeidenheid tale en daarby aangepas het (Bosman, 1923:38-39).

---

<sup>116</sup> Ds. W. Postma was 'n "prominente taalnasionalis van sy tyd" (Ponelis, 1999:10). Postma het ook 'n Afrikaanse woordelys saamgestel met veral woorde wat in die noordelike dele van die Kaap en die Vrystaat voorgekom het (Van der Merwe, 1971:xii).

Bosman (1916) en Postma (1923) se ontstaansienings gee tereg erkenning aan die invloed van Kaapse kinders op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans en Raidt (1994:185, 194-197) aan die taal van jong vroue. Dit is 'n relatief onbekende (en na my mening 'n belangrike) aspek in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans wat as gevolg van die gebrek aan data nie genoegsaam ondersoek kan word nie.

#### 4.2.28 H.J.J.M. van der Merwe<sup>117</sup>

H.J.J.M. van der Merwe (1968b:15-66) het die teorieë oor die ontstaan van Afrikaans van onder andere Klooke, Te Winkel, Bosman, Hahn, Hesseling, Valkhoff en Louw krities vanuit 'n Eurosentriese perspektief bespreek. Van der Merwe (1968b:49) het, as kind van die sosiopolitiese milieu<sup>118</sup> waarin hy hom bevind het, die kreoliseringsontstaan van Afrikaans betwis: "As Afrikaans dus 'n gekreoliseerde taal was, sou dit nie juis 'n koersgerigtheid getoon het wat setel in die 17de-eeuse Volksnederlands en verder terug in Wes-Germaans nie."

Van der Merwe (1968a:50) was van mening dat dit 'n "dwase" opvatting is om te meen dat die ontstaan van Afrikaans sinoniem is aan "Afrikaans in sy huidige vorm", aangesien die taal volgens hom nie "klinkklaar" ontstaan het nie, maar gegroei het tot wat dit is.

My slotsom is dus: Afrikaans het nie eensklaps aan die Kaap ontstaan nie, maar die ontstaan moet gesien word as 'n voortsetting van 'n taalneiging wat reeds in die vroegste Nederlands aanwesig was – die ontstaan is dus voorafgegaan deur 'n baie lang aanloop, maar sy eintlike beslag wat die huidige vorm betref, het tussen 1656 en 1658 plaasgevind, dus lank voordat vreemde nie-Nederlandse invloede daarop kon inwerk. In oorsprong en ontwikkeling is Afrikaans dus net so suiwer as Nederlands en dit gaan terug op dieselfde stam<sup>119</sup> (Van der Merwe, 1968b:65-66).

Onder die invloed van Van der Merwe het die tendens ontstaan om die moontlike nie-Europese invloed op die ontstaan van Afrikaans te minimaliseer, aangesien hy nie-Europese invloede as degraderend beskou het (Esterhuysen, 1986:27). Volgens Van der Merwe (1970:28) kan daar aanvaar word dat slegs Koi-leenwoorde in Afrikaans oorgeneem is. Wat die Maleis-Portugese invloed op Afrikaans betref, was Van der Merwe (1970:28) van mening dat die leenwoorde uit die Ooste deur Jan van Riebeeck se voorbeeld van seemans- en handelstaal in Afrikaans ingedra is.

Van der Merwe (1970:28) het enige sienings dat Afrikaans 'n kreoolse taal is, sterk teengestaan. Dit dít blyk uit die volgende: "Geen taalkundige van naam glo nog in die Maleis-Portugese teorie van Hesseling

<sup>117</sup> H.J.J.M. van der Merwe, voormalige professor in Afrikaanse taalkunde aan UNISA, Pretoria, was 'n groot teenstander van M.F. Valkhoff se perspektief op Afrikaans (Raidt, 1994:51). Hy is onder andere die redakteur van *Afrikaans, sy aard en ontwikkeling* wat in 1968 in Pretoria uitgegee is en is die outeur van *Vroeë Afrikaanse woordelyste* (1971).

<sup>118</sup> Van der Merwe (1968a:30, 34) het daarvan kennis geneem dat hy deur Valkhoff as 'n "albosentris" bestempel is, aangesien Van der Merwe en ander taalkundiges (J.L.M. Franken en G.S. Nienaber uitgesluit) volgens Valkhoff die "gekleurde invloed" op die ontstaan van Afrikaans wou verwyder. Van der Merwe (1968a:34) het hom teen Valkhoff se stelling verweer deur te bevestig dat hy en ander Afrikanertaalkundiges nie die bestaan en die gebruik van Kreools-Portugees in Suid-Afrika ontken het nie.

<sup>119</sup> "Die taal wat invloed uitgeoefen het, was tog Nederlands, of Oerafrikaans, en geen vreemde taal nie" (Van der Merwe, 1970:30).

nie" en "Gelukkig word dit<sup>120</sup> hier en in die Dietse lande nie ernstig opgeneem nie!" Van der Merwe (1970:30-31) was van mening dat Afrikaans nie as gevolg van nie-Nederlandse tale ontstaan het nie, maar as gevolg van 'n voortsetting van taaltendense wat reeds in Nederland teenwoordig was.

Ondanks Van der Merwe (1970:35-36, 38) se bogenoemde sterk oortuiging maak hy tog melding daarvan dat daar teen die begin van 1800 'n uiteenlopende ontwikkeling in Afrikaans voorgekom het, naamlik:

- 1) Nederlands,
- 2) "deftige Boere-Afrikaans"<sup>121</sup> en
- 3) "Maleier- of Hottentot (sic) -Afrikaans".

Hierdie onderskeiding is myns insiens nie getref om op die variasie in Afrikaans te wys nie, maar eerder om die verskil tussen "aanvaarbare" (Nederlands en "deftige Boere-Afrikaans) en "onaanvaarbare" (gekleurdes se) Afrikaans aan te toon. Van der Merwe se perspektief, asook die invalshoek van die skoolhandboek<sup>122</sup> wat hy die lig laat sien het en waarin die Afrikaanse taalgeskiedenis<sup>123</sup> beskryf word, kan gemotiveer word vanuit die sosiopolitieke milieu en tydvak waarin sy uitsprake gemaak is. Politici en taalkundiges binne dié sosiopolitieke milieu wou die wit herkoms en die eksklusiewe Afrikaner-eienaarskap van Afrikaans bewaar (Deumert, 2004a:42; Du Plessis, 2001a:70).

#### 4.2.29 M.C.J. van Rensburg<sup>124</sup>

Du Plessis (2001a:78) sê dat M.C.J. van Rensburg se grootste bydrae tot die Afrikaanse variasiekunde daarin geleë is dat hy 'n nuwe perspektief op die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans ingebring het: *sinchroniese verskynsels kan naamlik belangrike insig op diachroniese prosesse bied*. Dié sosiolinguistiese benadering wat Van Rensburg gevolg het, asook sy deeglike beskrywing van die Afrikaanse variëteite, bied tereg insiggewende inligting ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

Die "nuwe" perspektief wat Van Rensburg (1994:167-168; 1992:312-314) aangebied het, behels die beklemtoning van die invloed van die vroeë Kaapse *intertale*<sup>125</sup> op die ontstaan en ontwikkeling van

<sup>120</sup> Die kreoolse perspektief van Valkhoff en Hesseling.

<sup>121</sup> In Van Rijn (sien par. 4.2.19) se onderskeiding het hy ook 'n vorm van Afrikaans: "Boere-Afrikaans" vermeld.

<sup>122</sup> *Herkoms en ontwikkeling van Afrikaans* (1970).

<sup>123</sup> Slegs die eksklusiewe wit ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans word behandel. Sien Van der Merwe (1970).

<sup>124</sup> Professor M.C.J. van Rensburg was meer as 'n dekade dosent in Afrikaanse en Nederlandse taalkunde aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende 1969 en 1970 was hy in Duitsland om voor-doktorale studies af te handel. Van Rensburg vertrek in 1998 vir na-doktorale studies na die Universiteit van Leuven in België. In 1980 is hy as professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat aangestel. Hy is volgens Du Plessis (2001a:77) die grondlegger van Afrikaanse variasienavorsing en hy het baanbrekerswerk gedoen met sy navorsing oor Griekwa-Afrikaans. Vergelyk in hierdie verband Van Rensburg (1989) en Van Rensburg *et al.* (1989). Hy het sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria afgesluit. Van Rensburg is die outeur van onder andere die volgende artikels: "Die bestudering van taalvariate in Afrikaans" (1976), "Fasette van niestandaard Afrikaans" (1980), "Twee temas uit Tuiste in eie taal" (1981). In 1990 sien *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika* die lig. Die volgende bydraes verskyn onder ander in 'n aantal bundels: "Soorte Afrikaans" (1989), "Transvaalse Afrikaans" (1984).

<sup>125</sup> Intertale kan volgens Van Rensburg (1994:172) beskou word as gebrekkige tale, ontoereikende kommunikasie-middels of vereenvoudigings van die teikentaal. Intertaalgegewens maak 'n belangrike deel uit van die taalgeskiedenis in 'n nedersettingsgebied (Van Rensburg, 1994:167). Wanneer 'n volwasse moedertaalspreker 'n ander taal as sy moedertaal as teikentaal stel, kom daar volgens Van Rensburg (1990:28) 'n stadium dat dié spreker se taal nie

Afrikaans. Die herkoms van Afrikaans behoort volgens Van Rensburg (soos ook talle taalkundiges voor hom en na hom) tereg gesoek te word in die dinamiese inwerking van die Kaapse taalkontaksituasie.

Sommige variëteite<sup>126</sup> het via die Nederlanders vanuit Europa na Suid-Afrika gekom, terwyl intertaalvariëteite binne Suid-Afrika ontstaan het as gevolg van die pogings van die inheemse sprekers en die ingevoerde slawe om Nederlands te praat (Van Rensburg, 1989:436-437). Van Rensburg beskou Afrikaans derhalwe as 'n voortsetting van Niestandaardnederlands én die intertaalvorme wat die Koina, die slawe en nie-Nederlandse setlaars gebruik het.

Hierdie, na my mening geldige, beskouing berus op die uitgangspunt dat 'n taal nie homogeen is nie, maar wel 'n versameling van al haar variëteite. Die vroegste intertale wat in die Kaap opgeteken is, beskou Van Rensburg as variëteite van Afrikaans en nie van Nederlands nie. Hierdie variëteite toon kenmerke van pidgin- en kreoolse tale. "*Slawehollands*" is 'n voorbeeld van 'n vroeë intertaal aan die Kaap, aldus Van Rensburg (1994:168-169).

Van Rensburg kritiseer die beklemtoning van die Nederlandse herkoms van Afrikaans deur sekere taalkundiges<sup>127</sup>, aldus Grebe (1997:105, 107):

In beskrywings van Afrikaans is sy niestandaardvariëteite tot dusver nog nie bevredigend betrek nie en val die klem deurgaans op die Europese wortels van Afrikaans. In die taalgeskiedenis soek mens tevergeefs na hoofstukke met 'n opskrif soos "Die Afrikageskiedenis van Afrikaans". Wanneer daar geargumenteer word dat Afrikaans uit Nederlands ontstaan het, maak data oor Standaardafrikaans die onderwerp van die gesprek uit. Die ander soorte Afrikaans, veral dié wat as intertale in Afrika ontstaan het, kom nie aan bod nie (Van Rensburg, 1994:175).

Van Rensburg (1994; 1989) en Van Rensburg *et al.* (1989) bring die drie historiese Afrikaanse variëteite<sup>128</sup> in duidelike verband met die drie sinchroniese Afrikaanse variëteite. Daarvolgens onderskei hy:

- 1) *Transvaalse Afrikaans* (die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit),
- 2) *Wes-Kaapse Afrikaans* (die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit), en
- 3) *Oranjerivierafrikaans* (die historiese Westelike Afrikaanse variëteit).

Volgens die benadering van Van Rensburg kan die ontstaan van *Transvaalse Afrikaans* verklaar word deur die "verafrikaansing" van Nederlands deur die Kaapse setlaars; *Wes-Kaapse Afrikaans* kan verduidelik word deur die "verafrikaansing" van Nederlands deur die Oosterse slawe van die Kaap; en *Oranjerivierafrikaans* het ontstaan danksy die "verafrikaansing" van die Koina se Nederlands.

---

meer baie moedertaalkenmerke vertoon nie, maar steeds nie gelyk is aan die teikental nie – die taal wat op dié wyse ontstaan, is 'n *intertaal*.

<sup>126</sup> Van Rensburg (1989:436-437) onderskei tussen 1) 'n variëteit wat nou aan die Nederlands van die VOC verbonde was en 2) Nederlandse niestandaardvariëteite.

<sup>127</sup> W. Kempen (1969:610) is van die taalkundiges wat die perspektief gehuldig het dat Afrikaans "veel Nederlandser" gebly het as wat perspektiewe en publikasies oor die ontstaan van Afrikaans te kenne wou gee.

<sup>128</sup> Aan die hand van 'n sosiolinguistiese benadering.

Daar bestaan 'n duidelike verband tussen die geskiedenis van 'n taal en die variasie binne 'n taal. Die taalkontaksituasie wat aan die vroeë Kaap geheers het, het aanleiding gegee tot kontakvariasie. Die Koina en slawe moes in die Kaapse kontaksituasie noodgedwonge Nederlands probeer praat. Die slawe en die Koina het Kaaps-Hollands as aanleerderstale op hulle eie onderskeie maniere gepraat en dit verskil van die Kaaps-Hollands wat die setlaars gepraat het. Hierdie vorme van vroeë Afrikaans het die basis gelê vir die drie historiese Afrikaanse variëteite (Van Rensburg, 1990:6; 1989:436; 1997:7).

### **Die Koina se variëteit (die oudste historiese Afrikaanse variëteit)**

Die Koi-sprekers van Nederlands het nie eers Nederlands gepraat en toe 'n vorm van Koi-Nederlands (wat verder van Nederlands gestaan het) nie; hulle het uit die staanspoor Nederlands probeer praat. Die Koina se Nederlandse aanleedersvariëteit is 'n voorbeeld van taalverandering na Nederlands toe (Van Rensburg, 1990:36).

Namate die Nederlandse model (as gevolg van afstand en 'n gebrek aan kontinuïteit) aan die Kaap verswak het, het die stigma wat aan "Hottentot-Hollands" gekleef het, ook begin vervaag. Dit het mettertyd aanleiding gegee daartoe dat meer blankes (veral in die Kaapse skiereiland) ook die Koina se taalvorm (historiese Westelike Afrikaans) begin praat (en selfs begin skryf) het (Van Rensburg, 1992:325).

Die Kaaps-Hollands/Afrikaans van die Koina is die oudste Afrikaanse variëteit. Die historiese Westelike variëteit het volgens Van Rensburg (1990:29) as 'n gesproke variëteit<sup>129</sup> voortgeleef, terwyl die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit die rol van die standaardisering van Afrikaans<sup>130</sup> oorgeneem het.

### **Die slawe se variëteit**

Volgens Van Rensburg (1997:12) het die slawe nooit die teikentaal (Nederlands) bereik nie, aangesien hulle dit nie so goed soos die moedertaalsprekers daarvan kon praat nie. Die ingevoerde slawe het Nederlands op hulle eie kenmerkende manier begin praat: "... 'n nuwe taal wat in Suid-Afrika ontstaan het" (Van Rensburg, 1997:12). Dié Kaaps-Hollands/Afrikaans is nie deur alle nakomelinge van die slawe op 'n eenvormige wyse gepraat nie; verskillende vorme het voorgekom. Die slawe met verskillende moedertale het dié vorme van Kaaps-Hollands/Afrikaans gebruik om met medeslawe te kommunikeer asook om vir die res van die Kaapse gemeenskap verstaanbaar te wees.

Die Moesliemskool wat in 1793 in Kaapstad gestig is, het volgens Van Rensburg (1997:15) en Davids (1990:2) 'n Arabiese ortografie vir Afrikaanse klanke gebruik en so het die Arabies-Afrikaanse skryftradisies<sup>131</sup> in Suid-Afrika 'n aanvang geneem. Dié tradisie het 'n belangrike rol<sup>132</sup> gespeel in die opteke-

<sup>129</sup> As gevolg daarvan dat die gesproke variëteit van die Koina nog in die logosfeer verkeer het (Rossouw, 2004a:11).

<sup>130</sup> Danksy die grafosfeer waarin Oostelike Afrikaans gedurende dié tydperk gestaan het (Rossouw, 2004a:110).

<sup>131</sup> Van Selms (1951) verskaf lig op die sosiolek van die Islamitiese taalgemeenskap aan die Kaap en betrek die Arabiese invloed op die ontstaan van Afrikaans. Vergelyk par. 4.2.23 in hierdie verband. Vergelyk ook Davids, par. 4.2.34.

<sup>132</sup> Aangesien die Arabiese skrif met die Afrikaanse fonologie die Afrikaans van die slawe vir navorsers uitsonderlik bewaar het en 'n blik bied op die ontstaan van die Suidelike Afrikaanse variëteit.

ning van die Suidelike Afrikaanse variëteit van die Kaapse slawe (Hattingh, 2005a:15; Giliomee, 2004a:79; Davids, 1994a:42).

### Die setlaars se variëteit

Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit<sup>133</sup> is hoofsaaklik 'n landelike variëteit van Afrikaans. Dié variëteit is tussen 1770 en 1840 aan die destydse Oosgrens tussen die Groot Brakrivier en die Visrivier gepraat en is 'n voortsetting van die niestandaardvorme van Nederlands ('n verskeidenheid Nederlandse variëteite). Van Rensburg is van oordeel dat die Kaapse Nedersettingsnederlands nie uit amptelike Hoog-Hollands ontstaan het nie, maar uit die Nederlandse spreektaal (Van Rensburg, 1989:436; 1990:66; 1997:31-33)

Nuwe tale het volgens Van Rensburg (1997:9) in voormalige kolonies ontstaan in gevalle waar volwasse sprekers 'n ander taal moes aanleer. Om dié rede is Afrikaans nie die gevolg van 'n klomp tale wat "in 'n pot gegooi en deurmekaar geroer is nie". Die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans kan beter begryp word indien daar verstaan word dat verskillende ouer vorme van Afrikaans<sup>134</sup> voorgekom het en dat dié vorme reeds ná die eerste 50 jaar aan die Kaap van mekaar onderskei kon word. Van Rensburg wys tereg daarop dat Nederlands, die basistaal, in al die historiese variëteite van Afrikaans herkenbaar is.

Die geografiese verspreiding van die variasie van Afrikaans gee die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans weer, aangesien daar (danksy historiese feite) 'n geografiese indeling gemaak kan word van groepe sprekers wat Afrikaans gepraat het:

Nederlands (én Kaaps-Hollands) is volgens Van Rensburg (1990:66) as twee intertale aan die Kaap gepraat:

- 1) "Koi-Hollands" (die historiese Westelike Afrikaanse variëteit) wat deur die inheemse Koina aangeleer is, en na die omstreke van die Gariep-rivier versprei het, en
- 2) "Slawe-Hollands" (die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit) wat deur die Kaapse slawegemeenskap gebruik is om aan die Kaap te kommunikeer.

Afrikaans se ontstaansgeskiedenis lê derhalwe *binne* en *buite* Suid-Afrika:

- 1) *binne* Suid-Afrika omdat dit verband hou met ander tale waarmee die Nederlanders en ander Europeërs aan die vroeë Kaap in aanraking gekom het – en wat steeds in die moderne variëteite van Afrikaans hoorbaar is, en
- 2) *buite* Suid-Afrika omdat dit verband hou met die ander tale waarmee die Nederlanders (en ander Europeërs) na Suid-Afrika gekom het. Nederlands vorm 'n belangrike deel van

<sup>133</sup> Wat meer taalkontakgeleenthede met die Koina as met die slawe gehad het.

<sup>134</sup> Die historiese Afrikaanse variëteite.

<sup>134</sup> Grebe (1997:112) is van mening dat Van Rensburg se siening oor die "drie etnies-geografiese variëteite" vereenvoudig is. Vergelyk ook Grebe (1997) vir teenargumente ten opsigte van die verklaring van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit, asook par. 4.2.40.

die vroeë Afrikaanse geskiedenis – daarsonder sou Afrikaans nie tot stand kon kom nie (Van Rensburg, 1997:1).

Die struktuur van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit was volgens Van Rensburg (1990:70) aanvanklik onvas, aangesien Suidelike en Westelike Afrikaans daarnaas bestaan het. Die isolasie aan die Oosgrens en die Groot Trek-beweging na die afgesonderde en uitgestrekte binneland het die mededinging met die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit laat vervaag, aangesien:

- 1) die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit hoofsaaklik aan die Kaap gepraat is, en
- 2) sprekers van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit die historiese Westelike Afrikaanse variëteit as gevolg van bepaalde assosiasies gestigmatiseer het.

Dié stigma het aan die Westelike Afrikaanse variëteit bly kleef – selfs tot ná die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit die basis gevorm het van die twee Boererepublieke se taal (wat uiteindelik die basis van Standaardafrikaans geword het). Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit<sup>135</sup> het aan die begin van die 19de eeu met swart Afrika-tale in aanraking gekom, maar as gevolg van oorloë en vyandighede het die geleentheid vir langdurige taalkontak nie bestaan nie (Van Rensburg, 1997:3).

Volgens Van Rensburg (1997:18) word die grammatikastrukture van die Afrikaanse variëteite (die standaardvariëteit uitgesluit) in skoolhandboeke<sup>136</sup> en woordeboeke “gruwelik verwaarloos”. Dit kan myns insiens reggestel word deur die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans met leerinhoude te integreer. (Sien Hoofstuk 6, par. 6.2.2 -6.2.5, par. 6.3 en Bylae A vir ’n voorbeeldesreeks waarin fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans met NKV-leerinhoude geïntegreer word.)

#### 4.2.30 T. Markey<sup>137</sup>

Markey<sup>138</sup> is van mening dat taalverandering in die vroeë Kaap *gedeeltelike kreolisering* in die hand gewerk het en sonder die spontane ontwikkeling van Noord-Hollandse<sup>139</sup> dialekte uit in hierdie Kaapse taalveranderingsproses (Markey, 1982:169-170).

Markey (1982:201-204) het Afrikaans beoordeel volgens ’n kriteria-kontrolelys<sup>140</sup> vir *kreole* en het tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaans ten opsigte van *Kriterium 1* (die afwesigheid van die genus) en

---

<sup>136</sup> Vergelyk Hoofstukke 5 en 6 in hierdie verband.

<sup>137</sup> Professor Thomas L. Markey was verbonde aan die Departement van Linguistiek van die Universiteit van Michigan in die VSA. Markey se publikasies sluit onder andere in “Afrikaans: creole or non-creole?” (1982) in die tydskrif *Zeitschrift für Dialektologie und Linguistik* (pp. 169-207) .

<sup>138</sup> Markey onderskei drie soorte teorieë wat oor die ontstaan van Afrikaans bestaan. Sien par. 4.3.2 in hierdie verband.

<sup>139</sup> Kloeke was van mening dat Suid-Hollandse dialekte na die Kaap gebring is.

<sup>140</sup> Die elf kriteria vir die klassifikasie van kreole waarvolgens Markey Afrikaans beoordeel het, is:

- 1) die ontbrekende genus (bv. die onderskeid tussen *het-* en *de-*woorde in Nederlands);
- 2) meervoudsaanduiding deur ’n verbinding tussen ’n substantief en pronominale vorm (bv. kind-hulle);
- 3) die konsekwente voorkoms van die SVX-volgorde;
- 4) die ontbrekende geslagsonderskeid by derdepersoonspronamina;

*Kriterium 5* (die afwesigheid van 'n naamvalsisteem) 'n egte kreoolse taal is. Ten opsigte van *Kriterium 6* (die voorkoms van die vergelykingskonstruksie) en *Kriterium 7* (tempus en aspek) is Afrikaans egter slegs gedeeltelik 'n kreoolse taal. (Groenewald, 2002:36-37; vergelyk ook Ponelis 1989.)

Markey beskou Afrikaans nie as 'n egte kreool nie en hy is van mening dat Afrikaans eerder as 'n oorgangstaal beskou kan word, aangesien Afrikaans<sup>141</sup> op 'n horisontale kreoolkontinuum tussen 'n kreool 'n nie-kreool geplaas kan word (Kotzé, 2001:105; Markey, 1982:173).

Makhudu (1986:48-53) lewer kritiek teen Markey se bevinding in die sin dat Markey slegs Standaardafrikaans in sy analise gebruik het. Makhudu wys daarop dat Standaardafrikaans nie die bron vir die studie van Afrikaans moet wees nie. Afrikaans is volgens hom die versamelnaam van 'n kontinuum van sosiolekte. Makhudu het uit 'n lys van 13 kreoolse kenmerke (soortgelyk aan Markey se kriteria-kontrolelys) op die kleurlinge (sic) se Afrikaans toegepas en het bevind dat hierdie Afrikaanse variëteit sewe kreoolse kenmerke het en Standaardafrikaans slegs drie.

#### 4.2.31 H. den Besten<sup>142</sup>

Gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu het die sosiolinguistiese benadering ten opsigte van die ontstaan van Afrikaans van veral Hans den Besten op die voorgrond getree. Hy het die sosiale konteks en die heterogene taalsituasie waarin taalverandering aan die vroeë Kaap plaasgevind het, saamgetrek (Grebe, 1997:100; Ponelis, 1993:71). Publikasies van Den Besten het ook bygedra tot internasionale belangstelling in Afrikaans, veral onder die kreoliste (Groenewald, 2002:38).

Den Besten het Afrikaans metafories voorgestel as 'n taal met "twee moeders": die een moeder was die "Hollandse Nederlands" van die setlaars en die ander moeder was die pidgin/Kreools-Nederlands<sup>143</sup> van die Koina en die slawe, aangesien Den Besten die Koina en die slawe se Nederlandse pidgin as 'n beduidende invloed in die ontstaan van Afrikaans beskou het (Den Besten, 1997:322). Hierdie beskouing van Den Besten word deur De Ruyter en Kotzé (2002:140) as die "outogene hipotese" beskou, aangesien die meeste navorsers op hierdie gebied hulle met dié beskouing kan vereenselwig en daardeur 'n aspek in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans buite rekening gelaat het, naamlik die aandeel van die Nederlandse seevaarders (sien verder par. 4.2.38 aangaande "Austro-Nederlands").

---

5) geen naamvalsisteem kom voor nie;

6) die voorkoms van gegrammatiseerde vergelykingskonstruksies (bv. Jan is groter as Piet);

7) die drie tempus-aspekmerkers wat vooraan die werkwoord geplaas word;

8) die ontbrekende nie-finiete werkwoordflexie;

9) die ontbrekende passief;

10) die herstrukturering van besitskonstruksies na analogie van lokatiewe uitdrukkings, en

11) die ontkeningsvorm word voor die werkwoord geplaas (Ponelis, 1989:22; Markey, 1982:201).

<sup>141</sup> Kritiek teen Markey se perspektief is die feit dat Markey se ontstaansperspektief die normatiewe grammatika van Standaardafrikaans in die mond van wit Afrikaanssprekendes gebruik het en nie die ander Afrikaanse variëteite (waarin kreoolse kenmerke voorkom) in ag geneem het nie (Kotzé, 2001:106).

<sup>142</sup> Professor Den Besten is 'n navorser en verbode aan die Departement van Algemene Linguistiek van die Universiteit van Amsterdam in Nederland. Sy belangstellingsveld is taalkontaklinguistiek en kreoolse tale. Den Besten is die outeur van "Double negation and the genesis of Afrikaans". In: 8, P. en Smith, N. (eds.) (1986), *Cases of possible syntactic interference in the development of Afrikaans* (1978); "From Khoekhoek foreignertalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: the creation of a novel grammar", in: Pütz, M. & Dirven, R. (eds.) (1989).

<sup>143</sup> Den Besten gebruik die term so.

Den Besten se werk is volgens Groenewald (2002:1) binne die tradisie van Hesseling, Franken, Nienaber en Valkhoff wat die sosiohistoriese faktore wat 'n rol in die ontstaan van Afrikaans gespeel het, erken het. Den Besten (1986:198) se perspektief oor die ontstaan van Afrikaans sluit die volgende in:

- 1) 'n vroeë, relatief stabiele Hollandse pidgin het vinnig tussen die Koina ontwikkel, en
- 2) 'n soortgelyke proses het vyf tot ses jaar ná die aankoms van die slawe óók onder slawe plaasgevind.

Dit lei tot Den Besten se klassifikasie van Afrikaans as 'n *nie-Wes-Germaanse kreool*<sup>144</sup> op grond van drastiese struktuurveranderinge as gevolg van die invloed van Hollandse pidgins. Die resultaat hiervan was die kreolisering van Nederlands<sup>145</sup>. Gelyktydig hiermee het Kaaps-Hollands uit die dialektiese Nederlands van die Kaapse setlaars<sup>146</sup> ontwikkel. Kaaps-Hollands het voortdurend met Kreools-Nederlands in kontak verkeer.

Hierdie twee soorte Nederlands, 'n Europese Nederlands en 'n Nederlandse pidgin, het uiteindelik volgens Den Besten (1989:234) geleidelik saamgesmelt om Afrikaans en haar variëteite te laat ontstaan:

This gradual convergence of two (or three) languages that at the outset started out as clearly separate systems: dialectal Dutch and Dutch pidgin, may be expected to have left more traces in present-day Standard Afrikaans and its dialects, though, than merely deflection in the verbal paradigm (Den Besten, 1989:234).

Grebe (1997:100-101) beskryf die slotsom waartoe Den Besten in sy verklaring van die ontstaan van Afrikaans gekom het soos volg: Die taal van die Koina en die slawe en die taal van die setlaars vloei teen 1850 ineen, sodat daar teen 1850 'n Afrikaanse Koine<sup>147</sup> bestaan. Dié Koine vorm die fondament van Standaardafrikaans.

Kotzé (1994:131) kritiseer tereg Den Besten se klassifikasie van Afrikaans as 'n *nie-Wes-Germaanse kreool*, op grond van "sterk leksikale verwantskap" wat tussen die standaardvorme van Afrikaans<sup>148</sup> en Nederlands bestaan.

Alhoewel Den Besten Afrikaans as 'n *nie-Wes-Germaanse kreool* beskryf het, ontken hy nie in sy perspektief die Nederlandse herkoms van Afrikaans nie en bevestig hy dat talle eienskappe van Afrikaans 'n voortsetting van die 17de-eeuse Nederlands is:

<sup>144</sup> Hans den Besten klassifiseer Afrikaans as 'n *nie-Wesgermaanse kreoolse taal*. Dit is in teenstelling met Holm (1988:9) wat Afrikaans as 'n *semi-kreool* klassifiseer, Mühlhäusler (1986) wat Afrikaans as 'n *kreoloïde* beskou, aangesien a) slegs 'n gedeeltelike breuk en b) vermenging tussen 'n *ten volle ontwikkelde* taalsisteem en 'n *ontwikkende* sisteem plaasgevind het, Raidt (1991) wat die ontstaan van Afrikaans aan taalveranderingsprosesse toeskryf, en Kotzé wat Afrikaans as 'n *koina* beskou (Kotzé, 1994:131-133). Vergelyk ook Mufwene (2001:171-173) in hierdie verband.

<sup>145</sup> Ook Proto-Afrikaans I genoem (Grebe, 1997:10, Den Besten (1989:226).

<sup>146</sup> Teen 1775 ontwikkel daar uit Kaaps-Hollands 'n variëteit, ook Proto-Afrikaans II genoem (Grebe, 1997:101; Den Besten, 1989:226).

<sup>147</sup> Afrikaanse Koine: met dialektiese differensiasie (Grebe, 1997:101).

<sup>148</sup> Tot 95% van die leksikon van die standaardvariëteit van Afrikaans het volgens Kotzé (1994:131) en Raidt (1991:173) waarskynlik 'n Nederlandse herkoms.

In my view the structure of the pidgin spoken by the Khoekhoen and transmitted to the slaves can explain why Afrikaans unlike (other) creole languages that have arisen under similar circumstances *still looks so much like its metropolitan sister, Dutch* (Den Besten, 1989:207; my kursivering).

Groenewald (2002) bestudeer die ontstaansperspektief van Den Besten in 'n indringende studie en lewer sinvolle kritiek daarop. Volgens Groenewald (2002:86) het Den Besten 'n groot bydrae tot die Afrikaanse taalkunde gelewer in 'n aantal studies vanaf 1978. Den Besten (1986:185-188 e.v.) het vir die eerste keer die "Konvergensieteorie" oor die ontstaan van Afrikaans aangebied en dit later verder uitgebrei (Den Besten, 1987; 1989; 1994; 2002). Die "Konvergensieteorie" van Den Besten se sentrale tese dat 'n stabiele pidgin onder die Koina ontwikkel het wat "wortels in Engelse en Nederlandse handelsjargons van voor 1652 gehad het, staan volgens Groenewald (2002:227) nie op historiese gronde nie, aangesien die Europese invloed klein van omvang was. (vergelyk De Ruyter en Kotzé (2002) se siening van die invloed wat die Nederlandse seevaarders se taal op die ontwikkeling van Afrikaans uitgeoefen het, par. 4.2.38.)

Den Besten toon aan dat die Koina, in vergelyking met die slawe, geen gemeenskaplike kontaktaal gehad het nie. Die teenwoordigheid en gebruik van verkeerstaal wat uit die Ooste (Kreools-Portugees en (Pasar-)Maleis) na die Kaap gebring is, beteken dat die slawe in geringer mate as die Koina dit nodig gevind het om 'n Nederlandse pidgin aan te leer of te gebruik (Den Besten, 1989:222). Die Koina wat nie die Kaap na die pokke-epidemie verlaat het nie, het ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel, aangesien die Nederlandse pidgin (wat uit Koi-Nederlands ontstaan het) reeds in die Kaap gevestig was en selfstandig kon voortbestaan om wel 'n verdere taalkundige invloed op die ontwikkeling van Afrikaans te kon uitoefen (Den Besten, 1986:198-199; 1989:222-227; 1994:321).

Hierdie Nederlandse pidgin van die Koina is volgens Den Besten (1986:193-194; 1989:224-229; 1994:4-5; 2002:19-20) verder deur die slawe ontwikkel. Die slawe het egter ook Maleis en Kreools-Portugees gebruik en dit het 'n komplekse taalsituasie in die Kaap tot gevolg gehad wat tot groter taalvariasie gelei het, aangesien die setlaars se variëteit, die Nederlandse "pidgin/kreool" van die Koina en van die slawe, mekaar voortdurend beïnvloed het. Volgens Den Besten (1989:226) het die taal van die setlaars met die "pidgin/kreool" teen ongeveer 1820-1830 'n Afrikaanse koine gevorm<sup>149</sup>.

Groenewald (2002:227) is tereg van mening dat Den Besten "lof verdien vir die aansienlike lig wat hy op die moontlike rol van Nederlandse Khoekhoen gewerp het."

---

<sup>149</sup> Groenewald (2002) bespreek van Den Besten se Konvergensieteorie (daar het gedurende 1652-1713 'n stabiele pidgin onder die Koina ontwikkel wat "wortels" in Engelse en Nederlandse jargons van voor 1652 gehad het).

#### 4.2.32 E.H. Raidt<sup>150</sup>

Raidt (1994:vii-iii, 219, 223) het tereg daarop gewys dat die uiteenlopende aard van bronne rakende die ontwikkeling van Afrikaans die taalhistorikus voor "tergende probleme" stel. In die eerste plek veral omdat argivale tekste uit die ontstaansperiode van Afrikaans pogings van setlaars bevat wat die Nederlandse kultuurtaal wou weergee en hulle eie spreektaal wou verdoesel. In die tweede plek bestaan daar geen tekste waarin die Koina en/of die slawe se taalvorme weergegee word nie. Raidt waarsku daarom teen spekulasie op grond van geselekteerde sosiohistoriese inligting.

Grebe (1997:91, 93) kritiseer Raidt omdat sy aanvanklik die rol van die Koina en die slawe in die ontstaan van Afrikaans ontken het en die beskouing van Afrikaans as kreool of semikreool verwerp het. Raidt het in reaksie op Valkhoff se "kreoliseringsteorie" die prosesse van taalkontak begin bestudeer. Dit het volgens Groenewald (2002:29-30) aanleiding gegee tot 'n "rigtingverandering" in Raidt se perspektief.

Raidt (1994:27) se kritiek op die kreoolse siening van Afrikaans is dat kreolisering te breed gesien word en dat dit aanleiding gee tot "verwarring en vervaging". Raidt is verder in dié opsig van mening dat pidginisering en kreolisering as kwantitatiewe taalprosesse beskou behoort te word en dat duidelike begrips-afbakening nodig is.

Raidt se aanvanklike perspektief (in ooreenstemming met filoloë soos Scholtz) is volgens Groenewald (2002:4) dat Afrikaans uit dialektiese Nederlands ontwikkel het met geringe invloed van ander tale of die "gebroke" spraak van die Koina, die slawe en nie-Nederlandssprekendes. Later beskou Raidt (1991:235, 236) egter die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans as die resultaat van *geleidelike taalveranderingsprosesse*<sup>151</sup>. Die volgende drie prosesse het volgens Raidt (1991:236, 177) ál drie 'n gesamentlike rol gespeel in die totstandkoming van Afrikaans:

##### 1) *Normale*<sup>152</sup> taalverandering

Ondanks die kontak met 'n verskeidenheid tale aan die vroeë Kaap is die "inherente patrone en kenmerke van daardie Nederlands"<sup>153</sup> aan die Kaap van geslag na geslag oorgedra" (Raidt, 1991:173; Raidt, 1975:53). Raidt was van mening dat hierdie transmissieproses die rede is

<sup>150</sup> Edith Hildegard Raidt spesialiseer in die taalgeskiedenis van Afrikaans. Sy was vroeër professor in Historiese en Afrikaanse Taalkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand. Raidt was hoofredakteur vir die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, buitelandse erelid van die *Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde* en het die C.J. Langenhovenprys van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Sy is tans die visekanselier van die St. Augustine C.J. College, die eerste Katolieke universiteit in Suid-Afrika. Raidt (1994:215) vind dit verblydend dat daar nou plaaslik, maar ook internasionaal, nuwe belangstelling in die geskiedenis van Afrikaans ondervind word. Sy is onder andere die outeur van *Afrikaans en sy Europese verlete* (1991) en *Historiese Taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans* (1994).

<sup>151</sup> Van Rensburg (1994:170) gebruik nie die term *taalverandering* nie, maar *normverandering* "in 'n veranderde taalgemeenskap" om die Nederlandse invloed op Afrikaans te verduidelik.

<sup>152</sup> Van Rensburg (1994:170-171) is van mening dat daar met die vestiging van 'n "nuwe norm" nie genoegsame empiriese bewyse van natuurlike taalveranderingsprosesse gevind kan word nie. Dit kom vir buitelanders voor asof die toonaangewende taal (Nederlands) in 'n betrokke gebied (aan die Kaap) verandering ondergaan het, maar dit behoort volgens Van Rensburg toegeskryf te word aan 'n normverandering wat in die spraakgebied aan die orde van die dag was. "Die taal wat nie meer aan die nuwe taalnorm voldoen nie, die taal van die vorige sosiaal dominerende groep, verdwyn nie, maar word net gaandeweg op die agtergrond geskuif, soos wat met Nederlands in Suid-Afrika gebeur het."

<sup>153</sup> 17de-eeuse Nederlands.

waarom 95% van die Afrikaanse woordeskat met Nederlands ooreenstem, die Afrikaanse klankvorm grotendeels van Nederlandse herkoms is en die Afrikaanse sinsbou soos dié van Nederlands is<sup>154</sup>.

Die resultaat van normale taalverandering is volgens Raidt (1994:17-19; 1991:213-220) dikwels grammatikale vereenvoudiging, terwyl reduksie en byvoeging gewoonlik nie by normale taalverandering voorkom nie.

## 2) Taalkontak en beïnvloeding

Nederlandse taalkontak met 'n verskeidenheid ander tale<sup>155</sup> aan die Kaap het 'n direkte of indirekte rol gespeel gedurende die geleidelike ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans en het "duidelike spore in Afrikaans gelaat" (Raidt, 1991:175). Nederlands het al die hoë taalfunksies aan die vroeë Kaap vervul en nie-Nederlandssprekendes aan die Kaap (werknemers van die VOC en koloniseerders) was onderworpe aan die VOC se streng taalbeleid<sup>156</sup>. Dit verklaar volgens Raidt waarom daar min woordontlenings uit ander tale in Afrikaans voorkom. Dit is dus nie die vreemde tale wat Nederlands beïnvloed het nie, maar tereg die "gebreklike aanleer en handhawing van Nederlands" deur die sprekers van hierdie tale (Raidt, 1991:175).

## 3) Taalversteuring

Taalversteuring het volgens Raidt (1991:177, 1994:27) tussen 1680 en 1740 aan die Kaap voorgekom, aangesien die gebrekkige Aanleerdersnederlands van die nie-Nederlandssprekendes aanleiding gegee het tot die voorkoms van verskillende variëteite wat ook deur die gebore Kapenaars oorgeneem is. Teen die tweede deel van die 18de eeu het die taalsituasie egter na die mening van Raidt genormaliseer.

Taalversteuring kom volgens Raidt (1994:17-19) in multitalige taalkontak voor waar grootskaalse ontlening en of die gebrekkige aanleer van die doeltaal 'n rol speel en ook die proses van normale taalverandering kan versnel, maar die "resulterende vereenvoudiging" bly "binne die raamwerk van die oorspronklike grammatika." Grootskaalse taalversteuring is gelyk aan "gebroke taal" wat gekenmerk word aan "onstabieliteit" en "onpatroonmatigheid" (Raidt, 1994:20). Raidt (1994:27) beskou die konsep "*taalverandering*" as belangrik in die ontwikkeling van Afrikaans, aangesien taalhistoriese data volgens haar daarop dui dat daar nie in die ontwikkeling van Afrikaans 'n algemene pidgin bestaan het nie. Daar het wel 'n tipiese situasie van taalversteuring, en by individuele sprekers 'n stadium van gebroke taal, voorgekom. Vir Raidt (1994:28) het taalversteuring en nie kreolisering nie 'n belangrike rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel, aangesien die gebroke taal van die Kaap 'n "gebrek toon aan patroonmatigheid" en morfologiese (maar nie sintaktiese) versteurings, terwyl pidgins volgens haar duidelik "patroonmatige" veranderinge toon en op sintaktiese vlak "ingrypende" veranderinge toon. Normale taalontwikkeling is verhaas deur taalversteurende faktore. Nederlands het aan die

<sup>154</sup> Sien ook Scholtz, par.4.2.21 in hierdie verband.

<sup>155</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.1, par. 2.2 en par. 2.5 in hierdie verband.

<sup>156</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.2.1 en par. 2.3.3.5 aangaande die VOC se taalbeleid aan die Kaap.

Kaap, afgesien van normale taalverandering, verander as gevolg van die uitwerking van taalversteuring weens groot getalle aan die Kaap se gebrekkige kennis van Nederlands – nie as gevolg van pidginisering of kreolisering nie.

Daar het dus volgens Raidt (1991:236) normale taalverandering aan die Kaap plaasgevind en nie kreolisering nie, ten spyte van taalkontak en -beïnvloeding. Taalkontak en -beïnvloeding het wel taalversteuring tot gevolg gehad. Nie-Nederlandssprekendes se foutiewe Nederlands en oorgeërfde taalvorme het met mekaar “gekonkurreer” in ’n situasie waarbinne taalkontak vrylik plaasgevind het, maar deur die VOC se streng taalbeleid getemper is.

Raidt (1991:230) som haar siening oor die ontstaan van Afrikaans tereg soos volg op: “Wanneer ons ons bronne versigtig bestudeer, sien ons dat nie die een of die ander taal in die besonder of een spesifieke faktor vir die wording van Afrikaans verantwoordelik was nie, maar dat die Afrikaanse taal die *produk* is van baie *eksterne en interne faktore*” (Raidt, 1991:230; 1994:215, my kursivering).

Die *eksterne faktore* behels die dialektiese variëteite en dialektiese tendense van die 17de-eeuse Nederlands. Die dialektiese skakerings van die 17de-eeuse Nederlands is vir Raidt “besonder belangrik”, aangesien Afrikaans die voortsetting is van Nederlandse dialekvorme of dialektendense wat in Nederland voorgekom het. Die *interne faktore* behels die invloed van die nie-Nederlandssprekendes (soos die Koina, die slawe en ander immigrante) se “gebrekkige” Kaaps-Hollands (Raidt, 1991:230-231).

Die verskeidenheid wat in Afrikaans voorkom, hou verband met die ontstaan van Afrikaans vóór 1800. Raidt het aan die hand van 19de-eeuse koeranttekste taalkundige analyses<sup>157</sup> gemaak wat daarop dui dat Afrikaans in die fase vóór standaardisering ’n wye verskeidenheid linguïstiese variasie vertoon het en dat die variëteite hoofsaaklik van Nederlandse dialekte afkomstig was (Raidt, 1994:289).

Wat bruin Afrikaanssprekendes betref, kon Raidt (1994:291) slegs tekste analiseer waarin hulle taalgebruik indirek deur wit Afrikaanssprekendes gerapporteer is. Wat die vroeë Kaapse variasie betref, is die data na die geldige oordeel van Raidt “gebrekkig” en “ontoereikend” en daar kom min direkte inligting uit die argivale tekste na vore.

Diachroniese taalstudie is volgens Raidt (1991:215) ná 1950 wêreldwyd afgeskeep as gevolg van taalkundiges se geïnteresseerdheid in die sinchroniese taalstudie en in die algemene taalwetenskap. Navorsing wat in die verlede oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gedoen is, behoort uitgebrei te word “in die lig van die moderne diachroniese taalwetenskap en sosiolinguïstiek”. Raidt (1994:16) het wel gemeen dat kennis van kreolistiek tot voordeel van navorsers van taalkontak kan strek, aangesien kennis van taalverskuiwings- en -veranderingsprosesse volgens Raidt tot beter onderskeid tussen normale taalverandering, taalkontak en taalversteuring asook pidginisering en kreolisering kan lei (Groenewald, 2002:31).

---

<sup>157</sup> In ooreenstemming met Scholtz se oproep tot ’n wetenskaplike benadering.

Raidt (1994:289) wys tereg daarop dat argivale taalgegewens aanvanklik eensydig geëvalueer is en stel voor dat die Afrikaanse historiese taalwetenskap van meer sosiolinguistiese metodes gebruik moet maak. 'n Studie oor die Kaaps-Hollandssprekende slawe, onafhanklike swartes, die Koina, Maleiers en Griekwas in die 18de en 19de eeu behoort volgens Raidt (1994:256) onderneem te word om die taalgebruik en -variasie van die genoemde groepe te ondersoek. Om die taalvariasie in wordende Afrikaans te evalueer behoort daar gesteun te word op kennis van en insig in die sosiolinguistiese, en -politieke milieu van die vroeë heterogene Kaapse gemeenskap.

Dit is juis te danke aan die nuwe rigtings in die sosiolinguistiek gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu dat daar 'n "skerper reliëf" in die navorsing van Raidt (1994:x) na vore getree het. Sy het in die eerste studie oor vrouetaal in Suid-Afrika die kenmerke van vrouetaal aan die Kaap ondersoek – in die besonder die rol wat hierdie vroue in die taaloordrag- en taalveranderingsprosesse gespeel het. Argivale tekste<sup>158</sup> het volgens Raidt (1994:218) die feit na vore gebring dat die vroue aan die vroeë Kaap wat in die Kaap gebore is en daar grootgeword het, die middelpunt van *taalverskeidenheid* gevorm het, aangesien Kaapse vroue:

- 1) selfs tot drie keer in hulle lewe getroud<sup>159</sup> is;
- 2) in baie gevalle meer as tien kinders gehad het; en
- 3) in daaglikse kontak met haar slawe- en Koi-bediendes verkeer het.

Die Kaapse vroue was ook volgens Raidt (1994:219), in teenstelling met immigrantemans, 'n konstante groep. Weens meervuldige huwelike met mans van verskillende nasionaliteite was die vroue die "brandpunt van taalvariasie en taalverskeidenheid a.g.v. hulle plek in die samelewing, veral in die familiekring en die huishouding." As gevolg van hierdie vroue se gesinspatrone en hulle alledaagse interaksie met hulle slawe en Koi-bediendes was hulle volgens Raidt die middelpunt van "taalkontak, taalversteuring en taalverskeidenheid." Raidt wys ook in hierdie verband daarop dat "die variërende maatskaplike verskeidenheid" in 'n mate die "individuele taalverskeidenheid wat van vrou tot vrou aansienlik verskil het", verklaar en ook waarskynlik 'n weerspieëling was van die algemene taaltoestand aan die Kaap.

Die Kaapse vroue het volgens Raidt (1994:213-214) aan die een kant 'n "behoudende" rol en aan die ander kant 'n "vernuwende" rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel (alhoewel Raidt van mening was dat daar nog indringende studies in hierdie verband noodsaaklik is.) – behoudend in die sin dat die Kaapse vroue (as konstante faktor) die Nederlandse volkstaalvorme ten opsigte van leksikon en sintaksis behoue laat bly het. Die vernuwende rol wat die Kaapse setlaarvroue in die taalveranderingsprosesse gespeel het, hang volgens Raidt saam met die sosiale milieu waarin hulle beweeg het asook hulle daaglikse kommunikasie met hulle mans, kinders, bediendes asook in hulle samelewing.

---

<sup>158</sup> Raidt (1994:223, 238) besef die leemte wat daar ten opsigte van argivale data oor slavinne en Koi-vroue se leefwyse aan die Kaap bestaan, aangesien hulle moontlik nie geletterd was nie of omdat van hulle geskrifte nie bewaar is nie. Tekste wat gebruik is om die rol van die vroue in die ontwikkeling en ontstaan van Afrikaans te bepaal, was bowendien slegs beperk tot Kaapstad en die Boland.

<sup>159</sup> Dikwels met mans van verskillende nasionaliteite (Sleigh, 2005a).

Wat die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans betref, kom Raidt in 1994 tot die slotsom dat Afrikaans se skakel met Europa onmiskenbaar is, maar dat Afrika 'n beslissende rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. Afrikaans is volgens Raidt (1994:49-50) daarom Germaans en nie kreools nie en het vreemde sprekers en vreemde tale eerder 'n *taalintervensie* verteenwoordig as 'n proses van pidginisering en kreolisering. Raidt (1994:51) erken dan ook dat die Afrikaanse taalgeskiedenis 'n besondere situasie weerspieël van 'n Germaanse taal wat onder die invloed van verskeie vreemde tale en sprekers ontwikkel het en daarom 'n belangrike bydrae kon lewer tot die "onderskeiding tussen taalkontak en taalbeïnvloeding enersyds en kreolisering andersyds". Die ontwikkeling wat Raidt (1994) se perspektief betref aangaande die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans sedert 1974, is 'n goeie illustrasie van die samehang tussen linguïste se beskouings en die sosiopolitieke milieu waarbinne 'n bepaalde beskouing na vore kom (Van den Berg, 2007).

Raidt (1994:ix-x) erken dat sy haar "doelbewus van enige teorievorming oor die ontstaan van Afrikaans weerhou het" en dat haar navorsing tereg "in 'n sekere sin replieke of reaksies op polemieke van die dag" was. Raidt het later in haar loopbaan (sedert die tagtigerjare) wegbeweeg van Scholtz se strukturalistiese perspektief en toegelaat dat die sosiolinguïstiek haar studies in die rigting van taalvariasie gelei het. Raidt (1994:217) bevestig dat daar leemtes in die Afrikaanse historiese taalkunde bestaan wat deur sosiolinguïstiese navorsing (wat op 'n historiese grondslag berus) aangevul behoort te word. Raidt (1994:256-257) sê dat kennis van die "interaksie tussen sosiale netwerke en taalvariasie" Afrikaans moontlik uit haar "ghetto van blanke eksklusiwiteit" bevry het.

#### 4.2.33 F.A. Poneis<sup>160</sup>

Die *eerste fase* in die ontstaan van Afrikaans as omgangstaal is volgens Poneis (1994:107-108) die vorming daarvan in die "los" en uiteenlopende Kaapse samelewing in die 17de eeu. Uit hierdie "los" en uiteenlopende samelewing ontstaan 'n variëteit wat Poneis as 'n stedelike Nederlandse *koine*<sup>161</sup> beskryf. Dit is hierdie Nederlandse variëteit wat as gevolg van taalkontak aan die Kaap omvorm word: "Daar is taamlik swaar ontleen; eers aan "Maleis-Portugees" en later aan Khoi" (Poneis, 1994:108).

Belangriker in die ontstaan van Afrikaans as bogenoemde ontlening is, volgens Poneis (1994:108), die uitwerking wat die gebruik van Nederlands deur nie-Nederlandse sprekers (die slawe was ver in die meerderheid) op die ontstaan van Afrikaans gehad het.

Poneis (1989:120) is van mening dat die nie-Nederlandssprekendes saam met die Kaapse Nederlandssprekendes die taalgemeenskap aan die Kaap gevorm het. Volgens Poneis was die Nederlandssprekendes die "behoudende" element en die nie-Nederlandssprekendes die "progressiewe element" van

---

<sup>160</sup> F.A. Poneis, emeritusprofessor van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch is 'n bekroonde taalkundige. Poneis se navorsingsgebied sluit in die besonder die interne taalgeskiedenis t.o.v. fonologie en sintaksis van Afrikaans in. Verskeie publikasies van Poneis sien die lig waarvan "Hesseling: 'n eeu later in Suid-Afrika" (1999), "n Verkenning van die Hollandse samelewing aan die Kaap" (1997), *The Development of Afrikaans* (1993), *Afrikaans en taalversteuring* (1988), *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie* (1998) en "Review of Van Selms" (1979) onder andere voorbeelde is.

<sup>161</sup> 'n Koine is volgens die HAT (2005:549) 'n algemene taal wat deur verskillende groepe gedeel word. Grebe (1997:101) beskryf 'n koine as 'n taal met dialektiese verskeidenheid.

hierdie taalgemeenskap<sup>162</sup>. Die taalverandering deur die nie-Nederlandssprekendes se gebroke Nederlands het mettertyd die hele Kaapse taalgemeenskap bereik en beïnvloed. Dit het na die mening van Ponelis aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n taalspektrum<sup>163</sup> aan die Kaap wat bestaan het uit Nederlandse moedertaalsprekers se *matrilek* (moedertaal) aan die een punt en die *interlekte* (intertale) van nie-Nederlandssprekendes aan die ander punt. Die Kaapse slawe moes byvoorbeeld Nederlands vinnig en onder ongunstige omstandighede probeer aanleer en dit het bygedra tot die kreolisering van Nederlands aan die Kaap.

Ponelis (1987:9) onderskei aanvanklik die variasie wat hy in Afrikaans waarneem in drie "dialekbundels" wat hy soos volg benoem:

- 1) Suidwestelike Afrikaans (ook Kaapse Afrikaans van die Kaapse Skiereiland, die Boland, Swartland, Overberg en Klein Karoo);
- 2) Noordwestelike Afrikaans (van Namakwaland, die westelike Boesmanland, die Richtersveld asook dele van die Klein Karoo); en
- 3) Oostelike Afrikaans (van die grootste gedeelte van die Kaapse binneland, Vrystaat, (ou) Transvaal en KwaZulu-Natal)<sup>164</sup>.

Die *tweede fase*<sup>165</sup> in die ontstaan van Afrikaans behels volgens Ponelis (1994:108) die regionalisering van die Afrikaanse omgangstaal, asook die invloed van die Koina en die "Maleis-Portugees"<sup>166</sup> van die slawe, wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die drie historiese Afrikaanse variëteite:

- 1) Die *Oostelike binnelandse variëteit* wat ook die spraakgebied noord van die Vaalrivier en Vrystaat insluit.
- 2) Die *Suidwestelike Kaaplandse variëteit* met Kaapstad en Stellenbosch as die spraakgebied van hierdie variëteit. Hierdie variëteit is meer deur "Maleis-Portugees" van die slawe beïnvloed<sup>167</sup>.
- 3) Die *Noordwestelike Kaaplandse variëteit*. In hierdie variëteit het Koi-invoede sterker voorgekom as in ander variëteite.

Hierdie onderskeiding van Ponelis is in ooreenstemming met Van Rensburg (1990) se geografiese indeling van die variëteite.

---

<sup>162</sup> Hierdie perspektief toon ooreenkomste met Raidt (1994:213-214) alhoewel Raidt van mening is dat vroue aan die een kant 'n "behoudende" rol en aan die ander kant 'n "vernuwende" rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

<sup>163</sup> Toon ooreenstemming met Roberge se taalkontinuum. Sien 4.2.35.

<sup>164</sup> Ponelis (1987:10) se geldige mening is dat nóg die Oostelike, nóg die Suidelike Afrikaanse variëteite, die eksklusiewe besit van 'n bepaalde bevolkingsgroep is, aangesien albei variëteite deur wit én bruin Afrikaanssprekendes gepraat word.

<sup>165</sup> Daar word nie in hierdie studie op Ponelis se *derde* en *vierde* fases in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gefokus nie, aangesien hierdie studie die drie historiese variëteite van Afrikaans betrek en ook omdat die geskiedenis van Afrikaans onder die invloed van Engels volgens my 'n studieveld op sy eie is.

<sup>166</sup> Ponelis gebruik die term so.

<sup>167</sup> "Maleis-Portugees" was die taal wat die langste in die suidwestelike dele van die Kaap behoue gebly het.

Ponelis (1998:14) is van mening dat die variëteite van Afrikaans drie eeue lank ontwikkel het, maar dat die drie variëteite nie baie van mekaar verskil nie. Buitendien het die standaardisering<sup>168</sup> van Afrikaans die aanvanklike verskille tussen die variëteite gelyk gemaak. Al die variëteite besit besondere verskynsels<sup>169</sup>, maar dit gaan volgens Ponelis geleidelik in mekaar oor: Die suide van Namakwaland en die Sandveld vorm byvoorbeeld 'n skakel tussen die Westelike en die Suidelike Afrikaanse variëteite. Boesmanland is weer die gebied waar die Westelike en die Oostelike Afrikaanse variëteite bymekaar kom en die Klein-Karoo vorm 'n skakel tussen die Suidelike en die Oostelike Afrikaanse variëteite. Hierdie geografiese onderskeiding tussen die verskillende Afrikaanse variëteite vervaag deur die migrasie van die sprekers daarvan.

Ponelis (1994:112) is van mening dat Standaardafrikaans<sup>170</sup> mettertyd op al die Afrikaanse variëteite ingewerk het. Standaardafrikaans is volgens Ponelis (1994:4) die "inklusiewe en toonaangewende" variëteit van Afrikaans. Standaardafrikaans word tereg as inklusief beskou, want dit is toeganklik vir alle gebruikers van Afrikaans.

Die standaardvariëteit van Afrikaans is ook toonaangewend, aangesien die uitgebreide woordeskat geskik is om in die hedendaagse samelewing te funksioneer. *Standaardafrikaans is die jongste variëteit, terwyl die historiese Afrikaanse variëteite reeds in die 17de eeu ontwikkel het* (Ponelis, 1987:4-5).

Ponelis (1998:1-3) beskou Afrikaans tereg as 'n taalfamilie waarin verskillende vorme van Afrikaans voorkom en waarvan Standaardafrikaans maar een vorm is.

#### 4.2.34 Achmat Davids<sup>171</sup>

Volgens Davids (1994a:39-40; 1994b:110-112) het Afrikaans aan die vroeë Kaap ontstaan deur middel van *taalkontak* en *akkulturasie* in die vorm van intieme sosiale verhoudings tussen mense van uiteenlopende kulturele, linguïstiese en etniese agtergronde. Davids beklemtoon dat akkulturasie aan die Kaap aanleiding gegee het tot die ontstaan van 'n kreoolse kultuur aan die Kaap. Dié kreoolse kultuur het volgens Davids die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans tot gevolg gehad.

Davids is van mening dat Afrikaanse taalhistorici bogenoemde óf ontken het óf onderskat het. As rede vir hierdie ontkenning of onderskatting voer Davids tereg aan dat die vorige politieke bedeling Afrikaans nie wou sien as die "buite-egtelike kind" van rassevermenging nie. Afrikaans het, volgens Davids (1994b:110), uit rassevermenging aan die Kaap ontstaan. Hierdie rassevermenging aan die Kaap het ook die Kaapse kinders se taalpatrone beïnvloed.

---

<sup>168</sup> Dit is in teenstelling met Kotzé. Vergelyk par. 4.2.37.

<sup>169</sup> Die variëteite beskik volgens Ponelis oor 'n aantal subvariëteite.

<sup>170</sup> Vergelyk Carstens (2003a), Van den Berg (2002) en Coetzee (1982) aangaande standaardtaal en Standaardafrikaans.

<sup>171</sup> Achmat Davids was 'n maatskaplike werker van die Kaap wat die Moesliem-kultuur in die Kaap bestudeer het. Davids se artikel "Words in the Cape slaves' mode: A socio-historical study" vorm 'n deel van sy meestersverhandeling wat hy in 1991 aan die Universiteit van Natal met die titel *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915: A socio-linguistic study* verwerf het. Davids is ook die outeur van "Afrikaans – die produk van akkulturasie" (1994).

Die gedagte dat daar nooit 'n pidgin stadium<sup>172</sup> in die ontwikkeling van Afrikaans bestaan het nie, is volgens Davids (1994b:113) nie korrek nie. Die feit dat daar sewe hoofale, veertien dialekte en 'n wye verskeidenheid Portugese kreole aan die vroeë Kaap gepraat is, het volgens Davids die ideale multitalige situasie geskep vir taalverandering, kreolisering en die ontstaan van 'n pidgin.

Davids gee in sy verklaring van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans besondere aandag aan die Arabiese invloed op Afrikaans<sup>173</sup>. Die slawe wat na die Kaap ingevoer is, het volgens Davids (1994a:41) met 'n kultuur gearriveer waarvan die wortels in Islam geanker was:

It might, therefore, be useful to look at the origin of the Cape Muslim community, as a starting point in our search for an understanding of this process of linguistic acculturation and possible new insights into the genesis of the different varieties of Afrikaans (Davids, 1994a:40-41).

Davids (1994a:39) beklemtoon in sy perspektief op die ontstaan van Afrikaans die Kaapse Moesliem-gemeenskap se invloed op Afrikaans. In hierdie verband stem Davids se perspektief met dié van Van Selms<sup>174</sup> ooreen. Van Selms (1951) beskou die sosiolek van die Islamitiese taalgemeenskap as 'n belangrike faktor in die ontstaan van Afrikaans. Davids beskou Slawe-Hollands as 'n belangrike deel van Kaaps-Hollands wat volgens hom uit die gekreoliseerde Hollands ontstaan het wat die Koina, slawe en onafhanklike swartes aan die vroeë Kaap gepraat het. Die gekreoliseerde Hollands is volgens Davids die resultaat van die sosiale interaksie tussen meesters en slawe, koloniste en Koina.

Davids (1994a:44) verduidelik dat 'n kreoolse taal die gevolg is van *intieme en voortdurende kontak* tussen groepe wat verskillende tale gepraat het (soos dit aan die vroeë Kaap die geval was). Kreoolse tale dra volgens Davids 'n *vereenvoudigde woordeskat* van die *dominante taal* in die grammatiese sisteme van die inheemse taal in. Davids is van mening dat dit moontlik met die historiese Suidelike<sup>175</sup> en Westelike<sup>176</sup> Afrikaanse variëteite die geval was. Die historiese Suidelike en Westelike Afrikaanse variëteite is na die oordeel van Davids (1994a:39) nie die resultaat van Nederlandse variëteite, soos die suidelike en/of noordelike Nederlandse dialekte, wat natuurlik en spontaan aan die Kaap ontwikkel het nie.

#### 4.2.35 P.T. Roberge<sup>177</sup>

Roberge (1994:1-2) voer aan dat die sosiale faktore wat bygedra het tot die ontstaan van Afrikaans deel uitgemaak het van 'n veel groter kultuurveranderingsproses wat aan die vroeë Kaap plaasgevind het. Roberge (1994:7-8) is soos onder andere Raidt, Du Plessis, Davids en Den Besten oortuig daarvan dat velerlei situasies aan die vroeë Kaap bestaan het wat aanleiding kon gegee het tot taalverandering in die rigting van die dominante taal, Nederlands. Nederlands was ook terselfdertyd die taal wat oor

<sup>172</sup> Raidt (1994:31) is byvoorbeeld van mening dat daar nie 'n algemene pidgin stadium in die ontwikkeling van Afrikaans bestaan het nie.

<sup>173</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.4.2.3 en par. 2.4.2.4 aangaande die Arabiese invloed op Afrikaans.

<sup>174</sup> Vergelyk par. 4.2.23 vir Van Selms se perspektief op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

<sup>175</sup> Die slawe se historiese Afrikaanse variëteit.

<sup>176</sup> Die Koina se historiese Afrikaanse variëteit.

<sup>177</sup> Roberge is 'n professor in Germaanse taalkunde aan die Universiteit van North Carolina te Chapel Hill in die VSA. Roberge is onder andere die outeur van "The ideological profile of Afrikaans historical linguistics" (1990).

sosiolitieke en ekonomiese krag beskik het en daarom die taalbeleid aan die Kaap kon bepaal het. Die gevolg hiervan was die totstandkoming van 'n pidgin as gevolg van die doelbewuste gebruik van die superstraat<sup>178</sup> deur die subspreekers daarvan, wat geen gemeenskaplike taal gedeel het nie en onder die invloed van die dominante taal en sosiolitieke en -ekonomiese groep verkeer het.

Afrikaans is daarom volgens Roberge (2003:15) die gevolg van die bepaalde sosiohistoriese en -politieke omstandighede in die Kaapse taalkontaksituasie tussen Europese niestandaardvariëteite, Afrika- en Asiatiese tale in 'n kolonie wat deur Europeërs beset is en van ingevoerde slawe gebruik gemaak het:

Early Modern Netherlandic varieties represented at the Cape came to be in a wholly new relationship in an extra-territorial setting becoming subject to levelling coinization<sup>179</sup> and mixing with African and Asian languages, principally Khoi-Khoi, Malay, Creole Portuguese. ... The Khoi-Khoi comprised the primary substrate community during the initial period of European contact and occupation. Jargonized<sup>180</sup> forms of Dutch emerged among the Khoi-Khoi and collectively served as their medium of communication with the Europeans (Roberge, 2003:17).

Volgens Roberge (1994:33-34) het daar in die Kaapse heterogene multitalige gemeenskap *geen onttrekking van die dominante taal (Nederlands) plaasgevind nie* en het dit aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n reeks variëteite wat gekenmerk is deur verskeie grade van suboordraging, vereenvoudiging en hibridisering, afhangende van die intensiteit van die taalkontak.

Aangesien daar (soos in die geval van die vroeë Kaapse taalsituasie), 'n konstante behoefte bestaan het om te kommunikeer en geen ander taal dominant genoeg was om as die kommunikasiemedium te dien nie, vind uitbreiding van 'n pidgin plaas om die kommunikasiemedium te word (Roberge, 1994:7-8).

Roberge (1994:20) skryf die kreoolagtige kenmerke van Afrikaans toe aan die invloed van die aktiewe nie-Nederlandse sprekers. Die Kaapse slawe en die Koina het 'n gemeenskaplike doel gehad: om 'n kommunikasiemedium te skep om met die setlaars en met mekaar te kommunikeer (Roberge, 2003:18). Dit lei teen 1750 tot die ontstaan van 'n vernakulêr, maar nie later nie as 1775, wat verwyderd van Nederlands gestaan het. Dié vernakulêr het die spreektaal van die kolonie geword en dit was volgens Roberge (2003:20) min of meer identies aan hedendaagse Afrikaans. Die setlaars het egter steeds Nederlands probeer skryf, maar hulle ontoereikende kennis gee aanleiding tot 'n soort "pseudo-Nederlands" wat tussentydse onstabiele idiosinkratiese vorme verteenwoordig het.

Roberge<sup>181</sup> (1995:77, 82) maak gebruik van 'n *intertaalkontinuum* om die ontstaan van Afrikaans duidelik te maak:

<sup>178</sup> Die dominante taal in die Kaapse situasie was Nederlands.

<sup>179</sup> Vergelyk E. F. Kotzé, par. 4.2.35 in hierdie verband.

<sup>180</sup> Die gebruik van die term "jargon" in hierdie verband word na my mening gebruik in die sin van 'n taal van 'n bepaalde groep.

<sup>181</sup> Anders as Davids (par. 4.2.32), maar soos Raidt (par. 4.2.27), is Roberge van mening dat daar nie 'n algemene pidgin stadium in die ontstaan van Afrikaans voorgekom het nie.

... an interlanguage continuum in the Cape Colony between 1656-1700 could have ranged from the most rudimentary jargon to fluent, non-native Dutch. The Dutch language of the Cape of Good Hope formed a continuum from the most creole-like variety within the Afro-Asian substrate to an uncreolized extraterritorial within the Afro-Asian substrate to an uncreolized extraterritorial variety of the Europe superstrate.

Wat die variëteite van Afrikaans betref, is Roberge (1994:31) van mening dat slegs die setlaars langs die oostelike grens die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit gepraat het. Dié variëteit het die basis gevorm van die soort Afrikaans wat later noord van die Vaalrivier gepraat sou word. Die Afrikaans van die Kaapse Maleiers en bruin Afrikaanssprekendes is gebaseer op die Nederlandse variëteit wat deur die vroeë slawe en Koi-gemeenskappe in die vroeë Wes-Kaap gepraat is. Standaardafrikaans is 'n latere ontwikkelingsfase van die setlaarsvernakulêr wat langs die oostelike grens gepraat is en onder die invloed van Nederlandse prestigenorme ontstaan het (Roberge, 1994:32-33).

Die Afrikaanse leksikon en woordvormingspatroon<sup>182</sup> is hoofsaaklik Nederlands ondanks die feit dat "Maleis-Portugees" en die Koi-tale (veral ten opsigte van woordeskat) duidelike spore in Afrikaans gelaat het (Roberge, 1994:14).

Ten opsigte van die invloed wat kinders op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans kon uitgeoefen het, is Roberge (1994:9-10) van oordeel dat die aanvanklike tekort aan *kinder-taalandleerders* aan die vroeë Kaap mettertyd as gevolg van die intieme verhoudings tussen slawevroue en setlaarmans toegeneem het. Kinders uit hierdie verhoudings het bygedra tot taalverandering aan die Kaap. Taalverandering aan die Kaap was volgens Roberge (1995:81-82) 'n ingewikkelde en multidimensionele proses.

#### 4.2.36 H.G.W. (Hans) du Plessis<sup>183</sup>

Du Plessis (1995b:144) plaas sy perspektief oor die ontstaan van Afrikaans ook in die raamwerk van die *kontaklinguistiek* in die sin dat alle tale kontaktale is. Die geskiedenis van Afrikaans is daarom volgens Du Plessis (2003a:129) die geskiedenis van die taal in kontak met ander tale sedert die kolonialisering van Suidelike Afrika in 1652. Die tale wat aan die suidpunt van Afrika aan die vroeë Kaap in kontak met mekaar was, was hoofsaaklik 17de-eeuse Nederlands en nie-Germaanse tale.

Die siening dat Afrikaans 'n kreoolse taal is, is na die geldige mening van Du Plessis (1995a:28-29) verberg as gevolg van die (eksogene) sosiale verhoudings wat geheers het tussen die slawe en hulle

<sup>182</sup> Roberge se perspektief ten opsigte van die Afrikaanse woordeskat vind aansluiting by Davids se perspektief (par. 4.2.34) dat die vereenvoudigde woordeskat van Afrikaans in grammatiese sisteme die resultaat aan die invloed van die Koina en slawe toegeskryf kan word.

<sup>183</sup> Professor Hans du Plessis is verbonde aan die Noordwes-Universiteit se Puk-kampus as die direkteur van die ATKV-skryfskool. Hy is tans (2008) navorser, akademikus, bekroonde skrywer en digter en 'n kenner van Griekwa-Afrikaans. Du Plessis (1995b:144) se sieninge stem met die perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans van Markey (1982) en Van Coetsem (1988) ooreen. Maar Du Plessis (1995b:144-145) wys ook op die leemte dat die genoemde twee akademici nie moedertaalsprekers van Afrikaans is nie en daarom nie dieselfde onderskeid tussen die standaardvorm en andere vorme van Afrikaans kon tref nie. Daarby het nie een van die genoemde akademici moderne literatuur oor Afrikaans geraadpleeg in hulle analise van Afrikaans nie. Publikasies van Du Plessis is onder andere: "Afrikaans en die Khoe" (2003a), *Variasietaalkunde* (1995a), "Taalverskeidenheid in Afrikaans as spieël van sy kontakgeskiedenis" (1995b), *Afrikaans en taalpolitiek* (as mederedakteur), (1987), "Taalkontakvariasie" (1994), "Die Afrikaanse taalgemeenskap" (1989).

meesters, die Kaapse setlaars en die inheemse Koina aan die vroeë Kaap. Die rede vir die vereenvoudiging van Nederlands is in die Hollandse dialekte gesoek. Tog is dit volgens Du Plessis duidelik dat 'n lingua franca, pidgin en kreool aan die vroeë Kaap ontstaan het uit die behoefte om in 'n meertalige kontaksituasie te kan kommunikeer.

Die *eerste taalkontak* aan die vroeë Kaap het tussen die Nederlanders en die Koina plaasgevind en dit was "...'n vrugbare en natuurlike teelaarde vir taalintervensie en dit is uit die aard van die verhouding tussen die groepe duidelik dat die Koina Nederlands begin aanleer en daarmee die eerste tree op die pad na 'n intertaaltoekoms vir Afrikaans gee" (Du Plessis, 2001a:70-71). Daarby het taalkontak tussen Nederlands, Duits, Frans en Engels óók aan die Kaap voorgekom. Dié taalkontak situasie word met die koms van die ingevoerde slawe, met 'n verskeidenheid moedertale, steeds meer kompleks, aangesien nóg 'n groep met Nederlands aan die Kaap in aanraking kom (Du Plessis, 2003a:130; 1994:122).

Die Koina ontwikkel 'n taalvorm ("Koi-Hollands") in hulle pogings om die teikentaal<sup>184</sup> Hollands te praat. Aangesien die Nederlanders nie enige Koi-tale verstaan of wou praat nie, moes die gekoloniseerdes noodgedwonge pogings aanwend om die koloniale taal te praat. In dié pogings moes die Koina se intertaal 'n vorm van Nederlands pidgineienskappe en later kreolisering getoon het. Die Koina en die slawe het Nederlands as teikentaal aanvaar. Dit was tereg die enigste gemeenskaplike kommunikasie-medium wat die genoemde groepe kon gebruik om met mekaar te kommunikeer. Die slawe, uit verskillende bronlende en etniese groepe, ontwikkel ook 'n intertaalvorm<sup>185</sup> ("Slawe-Hollands") (Du Plessis, 2003a:131-134; 2001a:71).

In die pogings van die Koi- en slawegemeenskap om Nederlands te praat ontwikkel twee *intertaalvorme van Nederlands* wat as die aanvang van die vroegste variëteite van Afrikaans beskou kan word. Teen ongeveer 1750 het daar uit bogenoemde *intertaalvorme twee historiese Afrikaanse variëteite met Germaans as basis ontwikkel* (Du Plessis, 2003a:131-132, 134).

Die onderlinge verbande tussen die afsonderlike Afrikaanse variëteite kan aangedui word deur die Afrikaanse spraakgebied op grond van historiese oorwegings te verdeel in groepe sprekers wat tans nog geografies identifiseer is, en variëteite van Afrikaans praat wat die volgende oorsprong het: 1) variëteite deur Nederlanders na Suid-Afrika gebring, en 2) variëteite wat ontstaan het uit nie-Nederlandssprekendes se pogings om Nederlands te praat (Du Plessis, 1994:121).

Teen die einde van die 18de eeu het die drie historiese Afrikaanse variëteite van Kaapstad af na die noorde, ooste en weste begin versprei:

- 1) Kaaps-Hollands versprei na die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, die Vrystaat en gebiede noord van die Vaalrivier. Die taal<sup>186</sup> wat hier gepraat is, kan teruggevoer word na die verafrikaansing van die Kaapse setlaars en die veeboere in die binneland;

<sup>184</sup> Die taal wat volwassenes beskou het as die taal met die hoër funksies en wat hulle probeer verwerf het.

<sup>185</sup> In die slawe se pogings om Nederlands, die teikentaal, te praat.

<sup>186</sup> Dit staan as Oosgrensafrikaans of die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit bekend.

- 2) “Slawe-Hollands” is in die suidwestelike dele van die Wes-Kaap gebruik en kan teruggevoer word na die taal<sup>187</sup> wat deur die slawe aan die vroeë Kaap beïnvloed en gepraat is.
- 3) “Koi-Hollands” versprei teen die einde van die 18de eeu na die Kaapse Weskus en die omgewing van die Gariep en is hoofsaaklik deur die Koina gepraat<sup>188</sup> en beïnvloed, maar sluit ook die Oorlamse<sup>189</sup> groepe in (Du Plessis, 2003a:131-132; 1994:125).

Du Plessis (1995b:149-150) voer aan dat, teen die tyd dat Afrikaans haar beslag<sup>190</sup> gekry het, dié drie Afrikaanse variëteite reeds aangetoon kon word en dat dié linguistiese driedeling ook tereg verband hou met die bostaande “gemeenskapsdriedeling”.

Daar bestaan volgens Du Plessis (1995b:144) ’n duidelike verband tussen die geskiedenis van ’n taal en die variasie wat binne ’n taal voorkom. Daarom behoort die geskiedenis van ’n taal in die ondersoek na taalverskeidenheid na vore te kom: “Die een is ’n spieëlbeeld van die ander.” Du Plessis (1995b:145, 150) se geldige siening oor die ontstaan van die Afrikaanse variëteite kan deur die volgende frase opgesom word: moderne variasie in Afrikaans is die lewende getuienis van die kontaktevolusie van Afrikaans.

Du Plessis (2007a, 1994:122) gee erkenning in sy ontstaansperspektief aan die “sterk” Nederlandse invloed op die ontstaan van Afrikaans asook die spontane ontwikkeling van Nederlands wat aan die Kaap plaasgevind het, maar “dit is terselfdertyd meer as net waarskynlik dat die Afrikaans van die hoofsaaklik nuweit aanleerdersgroepe kreoolse invloede moes vertoon.”

#### 4.2.37 E.F. Kotzé<sup>191</sup>

Kotzé (2001:108-109) onderskei drie Kaapse linguistiese groepe wat in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans ’n rol gespeel het:

- 1) Die Nederlanders, die Duitsers en die Franse wat ’n vorm van Nederlands gepraat het wat gebaseer was op die Nederlandse dialek wat hoofsaaklik in die Nederlandse provinsie, Holland, gepraat is. Kotzé verduidelik dié proses soos volg: “Die Nederlands van die Europeërs aan die vroeë Kaap is onderwerp aan (a) *koineïsering* as gevolg waarvan dialekverskille (beide Nederlandse en Nederduitse) uitgewis is; (b) moedertaalversteuring in die spraak van nie-Nederlanders, en (c) leksikale en strukturele ontlening, bewustelik sowel as onbewustelik, uit die tale waarmee Nederlands in kontak was.”

<sup>187</sup> Dit staan ook as Kaapse Afrikaans, ’n subvariëteit van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit, bekend.

<sup>188</sup> Dit staan ook as Oranjerivierafrikaans, ’n subvariëteit van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit, bekend.

<sup>189</sup> Groepe wat van die Kaapse samelewing weggebreek het, het uit Koina, gedroste matrose, soldate en slawe bestaan en dié groepe het volgens Du Plessis (2003a:133-134) as “Oorlamse” of “Baster-”groepe bekend gestaan.

<sup>190</sup> Aan die einde van die 18de eeu.

<sup>191</sup> E.F. Kotzé is professor in Afrikaanse taalkunde en is tans (2008) verbonde aan die Departement Toegepaste Taalstudies van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth. Hy is die voorsitter van die Taalkommissie van die SA Wetenskap en Kuns en dien ook in Pansat se Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans. Kotzé publiseer onder ander die volgende: “Problematiek van inheemse tale in Afrika-onderwyskonteks” (2004), “Afsonderlik ontwikkel deur verbastering? – Afrikaans en Middelnederduits in die kreoolse konteks” (1994), “How creoloid can you be? Aspects of Malay Afrikaans” (1989), *Afrikaans in die Maleierbuurt: ’n diachroniese perspektief* (1984) sy ongepubliseerde Ph.D. en “Variasiëpatrone in Maleier-Afrikaans” (1983)

- 2) Die inheemse Koi-stamme wat hulle inheemse tale asook hulle aanleedersvorm van Nederlands gepraat het. Ná kolonisasie in 1652 was daar 'n *kort periode* waartydens 'n pidgin-Nederlandse vorm deur die Koina aan die Kaap gepraat is.
- 3) Die ingevoerde slawe wat hulle onderskeie moedertale, Kreools-Portugees en 'n Nederlandse pidgin, gepraat het.

Dié drie linguistiese groeperings het die basis gevorm waaruit die drie Afrikaanse historiese variëteite sou ontstaan. Die volgende prosesse was werksaam in die ontstaan van die historiese Afrikaanse variëteite: pidginisering<sup>192</sup>, taalverskuiwing<sup>193</sup>, kreolisering<sup>194</sup>, intertaalvorming<sup>195</sup>, koineïsering<sup>196</sup> en ontlening (Kotzé, 2001:108, 109).

Gekreoliseerde taalvorme het volgens Kotzé (1994:130, 133) onder die nie-Nederlandssprekendes (die Koina en die slawe) aan die Kaap ontstaan. Hierdie "sosiolektiese" taalvorme van die Koina en die slawe<sup>197</sup> het ook die hedendaagse standaardvariëteit van Afrikaans beïnvloed as gevolg van die vermenging van taalsubsteme, die intensiewe taalkontak wat aan die vroeë Kaap geheers het, asook die sosiale assimilasië van die drie linguistiese groepe aan die Kaap. Die kreoolse verskynsel in Afrikaans is as gevolg van die koloniserings van die Kaap, slawehandel en "asimetrisiese mense-verhoudings" wat aan die vroeë Kaap voorgekom het, aanvanklik as 'n verskynsel wat "in sonde ontvang en gebore" is, beskou. Wat die Nederlandsverwante tale soos Duits en Nederlandse dialektspreekers aan die Kaap betref, is Kotzé (1994:133) van mening dat dit tot die koineïsering van die 17de-eeuse Nederlands bygedra het:

Dit is my kontensie dat informeel gestandaardiseerde Afrikaans in sy vroeë vorme oorwegend die resultaat van koineïsering<sup>198</sup> was. Dat daar sterk gekreoliseerde vorme ontstaan het by sprekers van aan Nederlands onverwante tale, soos die Khoekhoens en Oosterse slawe (bv. Maleiers), val nie te betwyfel nie.

<sup>192</sup> "Pidginisering": 'n *Pidgin* (sowel as kreool) ontstaan uit die behoefte vir 'n "gemeenskaplike linguistiese sisteem van kommunikasie". 'n *Pidgin* kan 'n verskeidenheid kenmerke van 'n brontaal insluit. 'n *Pidgin* kan die vroegste stadium van kreools genoem word en ontstaan in taalkontak situasies waar sprekers probeer om die dominante taal op meer as een vlak te vereenvoudig (Du Plessis, 1995a:28, 30, 31).

<sup>193</sup> "Taalverskuiwing": Wanneer tale met mekaar in aanraking kom, word die taal van die meerdere as gevolg van faktore soos politieke en ekonomiese mag minder beïnvloed as die ander tale (Du Plessis, 1995a:25). As groepe hulle moedertale prysgee en 'n nuwe taal aanvaar, word van taalverskuiwing of -verplasing gepraat (Steyn, 1980:8).

<sup>194</sup> "Kreolisering": 'n *Kreool* ontstaan ook soos 'n pidgin uit die noodsaak vir 'n "gemeenskaplike linguistiese sisteem van kommunikasie" en is 'n voormalige pidgin wat met verloop van tyd 'n primêre taalgemeenskap verkry het en vervolgens as 'n moedertaal gebruik word (Du Plessis, 1995a:28).

<sup>195</sup> "Intertaalvorming": Wanneer volwasse moedertaalsprekers 'n ander taal as sy/haar moedertaal as teikentaal stel, word daar op 'n stadium 'n taal gepraat wat nie meer veel van die spreker se moedertaaleienskappe toon nie, maar ook nie aan die teikentaal gelyk gestel kan word nie. Die taal wat só ontstaan, staan bekend as 'n intertaal. Op 'n intertaalkontinuum kan die intertaal gradueel verskil (Van Rensburg, 1990:26).

<sup>196</sup> "Koineïsering": dialektiese verskille word uitgewis (Kotzé, 2001:109).

<sup>197</sup> Variëteite, soos byvoorbeeld Maleier-Afrikaans wat vir "intieme kommunikasie" aangewend word, is meer geneig om strukturele veranderinge te ondergaan as die standaardvariëteit (Kotzé, 1994:131).

<sup>198</sup> Siegel (1983) het volgens Kotzé (1994:132) drie vereistes vir die ontstaan van 'n koine bepaal:

- 1) Die vermenging tussen taalsubsteme wat óf onderling verstaanbaar is, óf dieselfde "gesuperponeerde standaardtaal deel".
- 2) 'n Stadige en geleidelike proses lei tot koineïsering (anders as in die geval van pidginisering).
- 3) Volgehoue "intensiewe kontak en geleidelike assimilasië" van groepe gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n koine.

Kotzé (2001:109) verklaar die ontwikkeling van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit as komende uit pogings van die Koina om Nederlands te praat. Die pidgintrekke in die Koina se aanvanklike taalvorm het later kreoolse eienskappe getoon, aangesien die oorgedraagde eienskappe van die Koi-tale in Kreools-Nederlands bly voortbestaan het omdat daar geen korrekatief (veral in die omstreke van die Gariep) bestaan het nie. Die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit se moderne subvariëteite het ontstaan omdat die Maleiergemeenskap aan die vroeë Kaap die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit veral vir godsdienstige behoeftes gebruik het.

Die beweging van Kaapse linguistiese taalgroepe die binneland in gee volgens Kotzé (2001:108-109) aanleiding tot “geografies gebaseerde diversifikasie van variasie”:

- 1) Die Koina beweeg noordwaarts na die omgewing van die Gariep en neem hulle gekreoliseerde taalvorme saam daarheen.
- 2) Die Kaaps-Hollandse setlaarveeboere beweeg geleidelik ooswaarts en neem ook saam met hulle die gekreoliseerde taalvorm van die Koina wat hulle vergesel het. Aan die Oosgrens het minder taalkontak met nie-Nederlandssprekendes as in die Kaap voorgekom en is daar ’n “meer konserwatiewe variëteit” gepraat. Die sosiale dominansie van die setlaars in hierdie konteks het “waarskynlik” later die taalnorme van Afrikaans bepaal.
- 3) Aan die Kaap het daar ’n “sosiaal gestratifiseerde gemeenskap” ontwikkel wat bestaan het uit Nederlanders en ander Europeërs. Hierdie Kaapse Nederlanders en ander Europeërs se taalvorme was volgens Kotzé aan ’n koineïseringsproses onderworpe. Dit het aanleiding gegee daartoe dat dialekverskille verdwyn het en dat daar versteurings in die Europese moedertale voorgekom het. Die oorblywende Koina in die Kaap het ’n Nederlandse kreool gepraat wat ook die basis gevorm het van die slawe se taalvorm.

Die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit het later die basis van Standaardafrikaans gevorm. As gevolg van die sosiopolitieke milieu en ekonomiese mag van die sprekers van die variëteit, is slegs die taalbelange van een subgroep in Suid-Afrika beskerm en is die standaardisasieproses<sup>199</sup> in die noorde van Suid-Afrika deur sprekers van die hierdie variëteit oorheers (Kotzé, 1994:135; 2001:109).

Kotzé (2001:110) is van mening dat ’n *gesindheidsverandering teenoor kreolisering* gelei het tot groter objektiwiteit in die beskrywing van die ontstaan van tale met taalkontakeffekte soos Afrikaans. Dit het bygedra tot die aanvaarding van tale wat voorheen as gestigmatiseerde vorme beskou is as gevolg van die kreoolagtige en vereenvoudigde aard van hierdie tale.

#### **4.2.38 C. de Ruyter en E.F. Kotzé**

De Ruyter en Kotzé (2002:140-141) ondersoek na aanleiding van Kempen (1969:610) se beskrywing van Afrikaans as “veel Nederlandser” as wat van die ontstaansperspektiewe oor Afrikaans suggereer asook

---

<sup>199</sup> Ernst Kotzé is van mening dat die heterogeniteit van Afrikaans nie deur die standaardisasie van Afrikaans geneutraliseer is nie. Sien weer Hoofstuk 3, par. 3.2.15.

na aanleiding van die opmerking van Ponelis (1999) dat dit “merkwaardig” is dat Afrikaans (ondanks die taalkontak aan die Kaap) na aan Hollands gebly het, die (“onbekende”) invloed wat Nederlands-sprekendes op skepe uit die Ooste op die taalprosesse wat in die Kaap plaasgevind het, uitgeoefen het. De Ruyter en Kotzé (2002:141) se uitgangspunt is, in ooreenstemming met Scholtz (1982:109), “...dat die grammatikale struktuur van die alledaagse omgangstaal van die burgers al rondom 1770 in hoofsaak was soos dié van Afrikaans.”

De Ruyter en Kotzé (2002:141) beskou dié invloed van Nederlandse seevaarders as “’n deurslaggewende aandeel” in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans en voer aan dat die “outogtone hipotese”<sup>200</sup> om die wording van Afrikaans te verklaar, ontoereikend is.

Nederlandse seevaarders, wat VOC-amptenare insluit, het volgens De Ruyter en Kotzé (2002:142) gedurende die VOC-tydperk in die Ooste Maleise en Portugese tale gebruik. Die gebruik van hierdie tale het “onvermydelike spore” in die seevaarders se taal gelaat het. ’n “Nuwe” vorm van Nederlands het ontstaan: “Austro-Nederlands” of “Nederlands van die suidelike oseane” (De Ruyter & Kotzé, 2002:143).

Hierdie vorme van Nederlands het uit ’n “breë bondel van ‘verrykte’ én ‘gekrimpte’ Nederlands (*casu quo* Nederlandse dialekte) vermeng met ontlenings uit die Maleise en Portugese kreole in allerlei VOC-vestigings”. As gevolg van die omvang en intensiteit van hierdie taalkontak kan daar volgens De Ruyter en Kotzé (2002:143, 156) aanvaar word dat die Nederlands van die (aanvanklike 200) Kaapse setlaars reeds bestaan het in “die kontinuum van taalaanpassings en -veranderings wat al vroeër, te wete sedert 1596, in Oos-Indië begin groei het uit geografies wydverspreide blootstelling van Nederlands aan lokale Maleise dialekte en Portugese kreole. As draers van daardie veranderde Nederlands na die Kaap, kom slegs die meertalige tuisvaarders uit Oos-Indië in aanmerking. Hulle was nie alleen die vroegste nie, maar teweens die grootste groep sprekers en verspreiders van aangepaste Nederlands...”

Die outogtone ontstaanshipotese het die Nederlandse seevaarders volgens De Ruyter en Kotzé (2002:147) nie verreken nie, terwyl die oseaniese ontstaanshipotese “ondanks die veeltaligheid onder slawe en ander groepe aan die Kaap” op ’n bevredigende wyse verklaar waarom ‘Afrikaans veel Nederlandser gebly het’ (Kempfen, 1969:610) en waarom Afrikaans se bande ... met Nederlands bly bestaan (het)’ (Ponelis, 1999).”

De Ruyter en Kotzé (2002:157) is tereg van mening dat die “outogtone hipotese” die Nederlandse seevaarders se “spesifieke taalspore” moontlik onderskat het. Die “oseaniese hipotese” van De Ruyter en Kotzé (2002) bewys aan die hand van genoegsame voorbeelde<sup>201</sup> dat die Nederlandse seevaarders ’n “nuwe” dimensie aan die ontstaan en ontwikkeling van die historiese Afrikaanse variëteite verleen, en dit bied ook op hierdie gebied verdere navorsingsgeleentheid.

---

<sup>200</sup> Die hipotese “aan hierdie aarde ontspring” dat Afrikaans tot stand gekom het as gevolg van die Nederlands van die Kaapse setlaars en die kreoolse vorme van die Koina en die slawe se aanleerderspogings van Nederlands deur taalkundiges soos onder andere Den Besten aanvaar (De Ruyter & Kotzé, 2002:140).

<sup>201</sup> Vergelyk De Ruyter en Kotzé (2002) vir die voorbeelde.

#### 4.2.39 Ana Deumert<sup>202</sup>

Deumert (2004a:23; 2003:114) beskou die studie van taalkontak as 'n dinamiese veld wat grense verskuif het en bygedra het tot insig in taalontwikkeling en taalkontak, ook ten opsigte van die taalkontak tussen groepe aan die vroeë Kaap.

Daar het aan die Kaap tussen die verskillende taalgroepe die behoefte bestaan om te kommunikeer – die uitkoms hiervan was die ontstaan van 'n nuwe kommunikasiemedium wat aan die onmiddellike *interetniese* kommunikasiebehoefte kon voldoen. Die resultaat wat hieruit voortvloei, is die ontstaan van 'n ingewikkelde Kaaps-Hollandse variasiekontinuum<sup>203</sup> (wat 'n wye verskeidenheid van die Nederlandse, die Koina en die slawe se variëteite ingesluit het). Hierdie verskeidenheid op die variasiekontinuum het geleidelik vervaag as gevolg van die voortgesette taalkontakproses waarin akkommodasie van verskillende taalgroepe voorgekom het (Deumert, 2004a:36-37).

Die ekonomiese verhouding<sup>204</sup> tussen die Europese setlaars en die Koina het aanleiding gegee tot 'n geleidelike taalverandering in die rigting van Hollands. Hierdie taalverandering en -ontwikkeling aan die Kaap het volgens Deumert (2004a:17, 19, 29, 27, 29) soos volg verloop:

- 1) Nie-Nederlandssprekendes soos die Koina se Hollandse variëteit<sup>205</sup> het die ontstaan en ontwikkeling van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit beteken. Die verhouding (werknemer/werkgewer) tussen die Koina en die Kaapse setlaars is gekenmerk deur 'n geleidelike taalverandering in die rigting van Nederlands.
- 2) Die interaksie tussen die Koina en die slawe het aanleiding gegee tot die ontstaan en stabilisering van 'n Hollandse pidgin in 'n onstabiele linguïstiese sisteem.
- 3) Die setlaarveeboere se kulturele en taalpatrone het deur 'n komplekse, dog gebalanseerde proses ontwikkel, aangesien die setlaarveeboere in relatiewe geografiese isolasie geleef het, maar steeds deur die metropolitaanse taal- en kultuurvorme beïnvloed is.

Deumert (2004a:42) aanvaar dat die sprekers van die drie onderskeibare taalgroepe<sup>206</sup> (wat wissel van 'n verskeidenheid Nederlandse streeksvariëteite tot die Kaaps-Hollandse pidgins tot stedelike Nederlands) in die Kaapse koloniale gemeenskap bygedra het tot die ontstaan van Afrikaans as gevolg van intense

---

<sup>202</sup> Dr. Ana Deumert is tans (2008) 'n navorser verbonde aan die Universiteit van Monash, Victoria, in Australië se taal- en gemeenskapsentrum. Haar navorsing fokus op die sosiolinguïstiese wetenskap. Deumert se ongepubliseerde Ph.D. (1999) handel oor: *Variation and standardisation: the case of Afrikaans (1880-1922)*.

<sup>203</sup> Deumert se publikasies sluit onder andere *Language Standardization and Language Change. The dynamics of Cape Dutch* (2004a) en "Ik zal nie weer soo deur makkaar praat nie" (2004b) in.

<sup>204</sup> Wat gelei het tot die absorbering van die Koina se kulturele, sosiale en politieke strukture.

<sup>205</sup> Deumert is (soos onder andere ook Raidt) van mening dat daar wat die bestudering van Kaapse argivale dokumente betref, 'n leemte bestaan ten opsigte van die Koina en die slawe se pogings om Nederlands te praat en dat daar slegs op die Nederlandse taalgebruik van die Europeërs gekonsentreer is.

<sup>205</sup> Volgens Deumert (2004a:xxi) is Afrikaans die enigste taal met 'n pidgin-kreoolse basis en wat haar leksifiseerder (woordeskatbrontaal) op alle terreine kon vervang en uiteindelik gestandaardiseer is. Dié standaardiseringsproses is vinnig volvoer as gevolg van die sterk nasionalistiese agenda wat daarmee gepaard gegaan het. In die standaardisering van Afrikaans is daarin geslaag om die woordeskat van Nederlands in alle taaldomeine (die wetenskap, tegnologie, onderwys, reg en administrasie) te vervang.

<sup>206</sup> Die Europeërs, die Koina en die ingevoerde slawe.

interaksie. Die geleidelike sameloop van die drie kulture wat aan die vroeë Kaap voorgekom het, het mettertyd aanleiding gegee tot 'n relatief homogene Kaapse kultuur teen die laat-18de eeu.

Wat die kreoolse aard van Afrikaans<sup>207</sup> betref, dui Deumert (2004a:21), soos Raidt en Markey, maar in teenstelling met Davids, op die *min prototipiese kreoolse* eienskappe in Afrikaans. Deumert is van mening dat die sintaksis van Afrikaans kontinentale Wes-Germaans is en die leksikon van Afrikaans hoofsaaklik Nederlands.

#### 4.2.40 H.P. Grebe<sup>208</sup>

Alhoewel H.P. Grebe (1997:118) op die Oosgrensafrikaanse variëteit fokus, huldig hy nie 'n ontstaansperspektief oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans nie. Hy evalueer die ontstaansteorieë van Afrikaans en ondervind probleme met die tradisionele verklaring<sup>209</sup> van die drie historiese Afrikaanse variëteite deur taalkundiges:

'n Ernstige beswaar teen die hipotesestelling soos dit tans geformuleer is, hou verband met die formulering van Oosgrensafrikaans as geografies beperk tot die verre Oosgrens. Oor die taal van minstens die burgerbevolking van die Boland en inwoners van die tussengebied spreek die hipotese hom tans nie duidelik uit nie.

Grebe (1997:24, 32) beskou die rol wat *kinders* in die taalveranderingsprosesse aan die Kaap gespeel het as 'n belangrike faktor wat in die verklaring van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in aanmerking geneem behoort te word. Kinders kan volgens Grebe as belangrike "inisiëerders" van taalverandering beskou word. Volwassenes se grammatika kan verandering ondergaan, maar Grebe is van oordeel dat volwassenes se taal oor die algemeen nie in staat is om herstrukturering te ondergaan soos in die geval van kinders nie.

In die volgende afdeling word 'n sintese van die verskillende ontstaansperspektiewe oor Afrikaans gemaak.

### 4.3 Verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans

Taalkundiges het op verskillende maniere probeer om die ontstaansperspektiewe van Afrikaans te groepeer. In die meeste gevalle is van een of 'n ander *tweedeling* gebruik gemaak. Sommige perspektiewe ressorteer egter buite hierdie tweedeling omdat dit die ontstaan van Afrikaans op die een of ander wyse uit 'n *kombinasie van meer as twee faktore* verklaar.

<sup>207</sup> Vergelyk par. 4.1.2 en par. 4.1.2.1 in verband met kreoolse tale.

<sup>208</sup> Dr. H.P. Grebe is tans dosent in Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit van Pretoria. Sy navorsing is vervaar in sy proefskrif getiteld "Die historiografie van Afrikaans in heroënskou" (1997).

<sup>209</sup> Tradisionele verklarings soos byvoorbeeld dié van onder andere Van Rensburg (vergelyk par. 4.2.29), Ponelis (vergelyk par. 4.2.33) en Du Plessis (vergelyk par. 4.2.36).

#### 4.3.1 Die ontstaan van Afrikaans word toegeskryf aan 'n tweedeling van faktore

Esterhuysen (1986:26) is van mening dat taalteoretici op die gebied van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans hulle hoofsaaklik met een van die volgende opponerende perspektiewe vereenselwig het:

- 'n Germaanse taalevolusie het tot die ontstaan van Afrikaans gelei, teenoor
- Nie-Nederlandse linguistiese invloede het aanleiding gegee tot die ontstaan van Afrikaans.

Den Besten (1986) se identifikasie van twee tradisies in die historiese taalkunde wat die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans ondersoek, stem met dié van Esterhuysen ooreen:

- Die Filologiese skool<sup>210</sup> waarin die sentrale gedagte bestaan dat Afrikaans uit dialektiese Nederlands ontwikkel het met geringe invloed van ander tale, teenoor
- Die kreoliste<sup>211</sup> wat van mening is dat die Koina en die slawe 'n rol gespeel het in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

Carstens (2002:151) omskryf bogenoemde groepering as:

- 'n Eurosentriese perspektief, teenoor
- 'n Afrosentriese perspektief.

Vir Steyn (1988:24-25) bestaan daar twee politieke denkraamwerke rakende die verklaring van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans

- Afrikanernasionalisme, teenoor
- nie-Afrikanernasionalisme.

Volgens Van Rensburg (1990:27) wentel die belangrikste perspektiewe oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans om die vraag of Afrikaans

- skielik, of
- geleidelik tot stand gekom het.

Grebe (1997: 8, 12, 13, 35, 36) sintetiseer die ontstaansperspektiewe soos volg:

- die Konteksgevoelige Variasiebenadering,<sup>212</sup> teenoor
- die Niekonteksgevoelige Sisteemgerigte benadering<sup>213</sup>.

<sup>210</sup> Groenewald (2002:4) beskou onder andere Raidt en Scholtz as lede van die Filologiese skool.

<sup>211</sup> Groenewald (2002:4) beskou onder andere Den Besten, Hesseling, Franken, Nienaber en Valkhoff as kreoliste.

<sup>212</sup> Ingestel op die werklike taalveranderingsproses as voortgaande verskynsel waar dit hoofsaaklik gaan om die psigologiese, sosiale en kulturele konteks waarbinne taalverandering plaasvind (Grebe, 1997:11).

<sup>213</sup> Gerig op die bestudering van taalverandering soos dit uit grammatikale beskrywing van opeenvolgende stadia geabstraheer kan word (Grebe, 1997:11).

Kotzé (2001:109, 1994:130-133) wys daarop dat Afrikaans as:

- 'n kreoolse<sup>214</sup> taal (semi-kreool<sup>215</sup>, kreoloïde<sup>216</sup>, koine<sup>217</sup>), of as
- 'n nie-kreoolse taal beskou kan word.

De Ruyter en Kotzé (2002:140) tref die volgende tweeledige onderskeiding<sup>218</sup>:

- die outogene ontstaansperspektief, of
- die oseaaniese ontstaansperspektief.

#### 4.3.2 Die ontstaansperspektiewe wat 'n kombinasie van meer as twee faktore insluit

Thomas Markey (1982:169-170) het die onderskeie ontstaansperspektiewe ten opsigte van Afrikaans in die volgende *drie groepe gekategoriseer*:

- 1) Taalverandering aan die Kaap het plaasgevind as gevolg van taalkontak tussen vreemde nie-Nederlandse tale (soos Frans, Platduits, Koi-tale) en die 17de-eeuse Nederlands wat die VOC-amptenare, seevaarders (wat reeds voor die koms van die VOC aan die Kaap in taalkontak met Oosterse tale verkeer het – wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van "Austro-Nederlands"<sup>219</sup> – en die ontwikkeling van Afrikaans sou beïnvloed) asook setlaars aan die vroeë Kaap gepraat het. Volgens Markey is die gevolg van hierdie taalkontak nie kreolisering nie.
- 2) Taalverandering het aan die kreoolvriendelike Kaap voorgekom waar wit Nederlands sprekendes en ingevoerde slawe met 'n verskeidenheid tale met mekaar in aanraking gekom het. Markey is van mening dat hierdie taalverandering gedeeltelike kreolisering tot gevolg gehad het.
- 3) Taalverandering aan die Kaap is die gevolg van die natuurlike ontwikkeling van die Nederlandse grammatikale sisteem. Markey sonder die spontane ontwikkeling van Noord-Hollandse dialekte in hierdie Kaapse taalveranderingsproses uit.

Du Plessis (2003a:139) is dit met Markey (1982:169-170) eens dat die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans as 'n kombinasie van bogenoemde drie taalveranderingsprosesse verduidelik kan word. Raidt

<sup>214</sup> Volgens Kotzé (1994:131) is 'n kreool 'n taalvorm wat leksikaal aan die brontaal verwant is, 'n herstrukturering ondergaan a.g.v. sosiolinguistiese omstandighede wat 'n radikale breuk in die taaloordrag van een geslag na die volgende geslag meebring. Vergelyk ook par. 4.1 en 4.1.2.1.

<sup>215</sup> 'n *Semi-kreool* is volgens Holm (1988:9) (vergelyk ook Kotzé, 1994:131) die resultaat van ontlening aan kreoolse kenmerke, maar sonder dat die taal 'n kreoolstadium deurgemaak het.

<sup>216</sup> Volgens Mühlhäusler (1986:11 in Kotzé, 1994:132) is daar by 'n *kreoloïd* slegs 'n gedeeltelike breuk in oordrag en kom vermenging voor tussen die volle ontwikkelde taalsisteem en die onontwikkelde sisteem.

<sup>217</sup> Volgens Kotzé (1994:132-133) is 'n *koine* die gevolg van "vermenging van taalsubsteme wat óf onderling verstaanbaar is óf dieselfde gesuperponeerde standaardtaal deel." Koineïsering is volgens Kotzé anders as pidginisering, aangesien koineïsering 'n langsame proses behels en die gevolg van intensiewe kontak en geleidelike assimilasië is.

<sup>218</sup> Vergelyk par. 4.2.38 in verband met die outogene en oseaaniese ontstaanshipotese.

<sup>219</sup> 'n Term deur De Ruyter en Kotzé (2002) geskep.

(1991:1972-177) stem in breë trekke met Markey saam dat 'n drieledige kombinasie<sup>220</sup> van faktore aanleiding gegee het tot die ontstaan van Afrikaans. Volgens Raidt (1991:236) was daar egter nooit 'n "breuk in kommunikasie" nie en daarom nie 'n behoefte aan 'n pidgin nie. Die min wysiging tussen die Afrikaans en Nederlands ten opsigte van sintaksis, klank- en woordeskatvorm dui op die ononderbroke kontinuïteit van Nederlands wat wel as gevolg van taalversteuring vereenvoudig, maar nie geherstruktureer is nie.

Scholtz (1981:29) toon ook 'n driedelinge kombinasie van faktore aan wat volgens hom deur taalkundiges maar ook leke gebruik is om die ontstaan van Afrikaans te verklaar:

- 1) "taalverbastering" as gevolg van die taalverwaarlosing van Nederlands aan die Kaap;
- 2) die nuwe land en omgewing waarin die Kaapse setlaars hulle bevind het, en
- 3) die vreemde tale waarmee die Kaapse setlaars in aanraking gekom het, onder ander Frans en Koi-tale.

Na my mening gebruik Scholtz die term "taalverbastering"<sup>221</sup> nie in dieselfde konteks as waarin Raidt die term "taalversteuring" toepas nie, aangesien taalversteuring die noodwendige gevolg van taalkontak was en nie as gevolg van "taalverwaarlosing" voorgekom het nie.

#### **4.4 Sintetisering van die ontstaansperspektiewe**

Vervolgens word die ontstaansperspektiewe van Afrikaans chronologies georden, saamgevat en in perspektief gestel ten opsigte van die mate waarin Afrikaans as 'n voortsetting van die 17de-eeuse Nederlands beskou word en die mate waarin dit as kreoolse taal beskou word.

In hierdie samevatting ook spesifiek aandag geskenk aan die mate waarin die bydraes van die drie groepe rolspelers in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in die ontstaansperspektiewe verreken word.

In die tabel (vergelyk Tabel 4.4.1) word die volgende drie aspekte verreken:

- a) Die tabel gee 'n beknopte chronologiese samevatting van die betrokke persoon se beskouing oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.
- b) Die tabel dui ook aan watter van die hoofrolspelers (die inheemse Koina, die ingevoerde slawe en die Kaaps-Hollandse setlaars) ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in die betrokke ontstaansbeskouing verreken word:

◆ Koina

\* Slawe

<sup>220</sup> Vergelyk par. 4.2.32 vir Raidt se perspektief.

<sup>221</sup> Scholtz (1981) lewer sy uitsprake ooreenkomstig die sosiopolitieke milieu waarin hy hom bevind – die apartheidsmilieu.

▣ Kaaps-Hollands/Nederlands/Nederlandse variëteite/Germaans/Romaans

- c) In die laaste kolom van die tabel word die mate waarin die bydrae van die Nederlandse matrilek en die interlekte van die VOC-seevaarders, die Koina en die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans deur die betrokke taalkundige verreken is, beoordeel.

**Tabel 4.4.1** Beknopte samevatting van ontstaanspersepsies van Afrikaans

Die negentiende eeu				
Tyd	Persoon	Beknopte samevatting van ontstaansbeskouing	Erkenning van die bydraes van die drie hoofgroepe rolspelers ◆ * □	Beoordeling van die mate waarin die bydrae van die Nederlandse matrelek en die interlekte van die Koina en die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in die betrokke beskouing verreken is
1811	M.H.C. Lichtenstein <sup>222</sup>	Neem waar dat Kaaps-Hollands vroeg in die 19de eeu afwyk van Europese Nederlands. Hierdie taalverandering wat aan die Kaap voorgekom het, word toegeskryf aan die taalkontak wat tussen die Kaaps-Hollandse setlaars, die Koina en die ingevoerde slawe plaasgevind het.	◆ * □	Lichtenstein beskuldig die <i>setlaars</i> daarvan dat hulle hulle taal opsetlik vereenvoudig het om dit vir die <i>Koina</i> verstaanbaar te maak. Hy skryf taalverandering aan die Kaap toe aan die taalkontak tussen setlaarvroue (as meesteres) met die <i>slawe</i> en <i>Koina</i> <sup>223</sup> en aan die Kaapse vroue wat meer as een keer in hulle lewe getrou het met mans van verskillende nasionaliteite.  Lichtenstein laat blyk 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering <sup>224</sup> in sy ontstaansperspektief, aangesien hy die konteks waarin taalverandering aan die Kaap plaasgevind het, in ag geneem het, maar hy beskou die heterogeniteit wat hy in die Kaapse taal (wat hy 'n vermenging van Nederlands en slawetale noem) waarneem as 'n negatiewe invloed op Nederlands.

<sup>222</sup> Vergelyk par. 4.2.1 vir meer aangaande H. Lichtenstein se perspektief.

<sup>223</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.3.2, ten opsigte van die verhouding tussen werknemers en werkgewers.

<sup>224</sup> Vergelyk par.4.4 ten opsigte van die Konteksgevoelige Variasiebenadering.

1830	J.G. Swaving <sup>225</sup>	Swaving onderskei drie soorte Nederlands aan die Kaap:  1) die verbasterde Hollands van die Koina, 2) gekontameneerde Hollands (deur die Koina en die slawe se interlekte beïnvloed) wat <i>setlaarboere</i> , <i>Koina</i> en <i>slawe</i> gepraat het, en 3) suiwer Nederlands.	◆ * □	Swaving se verwysing na "suiwer" Nederlands (die Europese Nederlandse matrilek) dui op 'n afkeurende houding teenoor die heterogeniteit wat in die Kaapse taal voorgekom het. Hierdie beskouing dui op 'n Konteksgevoelige Varasiebenadering (al word die heterogeniteit in die Kaapse taal met 'n afkeurende houding bejeën).
1844	A.N.E. Changuion <sup>226</sup>	Changuion noem ook, soos Lichtenstein, 'n diskontinuiteit tussen Kaaps-Hollands en die Nederlands in Europa. Hy ondersoek die opname van Franse en Duitse woorde asook Engelse woorde in Afrikaans.  Daar word tussen die "Plat-Kaapse" variëteit van die <i>Koina</i> en die "Plat-Kaapse" variëteit van die Kaapse <i>setlaars</i> onderskei. Die slawe word nie in sy beskouing vermeld nie.	◆ □	Changuion het hoofsaaklik 'n eensydige Eurosentriese ontstaansbeskouing gevolg, aangesien hy 'n kampvegter vir "korrekte" Nederlands (die Europese Nederlandse matrilek) aan die Kaap was. Die Koina se interlekte en die setlaars se Kaaps-Hollands ("Plat-Kaaps") wat op variasie van die Nederlandse matrilek dui, word in hierdie beskouing as niekorrekte Nederlands gestigmatiseer. Alhoewel Changuion op maatskaplike en geografiese verskille van die Kaapse taalgebruik wys (en daardeur sosiolinguisitese uitsprake lewer), meet hy die varasievorme wat aan die Kaap voorgekom het aan die Europese Nederlandse matrilek en beoordeel hy die afwyking daarvan negatief.
1879	F. von Hoogendorp <sup>227</sup>	Von Hoogendorp noem die gebruik van Franse en Maleise <sup>228</sup> woorde (van die <i>slawe</i> ) en	* □	Von Hoogendorp neem 'n verskil waar tussen Hoog-Hollands en Kaaps-Hollands. Die <i>setlaarboere</i> se taal verskil onder andere in toon en stembuiging van Hoog-Hollands. Von Hoogendorp se fokus

<sup>225</sup> Vergelyk par. 4.2.2 vir meer aangaande J.G. Swaving se perspektief.

<sup>226</sup> Vergelyk par. 4.2.3 vir meer aangaande A.N.E. Changuion se perspektief.

<sup>227</sup> Vergelyk par. 4.2.5 vir meer aangaande F. von Hoogendorp se perspektief.

<sup>228</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.3.5 vir leenwoorde uit Maleis.

		Engelse en Duitse uitdrukings aan die Kaap. Die rol van die Koina word nie vermeld nie, alhoewel hy melding maak van Koi-uitroepwoorde.		is, soos Changuion en ander kinders van hulle tyd, op die Europese Nederlandse matrulek.
1882	T. Hahn <sup>229</sup>	Hahn se "Hottentots-teorie" berus op die sterk invloed wat die Koi-sprekers op Hollands aan die Kaap uitgeoefen het. Hahn vermeld ook die invloed van die <i>slawe</i> (onder andere as kinderoppassers) op die taalveranderingsproses aan die Kaap. In hierdie beskouing geniet die Kaapse kindertaal ook aandag.  Hahn is verder van mening dat volwasse Kaapse <i>setlaars</i> se taal ook deur die <i>slawe</i> en <i>Koi-werkers</i> se verskillende interlekte beïnvloed is.	◆ * ▣	Alhoewel die term, "Hottentots-teorie", 'n Afrosentriese beskouing impliseer, word die invloed van die Koina (en die <i>slawe</i> ) op Nederlands aan die Kaap in 'n negatiewe lig beoordeel. Hahn beskou Kaaps-Hollands as 'n "patois" wat by die Koina en die <i>slawe</i> (hoofsaaklik as kinderoppassers) aangeleer is en meen dat die volwasse setlaars aan die Koina en <i>slawe</i> se "degraderende" invloed op Nederlands blootgestel was.  In hierdie beskouing van Hahn word die interlekte van die <i>Koina</i> en die <i>slawe</i> vermeld asook die konteks waarbinne die taal van die setlaars verandering ondergaan het.  Hahn se beskouing spreek weliswaar van 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering, maar tog ook van eensydigheid ten opsigte van die heterogeniteit wat in die Kaapse taal voorgekom het.
1882	C. Stoffel <sup>230</sup>	Stoffel beskou die Kaapse setlaars se taal as die natuurlike resultaat van kommunikasie	▣	In Stoffel se beskouing word hoofsaaklik 'n eensydige Eurosentriese benadering gevolg waarin 'n kompromie tussen Frans en Hollands (t.w.v. gemaklike kommunikasie) beklemtoon word. Die

<sup>229</sup> Vergelyk par. 4.2.6 vir meer aangaande T. Hahn se perspektief.

<sup>230</sup> Vergelyk par. 4.2.7 vir meer aangaande C. Stoffel se perspektief.

		tussen <i>Kaapse Hollanders</i> en <i>Franse</i> . Frans was volgens Stoffel die deurslaggewende faktor in die ontstaan van Afrikaans.		interlekte van die Koina en die slawe word geensins verreken nie.
1891	H. Schuchardt <sup>231</sup>	Schuchardt beskou Duits én (moontlike) kreolisering <sup>232</sup> as die faktore wat tot die ontstaan van Afrikaans bygedra het.	■ ◆ *	Schuchardt was die eerste taalkenner wat kreolisering as 'n (moontlike) faktor in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans beskou het. Die taal van die Kaapse kinders en die taal van "vreemdelinge" (nie-Nederlandssprekendes soos die Koina en die slawe) het volgens Schuchardt aanleiding gegee tot pidginisering. Dit dui op 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering.
1892	C. de Coutouly <sup>233</sup>	Die aanleer van Nederlands deur gekleurde nie-Nederlandssprekendes aan die Kaap het volgens De Coutouly 'n rol in die ontstaan van Afrikaans gespeel.	■ ◆ *	<p>De Coutouly bevestig die voorkoms van die interlekte van die Koina en die slawe aan die Kaap. Hy onderskei ook drie geografiese taalstreke<sup>234</sup>.</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1) "Duitch Namaqualand" waar die <i>Koina</i> hulle Hollandse interlek gepraat het.</li> <li>2) Die Oosgrens en die Boererepublieke waar <i>setlaarboere</i> Hoog-Hollands en Kaaps-Hollands gepraat het.</li> <li>3) Die Kaap en omstreke waar die <i>slawe</i> 'n Kaapse <i>lingua franca</i> gepraat het.</li> </ol> <p>De Coutouly verbind egter nié die voorkoms van die Koina en slawe se interlekte en die verskillende geografiese taalstreke aan taalverskeidenheid en die heterogene aard van tale nie, aangesien hy in 'n artikel skryf dat hy van Tafelberg tot Limpopo nie verskillende dialekte gevind het nie. Hierdie teenstrydigheid kan toegeskryf word aan 'n Eurosentriese Niekonteksgevoelige Sisteembenadering wat tipies was van die sosiopolitieke milieu waarbinne hy dit geskryf het: taal is as homogeen beskou en die invloed van die Koina en die slawe op die Nederlandse matriek is afgekeur.</p>

<sup>231</sup> Vergelyk par. 4.2.8 vir meer aangaande H. Schuchardt se perspektief.

<sup>232</sup> Vergelyk par. 4.1.2 ten opsigte van kreolisering.

1896	J.T. te Winkel <sup>235</sup>	Te Winkel, soos Stoffel, beklemtoon die invloed wat Frans op die Nederlands van die Kaap uitgeoefen het. Hy maak ook melding van die Kaapse setlaars se verskillende Nederlandse variëteite. Te Winkel beskryf ook die sosiohistoriese en -linguistiese situasie aan die vroeë Kaap. Hy (soos De Ruyter en Kotzé) wys daarop dat die Nederlandse seevaarders met Maleise woorde bekend was en dit na die Kaap gebring het.	◆ * □	Te Winkel se ontstaansbeskouing toon teenstrydighede, want aan die een kant sien hy Frans as 'n "ingrypende" faktor in die ontstaan van Afrikaans en aan die ander kant beskou hy die verskillende Nederlandse variëteite van die <i>setlaars</i> as die grondslag van Afrikaans. Dit dui op 'n hoofsaaklik Eurosentriese benadering waarin die invloed van Frans <sup>236</sup> en van die Nederlandse variëteite <sup>237</sup> op Nederlands aan die Kaap beklemtoon word. Hy vermeld ook (maar nie as 'n sterk faktor nie) die kommunikasie wat tussen die setlaars, <i>Koina</i> en die <i>slawe</i> moes bestaan het.
1897 e.v.	D.C. Hesseling <sup>238</sup>	Hesseling bepaal hom (waarskynlik as 'n teenreaksie teen die beskouing dat Afrikaans die spontane ontwikkeling van Noord-Hollandse dialekte was) by die sosiale konteks van die vroeë Kaap.  Hesseling was, soos Schuchardt, ook 'n aanhanger van die kreoliseringsgedagte. Hy	◆ * □	Hesseling beskou Maleis en Kreools-Portugees as deurslaggewend in die ontwikkeling van Afrikaans en dat Duits en Frans se invloed op Afrikaans minimaal was. Hesseling het gewys op die sosiale konteks waarbinne taalkontak <sup>239</sup> (onder andere die rol wat die <i>Koina</i> en die <i>slawe</i> as kinderoppassers in die taalveranderingsproses gespeel het).  Die verandering van Nederlands na Afrikaans het op twee wyses plaasgevind: 1) beïnvloeding deur nie-Nederlandse tale, in die besonder Maleis en Kreools-Portugees (van die <i>VOC-seevaarders</i> en die <i>slawe</i> ), en

<sup>233</sup> Vergelyk par. 4.2.9 vir meer aangaande C. de Coutouly se perspektief.

<sup>234</sup> Die driedeling stem ooreen met die onderskeiding van Van Rensburg (1994, 1998), Ponelis (1993, 1994) en Du Plessis (1994, 2003a) se driedeling.

<sup>235</sup> Vergelyk par. 4.2.11 vir meer aangaande J.T. te Winkel se perspektief.

<sup>236</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.2.2 ten opsigte van die invloed van Frans in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

<sup>237</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.1 en 2.2.1.1 in verband met die Nederlandse variëteite.

<sup>238</sup> Vergelyk par. 4.2.18 vir meer aangaande D.C. Hesseling se perspektief.

<sup>239</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.1, par. 2.2.1.2, par. 2.2.1.6, par. 2.3.2.2, par. 2.3.2.5, par. 2.3.3.2 en par. 2.3.3.5 in verband met taalkontak.

		<p>bepaal hom by die rol wat Maleis en Kreools-Portugees in die vroeë Kaapse multitalige en -kulturele samelewing gespeel het.</p> <p>Hesseling se ontstaansbeskouing staan bekend as die "Kreools-Portugese" of "Maleis-Portugese" teorie en in sy werk <i>Het Afrikaans</i> bestempel hy Afrikaans as 'n semi-kreool.</p>		<p>2) interlektiese aanpassing van Nederlands as gevolg van die Koina en die slawe se pogings om Nederlands te praat.</p> <p>In Hesseling se beskouing noem hy taalkontak met nie-Nederlandse tale en die kreoolsvriendelike Kaapse konteks. Hy openbaar 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering deur prominensie te gee aan die interlekte van die Koina en slawe in die taalveranderingsproses van Nederlands na Afrikaans.</p>
<b>Die twintigste eeu</b>				
1906	E. Krusinga <sup>240</sup>	<p>Krusinga beskou Afrikaans as die spontane ontwikkeling uit Nederlands. Hy tref 'n onderskeid tussen "egte" Afrikaans en "Negerhollands" (nie-Nederlandse sprekers se interlekte) en bevestig daardeur die interlekte van die Koina en die slawe.</p>	☐	<p>Krusinga is van mening dat Frans, Duits of Maleis en Kreools-Portugees nie aanleiding kon gee tot die ontstaan van Afrikaans nie, en meen dat die invloed van vreemde tale op die wording van Afrikaans minimaal was. Krusinga se beskouing pas in die sosiopolitieke milieu waarbinne hy sy beskouing stel: die Nederlandse matrilek is homogeen en die heterogeniteit (Negerhollands) binne Nederlands word afgekeur. Krusinga se beskouing dui weliswaar op 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering, maar tog ook op 'n beskouing van eensydige Eurosentrisme ten opsigte van sy beskouing van die heterogeniteit wat in die Kaapse taal voorgekom het.</p>

<sup>240</sup> Vergelyk par. 4.2.13 vir meer aangaande E. Krusinga se perspektief.

1909	S.J. du Toit <sup>241</sup>	Du Toit beskou Afrikaans as variasieloos en die Germaanse oorsprong van Afrikaans word beklemtoon. Hy ontken dat Afrikaans ook die moedertaal van gekleurde sprekers was.	▣	Die beskouing van Du Toit dat Afrikaans variasieloos is, spruit voort uit die sosiopolitieke konteks waarbinne variasie as onaanvaarbare afwykings <sup>242</sup> beskou is. Dit impliseer 'n Eurosentriese, ("wit") Afrikanernasionalistiese benadering wat die Nederlandse matrelek sterk beklemtoon.
1913	J.J. van Ginneken <sup>243</sup>	Van Ginneken het die eerste taalkaart van Afrikaans saamgestel en daarin word 'n drieledige taalvariasieonderskeid in Afrikaans getref. Hy het opgemerk dat Afrikaans nie so eenvormig is as wat gemeen word nie.	◆✱▣	Van Ginneken onderskei drie soorte Afrikaans:  1) Wes-Afrikaans, ( <i>Koina</i> ) 2) Noordoos- Afrikaans ( <i>setlaars</i> ) en 3) Slamaaier-Afrikaans ( <i>slawe</i> ).  Hierdie onderskeiding toon ooreenstemming met die drie historiese variëteite waarin die aanleedersvariëteite van die Koina en slawe asook die historiese variëteit van die Kaapse setlaars verreken word. Van Ginneken se identifisering van die heterogeniteit wat in Afrikaans voorgekom het, getuig van 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering.
1916	D.B. Bosman <sup>244</sup>	Bosman voer die verandering van Nederlands na Afrikaans terug na die 17de-eeuse Nederlandse dialekte. Hy beklemtoon die "wit" herkoms van Afrikaans en is van mening dat die invloed van Maleis en Kreools-Portugees op die wording van Afrikaans oorskat word.	◆✱▣	'n Teenstrydigheid kom in Bosman se beskouing na vore. Hy bestry aan die een kant Hesseling se kreoliseringsperspektief, maar aanvaar aan die ander kant die "Vreemdelinge-Nederlandse teorie" waarvolgens die <i>Koina</i> , <i>slawe</i> , Duitsers en Franse hulle tale afgelê het om Nederlands aan te neem. Hy maak ook melding van die invloed van kindertaal op die ontwikkeling van Afrikaans. Bosman was van mening dat taalkundiges die herkoms van Afrikaans nie net in een oorsaak moet soek nie, maar alle faktore teen mekaar moet opweeg. Afrikaans was na sy mening nie 'n

<sup>241</sup> Vergelyk par. 4.2.12 vir meer aangaande S.J. du Toit se perspektief.

<sup>242</sup> Vergelyk par. 4.1.1.1 in hierdie verband.

<sup>243</sup> Vergelyk par. 4.2.13 vir meer aangaande J.J. van Ginneken se perspektief.

<sup>244</sup> Vergelyk par. 4.2.20 vir meer aangaande D.B. Bosman se perspektief.

				<p>gekreoliseerde taal nie, maar 'n taal wat onder die invloed van "vreemdelinge" (nie-Nederlandssprekendes) verkeer het. Bosman het wel 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering gevolg, maar (as kind van sy tyd) ontken hy die kreoolse aard van Afrikaans en openbaar sodoende 'n Eurosentriese benadering.</p>
1925	G.R. von Wielligh <sup>245</sup>	Von Wielligh onderskei in 'n ondersoek (in opdrag van die GRA) tien Afrikaanse taalstreke, en dit gee aanleiding tot belangstelling in die verskeidenheid van Afrikaans. In hierdie ondersoek is nie net op wit Afrikaans gefokus nie, maar ook op die Afrikaanse taalgebruik van gekleurde sprekers.	◆ * □	<p>Von Wielligh maak melding van "die swakste Afrikaans" wat hy in die Agter-Hantam gevind het en van die Koina wat 'n "lae, plat, halfbarbaarse vorm" van Afrikaans praat. Dit impliseer hoofsaaklik 'n Eurosentriese perspektief waarin die heterogeniteit van Afrikaans negatief beoordeel word.</p> <p>Von Wielligh bevestig in sy ondersoek geografiese variasie, asook die Koina se Afrikaanse variëteit Dit op sigself getuig van 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering, maar met 'n Eurosentriese perspektief wat nie-wit variëteite van Afrikaans negatief beoordeel.</p>
1934	G.S. Nienaber <sup>246</sup>	Nienaber het nie 'n bepaalde ontstaansbeskouing gehuldig nie, maar maak die stelling dat Afrikaans en haar geskiedenis voortdurend in wisselwerking met Europese tale, inheemse tale en slawetale verkeer het.	◆ * □	<p>Nienaber maak melding van 'n kontinuum met "goeie Hollands" (lees: beskaafd) aan die een kant en die "krom" of "gebroke" (lees: onbeskaafd) Koi- en slawe-Hollands, asook die Hollands van setlaarkinders (wat deur Koi- en slawebediendes opgepas is) aan die ander kant, met verskillende vorme van Hollands wat tussen hierdie uiterstes voorgekom het.</p> <p>Nienaber onderskei ten opsigte van geografiese variasie hoofsaaklik "wit" variëteite, naamlik die landelike variëteit van die Bolandse setlaars en die geïsoleerde setlaarveeboere se variëteit en die stedelike variëteit van die blanke inwoners van Kaapstad.</p> <p>Soos ook ander kinders van sy tyd (byvoorbeeld Von Wielligh en Van Rijn), openbaar Nienaber se</p>

<sup>245</sup> Vergelyk par. 4.2.17 vir meer aangaande G.R. von Wielligh se perspektief.

<sup>246</sup> Vergelyk par. 4.2.19 vir meer aangaande G.S. Nienaber se perspektief.

				beskouing hoofsaaklik 'n Eurosentryse perspektief waarvolgens die "wit" variëteite van Afrikaans as "goeie" Hollands, en "nie-wit" variëteite waarskynlik as "onbeskaafd", beskou word. Die erkenning van die bestaan van "nie-wit" variëteite dui op 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering, maar die afkeurende beoordeling daarvan dui op 'n Niekonteksgevoelige Sisteembenadering.
1950	G.G. Kloeke <sup>247</sup>	Kloeke was van mening dat die ontstaan van Afrikaans nie sonder kennis van die Nederlandse dialekte (veral Suid-Hollandse dialekte) verduidelik kan word nie. Volgens Kloeke het die Kaapse setlaars aan die formele Nederlands van die <i>Statenbijbel</i> bly vashou.	◆ * ▣	Volgens Kloeke het die Kaapse jeug (onder andere ook Nienaber en Bosman) wat tussen nie-Nederlandsprekendes grootgeword het, tot die taalverandering van Nederlands na Afrikaans bygedra. Kloeke wys ook op taalkontak tussen die groot aantal (meer as die Kaapse setlaars) nie-Nederlandsprekende groepe ("zwart en bruin") en die setlaars aan die Kaap. Kloeke erken in sy ontstaansbeskouing van Afrikaans die rol van die Nederlandse streeksdialekte, van die sosiale konteks waarbinne kindertaal aan die Kaap verkeer het, asook van die taalkontak tussen Nederlandsprekendes en nie-Nederlandsprekendes.
1951	A. van Selms <sup>248</sup>	Van Selms fokus hoofsaaklik op die invloed van die Islamkultuur <sup>249</sup> van die slawegemeenskap aan die Kaap in die ontstaan van Afrikaans.	*	Die slawe se sosiolek is gebruik om Moesliemkinders te onderrig. Die kinders het as deel van hulle opvoeding godsdiensoefeninge in hulle aanleerdersvariëteit van Nederlands gedoen. Dit impliseer die invloed van kindertaal op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Die vermelding van die slawe se sosiolek (wat 'n erkenning van die heterogene aard van Afrikaans is) dui op 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering.
1952	J.L.M. Franken <sup>250</sup>	Franken fokus op die akkulturasie wat aan die vroeë Kaap tussen die slawe en setlaars geheers het en wat aanleiding gegee het tot	*	Volgens Franken het die slawe in die slawelosie asook die setlaarkinders (uit eksogene verhoudings gebore) 'n "krom" vorm van Nederlands gepraat.

<sup>247</sup> Vergelyk par. 4.2.22 vir meer aangaande G.G. Kloeke se perspektief.

<sup>248</sup> Vergelyk par. 4.2.23 vir meer aangaande A. van Selms se perspektief.

<sup>249</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.3.3 in verband met die Islamkultuur aan die vroeë Kaap.

<sup>250</sup> Vergelyk par. 4.2.24 vir meer aangaande J.L.M. Franken se perspektief.

		die invloed van Maleis en Kreools-Portugees op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.		Die natuurlike ontwikkeling van Afrikaans (van die 17de tot 19de eeu) is na die mening van Franken die resultaat van die invloed wat die gekleurde sprekers daarvan eerstens op die taal van die setlaarboere en later ook op die taal van die "beskaafde" inwoners van die Kaap uitgeoefen het.  Afrikaans het volgens Franken in die mond van die gekleurde sprekers daarvan ontstaan. Franken se ontstaansbeskouing van Afrikaans impliseer 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering.
1966, 1976	M. F. Valkhoff <sup>251</sup>	Die kreoliseringsfaktore van Afrikaans word in Engelse publikasies bespreek en dit stel Afrikaans, as kreoolse taal, bloot aan 'n internasionale diskoers. Valkhoff beskuldig taalkundiges wat 'n Eurosentriese benadering volg van 'n "albosentriese" siening ten opsigte van die ontstaan van Afrikaans. Valkhoff se grootste bydrae was sy siening dat Afrikaans nie net binne die raamwerk van die Neerlandistiek bestudeer moet word nie.	◆*	Valkhoff beskou Afrikaans as 'n gedeeltelik gekreoliseerde taal. Hy beklemtoon die interaksie met die slawe se "Maleis-Portugese" <i>lingua franca</i> as deurslaggewende faktor in die kreoliseringsproses. Die Koina het Nederlands volgens Valkhoff vinnig aangeleer. Die slawe en Koina se pogings om Nederlands aan te leer, het aanleiding gegee tot die ontstaan van twee gekreoliseerde Nederlandse vorme aan die vroeë Kaap. Die bestaan van die verskillende variëteite aan die Kaap, is volgens Valkhoff 'n bewys van die verloop van die geskiedenis van Afrikaans. Al die variëteite van Afrikaans is na die mening van Valkhoff verskillende fases van dieselfde taal.  Die gedeeltelike kreoolse aard van Afrikaans word in hierdie beskouing sterk beklemtoon en dit impliseer 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering.
1968	H.J.J.M van der Merwe <sup>252</sup>	As kind van sy tyd het Van der Merwe die kreoliseringsperspektief betwis en die "wit" en Nederlandse herkoms van Afrikaans beklemtoon. Afrikaans het volgens Van der Merwe ontstaan vóórdat enige nie-Nederlandse invloede daarop kon inwerk.	▣	Van der Merwe beskou die nie-Europese invloede op die ontstaan van Afrikaans in 'n negatiewe lig en aanvaar dat slegs 'n paar Koi-leenwoorde in Afrikaans opgeneem is. Van der Merwe aanvaar dat die VOC-seevaarders se taal, wat deur Maleis en Kreools-Portugees beïnvloed is, in Afrikaans ingedra is. Van der Merwe se beskouing impliseer hoofsaaklik 'n Eurosentriese benadering.

<sup>251</sup> Vergelyk par. 4.2.26 vir meer aangaande M.F. Valkhoff se perspektief.

<p>1963, 1965, 1975, 1890</p>	<p>J. du P. Scholtz<sup>253</sup></p>	<p>Scholtz bestudeer beskikbare Kaapse argivale data en beklemtoon die Nederlandse herkoms van Afrikaans en kan as die grondlegger van die Filiogiese Skool beskou word.</p> <p>Scholtz was van mening dat die wording van Afrikaans gelyk geloop het met die wording van die Afrikaner.</p> <p>Teenstrydighede kom in Scholtz se beskouing voor: Aan die een kant ontken hy die nie-Nederlandse invloede op die wording van Afrikaans en aan die ander kant meen hy dat "Vreemdelinge-Nederlands" bygedra het tot "taalversteurende" faktore, onder andere vereenvoudiging.</p>	<p>◆ * ▣</p>	<p>Scholtz het hoofsaaklik die taal van die Nederlandssprekende setlaars ondersoek en was van mening dat die Franse, Duitsers, Koina en slawe nie as belangrike faktore in die ontwikkeling van Afrikaans beskou moet word nie en dat veral die Koi-tale geen rol daarin gespeel het nie. Later het Scholtz sy beskouing oor die invloed van die Koina aangepas en het hy nie meer so afwysend daarna verwys nie.</p> <p>Aan die een kant word hoofsaaklik 'n Eurosentriese benadering gevolg (Afrikaans is 'n "mengsel" van Nederlandse dialekte, in die besonder die dialek van die provinsie Holland, maar aan die ander kant word die invloed van die slawe en Koina in die ontstaan van Afrikaans tog erken, hoewel slegs as bykomende faktore. Hierdie perspektief getuig gedeeltelik van 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering in die sin dat dit die versteurende invloed van "Vreemdelinge-Nederlands" en die sosiale gestratifiseerdheid van Afrikaans verreken, maar die sterk beklemtoning van die Nederlandse herkoms van Afrikaans getuig van Eurosentrisme.</p>
<p>1980, 1983, 1990, 1992, 1997, 1989,</p>	<p>M.C.J. van Rensburg<sup>254</sup></p>	<p>Van Rensburg beskou alle variëteite van Afrikaans as gelykwaardig. Hy is van mening dat sinchroniese taalverskynsels insig bied op 'n taal se diachroniese prosesse. Van Rensburg kritiseer sekere taalkundiges se beklemtoning van die Nederlandse herkoms</p>	<p>◆ * ▣</p>	<p>In die Kaapse kontaksituasie het daar volgens Van Rensburg <i>intertale</i> ontstaan wat aanleiding gegee het tot taalkontakvariasie. Die gevolg van hierdie kontakvariasie was die ontstaan van die drie historiese Afrikaanse variëteite wat steeds in moderne Afrikaanse variëteite voorkom. Die intertale van die Koina en slawe word as die aanvang van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit en die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit beskou.</p>

<sup>252</sup> Vergelyk par. 4.2.28 vir meer aangaande H.J.J.M. van der Merwe se perspektief.

<sup>253</sup> Vergelyk par. 4.2. 21 vir meer aangaande J. du P. Scholtz se perspektief.

<sup>254</sup> Vergelyk par. 4.2 29 vir meer aangaande M.C.J. van Rensburg se perspektief.

1999		van Afrikaans.		Van Rensburg se beskouing dui op 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering wat die heterogeniteit van Afrikaans erken en ook verklaar deur aan die bydraes van die interlekte van die Koina en die slawe net soveel gewig toe te ken as aan die bydrae van die setlaars se Nederlandse matrulek.
1986	H. den Besten <sup>255</sup>	Den Besten het die sosiale konteks en die heterogene taalsituasie aan die Kaap saamgetrek. Den Besten ontken nie die Nederlandse herkoms van Afrikaans nie en meen dat elemente van die setlaars se dialektiese Nederlands én elemente van die Hollandse <i>pidgins</i> van die slawe en die Koina in Afrikaans voorkom.  Den Besten het 'n groot bydrae tot die Afrikaanse taalkunde gelewer deur 'n aantal studies vanaf 1978. Hy beklemtoon die moontlike rol wat Koi-Nederlands in die ontstaan van Afrikaans gespeel het.	◆ * □	Den Besten klassifiseer Afrikaans as 'n <i>nie-Wes-Germaanse kreool</i> <sup>256</sup> op grond van drastiese struktuurveranderinge weens die invloed van Hollandse pidgins. Die resultaat hiervan was die kreolisering van Nederlands <sup>257</sup> en parallel hiermee het uit die dialektiese Nederlands van die Kaapse setlaars Kaaps-Hollands <sup>258</sup> ontwikkel wat voortdurend met Kreools-Nederlands in kontak verkeer het.  Hierdie twee soorte Nederlands, 'n Europese Nederlands en 'n Nederlandse pidgin, het uiteindelik volgens Den Besten geleidelik saamgesmelt om Afrikaans en haar variëteite te laat ontstaan.  Volgens Den Besten het Afrikaans ontstaan deur die Hollandse <i>pidgins</i> van die Koina en die slawe in hulle strewe om Nederlands te praat. Die taal van die Koina en die slawe en die taal van die setlaars vloei teen 1850 ineen, sodat daar teen 1850 'n Afrikaanse Koine bestaan het, en dié Koine vorm die fondament van Standaardafrikaans.  Den Besten het in 1986 vir die eerste keer die "Konvergensieteorie" oor die ontstaan van Afrikaans aangebied en dit later verder uitgebrei. Die "Konvergensieteorie" van Den Besten stel dat 'n stabiele

<sup>255</sup> Vergelyk par. 4.2.31 vir meer aangaande H. den Besten se perspektief.

<sup>256</sup> Hans den Besten klassifiseer Afrikaans as 'n nie-Wesgermaanse kreoolse taal. Dit is in teenstelling met Holm (1988:9) wat Afrikaans as 'n semi-kreool klassifiseer; Mühlhäusler (1986) wat Afrikaans as 'n kreoloïde beskou, aangesien a) slegs 'n gedeeltelike breuk en b) vermenging tussen 'n ten volle ontwikkelde taalsisteem en 'n ontwikkelende sisteem plaasgevind het; Raidt (1991) wat die ontstaan van Afrikaans aan taalveranderingsprosesse toeskryf; en Kotzé wat Afrikaans as 'n koine beskou (Kotzé, 1994:131-133). Vergelyk ook Mufwene (2001:171-173) in hierdie verband.

<sup>257</sup> Ook Proto-Afrikaans I genoem (Grebe, 1997:10; Den Besten (1989:226).

<sup>258</sup> Teen 1775 ontwikkel daar uit Kaaps-Hollands 'n variëteit, ook Proto-Afrikaans II genoem (Grebe, 1997:101; Den Besten, 1989:226).

				<p>pidgin onder die Koina ontwikkel het wat "wortels" in Engelse en Nederlandse handelsjargons van vóór 1652 gehad het</p> <p>In Den Besten se beskouing word die kreoolse aard van Afrikaans sterk beklemtoon; dit is 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering, en dit verleen besondere prominensie aan die bydrae van die interlekte van die Koina en die slawe, maar die Nederlandse herkoms van Afrikaans word nie ontken nie.</p>
1991, 1994, 1997	E. H. Raidt <sup>259</sup>	<p>Volgens Raidt het Afrikaans haar Germaanse struktuur behou, alhoewel nie-Nederlandse invloede tot die ontstaan van Afrikaans bygedra het. Vergelyk die boomdiagram van Raidt (1991:20) waarin sy Afrika, Europa en Asië metafories die "wortels" van Afrikaans noem.</p> <p>Raidt beklemtoon dat daar in die ontstaan van Afrikaans nie 'n algemene <i>pidgin</i> stadium was nie. Vroeër het volgens Raidt vanweë hulle daaglikse kontak met kinders en bediendes (die slawe en die Koina) ook 'n belangrike rol in die ontstaan van Afrikaans gespeel.</p>	◆ * ■	<p>Aanvanklik volg Raidt (soos die Filologiese Skool) hoofsaaklik 'n Eurosentriese ontstaansbeskouing waarvolgens die natuurlike taalveranderingsproses as die sterkste van drie taalveranderingsprosesse (wat gesamentlik in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans 'n rol gespeel het) beskou word. Raidt beklemtoon die ooreenstemmende sinsbou en woordeskat van Afrikaans en Nederlands.</p> <p>Ná die bestudering van Valkhoff se kreoliseringssteorie kom Raidt (1994:51) met 'n meer tolerante perspektief na vore waarvolgens sy die invloed van sosiohistoriese aspekte op taalverandering begin erken. In dié beskouing kom 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering na vore.</p>

<sup>259</sup> Vergelyk par. 4.2.32 vir meer aangaande E.H. Raidt se perspektief.

1993, 1994, 1998	F. A. Ponelis <sup>260</sup>	Afrikaans het volgens Ponelis in fases ontstaan. Die eerste ontwikkelingsfase van Afrikaans het op 'n kontinuum (met die moedertaalsprekers van Nederlands (die matrelek) aan die een kant en Nie-Nederlandssprekendes se intertale (interlekte) aan die ander kant) in die Kaapse multitalige samelewing plaasgevind. Tydens die tweede fase van ontwikkeling het die drie Afrikaanse historiese variëteite ontwikkel. Die derde fase behels die invloed van Engels op Afrikaans.	◆ * ▣	Ponelis se beskouing kan as 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering beskryf word in die opsig dat hy al die rolspelers in die multitalige vroeë Kaapse samelewing se bydraes tot die ontstaan van Afrikaans verreken.  Soos Van Rensburg ken Ponelis ewe veel gewig toe aan die rol van die moedertaalsprekers van die Nederlandse matrelek en die rol van nie-Nederlandssprekendes se interlekte.
1989, 1990, 1991, 1994	A. Davids <sup>261</sup>	Volgens Davids het taalkontak, akkulturasie en die intieme sosiale verhoudings tussen mense van uiteenlopende kulturele, linguïstiese en etniese agtergronde aan die Kaap tot die wording van Afrikaans gelei. Davids beklemtoon rassevermenging en die Arabiese invloed op die ontstaan van Afrikaans.	◆ * ▣	In Davids se beskouing word die rol wat die ingevoerde slawe, die Islamitiese godsdiensoopvoeding van slawekinders en akkulturasie in die ontstaan van Afrikaans gespeel het baie sterk beklemtoon. Davids fokus hoofsaaklik op die kreoolse aard van Afrikaans. Hierdie beskouing getuig van 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering omdat die multitaligheid en -kulturaliteit van die vroeë Kaap verreken word, maar Davids oorbeklemtoon die Asië-wortels van Afrikaans.
1994	P.T. Roberge <sup>262</sup>	Sosiale faktore aan die vroeë Kaap het volgens Roberge aanleiding gegee tot 'n groter kultuurveranderingsproses. In dié	◆ * ▣	Op Roberge se intertaalkontinuum-model (soos dié van Ponelis) kom 'n verskeidenheid Kaapse taalvorme voor: van Kaaps-Hollands aan die een kant tot kreoolagtige Afro-Asiatiese variëteite aan die ander kant. Dié beskouing getuig van 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering waarbinne die

<sup>260</sup> Vergelyk par. 4.2.33 vir meer aangaande F.A. Ponelis se perspektief.

<sup>261</sup> Vergelyk par. 4.2.34 vir meer aangaande A. Davids se perspektief.

<sup>262</sup> Vergelyk par. 4.2.35 vir meer aangaande P.T. Roberge se perspektief.

		kultuurveranderingsproses het taalverandering in die rigting van Nederlands plaasgevind, aangesien die voortdurende behoefte om te kommunikeer aanleiding gegee het tot die uitbreiding van pidgintale.		bydrae van die Kaaps-Hollands van die setlaars, sowel as die bydrae van die Afro-Asiatiese variëteite in die ontstaan van Afrikaans erken word.
1987, 1992, 1994, 1995, 2001, 2003	H.G.W. du Plessis <sup>263</sup>	Afrikaans het volgens Du Plessis as gevolg van taalkontak en eksogene verhoudings aan die vroeë Kaap aanleiding gegee tot die intertaalvorme van die Koina en die slawe.	◆ * □	Hierdie intertaalvorme behoort volgens Du Plessis as belangrike faktore in die kontaktevolusie van Afrikaans beskou te word. Taalkontak het aanleiding gegee daartoe dat 'n <i>lingua franca</i> , <i>pidgin</i> en <i>kreool</i> ontwikkel het uit die behoefte om in 'n multitalige samelewing te kommunikeer. Die pogings van die Koina en die slawe om in Nederlands te kommunikeer het aanleiding gegee tot die ontstaan van twee historiese Afrikaanse variëteite.  Du Plessis se perspektief kan as 'n Konteksgevoelige Variasiebenadering beskou word, waarbinne net soveel gewig aan die Nederlandse herkoms van Afrikaans as aan die interlekte van die Koina en die slawe toegeken word.
<b>Die een-en-twintigste eeu</b>				
2002	E.F. Kotzé <sup>264</sup>	Die Afrikaanse variëteite het volgens Kotzé in verskillende kontekste ontstaan, soos om in die slawe se godsdienstige behoeftes te voorsien en om aan die Koina se behoefte te	◆ * □	Volgens Kotzé se beskouing was die Nederlands van die setlaars, die Duitsers en Franse in die vroeë Kaap aan koineïsering onderworpe. Die Koina en slawe het, afgesien van hulle eie tale, ook in hulle pogings om Nederlands te praat, pidginvorme van Nederlands gepraat. Dit het aanleiding gegee tot kreolisering en die ontstaan van die Koina en slawe se interlekte. Aan die Oosgrens is 'n

<sup>263</sup> Vergelyk par. 4.2.36 vir meer aangaande H.G.W. du Plessis se perspektief.

<sup>264</sup> Vergelyk par. 4.2.37 vir meer aangaande E.F. Kotzé se perspektief.

		voldoen om in Nederlands te kommunikeer.		<p>“meer konserwatiewe variëteit” gepraat as gevolg van minder kontak met ander tale as wat in die Kaap die geval was.</p> <p>Die prosesse wat tot die vorming van Afrikaans bygedra het, het volgens Kotzé bestaan uit pidginisering, taalversteuring, kreolisering, intertaalvorming, koineïsering en ontlening.</p>
2002	C. de Ruyter en E.F. Kotzé <sup>265</sup>	Die rol wat die Nederlandse seevaarders tydens die VOC-tydperk in die ontstaan van Afrikaans gespeel het, is deur De Ruyter en Kotzé in die “oseaniese hipotese” ondersoek.	▣ *	<p>De Ruyter en Kotzé se oseaniese ontstaanshipotese behels die rol wat “Austro-Nederlands” (die resultaat van die geografiese wydverspreide blootstelling van Nederlands aan Maleise dialekte en Portugese kreole) in die ontstaan van Afrikaans gespeel het. Dié beskouing verklaar die sterk band wat Afrikaans met Nederlands het. In hierdie beskouing word daar hoofsaaklik op die rol van die Nederlandse seevaarders se taal (wat deur Oosterse tale beïnvloed is) gefokus.</p> <p>Die rasionaal van hierdie beskouing is om die band tussen Nederlands en Afrikaans te verklaar en nie om die anderkleuriges se invloed te ontken nie.</p>
2004	A. Deumert <sup>266</sup>	Die behoefte om in die multitalige Kaap te kommunikeer, het tot “interetniese kommunikasie” bygedra. Die resultaat hiervan was die ontstaan van ’n “variasiekontinuum” (soos volgens Ponelis en Roberge) wat ’n wye verskeidenheid Nederlandse variëteite en die Koina en slawe se variëteite ingesluit het.	◊ * ▣	<p>Die “interetniese kommunikasie” van die Koina en die slawe aan die Kaap het aanleiding gegee tot geleidelike taalverandering.</p> <p>Die bydrae van die Nederlandse matrulek, sowel as van die interlekte van die Koina en die slawe in die multitalige vroeë Kaapse samelewing in die ontstaan van Afrikaans, word in Deumert se beskouing na vore gebring. Ook sy erken die Nederlandse herkoms van Afrikaans, sowel as die kreoolse aard daarvan.</p>

<sup>265</sup> Vergelyk par. 4.2.38 vir meer aangaande De Ruyter en Kotzé se perspektief.

<sup>266</sup> Vergelyk par. 4.2.36 vir meer aangaande A. Deumert se perspektief.

#### 4.5 Gevolgtrekking

Die 40 verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans wat deur die loop van ongeveer 200 jaar die lig gesien het, toon meer ooreenkomste as verskille. Daar is byvoorbeeld reeds in 1811 deur Lichtenstein aandag geskenk aan die rol wat vroue in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. (Sien par. 4.2.1.) Raidt het hierdie rol in 1994 (byna twee eeue later) weer beklemtoon. (Sien par. 4.2.32.)

Daar bestaan ook eenstemmigheid oor die rol wat die Kaapse kinders in die ontstaan van Afrikaans moes gespeel het. Hahn (1882), Schuchardt (1891), Nienaber (1934) en Roberge (1994) se ontstaansperspektiewe lig ook die rol van die Kaapse kinders as taalveranderingsagente uit. (Sien par. 4.2.6, par. 4.2.8, par. 4.2.19, par. 4.2.35.)

Te min argivale data op die gebied van die Kaapse kindertaal bemoeilik navorsing; daarom kan die bydrae van kindertaal ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans nie onteenseglik bewys word nie. Die feit dat Afrikaans sterk Nederlandse kenmerke besit, word ook deur verskeie ontstaansperspektiewe beklemtoon, naamlik dié van Raidt (vóór 1991), Van Rensburg (1990), Kotzé (1994), Roberge (1994) en Du Plessis (2007a). (Sien par. 4.2.32, par. 4.2.29, par. 4.2.37, par. 4.2.35, par. 4.2.36.) Taalkundiges wat van mening was dat Afrikaans 'n drastiese ontwikkeling in die mond van die Koina en slawe ondergaan het, is onder andere Den Besten (1989), Van Rensburg (1997) en Roberge (1994). (Sien par. 4.2.31, par. 4.2.29, par. 4.2.35.)

Ten opsigte van die historiese Afrikaanse variëteite het De Coutouly reeds in 1892 (sien par. 4.2.9) en Van Ginneken (sien par. 4.2.15) in 1913 geografies onderskeid getref waarmee die onderskeiding van die meer resente taalkundiges soos Van Rensburg (1994; 1995; 1989), Du Plessis (1995a; 2003) en Ponelis (1994) ooreenstem.

Die ontstaansperspektiewe van Afrikaans loop van die sewentiende eeu af tot die hede parallel met die geskiedenis van Suid-Afrika en dit wat die maghebbers as taalbeleide bepaal het. In Hoofstuk 4 is verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu waarbinne dit gevorm is, ondersoek.

Die studie van die Afrikaanse taalgeskiedenis het vir 'n (te) lang tyd hoofsaaklik op die verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans gefokus. Hierdie verskillende ontstaansperspektiewe is beïnvloed deur die sosiopolitieke milieu waarbinne dit gevorm is, asook deur die politieke "bril" waardeur die persone wat dit geformuleer het, gekyk het. (Vergelyk par. 4.1.2.)

Vóór die opkoms van die sosiolinguistiek is tale buite die sosiale konteks waarbinne dit gepraat is, bestudeer en is die *homogeniteit* eerder as die *heterogeniteit* daarvan beklemtoon. Hierdie siening het bepaalde politieke maghebbers (soos die Nasionale Party) gepas, aangesien niestandaardtaalvorme (onder andere die Afrikaanse variëteite van nieblankes) as onvanpas en onbeskaaf (sic) beskou is.

Gedurende die sestigerjare van die vorige eeu het belangstelling in taalkontak, kreoolse en pidgintale egter begin opbloeï. Dié belangstelling was in Suid-Afrika ongewens, aangesien die moontlikheid dat Afrikaans van kreoolse afkoms kon wees en die voorgehoue beeld dat Afrikaans 'n "wit" herkoms het, bedreig het. (Vergelyk par. 4.2.2.)

Toe die verband tussen die Afrikaanse taalgeskiedenis en die ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite (wat as gevolg van die bepaalde sosiopolitieke milieu as gestigmatiseerde niestandaardvorme beskou is) uiteindelik erkenning begin geniet het, was dit te laat, aangesien daar reeds 'n breuk tussen Afrikaanssprekende groepe bestaan het. Die perspektief dat Afrikaans die eksklusiewe taal en eiendom van die wit Afrikaner was (is), het reeds onomkeerbare skade tussen Afrikaanssprekende groepe berokken. (Vergelyk Hoofst 1, par.1.1.)

Afrikaans is gedurende die grootste deel van die 19de en 20ste eeue in wese as Nederlands beskou met onbelangrike invloede van Frans, Duits, Koi en slawetale. Die eerste taalkundiges, onder andere Lichtenstein, Swaving en Changuion, wat die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans bestudeer het, was niemoedertaalsprekers van Afrikaans en hulle het Afrikaans aanvanklik as variasieloos beskou.

Tog het Swaving (sien par. 4.2.2) teen 1830 reeds melding gemaak van die "verbasterde" Nederlands van die Koina, slawe en setlaarboere. Daardeur het hy die drie groepe waaruit die drie historiese Afrikaanse variëteite sou ontstaan, tóé al duidelik benoem. Changuion (sien par. 4.2.3) het al in 1844 die vorm van Nederlands wat die Koina en wit setlaars aan die Kaap gepraat het, gedokumenteer. Lichtenstein (sien par. 4.2.1) het in 1875 die Kaapse taal as 'n vermenging van slawetale en Nederlands beskryf en alhoewel Von Hoogendorp (sien par. 4.2.5) in 1879 die Franse, Duitse en Engelse invloed op die ontstaan van Afrikaans fokus, het hy terselfdertyd ook op die Maleise invloed gewys. Hahn (1882) se "Hottentots-teorie" (sien par. 4.2.6) het berus op sy beskouing van die invloed wat die Koi-tale op die Hollands van die Kaapse setlaars uitgeoefen het. Swaving, Changuion, Lichtenstein en Von Hoogendorp het egter die invloed wat nie-Europeërs op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans uitgeoefen het, afgekeur deur dit as degraderende invloede op Nederlands te beskou.

Stoffel (1882) en Te Winkel (1896) beskou Frans, en Schuchardt (1891) weer Duits, as bepalende faktor in die wording van Afrikaans. (Sien par. 4.2.7, par. 4.2.11, par. 4.2.8.) Dit is in ooreenstemming met die Eurosentriese siening van die bepaalde sosiopolitieke milieu waartydens niestandaardvorme as substandaard beskou is. Schuchardt het egter ook toegegee dat moontlike kreolisering aanleiding kon gegee het tot die ontstaan van Afrikaans. Te Winkel se perspektief het ook 'n sosiolinguistiese inslag begin toon, aangesien hy die linguistiese konteks aan die Kaap aan die sosiohistoriese situasie aan die Kaap gekoppel het.

De Coutouly (1892), 'n niemoedertaalspreker van Afrikaans, het Afrikaans aan die een kant sonder enige variasie beskou en aan die ander kant het hy drie geografies onderskeibare Afrikaanse variëteite geïdentifiseer (sien par. 4.2.9) waarmee Van Rensburg (1990) se indeling ooreenstem. Hy het myns insiens die onderskeibare variëteite van nieblankes nie as noemenswaardige tale beskou nie, aangesien hy onder andere gegrief was daarvoor dat die slawe hulle Nederlandse variëteit gebruik het om Islam te

dien. Van Rijn (1914) onderskei ook drie variëteite, maar (soos 'n kind van sy tyd waarbinne nie-Europese invloede as afkeuringswaardig beskou is) het hy "Boere-Hollands" vry van enige Koi-invloede beskou (sien par. 4.2.16).

In die vroeë 20ste eeu het Afrikanernasionalisme ontwaak en dit was veral moedertaalsprekers van Afrikaans, onder andere E. Kruisinga, S.J. du Toit (1909), Bosman (1916) en Von Wielligh (1925) wat Eurosentriese benaderings in hulle perspektiewe oor die ontstaan van Afrikaans getoon het. (Sien par. 4.2.13, par. 4.2.12, par. 4.2.27, par. 4.2.17.) Gedurende die grootste gedeelte van dié tydperk is 'n wit purisme in die Eurosentriese ontstaansperspektiewe weerspieël en is die taalhistoriese feite weerspreek (Jansen, 2004a:12; Du Plessis, 1995b:146; Esterhuysen, 1986:1).

S.J. du Toit (1906) ontken dat Afrikaans ook die moedertaal van nieblankes was en hy het Afrikaans beskou as 'n Germaanse (eksklusief wit) taal sonder variasie. As GRA-lid het Du Toit 'n belangrike rol gespeel in die ontwaking van wit nasionalisme. Van Ginneken (1913) het die eerste taalkaart van Afrikaans geteken en die perspektief gestel dat Afrikaans nie so eenvormig was as wat dit (deur die wit nasionaliste) voorgehou is nie. Hy het ook onderskeid getref tussen drie geografiese variëteite wat met dié van De Coutouly ooreenstem.

Bosman (1923), asook Van der Merwe (1968), het heftig teen Hesseling se "Hottentots-teorie" en kreoliseringsgedagte gereageer. Bosman, soos Scholtz (1967), het die wit herkoms van Afrikaans beklemtoon en was van mening dat vreemdelinge (soos die Koina en die slawe) se invloed op Afrikaans nie as aanleidende faktore in die ontstaan van Afrikaans beskou kon word nie, maar slegs as bykomende faktore. Bosman het 'n drieledige onderskeiding tussen die tale van kinders aan die Kaap getref waarmee Van Rensburg (1990) se drie (volwassene-variëteite) Afrikaanse variëteite duidelike ooreenkomste toon. Van der Merwe het in sy siening daarvan uitgegaan dat Afrikaans uit die sewentiende-eeuse Nederlands ontwikkel het – vóórdat enige nie-Nederlandse invloede daarop kon ingewerk het. Van der Merwe se drieledige indeling van Nederlandse variëteite het nie 'n Koi-variëteit ingesluit nie, maar wel 'n variëteit van die slawe wat hy as "verbasterde" Afrikaans beskou het.

Die volgende taalkundiges se beskouings het (binne die bepaalde sosiopolitieke milieu waarbinne dit geformuleer is) 'n vernuwende blik op die herkoms van Afrikaans getoon:

- Hesseling (1923) het hom nie by die verband tussen Afrikaans en Nederlands bepaal nie, maar wel by die *taalkontak* wat aan die vroeë Kaap voorgekom het. Valkhoff (1966) se perspektief sluit sterk aan by dié van Hesseling. Hesseling het ook aandag geskenk aan die *seemanstaal* wat op Nederlandse skepe voorgekom het – 'n aspek wat deur De Ruyter en Kotzé (2002) as belangrik geag word in die beskrywing van die herkoms van Afrikaans. (Vergelyk ook par. 4.2. 18 vir Hesseling se beskouing.)
- Nienaber (1934) is die mening toegedaan dat die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands in die lig van die sosiohistoriese gegewens bestudeer behoort te word. Nienaber erken die voortdurende invloed wat die wisselwerking tussen Europese tale, die inheemse tale en die slawetale op die ontwikkeling van Afrikaans uitgeoefen

het. Hy tref onderskeid tussen die (plat) Afrikaans van die landelike gebiede en die (beskaafde) Afrikaans van die stedelike gebiede. (Vergelyk par. 4.2.19.)

- Van Selms (1951) en Franken (1953) beklemtoon die rol van die slawe in die ontwikkeling van Afrikaans. Van Selms beklemtoon in die besonder die sosiolekte van die slawe, asook die rol daarvan in die godsdiensoefening van die slawe. Franken, in teenstelling met Hesseling, is van mening dat die slawe Nederlands aangeleer het en nie andersom nie. Die natuurlike verloop van die ontwikkeling van Afrikaans was volgens Franken 'n geleidelike proses waartydens bruin sprekers van Afrikaans eerstens op die taalgebruik van die (ongeleerde) setlaarboere en tweedens op die taalgebruik van die (beskaafde) inwoners van Kaapstad 'n invloed uitgeoefen het. (Vergelyk par. 4.2.23, par. 4.2.24.)
- Den Besten (1986) beskou Afrikaans as 'n nie-Wes-Germaanse kreool op grond van drastiese struktuurveranderinge as gevolg van die invloed van Hollandse pidgins. Die resultaat hiervan was die kreolisering van Nederlands en parallel daarmee het uit die dialektiese Nederlands van die Kaapse setlaars Kaaps-Hollands ontwikkel wat voortdurend met Kreools-Nederlands in kontak verkeer het. Den Besten se siening behels 'n vernuwende bydrae ten opsigte van die invloed van "Hollandse"-Nederlands (die niestandaardvorme) van die setlaars en die pidgin/kreools van die Koina en slawe wat uiteindelik saamsmelt om Afrikaans en haar variëteite te vorm. (Vergelyk par. 4.2.31.)

In die sewentigerjare van die vorige eeu het die baanbrekerswerk van sosiolinguïste soos Labov (1966, 1971, 1972) en Fishman (1971, 1972) die Afrikaanse taalkunde begin beïnvloed en daar is uiteindelik begin om Afrikaans teen die agtergrond van taalvermenging te beskou. 'n Verskeidenheid Afrikaanse variasiestudies is (in navolging van Labov) deur onder andere Webb (1983), Van Rensburg (1983; 1984; 1989; 1990) en Du Plessis (1994; 1995b) teen die agtergrond van die sosiolinguïstiek gedoen. As gevolg van die apartheidsideologie vóór 1980 was die bepaalde sosiopolitieke milieu in Suid-Afrika egter nog nie ryp om 'n sosiolinguïstiese benadering oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans te volg nie.

Raidt (1991) is 'n goeie voorbeeld van hoe die sosiopolitieke milieu mense se ontstaansperspektiewe ten opsigte van Afrikaans beïnvloed het. Aanvanklik (waarskynlik in solidariteit met Scholtz se siening) het sy die rol van die slawe en die Koina in die ontstaan van Afrikaans as van geringe belang beskou en die perspektief dat Afrikaans 'n kreoolse of semi-kreoolse taal is, verwerp. Later beskou sy tog Afrikaans as die resultaat van drie geleidelike taalveranderingsprosesse en is sy ook van mening dat die ontstaan van Afrikaans toegeskryf kan word aan eksterne (nie-Nederlandse) én interne (Nederlandse) faktore.

Daar het eers teen die begin van die tagtigerjare<sup>267</sup> van die vorige eeu verruiming van denke oor die nie-Europese taalinvloede op die ontstaan van Afrikaans ingetree en tóé eers is die historiese variëteite (en hedendaagse subvariëteite) van Afrikaans bestudeer en beskryf. Die hegte verband tussen die geskiedenis van 'n taal en die variasie wat binne dié taal voorkom, verg dat daar in die bespreking van

---

<sup>267</sup> Die sosiolinguïstiese perspektief het later in Suid-Afrika die lig gesien as in die res van die wêreld as gevolg van die sosiopolitieke apartheidsmilieu (Webb, 1983:229-243).

die (Afrikaanse) taalgeskiedenis ook op die (Afrikaanse) variëteite gefokus moet word. Dié fokus is noodsaaklik aangesien 'n sosiohistoriese beskrywing van Afrikaans lig werp op die totstandkoming van die Afrikaanse aanleerdersvariëteite – die oerwortels van die historiese Afrikaanse variëteite (Du Plessis, 2001a:69; Van Rensburg, 1989:436).

Van Rensburg (1989, 1990) se sosiolinguistiese perspektief dat sinchroniese verskynsels insig op diachroniese prosesse kan bied, het in die tagtigerjare van die vorige eeu na vore getree. Van Rensburg bring in sy perspektief die sinchroniese taalwetenskap van Afrikaans met die drie historiese Afrikaanse variëteite in verband deur rekening te hou met die historiese ontwikkeling daarvan. (Vergelyk par. 4.2.29.) Van Coetsem (1988) beskou ook die sinchronie as aanvullend tot die diachronie. (Vergelyk par. 4.2.25.) Ook Raidt (1994) het (ná die bestudering van Valkhoff se kreoliseringsteorie) haar stem hierby gevoeg deur te sê dat die navorsing wat in die verlede oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gedoen is, "in die lig van die moderne diachroniese taalwetenskap en sosiolinguistiek uitgebrei behoort te word."

Die volgende taalkundiges se ontstaansperspektiewe van Afrikaans gee erkenning aan die rol wat die sosiolinguistiese situasie aan die vroeë Kaap in die taalveranderingsprosesse gespeel het:

- Ponelis (1993; 1994) is van mening dat daar in die multitalige Kaapse samelewing eers 'n stedelike *koine* ontstaan het wat, as gevolg van taalkontak met die slawe en die Koina, omvorm is deur die nie-Nederlandssprekendes (waarvan die slawe in die meerderheid was) daarvan. Ponelis se drie "dialekbundels" (vergeelyk 4.2.33) toon ooreenkomste met Van Rensburg se driedeling van die historiese Afrikaanse variëteite. (Vergelyk 4.2.29.)
- Davids (1994) beskou Afrikaans as die resultaat van taalkontak en akkulturasie. Intieme sosiale verhoudings tussen mense van uiteenlopende kulturele, linguistiese en etniese agtergronde het aanleiding gegee tot die kreoolse aard van Afrikaans. Davids beklemtoon in sy perspektief die invloed van Arabies op Afrikaans. (Vergelyk par. 4.2.34.)
- Roberge (1994) het die rol van sosiale faktore in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans beklemtoon en het dit as deel van 'n groter kultuurveranderingsproses in die Kaapse heterogene en multitalige samelewing beskou. Die aktiewe pogings van nie-Nederlandse sprekers (as gevolg van die maghebbers se sosiopolitieke en -ekonomiese invloed) om in die "superstraat"-Nederlands te kommunikeer, het aanleiding gegee tot die kreoolagtige kenmerke van Afrikaans. Daar het nie 'n onttrekking van die dominante taal voorgekom nie en 'n reeks variëteite het ontstaan wat gekenmerk word deur verskeie grade van suboordraging. (Vergelyk par. 4.2.35.)
- In Du Plessis (1995b) se perspektief word die taalverskeidenheid wat in Afrikaans voorkom as weerspieëling van die kontakgeskiedenis van Afrikaans beskou. Du Plessis ondersteun ook Van Rensburg en Van Coetsem se beskouing oor die sinchronie wat lig kan werp op die diachronie. Die behoefte om in 'n multitalige Kaapse samelewing te kommunikeer, het aanleiding gegee daartoe dat daar volgens Du Plessis 'n *lingua franca*, pidgin en kreool ontwikkel het uit die pogings van die

Koina en slawe om Nederlands te praat. Alhoewel Du Plessis in sy navorsing op die rol van die Koina in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gefokus het, ontken hy nie die “sterk” invloed van Nederlandse op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans nie. (Vergelyk par. 4.2.36.)

- Volgens Kotzé (2002) se ontstaansperspektief was die Nederlands (wat gebaseer was op die provinsie, Holland, se variëteit) van die Nederlanders, Franse en Duitsers in die Kaap aan koineïsering blootgestel. Die Koina en slawe het hulle eie tale gepraat asook pidginvorme van Nederlands. Dit het aanleiding gegee tot taalverskuiwing wat kreolisering en die vorming van slawe en Koi-intertale tot gevolg gehad het. Kotzé beskou Afrikaans as die resultaat van koineïsering en sterk kreolisering. (Vergelyk par. 4.2.37.)
- Volgens Deumert (2003) het Afrikaans ontstaan om te voldoen aan die eise wat interetniese kommunikasie in die multitalige Kaap gestel het. Die gevolg hiervan was 'n ingewikkelde Kaaps-Hollandse variasiekontinuum (soortgelyk aan Roberge se kontinuum) wat 'n verskeidenheid Nederlandse, slawe en Koi-variëteite ingesluit het en mettertyd vervaag het as gevolg van die voortdurende taalkontakproses waarin akkulturasie van verskillende taalgroepe voorgekom het, en uiteindelik aanleiding gegee het tot geleidelike taalverandering in die rigting van Hollands. (Vergelyk par. 4.2.39.)
- De Ruyter en Kotzé (2002) se oseaniese ontstaanshipotese bring 'n “nuwe” beskouing oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans met bewyse dat Afrikaans in wese Nederlands is na vore, alhoewel taalkundiges soos Te Winkel (1896) en Hesseling (1923; 1897a en b; 1899) die Nederlandse seevaarders se taal reeds begin noem het. (Vergelyk par. 4.2.11 en 4.2.18.)

Die bewustheid van variasie in Afrikaans is “so oud soos die taal self” (Du Plessis, 2001a:79), al het die wetenskaplike studie van die Afrikaanse taalverskeidenheid eers in 'n relatief laat stadium die sosiolinguïstiese benadering begin volg. Die sosiolinguïstiese benadering ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans was/is nie sonder probleme nie, aangesien navorsers ten opsigte daarvan afhanklik is van slegs geskrewe vorme van vroeë Afrikaans. Die Afrikaans van nieblanke Afrikaanssprekendes is daarby aanvanklik gestigmatiseer deur 'n Eurosentriese siening en feitlik uit die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans geweer. Dit het meegebring dat die geskiedenis van Afrikaans dikwels steeds nie in sy volle spektrum aangebied word nie. Dié Eurosentriese siening het later geboemerang deurdat die Afrikaans van wit Afrikaanssprekendes gestigmatiseer is. (Vergelyk Hoofstuk 3, par.3.4.)

Bowendien blyk dit dat die geskiedenis nie objektief kan wees nie, want: “... die geskiedenis is nie onpartydig nie. Die wanners het immers die pen in die hand wanneer dit geskryf word” (Le Roux en De Lange, 2005:15). Steyn (2000:10) huldig in dié verband die volgende mening: “Onder die leiding van die ANC word ons geskiedenis so gekontamineer dat niemand dit uiteindelik sal herken nie.” Dit behoort voorkom te word, aangesien die wyse waarop geskiedenis oorgedra word 'n rol speel in hoe mense en groepe voorgestel word.

*’n Doeltreffende manier om verdeeldheid te oorkom, is om die Afrikaanse gedeelde taalgeskiedenis te verstaan, nie deur die geskiedenis kunsmatig te gebruik, misbruik of te manipuleer nie, maar om as Afrikaanssprekendes die taalgeskiedenis van Afrikaanse sedert die vroegste tye<sup>268</sup> af te herontdek en te herontgin<sup>269</sup> (Du Preez, 2002:28).*

Ek streef die ideaal na om leerders in die Afrikaansklas van die (voorheen gedeelde en verdelende) inklusiewe taalgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 bewus te maak. Om daarin te slaag behoort die Afrikaanse sosiolinguistiese taalwerklikheid gerekonstrueer te word om reg te laat geskied aan almal wat binne die Afrikaanse taalwerklikheid woon.

Daar is in hierdie studie bevind (sien Hoofstuk 5, par. 5.3.1, par. 5.4.2, Hoofstuk 7, voetnoot 30) dat daar ten opsigte van bogenoemde nog ’n leemte in die onderrig van die Afrikaanse variëteite bestaan. Indien daar aan Du Preez se pleidooi gehoor gegee word, kan dit moontlik bydra tot groter begrip tussen wit en gekleurde Afrikaanssprekendes.

In Hoofstuk 5 word die plek van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 binne vorige en huidige kurrikula ondersoek aan die hand van ’n ontleding van:

- Taalhandboeke se hantering van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en die bestaan van die Afrikaanse historiese variëteite en hedendaagse subvariëteite daarvan;
- Die akademiese toerusting aangaande die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 van ’n aantal Afrikaanshoofvakstudente;
- Die kundigheid van ’n aantal praktiserende Afrikaansonderwysers aangaande die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652, en
- Die 1985- en 1995-sillabi se hantering van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652.

---

<sup>268</sup> Vergelyk Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3 in verband met die sosiohistoriese en -politieke agtergrond waarbinne Afrikaans sedert die sewentiende eeu ontstaan en ontwikkel het.

<sup>269</sup> Vergelyk Hoofstuk 6 waarin die moontlikhede binne die Nasionale Kurrikulumverklaring ondersoek word om kundigheid oor die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te herontgin en deur middel van die skoolstelsel te versprei.

# HOOFSTUK 5

## Die hantering van die taalgeskiedenis van Afrikaans op skoolvlak sedert die tagtigerjare van die vorige eeu

“Taal is niemand se eiendom nie, maar almal se rykdom” (Elna Boesak, 2007).

### Oriëntering

In Hoofstukke<sup>1</sup> 2, 3 en 4 is die ontstaan en ontwikkeling van die inklusiewe taalgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 (en selfs vroeër), asook die verskillende standpunte wat oor die ontstaanswyse van Afrikaans gehuldig is (oor 'n tydperk van 200 jaar heen), ondersoek. In hierdie drie hoofstukke is aangetoon dat die sosiopolitieke milieu in Suid-Afrika oor eeue heen 'n bepalende faktor was (en steeds is) ten opsigte van die wyses waarop die herkoms van Afrikaans verklaar is. In Hoofstuk 4 het dit na vore gekom dat die verskillende taalbeleide<sup>2</sup> van politieke maghebbers, sedert die begin van die kolonisasie van die Kaap, Afrikaans se lotgevalle<sup>3</sup> bepaal het en verskillende beskouings oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gekleur het. Só is die *onderwys* in Suid-Afrika, ook in die verlede, deur die sosiopolitieke milieu beïnvloed. Die wyse waarop die *onderrig* van die inklusiewe ontstaansgeskiedenis binne die vorige sillabi<sup>4</sup> hanteer is, weerspieël die sosiopolitieke apartheidsmilieu (Van Rheede, 1992:281-282) waarin die “wit” herkoms<sup>5</sup> van Afrikaans verabsoluteer is.

Hoofstuk 5 ondersoek en bespreek die *leemtes* in die hantering van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans op skoolvlak in die tagtiger- en negentigerjare (die twee dekades<sup>6</sup> voor die Nasionale Kurrikulumverklaring (2002) geïmplementeer is). Hoofstuk 6 ondersoek die *moontlikhede* wat die (nuwe) Nasionale Kurrikulumverklaring (2002) bied om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans aan leerders bekend te maak. In Hoofstuk 6 word aangetoon hoe leerders van fasette uit hierdie geskiedenis bewus gemaak kan word. Hoofstuk 7 ondersoek 'n studiepulasie ('n aantal Graad 9-leerders en hulle onderwysers) se *response* op 'n voorbeeldlesreeks.

### 5.1 Inleiding

Die sosiopolitieke apartheidsmilieu van die grootste gedeelte van die vorige eeu was nié bevorderlik vir die onderrig van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 nie. Van Rensburg (1999b:75) wys tereg daarop dat sosiopolitieke agendas van die maghebbers onder andere daarvoor

<sup>1</sup> Vergelyk Hoofstuk 2 vir meer aangaande die sosiopolitieke milieu van die sewentiende en agtiende eeue en Hoofstuk 3 vir meer aangaande die sosiopolitieke milieu van die negentiende en twintigste eeue. Vergelyk ook Hoofstuk 4 aangaande die verband tussen die verskillende ontstaansperspektiewe ten opsigte van Afrikaans en die sosiopolitieke milieu waarbinne dit na vore gekom het.

<sup>2</sup> Sien Hoofstuk 4, par. 4.1 aangaande die verskillende taalbeleide van die onderskeie maghebbers in Suid-Afrika sedert die begin van die kolonisasie van die Kaap.

<sup>3</sup> Sien Hoofstuk 4, par. 4.1.1.2 in hierdie verband.

<sup>4</sup> Vergelyk par. 5.5.1 aangaande die riglyne van die sillabi oor die hantering van die taalgeskiedenis van Afrikaans.

<sup>5</sup> Vergelyk Hoofstuk 4, par. 4.1.1.2, par. 4.1.2.1 en par. 4.5 hieroor.

<sup>6</sup> Die skoolgaande generasie van die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu se opvoeding en onderrig is onder andere deur die sosiopolitieke (apartheids-)milieu van dié tydperk beïnvloed.

verantwoordelik was dat *taalhandboeke*, die *opleiding van Afrikaansonderwysers* en *voorgeskrewe sillabi* slegs op die eksklusiewe "wit" Afrikaanse taalgeskiedenis vanaf 1875 gefokus het. Die rol wat die Koina en die slawe<sup>7</sup> van 1652 af aan die vroeë Kaap in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, is in die sillabi geminimaliseer (Willemse, 2003; Du Plessis, 2001a:70; Van Rheede, 1992:278-280; Van Rensburg, 1999b:76, 1992:185).

As gevolg van die sosiopolitieke apartheidsmilieu is bepaalde wanpersepsies – te wyte aan die (outokratiese) sosiopolitieke bepalings wat ten opsigte van taalhandboeke, onderwyseropleiding en sillabi bestaan het – aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans van 1652 af gevestig. Die *volle spektrum* van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans het (wat die onderrig van die Afrikaanse taalgeskiedenis in die verlede betref) nie die aandag geniet wat dit verdien het nie (Van Rheede, 1992:279, 280, 282).

In hierdie hoofstuk word die volgende aspekte rakende die *hantering van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans op skoolvlak* ondersoek en bespreek:

- die *hantering* van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in taalhandboeke en die voorkoms van hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite en daarin;
- die mate van akademiese *toegerustheid* van 22 Afrikaanshoofvakstudente aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans van 1652 af;
- die akademiese *kundigheid* van 14 praktiserende Afrikaansonderwysers aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans van 1652 af;
- die *hantering* van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans van 1652 af binne die 1985- en 1995-sillabus, en
- enkele onderwyskenners se kommentaar op die onderwysbenadering van die vorige onderwysstelsel en die plek van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die 1985- en 1995-sillabus.

In die volgende afdeling van die hoofstuk word die *hantering van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in 'n aantal taalhandboeke en bloemlesings*<sup>8</sup> bespreek.

### 5.2.1 Taalhandboeke en bloemlesings

"Daar is miskien geen ander skoolhandboek wat 'n ingrypende invloed op kinders se werklikheidsformasie kan hê as juis die taalhandboek nie" (Esterhuyse, 1999:57).

Een van die kenmerke van die meerderheid Afrikaanstalhandboeke wat in die verlede gebruik is, is die eensydige (of géén) weergawe nie van die ontwikkelingstaalgeskiedenis van Afrikaans daarin. Hierdie

---

<sup>7</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.3.5 ten opsigte van die rol wat die Koina en die Kaapse slawe in die vorming van Afrikaans gespeel het.

<sup>8</sup> Taalhandboeke en bloemlesings wat die onderwysers wat aan die ondersoek deelgeneem het, gebruik het en steeds gebruik.

verskraling en verdraaiing van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in skoolhandboeke en -sillabi word metafories in die volgende gedig verwoord:

... wat deur skoolafrikaans

gepot

gebonsai

en verfomfaai is

Esterhuise (1986:i).

'n Bepaalde Afrikaans is vir "wit" Afrikaanssprekendes "gepot" as die enigste aanvaarbare Afrikaans. Die Afrikaanse taalgeskiedenis is "gebonsai", aangesien slegs die eksklusiewe "wit" taalgeskiedenis van 1875 af as die ware Afrikaanse taalgeskiedenis beskou is. Bowendien het onderwysdepartemente gedurende die sestigerjare van die vorige eeu die taal "verfomfaai" deur onder andere te bepaal dat geen letterkunde wat met letterkundige pryse bekroon is, vir letterkundeonderrig voorgeskryf kon word nie. Dit is gedoen sodat die Afrikaanse letterkunde op skool binne die apartheidsparadigma kon funksioneer. Daarby was die produksie van die Afrikaanse letterkunde, literêre kritiek en navorsing oor die taal vir die grootste deel van die afgelope eeu ook eksklusief 'n Afrikaneraangeleentheid (Esterhuise, 1986:42-46).

Afrikaans is "verfomfaai", aangesien wetlike gesag gedurende die sosiopolitieke apartheidsmilieu oor die algemeen nie in skoolhandboeke bevestig is nie. Ook is die suggestie geskep dat wittes meerderwaardig is en gekleurdes minderwaardig. Die agtergrond van voorgeskrewe letterkundige werke moes Afrikanernasionalisme erken en daarop sinspeel dat die Afrikaner 'n spesiale verhouding met God het (Esterhuise, 1986:44). Daarby is die "beskaafde volksmond" in skoolhandboeke as die Afrikaanse ideale spraak voorgelê, terwyl "onbeskaafd" met Afrikaanssprekende gekleurdes se niestandaardvorme<sup>9</sup> geassosieer is (Du Plessis, 1999:155; Van Rensburg, 1999b:71).

Dié eensydige voorstelling van die Afrikaanse taalgeskiedenis is 'n verdraaiing van werklike feite<sup>10</sup>, maar Webb (1999:73-76) wys tereg daarop dat dit nie die taal, Afrikaans, is wat in die beskuldigingsbank moet staan omdat Afrikaanse woordeboeke slegs "wit" Afrikaans ingesluit het, skoolleerplanmateriaal op "wit" Afrikaans afgestem was/is en taalhandboeke slegs die "wit" taalgeskiedenis van Afrikaans beskryf het nie. Dié ideologiese apartheidstaalbeleid van die maghebbers voor 1994 moet die blaam vir die verdraaiing en verskraling van die Afrikaanse taalgeskiedenis dra. Webb (2002:76) beklemtoon in hierdie verband dat taal, anders as handboekskrywers en sy sprekers, neutraal is en nie "onderhewig (is) aan die sondes van sy vadere nie."

<sup>9</sup> Die Afrikaanssprekende gekleurdes se niestandaardvorme is moderne subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite. Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.4.1 en par. 2.4.2 hieroor.

<sup>10</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.2.5 en par. 2.3.3.5 vir die rol wat die Koina en Kaapse slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

Die hantering van die volgende twee aspekte word vervolgens in tien taalhandboeke en twee bloemlesings<sup>11</sup> ondersoek:

- a) *Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652, en*
- b) *Die moderne subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite.*

Die tien taalhandboeke en twee bloemlesings wat ondersoek is, is dié wat die Afrikaansonderwysers (by die skole waar die voorbeeldesreeks gefasiliteer is) in die verlede gebruik het en steeds gebruik. Die publikasiedatums van hierdie handboeke strek van 1980 tot 2001. 'n Kollega wat 'n senior lektor in Afrikaans in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus is, het as kontroleur van hierdie ondersoekproses opgetree.

Die rasionaal vir hierdie analise (gemeet in terme van bladsye of gedeeltes van bladsye) was om die volgende twee sake te ondersoek:

- 1) Die mate waarin fasette van die *Afrikaanse taalgeskiedenis* sedert die tagtigerjare van die vorige eeu in taalhandboeke behandel is.
- 2) Die mate waarin die bestaan van die drie *historiese Afrikaanse variëteite en die hedendaagse subvariëteite* daarvan in skoolhandboeke erken word.

Soos hieronder aangedui, volg 'n bespreking van die ondersoek ten opsigte van die hantering van

- a) *die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans* en
- b) *die insluiting van hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite.*

Uit die ondersoek het dit geblyk dat a) en b) geensins in sommige van die handboeke figureer nie. Sodanige handboeke word hieronder gelys.

- a) In die volgende handboeke en bloemlesing<sup>12</sup> wat in die ondersoek geanaliseer is, word *geen* verwysing na die *Afrikaanse taalgeskiedenis* gevind nie:

Handboek 3: *Ons moedertaal* (Meyer *et al.*, 1980)

Handboek 4 : *Japtrap* (Smuts, 1980)

Handboek 5: *Ons eie taal* (Scholtz *et al.*, s.j.)

Handboek 6: *Afrikaans vir standerd 7* (Kotzé en De Coning, s.j.)

---

<sup>11</sup> Hierdie tien taalhandboeke en twee bloemlesings is gebruik deur die praktiserende Afrikaansonderwysers wat deel uitgemaak het van die fokusgroep. Ek het waargeneem dat van die taalhandboeke en bloemlesings oud was (en myns insiens ook nie meer so toepaslik nie), aangesien sommige daarvan onder andere nié die Suid-Afrikaanse werklikheid weerspieël het nie, nie die volle spektrum van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bevat het nie en nie meer aan die behoeftes van leerders van die 21ste eeu voldoen het nie. (Die keuse van tekste in die 21ste eeu word deur Van Oort (2003) breedvoerig hanteer.) Van die onderwysers se verklarings hiervoor was dat hulle nog gewag het vir nuwe handboeke, dat sekere nuwe handboeke nie aan hulle departementshoofde se standaarde voldoen het nie, dat hulle nog onseker was oor die keuse van nuwe handboeke en dat die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring (2002) nog vir hulle nuut en vreemd was.

<sup>12</sup> Vergelyk ook Tabel 5.2.2.1 en Grafiek 5.2.2.1 in hierdie verband.

Handboek 10: *Pret met poësie* (Cillié, 1991)

Handboek 12: *Kosmos* (Ackerman *et al.*, 2001)

- a) In die volgende handboeke is daar *geen* aandag aan hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite geskenk nie. In die bloemlesing<sup>13</sup> kom geen gedig of gedeelte van 'n gedig voor wat in 'n hedendaagse variëteit van Afrikaans geskryf is nie.

Handboek 1: *Verseboek vir st. VI* (Du Toit en Heyl, s.j.)

Handboek 3: *Ons moedertaal* (Meyer *et al.*, 1980)

Handboek 5: *Ons eie taal* (Scholtz *et al.*, s.j.)

Handboek 6: *Afrikaans vir standerd 7* (Kotzé en De Coning, s.j.)

Handboek 7: *Afrikaans vir vandag* (Anker *et al.*, 1986)

Handboek 8: *Keurige Afrikaans* (Meyer *et al.*, 1986)

Die resultate van die ondersoek van dié handboeke en bloemlesings<sup>14</sup> waarin minstens één van a) en b) figureer, word vervolgens aangedui:

**Handboek 1: *Verseboek vir Standaard VI* (Du Toit en Heyl, s.j.)**

*a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

Die bloemlesing gee (ooreenkomstig die sosiopolitieke milieu van die tydperk) slegs aandag aan “wit” Afrikaanse taalgeskiedkundige aspekte (pp. 3-22, 29-41), waaronder:

- verengelsing;
- die eerste Afrikaanse geskifte van Meurant, Cooper en Reitz;
- die Eerste Afrikaanse Taalbeweging;
- die Afrikaanse Bybelvertaling;
- gedigte deur die “Patriotdigters” soos onder andere A. Pannevis, C.P. Hoogenhout, S.J. du Toit, D.F. du Toit en Jan Leon Cachet, en
- gedigte met die temas “Volk en Vaderland”, “Nasionale Verhale” en “Kinderhelde”.

*b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

Geen vermelding nie.

**Handboek 2: *Taalstudie vir die middelbare skool* (Van Aardt *et al.*, 1980)**

*a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

In dié handboek kom kort aanhalings uit die dagboeke van Jan van Riebeeck en Louis Trichardt (pp. 156-157) voor wat handel oor *Die groei van 'n taal*. Die aanhalings toon die veranderinge van Nederlands na

<sup>13</sup> Vergelyk ook Tabel 5.2.2.1 en Grafiek 5.2.2.1 in hierdie verband.

<sup>14</sup> Vergelyk ook 5.2.2.1 en Grafiek 5.2.2.1 in hierdie verband.

Afrikaans aan. Geen melding word gemaak van nie-Nederlandse invloede op die wording van Afrikaans nie.

*b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

*Taalstudie vir die middelbare skool 7* (Van Aardt et al. 1980 ) sluit ook die verhaal *Donkiespad* van C.G.S. de Villiers in. In die woorde van die verhaal word melding gemaak daarvan dat die volgende plekke in die Rûens naamlik Caledon, Bredasdorp, Napier en Swellendam, "hulle eie taal het" waar hulle ook "onbeskaamd bry" (p. 165).

Die enigste niestandaardvariëteit wat aangetref word, is 'n "wit" variëteit van Afrikaans en dit kom in die dialoog van 'n karakter in 'n teks na vore. Subvariëteite van die historiese Westelike en Suidelike Afrikaanse variëteite figureer in geen vorm in hierdie handboek nie.

**Handboek 7: Afrikaans vir vandag (Anker et al., 1986)**

*a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

In die handboek word daar in hoofsaak op die taalgeskiedenis van die Tweede Taalbeweging (pp. 344-347) gefokus, aangesien dit deur die 1985-sillabus<sup>15</sup> (Departement van Onderwys, 1985:13) voorgeskryf is.

*b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

Geen vermelding nie.

**Handboek 8: Keurige Afrikaans (Meyer et al., 1986)**

*a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

Dié handboek sluit die voorgeskrewe gedeelte van die Afrikaanse taalgeskiedenis vir Standaard 7 in, naamlik die geskiedenis van die Tweede Taalbeweging. Geen melding word gemaak van die nie-Nederlandse invloede op die wording van Afrikaans nie, en slegs die "wit" Standaardafrikaanse variëteit kom in die handboek voor.

*b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

Geen vermelding nie.

---

<sup>15</sup> Vergelyk par. 5.5.1 waarin die 1985-sillabus bespreek word.

## **Handboek 9: Ruimland 8 (Esterhuysen et al., 1989)**

### *a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

In eenheid 3 van *Ruimland 8* (Esterhuysen et al., 1989) verskyn 'n skets (p. 170) van 'n kok wat die "Afrikaanse bredie" maak deur "geleende" en "tuisgemaakte speserye" en "nie-Nederlandse bestanddele" in 'n pot te gooi. Dié skets wil aantoon dat Afrikaans tot stand gekom het danksy Hollands, maar óók danksy verskillende nie-Nederlandse invloede. In dié eenheid word ook leenwoorde (pp. 173-175), eiegoed en neologismes (pp. 177-183) verduidelik. Op p. 174 verskyn 'n kaart van Suid-Afrika waarop Koi-plekname aangedui word. Die betekenis van hierdie Koi-plekname word ook weergegee. Op p. 175 word die Oosterse (Maleise) invloed op Suid-Afrikaanse geregte beskryf.

### *b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

Op p. 3 word melding gemaak van "Transvaalse Afrikaans"<sup>16</sup>. Op p. 14 word die bry-r van "Bolandse Afrikaans"<sup>17</sup> weergegee. Die hedendaagse Suidelike Afrikaanse variëteit, naamlik "Kaaps"<sup>18</sup>, geniet op pp. 28-29 en 33 aandag in die vorm van die dialoë tussen twee bruin vroue. Op p. 29 word (kortliks) melding gemaak van Afrikaans wat in Arabiese skrif geskryf is, maar geen verdere aandag word aan die herkoms van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit geskenk nie. "Suburbia-Afrikaans"<sup>19</sup> word op pp. 34-35 weergegee.

## **Handboek 10: Pret met poësie (Cillie, 1991)**

### *a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

Geen vermelding nie.

### *b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

*Pret met poësie* bestaan uit 'n bundel gedigte met vrae oor die gedigte. Dié bundel is 'n "werkboek vir leerlinge" en sluit in die gedigte *Ek is oek important* (p. 16) en *Advice from above* (p. 48) van Peter Snyders, asook Adam Small se gedigte *Doemanie* (p. 95) en *Kô laat ons sing* (p. 96) wat in die hedendaagse Suidelike Afrikaanse variëteit, Kaaps, geskryf is. In die bundel word egter geen agtergrondkennis verskaf ten opsigte van die herkoms van die Suidelike Afrikaanse variëteit nie.

## **Handboek 11: Afrikaans ons taal (Hamman et al., 1998)**

### *a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

---

<sup>16</sup> 'n Subvariëteit van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit.

<sup>17</sup> 'n Subvariëteit van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit.

<sup>18</sup> 'n Subvariëteit van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit.

<sup>19</sup> 'n Subvariëteit van die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit.

Dié handboek skenk kernagtig aandag aan die Nederlandse, Duitse en Franse setlaars wat aan die Kaap in aanraking was met die slawe en die Koina. Daar word beklemtoon dat Afrikaans woorde by ander tale geleen het en enkele voorbeelde daarvan word gegee (p. 22).

*b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

*Afrikaans ons taal* (Hamman *et al.*, 1998) sluit die gedig *Kaapse klanke* (p. 41) deur Adam Small in wat in Kaaps, 'n hedendaagse subvariëteit van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit, geskryf is. In hierdie taalhandboek verskyn ook 'n spotprentjie (p. 42) van 'n vrolike groepie sprekers van Kaaps teenoor 'n paar treurige "suiwer" Standaardafrikaans-sprekendes wat eenkant alleen staan en die vrolike sprekers hulle variëteit beny. Hierdie handboek toon 'n positiewe houding teenoor Kaaps.

**Handboek 12: Kosmos (Ackerman *et al.*, 2001)**

*a) Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*

Geen vermelding nie.

*b) Hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*

In *Kosmos* (Ackerman *et al.*, 2001) kom Peter Snyders se gedig *Expensive ekstratjie* (p. 78) en 'n dialoog tussen Gatiema en Boytjie (pp. 142-143) in Kaaps, 'n hedendaagse subvariëteit van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit, voor. Op p. 143 word 'n opdrag gegee om na 'n uittreksel uit Adam Small se drama *Kanna hy kô huis* (*sic*) toe<sup>20</sup> (ook in Kaaps) te luister.

Die verhaal *Die Baaisiekel* (opgeneem in Wium van Zyl en Tony Links se bundel *Syferfonteine*, 1994) word aan leerders as 'n voorbeeld van 'n teks wat in Griekwa-Afrikaans, 'n subvariëteit van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit geskryf is, voorgehou. Aandag word geskenk aan woordkeuses, uitspraak en eienskappe van dié variëteit. Basiese agtergrondkennis wat insig kon bied in die ontstaan van die Westelike Afrikaanse variëteit, ontbreek egter nog.

*Kosmos* (Ackerman *et al.*, 2001) sluit tekste (p. 84 en pp. 144-149) in wat die taalgebruik van die karakters uitbeeld wat Griekwa-Afrikaans, 'n subvariëteit van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit, praat.

Die voorafgaande bespreking van die hantering van die

*a) Afrikaanse taalgeskiedenis en*

*b) subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite*

---

<sup>20</sup> Die titel van hierdie drama deur Adam Small is in die handboek foutief gespél. Die titel se spelwyse: *Kanna hy kô hystoe*.


in hierdie aantal Afrikaanstalhandboeke word vervolgens in Tabel 5.2.2.1 opgesom sodat 'n oorsigtelike beeld van die ondersoek verkry kan word. Hierdie tabel dui die mate (gemeet aan die aantal bladsye en in persentasie uitgedruk) van die insluiting van hierdie drie aspekte in.

Naam van taalhandboek	a) Die weergawe van opvattinge oor die Afrikaanse taalgeskiedenis	b) Die insluiting van tekste en teksgedeeltes in subvariëteite van die historiese Suidelike en Westelike variëteite
1. <i>Verseboek vir sf. vi</i> (Du Toit en Heyl s.j.)	15% <sup>21</sup>	0
2. <i>Taalstudie vir die middelbare skool</i> (Van Aardt et al., 1980)	0,6%	0,08%
3. <i>Ons moedertaal</i> (Meyer et al., 1980)	1,5%	0
4. <i>Japtrap</i> (Smuts, 1980)	0	0
5. <i>Ons eie taal</i> (Scholtz et al., s.j.)	0	0
6. <i>Afrikaans vir Standaard 7</i> (Kotzé en De Coning, s.j.)	0,1%	0
7. <i>Afrikaans vir vandag</i> (Anker et al., 1986)	1,5%	0
8. <i>Keurige Afrikaans</i> (Meyer et al., 1986)	5,5%	0
9. <i>Ruimland 8</i> (Esterhuysen et al., 1989)	1,73%	2,8%
10. <i>Pret met poësie</i> (Cillie, 1991)	0	1,0%
11. <i>Afrikaans ons taal</i> (Hamman et al., 1998)	1,0%	0,7%
12. <i>Kosmos</i> (Ackerman et al., 2001)	0	6,0%

Tabel 5.2.2.1: Oorsigtelike samevatting van die ondersoek van 'n aantal Afrikaanse taalhandboeke

Die resultate van hierdie ondersoek word ook in Grafiek 5.2.2.1 aangedui ten einde die tendense met betrekking tot die insluiting van a) *die Afrikaanse taalgeskiedenis* en b) *die hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite*.

<sup>21</sup> Ek is bewus daarvan dat dit ongewoon is om prestasies (wat op kwantitatiewe navorsing dui) uit die gesprekke (wat op kwalitatiewe navorsing dui) te kry, tog is ek van mening dat bostaande tabel die resultate van die handboek-ondersoek in duidelike terme weergee.



Grafiek 5.2.2.1 Hantering van die Afrikaanse taalgeskiedenis en Afrikaanse variëteite in 'n aantal taalhandboeke

## 5.2.2 Bevinding

Die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek oor die *hantering van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis en die variëteite van Afrikaans* in tien taalhandboeke en twee bloemlesings voortspruit, word vervolgens bespreek.

### a) Die hantering van die Afrikaanse taalgeskiedenis in handboeke en bloemlesings

Grafiek 5.2.2.1 toon 'n afname ten opsigte van die hantering van die Afrikaanse taalgeskiedenis van 1980 tot 1991. Die Afrikaanse taalgeskiedenis van die tagtigerjare het boonop slegs die "wit" Afrikaanse taalgeskiedenis ingesluit. Ná 1991 (waarskynlik toe te skryf aan die veranderde sosiopolitieke omstandighede in Suid-Afrika<sup>22</sup>) word 'n meer inklusiewe en gebalanseerde weergawe van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in taalhandboeke gebied. Die daling van die *blou* kurwe van 1998 tot 2001 (sien Tabel 5.2.2.1) kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar nog nie werklike riglyne bestaan ten opsigte van hoe om die voorheen *verdeelde en verdelende, maar tog gedeelde ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652* aan leerders in handboeke bekend te stel nie. Vergelyk ook in hierdie verband weer voetnoot 10.

<sup>22</sup> Teen die einde van 1991 kondig die NP-regering beleidsveranderinge aan wat die einde van apartheid beteken het.

Die grafiek dui aan dat daar sedert die verskyning van Handboek 9<sup>23</sup> *Ruimland 8* (Esterhuysen et al., 1989) *vernuwing* ten opsigte van die samestelling van taalhandboeke<sup>24</sup> ingetree het. Webb (2002:78) is ook van mening dat *Ruimland 8* (Esterhuysen et al., 1989) se temas vernuwend, maar steeds nie "perfek" is nie.

### **b) Die hantering van hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite**

Die aanvanklike insluiting van die Afrikaanse variëteite het slegs "wit" Afrikaanse variëteite behels (sien Handboek 2). Grafiek 5.2.2.1 toon 'n stygende tendens van 1991 tot 2001 ten opsigte van die insluiting van die hedendaagse subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite soos Kaaps en Griekwa-Afrikaans aan. Alhoewel die sosiolinguïstiek reeds sedert die sestigerjare van die vorige eeu die Variasie-taalkunde 'n nuwe wending laat neem het (Du Plessis, 1995a:8, 9), is dit eers later in Afrikaanse taalhandboeke verreken.

Die stygende blou kurwe in genoemde grafiek is moontlik die gevolg van:

- die invloed van die moderne sosiolinguïstiek;
- navorsing wat byvoorbeeld deur Van Rensburg en Du Plessis (1984) oor Griekwa-Afrikaans onderneem is, en
- internasionale taalkundiges soos Labov (1971) en Afrikaanstaalkundiges soos Carstens (2003a:286, 288), Du Plessis (1995a:36), Webb (1989:412-435) en Van Rensburg (1983:157) se aanvaarding van die gelykwaardige status van 'n taal se variëteite.

In die volgende afdeling van die hoofstuk word 22 onderwysstudente wat Afrikaans as hoofvak neem, se akademiese toerusting aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans ondersoek.

#### **5.3.1 Die akademiese toerusting van Afrikaanshoofvakstudente**

'n Klas van 22 Afrikaanshoofvakstudente in hulle tweede jaar (verbonde aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit tydens 2006) is in 'n informele opname (vóór enige lesing aangebied is) gevra in watter mate hulle op skool aan die Afrikaanse niestandaardvariëteite bekendgestel is. Ek het hierdie vraag aan die spesifieke groep gestel aangesien ek in 2006 Afrikaanse letterkunde aan hulle doseer het en die voorkoms van die Afrikaanse variëteite in die Afrikaanse letterkunde deel uitmaak van hulle kurrikulum. Die rasionaal van die vraag was om te bepaal of hierdie studente

- a) bewus was van Afrikaanse niestandaardvariëteite en
- b) op watter wyse hulle kennis geneem het van die variëteite.

<sup>23</sup> Vergelyk Tabel 5.2.2.1.

<sup>24</sup> Taalhandboeke behoort daarom na die mening van Esterhuysen (1999:57) die "draer van relevante lewenskewessies te word ... Hulle behoort begrip te hê vir die wyse waarop taal misbruik kan word om mense te beheer en te onderdruk, om kennisvelde te manifesteer, hoe taal ingespan word om afstand te skep, en les bes, die wyse waarop mense wat na aan mekaar voel, taalskanse rondom hulle bou."

Die volgende vraag is aan die studente gestel:

Op watter wyse het jy op skool van die Afrikaanse variëteite kennis geneem – indien enigiens?

Kies een van die volgende moontlikhede:

- a) Die Afrikaanse variëteite is slegs oppervlakkig aan my bekendgestel.
- b) Die Afrikaanse variëteite is deur middel van voorgeskrewe gedigte aan my bekendgestel.
- c) Ek weet nie wat die Afrikaanse variëteite is nie.
- d) Ek is nie op skool aan die Afrikaanse variëteite bekendgestel nie.
- e) Daar bestaan net Standaardafrikaans.

Variëteite van Afrikaans is aan slegs vier van die studente bekendgestel.

Variëteite van Afrikaans is deur middel van gedigte aan vier studente bekendgestel.

Vyf studente het nie geweet wat die Afrikaanse variëteite is nie.

Variëteite van Afrikaans is aan ses van die studente nie bekendgestel nie.

Drie studente was van mening dat slegs Standaardafrikaans bestaan.

Subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite is gedurende hulle skoolloopbaan is aan die helfte van hierdie Afrikaanshoofvakstudente nie bekendgestel nie. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan redes wat in paragraaf 5.7 bespreek word. Ek beskou dit as 'n leemte in die akademiese toerusting van die 22 hoofvakstudente.

In 'n lesingreeks<sup>25</sup> is die volgende vraag aan die studente gestel:

Wat het die lesingreeks oor die Afrikaanse variëteite in bepaalde letterkundige tekste vir jou beteken?

Die doel met die vraag was om te bepaal of hierdie studente die lesingreeks aangaande subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite in bepaalde letterkundige tekste positief ervaar het, asook om vas te stel of dié onderwysstudente bewus geword van die Afrikaanse variëteiterykdom en die herkoms van die variëteite.

Die studente se skriftelike antwoorde het soos volg daar uitgesien:

- "Ek het nog nooit voorheen van die variëteite gehoor nie en het dit baie interessant gevind."
- "Ek kom van Namibië af en het niks geweet nie. My oë het oopgegaan."
- "Afrikaans word vir my al hoe interessanter."
- "Afrikaans is 'n wonderlike taal met sy variëteite en geskiedenis."

<sup>25</sup> Hierdie lesingsreeks maak deel uit van die leerinhoud van die bepaalde hoofvakmodule. Professor Hans du Plessis het tydens een periode van die lesingreeks (as gasdosent) vir hierdie groep studente 'n lesing oor die ontwikkeling van die historiese Afrikaanse variëteite aangebied.

- "Ek het nie geweet Afrikaans het variëteite nie en het wyer kennis opgedoen oor waar Afrikaans vandaan kom en dit is nie net van Hollands af nie!"
- "Afrikaans se geboortedatum is lank voor 1875."
- "Ek weet nou dat daar verskillende Afrikaanse variëteite is."
- "Die Griekwas se taal is so interessant."
- "Ek het meer geleer oor Afrikaans se variëteite."
- "Afrikaans het vele gestaltes, dis heeltemal nuut vir my."
- "Uitdrukkings in die Afrikaanse variëteite is eerlik en opreg."
- "Ek het nie geweet daar bestaan Griekwa-Afrikaans nie. Dit is vir my 'n nuwe ontdekking en het beslis my belangstelling geprikkel."
- "Daar is meer te leer oor Afrikaans as wat 'n mens sou dink."
- "Griekwa-Afrikaans leen nie by Engels nie!"
- "Nie so nuut nie."
- "Afrikaans het 'n ver pad gestap; daar heers nou trots vir die Afrikaanse variëteite."
- "Ek het meer van Griekwa-Afrikaans geleer as op skool en ek weet nou ook waar Afrikaans vandaan kom."
- "Dit was 'n positiewe ervaring."
- "Interessant."
- "Die beskrywings in die Afrikaanse variëteite is iets besonder."
- "Ek is nou meer trots op my taal noudat ek van die ontstaansgeskiedenis gehoor het. Afrikaans is nie net 'n ontwikkeling uit Europa nie."
- "Die Afrikaanse variëteite is uniek – ek raak lief daarvoor."
- "Ek verstaan nou wat die Afrikaanse variëteite is en dat 'n mens dit baie interessant kan aanbied."

Tabel 5.3.1.2 Studente se response na afloop van lesingreeks oor die variëteite van Afrikaans

### 5.3.2 Bevinding

Dit blyk uit die 22 studente se antwoorde dat hulle die lesingreeks wel positief ervaar het en ook bewus geword het van hóé die historiese Afrikaanse variëteite ontstaan het. Dit is myns insiens noodsaaklik dat voornemende Afrikaansonderwysers bewus gemaak moet word van die wyse waarop die subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite ontstaan<sup>26</sup> het. Dit kan daartoe bydra om fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans aan leerders<sup>27</sup> te onderrig.

In die volgende afdeling van hierdie hoofstuk word gekyk na *leemtes* in die kundigheid van 'n aantal praktiserende Afrikaansonderwysers ten opsigte van hulle kennis aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652.

<sup>26</sup> Soos in Hoofstuk 2 bespreek.

<sup>27</sup> Huistaalleerders in die senior fase is na my mening die aangewese groep aan wie die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bekendgestel moet word. Vergelyk ook in hierdie verband Hoofstuk 6.

#### 5.4.1 Die akademiese kundigheid van 14 praktiserende Afrikaansonderwysers ten opsigte van die Afrikaanse taalgeskiedenis

Veertien vrywillige Afrikaansonderwysers<sup>28</sup> (bruin en wit) van sewe skole in vier provinsies (Gauteng, Noordwes, Noord-Kaap en Wes-Kaap) wat die drie streke verteenwoordig waarin subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite gehoor en gepraat word, het tydens gespreksgeleenthede ses vrae oor die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 beantwoord.

Die doel met die gespreksgeleentheid was om te bepaal wat hierdie veertien Afrikaansonderwysers se kennis en houding teenoor die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans was. Die mondelinge vrae wat aan die onderwysers gestel is, het soos volg daaruit gesien.

1. Baie Afrikaansonderwysers het in die verlede op 'n stadium die Afrikaanse taalgeskiedenis aan leerders onderrig. Dié taalgeskiedenis het die tydperk vanaf 1875 gedek. Is dit werklik die ware geskiedenis van Afrikaans?
2. Weet u waar die drie historiese Afrikaanse variëteite vandaan kom en hoe dit ontwikkel het?
3. Sou u graag oor meer kennis aangaande die herkoms en ontwikkeling van die historiese Afrikaanse variëteite wou beskik?
4. Sou u dit beskou as dat dit waarde toevoeg om nie alleen die letterkundige tekste wat in die Afrikaanse historiese subvariëteite geskryf is te onderrig nie, maar ook die herkoms van die variëteite waarin dit geskryf is?
5. Sou u graag u kennis aangaande die herkoms en ontwikkeling van die historiese Afrikaanse variëteite wou insluit by u onderrig van letterkundige tekste in Kaapse Afrikaans en Griekwa-Afrikaans?
6. Hoe sou u die inklusiewe Afrikaanse taalgeskiedenis by die onderrig van die Afrikaanse variëteite insluit?

Die onderwysers se mondelinge response op die ses vrae sien soos volg daaruit:

##### Vraag 1

Drie onderwysers was onseker, tien het negatief geantwoord en een het aangetoon dat hy glad weet of dit werklik die ware geskiedenis van Afrikaans is nie.

##### Vraag 2

Sewe het bevestigend geantwoord, vier was onseker en drie het glad nie geweet nie.

##### Vraag 3

Sewe het bevestigend geantwoord, drie was onseker en vier het nie geweet of hulle graag oor meer kennis sou wou beskik nie.

<sup>28</sup> Fakse waarin belangstellende Afrikaansonderwysers uitgenooi is om 'n voorbeeldesreeks (Sien Bylae A) te fasiliteer, is na hoërskole in Gauteng, die Noord-Kaap, die Noordwes-provinsie en die Wes-Kaap gestuur. Die rasionaal van die keuse van skole in genoemde provinsies was om streke waarin hedendaagse subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite gehoor en gepraat word, by hierdie ondersoek in te sluit. Afrikaansonderwysers van die skole wat aangedui het dat hulle belang stel, het aan die gespreksgeleenthede deelgeneem. (Belangstellende skole se Afrikaansonderwysers het aan die gesprekke deelgeneem, maar net die Graad 9-onderwysers het die lesreeks gefasiliteer.)

#### Vraag 4

Tien was positief hieroor, drie was onseker en een het te kenne gegee dat hy nie weet of dit waarde sou toevoeg nie.

#### Vraag 5

Elf het positief daarop geantwoord, maar nie vir nie-eksamendoeleindes nie, en dat dit as deel van woordeskatuitbreiding<sup>29</sup> onderrig moet word. Drie onderwysers was onseker hieroor.

#### Vraag 6

Vyf was onseker, twee het gevoel hulle beskik nie oor genoegsame kennis nie, vyf het gemeen dit kan as deel van woordeskatuitbreiding onderrig word en twee kon geensins 'n mening hieroor uitspreek nie.

### 5.4.2 Bevinding

Van die veertien Afrikaansonderwysers wat aan die gesprekke deelgeneem het, was tien seker dat Afrikaans se volledige taalgeskiedenis nie slegs van 1875 af strek nie. Drie onderwysers was egter onseker daaroor en een onderwyser het geen mening daaroor uitgespreek nie. Hierdie response van die onderwysers bevestig myns insiens dat daar ten opsigte van die onderrig van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans 'n *leemte* by die meeste van hierdie onderwysers voorkom.

Sewe van hierdie onderwysers beskik na hulle oordeel oor kennis van die herkoms en ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite. Dit was hoofsaaklik bruin Afrikaansonderwysers wat te kenne gegee het dat hulle weet waar dié variëteite hulle oorsprong het. Wat kennis aangaande die herkoms en die ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite betref, het die tien blanke onderwysers aangedui dat hulle graag meer kennis daaroor wil opdoen. Die vier bruin onderwysers was dit eens dat hulle reeds oor die nodige kennis beskik.

Die wit onderwysers se response kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die apartheidsfilosofie van die vorige politieke bedeling 'n "wit" en eensydige weergawe van die Afrikaanse taalgeskiedenis vir die skoolsillabi en taalhandboeke in "wit" skole voorgeskryf het. (Vergelyk weer par. 5.1.) Tien van die onderwysers het gemeen dat leerders kennis behoort op te doen oor die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse variëteite. Elf van die onderwysers was positief ten opsigte van die integrering van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans by bepaalde leerinhoude, maar dit blyk uit die reaksie op die vrae wat tydens die gespreksgeleenthede gestel is, dat die meeste van hierdie onderwysers nie geweet het *hóé* om dit in te sluit nie.

Tien van die onderwysers was positief daaroor om leerders aangaande die ontwikkeling van Afrikaans en spesifiek die Afrikaanse variëteite te onderrig. Tog maak die vyf onderwysers wat onseker was, die twee wat hulle kennis as ontoereikend beskou het en die twee wat nie 'n idee gehad het van hoe om die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans by die onderrig van die historiese Afrikaanse variëteite in te sluit nie, meer as die helfte (nege) van die groep van veertien onderwysers uit.

---

<sup>29</sup> Dié onderwysers het gemeen dat die onderrig van die Afrikaanse woordeskat die taalgeskiedenis genoegsaam dek deur die onderskeid te tref tussen erf-, leen- en eiegoed.

Dit het duidelik uit die gesprekke na vore gekom dat daar 'n *leemte* bestaan ten opsigte van dié veertien onderwysers se vermoë en kundigheid om fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 aan leerders te onderrig<sup>30</sup>. Daar kan nie veralgemeen word nie, maar uit my ervaring kan ek sê dat dit waarskynlik so is by die meeste onderwysers.

Sewe van hierdie veertien Afrikaansonderwysers, die Graad 9-onderwysers, het ook die voorbeeldlesreeks (sien Bylae A) aan die graad 9-leerders van hulle onderskeie skole gefasiliteer (sien ook Bylae B, die onderwysersgids tot die voorbeeldlesreeks). Hierdie onderwysers se ervaring van die voorbeeldlesreeks word in Hoofstuk 7 bespreek.

Vervolgens word die hantering van die vorige onderwysbedeling se 1985- en 1995-sillabus<sup>31</sup> rakende die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 bespreek.

### **5.5.1 Die hantering van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die 1985- en 1995-sillabus**

In die onderstaande afdeling word aangedui watter aspekte van die Afrikaanse taalgeskiedenis in die sillabi van 1985 en 1995 (Departement van Onderwys, 1985, 1995) voorgeskryf was.

Daar is op Standaard 7 (Graad 9) besluit, aangesien Graad 9 volgens die NKV die hoogste graad van verpligte onderwys in Suid-Afrika is. Leerders in die Senior Fase se taalgebruiksvaardighede behoort ook reeds op 'n hoë vlak te wees en hulle behoort al as verantwoordelike burgers in 'n demokratiese, multi-kulturele samelewing te kan optree. Dit is ook leerders wat reeds self inligting behoort te kan opspoor en te kan evalueer, krities te kan luister en met vrymoedigheid te kan praat. Vergelyk die Nasionale Kurrikulumverklaring (2002:5, 99-100) in hierdie verband.

#### **a) Die 1985-sillabus**

In die 1985-sillabus (Departement van Onderwys, 1985:13) is die *Afrikaanse taalgeskiedenis* by die poësie-komponent van die sillabus ingesluit: 'n Oorsigtelike kennismaking met die Tweede Taalbeweging en met die Bybelvertaling aan die hand van geskikte tekste uit die Tweede Taalbeweging word aanbeveel. Die sillabus bepaal dat historiese feite aan hierdie tekste gekoppel moet word. Gedigte wat hulle tot 'n analitiese bespreking sal leen, kan gekies word uit die werk van Eugène N. Marais, Totius, Jan F.E. Celliers, C. Louis Leipoldt, D.F. Malherbe, A.D. Keet, A.G. Visser, Eitemal en andere. Die sillabus bepaal ook dat die erkenning van Afrikaans as voertaal in die skool, kerk en staat aandag moet geniet.

---

<sup>30</sup> Sien Hoofstuk 6 en Bylae A vir die voorbeeldlesreeks waarin daar aan onderwysers getoon word hoe die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans moontlik by 'n lesreeks ingesluit kan word.

<sup>31</sup> Die 1985-sillabus is in hierdie ondersoek gebruik aangesien dit die sosiopolitieke apartheidsmilieu van die tagtigerjare in die onderrig van die eksklusiewe Afrikaanse taalgeskiedenis weerspieël het. Die 1995-sillabus is gebruik aangesien dit 'n tussentydse sillabus was wat vernuwende denke aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans begin toon het.

## **b) Die 1995-sillabus**

In die 1995-sillabus (Departement van Onderwys, 1995:16) is die Afrikaanse taalverskeidenheid as deel van die leerstof wat geïntegreerd aangebied word, ingesluit: Taalverskeidenheid behoort volgens die 1995-sillabus aan die hand van voorbeelde geïntegreer te word – byvoorbeeld by leesonderrig. Die sillabus stel voor dat die taalverskeidenheid van Afrikaans bestudeer kan word uit beide 'n historiese en hedendaagse perspektief. Leerders moet kan begryp dat taalverskeidenheid die resultaat is van bydraes deur al die gebruikers daarvan oor 'n lang tydperk heen. Die 1995-sillabus vervolg met 'n lys terminologieë waarvan kennis geneem moet word:

1. Sosiale verskeidenheid
  - 1.1 Registers
  - 1.2 Verskille in sosiale groepe
  - 1.3 Standaardafrikaans
2. Historiese verskeidenheid
  - 2.1 Verskille tussen generasies en tydvakke
3. Geografiese verskeidenheid
4. Stilistiese verskeidenheid
5. Persoonlike verskeidenheid
  - 5.1 Idiolek
6. Kanaal
7. Die invloed van taalkontak
8. Wisselvorme (Departement van Onderwys, 1995:16).

'n Bylae A is ook tot die 1995-sillabus (Departement van Onderwys, 1995:23-25) gevoeg wat slegs enkele van bogenoemde terminologieë<sup>32</sup> verklaar:

1. Register: "Taalgebruik wat spesifiek by 'n bepaalde situasie of in sekere omstandighede pas ..."
2. Standaardafrikaans: "... daardie variëteit van Afrikaans wat deur die Afrikaanse spraakgemeenskap aanvaar word as die taalvorm wat die algemeenste gebruikswaarde het oor die hele Afrikaanse taalgebied."
3. Variëteite: "... vorme van Afrikaans wat patroonmatig van mekaar verskil ..."
4. Streektaal: "... oostelik, suidwestelik, noordwestelik."

### **5.5.2 Bevinding**

Die 1985-sillabus (Departement van Onderwys, 1985:12-13) skryf die Tweede Afrikaanse Taalbeweging en die Afrikaanse Bybelvertaling voor en bepaal dat historiese feite aan (poësie)tekste gekoppel moet word. Hierdie sillabus skryf dus slegs die "wit" eksklusiewe Afrikaanse taalgeskiedenis voor.

---

<sup>32</sup> Geneem uit Carstens (1994).

In teenstelling met die 1985-sillabus, beveel die tussentydse sillabus van 1995 (Departement van Onderwys, 1995:16) aan dat die Afrikaanse taalverskeidenheid uit 'n historiese (die ontstaan van Afrikaans) en hedendaagse perspektief (die hedendaagse Afrikaanse verskeidenheid) bestudeer behoort te word aan die hand van mondelinge en skriftelike tekste. Dié inhoud ondersteun daarom die sosio-linguistiese benadering waarvolgens alle variëteite van 'n taal as linguisties gelykwaardig beskou word. Hierdie sillabus weerspieël Van Rensburg (1967:39) se opvatting dat sinchroniese taalgegewens die diachroniese patroon van 'n taal voltooi, aangesien die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans parallel loop met die ontstaan van die drie historiese Afrikaanse variëteite.

Tydens die gespreksgeleentheid met die veertien praktiserende onderwysers het dit geblyk dat, alhoewel die sillabus (Departement van Onderwys, 1995:23-24) die ontwikkelingsgeskiedenis sedert 1652 voorskryf, die onderwysers nie seker was oor hoe om die 1995-sillabus te interpreteer nie. Die onderwysers het wel tekste wat in subvariëteite van Westelike en Suidelike Afrikaans geskryf is, as onderrigmateriaal gebruik (soos die 1995-sillabus voorgeskryf het), maar nooit aan leerders verduidelik wat die oorsprong van hierdie variëteite is nie.

Die moontlike verklaring hiervoor is ontoereikende kennis – sien weer vrae 3, 4 en 5 van Tabela 5.4.1.1 en 5.4.1.2 aangaande die herkoms en ontwikkeling van die drie historiese Afrikaanse variëteite waaruit die hedendaagse subvariëteite van Westelike en Suidelike Afrikaans voortspuit. Hierdie ontoereikende kennis is waarskynlik die gevolg van:

- die sosiopolitieke omstandighede tydens die vorige onderwysbedeling wat meegebring het dat onderwysers tydens hulle opleiding slegs aan die “wit” Afrikaanse taalgeskiedenis blootgestel is, en
- die gebrek aan aanvullende, begeleidende geskiedkundige inligting aangaande die herkoms van die subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite asook die voorsiening van voorbeeldtekste in die variëteite van Afrikaans.

Die tussentydse sillabus van 1995 (Departement van Onderwys, 1995:19) skryf “insig in en waardering van ” die Afrikaanse literatuur voor, sonder om dit egter te definieer. Daarby word daar ook geen riglyne verskaf ten opsigte van die insluiting van literatuur in die Suidelike en/of Westelike Afrikaanse subvariëteite, of met betrekking tot wat die hantering van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 betref nie.

Dié sillabus (Departement van Onderwys, 1995:23-24) het 'n bylae bevat met terminologieë wat van toepassing is op taalvariëteite. Die sillabus het egter geen uitsluitel gegee oor wat om met die terminologieë in die praktyk te doen nie en hoe aandag aan die Afrikaanse variëteite geskenk behoort te word nie.

Die 1985-sillabus (Departement van Onderwys, 1985:13) skryf die Tweede Taalbeweging en die Afrikaanse Bybelvertaling voor en vereis dat historiese feite aan tekste gekoppel moet word. Kritiek teen dié sillabus is die feit dat slegs die "wit" Afrikaanse taalgeskiedenis voorgeskryf is.

(Die interpretasiemoontlikhede wat die nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring (2002) vir die onderrig van fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bied, word in Hoofstuk 6 bespreek.)

### **5.6.1 Kommentaar van enkele onderwyskenners oor die vorige sillabi en onderwysbenaderings**

In hierdie afdeling word die kommentaar van enkele onderwyskenners bespreek oor die onderwysbenaderings waarvolgens die 1985- en 1995-sillabus geïmplementeer is. In hierdie bespreking word gefokus op die plek van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in hierdie sillabi.

#### **a) 1985-sillabus**

Volgens Van den Berg (2004:18) het leerlinge hoofsaaklik feite geabsorbeer en was leerderdeelname tot die minimum beperk. Die onderwyser het volgens die transmissiestyl bloot as kennisoordraer opgetree. Die leerinhoud is op 'n outokratiese en rigiede wyse bepaal, aldus Esterhuyse (1999:44-47). Taalonderrig was in komponente verdeel. Opstel en brief, begripstoets en die memorisering van die leerinhoud is byvoorbeeld beklemtoon (Van den Berg, 2004:18). Die onderwyser het gebruik gemaak van Afrikanersentriese taalhandboeke<sup>33</sup> (Esterhuyse, 1999:46) en het sterk daarop gesteun (Van den Berg, 2004:134). Die onderwyser was werkskema-gebonde en die metodiek wat gevolg is, was onderwyser-gesentreerd wat 'n ondemokratiese en formalistiese benadering geïmpliseer het (Van den Berg, 2004:18; Esterhuyse, 1999:44-47).

#### **b) Tussentydse sillabus van 1995**

In die 1995-sillabus (Departement van Onderwys, 1995) is daar begin om leerlinge se huidige en toekomstige behoeftes, lewenswêreld en belangstellings in ag te neem. Die onderwyser het begin om 'n kurrikuleringsrol in onder andere die seleksie van onderrigmateriaal te vervul (Vermeulen, 2003:78-84). Taalstrukture behoort volgens die 1995-sillabus (Departement van Onderwys, 1995:1-2) nie sonder onderrig en insig gememoriseer en gereproduseer te word nie. Leerlinge behoort gereeld kennis, insig en vaardighede selfstandig toe te pas (Vermeulen, 2003:23, 78-84; Departement van Onderwys, 1995:2).

Die Afrikaanse taalverskeidenheid word in die tussentydse sillabus van 1995 beskou as deel van die leerstof wat geïntegreerd aangebied behoort te word. Die handboek het as aanvullende hulpmiddel gedien en leerdergerigte taalonderrig behoort op 'n geïntegreerde en interaktiewe wyse te geskied (Departement van Onderwys, 1995:2, 6).

---

<sup>33</sup> Sien weer par. 5.1.1 aangaande taalhandboeke en sosiopolitieke ideologieë.

## 5.6.2 Bevinding

Die ondersoek het gebreke op skoolgebied aan die lig gebring ten opsigte van die onderrig van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652. Leerlinge het onder andere gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu hoofsaaklik onderwysgesentreerde onderrig aan die hand van Afrikanersentriese handboeke ontvang (Van den Berg, 2004:18; Esterhuysen, 1986:42-46). Die 1985-sillabus het verder bepaal dat slegs die "wit" taalgeskiedenis onderrig moes word (Departement van Onderwys, 1985:13). Na my mening was die tussentydse sillabus van 1995 ten opsigte van die insluiting van die Afrikaanse variëteite 'n verbetering op die 1985-sillabus, aangesien 'n geïntegreerde en interaktiewe benadering die lig begin sien het (Departement van Onderwys, 1995:6). Daarbenewens word die Afrikaanse taalverskeidenheid (uiteindelik) by die leerinhoud ingesluit, maar soos reeds in paragraaf 5.4 aangetoon, was die meerderheid onderwysers met wie ek gesprekke hieroor gevoer het, nie seker oor hoe dit gedoen kan word nie.

## 5.7 Gevolgtrekking

In die ondersoek van tien Afrikaanse taalhandboeke en twee bloemlesings (1980-2000) is tot die gevolgtrekking<sup>34</sup> geraak dat die Afrikaanse taalgeskiedenis – toe te skryf aan die sosiopolitieke orde van die bepaalde tyd – gedurende die grootste gedeelte van die vorige eeu *eensydig* uitgebeeld is. Daar is hoofsaaklik op die "wit" eksklusiewe Afrikaanse taalgeskiedenis<sup>35</sup> gefokus. Teen die einde van die vorige eeu<sup>36</sup> het Afrikaanse handboeke 'n gesonder en meer gebalanseerde perspektief op die Afrikaanse taalgeskiedenis begin bied. *Ruimland 8*<sup>37</sup> (Esterhuysen *et al.*, 1989) was in dié verband waarskynlik sy tyd ver vooruit.

Tekste in die hedendaagse subvariëteite van die historiese Westelike en Suidelike Afrikaanse variëteite is in die verlede oor die algemeen in handboeke geïgnoreer<sup>38</sup>. *Taalstudie vir die middelbare skool* (Van Aardt *et al.*, 1980) het wel variasie ingesluit, maar slegs in die vorm van "wit" Afrikaanse variasie. Die uitsluiting van hierdie subvariëteite korreleer met die aanvanklike beskouing dat die niestandaardvariëteite "onbeskaafde vorme" is.

Ek het in die ondersoek van die aantal taalhandboeke tot dieselfde gevolgtrekking as Esterhuysen *et al.* (1986:93) gekom: "Dit blyk in die ouer handboeke in orde te wees om aandag aan streeksverskille te gee, maar die geïmpliseerde norm skyn te wees dat streeksverskille slegs van belang is wanneer dit onder wit Afrikaanssprekendes voorkom; by gekleurdes is taalvariasie tot taalverwilderings gevoer en daarom moet dit liefers ter syde gelaat word ..."

<sup>34</sup> Vergelyk par. 5.2, par. 5.2.1, par. 5.2.2, Tabel 5.2.2.1 en Grafiek 5.2.2.1 waarin die analise van die handboeke bespreek word.

<sup>35</sup> Vergelyk par. 5.6 vir die bespreking van die bepalinge van die 1985-sillabus aangaande die Afrikaanse taalgeskiedenis.

<sup>36</sup> Vergelyk Tabel 5.2.2.1 en Grafiek 5.2.2.1 vir die grafiese voorstelling van die insluiting van die Afrikaanse taalgeskiedenis in handboeke.

<sup>37</sup> Vergelyk par. 5.2.1, Handboek 9 vir die bespreking van *Ruimland 8* (Esterhuysen *et al.*, 1989).

<sup>38</sup> Vergelyk Tabel 5.2.2.1 en Grafiek 5.2.2.1 vir die sintese van die handboekanalise.

Daar behoort in hierdie verband in ag geneem te word dat handboeke (ook taalhandboeke) in die verlede – in die apartheidsera gevoed deur Afrikanernasionalisme – *vir* Afrikaners *deur* Afrikaners geskryf is. Daarom is die gekleurde Afrikaanse spraakgemeenskap se aanwending van Afrikaans kultureel en geografies uit die “wit” Afrikaanse taalgemeenskap verwyder. Ondanks dié onreg is die inhoude van handboeke wat in die apartheidsera verskyn het, egter oor die algemeen nooit bevraagteken nie (Esterhuyse, 1999:46).

*Ruimland 8* (Esterhuyse *et al.*, 1989) is die eerste handboek wat van Kaaps, ’n hedendaagse subvariëteit van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit, melding gemaak het. Dié vermelding het parallel geskied met die aanvaarding dat subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite deel uitmaak van Afrikaans. Dié aanvaarding het plaasgevind danksy die sosiolinguistiese ontwikkelinge wat teen die tagtigerjare in Suid-Afrika ’n aanvang begin neem het. Hierdie sosiolinguistiese ontwikkelinge in Suid-Afrika het die bewuste bestudering van die niestandaardvariëteite van Afrikaans ingesluit – asook die “nuwe” beskouing dat niestandaardvariëteite gelykwaardig is aan die standaardvariëteit (Carstens, 2003a:286, 288; Du Plessis, 1995a:36; Webb, 1989:412-435; Van Rensburg, 1983:157).

Die waargenome leemtes in hierdie tien Afrikaanse taalhandboeke en twee bloemlesings is myns insiens toe te skryf aan die maghebbers se bepaalde sosiopolitieke ideologieë wat die inhoude van handboeke in die verlede (en moontlik ook vandag) beïnvloed het. Esterhuyse (1999:44) verduidelik in dié verband dat taalhandboeke ’n “taalsosiologiese agenda” dra en die sosiopolitieke perspektiewe van die handboek-outeurs daarin weergegee word. Webb (2002:76) beklemtoon in hierdie verband dat die taal self, anders as handboekskrywers en die sprekers van die taal, neutraal is en nie “onderhewig (is) aan die sondes van sy vadere nie.” Taalhandboeke is daarom nooit neutraal nie, aangesien die heersende maghebbers se ideologie tog inslag vind in taalhandboeke. Omdemokratiese regerings (soos in die geval van die vorige politieke bedeling) het strenger beheer uitgeoefen oor die inhoud van taalhandboeke, terwyl demokratiese regerings groter vryheid toelaat.

Webb (2002:78) wys tereg daarop dat die moontlikhede wat binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulumverklaring (2002:107) bestaan om fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 aan leerders te onderrig en ook in taalhandboeke te ontwikkel, nog nie deur onderwysers en handboekouteurs raakgesien en aangegryp is nie. Die gesprekke wat ek met ’n aantal Afrikaansonderwysers<sup>39</sup> gevoer het, het dit ook bevestig.

Die 22 Afrikaanshoofvakstudente het die lesingreeks aangaande variëteite wat in bepaalde Afrikaanse letterkundige tekste voorkom, positief ervaar. Hulle het na afloop van die lesingreeks te kenne gegee dat hulle nuwe feite oor die Afrikaanse taalgeskiedenis en die ontwikkeling van die historiese Afrikaanse variëteite geleer het (sien par. 5.3 en Tabel 5.3.1.2). Hierdie positiewe houding dui daarop dat so ’n lesingreeks as ’n beginpunt kan dien om Afrikaanshoofvakstudente van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 bewus te maak. Daar behoort in die Afrikaansvakdidaktiek-

---

<sup>39</sup> Vergelyk par. 5.4 waarin die akademiese kundigheid aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bespreek word.

modules aandag geskenk te word aan wyses waarop dié geskiedenis binne die raamwerk van die NKV aan leerders onderrig kan word.

Uit die gesprekke met praktiserende Afrikaansonderwysers (sien par. 5.4 en Tabel 5.4.1.1, 5.4.1.2 en 5.4.1.3) het dit geblyk dat die bepaalde groep onderwysers, ondanks die bruin onderwysers se aanname dat hulle oor genoegsame kennis aangaande die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans beskik, nie sekerheid het oor *hoe* om dit by die onderrig van Afrikaans in te sluit nie. Die onsekerheid wat die wit onderwysers ervaar het, kan waarskynlik toegeskryf word aan:

- sosiopolitieke omstandighede van die vorige apartheidsonderwysbedeling;
- die stigmatisering van niestandaardvorme van Afrikaans in die verlede;
- die voorgeskrewe bepalings van die sillabi vóór 1995;
- die Afrikanersentriese voorgeskrewe handboeke, en
- ontoereikende kennis aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans van 1652 af.

Opleidingsessies, werkswinkels en die verskaffing van voorbeeldlesreekse aan skole kan oorweeg word om leiding aan praktiserende onderwysers te gee aangaande die onderrig van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, aangesien vorige sillabi (en vorige onderwysbenaderings) leemtes toon ten opsigte van die onderrig van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Hierdie leemtes kan waarskynlik eweneens toegeskryf word aan sosiopolitieke druk van daardie tyd wat bepaal het hoe leerders onderrig behoort te word en wat aan hulle onderrig behoort te word.

De Villiers (2006) beklemtoon tydens sy eerste openbare optrede as uitvoerende direkteur van die ATKV in dié verband dat daar nog nooit 'n beter tyd was om Afrikaans in meer “harte en monde te plaas” as juis “nóú” nie. Nel (2007) stem met De Villiers se stelling saam en is ook, soos ek, daarvan oortuig dat die Afrikaanse variëteite “n tuiste bied vir almal” en dat die Afrikaanse variëteite in stand behoort gehou, bevorder, waardeur en gerespekteer te word. Slegs as inklusiewe en gevarieerde entiteit kan Afrikaans as “voertuig” vir versoening en die bewerkstelling van wedersydse respek dien.

Die noodsaaklikheid daarvan om ons (taal)geskiedenis in sy volle diversiteit op skool te onderrig, word op treffende wyse deur Greyling (2005:14) verwoord:

Ons kinders moet ons land se geskiedenis leer, want as hulle nie weet waar ons vandaan kom nie, gaan hulle hul eie foute ook by die ou foute voeg. Maar dan moet dit goeie geskiedenis wees. Met ander woorde geskiedenis wat alle kante van die storie regverdig vertel, maak nie saak hoe goed of hoe sleg dit inpas by die heersende politiek en emosies nie.

In Hoofstuk 6 word, in aansluiting by Hoofstuk 5, die moontlikhede binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulumverklaring (2002) en die Uitkomsgebaseerde onderrigbenadering ondersoek om fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis en die streeksvariëteite van Afrikaans te onderrig.

## HOOFSTUK 6

### 'n Werkswyse vir die bewusmaking van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die Nasionale Kurrikulumverklaringraamwerk

"Hierdie ryk en sterk erfenis moet nog ontdek word, erken word en omarm word" Allan Boesak, aan Wyngaard (2007:17).

#### Oriëntering

In Hoofstuk 5 is die onderrig van die geskiedenis van Afrikaans binne die sosiopolitieke milieu van die vorige onderwysstelsel ondersoek. Dié ondersoek het getoon dat daar hoofsaaklik tydens die apartheidsjare van die vorige eeu op die "wit" taalgeskiedenis van Afrikaans van 1875 af gefokus is. Die *inklusiewe* ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652<sup>1</sup> is egter 'n gedeelde geskiedenis waarin al die rolspelers (onder andere die Koina en die slawe) in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans erken word. Opperman<sup>2</sup> (aan Wyngaard, 2007:17) is van mening dat alle Afrikaanssprekendes van hierdie geskiedenis bewus moet wees, *dit vir mekaar moet gun en dit moet respekteer*. Die skool (onder andere die Afrikaansklas) is 'n beginpunt waar leerders van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewusgemaak kan word.

#### 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aangedui watter *werkswyse* binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) van 2002 gevolg kan word om leerders van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 bewus te maak. Deur leerders van hierdie geskiedenis van Afrikaans bewus te maak word daar na my mening ook 'n bydrae gelewer tot die uitbouing van *sosiale transformasie*, aangesien 'n gedeelde taalerfenis Afrikaanssprekende groepe kan versoen (Van Rheede aan Wyngaard, 2007:17; Boesak, 2007; De Klerk, 2007; De Villiers, 2006).

Swanepoel (1995:57) meen tereg dat juis die skool die aangewese plek is om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te begin bekend stel sodat alle Afrikaanssprekendes mettertyd van hierdie geskiedenis bewus kan word. Die langtermyn doelstelling hiervan is dan ook om soveel moontlik leerders bewus te maak van die wyse waarop Afrikaans ontstaan en ontwikkel het. Hierdie bewusmaking

---

<sup>1</sup> Vergelyk Hoofstuk 2 aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652.

<sup>2</sup> Generaal-majoor Opperman is tans die uitvoerende hoof van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting.

van die inklusiewe taalgeskiedenis wat wit en bruin Afrikaanssprekendes deel, kán bydra tot wedersydse respek onder en versoening tussen alle Afrikaanssprekendes (Boesak, 2007).

In Hoofstuk 6 word aandag geskenk aan die volgende aspekte:

- 'n *Moontlike werkswyse* (aan die hand van 'n tematies georganiseerde, geïntegreerde lesreeks<sup>3</sup> binne die Nasionale Kurrikulumverklaringraamwerk) om leerders bewus te maak van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 .
- 'n *Model* waarvolgens 'n voorbeeldlesreeks saamgestel kan word.
- Die samestelling van 'n voorbeeldlesreeks volgens die vereistes wat die NKV aan so 'n lesreeks stel (NKV, 2002:172-177, 180-185).

## 6.2 Die Grondwet van Suid-Afrika lê die grondslag vir die Nasionale Kurrikulumverklaring

Die Grondwet (1996:1) het die grondslag gelê vir transformasie en ontwikkeling van die nuwe kurrikulum in Suid-Afrika. Hierdie kurrikulum het onder andere ten doel

- om die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- om die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- om die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit.

In 2002 verskyn die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in die lig van bogenoemde. Volgens onderwyskundiges soos Niebuhr (2006) en Van den Berg (2004:68) is die NKV 'n goeie kurrikulum vir sowel leerders as onderwysers, aangesien dit die volle potensiaal van elke leerder as 'n burger van die demokratiese Suid-Afrika wil ontwikkel. Die NKV (2002:1) stel *aktiewe, demokratiese leerders* in die vooruitsig wat *kennis self ontdek, versamel, evalueer en toepas*. Dit staan in direkte teenstelling met vorige sillabi en onderwysbenaderings, aangesien leerders in die verlede dikwels passief en onkrities feite (wat die sosiopolitieke milieu van die bepaalde tyd voorgeskryf het) geabsorbeer en gememoriseer het<sup>4</sup>.

Die NKV (2002:3) verwag ook dat die onderwyserfasiliteerder 'n "kernbydrae" tot *transformasie* in die Suid-Afrikaanse onderwys moet lewer. Deur onder andere fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 aan leerders van die 21ste eeu te onderrig, kán die onderwyser-

<sup>3</sup> Sien Bylae A vir die voorbeeldlesreeks.

<sup>4</sup> Vergelyk Hoofstuk 5, par. 5.6 in hierdie verband.

fasiliteerder na my mening 'n kernbydrae tot hierdie transformasieproses lewer, omdat die onderrig van fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans onder andere die *multikulturaliteit van Afrikaans* en van Suid-Afrika bevestig.

Die NKV is *gebruikersvriendelik*<sup>5</sup> en *leerdersgesentreerd* en bied aan die onderwyser *ruimte vir die kritiese en kreatiewe interpretasie* daarvan – óók wat die insluiting van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans betref (Niebuhr, 2007; Van Oort, 2003:81). Die NKV beskou *sosiale geregtigheid, mense-regte, inklusiwiteit* en *diversiteit* as sleutelaspekte, en leermateriaal behoort daarvolgens ontwerp te word (De Vries, 2006a:5). *Sosiale geregtigheid, inklusiwiteit* en *diversiteit* kán na my mening bevorder word deur middel van lesreekse wat die bewusmaking van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 ten doel het.

Insluiting van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 by die skoolprogram is ook in ooreenstemming met die Grondwet (1996:1), aangesien die onderrig daarvan onder andere die verdeeldheid (tussen Afrikaanssprekendes) van die verlede daardeur wil heel.

### **6.3 Voorgestelde werkswyse om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans binne die NKV-raamwerk te onderrig**

Die *werkswyse* wat ek aanbeveel om hierdie gedeelde ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 te onderrig, is die *samestelling* van 'n *tematies georganiseerde, geïntegreerde lesreeks*<sup>6</sup> wat fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as tema het. 'n Lesreeks, soos hierdie voorbeeldesreeks<sup>7</sup>, behandel 'n bepaalde *tema* en *kontekstuele leerinhoud* (wat leerders se kennis uitbrei, vaardighede oefen asook houdings en waardes ontwikkel) en neem twee tot drie weke om af te handel. Die Nasionale Kurrikulumverklaring se ses leeruitkomste vir huistaal geniet geïntegreerde aandag in die voorbeeldesreeks.

#### **6.3.1 Die NKV-leerinhoud**

In teenstelling met die vorige sillabi bied die NKV-inhoud die geleentheid aan Afrikaansonderwysers om die volle spektrum van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te onderrig. Dit sluit in die rol (voorheen om sosiopolitieke redes verswyg) wat die Koina en die slawe aan die vroeë Kaap in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het<sup>8</sup>.

<sup>5</sup> Uit die gesprekke met praktiserende Afrikaansonderwysers blyk die NKV (2002) nie so "gebruikersvriendelik" te wees as wat die Onderwysdepartement voorgee nie. Onderwysers ondervind probleme met die kreatiewe en kritiese interpretasie daarvan. Vergelyk ook voetnoot 11 van Hoofstuk 5 in hierdie verband.

<sup>6</sup> Dit is 'n *Uitkomstegebaseerde lesreeks* binne die *Nasionale Kurrikulumverklaringraamwerk*.

<sup>7</sup> Die voorbeeldesreeks bestaan uit 'n verskeidenheid tekste (lees en kyk, luister) en 'n reeks aktiwiteite wat uit die tekste voortvloei.

<sup>8</sup> Sien Hoofstuk 2 vir die rol van die Koina en ingevoerde slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

Die NKV (2002:102) bepaal dat 'n *verskeidenheid tekste* gebruik behoort te word. Die inhoud van dié tekste behoort *taalverskeidenheid*, onder andere die *streeksvariëteite* van Afrikaans, in te sluit. Sommige van die NKV se leeruitkomste (byvoorbeeld Leeruitkoms 1, Assesseringstandaard 1.6, Leeruitkoms 6, Assesseringstandaarde 6.5 en 6.7)<sup>9</sup> bepaal ook dat die Afrikaansonderwyser (huistaal) fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en die *streeksvariëteite* van Afrikaans kan onderrig.

Die moontlikhede wat die NKV bied om fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te onderrig word in Tabel 6.2.3 aangedui. Daar word, wat die NKV en die voorbeeldesreeks betref, spesifiek op Graad 9 gefokus, aangesien Graad 9 volgens die NKV (2002:99-100) die hoogste graad van verpligte onderwys in Suid-Afrika is. Leerders in die Senior Fase, waaronder Graad 9-leerders, behoort volgens die Onderwysdepartement ook leerders te wees<sup>10</sup>:

- wie se taalgebruiksvaardighede reeds op 'n hoë vlak lê (NKV, 2002:99, 102);
- wat as verantwoordelike burgers in 'n demokratiese, multikulturele samelewing kan optree (NKV, 2002:5, 99);
- wat gretig lees en wat reeds self inligting kan opspoor en evalueer (NKV, 2002:99);
- wat kritiese luisteraars en vrymoedige sprekers is (NKV, 2002:99); en
- wat taal kan ontleed en kan verstaan hoe dit werk (NKV, 2002:99).

Indien bogenoemde vyf aspekte in ag geneem word, blyk Graad 9-leerders 'n ontvanklike groep leerders (ten opsigte van kognitiewe, emosionele en sosiale intelligensie asook die feit dat Graad 9 die hoogste graad van verpligte onderwys in Suid-Afrika is) te wees om van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewusgemaak te word.

Die insluitingsmoontlikhede wat die NKV bied om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te onderrig, word in Tabel 6.3.1 aangedui.

---

<sup>9</sup> Vergelyk die Onderwysersgids (Bylae C wat die voorbeeldesreeks (Bylae A) vergesel in hierdie verband.)

<sup>10</sup> Vergelyk ook Hoofstuk 5, par. 5.5.1 in hierdie verband.

<b>Nasionale Kurrikulumverklaring</b> <b>2002</b> <b>Huistaal</b> <b>Graad 9</b>
<p><b>Insluitingsmoontlikhede ten opsigte van die breë kurrikulum</b></p> <p>Die inhoud van die tekste kan onder andere die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 en taalverskeidenheid insluit, asook tale se invloed op mekaar (NKV, 2002:102).</p>
<p><b>Insluitingsmoontlikhede ten opsigte van leerinhoude</b></p> <p><b>Leeruitkoms 1</b></p> <p><b><i>Luister</i></b></p> <p>Die leerder is daartoe in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer (NKV, 2002:104).</p> <p><b>Asseseringstandaard</b></p> <p>1.6 Herken en aanvaar verskillende variëteite (NKV, 2002:107).</p> <p><b>Leeruitkoms 6</b></p> <p><b><i>Taalgebruik en -struktuur</i></b></p> <p>Die leerder is daartoe in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer (NKV, 2002:126).</p> <p><b>Asseseringstandaarde</b></p> <p>6.5 Gebruik samestelling om woordeskat uit te brei (NKV, 2002:127).</p> <p>6.7 Werk met woorde: verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hoe nuutskeppings in 'n taal ontstaan het (NKV, 2002:127).</p>

Tabel 6.3.1 Die insluitingsmoontlikhede wat die NKV (2002) bied om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te onderrig

Uit Tabel 6.3.1 kan afgelei word dat Leeruitkomste 1 en 6<sup>11</sup> in die besonder moontlikhede bied om die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, asook die Afrikaanse streeksvariëteite, by die onderrig van Afrikaans (huistaal) in te sluit.

<sup>11</sup> Die ander leeruitkomste bied ook moontlikhede om die inklusiewe taalgeskiedenis van Afrikaans en Afrikaanse variëteite kreatief by die leerinhoude in die onderrig van Afrikaans te integreer, aangesien lees- en kyk- (LU2), praat- (LU3), skryf- (LU4) en dink en redeneeraktiwiteite (LU5) op verskillende wyses daaruit kan voortvloei.)

Die Afrikaansonderwyser (huistaal) kan Assesseringstandaarde 1.6, 6.5 en 6.7 kreatief interpreteer om leerders met behulp van die *samestelling* van 'n tematies georganiseerde, geïntegreerde lesreeks van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, asook die streeksvariëteite,<sup>12</sup> van Afrikaans bewus te maak deur die riglyne en moontlikhede wat die NKV bied, te benut. Die NKV (2002) verwag van die onderwyserfasiliteerder om as *kurrikuleerder* op te tree – in teenstelling met die 1985-syllabus waarin spesifieke leerinhoud vasgestel is volgens die kurrikulum van daardie jare<sup>13</sup>.

### 6.3.2 Verskeidenheid tematies georganiseerde tekste

Volgens die riglyne van die NKV (2002:2.6, 8, 102) behoort 'n verskeidenheid tematies georganiseerde tekstipes by 'n lesreeks ingesluit te word. Onderstaande tipes tekste is by die voorbeeldlesreeks (Sien Bylae A) ingesluit:

- Visuele tekste wat leerders se *kykvaardighede* asook *simboliese interpretasievaardighede* ontwikkel, is die Suid-Afrikaanse wapen, die wêreldkaart en die Mini-biblioteek<sup>14</sup>. Leeraktiwiteite wat uit die visuele tekste voortspruit en wat leerders se *kykvaardighede* en *interpretasievaardighede* ontwikkel, is Aktiwiteite 1, 2 en 3<sup>15</sup>.
- Almal is informatiewe tekste wat leerders se *leesbegripvaardighede* oefen. 'n Voorbeeld van 'n leeraktiwiteit wat leerders se *leesbegripvaardighede* oefen, is Aktiwiteit 3<sup>16</sup>.
- Leeraktiwiteite wat leerders se *verbeelding* prikkel, is Aktiwiteite 4 en 5<sup>17</sup>.
- Ouditiewe letterkundige tekste waarin leerders se *luistervaardighede* aandag geniet, is die liedjies in drie Afrikaanse streeksvariëteite en die deelname aan Aktiwiteit 6<sup>18</sup>.
- Tekste wat die onderrig van *woorde* en *grammatika* insluit, is die leesteks(te) en leerderdeelname aan Aktiwiteite 2 en 3<sup>19</sup>.

### 6.3.3 Geïntegreerde onderrigbenadering

Alhoewel die Leeroitkomst vir huistale (luister, praat, lees en kyk, skryf, dink en redeneer en taalstruktuur en -grammatika) as afsonderlike uitkomst in die NKV voorkom, behoort dit tydens onderrig en assessering *geïntegreer* te word (2002:59).

<sup>12</sup> Sien Tabel 6.2.2 in hierdie verband.

<sup>13</sup> Sien Hoofstuk 5, par. 5.5.1, par. 5.5.2, par. 5.6.1, par. 5.6.2 en par. 5.7 in hierdie verband.

<sup>14</sup> Sien Bylae B vir die Mini-biblioteek.

<sup>15</sup> Sien Bylae A vir die leeraktiwiteite wat uit die visuele tekste voortvloei.

<sup>16</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteit 3.

<sup>17</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 4 en 5.

<sup>18</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteit 6.

<sup>19</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteit 2 en 3.

In teenstelling met die 1985-sillabus wat op die afsonderlike komponente<sup>20</sup> van taalonderrig gefokus het, behoort leerinhoud en taalvaardighede volgens die NKV (2002:8) *tematies georganiseerd* en *geïntegreerd* aangebied te word. Leerders behoort verder aktief betrokke te wees by die onderrig in teenstelling met die vorige onderrigbenadering waar leerders dikwels passiewe luisteraars was.

Die leeraktiwiteite<sup>21</sup> waaraan leerders in die voorbeeldesreeks deelneem, is almal geïntegreerd van aard om 'n *kommunikatiewe, interaktiewe aktiwiteitsgebaseerde leerervaring* aan leerders te bied waartydens leerders die geleentheid kry om:

- *aktief te luister* (Aktiwiteit 6), *te praat* (Aktiwiteite 1, 2 en 6) *te lees* (Aktiwiteite 2, 3 en 6) *en te kyk* (Aktiwiteite 1 en 2), *te dink en te redeneer* (Aktiwiteite 1 tot 6) *en fasette van die taalstruktuur en -grammatika van Afrikaans te leer* (Aktiwiteite 2, 3, 4 en 5);
- *self inligting te ontdek en te evalueer* (Aktiwiteite 1 tot 6);
- *in groepe saam te werk* (Aktiwiteite 1, 2, 5 en 6);
- *probleme op te los* (Aktiwiteite 1, 2 en 3);
- *kreatief en krities te dink en op te tree* (Aktiwiteite 1 tot 6);
- *ingeligte besluite te neem* (Aktiwiteite, 1 tot 6);
- *sosiale geregtigheid, menseregte en inklusiwiteit te respekteer* (Aktiwiteite 1 tot 6), en
- *na te dink (selfrefleksie) oor wat hulle in die proses gedoen het* (Aktiwiteite 1, 2 en 5).

In die voorbeeldesreeks word daar, soos die NKV (2002:6) bepaal, ook gefokus op die vaslegging en uitbreiding van taal en veral *kulturele geletterdheid* en *interkulturele begrip* (Aktiwiteite 1 tot 6).

### 6.3.4 Gepaste metodiek

Volgens Van den Berg (2004:17-19) spruit die verandering van *inhoudgerigte* na *uitkomstgerigte* onderrig (UGO) voort uit die strewe na 'n onderrigbenadering wat aan die eise van die moderne samelewing voldoen. Die komplekse, dinamiese en tegnologies gesofistikeerde Suid-Afrikaanse samelewing het 'n onderwysmetode nodig wat leerders kan voorberei om in hierdie Suid-Afrikaanse samelewing te funksioneer.

Binne die vorige inhoudgerigte onderrigbenadering is leerinhoud in die algemeen nie deur die onderwyser of die leerder bevraagteken nie (Esterhuysen, 1986:44). Daarteenoor wil die uitkomstgerigte benadering leerders juis kritiese denkvermoë laat ontwikkel, self inligting laat versamel, dié inligting krities laat evalueer en daarvolgens ingeligte besluite laat neem (NKV, 2002:1-2).

<sup>20</sup> Vergelyk Hoofstuk 5, par. 5.5 in hierdie verband.

<sup>21</sup> Vergelyk Bylae A vir die leeraktiwiteite waaraan leerders tydens die onderrig van die voorbeeldesreeks deelneem.

Die metodiek wat in die voorbeeldlesreeks gevolg word, is daarom volledig uitkomsgerig. In die voorbeeldlesreeks word daar, soos van UGO verwag, gefokus op wat leerders kan *doen* met wat hulle *weet* (Aktiwiteite 1 tot 6). Hierdie benadering bevorder leerdergesentreerde onderrig waartydens aktiewe en verantwoordelike leerders *interaktief ontdek* en *versamel*, terwyl onderwyserfasiliteerders leerders deur die lesreeks begelei (NKV, 2002:3).

### 6.3.5 Die voorbeeldlesreeks

Die rasionaal van die samestelling van die voorbeeldlesreeks<sup>22</sup> is om aan te toon hoe die lesreeks as 'n moontlike werkswyse (binne die NKV-raamwerk en UGO-paradigma) aangewend kan word om leerders van bepaalde fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewus te maak deur aan 'n verskeidenheid leeraktiwiteite deel te neem, sodat die leerders:

- die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse verskeidenheid *waardeer* (vergelyk Aktiwiteite 1 tot 6<sup>23</sup>);
- *bewus word* van aspekte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf 1652 (vergelyk Aktiwiteite 2, 3 en 6<sup>24</sup>);
- die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste *uitleef* om sodoende beter verstandhoudings in die multikulturele Suid-Afrika te handhaaf soos die NKV (2002:99) bepaal (vergelyk Aktiwiteite 1, 2, 3 en 6<sup>25</sup>);
- aan die hand van die aanbevole tekste (NKV, 2002:101, 102) hulle *woordeskat verbreed* (vergelyk Aktiwiteite 2, 3 en 6<sup>26</sup>); hulle *taalvermoëns ontwikkel* (vergelyk Aktiwiteite 1 tot 6<sup>27</sup>) ; asook 'n *bewustheid van sosiale kwessies ontwikkel* (Aktiwiteite 2, 3 en 6<sup>28</sup>);
- hulle *taalgebruiksvaardighede in verskillende situasies vir 'n wye verskeidenheid doeleindes aanwend*, soos deur die NKV (2002:99) bepaal (vergelyk Aktiwiteite 1 tot 6<sup>29</sup>);
- *genotvol aan die kontekstuele, geïntegreerde leeraktiwiteite* wat met die gestelde leeruitkomste en assesseringstandaarde vir Tale (asook ander leerareas waarmee daar geïntegreer word) verband hou, *deelneem*, soos deur die NKV (2002:104-133) vereis (vergelyk Aktiwiteite 1 tot 6<sup>30</sup>); en
- aan die gestelde *assesseringsvereistes voldoen*, soos deur die NKV (2002:135-143) verwag word (vergelyk Aktiwiteit 1 tot 6<sup>31</sup>).

<sup>22</sup> Sien Bylae A vir die voorbeeldlesreeks.

<sup>23</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 1 tot 6.

<sup>24</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 2, 3 en 6.

<sup>25</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 1, 2, 3 en 6.

<sup>26</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 2, 3 en 6.

<sup>27</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 1 tot 6.

<sup>28</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 2, 3 en 6.

<sup>29</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 1 tot 6.

<sup>30</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 1 tot 6.

<sup>31</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteite 1 tot 6.

### 6.3.6 Die voorbeeldlesmodel

Die voorbeeldlesreeks is na analogie van die kurrikulum- en onderrigmodelle van onder andere Alessi en Trolipp (2001:411), Clark (2000:7) en Graves (2003:3) aan die hand van 'n aangepaste sirkelmodel saamgestel. Dié sirkelmodel wat die kringloop van 'n lesreeks aantoon, het ek ontwikkel om die samestelling en verloop van 'n tematies georganiseerde, geïntegreerde UGO-lesreeks aan Afrikaans-metodiekstudente te verduidelik.

Die kringloop van die sirkelmodel (waarvolgens genoemde voorbeeldlesreeks saamgestel is) behels ses stappe. Die rasionaal van die sirkelmodel is om onder andere op die *geïntegreerde aard* van 'n lesreeks te wys. Die aktiwiteite in die voorbeeldlesreeks sentreer om gekose tekste wat binne 'n groter konteks (tema) pas.

Stap 1: Die tema van die lesreeks, "Eenheid in verskeidenheid", bepaal die konteks waarbinne die geïntegreerde lesreeks plaasvind, naamlik die diversiteit wat in Suid-Afrika en Afrikaans voorkom. Dit is gedoen sodat leerders wat aan die voorbeeldlesreeks deelneem, 'n bewustheid en 'n begrip van die ryke diversiteit van Suid-Afrika en Afrikaans kan ontwikkel (NKV, 2002:2, 8).

Stappe 2 en 3: Die leeruitkomste en assesseringstandaarde bepaal die verskeidenheid tekstipes wat by die lesreeks ingesluit word – óf die verskeidenheid tematies georganiseerde tekstipes lei die samesteller van die lesreeks na bepaalde leeruitkomste en assesseringstandaarde.

Stap 4: 'n Wye verskeidenheid uitdagende geïntegreerde leeraktiwiteite, wat duidelik aan die gestelde assesseringstandaarde gemeet kan word, vloei uit die tekste voort.

Stappe 5 en 6: Die geïntegreerde leeraktiwiteite word aan die hand van 'n verskeidenheid assesseringsvorme met behulp van gestelde assesseringstandaarde geassesseer om te evalueer of die leeruitkomste en assesseringstandaarde wat vóór die aanvang van die lesreeks as doelwit gestel is, inderdaad bereik is. Indien dit wel in die proses bereik is, is die kringloop van die lesreeks suksesvol voltooi (NKV, 2002:136-137).

Die kringloop van die tematies georganiseerde, geïntegreerde UGO-lesreeks wat uit ses stappe bestaan, word vervolgens grafies in Diagram 6.3.6 voorgestel.




Diagram 6.3.6 Die aangepaste sirkelmodel

### 6.3.7 Die geïntegreerde leeraktiwiteite

Die leeraktiwiteite waaraan leerders in die voorbeeldlesreeks<sup>32</sup> deelneem, is volgens die geïntegreerde benadering saamgestel en is interaktief van aard.

#### Aktiwiteit 1<sup>33</sup>

Leerders neem tydens die inleidende moment van die lesreeks deel aan 'n praataktiwiteit in die vorm van 'n blitsopdrag.

Leerders word aan die Suid-Afrikaanse wapen bekendgestel en die *simboliese betekenis* daarvan word bespreek. Die leerders word na die Mini-biblioteek<sup>34</sup> verwys waarin hulle die simboliese betekenis van die simbole self kan ontdek en sodoende ingeligte besluite kan neem (sien p. 3 van die Mini-biblioteek.)

<sup>32</sup> Sien Bylae A vir die voorbeeldlesreeks.

<sup>33</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteit 1.

<sup>34</sup> Sien Bylae B vir die Mini-biblioteek.

Leerders ontdek verder dat die verskeidenheid van Suid-Afrika – tale ingeslote – in die wapen weerspieël word. Aktiwiteit 1 word met behulp van 'n selfassesseringsblad<sup>35</sup> geassesseer.

Die leeruitkomste en assesseringstandaarde waarop daar veral in die uitvoering van Aktiwiteit 1 gefokus word, is:

### **Leeruitkoms 2 Praat**

Die leerder is daartoe in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer (NKV, 2002:108).

**Asseseringstandaard 2.4** Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan gesprekke deel te neem: motiveer eie standpunt (NKV, 2002:109).

### **Leeruitkoms 3 Lees en kyk**

Die leerder is daartoe in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer (NKV, 2002:112).

**Asseseringstandaard 3.7** Evalueer tegnieke wat in visuele tekste gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik: die doeltreffendheid van die taalgebruik (NKV, 2002:115);

Wat Aktiwiteit 1 betref, vind daar ook integrasie met die volgende leerareas plaas: Kuns en Kultuur en Natuurwetenskap.

### **Aktiwiteit 2<sup>36</sup>**

Tydens deelname aan Aktiwiteit 2 doen leerders *selfstandige navorsing*, want dit is 'n aspek wat tans heelwat aandag in skole behoort te geniet. Na afloop van die bespreking van die informatiewe tekste en die visuele teks (kaart) neem klasgroepe deel aan 'n *navorsingstaak*. Die leerders se navorsingstake behels selfontdekking, die maak van afleidings en gevolgtrekkings asook die neem van ingeligte besluite.

Deur middel van hierdie aktiwiteit ontdek die leerders self watter invloed die Koina op Suid-Afrikaanse plekname uitgeoefen het en neem hulle kennis van die Afrikaanse betekenis van hierdie plekname. Die leerders ontdek ook dat baie van die tradisionele Suid-Afrikaanse geregte die erfenis van die Maleise slawe is. Leerders bestudeer die collage wat in die Mini-biblioteek<sup>37</sup> verskyn (sien p. 1 van die Mini-

---

<sup>35</sup> Sien Bylae A vir die selfassesseringsblad.

<sup>36</sup> Vergelyk Bylae A vir Aktiwiteit 2.

<sup>37</sup> Sien Bylae B vir die Mini-biblioteek.

biblioteek) en kom tot die besef dat die Europese setlaars aan die Kaap vir 'n aantal sake (wat in Nederland onbekend is) nuwe name moes gee. Dié naamgewing het aanleiding gegee tot die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat, want daar is woorde geleen en daar is nuwe woorde geskep – onder andere deur samestelling. Leerders ontdek ook die invloed van Nederlands, Frans en Engels op Suid-Afrikaanse plekname.

Aktiwiteit 2 se mondelinge terugvoer, wat deur 'n plakkaat of collage ondersteun word, word deur middel van groepassering<sup>38</sup> geassesseer aan die hand van die voorgestelde assesseringsblad.

Die leeruitkomste en assesseringstandaarde waarop daar veral in Aktiwiteit 2 gefokus word, is:

### **Leeruitkoms 5 Dink en redeneer**

Die leerder is daartoe in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, te verwerk en aan te wend (NKV, 2002:120).

**Assesseringstandaard 5.2** Gebruik taal om te ondersoek: bevraagteken en oorweeg moontlikhede (NKV, 2002:123).

**Assesseringstandaard 5.3** Verwerk inligting: kies die beste en mees gepaste inligting uit bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende aanbieding (NKV, 2002:123).

### **Leeruitkoms 6 Taalgebruik en -struktuur**

Die leerder is daartoe in staat om klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer (NKV, 2002: 126).

**Assesseringstandaard 6.1** Werk met woorde: verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hoe nuutskeppinge in 'n taal ontstaan; gebruik samestellings doeltreffend om woordeskat uit te brei (NKV, 2002:127).

Aktiwiteit 2 integreer met die volgende leerareas: Sosiale Wetenskap: Geskiedenis en Aardrykskunde, Kuns en Kultuur.

### **Aktiwiteit 3<sup>39</sup>**

Leerders neem *individueel* deel aan 'n geïntegreerde leesbegripopdrag<sup>40</sup> deur die informatiewe tekste te lees en in die Mini-biblioteek na te slaan. Hierdie aktiwiteit stimuleer die bewuswording van fasette van die volle spektrum van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans.

---

<sup>38</sup> Sien die onderwysersgids, Bylae C, vir die groepasseringsblad.

<sup>39</sup> Sien Bylae A vir Aktiwiteit 3.

Aktiwiteit 3 se leesbegrip-antwoorde word formeel deur die onderwyser geassesseer<sup>41</sup>.

Die leeruitkomste en assesseringstandaarde waarop daar veral in Aktiwiteit 3 gefokus is, is:

### **Leeruitkoms 3 Lees en kyk**

Die leerder is daartoe in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer (NKV, 2002: 112).

**Assesseringstandaard 3.1** Lees vir genot en inligting (NKV, 2002:112).

**Assesseringstandaard 3.4** Toon begrip van informatiewe tekste: maak gevolgtrekkings op grond van bewyse (NKV, 2002: 113).

### **Leeruitkoms 5 Dink en redeneer**

Die leerder is daartoe in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, te verwerk en aan te wend (NKV, 2002:120).

**Assesseringstandaard 5.3** Verwerk inligting: kies die beste en mees gepaste inligting (NKV, 2002:123).

Aktiwiteit 3 sluit ook integrering met die volgende leerareas in:

Lewensoriëntering, Sosiale wetenskappe: Geskiedenis en Aardrykskunde, Wiskunde, Kuns en Kultuur.

### **Aktiwiteit 4<sup>42</sup>**

Leerders neem individueel deel aan 'n *kreatiewe skryfopdrag* deur onder andere gebruik te maak van die informatiewe tekste en die Mini-biblioteek<sup>43</sup>.

Die aktiwiteit behels die skryfproses soos deur Assesseringstandaard 4.4 bepaal word. Leerders versamel relevante inligting en idees uit die informatiewe leesstuk en meegaande verduideliking, asook uit die Mini-biblioteek. Leerders organiseer die inligting en idees samehangend in skriftelike konsepweergawes. Die leerders ontleed hulle eie en mekaar se skryfwerk en doen aanbevelings. In die proses moet die leerders sensitiwiteit toon vir ander se regte, gevoelens en persoonlike styl. Leerders redigeer en

---

<sup>40</sup> Die leesbegripopdrag sluit die lees van die teks en beantwoording van vrae oor die teks in. Die vrae bestaan onder andere uit die maak van afleidings en gevolgtrekkings, insigvrae en naslaanvrae.

<sup>41</sup> Sien die onderwysersgids, Bylae C, vir die voorgestelde memorandum.

<sup>42</sup> Sien die voorbeeldesreeks, Bylae A, vir Aktiwiteit 4.

<sup>43</sup> Sien Bylae B vir die Mini-biblioteek.

verbeter hulle konsepweergawes met die hulp van die onderwyser. Leerders skryf die finale produk. Leerders se finale produkte word aan die hand van die voorgestelde assesseringskriteria<sup>44</sup> geassesseer.

Die assesseringstandaarde waarop daar veral in Aktiwiteit 4 gefokus word, is:

#### **Leeruitkoms 4 Skryf**

Die leerder is daartoe in staat om verskillende soorte feitlike en kreatiewe tekste vir 'n verskeidenheid doeleindes te skryf (NKV, 2002:116).

**Assesseringstandaard 4.1** Skryf 'n wye verskeidenheid kreatiewe tekste: gee uitdrukking aan verbeelding; verken die kreatiewe aanwending van taal (NKV, 2002:117).

**Assesseringstandaard 4.4** Gebruik skryfproses onafhanklik en met gemak om tekste te skep: organiseer idees samehangend en logies in konsepweergawes; ontleed konsepweergawes; ontleed eie en ander se skryfwerk, evalueer en doen aanbevelings op 'n sensitiewe wyse; skryf die finale produk (NKV, 2002:119).

#### **Leeruitkoms 5 Dink en redeneer**

Die leerder is daartoe in staat om taal vir dink en redeneer aan te wend en inligting vir leer te verkry, te verwerk en te gebruik (NKV, 2002:120).

**Assesseringstandaard 5.3** Verwerk inligting: kies die beste en mees gepaste inligting uit bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende werkstuk of aanbieding (NKV, 2002:123).

Aktiwiteit 4 sluit integrasiemoontlikhede met die leerarea Sosiale Wetenskap: Geskiedenis in.

#### **Aktiwiteit 5<sup>45</sup>**

Klasgroepe neem deel aan 'n projek<sup>46</sup> en maak gebruik van die informatiewe tekste en die Mini-biblioteek<sup>47</sup>.

Die aktiwiteit bied aan leerders die geleentheid om in spanverband saam te werk. Leerders gebruik hulle verworwe kennis en ontwerp 'n plakkaat.

Die groepsprojek word deur middel van die gestelde assesseringskriteria<sup>48</sup> geassesseer.

---

<sup>44</sup> Sien die voorbeeldesreeks, Bylae A, vir die assesseringskriteria.

<sup>45</sup> Sien die voorbeeldesreeks, Bylae A, vir Aktiwiteit 5.

<sup>46</sup> Sien die voorbeeldesreeks, Bylae A, Aktiwiteit 5 vir die projek.

<sup>47</sup> Sien Bylae B vir die Mini-biblioteek.

<sup>48</sup> Sien die onderwysersgids, Bylae C vir die assesseringskriteria vir die groepsprojek.

Die leeruitkomste en assesseringstandaarde waarop daar veral in Aktiwiteit 5 gefokus word, is onder andere:

#### **Leeruitkoms 4 Skryf**

Die leerder is daartoe in staat om verskillende soorte feitelike en kreatiewe tekste vir 'n verskeidenheid doeleindes te skryf (NKV, 2002:116).

**Assesseringstandaard 4.1** Skryf 'n wye verskeidenheid kreatiewe tekste: collage en plakkaat (NKV, 2002:117).

Aktiwiteit 5 bied integrasiesmoontlikheid met die leerarea Kuns en Kultuur<sup>49</sup>.

#### **Aktiwiteit 6<sup>50</sup>**

Leerders neem in groepe en individueel deel aan 'n *luisteropdrag*<sup>51</sup> waartydens na liedjies<sup>52</sup> in Afrikaanse streeksvariëteite geluister word.

Leerders kry die geleentheid om te luister hoe sommige van die Afrikaanse streeksvariëteite klink. Luister is nie 'n passiewe aktiwiteit nie, maar aktief en meelewend. Leerders luister om te geniet, te waardeer en te begryp dat Afrikaans in vele gestaltes voorkom.

Die afleidings en gevolgtrekkings<sup>53</sup> wat leerders maak nadat hulle na die liedjies geluister het, word op 'n informele wyse deur die onderwyser geassesseer.

Die leeruitkomste en assesseringstandaarde waarop daar veral in Leeraktiwiteit 6 gefokus word, is:

#### **Luister**

Die leerders is deur die leestekste<sup>54</sup>, besprekings, begeleide vrae en navorsing bewus gemaak van die wyse waarop Afrikaans ontstaan en ontwikkel het (onder andere deur die invloed van die Koina<sup>55</sup> en die ingevoerde Kaapse slawe<sup>56</sup>). Leerders luister na liedjies in hedendaagse subvariëteite van die

<sup>49</sup> Sien die onderwysersgids, Bylae C, vir die integrasiesmoontlikheid.

<sup>50</sup> Sien die voorbeeldsreeks, Bylae A, vir Aktiwiteit 6.

<sup>51</sup> Sien die voorbeeldsreeks, Bylae A, vir die luisteropdrag. Sien ook CD met luistertekste.

<sup>52</sup> Sien CD met luistertekste waarna leerders tydens die lesreeks luister.

<sup>53</sup> Vergelyk die voorbeeldsreeks, Bylae A, vir die vrae wat leerders moet beantwoord nadat hulle na die onderskeie liedjies geluister het.

<sup>54</sup> Vergelyk die voorbeeldsreeks, Bylae A, se leestekste in hierdie verband.

<sup>55</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.2.5, aangaande die rol wat die Koina in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

<sup>56</sup> Vergelyk Hoofstuk 2, par. 2.3.3.5, aangaande die rol wat die ingevoerde Kaapse slawe in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het.

historiese Oostelike, Westelike en Suidelike Afrikaanse variëteite wat die onderskeie invloede van die Hollanders, Koina en slawe in die ontwikkeling van die historiese Afrikaanse variëteite veronderstel.

Die leeruitkomste en assesseringstandaarde waarop daar in Aktiwiteit 6 gefokus word, is:

### **Leeruitkoms 1 Luister**

Die leerder is daartoe in staat om vir inligting en genot te luister en gepas<sup>57</sup> binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer (NKV, 2002:104:).

**Assesseringstandaard 1.2** Luister aandagtig vir spesifieke inligting: maak gevolgtrekkings; besin oor inligting en menings (NKV, 2002:105).

**Assesseringstandaard 1.6** Herken en aanvaar verskillende taalvariëteite (NKV, 2002:107).

### **Leeruitkoms 2 Praat**

Die leerder is daartoe in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer (NKV, 2002:108).

**Assesseringstandaard 2.4** Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan groepbesprekings deel te neem: bespreek belangrike vraagstukke soos sosiale en etniese kwessies; stel ondersoekende vrae; motiveer standpunte deur bewyse; lug menings; tref onderskeid ten opsigte van wanneer om sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens te toon (NKV, 2002:109).

### **Leeruitkoms 6 Taalgebruik en -struktuur**

Die leerder is daartoe in staat om klanke, woordeskat en grammatika van die taal aan te wend om tekste te skep en te interpreteer (NKV, 2002:126).

**Assesseringstandaard 6.5** Ontwikkel kritiese taalbewustheid (NKV, 2002:133).

Aan die einde van die lesreeks (sien Bylae A, p. 23) dui die leerders met behulp van 'n selfassesseringblad aan hoe hulle die lesreeks beleef het.

## **6.4 Gevolgtrekking**

Die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke milieu het met verloop van die eeue 'n bepalende rol ten opsigte van Afrikaans gespeel – óók wat die onderrig van die taalgeskiedenis van Afrikaans betref. Die ("wit") taal-

---

<sup>57</sup> Soos in die bewoording van die Leeruitkoms, gemeet aan die Assesseringstandaarde vir Luister (Vergelyk NKV, 2002:105-107).

geskiedenis van Afrikaans sedert 1875 is tydens die apartheidsregime oorskat en die rol wat die Koina en die slawe op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans uitgeoefen het, onderskat.

Die versweë gedeeltes van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 kan nou, danksy die “nuwe” Suid-Afrika en die NKV (die nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring vir Suid-Afrika) aan leerders bekendgestel en onderrig word. Bewuswording van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 kan hopelik aanleiding gegee tot respek en waardering vir die volle spektrum van Afrikaanse variëteite onder verskillende Afrikaanssprekende groepe.

Fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 kan binne die moontlikhede wat die NKV-raamwerk bied, onderrig word deur middel van ’n tematies georganiseerde, geïntegreerde UGO-lesreeks. Die Afrikaansonderwyser kan op dié wyse – soos die NKV (2002:3) van onderwysers verwag – bydra tot sosiale transformasie in Suid-Afrika. Dit kan gedoen word deur leerders se aandag onder andere op sosiale en interkulturele geregtigheid te vestig, asook deur respek vir die erfenis van tale (en veral vir hul eie taal) by leerders te laat ontwikkel.

Só ’n lesreeks (waarin fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 onderrig word) kan volgens ’n sirkelmodel saamgestel word. (Dié sirkelmodel, wat sentreer om tekste oor ’n bepaalde tema – en waaruit ’n verskeidenheid leeraktiwiteite voortspruit – is ontwikkel om aan Afrikaansmetodiekstudente die kringloop te verduidelik wat ’n geïntegreerde lesreeks veronderstel is om te voltooi.) Die voorbeeldlesreeks is saamgestel om ’n moontlike werkswyse aan Afrikaansonderwysers voor te stel om leerders van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 bewus te maak.

Die response van ’n studiepulasie (575 Graad 9-leerders en hulle sewe onderwysers) op hierdie voorbeeldlesreeks word in Hoofstuk 7 ondersoek en bespreek.

# HOOFSTUK 7

## Implementering van die voorbeeldlesreeks in die praktyk

uiteindelik vou ek die vertede toe  
knyp sy vlerke tussen duim en vinger vas  
tot hy veilig deur die gleuf in die geskiedenis glip

27 April deur Vincent Oliphant in "Versreise" (2001)

### Oriëntering

In Hoofstuk 6 is die doel<sup>1</sup> met en die samestelling<sup>2</sup> van die voorbeeldlesreeks<sup>3</sup> bespreek nadat daar bevind is dat die Nasionale Kurrikulumverklaring (2002) genoegsame ruimte<sup>4</sup> bied om leerders van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 bewus te maak. 'n Voorbeeldlesreeks is saamgestel aangesien die skool (in die besonder die Afrikaansklas) tereg deur Swanepoel (1995:57) as die aangewese *beginpunt* uitgewys is om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans onder die skoolgaande jeug te begin versprei.

### 7.1 Inleiding

Die *tematies georganiseerde, geïntegreerde voorbeeldlesreeks*<sup>5</sup> en meegaande *Mini-biblioteek*<sup>6</sup> is aan 575 Graad 9-leerders<sup>7</sup> van vyf doelmatig gekose, beskikbare skole (sien par. 7.2.1) as *deel van die normale onderrigprogram* gefasiliteer. Die doel hiermee was om die *response van dié leerders* op die voorbeeldlesreeks met fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as tema deur middel van selfassesseringsvrae (sien par. 7.3) vas te stel en ook (deur middel van 'n vraelys) die response van hulle sewe onderwysers. Die doel van die ondersoek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, was nie in die eerste plek om die kennis wat die leerders verwerf het, vas te stel nie – daar is reeds in Hoofstuk 6 aangetoon hoe

<sup>1</sup> Vergelyk Hoofstuk 6, par. 6.1 vir die *doel* van die voorbeeldlesreeks.

<sup>2</sup> Vergelyk Hoofstuk 6, par. 6.2 vir die *samestelling* van die voorbeeldlesreeks.

<sup>3</sup> Vergelyk Hoofstuk 6, par. 6.3 vir die *inhoud* van die voorbeeldlesreeks en Bylae A vir die voorbeeldlesreeks.

<sup>4</sup> Sien Hoofstuk 6, par. 6.2.2 vir die NKV-leerinhoud (2002) wat verband hou met die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans.

<sup>5</sup> Sien Bylae A.

<sup>6</sup> Vergelyk Bylae B vir die Mini-biblioteek. Die Mini-biblioteek is sodanig saamgestel dat dit leerders se aandag kan prikkel en hulle deur navorsing, selfontdekking, gevolgtrekkings en afleidings onder andere die ryk woordeskat van Afrikaans kan ontdek.

<sup>7</sup> Die hoogste verpligte skoolvlak.

die leerders se *kennis* deur 'n verskeidenheid leeraktiwiteite, wat deel uitmaak van die lesreeks, geassesseer<sup>8</sup> sou kon word.

Uit eie ondervinding<sup>9</sup> en uit gesprekke met veertien Afrikaansonderwysers (waarna daar in Hoofstuk 5, par. 5.4.1 en par. 5.4.2 verwys is) het dit na vore gekom dat leerders die taalgeskiedenis van Afrikaans in die verlede dikwels as oninteressant gevind het, waarskynlik omdat taalgeskiedkundige feite in transmissiestyl aan passiewe leerders oorgedra is. (Sien Hoofstuk 5, par. 5.6.1 en par. 5.6.2 in hierdie verband.)

Daar is in die tematies georganiseerde voorbeeldesreeks met taalgeskiedenis en -verskeidenheid as tema gepoog om leer ten opsigte van fasette van die taalgeskiedenis van Afrikaans

- *kontekstueel* (dit is aan die hand van visuele, geskrewe en ouditiewe tekste<sup>10</sup> – soos dit in 'n normale onderrigprogram veronderstel word – sien Hoofstuk 6, par. 6.3.3) en
- *geïntegreerd* (dit is deur die betrekking van ál die taalvaardighede – sien Hoofstuk 6, par. 6.3.4, par. 6.3.6 en par. 6.3.8)

te fasiliteer.

Die rasionaal van die implementering van die voorbeeldesreeks was om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 op só 'n wyse vir die Graad 9-leerders binne die studiepopulasie aan te bied dat die leerervaring vir die meeste van hulle positief is. Die vraag of die leerervaring vir die leerders aan wie die voorbeeldesreeks gefasiliteer is, positief was, word in hierdie hoofstuk beantwoord. Die leerders se *spontane* en *onbevang*e response<sup>11</sup> op die voorbeeldesreeks is – soos dikwels binne die UGO-benadering – deur middel van 'n selfassesseringsblad (sien Bylae A, p. 24) vasgestel.

Indien die leerders (vanuit verskillende sosiokulturele en -ekonomiese agtergronde) in geografiese gebiede waar verskillende hedendaagse subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite gehoor en gepraat word) positief op die voorbeeldesreeks sou repondeer, sou dit 'n goeie *aanduiding* daarvan wees dat leer ten opsigte van fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans wel in só 'n vorm gefasiliteer kan word dat leerders dit geniet om daarvan te leer.

In hierdie hoofstuk word die volgende vervolgens bespreek:

- die ondersoekprosedure,
- die evalueringsprosedure,

<sup>8</sup> Sien Bylae A (die voorbeeldesreeks) en Bylae C (die onderwysersgids) vir die verskillende assesseringvorme en assesseringskriteria aan die hand waarvan die leerders se kennis geassesseer kan word. Sien ook Hoofstuk 6, par. 6.3.8.

<sup>9</sup> Agtien jaar ondervinding in die praktyk as Afrikaansonderwyser.

<sup>10</sup> Binne die raamwerk van die NKV (2002) en binne die UGO-paradigma.

<sup>11</sup> Leerders se "Ja-reaksies" word vir die doel van hierdie studie as *positiewe reaksies* beskou en dié se "Onseker- en "Nee-reaksies" as *negatiewe reaksies*.

- die grafiese en narratiewe weergawe van die response van die studiepopulasie (575 Graad 9-leerders en hulle onderwysers) en
- die gevolgtrekking wat daaruit gemaak kan word.

## 7.2 Stappe van die ondersoekprosedure

Die stappe wat gevolg is om vas te stel hoe die studiepopulasie op die voorbeeldesreeks repondeer, is soos volg:

### 7.2.1 Bepaling van die studiepopulasie

Twaalf doelmatig gekose hoërskole binne die spraakgemeenskappe van Gauteng, die Noordwes-provinsie, Limpopo, die Noord-Kaap, die Wes-Kaap en die Oos-Kaap se Graad 9-onderwysers is deur middel van fakse genader om die voorbeeldesreeks aan bestaande Graad 9-klasse as deel van die normale onderrigprogram te fasiliteer.

Van die twaalf skole wat genader is, het aanvanklik sewe<sup>12</sup> tot vrywillige fasilitering van die voorbeeldesreeks ingestem, maar uiteindelik het slegs vyf die lesreeks gefasiliteer. Hierdie vyf skole is in drie geografiese gebiede geleë waar subvariëteite van die drie historiese Afrikaanse variëteite tans gehoor en gepraat word.

#### 7.2.1.1 Doelmatig gekose, beskikbare skole

Hierdie *vyf doelmatig gekose, beskikbare hoërskole* is in die Noordwes-provinsie, Gauteng, die Noord-Kaap en die Wes-Kaap geleë. Die rasionaal agter die keuse van hierdie skole was om leerders van verskillende spraaklandskappe, maar ook van verskillende sosiokulturele agtergronde, by hierdie ondersoek te betrek:

- Skole A, B en C kom binne die geografiese gebied voor waar hedendaagse subvariëteite van die *historiese Oostelike Afrikaanse variëteit* gepraat en gehoor word.
- Skool D is geleë binne die geografiese gebied waar hedendaagse subvariëteite van die *historiese Westelike Afrikaanse variëteit* gepraat en gehoor word.
- Skool E kom binne die geografiese gebied voor waar die hedendaagse subvariëteite van die *Suidelike Afrikaanse variëteit* gepraat en gehoor word.

---

<sup>12</sup> Twee van die sewe skole wat tot vrywillige fasilitering van die voorbeeldesreeks ingestem het, het onttrek. Hierdie twee skole is beide in die Wes-Kaap geleë – een 'n stedelike multikulturele parallelmedium en die ander 'n plattelandse skool met bruin leerders. Die een skool se onderwyser het die onderwys vir 'n politieke loopbaan verlaat en die tweede skool se onderwyseres het nie meer daarin belang gestel om die voorbeeldesreeks te fasiliteer nie.

Skole uit al drie gebiede en uit verskillende sosiokulturele agtergronde is betrek – nie met die doel om die bevindinge te veralgemeen nie, maar bloot om die onbevangende response van 'n geografies en sosiokultureel gediversifiseerde groep leerders op die lesreeks te verkry.

**Skool A** is in die Noordwes-Provinsie en kan as 'n groot plattelandse skool beskou word. Dit is 'n multikulturele skool, maar bestaan oorwegend uit wit (huistaal) Afrikaanssprekende leerders. Twee leerders het aangedui dat hulle huistaal Afrikaans sowel as Engels is en een het aangedui dat Setswana haar huistaal is. Die hedendaagse Oostelike Afrikaanse subvariëteit word hier gepraat. Twee verskillende Afrikaanssprekende onderwysers (wit en vroulik) het die Graad 9-leerders onderrig. Skool A se Graad-9-leerders het bestaan uit 171 meisies en 95 seuns.

**Skool B** is 'n groot skool in Gauteng met 'n sterk stedelike karakter. Skool B is ook 'n multikulturele skool wat oorwegend uit wit (huistaal) Afrikaanssprekende leerders bestaan. Twee leerders het aangedui dat Afrikaans én Engels beide hulle huistale is; een leerder het Engels as haar huistaal uitgesonder en twee praat Noord-Sotho. Die hedendaagse Oostelike Afrikaanse subvariëteit word hier gepraat. Twee verskillende Afrikaanssprekende onderwysers (wit en vroulik) het die Graad 9-leerders gefasiliteer. Skool B se Graad-9-leerders het bestaan uit 76 seuns en 133 meisies.

**Skool C** is 'n klein plattelandse skool in die Noordwes-provinsie. Dit is 'n multikulturele skool met wit, swart en bruin leerders. Die Graad-9-leerders is almal deur dieselfde onderwyser gefasiliteer. Die huistale van die groepe was Afrikaans en Setswana. Skool C se Graad-9-leerders het bestaan uit 22 meisies en 7 seuns. Die Afrikaanssprekende onderwyser was wit en vroulik.

**Skool D** is in die Noord-Kaap geleë en kan as 'n klein plattelandse skool beskou word. Dit is 'n multikulturele skool en bestaan uit ongeveer ewe veel bruin en wit leerders met Afrikaans as huistaal. Ek het waargeneem dat die leerders 'n subvariëteit van Oostelike Afrikaans (9 leerders) en/of subvariëteite van Westelike Afrikaans (13 leerders) praat. Dieselfde Afrikaanssprekende onderwyser (bruin en manlik) het 12 Graad 9-meisies en 10 Graad 9-seuns gefasiliteer.

**Skool E** is in die platteland van die Wes-Kaap geleë. Dit word deur slegs bruin leerders bygewoon. Die leerders se huistaal is die hedendaagse Suidelike Afrikaanse variëteit. Die 25 meisies en 18 seuns is almal deur dieselfde onderwyser gefasiliteer. Die Afrikaanssprekende onderwyser is bruin en vroulik.

#### **7.2.1.2 Graad 9-leerders en hulle onderwysers**

Sewe Afrikaansonderwysers van hierdie vyf skole het aan hierdie ondersoek deelgeneem deur *vrywillige fasilitering* van die voorbeeldlesreeks (Bylae A) aan bestaande Graad 9-groepe (575 leerders) as *deel van die normale onderrigprogram*. Die onderwysers wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, kon weens praktiese omstandighede nie gekies word nie. By sommige van die skole kon nie net een onderwyser die lesreeks by al die Graad 9-klasgroepe van die skool fasiliteer nie, aangesien groter skole twee onderwysers

het wat die Graad 9-klasgroepe deel. Voorgeskrewe navorsingsetiek<sup>13</sup> (Strydom *et al.*, 2005) is gevolg om 'n vertrouensverhouding met elke fasiliteerder op te bou. Dit het gemaklike kommunikasie van inligting in die hand gewerk.

### 7.2.2 Gesprekke met onderwysers

Ek het met die sewe Afrikaansonderwysers wat tot die vrywillige fasilitering van die voorbeeldlesreeks ingestem het, verkennende gesprekke gevoer en 'n werkswyse vir die fasilitering van die lesreeks voorgestel.

### 7.2.3 Fasilitering van die voorbeeldlesreeks

Afskrifte van die voorbeeldlesreeks (Bylae A) en die meegaande Mini-Biblioteek (vergelyk Bylae B) is aan die skole voorsien. Die onderwysers wat die lesreeks gefasiliteer het, het elkeen 'n onderwysergids (vergelyk Bylae C), 'n CD (om drie liedjies in hedendaagse subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite, as deel van die onderrigprogram, aan leerders voor te speel) asook witborde en -penne (vir groepwerk-aktiwiteite) ontvang. Die onderwysersgids bied aan die onderwysers begeleiding vir die fasilitering van die voorbeeldlesreeks.

Dit is moontlik dat veranderlikes soos leerders se vermoëns, onderwysers se entoesiasme, onderrigstrategieë en die leerders se belangstellingsvelde 'n rol kon speel by die fasilitering van die voorbeeldlesreeks. Die doel was egter nie om sulke veranderlikes te beheer nie, maar slegs om die response van die leerders en die onderwysers by skole in geografies en sosiokultureel gediversifiseerde agtergronde te verkry.

### 7.2.4 Evalueringsprosedure

Die leerders se response op die voorbeeldlesreeks is deur middel van *selfassesseringsvrae* (sien par. 7.2.4.1) vasgestel en die onderwysers wat die lesreeks gefasiliteer het, het 'n kort vraelys (sien par. 7.4) oor die fasilitering van die lesreeks ingevul.

#### 7.2.4.1 Response van die Graad 9-leerders op die voorbeeldlesreeks

Die Graad 9-leerders se positiewe of negatiewe response op die voorbeeldlesreeks (in die vorm van *self-assessering* aan die hand van tien stellings op 'n selfassesseringblad) is as deel van die normale onderrigprogram vasgestel. (Sien Bylae A, p.24 vir die selfassesseringblad.) Aangesien selfassessering 'n inherente en deurlopende deel uitmaak van die normale lesreeksverloop binne die NKV-raamwerk en die UGO-paradigma, is leerders aan hierdie assesseringstrategie gewoond omdat dit gereeld (aan die einde van lesreekse) dien as middel tot *selfrefleksie* (wat nooit bepunt word nie). Dié assesseringstrategie, asook die

---

<sup>13</sup>Geen skool, onderwyser of leerder se naam behoort, om vertroulikheidsredes, in die ondersoek vermeld te word nie (Strydom *et al.*, 2005).

fasilitering van die lesreeks volgens die UGO-benadering (sien Hoofstuk 6, par. 6.3.4), kon na my mening aanleiding gee tot die eerlike en spontane response van die leerders. Sodoende is die moontlike voorkoms van die bekende Hawthorne-effek<sup>14</sup> teëgewerk.

Die selfassesseringstrategie is, soos reeds genoem, nie gebruik om die leerders se *kennis* van die leerinhoud in die voorbeeldlesreeks te probeer toets nie (daarvoor sou 'n voor- en natoets nodig gewees het), maar om hulle *response* op die voorbeeldlesreeks, wat om fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sentreer, vas te stel. Die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek gemaak is, word nie beskou as algemeen geldend vir alle Graad 9-leerders in alle skole in Suid-Afrika nie.

Dit was bloot 'n *ondersoek* om 'n aanduiding daarvan te kry of die betrokke leerders positief op die taalgeskiedkundige leerinhoud, in die bepaalde formaat waarin die voorbeeldlesreeks gegiet is, sou responder.

#### **7.2.4.2 Response van die onderwysers op die voorbeeldlesreeks**

Die onderwysers wat die voorbeeldlesreeks vrywilliglik gefasiliteer het, is ook versoek om hulle beleving van die voorbeeldlesreeks aan die hand van 'n *vraelys* (Sien Bylae C, p.17) weer te gee. (Sien ook par. 7.4 en Tabel 7.4.1 vir die response van die onderwysers op die voorbeeldlesreeks.)

#### **7.2.4.3 Response word teruggestuur**

Die onderwysers wat die voorbeeldlesreeks gefasiliteer het, het na afloop van die lesreeks die leerders se selfassesseringsblaaie, asook die vraelyste waarop hulle eie response weergegee is, per gefrankeerde pos aan my teruggestuur.

#### **7.2.4.4 Verwerking van die response van die leerders op die voorbeeldlesreeks**

Die leerders se response op die voorbeeldlesreeks is, soos reeds aangedui, deur middel van 'n *self-assesseringsblad* (sien par. 7.3) waarop hulle op tien stellings<sup>15</sup> (sien Bylae A, p.24) moes responder, vasgestel. Frekwensies van die Ja-response is bereken en in persentasieformaat<sup>16</sup> tot histogramme<sup>17</sup> verwerk. Grafiese metodes om resultate weer te gee is dikwels verkieslik bo geskrewe verslae, aangesien dit die resultate kernagtig en helder aanbied en gevolgtrekkings duidelik daaruit voortvloei (Swanepoel *et al.*, 2006:25).

<sup>14</sup> Die geneigdheid om op al die vrae "Ja" te antwoord om hulle onderwyser te plesier of ter wille van verdienstelikheid.

<sup>15</sup> Sien Bylae A se selfassesseringsblad vir die tien stellings waarop die leerders responder het.

<sup>16</sup> Ter wille van visuele duidelikheid.


<sup>17</sup> Sien Grafieke 7.3.1 - 7.3.10.

### 7.3. Interpretasie van die leerders se response op die voorbeeldlesreeks

Die leerders se hulle response op die tien stellings van die selfassesseringsblad word vervolgens grafies voorgestel en kortliks bespreek.

#### 7.3.1 Stelling 1

*Stelling 1* is gebruik om vas te stel of die inhoud en trant van die tekste wat in die voorbeeldlesreeks gebruik is, byval<sup>18</sup> gevind het by die leerders.



Grafiek 7.3.1 Leerders se response op Stelling 1


Die gemiddelde persentasie van die Ja-response (79.8%, met 100% as hoogste en 60% as laagste waarde) dui daarop dat die inhoud en trant van die tekste wat as basis van die lesreeks gedien het, oor die algemeen byval gevind het by Graad 9-leerders van hierdie vyf skole.

Die relatief lae persentasie Ja-response by Skool E (60%) kan moontlik verbind word met die kommentaar van die onderwyser van Skool E dat die lesreeks vir die leerders van Skool E te lank geduur het, en dat dié leerders begin het om belangstelling daarin te verloor. (Sien Tabel 7.4.1 vir die kommentaar van die onderwysers op die lesreeks.)

<sup>18</sup> Dit ten spyte daarvan dat leerders soortgelyke inhoudes en temas, soos dit uit die gesprekke met 14 praktiserende onderwysers (sien Hoofstuk 5, par. 5.4.1 en par. 5.4.2) en uit eie ervaring blyk, dikwels oninteressant vind.

### 7.3.2 Stelling 2

*Stelling 2* wou vasstel of leerders bewus geword het van die herkoms van bepaalde Afrikaanse woordeskat-items.



Grafiek 7.3.2 Leerders se response op Stelling 2

Die meerderheid leerders ('n gemiddeld van 70,6%, met 85% as die hoogste en 53% as die laagste waarde) het gemeen hulle weet nou meer aangaande die herkoms van bepaalde woordeskat-items van Afrikaans.

Skool C se response op Stelling 1 was die hoogste (100%), maar hulle response op Stelling 2 is die laagste (53%). Skool C se onderwyser<sup>19</sup> het die geskrewe tekste (waarna Stelling 1 verwys) aan haar leerders voorgelees ter wille van die aantal swart leerders met Tswana as huistaal in haar groep. Dit verklaar moontlik die sterk positiewe respons. Skool C se response op Stelling 2 (53%) kan moontlik toegeskryf word aan die niemoedertaalsprekers van Afrikaans in die groep wat die betrokke woordeskat moeilik gevind.


Alhoewel die lesreeks vir die leerders van Skool E te lank was (sien Skool E se response op Stelling 1), het 'n groot meerderheid van hulle tog gemeen hulle het meer kennis opgedoen aangaande die ontstaan van Afrikaanse woorde (leenwoorde uit Koi- en slawetale) wat in die Afrikaanse woordeskat opgeneem is. Skool E kom in die geografiese gebied voor waar hedendaagse subvariëteite van die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit (hoofsaaklik gebaseer op die vroeëre interlekte van die slawe, sien Hoofstuk 2, par. 2.3.3.5), gehoor en gepraat word. Die hoogste positiewe waarde (85%) kan moontlik toegeskryf word aan die leerders se herkenning van hulle eie variëteit (sien ook die raampie op p. 21 en liedjie 3 van die voorbeeldlesreeks, Bylae A, wat aan die leerders voorgespeel is).

<sup>19</sup> Ek het waargeneem dat Skool C se onderwyseres 'n baie entoesiastiese Afrikaansonderwyseres is.

Die skool wat met die tweede hoogste waarde (75%) op Stelling 2 gerespondeer het, is Skool D. Skool D is in die geografiese gebied geleë waar hedendaagse subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit (hoofsaaklik gebaseer op die vroeëre intertekte van die Koina, sien Hoofstuk 2, par. 2.3.2.5) gehoor en gepraat word. Skool D se Afrikaansonderwyser en leerders is sprekers van hierdie subvariëteit. Die response (75%) van hierdie leerders kan moontlik ook daaraan toegeskryf word dat hulle hul eie variëteit herken het (sien ook die raampie op p. 21 en liedjie 2 van die voorbeeldesreeks, Bylae A, wat aan die leerders voorgespeel is).

### 7.3.5.3 Stelling 3

*Stelling 3* wou vasstel of die leerders se bewuswording van die herkoms en ontwikkeling van Afrikaans vir hulle 'n positiewe beleving was.



Grafiek 7.3.3 Leerders se response op Stelling 3


Die meerderheid leerders was positief ('n gemiddeld van 73,2% met 83% as die hoogste en 61% as die laagste waarde) om meer te wete te kon kom aangaande die herkoms van Afrikaans. Dit bevestig waarskynlik dat die tematies georganiseerde tekste wat in die voorbeeldesreeks gebruik is om leerders van fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewus te maak, oor die algemeen positief ervaar is.

Skool C se relatief lae waarde (61%) is waarskynlik (soos by Stelling 2) meegebring deur die aanwesigheid van niemoedertaalsprekers<sup>20</sup> in hierdie skool se Graad 9-groep. Hulle was waarskynlik nie so positief om meer van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans te wete te kom soos die moedertaalsprekers van die ander skole (Skool A, B, D en E) nie.

<sup>20</sup> Ongeveer een derde van Skool C se Graad 9-groep is moedertaalsprekers van Tswana.

### 7.3.4 Stelling 4

*Stelling 4* is aan die leerders gestel om vas te stel of hulle die afleiding uit die voorbeeldesreëks kon maak dat Afrikaans tot stand gekom het deur die samekoms van mense uit die Ooste, Weste en Afrika.



Grafiek 7.3.4 Leerders se response op Stelling 4


Slegs 'n gemiddeld van 58,8% (met 70% as die hoogste en 45% as die laagste waarde) van die leerders se response was positief. Hierdie gemiddeld dui na my oordeel daarop dat die voorbeeldesreëks die leerders (en die onderwysers<sup>21</sup>) nie *genoegsaam* daarvan bewus kon maak dat Afrikaans die resultaat is van die samekoms van drie kontinente se mense se tale aan die vroeë Kaap nie. Daar behoort in toekomstige lesreëkse (wat ten doel het om leerders bewus te maak van die inklusiewe herkoms van Afrikaans) meer aandag aan hierdie aspek geskenk te word.

Die feit dat baie leerders nie so positief op hierdie stelling gerespondeer het nie, is na my mening ook 'n sterk aanduiding dat leerders nie bloot *Ja* geantwoord het omdat hulle gedink het dit word van hulle verwag nie. Selfassessering, 'n vorm van selfrefleksie wat nie bepunt word nie, is in hierdie ondersoek as "meetinstrument" aangewend om leerders se onbevange response te verkry en om die Hawthorne-effek teë te werk.

<sup>21</sup> Dit het uit die gespreksgeleenthede (sien weer Hoofstuk 5, par. 5.4 en Tabel 4.5) met 14 onderwysers na vore gekom dat die meeste van hulle nie oor genoegsame agtergrondkennis beskik om die herkoms van subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite aan leerders te kan verduidelik nie.

### 7.3.5 Stelling 5

*Stelling 5* wou vasstel of die leerders deur die voorbeeldesreeks bewus geword het daarvan dat verskillende Afrikaanse variëteite bestaan.




Grafiek 7.3.5 Leerders se response op Stelling 5

Die meerderheid leerders ('n gemiddeld van 70,6%, met 82% as die hoogste en 50% as die laagste waarde) van die leerders het wel bewus geword van die bestaan van verskillende Afrikaanse variëteite. Ek skryf dit toe aan die luistertekste (die liedjies op die CD) waarin drie subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite gehoor (en herken) kon word.

Aangesien daar in die lesreeks hoofsaaklik van luistertekste gebruik gemaak is om die leerders van die verskillende variëteite bewus te maak vermoed ek dat Skool C se lae persentasie Ja-response waarskynlik toe te skryf is daaraan dat Tswanasprekende leerders nie duidelik onderskeid kon tref tussen die verskillende variëteite wat in die liedjies voorkom nie.

### 7.3.6 Stelling 6

*Stelling 6* wou vasstel of die leerders deur middel van die voorbeeldesreeks daarvan bewus geword het dat bepaalde Afrikaanse variëteite ontstaan het uit die pogings van die Koina en die slawe om Nederlands/Afrikaans te praat.



Grafiek 7.3.6 Response van leerders op Stelling 6

Dit is uit die response van die leerders (én onderwysers) vir my duidelik dat die voorbeeldesreeks nie daarin geslaag het om die leerders daarvan bewus te maak dat Afrikaans onder andere ontstaan het uit die pogings van die Koina en die slawe om Nederlands/Afrikaans te praat nie<sup>22</sup>. Slegs 'n gemiddeld van 41% (met 50% as die hoogste en 32% as die laagste waarde) van die leerders het positief op hierdie stelling gerespondeer. Hierdie response van die leerders (soos dié van die leerders op Stelling 4) dui na my mening ook daarop dat die Hawthorne-effek waarskynlik nie 'n groot rol gespeel het nie.

Te oordeel na die negatiewe response op Stelling 6, het hierdie leerders wel bewus geword van die *bestaan* van verskillende Afrikaanse variëteite (vergelyk Stelling 5), maar nie van die *herkoms* van die subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite (vergelyk Stelling 6) nie.


Die response van die leerders op Stelling 6 bevestig ook na my mening dat die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 (soos in Hoofstuk 2 beskryf en in Hoofstuk 5 na vore gebring) onder andere as gevolg van bepaalde sosiopolitieke ideologieë in die onderrigprogramme van skole nie tot hulle reg gekom het nie en ook nie by Afrikaansonderwysers se opleiding ingesluit is nie. Dit kon moontlik daartoe bygedra het dat die onderwysers wat die lesreeks gefasiliteer het, nie oor genoegsame kundigheid<sup>23</sup> aangaande die herkoms van die Afrikaanse variëteite beskik het om dit eksplisiet tydens die fasilitering van die lesreeks na vore te kon bring nie.

<sup>22</sup> In Hoofstuk 1, par. 1.1 en 1.1.3, Hoofstuk 2, par. 2.5 en Hoofstuk 4, par. 4.1, par. 4.1.1.1-4.1.2.3 is aangetoon dat die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 dikwels (vanweë bepaalde ideologieë) verswyg is. *Die response op Stelling 6 bevestig myns insiens dat die versweë fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 bekendgemaak behoort te word en dat die skool tereg die aangewese plek is om daarmee te begin.*

<sup>23</sup> Dié aspek het tydens die fokusgroepgesprekke met die Afrikaansonderwysers ook na vore gekom. (Sien weer Hoofstuk 5, par. 5.4 en Tabel 5.4). Die opleiding van hierdie onderwysers kon ook plaasgevind het binne die sosiopolitieke milieu waarin niestandaardvorme soos die subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite as "onbeskaafde vorme" beskou is. (Sien weer Hoofstuk 4, par. 4.1.1.1.)

### 7.3.7 Stelling 7

*Stelling 7* is 'n algemene stelling wat aan die leerders gestel is en het nie direk betrekking op die lesreeks nie. Ek wou slegs vasstel of die leerders wel trots voel op die bepaalde Afrikaanse variëteit wat hulle praat.



Grafiek 7.3.7 Response van leerders op Stelling 7


Die meerderheid leerders se positiewe response (n gemiddeld van 87.0% met 98% as die hoogste en 77% as die laagste waarde) dui daarop dat hulle trots voel op die soort Afrikaans wat hulle praat. Ek is egter nie seker of hierdie leerders werklik van die verskillende variëteite van Afrikaans bewus was nie, en of hulle bloot aanvaar het dat *Standaardafrikaans* die soort Afrikaans is waarna daar in Stelling 7 verwys word nie.

Ek het waargeneem dat die leerders (en selfs van hulle onderwysers) nie seker was watter variëteit van Afrikaans hulle praat nie en watter variëteit hoofsaaklik in hulle gebied voorkom nie. Tydens die gespreksgeleentheid met die onderwysers het dit ook na vore gekom dat een van hierdie onderwysers selfs na sy eie hedendaagse subvariëteit van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit as "kombuis-Afrikaans" verwys het.

In hierdie opsig skiet die voorbeeldesreeks tekort; daarom behoort daar in toekomstige lesreekse met hierdie tema meer aandag geskenk te word aan die verskillende Afrikaanse variëteite wat bestaan en in bepaalde geografiese gebiede gebruik word.

### 7.3.8 Stelling 8

*Stelling 8* is aan die leerders gestel om vas te stel of hulle daarvan bewus is dat die Afrikaanse standaardvariëteit nie 'n beter of mooier variëteit as ander variëteite is nie.



**Grafiek 7.3.8** Leerders se response op Stelling 8


Die leerders se response op Stelling 8 ('n gemiddelde positiewe response van 63,6% met 79% as die hoogste en 42% as die laagste waarde) toon na my mening op 'n mate van *onsekerheid* daaroor of een soort Afrikaans mooier of beter as 'n ander soort Afrikaans is.

Dit is veral die response van skool D (geleë in die geografiese gebied waar subvariëteite van die historiese Westelike Afrikaanse variëteit gehoor en gepraat word) wat na my mening daarop ui dat die persepsie nog steeds bestaan dat bepaalde Afrikaanse variëteite as "onbeskaafd" beskou word. Tydens die gespreksgeleentheid (soos reeds by Stelling 7 uitgewys is), het hierdie leerders se onderwyser op 'n afwysende manier van sy en sy leerders se subvariëteit gepraat.

Die feit dat alle variëteite gelykwaardig is (en deel uitmaak van die Afrikaanse taalskat), kon meer in die voorbeeldesreeks beklemtoon gewees het en behoort meer aandag te geniet in toekomstige lesreekse met so 'n tema.

### 7.3.9 Stelling 9

*Stelling 9* is aan die leerders gestel om te bepaal of die leerders daarvan bewus was dat die Afrikaanse variëteite die Afrikaanse taal verryk.




**Grafiek 7.3.9** Leerders se response op Stelling 9

Die response van Skool D korreleer met hulle response op Stelling 8 en kan na my mening daaraan toe te skryf wees dat hulle ander variëteite as die standaardvariëteit nie hoog genoeg aanslaan nie. Die response van 50% van die leerders kan na my mening die afwysende persepsie van hulle onderwyser weerspieël.

Die oorwegend positiewe response van die ander skole (A met 78%, B en C met 80% en E met 77%) kan na my oordeel grootliks toegeskryf word aan die ouditiewe blootstelling van die leerders aan die betrokke variëteite van Afrikaans (liedjies in verskillende variëteite, wat as deel van die lesreeks is aan leerders voorgespeel is). Drie van die vyf skole se onderwysers het van hulle leerders se positiewe response op die liedjies gewag gemaak (sien Tabel 7.4.2). Die response van die leerders op Stelling 9 korreleer met hulle response op Stelling 5 waar hulle te kenne gegee het dat hulle bewus geword het van die bestaan van die verskillende Afrikaanse variëteite (waarskynlik ook danksy die ouditiewe blootstelling aan verskillende variëteite).

#### 7.3.10 Stelling 10

*Stelling 10* is (soos *Stelling 7*) ook 'n *algemene stelling* wat aan die leerders gestel is en het nie direk betrekking op die lesreeks nie. Ek wou slegs vasstel of die leerders die verskillende soorte Afrikaans en hulle sprekers *erken* en *waardeer*.



**Grafiek 7.3.10** Leerders se reaksie op Stelling 10

Die leerders se response op Stelling 10 ('n gemiddeld van 79,0%, met 90% as die hoogste en 71% as die laagste waarde) was oorwegend positief. Skool D (75%) en Skool E (70%) het oorwegend bruin leerders wat subvariëteite van die historiese Westelike en Suidelike Afrikaanse variëteite praat. Die twee skole se response was minder positief as dié van die skole met oorwegend wit leerders. Skole D en E se reaksie dui na my mening moontlik op 'n mate van onsekerheid oor die status van hulle eie variëteite.

Vervolgens word die onderwysers wat tot die vrywillige fasilitering van die voorbeeldesreeks ingestem het se eie response op die voorbeeldesreeks weergegee (vergelyk Tabel 7.4.1) asook hul ervaring van die leerders se beleving (vergelyk Tabel 7.4.2) daarvan.

#### 7.4 Interpretasie van die onderwysers se response op die voorbeeldlesreeks

Die onderwysers is versoek om na afhandeling van die voorbeeldiesreeks die onderstaande vraelys (Tabel 7.4.1) oor die lesreeks in te vul.

	Ja	Onseker	Nee
1. Ek stem saam dat Afrikaans nie alleenlik uit Nederlands ontstaan het nie, maar dat die Koina en die slawe se invloed ook bygedra het tot Afrikaans soos ons dit vandag ken			
2. Die leerders se bewuswording van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf Jan van Riebeeck se landing aan die Kaap (1652) verdien ook aandag in die kurrikulum.			
3. Ek is van mening dat leerders tydens 'n geïntegreerde lesreeks van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans bewus gemaak kan word deur byvoorbeeld 'n interessante teks wat oor die ontstaan van Afrikaans handel, te gebruik.			
4. Die leerders se bewuswording van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf Jan van Riebeeck se landing aan die Kaap (1652) kan in die klaskamer bydra tot wedersydse waardering by alle Afrikaanssprekendes.			
5. Ek is positief oor die moontlikhede wat die NKV aan die Afrikaansonderwyser bied om die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans met leerinhoude te integreer.			

Tabel 7.4.1 Die vraelys vir onderwysers na die fasilitering van die voorbeeldiesreeks

Die onderwysers wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, het soos volg op die vrae gerespondeer:

Op vrae 1, 2 en 3 het al sewe onderwysers *Ja* geantwoord.

Slegs een van die sewe onderwysers was *Onseker* oor vraag 4 terwyl die ander ses *Ja* geantwoord het.

Drie onderwysers was *Onseker* oor vraag 5, en vier het *Ja* op die vraag geantwoord.

Uit die response van hierdie onderwysers het dit na vore gekom dat hulle Afrikaans nie as 'n eksklusiewe "witmanstaal" beskou nie. Die onderwysers was dit ook almal met mekaar eens dat dit wel moontlik is om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans by 'n geïntegreerde lesreeks in te sluit. Uit die gespreksgeleentheid met een van die bruin Afrikaansonderwysers het dit egter geblyk dat daar by haar twyfel bestaan of die basiese agtergrondkennis oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans werklik tot wedersydse waardering onder alle Afrikaanssprekendes kan bydra. Ek is van mening dat dit waarskynlik toe te skryf is aan dié onderwyser se sosiopolitieke mening (soos uit ons gesprek na vore gekom het) dat daar (as gevolg van die apartheidsjare) 'n té groot verwydering tussen die verskillende groepe Afrikaanssprekendes ontstaan het.

Uit die gesprekke wat met 14 onderwysers (waarna daar in Hoofstuk 5, par. 5.4.1 en par. 5.4.2 verwys is, insluitend hierdie vyf onderwysers) gevoer is, het dit geblyk dat die meerderheid onderwysers onseker is oor hoe wyd die NKV geïnterpreteer kan/mag word. (Sien Hoofstuk 5, par. 5.7 in hierdie verband.)

Die onderwysers is ook versoek om algemene kommentaar te lewer (sien Tabel 7.4.2) oor die voorbeeldlesreeks.

- "Die leerders het baie geleer."
- "Die leerders het die dagboekinskrywings in die besonder baie geniet, maar dit het my ook gewys dat die leerders hulle nie met die omstandighede van die Kaap gedurende die sewentiende eeu kon vereenselwig nie."
- "Dit het die leerders se belangstelling geprikkel."
- "Dankie vir die voorbeeldes, ek gaan dit elke jaar gebruik."
- "Die lesreeks het tot beter begrip by die leerders se taal en kultuur bygedra."
- "Die leerders het die liedjies baie geniet. Dit is jammer dat daar net drie liedjies was."
- "Die leerders se belangstelling is definitief deur die lesreeks geprikkel en wou meer aangaande die Koina en die slawe hoor."
- "Kinders ken nie meer die geskiedenis nie."
- "Die leerders ken nie meer die geskiedenis van Jan van Riebeeck nie. Dit het my verras dat hulle belanggestel het om van hierdie geskiedenis te hoor."
- "Die lesreeks het 'n leernte in die leerders se opvoeding gevul!"
- "Alhoewel die groepe groot was en die groepwerk raserig, het die leerders naslaanopdragte in die Mini-biblioteek geniet."
- "Die witborde was 'n nuutjie vir die leerders."
- "Ek het ook geleer."
- "Waar kan ek soortgelyke lesse kry?"
- "Die leerinhoude het die leeruitkomste gedek."
- "Baie verrykend en leersaam."
- "Die lesreeks was te lank en leerders het begin om belangstelling te verloor."
- "Die leerders het die lees- en luistertekste geniet."
- "Die keuse van die liedjies was oulik."
- "Goed met sosiale wetenskappe verbind."
- "Daar was leerders wat deurmekaar geraak het met die teks en die meegaande inligting."
- "Navorsing was vir my en my leerders 'n nuwe ervaring."

**Tabel 7.4.2 Algemene kommentaar van onderwysers na afhandeling van die voorbeeldlesreeks**

Uit Tabel 7.4.2 kan afgelei word dat die onderwysers wat die voorbeeldlesreeks gefasiliteer het, oor die algemeen positief was oor die voorbeeldlesreeks.

## 7.5 Gevolgtrekking

Die doel met die *samstelling* van die voorbeeldlesreeks was ook om aan Afrikaansonderwysers 'n moontlike werkswyse binne die NKV-raamwerk en UGO-paradigma te bied om die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 te onderrig sodat leerders dit geniet om dit te leer.

Die doel met die *implementering* van die voorbeeldlesreeks was om vas te stel hoe die Graad 9-leerders van vyf skole *repondeer* op die voorbeeldlesreeks wat fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 as tema het. 'n Selfassesseringsblad met tien stellings waarop in die proses van selfrefleksie positief of negatief gerespondeer moes word, is as "meetinstrument" gebruik omdat – nie in die eerste plek kennis getoets wou word nie – die onbevange response van die leerders op die lesreeks in sy geheel verkry wou word. Tydens die interpretasie van die leerders se response het ek beseft dat fyner genuanseerde response van die leerders verkry sou kon word indien 'n Lickert-skaal, in plaas van blote Ja- en Nee-response, gebruik sou word. Ek is egter van oordeel dat die sterk positiewe response van die meerderheid van die 575 Graad 9-leerders, gerugsteun deur die ewe sterk positiewe response van hul onderwysers duidelik laat blyk dat hierdie "meetinstrument" tot in sy doel geslaag het.

Ten opsigte van die trant en inhoud van die voorbeeldlesreeks se tematies georganiseerde tekste (skriftelik en ouditief) met die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as tema, was die meerderheid leerders se beleving daarvan positief. Drie van die vyf skole se onderwysers het ook besonder positief op die insluiting van die liedjies in hedendaagse subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite gerespondeers (vergelyk Tabel 7.4.2). Dié liedjies het leerders bewus gemaak van die bestaan van variëteite in Afrikaans. Die meerderheid leerders was van mening dat die variëteite van Afrikaans die taal ryker en kleurvoller maak en dat die taalgebruikers van die variëteite erken en waardeer behoort te word.

Die voorbeeldlesreeks kon egter nie daarin slaag om die leerders van die *herkoms* van die variëteite van Afrikaans – die pogings van die Koina (sien Hoofstuk 2, par. 2.3.2.5) en slawe (sien Hoofstuk 2, par. 2.3.3.5) om Afrikaans te praat – bewus te maak nie (sien Stelling 6) en om leerders te laat beseft dat alle variëteite van Afrikaans as gelykwaardig beskou behoort te word nie (sien Stelling 8). Hierdie aspek behoort ook in toekomstige lesreekse met die variëteite van Afrikaans as tema besondere aandag te geniet.

Te oordeel na die kommentaar van die onderwysers (sien Tabel 7.4.2), het die leerders die voorbeeldlesreeks leersaam en verrykend gevind en is die leerders se belangstelling daardeur geprikkel – nie net ten opsigte van die taalgeskiedenis van Afrikaans nie, maar ook ten opsigte van geskiedenis in die algemeen. Volgens die onderwysers het die leerders ook die navorsingsaktiwiteite geniet.

Die feit dat die voorbeeldlesreeks byval gevind het by die betrokke onderwysers én leerders dui daarop dat sulke lesreekse met goeie vrug gebruik kan word as die beginpunt (én voorsettingspunt) om leerders in die

Senior Fase van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewus te maak. Die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans kan na my mening een keer per jaar die tema wees van lesreekse wat aan leerders in die Senior Fase (huistaal) gefasiliteer word.

In die volgende hoofstuk word die vernaamste *bevindings* van hierdie studie weergegee en word *aanbevelings* met die oog op die toekoms gemaak.

# HOOFSTUK 8

## Gevolgtrekking en bydrae van die studie

“Elke geslag gaan opnuut met die geskiedenis om en die vrae wat aan die verlede gestel word, verskil dienooreenkomstig. Maar is daar 'n essensiële geskiedenis pakket waarvan elke jong Suid-Afrikaner kennis moet neem?” (Grundlingh:2007:21).

### Oriëntering

In die slothoofstuk word die mate waarin hierdie studie se primêre en sekondêre doelstellings bereik is en die bydrae daarvan tot die studieterrein van Afrikaans bespreek, asook verdere navorsingsmoontlikhede blootgelê.

### 8.1 Inleiding

Verskeie oproepe van taalkundiges soos Carstens en Du Plessis (aan Jacobs, 2007:28-29), Willemsse (2006:14), Gerwel (2005a:16, 2004a:20), Alexander (aan Retief, 2004:16), politici soos De Klerk (2007), historici soos Giliomee (2004a:41-42), kunstenaars soos De Villiers (aan Retief, 2006:vii) en joernaliste soos Du Preez (2007:4) en De Vries (2007:3) om die *inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652* bekend te maak, word tans in Suid-Afrika verwoord (sien Hoofstuk 1, par. 1.1). Le Roux (2007) beklemtoon in hierdie verband tydens die Klein Karoo Nasionale Kunstefees dat, indien Suid-Afrikaners in die Suid-Afrikaanse “legkaart” wil inpas, elkeen moet weet waar hy/sy vandaan kom. Die *toekomsdoel* van hierdie studie is om aan Afrikaanssprekendes (en ander Suid-Afrikaners) te wys hoe die *Afrikaanse taalgeskiedenislegkaart* saamgestel is.

Hoe die Afrikaanse *taalgeskiedenislegkaart* inmekaar steek, was (is) nie duidelik nie, aangesien die studie van Afrikaans aanvanklik slegs dele van die volle spektrum van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans behels het. In die bestudering van die geskiedenis van Afrikaans het verskillende akademici op verskillende aspekte van die geskiedenis gekonsentreer (sien Hoofstuk 1, par. 1.1). Dié akademici se verskillende perspektiewe en fokuspunkte kom tans nog verspreid in 'n wye verskeidenheid bronne voor. Die onderhawige studie behels die *verrekening* van die bydraes van alle rolspelers (die Kaapse setlaars, die inheemse Koina en die ingevoerde slawe) in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf 1652 (sien Hoofstuk 2) in 'n enkele bron sodat die wyse waarop die dele van die *taalgeskiedenislegkaart* van Afrikaans inmekaar pas, duidelik word.

In hierdie studie is daar gepoog om die *inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans* vanaf 1652 in perspektief te stel (sien Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3) en die verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans (sien Hoofstuk 4) teen die sosiopolitieke agtergrond waarbinne dit gevorm is, in één bron te konsolideer. Die dryfveer hieragter was onder andere om aan Afrikaanssprekendes te toon hoe die *Afrikaanse taallegkaart* saamgestel is om die “skeefgetrekte” geskiedenis van Afrikaans reg te stel (sien Hoofstuk 1, par. 1.2). Die *Afrikaanse taallegkaart* het tot stand gekom danksy die *wisselwerking* van Europese groepe uit die Weste, inheemse groepe uit Afrika en ingevoerde slawe uit die Ooste (sien Hoofstuk 2). Kennis hiervan en insig hierin kán na my mening uiteindelik ’n bydrae lewer tot die versoeningsproses onder Afrikaanssprekendes (en ander Suid-Afrikaners). Daarom behoort Afrikaanssprekendes van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 bewus gemaak te word. Dit kan gedoen word deur die skool (spesifiek die Afrikaansklas en huistaalleerders in die Senior Fase) as vertrekpunt te gebruik. Fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 is aan Graad 9-leerders gefasiliteer deur middel van ’n voorbeeldesreeks (sien Hoofstuk 7). Die meerderheid van hierdie leerders se positiewe response op die voorbeeldesreeks het bevestig dat leerders wel deur sulke lesreekse van fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis bewus gemaak sou kon word (sien Hoofstuk 8).

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die volgende aspekte:

- die mate waarin die doelstellings van die studie (gemeet aan die probleemstellings) bereik is;
- ’n samevatting van die studie se hoofstukke;
- die gevolgtrekking oor die bydrae van die studie;
- aanbevelings oor hoe kennis aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 onder die breë Afrikaanssprekende gemeenskap versprei kan word, en
- verdere navorsingsmoontlikhede wat deur die studie blootgelê is.

## **8.2 Doelstellings van die studie**

Die vroeëre onverteenvoordigende aanbod van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 (en selfs vroeër) is in sy gedokumenteerde vorm nie volledig verteenwoordigend van sy totale sprekerskorps van die taal nie, en daar is in hierdie studie gepoog om ’n bydrae te lewer tot hierdie regstelling.

In die verlede is die beskouings oor die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bepaal deur die sosiopolitieke milieu waarbinne dit bestaan het. Politieke maghebbers het voortdurend die een of ander taalbeleid afgedwing en taalnasionalisme deel van politieke nasionalisme gemaak. Die Chomskiaanse homogeniteitsbeginsel (vergelyk Hoofstuk 4, par. 4.1.1.1) het die vorige maghebbers in Suid-Afrika

gepas, en daar is hoofsaaklik op die Europese herkoms van Afrikaans gefokus om die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans te verklaar.

Die opkoms van wit nasionalisme en “wit” taalpurisme in Suid-Afrika het die werklike taalhistoriese feite weerspreek, en dit het daartoe gelei dat die rol wat die Koina (sien Hoofstuk 2, par. 2.3.2) en die ingevoerde slawe (sien Hoofstuk 2, par. 2.3.3) in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, geminimaliseer is. Sosiopolitieke ideologieë het ook daartoe gelei dat die rol wat nie-Europese tale in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, uit die wetenskaplike beskouing van Afrikaans geweier is om die mite van die “wit” herkoms<sup>1</sup> van Afrikaans te bewaar (sien Hoofstuk 4, par. 4.1.2.1). Daardeur is die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans skeefgetrek, en dit het aanleiding gegee tot 'n *verdeelde en verdelende weergawe* van die taalgeskiedenis van Afrikaans.

Die primêre doelstellings van hierdie studie was om die *inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis* van Afrikaans vanaf 1652 (en selfs vroeër), waarin die invloed van die bepaalde sosiopolitieke milieu daarop duidelik na vore kom, in één (veral vir praktiserende en aspirantonderwysers) toeganklike bron te konsolideer, aangesien so 'n bron nog nie bestaan het nie en om die *verskillende ontstaansperspektiewe* (40) van Afrikaans (teen die sosiopolitieke milieu waarbinne dit gevorm is) chronologies te orden, te sintetiseer, en te beoordeel volgens die mate waarin die bydraes van die Nederlandse matielek en die interlekte van die Koina en die slawe daarin verreken is.

*Met hierdie studie is gepoog om die skeefgetrekte geskiedenis van Afrikaans te herstel deur die rol van ál die rolspelers in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans in 'n inklusiewe beskrywing te erken.* Dit is gedoen, aangesien kennis van en insig in die bydraes wat ál die rolspelers (die Europeërs, die Koina en die slawe) in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gelewer het, kan: “... help om die pynlike gedeelte verlede van wit en bruin/swart in Afrikaans te verstaan en dit mettertyd só te hanteer dat dit ons nie as gyselaars van ons verlede aanhou nie, maar ons wel in voeling met die verlede hou” (Rossouw, 2004b:17).

Die sekondêre doelstelling van hierdie studie was om fasette van die *inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis* van Afrikaans vanaf 1652, soos dit in Hoofstuk 2 herskryf is, binne die moontlikhede wat die NKV-raamwerk en UGO-paradigma bied, in 'n interaktiewe *lesreeksvorm* te giet en aan Graad 9-leerders te fasiliteer om vas te stel hoe die meerderheid leerders en onderwysers daarop sou reageer.

Alvorens daar tot 'n gevolgtrekking gekom word oor die bydrae van hierdie studie – met betrekking tot die bereiking van die doelstellings daarvan – word 'n samevatting van die kerninhoud van Hoofstuk 2 tot 7 gegee.

---

<sup>1</sup> Verswyg as gevolg van bepaalde sosiopolitieke filosofieë.

### 8.3 'n Samevatting van Hoofstukke 2 tot 7

#### Hoofstuk 2

In Hoofstuk 2 is die ontmoeting van mense, tale en kulture van drie uiteenlopende kontinente (Afrika, Europa, Asië) gedurende die sewentiende en agtiende eeue aan die suidpunt van Afrika en die Kaapse *multitalige en -kulturele samelewing* wat daaruit ontstaan het, bespreek. Die *assimilasie* en *integrasie* van die inheemse Koina en die ingevoerde Oosterse slawe in die Westerse Kaapse samelewing het 'n rol gespeel ten opsigte van sosiokulturele, en -linguistiese aspekte in die vroeë Kaap. Hierdie multitalige samelewing het aanleiding gegee tot die *evolusie* van die *historiese Westelike* (die Koina se aanleedersvorm van Nederlands), *Suidelike* (die slawe se aanleedersvorm van Nederlands) en *Oostelike Afrikaanse* (Kaapse setlaars se taal) *variëteite*. In die verlede is die rol wat die Koina en die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, onderbeklemtoon en die "wit" Afrikaanse taalgeskiedenis oorbeklemtoon.

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die onderskeie rolle van die *Koina*, *die slawe*, die *Kaapse setlaars* en *VOC-seevaarders* in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans teen die agtergrond van die vroeë Kaapse sosiopolitieke milieu in 'n gebalanseerde perspektief te stel – in teenstelling met die vroeëre eensydige beklemtoning van die Nederlandse aandeel in die wording van Afrikaans en die geringskating van die bydraes van die inheemse Koina en ingevoerde slawe.

#### Hoofstuk 3

In Hoofstuk 3 word die veranderde taalomstandighede in Suid-Afrika gedurende die agtiende en negentiende eeu beskryf teen die agtergrond van die bepaalde sosiopolitieke milieu waarin dit afspeel. Afrikaanssprekendes trek die binneland in, Britse immigrante stroom Suid-Afrika binne, inheemse Afrika-taalsprekers migreer uit die binneland, twee Boererepublieke wat Nederlands as die amptelike taal erken, word in die noorde van die land gestig, die Anglo-Boereoorlog breek uit (1899) en gee aanleiding tot die verdere ontwaking van nasionalisme in die Boererepublieke (en agt jaar ná die oorlog by Kaapse Afrikaanssprekendes). Na afloop van die Anglo-Boereoorlog dra die Engelse maghebbers se verengelsingsbeleid by tot taal- en kulturele veranderinge in Suid-Afrika ten gunste van Engels. Die feit dat Engelssprekendes aan bewind gekom het, het politieke, ekonomiese, kulturele, sosiale en taalveranderinge vir die Afrikaanstalige konteks meegebring. Die verengelsingsbeleid van die Britse maghebbers lei tot die onverwagte: die kultivering van Nederlands en die opkoms van Afrikaans as selfstandige taal wat aan hoë én lae taalfunksies voldoen.

Die eerste skrywers van Afrikaanse tekste was hoofsaaklik niemoedertaalsprekers, en hulle het die variëteite van Afrikaanssprekendes spottenderwys weergegee, met die gevolg dat dit gestigmatiseer is.

Gedurende die negentiende en twintigste eeu vier Afrikanernasionalisme hoogty en word die mite dat Afrikaans uitsluitlik 'n Germaanse en "wit" oorsprong het, lewendig gehou. 'n Aggressiewe Afrikanertaalnasionalisme word toenemend deel van die apartheidsideologie wat bruin Afrikaanssprekendes uitgesluit het. Een van die historiese Afrikaanse variëteite, die Oostelike variëteit, het verhef geraak (vanaf die laat negentiende eeu tot die middel van die twintigste eeu) tot die Afrikaanse standaardvariëteit, maar sedert 1948 is dié variëteit gestigmatiseer as apartheidstaal en taal van die onderdrukker. Dit gee aanleiding tot die taalverplasing van gekleurde Afrikaanssprekendes na Engels.

#### **Hoofstuk 4**

In Hoofstuk 4 word die verskillende ontstaansperspektiewe van Afrikaans ondersoek teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu waarbinne dit gevorm is. In hierdie hoofstuk is nie net aandag gewy aan bekende ontstaansperspektiewe soos dié van Hesseling, Valkhoff, Bosman, Scholtz, Den Besten en Raidt nie, maar ook minder bekende beskouings van taalkundiges uit die vroeë negentiende eeu soos die van Lichtenstein (1811) tot by die nuwer "oseaniese hipotese" van De Ruyter en Kotzé (2002) is uiteengesit en chronologies georden.

Die eerste taalkundiges wat Afrikaans bestudeer het, was niemoedertaalsprekers van Afrikaans, en hulle het Afrikaans aanvanklik as variasieloos beskou (sien Hoofstuk 4, par. 4.2.11 en par. 4.2.12). Afrikaans word gedurende die grootste deel van die negentiende en twintigste eeu in wese as *Nederlands* beskou met onbelangrike invloede van Frans, Duits, Koi- en slawetale. Daar is gedurende die negentiende eeu hoofsaaklik op die Europese herkoms van Afrikaans gefokus, en die invloede van die Koina en slawe is as degraderend beskou. In die vroeë twintigste eeu het ("wit") Afrikanernasionalisme ontwaak en was dit veral moedertaalsprekers van Afrikaans wat (as gevolg van die sosiopolitieke milieu waarin hulle verkeer het) 'n Eurosentriese benadering ten opsigte van hulle perspektiewe oor die ontstaan van Afrikaans openbaar het.

Met die opkoms van die sosiolinguïstiek teen die tweede helfte van die vorige eeu is begin om Afrikaans teen die agtergrond van taalvermenging en die kreolistiek te beskou. 'n Verskeidenheid Afrikaanse variasietaalkundige studies is teen die agtergrond van die sosiolinguïstiek onderneem, maar die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke milieu van voor 1980 was nog nie gereed vir 'n sosiolinguïstiese benadering ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans nie. Eers in die tagtigerjare van die vorige eeu het verruiming ten opsigte van denke oor die nie-Europese taalinvloede op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans ingetree en gevolglik kon die historiese variëteite (en hedendaagse subvariëteite) van Afrikaans beskryf word. Die verband tussen die geskiedenis van 'n taal en die variasie wat binne dié taal voorkom, verg dat op die historiese Afrikaanse variëteite gefokus word, aangesien die totstandkoming van die historiese Westelike en Suidelike en Afrikaanse aanleerdersvariëteite onder andere 'n rol in die ontstaan

en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het. As gevolg van sosiopolitieke druk van heersende maghebbers is dié feit vir 'n lang tydperk in verskillende ontstaansperspektiewe onderbeklemtoon.

## Hoofstuk 5

In Hoofstuk 5 is die onderrig van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 op skoolvlak ondersoek. Die sosiopolitieke apartheidsmilieu was nie bevorderlik vir die onderrig van die volle ontwikkelingsgeskiedenis nie, aangesien sosiopolitieke agendas daarvoor verantwoordelik was dat in taalhandboeke, in die opleiding van Afrikaansonderwysers, asook in voorgeskrewe sillabi, hoofsaaklik op die wit Afrikaanse taalgeskiedenis sedert 1875 gefokus is. Die rol wat die Koina en die slawe aan die vroeë Kaap in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gespeel het, is onderbeklemtoon, en dit het aanleiding gegee tot bepaalde wanpersepsies van die taalgeskiedenis van Afrikaans.

In hierdie ondersoek is 'n aantal taalhandboeke en bloemlesings (wat sedert 1980 verskyn het) ondersoek en is tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrikaanse taalgeskiedenis – toe te skryf aan die sosiopolitieke orde van die bepaalde tydperk waarin die handboek gebruik is – *eensydig* uitgebeeld is. Handboeke is dikwels in die apartheidsera deur Afrikanernasionalisme gevoed: daarom is die gekleurde Afrikaanse spraakgemeenskap kultureel en geografies in hulle voorstelling daarvan uit die “wit” Afrikaanse taalgemeenskap verwyder. Teen die einde van die vorige eeu is egter in Afrikaanse handboeke begin om 'n meer gebalanseerde perspektief op die Afrikaanse taalgeskiedenis te bied – waarskynlik danksy die sosiolinguistiese ontwikkelinge wat teen die tagtigerjare in Suid-Afrika 'n aanvang geneem het.

Die akademiese toerusting ten opsigte van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 van 'n aantal Afrikaanshoofvakstudente is vervolgens ondersoek (sien par. 5.3). Daaruit het geblyk dat hierdie studente se skoolkennis aangaande die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans ontoereikend is. Na afloop van 'n lesingreeks oor variëteite in die Afrikaanse letterkunde (as deel van die studente se onderrigmateriaal in die tweede jaar) het die meerderheid studente aangedui dat hulle die lesingreeks positief ervaar het en dat daar by hulle waardering vir die Afrikaanse variëteite ontwikkel het. Hierdie positiewe reaksie dui daarop dat die toerusting van Afrikaanshoofvakstudente met kennis van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 as 'n beginpunt kan dien ter verspreiding van kennis aangaande die inklusiewe geskiedenis in skoolverband.

Gesprekke met praktiserende Afrikaansonderwysers wat deel gevorm het van die empiriese ondersoek, het getoon dat dié onderwysers in die algemeen nie oor genoegsame kennis aangaande die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans beskik nie en ook nie sekerheid het oor hóé om dit te onderrig nie. Die moontlikhede wat binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulumverklaring bestaan om fasette van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te onderrig en in taalhandboeke te ontwikkel, is nog nie deur hierdie onderwysers raakgesien en benut nie. Uit gesprekke wat met die praktiserende Afrikaansonder-

wysers gevoer is, het na vore gekom dat van hierdie onderwysers nie seker is hóé om die moontlikhede wat die kurrikulum ten opsigte van die insluiting van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 bied, in tematies georganiseerde lesreekse toe te pas nie (sien par. 5.4).

## Hoofstuk 6

In Hoofstuk 6 is 'n moontlike werkswyse binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulum-verklaring en die UGO-paradigma voorgestel om leerders in die Senior Fase van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 bewus te maak. Dié werkswyse behels die saamstel van 'n *tematies georganiseerde en geïntegreerde lesreeks* (aan die hand van ses stappe binne 'n sirkelmodel; sien par. 6.3) deur middel waarvan fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652, onder die tema *Eenheid in verskeidenheid*, onderrig kan word.

In die *voorbeeldlesreeks* is gepoog om leerders van fasette van die taalgeskiedenis van Afrikaans *kontekstueel* (deur middel van lees- en luistertekste) en *geïntegreerd* (deur middel van die betrekking van al die taalvaardighede) bewus te maak. Leerders word onder andere in die lesreeks deur middel van *selfstandige navorsing* tot *selfontdekking* gelei asook (afgesien van die onderrig en oefening van taalvaardighede) tot die formulerings van *afleidings* en *gevolgtrekkings* oor die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652.

## Hoofstuk 7

In Hoofstuk 7 is die respons van 'n doelmatig gekose studiepulasie (575 Graad 9-leerders en hulle 7 onderwysers van vyf skole in verskillende geografiese gebiede – wat drie streke verteenwoordig waarin hedendaagse subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite gehoor en gepraat word – asook van sosiokultureel gediversifiseerde agtergronde) op die voorbeeldlesreeks, ondersoek.

In hierdie ondersoek is vasgestel dat die meerderheid leerders en hulle onderwysers positief op die voorbeeldlesreeks gerespondeer het. Dié respons dui daarop dat leerders wel deur middel van sulke lesreekse met fasette van die taalgeskiedenis van Afrikaans as tema, van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewus gemaak sou kon word.

### 8.4 Gevolgtrekking oor die bydrae van hierdie studie

“Hierdie taal waarin Nederlands, Maleis, en Indiese en Europese tale en swart tale almal saamklink, moes die taal word van 'n nuwe volk wat moes ontstaan uit die smeltkroes van alle rasse in ons land. Hierdie taal moes die ruimte hê van Afrika, dit moes draer wees van beleë menslikheid, van samehorigheid en sorgsaamheid, van genade en heling, van betrokkenheid by mekaar ...” (Jan Rabie aan Abraham de Vries, 2006b:5).

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat daar gedurende die sewentiende eeu aan die Kaap 'n wisselwerking tussen Europeërs uit die Weste, inheemse Koi-stamme en ingevoerde slawe uit die Ooste bestaan het en dat Afrikaans as gevolg van hierdie wisselwerking tussen die uiteenlopende drie sosiokulturele groepe aan die suidpunt van Afrika tot stand gekom het.

Die moderne variasie wat in Afrikaans voorkom, is die lewende bewys van die taalkontakevolusie van Afrikaans aan die vroeë Kaap. Hierdie wisselwerking tussen die drie groepe aan die Kaap is in die verlede as gevolg van die sosiopolitieke (apartheids)milieu geringgeskat, en subvariëteite van twee van die historiese variëteite, naamlik die Westelike en Suidelike variëteite van Afrikaans, is as "onbeskaafde vorme" geminag, terwyl die sprekers van die historiese variëteite 'n bepalende rol gespeel het in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.

Die voorheen skeefgetrekte ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, waarin daar in hoofsaak op die Europese herkoms van Afrikaans gefokus is, word in hierdie studie in 'n gebalanseerde perspektief gestel. So 'n gebalanseerde perspektief waarin alle rolspelers in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans verreken word, kan moontlik 'n bydrae lewer tot versoening onder Afrikaanssprekende groepe. Die skool word deur talle gesaghebbendes as die aangewese plek beskou om hierdie weergawe van die volle ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans onder leerders te begin versprei (vergelyk par. 1.1).

Die *verskillende beskouings oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans wat in meer as twee eeue die lig gesien het*, is ook chronologies in één bron *gekonsolideer* (gestel teen die agtergrond van die sosiopolitieke milieu waarbinne dit ontstaan het) en *beoordeel* (ten opsigte van die mate waarin die bydrae van die Nederlandse matielek en die interlekte van die VOC-seevaarders, die Koina en die slawe in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans deur die betrokke taalkundige verreken is).

In Hoofstuk 4 is aangedui dat die bepaalde sosiopolitieke milieu waarbinne die ontstaansperspektiewe die lig gesien het, 'n rol in die onderskeie verklarings van die ontstaan van Afrikaans gespeel het. Dit het aanleiding daartoe gegee dat van die beskouings 'n skeefgetrekte beeld van die herkoms van Afrikaans weergegee het. Die chronologiese byeenbring van die verskillende perspektiewe in één bron kan aan lesers daarvan 'n breër beeld bied van en insig in die verband tussen die betrokke perspektief en die sosiopolitieke milieu waarbinne dit tot stand gekom het.

Die sekondêre navorsingsvraag is beantwoord deur die samestelling van 'n geïntegreerde lesreeks, binne die moontlikhede wat die NKV bied, deur middel waarvan fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 – binne die normale skoolprogram – onderrig kan word. Deur middel van hierdie *interaktiewe UGO-lesreeks* kon die leerders van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewus gemaak word deur middel van 'n wye verskeidenheid *tematies georganiseerde tekste* (simbolies, geskrewe, ouditief). 'n Verskeidenheid *leeraktiwiteite* (met betrekking van al

die taalvaardighede) is in die lesreeks ingebou om leerders onder andere te lei om self fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te ontdek.

Die tweede deel van die sekondêre navorsingsvraag is beantwoord deur hierdie lesreeks by vyf doelmatig gekose skole binne die drie verskillende geografiese gebiede waar hedendaagse subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite gehoor en gepraat word aan 575 Graad 9-leerders te laat onderrig en vas te stel dat die meerderheid van hierdie leerders en hulle onderwysers positief daarop gerepondeer het. Hoewel daar tydens die interpretasie van die leerders se response 'n leemte ten opsigte van die "meetinstrument" (selfrefleksie by wyse van Ja- of Nee-response op tien stellings) na vore gekom het, is hierdie leemte (naamlik die gebruik van 'n Likert-skaal deur middel waarvan fyner genuanseerde response verkry kon word) tog deur die sterk positiewe respons van die meerderheid van hierdie leerders oorskadu.

Die sterk positiewe respons van die leerders is verder ondersteun deur hul onderwysers wat te kenne gegee het dat die voorbeeldlesreeks as 'n gepaste werkswyse beskou kan word om leerders op 'n genotvolle wyse van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans bewus te maak.

Die response van hierdie leerders en hulle onderwysers dui daarop dat die tyd nou inderdaad ryp is om alle Afrikaanssprekendes (beginnende by die skoolgaande jeug) bewus te maak van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 wat al die rolspelers se bydraes in die ontstaan van Afrikaans verreken. De Vries (2007:3) beskou die bruin Afrikaanssprekende jeug tereg as deel van daardie Afrikaanse taalgemeenskap wat in die verlede geïgnoreer is en wys daarop dat die bruin *township*-kind ook moet weet van die rykdom in Afrikaans "... anders mag dit dalk te laat word om Afrikaans daar te probeer bevorder. Dit is nou die tyd om van blote retoriek na meer konstruktiewe optrede te beweeg."

Dit is nie net die bruin Afrikaanssprekende jeug wat van die "rykdom in Afrikaans" moet kennis neem nie, maar wit, swart én bruin, want Afrikaans het ontstaan danksy die samekoms van ons wit (Europese), swart (Koi-) en bruin (Oosterse) voorgeslagte aan die suidpunt van Afrika. Hierdie taalgeskiedkundige feit is in die verlede as gevolg van die sosiopolitieke apartheidsmilieu nie na wense onderrig nie. Die bewusmaking van leerders van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 kan moontlik die begin van só 'n "konstruktiewe optrede" wees.

Konstruktiewe optrede kan 'n aanvang neem deur onder andere:

- Die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 in één bron te konsolideer vir die gemaklike gebruik van studente wat Afrikaans op tersiêre vlak neem asook vir onderwysers wat Afrikaans (Huistaal) aan leerders onderrig.

- Leerders in die Senior Fase bewus te maak van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 sodat hierdie bewuswording van die herkoms van Afrikaans – as die *gemene deler* van alle Afrikaanssprekendes – aanleiding kan gee tot versoening tussen Afrikaanssprekendes.
- Verdere lesreekse, soortgelyk aan die voorbeeldesreeks, saam te stel om leerders bewus te maak van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans.

## 8.5 Aanbevelings

Uit die ondersoek van 'n aantal taalhandboeke van Afrikaans (vergelyk par. 5.2.1) en van vorige sillabi (vergelyk par. 5.5), het dit geblyk dat hoofsaaklik die "wit" Afrikaanse taalgeskiedenis in die verlede voorgeskryf en beklemtoon is. Afrikaans se (taal)geskiedenis mag nie weer soos in die verlede deur 'n bepaalde groep vir hulleself toegeëien word nie, want die taal én haar geskiedenis behoort aan alle Afrikaanssprekendes.

Die (taal)geskiedenis moet versigtig en met groot respek hanteer word: "Moenie arrogant met die verlede omgaan nie," aldus De Villiers (2006). Gebrek aan agting vir mekaar se geskiedenis en simbole is die "doodsvonnis" van 'n inklusiewe geskiedenis en dit "baan die weg vir die opvatting dat alleen die maghebbers die geskiedenis mag oorskryf" (Jordaan, 2003:10). (Taal)geskiedenis "... help mense dink, gedagtes agtermekaar kry, formuleer en skryf, ontleed, faktore teen mekaar opweeg, die sin van 'n ding uithaal en verstaan" (Fransjohan Pretorius, aan Waldner, 2001:25).

Deur onder andere aan die onderstaande aspekte (8.5.1-8.5.9.5) aandag te gee, kan die voorheen skeefgetrekte beeld van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans wat moontlik by onderwysers en leerders bestaan, herstel word ten einde 'n bydrae te lewer tot versoening tussen alle Afrikaanssprekendes.

### 8.5.1 Die opleiding van Afrikaansonderwysstudente

Aangesien die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans tans nog nie in een bron gekonsolideer is nie, moet studente wat Afrikaans op universiteit bestudeer, asook dosente wat Afrikaans op universiteit aanbied, 'n wye verskeidenheid bronne gebruik. Die samestelling van 'n bron waarin die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans gekonsolideer word, kan tot voordeel strek van hierdie studente en dosente.

Tydens aspirantonderwysers se vakkundige en professionele opleiding in Afrikaans (Huistaal) behoort daar in die vakdidaktiese modules aandag gegee word aan die onderrig van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652. Aan aspirantonderwysers kan onder ander leiding gegee word

oor die samestelling van lesreekse met fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as tema.

### **8.5.2 Onderwyseropleiding**

Onsekerheid ten opsigte van 'n *toepaslike werkswyse* om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans in die skool te onderrig kan, deur middel van opleiding, werkswinkels, aanbiedings, seminare of kongresse, uit die weg geruim word, aangesien "... behoorlike opleiding van historici – hetsy onderwyser, dosent of geskiedskrywers – 'n belangrike vereiste is vir die sinvolle aanbieding van geskiedenis" (Maphalala, aan Van der Westhuizen, 2000:11).

### **8.5.3 Kurrikuleerders en handboekkeurders van die Nasionale Onderwysdepartement**

Die Nasionale Onderwysdepartement se kurrikuleerders asook departementele handboekkeurders én provinsiale Afrikaansvakadviseurs behoort te verseker dat kurrikula en handboeke (vir Afrikaans, Huistaal) fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans (ook) insluit, aangesien dit noodsaaklik is om 'n gebalanseerde perspektief op die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te verkry. Handboeke en ander leermateriaal moet nie slegs die perspektiewe van heersende politieke maghebbers weerspieël nie.

Kader Asmal, voormalige Minister van Onderwys, het reeds in 2000 aanbeveel dat geskiedenis-handboeke reggestel moet word sodat die geskiedenis van die land se onderskeie bevolkingsgroepe binne die Suid-Afrikaanse raamwerk behandel kan word (Van der Westhuizen, 2000:11).

Kurrikula en handboeke ten opsigte van Afrikaans (Huistaal) behoort daarom die multitalige en "multi-etniese samelewing soos dié van Suid-Afrika te weerspieël" (Tempelhoff, aan Van der Westhuizen, 2000:11) sodat die ware Suid-Afrikaanse werklikheid weergegee kan word. In die verlede is onderskeid getref tussen "ons" en "hulle". Die klem behoort in kurrikula en handboeke op gemeenskaplike sake te val in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse wapen se leuse "Eenheid in verskeidenheid". Afrikaans moet die bepalende faktor wees en nie ras, groep of etnisiteit nie (Van der Merwe, 1995:26).

"Suid-Afrikaanse skoolhandboeke is en was 'n weergawe van die beleid, waardes en aspirasies van die regering van die dag," aldus De Wet (2001:119). Uiteenlopende refleksies van die (taal)geskiedenis het in die verlede verwarring vir leerders geskep. Handboekskrywers staan voor die uitdaging om die volle spektrum van die inklusiewe taalgeskiedenis van Afrikaans op verantwoordelike wyse in taalhandboeke in te sluit, selfs al is dit net in hooftrekke.

#### 8.5.4 Die skool

Die werkswyse wat aanbeveel word om fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 te onderrig is om tematies georganiseerde, geïntegreerde lesreekse (volgens 'n sirkelmodel, sien Hoofstuk 6, Diagram 6.3.2) binne die NKV-raamwerk en UGO-paradigma (soortgelyk aan hierdie studie se voorbeeldlesreeks) saam te stel. Die onderrig van geskiedenis is “deurslaggewend vir die bevordering van menslike waardes soos verdraagsaamheid” (Van der Westhuizen, 2000:11), en dit moet ook onder die aandag van Afrikaansonderwysers (Huis taal) gebring word. Daar kan byvoorbeeld in skole se graad-, fase- en jaarbeplanning voorsiening gemaak word vir onderrigtyd waartydens geïntegreerde lesreekse, wat fasette van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 as tema het, onderrig kan word. Landswyse (apolitiese) opleidingsessies, werksinkels en die verskaffing van lesreekse wat die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as tema het, behoort oorweeg te word.

Die jaarlikse Afrikaanse Expo kan 'n nuwe afdeling instel waarin leerders verskillende projekte oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans sedert 1652 kan aanbied.

Voorgeskrewe letterkunde kan romans insluit soos onder andere *Pietemella van die Kaap* deur Daleen Mathee wat leerders bekendstel aan die vroeë kreoolse Kaapse milieu waarbinne Afrikaans ontstaan en ontwikkel het.

#### 8.5.5 Verantwoordelikheid van historici

'n Groot verantwoordelikheid rus op historici om die samelewing bewus te maak van sy verlede (Du Preez, 2002:28). Professor Johann Tempelhoff, direkteur van die Skool vir Basiese Wetenskappe aan die Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-Universiteit (aan Van der Westhuizen, 2000:11), beklemtoon tereg ook dat dit noodsaaklik is om “'n sin van 'n gedeelde geskiedenis te vestig”, nie deur die geskiedenis kunsmatig te gebruik, te misbruik of te manipuleer nie, maar om weer die geskiedenis van die vroegste tye af te “herontdek” of te “ontgin”.

Opgeleide historici behoort volgens Maphalala, professor verbonde aan die Universiteit van Zoeloeland, 'n “indaba” te hou om die toekoms van die Suid-Afrikaanse (taal)geskiedenis uit te stippel (Van der Westhuizen, 2000:11). Taalhistorici kan ook baat vind by so 'n “indaba” vind om die taalgeskiedenis van Suid-Afrika in die toekoms as 'n inklusiewe eenheid uit te bou waarin Afrikaans, as die (taal)gemene deler, die samebindende faktor tussen wit, swart en bruin Afrikaanssprekendes vorm.

Politici bedryf volgens prof. Tempelhoff (aan Van der Westhuizen, 2000:11) meer geskiedenis as wat historici dit doen, en dit gee dikwels aanleiding tot wrywing tussen die onderskeie groepe in Suid-Afrika.

Daarom behoort politici in hierdie verband te onttrek sodat die Suid-Afrikaanse (taal)geskiedenis *gedepolitiseer* kan word.

“n Kenmerk van die Mandela-voogdyskap was juis die waarde wat geheg is aan die bepaalde geskiedenis en kultuurgoedere van die ryke verskeidenheid gemeenskappe wat die Suid-Afrikaanse nasie vorm. Die Mandela-voogdyskap was ook gekenmerk deur 'n warm ingeslotenheid wat die 'nasie' vooropgestel het” (Jeffreys, 2002:10).

Die leiers van Suid-Afrika kan die Mandela-nalatenskap as 'n voorbeeld aanwend ten opsigte van die waardering van bepaalde geskiedenis. Afrikaans moet nie gekenmerk word aan ras en uitsluiting en misbruik word onder die “vaandel van ander politieke agendas nie” (De Klerk, 2007).

#### **8.5.6 Verantwoordelikheid van die Afrikaanse taal- en kultuurleiers van Suid-Afrika**

Tale in Suid-Afrika, in die besonder Afrikaans, behoort *gedepolitiseer* te word sodat 'n gebalanseerde regstelling van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans kan plaasvind. Strategieë van onder andere Afrikaanse kultuur- en taalleiers kan ontwerp word om die wanpersepsies wat ten opsigte van Afrikaans bestaan, uit die weg te ruim. Afrikaans, as minderheidstaal in Suid-Afrika, behoort in die konteks van die wêreldwye bevordering en erkenning van multikulturaliteit geakkommodeer te word (Turi, 2007). Suid-Afrika se sleutelwerklikheid is per slot van rekening multikultureel waarin elke Suid-Afrikaner meer as een identiteit besit (De Klerk, 2007), waaronder ook 'n taalidentiteit.

#### **8.5.7 Verantwoordelikheid van die Afrikaanse publiek**

Die breë Afrikaanse publiek moet ook verantwoordelik voel daarvoor om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 te ken, te verstaan en te versprei om so deel te word van 'n versoenende nasie wat Afrikaans as 'n *inklusiewe taal* (en nie as 'n eksklusiewe taal van een groep Afrikaanssprekendes nie) beskou, die hedendaagse subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite waardeur en die sprekers daarvan respekteer (Van der Westhuizen, 2000:11, Du Plessis, 2007b).

#### **8.5.8 'n Bewussynsveldtog vir die bewaring en ontwikkeling van taalerfenis**

Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies kan bewussynsveldtogte vir die bewaring en ontwikkeling van ons Afrikaanse taalerfenis van stapel stuur deur onder andere:

- interessante strategieë te ontwerp om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 onder die breë publiek te versprei;
- 'n verskeidenheid kompetisies oor die taalgeskiedenis van Afrikaans te loods;

- skole deur middel van interessante praatjies, aanbiedings, opvoerings, brosjures met kennis van die Afrikaanse taalgeskiedenis te bemagtig;
- die gemeenskap te bereik deur bydraes oor die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 in die media, hetsy via radio, TV, CD's, DVD's en die internet;
- die verskillende variëteite van Afrikaans as spreek- en as skryftaal te bevorder;
- kunstenaars en die teater in hierdie verband aan te wend, en
- nasionale kultuurfeeste se direksies oor te haal om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans en die Afrikaanse variëteite op kreatiewe wyse by die feesprogram in te sluit.

### **8.5.9 Die media**

Afrikaanse kultuur- en taalorganisasies (byvoorbeeld die ATKV en FAK), akademici en historici kan die media op verskeie wyses betrek om – ook in die gees van “Eenheid in verskeidenheid” – elke Afrikaanssprekende groep 'n gevoel van trots ten opsigte van die groep se unieke identiteit en bydrae tot die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans te gee deur die erkenning van ons gemeenskaplike taal-erfenis.

#### **8.5.9.1 Internet**

'n Webwerf kan byvoorbeeld deur Afrikaansstudente, -onderwysers, en -dosente ontwikkel en onderhou word waarin interessante brokkies en kompetisies weekliks oor die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans aangebied word. Instansies soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Afrikaanse Taalmuseum, die ATKV en FAK en webwerwe soos “Die Knoop” en LitNet kan die internet benut om die volle spektrum van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans aan Afrikaanssprekendes voor te hou.

#### **8.5.9.2 Die pers**

Redakteurs en joernaliste van dagblaaië, koerante en tydskrifte kan die breë Afrikaanse publiek met kennis en insig aangaande die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf 1652 verryk deur artikels en rubrieke met dié onderwerp aan lesers te bied.

### 8.5.9.3 Radio en TV

Dokumentêre TV- en radioprogramme asook reekse soortgelyk aan Elna Boesak se hoorbeeld *Suid-Afrika en haar slawegesiedenis* wat in 2006 op RSG uitgesaai is, kan oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans saamgestel word.

Die RSG-radioprogram, *Die tale wat ons praat*, kan luisteraars se kennis aangaande die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans uitbrei deur programme daarvoor aan te bied.

RSG-joernaalprogramme kan sprekers van verskillende spraakgemeenskappe die geleentheid op radio bied om in hulle streeksvariëteit te gesels sodat luisteraars van die verskeidenheid variëteite van Afrikaans bewus gemaak kan word.

### 8.5.9.4 Musiekproduksies

Musiekproduksies soortgelyk aan David Kramer en Taliep Petersen se *Ghoema*, waarin die verhaal van Afrikaans onder andere deur Afrikaanse slaweliedjies vertel word, Randall Wicomb se verwerkings van Adam Small se werk in Kaapse Afrikaans *Oos, wes, tuis bes* en Hans du Plessis se transponerings in Griekwa-Afrikaans kan aan skole, universiteite, taalorganisasies, asook die breë publiek, beskikbaar gestel word en op televisie vertoon word.

### 8.5.9.5 CD's van streekstale

Opnames waarin outentieke streektaal gehoor kan word, kan saamgestel en onder andere aan universiteite, skole en taal- en kultuurorganisasies beskikbaar gestel kan word.

## 8.6 Slot

“As jy nie jou geskiedenis verstaan nie, is jy soos iemand sonder arms en bene” (Bundy, aan Tempelhoff, 2000:11.)

Afrikaans het haar ontstaan te danke aan die wisselwerking tussen mense uit drie uiteenlopende kontinente (Afrika, Europa en Asië) aan die vroeë Kaap. Die tyd is ryp om die ontstaan van Afrikaans uit daardie unieke wisselwerking te vier en aan die breë publiek bekend te maak deur met die skoolgaande jeug te begin. Die skoolgaande jeug van vandag is die leiers en ouers van die toekoms. Deur die jeug met kennis van die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans vanaf 1652 te bemagtig kan 'n bydrae tot versoening en wedersydse respek onder Afrikaanssprekendes gelewer word. “Wanneer ons van 'n Afrikaanse 'ons' praat, is dit noodsaaklik om dit as 'n gedifferensieerde eenheid te verstaan; dit wil

sê as 'n eenheid wat die veelheid van onder meer kulturele verskille tussen Afrikaanssprekendes as verryking van die 'ons' sien, nie as 'n bedreiging nie" (Goosen, 2007:21).

Grundlingh (2007:21) stel die volgende belangrike vraag in hierdie verband:

Elke geslag gaan opnuut met die geskiedenis om en die vrae wat aan die verlede gestel word, verskil dienooreenkomstig. Maar is daar 'n essensiële geskiedenis pakket waarvan elke jong Suid-Afrikaner kennis moet neem?

Die antwoord op Grundlingh se vraag is 'n onomwonde ja, want daar is 'n essensiële geskiedenis pakket waarvan elke jong Afrikaanssprekende kennis moet neem, naamlik *die volle spektrum van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans*, aangesien kennis van mekaar se geskiedenis, aldus Maphalala (aan Van der Westhuizen, 2000:11), onontbeerlik is vir goeie verhoudings in die land tussen Afrikaanssprekendes en Suid-Afrikaanse landgenote.

### **8.7 Verdere navorsingsvoorstelle**

Uit hierdie studie het dit geblyk dat kindertaal aan die vroeë Kaap 'n invloed op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gehad het, maar te wyte aan die gebrek aan argivale kindertaalmateriaal is kindertaal as faktor in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans nie genoegsaam nagevors nie. Dit kan as 'n moontlike navorsingsmoontlikheid beskou word.

Ander aanbiedingswyses as dié voorbeeldesreeks wat in hierdie studie gebruik is, kan nagevors word om die inklusiewe ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 aan die skoolgaande jeug bekend te stel.

'n Empiriese studie kan onderneem word waarin die kennis van die breë Afrikaanse volwasse publiek aangaande die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans sedert 1652 ondersoek word. Die wyses waarop die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, as 'n moontlike instrument van versoening aan Afrikaanssprekende groepe bekend gestel kan word, bied ook navorsingsmoontlikhede.

### **8.8 Afsluiting**

Hierdie studie het deurgaans gebruik gemaak van toepaslike gedigte wat oor meer as twee eeue heen in poëtiese taal in verskillende subvariëteite van die historiese Afrikaanse variëteite die verhaal van Afrikaans en haar lotgevalle vertel het. Daarom sluit hierdie studie ook af met die volgende gedig wat 'n digterlike versugting uitspreek dat Afrikaans oor Suid-Afrika heen "soet" mag smaak.

## **Epiloog**

U het aan ons dié tuin gegee  
en in die tuin 'n rooi granaat  
om op ons tong die pitjies rond te rol  
en soet te proe  
hoe klink 'n afrikaanse woord  
  
maar mag U nou 'n engel stuur  
om by die poort te staan  
maak van die woord – die rooi granaat –  
'n son  
laat die woord brand  
oor hierdie land en mense

Uit: "Die Granaat" deur Jan Swanepoel in *Poskaarte* (1997:157).

## BIBLIOGRAFIE

ACKERMAN, M., BANDA, C., ERASMUS, E. & JANSEN, A. 2001. Kosmos: Graad 9-leerdersboek. Kaapstad: Nasou.

ALESSI, S.M. & TROLLIP, S.R. 2001. Multimedia for learning: methods and development. Boston, Mass.: Allyn & Bacon.

ANKER, J., COETZEE, G., HELM, C., KLOPPER, A. & VAN HEERDEN, C. 1996. Afrikaans vir vandag. Kenwyn: Juta.

ARMSTRONG, J.C. 1988. Die slawe, 1652-1795. (*In* Giliomee, H. & Elphick, R., reds. 'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1820. Kaapstad: Maskew Miller Longman. pp. 80-123.)

BELCHER, R. 1987. Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens. (*In* Du Plessis, H. & Du Plessis, T., reds. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria: HAUM. pp. 17-34.)

BOESAK, E. 2006. Suid-Afrika en haar slawegesiedenis: van die VOC tot die ANC. Hoorbeeldreeks op RSG.

BOESAK, E. 2007. Versoening in die Afrikaanse gemeenskap met ander gemeenskappe. Referaat gelewer tydens die Tweede Nasionale Afrikaanse Taalberaad. Pretoria. Feb. 23-24.

BOËSEKEN, A.J. 1970. Die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika aan die hand van die vroegste dokumente. *Suid-Afrikaanse historiese joernaal*, 2:3-18, Nov.

BOËSEKEN, A.J. 1977. Slaves and free blacks at the Cape, 1656-1700. Kaapstad: Tafelberg.

BOEZAK, A. 2000. G'n decent gebed. (*In* Brink, A. P., red. Groot verseboek. Kaapstad: Tafelberg. p. 883.)

BOSHOFF, S.P.E. 1921. Volk en taal van Suid-Afrika. Pretoria: Dusseaux.

BOSMAN, D.B. 1916. Afrikaans en Maleis-Portugees. Groningen: Universiteit van Groningen. (Ongepubliseerde proefskrif.)

BOSMAN, D.B. 1922. Afrikaanse taaltoestande tydens Jan van Riebeeck. *Nieuwe taalgids*, 16:113-115.

BOSMAN, D.B. 1923. Oor die ontstaan van Afrikaans. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

BOTHA, T.J.R. 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. Pretoria: Academica. pp. 127-154.)

BOTHA, W. 2005. Die Afrikaner se huis het baie wonings. *Die Wêreld*: 67, Apr. 10.

BOUCHER, M. 1986. Die Kaap onder die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. (In Cameron, T. & Spies, S.B., reds. Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld. Kaapstad: Human & Rousseau. pp. 61-74.)

BOWES, J. 2005. Persoonlike mededeling as kurator van die Paarmuseum in die Paarl, Wes-Kaap aan outeur, Sept. 3.

BRINK, A.P. (red.) 2000. Groot verseboek. Kaapstad: Tafelberg.

BURGER, K. 2005. David en Taliep delf diep en sê: Uit die mond van die slawe kom Afrikaans. *Rapport Perspektief*: 6. 20 Nov.

CARSTENS, W.A.M. 1991. Inleiding tot die sosiolinguistiek, 1: Sosiolinguistiek en die verskynsel van heterogeniteit. *Tydskrif vir taalonderrig*, 25(3):92-107.

CARSTENS, W.A.M. 1992. Inleiding tot die sosiolinguistiek, 2: Die konteks as bepalende faktor in die sosiolinguistiek. *Tydskrif vir taalonderrig*, 26(1):46-54.

CARSTENS, W.A.M. 1994 (derde uitgawe). Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria: Van Schaik Akademies.

CARSTENS, W.A.M. 1997. Afrikaanse tekslinguistiek: 'n inleiding. Pretoria: Van Schaik Akademies.

CARSTENS, W.A.M. 1999. Die 9de AWS: Afrikaanse spelling in die nuwe millennium. *Tydskrif vir taalonderrig*, 33(4):367-374.

- CARSTENS, W.A.M. 2000. A new history for Afrikaans? (Referaat gelewer as deel van die Interdisiplinêre Internasionale Konferensie van Nederlandse Studies 2000 op 25-30 Junie 2000. Berkeley, California. 19 p.) (In publikasieproses.)
- CARSTENS, W.A.M. 2001. Die taalbewegingsdebat in perspektief – ou wyn in 'n nuwe vat. (In Carstens, A. & Grebe, H.P., *reds.* Taallandskap. Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg. Pretoria: Van Schaik. pp. 8-20.)
- CARSTENS, W.A.M. 2003a (vierde uitgawe). Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.
- CARSTENS, W.A.M. 2003b. Lesingtemas en agtergrond. (Lesings aangebied in Diepenbeek, België.) (Ongepubliseer.)
- CARSTENS, W.A.M. 2006. Persoonlike mededeling aan outeur. Jun. 9.
- CARSTENS, W.A.M. 2007a. 'n Huis met baie wonings. Koerantonderhoud met Jacobs. *Taalgenoot*: 28-29, Feb.
- CARSTENS, W.A.M. 2007b. Persoonlike mededeling aan outeur. Sept. 12.
- CARSTENS, A. & GREBE, H. (*reds.*) 2001. Taallandskap – huldigingsbundel vir Christo van Rensburg. Pretoria: Van Schaik.
- CHANGUION, A.N.E. 1844. Proeve van Kaapsch taaleigen. Herdruk in Van der Merwe 1971. Pretoria: Van Schaik. p.1-18.
- CHANGUION, A.N.E. 1848. De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld. Amsterdam: J. van der Vliet.
- CHOMSKY, N. 1965. Aspects of the theory of syntax. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- CHOMSKY, N. 1980. Rules and representation. Oxford: Blackwell.
- CILLIÉ, A.L. 1991. Pret met poësie. Kaapstad: Human & Rosseau.

- CLAASSEN, G.N. 1983. Taalvariasie by 'n groep ongeïnhibeerde taalgebruikers. (*In* Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J., *reds.* Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Pretoria: Academica. pp. 26-34.)
- CLOETE, T.T. 2000. "Foto Boerekrygers". (*In* Vermaak, A., *samesteller.* Versreise. Kaapstad: Tafelberg. p.126.)
- COETZEE, A. 1951. Taalgeografiese studies, 1. Johannesburg: Impala Opvoedkundige Dienste.
- COETZEE, A. 2005. Dialekmerkers in die Afrikaanse literatuur. *Tydskrif vir taalonderrig*, 39(1):35-50.
- COETZEE, A.E. 1982. 'n Heroriëntering van die begrip standaardtaal en 'n voorstudie van die ontwikkeling van Standaardafrikaans gedurende die 20ste eeu. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 4: 276.
- COETZEE, A.E. 1994. Die Kaap se Franse plaasnaam-erfenis. (*In* Olivier, G. & Coetzee, A., *reds.* Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans. Pretoria: Southern Boekuitgewers. pp. 17-21.)
- COETZEE, A.E. 2001a. Van morfologie tot sintaksis: taalvorme van die Bolandse wingerdwerkers. (*In* Carstens, A. & Grebe, H.P., *reds.* Taallandskap. Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg. Pretoria: Van Schaik. pp. 21-27.)
- COETZEE, A.E. 2001b. Afrikaans, kreools-dialektiese kerne, identiteit en literatuur. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (Intreerede gelewer by die Randse Afrikaanse Universiteit.) Okt. 10.
- COETZER, P.W. 1986. Die era van apartheid. (*In* Cameron, T., *red.* Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad: Human & Rousseau. pp. 271-289.)
- COHEN, J. 1988. Statistical power analysis for the behavioral sciences. 2nd ed. Hillsdale, N.J.: Lawrence Erlbaum.
- COMBRINK, A. & VERHOEF, M. 2006. Bly koelkop en leer uit die verlede. *Rapport*: 19, Jun. 18.
- WAHER, H. 2001. Woorde wat wegraak: oorgeërfde Franse leenwoorde in Afrikaans. (In Carstens, A. & Grebe, H., reds. Taallandskap. Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg. Pretoria: Van Schaik. pp. 157-163.)
- WALDNER, M. 2001. Gee geskiedenis nog 'n kans. *Rapport*: 25, Sept. 2.
- WEBB, V.N. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. (In Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. pp. 229-246.)
- WEBB, V.N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. (In: Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. Pretoria: Academica. pp. 412- 435.)
- WEBB, V.N., red. 1992. Afrikaans ná Apartheid. Pretoria: Van Schaik.
- WEBB, V.N. 1999. Die rekonstruksie van die Afrikaanse werklikheid en handboek-vernuwing: Repliek op Jan Esterhuysen. (In Du Plessis, T. & Van Gensen, A., reds. Taal en stryd, 1989-1999. Gedenkbundel. Pretoria: Van Schaik. pp. 59-76.)
- WEBB, V.N. 2001. Die bevordering van Afrikaans. (In Carstens, A. & Grebe, H., reds. Taallandskap. Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 164-178.)
- WEBB, V.N. 2002. Language in South Africa: the role of language in national transformation, reconstruction and development. Philadelphia, Pa.: John Benjamins.
- WEBB, V.N., DRIVEN, R. & KOCK, E. 1992. Afrikaans: feite en interpretasies. (In Webb, V.N., red. Afrikaans ná Apartheid. Pretoria: Van Schaik. pp. 25-67.)
- WILKINSON R. & KRAGOLSEN-KILLE, A. 2006. Bo-Kaap. Inside Cape Town's Malay Quarter. Cape Town: Struik.
- WILLEMSE, H. 2003. Op pad na 'n ruim Afrikaans – 'n bydrae oor nierassigheid in Afrikaans. (Voordrag gelewer as deel van die Suidoosterfees in Oktober aan die Skiereilandse Technicon. Bellville.) (Ongepubliseer.)
- WILLEMSE, H. 2006. Gemengdheid 'n gegewe wat gevier moet word. *Die Burger*. 14, Nov. 3.
- WYNGAARD, H. 2007. Lang pad na Afrikaanse "ons". *Rapport*: 17, Sept. 23.

ZIETSMAN, P. 2003. Struggle-Afrikaans. *Kultuurkroniek*. (Bylae by Die Burger): 13, Nov. 1.

ZIETSMAN, P.H. 1992. Die taal is gans die volk. Universiteit van Pretoria. Koedoespoort: Sigma Press.


## **Bylae A**

### **Voorbeeldesreeks**

***Eenheid in verskeidenheid in Suid-Afrika***  
***! ke e:/xarra//ke***




## Voorwoord aan leerders



In die lesreeks *Eenheid in verskeidenheid* gaan jy agterkom hoe prettig Afrikaans kan wees! Dié lesreeks neem jou na 'n opwindende taal- en dinkwêreld waarin interessante lees- en kyktekste voorkom. Hierdie tekste is onder andere só gekies dat dit vir jou 'n verrassende kennismaking met die Suid-Afrikaanse verskeidenheid én die taalverskeidenheid van Afrikaans gaan wees. Jy gaan van die leeraktiwiteite op jou eie doen of saam met jou klasmaats nuwe dinge ondersoek en doen. Die leeraktiwiteite waaraan jy in die lesreeks gaan deelneem, help jou taalvaardighede oefen, maar ook om lewensvaardighede te ontwikkel. Jy gaan dus in hierdie lesreeks baie meer as net taalkennis versamel! Die leeraktiwiteite word op 'n verskeidenheid maniere geassesseer.

### In hierdie lesreeks *Eenheid in verskeidenheid* gaan jy:

- die Suid-Afrikaanse landswaapen se pragtige simbole beter leer ken en die simboliek daarvan leer verstaan,
- oor die interessante Suid-Afrikaanse én Afrikaanse verskeidenheid lees, dink skryf en gesels,
- sekere Afrikaanse woorde se unieke herkoms deur middel van die kleurvolle Mini-biblioteek ontdek,
- die Mini-biblioteek gebruik om selfstandig navorsing oor Suid-Afrikaanse plek-, diere- en plantname, asook oor Suid-Afrikaanse geregte te doen,
- afleidings en gevolgtrekkings maak oor die woordeskat van Afrikaans,
- avontuurlike verbeeldingstukke skryf,
- aan 'n kreatiewe groepsprojek deelneem, en
- luister hoe die Afrikaanse taalverskeidenheid in liedjies klink en daaroor dink en gesels.






Lees die onderstaande leesstuk oor die interessante verskeidenheid in Suid-Afrika en Afrikaans aandagtig deur:

1. Kyk weer na die pragtige Suid-Afrikaanse wapen. Die leuse wat op die Suid-Afrikaanse wapen voorkom, is in 'n Suid-Afrikaanse **taal** wat reeds uitgesterf het. Dié leuse kan in Afrikaans vertaal word as **Eenheid in verskeidenheid**.
2. Eenheid in verskeidenheid... **Aitsa**, is dit **nie** darem 'n **baie** gepaste leuse vir Suid-Afrika **nie**?
3. Suid-Afrika spog met die volgende verskeidenheid: 'n wye verskeidenheid landskappe, klimaatstreke, 'n besondere plant- en dierelewe en veral 'n interessante verskeidenheid mense ten opsigte van kleur, geloof, musiek, kookkuns en **tale**. Dit is daarom geen wonder dat die Suid-Afrikaners wêreldwyd as die reënboognasie bekend staan nie!
4. Wat die Suid-Afrikaanse landskappe betref, is daar **hoeka** die uitgestrekte **Karoo**, die inheemse **Tsitsikamma**-woude en die indrukwekkende **Kango**-grotte. Daar is ook die pragtige **Outeniekwa**-bergreeks en **Kakamas** langs die **Gariiep**-rivier.
5. **Arrie**, en die groot verskeidenheid diersoorte wat darem in Suid-Afrika voorkom! Daar is onder andere die groot vyf, **koedoes**, kameelperde, **kwaggas**, **oribi's**, springbokke, seekoeie, reptiele soos groot krokodille, klein **geitjies** asook 'n groot verskeidenheid **goggas**.
6. Suid-Afrika se verskillende klimaatstreke bied ook aan 'n wye verskeidenheid plantsoorte 'n habitat: In die Karoo kom die **kambro** en die **noem-noem** byvoorbeeld voor; terwyl **koejawels** in Mpumalanga en **piesangs** in KwaZulu-Natal floreer.
7. Die interessantste verskeidenheid wat in Suid-Afrika voorkom, is Suid-Afrika se mense!
8. Die Koina (ook Khoi, Khoi-Khoi, Khoe, Khoe-Khoe of Khoekoens is **toeka** deur die Europeërs "Hottentotte" genoem) het volgens Suid-Afrika se opgetekende geskiedenis die eerste keer met Westerlinge (Europeërs) kennis gemaak toe die Portugese seevaarders amper 'n halwe millennium gelede by die suidpunt van Afrika aangedoen het. Tog was dit die Nederlanders wat 150 jaar daarna die suidpunt van Afrika, meer spesifiek Tafelbaai, as 'n baie gerieflike plek geïdentifiseer het – halfpad op die destydse belangrike seeroete tussen die Weste (Europa) en die Ooste (Asië).



Kyk net op die kaart hoe groot is die afstand tussen die Weste en die Ooste.



Die VOC se handelsroete, die sogenaamde Brander-roete, 1617-1785


9. Die afstand tussen die Ooste (waar produkte soos speserye gekoop is) en die Nederlandse kus in die Weste (waar dié ingevoerde produkte bemark en versprei is) is deur 'n baie gevaarlike seeroete van 20 000 km en 'n tydsduur van ongeveer nege maande geskei! Die destydse skeepsvaart was uiters kwesbaar en seilskepe en hulle bemannings is geteister deur stormseë, slytasie, skeepsiektes asook 'n tekort aan vars water en kosvoorrade. Dit is dus nie verbasend dat dié seereise 'n hoë tol ten opsigte van uitgawes en menselewens geëis het nie.
10. Jan van Riebeeck was die persoon wat daarom 'n plek aan die verre suidpunt van Afrika, aan die voet van Tafelberg, moes kom inrig om skepe tussen die Ooste en die Weste van vars voorrade te voorsien.
11. Dit was nie so 'n maklike opdrag nie! Tuine en gesaaides neem tyd om te vestig; die Kaapse somerwinde het die aangeplante groente, koring en vrugtebome verniel; vars water was skaars en die Koina was nie geneë om van hulle rykdom (hulle pragtige


beeste wat hulle slegs vir baie spesiale geleenthede geslag het) te verruil vir krale, koper en tabak nie.

12. Bowendien word daar uit die staanspoor aan die vroeë Kaap 'n arbeidstekort ondervind. Jan van Riebeeck het hulp nodig om van sy taak 'n sukses te maak. Daarom word daar **slawe** uit verskillende dele van die Ooste soos Suidoos-Asië, Indonesië, Indië asook uit Oos-Afrika na die Kaap ingevoer.
13. Die **verskillende tale** wat die slawe, die Koina en die Europeërs gepraat het, het sekerlik 'n Babelse verwarring in die Kaap tot gevolg gehad.
14. Die slawe was 'n aanwinst vir die Kaapse nedersetting danksy hulle besondere vaardighede. Hulle was onder andere messelaars, skrynwerkers, bakkers, **kokke**, **musikante** en kleremakers.
15. Drie uiteenlopende kontinente se mense met hulle uiteenlopende tale, gelowe, kleure en kulture het dus aan die suidpunt van Afrika ontmoet en so het die Suid-Afrikaanse reënboognasie tot stand gekom.

Jy het, deur die leesstuk te lees, interessantheite ontdek en kennis versamel. Om nog méér kennis te versamel, bestudeer ook die onderstaande verduidelikende inligting aangaande die **vetgedrukte woorde** in die leesstuk:

**Het jy geweet?**



 **Paragraaf 1**

Die **taal** wat in die Suid-Afrikaanse leuse gebruik word, is die /Xam-taal, 'n San-taal wat voor 1900 deur die **San** gepraat is.



## Paragraaf 2

**Aitsa** is 'n **Koi-woord** wat in Afrikaans opgeneem is en word gebruik as 'n uitroep van verbasing. (Die Koina staan ook bekend as Khoi, Khoi-Khoi, Khoe, Khoe-Khoe, Khoisan of Khoekoens en is destyds deur die Europeërs wat die Kaap tydens seereise aangedoen het, "Hottentotte" genoem.)

**Baie** is 'n woord wat in Afrikaans voorkom en waarvan die herkoms die Oosterse tale is. Die **ingevoerde slawe** het tydens die Nederlandse kolonisasie aan die vroeë Kaap vorme van die Oosterse tale gepraat.

In Afrikaans gebruik ons die **dubbele ontkenningsvorm**: "Aitsa, is dit darem **nie** 'n baie gepaste leuse vir Suid-Afrika **nie**?" Dit was onder andere die **Koi-tale** se dubbele ontkenningsvorm wat 'n invloed op die ontstaan van Afrikaans se dubbele ontkenning gehad het.



## Paragraaf 3

In Suid-Afrika word 'n groot verskeidenheid Suid-Afrikaanse **tale** aangetref waarvan een taal Afrikaans is wat ook in Suid-Afrika tot stand gekom het. Afrikaans is 'n taal wat ontstaan het uit die taalinvloede van 'n verskeidenheid mense wat uit die Weste (Europa), die Ooste (Indonesië en Asië) en Afrika gekom het. Behalwe vir Nederlands, wat die grootste invloed op die ontstaan van Afrikaans gehad het (90% - 95% Afrikaanse woorde het 'n Nederlandse herkoms!) vind ons in Afrikaans ook invloede van ander Westerse tale (soos Portugees, Duits, Frans, Deens, Sweeds, Spaans, Engels), Oosterse tale (soos Maleis, Hindi, Arabies), Koi-tale asook ander Afrika-tale. Die verskeidenheid mense wat na die Kaap toe gekom het en van verskillende tale, kulture en gelowe was, het almal gehelp om aan die suidpunt van Afrika Afrikaans te vorm tot die taal wat dit vandag is. Afrikaans is reeds kort ná die aankoms van Jan van Riebeeck in die Kaap (1652) as praattaal gebruik, terwyl Nederlands as die skryftaal gebruik is.



#### Paragraaf 4

**Hoeka** is 'n **Koi-woord** wat deel van Afrikaans geword het en *inderdaad, tog en al die tyd* beteken.

**Karoo** is 'n **Koi-pleknaam** wat in Afrikaans vertaal kan word as *gebied van groot dors of droog*.

**Tsitsikamma** is ook 'n **Koi-pleknaam** wat in Afrikaans *helder water* beteken.

**Kango** is nog 'n **Koi-pleknaam** wat in Afrikaans as *tussen die heuwels* vertaal kan word.

**Outeniekwa** is 'n **Koi-woord** wat na die *plek van die heuningmense* verwys.

**Kakamas** beteken *plek waar diere drink*.

**Gariep** is 'n **Koi-woord** wat *groot rivier* beteken.



#### Paragraaf 5

**Arrie** is 'n **Koi-woord** wat in Afrikaans voorkom en 'n uitroep van verbasing is.

**Koedoe** is 'n **Koi-woord** wat in Afrikaans opgeneem is en verwys na 'n sierlike wildsbok met lang gedraaide horings.

**Kwaggas** is 'n **Koi-woord** vir uitgestorwe diere wat op die Karoo-vlaktes voorgekom het en baie na sebras gelyk het.

**Oribi** is ook 'n **Koi-woord** wat in Afrikaans opgeneem is en verwys na 'n kleinerige, rooi wildsbokkie wat ook as "oorbietjie" bekend staan.

**Geitjie** is 'n **Koi-woord** vir 'n klein soort akkedissie wat ook 'n gekko genoem word.

**Gogga** is 'n **Koi-woord** vir enige soort insek.



#### Paragraaf 6

**Kambro** is ook 'n **Koi-** of **San-woord** vir 'n plant wat in die Karoo voorkom en as veldkos gebruik kan word.

**Noem-noem** is 'n **Koi-woord** vir 'n struik met eetbare bessies. Die **herhalingsamestelling: noem-noem** en baie ander mooi **Afrikaanse herhalingsamestellings**, soos **kort-kort, gou-gou, nou-nou, sing-sing, speel-speel**, het ook ontstaan deur die Koi-tale se invloed.

**Koejawels** is 'n woord met 'n **Oosterse herkoms** (Maleis) wat in die Afrikaanse woordeskat opgeneem is.

**Piesangs** is ook 'n woord met 'n **Oosterse herkoms** (Maleis) wat in die Afrikaanse woordeskat opgeneem is.



#### Paragraaf 8

**Toeka** is **Koi-woord** wat as *lankal terug* in Afrikaans vertaal kan word.



#### Paragraaf 13

Die Europeërs het Nederlands, Duits, Frans, Deens, Sweeds, Portugees, Spaans en later Engels gepraat, die slawe het die **verskillende tale** van hulle herkomsgebiede gepraat en die Koina het hulle Koi-tale gepraat. Dit was vir die Europeërs baie moeilik om die Koi-tale te verstaan en te praat. **Die Koina en slawe se pogings om in Nederlands te kommunikeer, het bygedra tot die totstandkoming van Afrikaans.**



#### Paragraaf 14

Die **kokke** onder die **Kaapse slawe** het gou die Nederlandse kookkuns begin beïnvloed deur die byvoeging van interessante **Oosterse speserye** en só het die Kaapse kookkuns met sy kenmerkende speserygeure tot stand gekom. Geregte soos **bobotie, sosaties, kerries, bredies, sambal, blatjang, breyani's, samoosas**, ens. leef tot vandag in Suid-Afrika voort.

Die **musikante** onder die **slawe se musiek** het ook 'n invloed op die Afrikaanse musiek tot gevolg gehad. Dink maar aan die Kaapse Klopse.

### Aktiwiteit 1: Blitsopdrag

Neem nou deel aan die onderstaande **praataktiwiteite** oor die leesstuk. (Maak ook gebruik van die **Mini-biblioteek** om julle antwoorde aan te vul.)



Twee **makkers**<sup>1</sup> ontvang een van die vyf onderstaande **blitsaktiwiteite** van julle onderwyser. Julle moet binne vyf minute julle bevindinge aan julle klasmaats rapporteer.

1.1 Is die Suid-Afrikaanse wapen se leuse, *Eenheid in verskeidenheid*, vir julle:

- a. baie gepas
- b. redelik gepas
- c. onvanpas

Hoekom sê julle so?

1.2 Watter verskeidenheid ten opsigte van landskappe, klimaatstreke, fauna en flora en mense is vir julle baie treffend? Hoekom sê julle so?

1.3 Watter flora en fauna kom op die Suid-Afrikaanse wapen voor en sê wat julle dink die simboliese waarde daarvan is.

1.4 Het julle gesien dat daar op die Suid-Afrikaanse wapen 'n assegaai en **knopkierie** voorkom? Dié tradisionele oorlogswapens is neergelê. Wat dink julle simboliseer die wapens wat neergelê is?

1.5 Wat dink julle is die simboliese betekenis van die keuse om 'n uitgestorwe taal op die Suid-Afrikaanse landswapen te gebruik?


**Het jy geweet?**



**Kierie** is 'n Koi-woord wat in die Afrikaanse woordeskat opgeneem is.

<sup>1</sup> Leerders wat in pare werk, kan makkers genoem word.

## Aktiwiteit 2: Selfstandige navorsing



Neem in **groepe** deel aan die onderstaande **navorsingsaktiwiteite**:

- Maak gebruik van die **Mini-biblioteek** om julle navorsingstaak suksesvol uit te voer.
- Formuleer julle **navorsingsgevolgtrekkings** helder en duidelik. (Gebruik die witborde om hoofgedagtes tydens die groepbespreking neer te skryf.)
- Groepe se bevindinge word mondelings aan die ander klasgroepe gerapporteer.
- Ondersteun julle groep se bevinding deur middel van 'n plakkaat of collage.

- 2.1 **Groep 1** soek in **Mini-biblioteek 1** na plekname wat julle reken **Koi-plekname** is.
- 2.2 **Groep 2** soek in **Mini-biblioteek 2** na vier bestanddele van resepte wat julle reken uit die Oosterse tale van die ingevoerde slawe kom en deel van die Afrikaanse woordeskat geword het.
- 2.3 **Groep 3** bestudeer die collage in **Mini-biblioteek 3** en besluit dan wat julle reken **splinternuwe woorde** is wat ontstaan het toe die Europeërs - wat uit 'n ander wêrelddeel na Afrika gekom het - nuwe dinge ontdek wat nie in hulle wêreld voorkom nie. Gee redes vir julle antwoorde.
- 2.4 **Groep 4** bestudeer die **kaarte** in **Mini-biblioteek 4** en identifiseer interessante Afrikaanse **plekname** wat deur **samstelling** opgebou is. Byvoorbeeld: *Rysmierbult* is 'n interessante samstelling wat uit *Rys* + *mier* + *bult* bestaan. Skryf die woorddele waaruit die samstellings bestaan neer.
- 2.5 **Groep 5** bestudeer die collage in **Mini-biblioteek 5** en soek na **diername** wat deur **samstellings** opgebou is. Byvoorbeeld: *bottelneusdolfyn* is 'n interessante samstelling wat uit *bottel* + *neus* + *dolfyn* bestaan. Skryf die woorddele waaruit die samstellings bestaan neer. (Kyk ook op pp.8 –12 van **Mini-biblioteek 7**.)


2.6 **Groep 6** bestudeer die kaart in **Mini-biblioteek 6** en bepaal watter **plekname** van **Nederlandse, Franse** en **Engelse** afkoms is.

2.7 **Groep 7** bestudeer die collage in **Mini-biblioteek 7** en kyk watter **plantname** deur **samestelling** gevorm is. Byvoorbeeld: *witstinkhoutboom* is 'n interessante samestelling wat uit *wit + stink + hout + boom* bestaan. Skryf die woorddele waaruit die samestellings bestaan neer. (Kyk ook op pp.13 –14 van **Mini-biblioteek 7**.)

Voltooi die selfassesseringsvorm na afloop van die navorsingsaktiwiteit.

Selfassessering van groepwerk: selfstandige navorsing			
Groep: _____			
Groeplede: 1. _____ 2. _____ 3. _____ 4. _____			
Assesseringskriteria	Ja	Onseker	Nee
1. Ons het as 'n groep goed saamgewerk.			
2. Ons kon ons kennis uit die leerarea NW en MSW gebruik om antwoorde te vind.			
3. Ons groep het die navorsingstaak geniet.			
4. Ons het nuwe kennis versamel deur aan die navorsingsaktiwiteite deel te neem.			
Ons kommentaar oor die navorsingsaktiwiteite:			

### Aktiwiteit 3: Leesbegrip



Na aanleiding van die leesstuk moet die volgende **leesbegrip-** en **dink- en redeneer-aktiwiteite** uitgevoer word. (Julle kan die **Mini-biblioteek** gebruik.)

- 3.1 Skryf die leuse van die Suid-Afrikaanse wapen in jou eie woorde neer. (Julle kan ook die **Mini-biblioteek**, p.17, gebruik.)
  
- 3.2 Skryf die afkortings van die volgende woorde neer:
  - 3.2.1 byvoorbeeld (par.4)
  - 3.2.2 onder andere (par. 5)
  
- 3.3 Waarom dink jy het **oribi's** (par. 5) 'n afkappingsteken om die meervoud aan te dui, maar **kwaggas** (par. 5) nie? (Maak ook gebruik van die **Mini-biblioteek**, p.16.)
  
- 3.4 Skryf idiomatiese uitdrukkings neer waarin die volgende geleende woorde voorkom en verskaf ook die betekenis daarvan. (Maak ook gebruik van die **Mini-biblioteek**, pp.17-20.)
  - 3.4.1 **koejawel** (par. 6)
  - 3.4.2 **geitjie** (par. 5)
  - 3.2.3 **krokodil** (par. 5)
  
- 3.5 In paragraaf 7 word daar van Suid-Afrika se "opgetekende geskiedenis" gepraat. Dink jy daar is ook dele van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat nie opgeteken is nie? Verduidelik.
  
- 3.6 Hoe lank is 'n "millennium" (par. 9)?
  
- 3.7 Jan van Riebeeck het in 1652 in die Kaap aangekom. Bepaal nou in watter jaar die Portugese seevaarders die eerste keer met die Koina in aanraking gekom het (par. 8).



- 3.8 Bereken ongeveer hoeveel kilometer per maand die seilskepe tydens Jan van Riebeeck se tyd gevaar het (par. 8).
- 3.9 Sê in jou eie woorde waarom Tafelbaai aan die suidpunt van Afrika destyds so 'n gerieflike plek was om skepe van vars voorrade te voorsien (par. 8)?
- 3.10 Verduidelik hoe dit is om "uiters kwesbaar" te wees (par. 9).
- 3.11 "... en die seilskepe en hulle bemannings is geteister..." (par. 9). Verduidelik hoe die volgende die seilskepe en hulle bemannings kon "teister":
- 3.11.1 stormseë
  - 3.11.2 slytasies
  - 3.11.3 'n tekort aan vars voorrade
- 3.12 Skryf in jou eie woorde: "Tuine en gesaaides neem 'n tyd om te vestig" (par. 11).
- 3.13 Stem jy saam dat Jan van Riebeeck se taak nie maklik was nie (par. 11)? Hoekom sê jy so?
- 3.14 Sou jy jou beste vir krale, koper en tabak geruil het soos die Koina 350 jaar gelede (par. 11)? Hoe so?
- 3.15 Wat beteken die volgende uitdrukkings? (Maak ook gebruik van die **Mini-biblioteek**, pp.17-20.)
- 3.15.1 "uit die staanspoor" (par. 12)
  - 3.15.2 "'n Babelse verwarring" (par. 13 )
- 3.16. Watter plan het Jan van Riebeeck beraam om die probleem van die tekort aan arbeid aan die vroeë Kaap te oorkom (par.12)? Waartoe het dit aanleiding gegee?
- 3.17 Hoekom dink jy was daar 'n arbeidstekort aan die Kaap?

#### Aktiwiteit 4: Kreatiewe skryfwerk



Kies nou één van die onderstaande **skryfaktiwiteite** om uit te voer. Beplan die skryfstuk van ongeveer 150-180 woorde deeglik en laat 'n maat toe om jou eerste poging te lees en jou op moontlike foute te wys, voordat jy die skryfstuk in finale vorm skryf.

- 4.1 Skryf 'n paragraaf oor hoe die verskeidenheid mense aan die vroeë Kaap almal bygedra het tot die ontstaan van Afrikaans.
- 4.2 Verbeel jou jy is één van die volgende mense wat gedurende Jan van Riebeeck se tyd aan die Kaap gewoon en gewerk het en maak 'n inskrywing in jou dagboek: Jan van Riebeeck, Harry die Koina, Isabelle die slavin, Jan die slaaf, Hans die matroos, Peter die skeepsdokter of Cees die sersant.
- 4.3 Skryf 'n koerantberig oor die arbeidstekort wat aan die vroeë Kaap geheers het. In die berig moet daar ook wenke verskaf word oor hoe om die probleem van die arbeidstekort te oorkom.
- 4.4 Stel 'n lysie vir Jan van Riebeeck op van wat hy alles sal moet doen om van die Kaapse halfwegstasie 'n sukses te maak. Orden die items op die lys in volgorde van belangrikheid.
- 4.5 Stel 'n lysie saam waarin jy alles noem wat skepe op die roete tussen die Ooste en die Weste sou benodig.





Dalene Matthee se boek, *Pieterella van die Kaap*, handel onder andere oor die interessante vroeë Kaapse samelewing.

<b>Assessering: Skryfaktiwiteit 4</b>				
	<b>Vlak 4</b>	<b>Vlak 3</b>	<b>Vlak 2</b>	<b>Vlak 1</b>
<b>Beplanning Samehang Inleiding Slot</b>	Deeglike beplanning  Effektiewe inleiding ren slot	Beplanning duidelik  Inleiding en slot voldoende	Effense aanduiding van beplanning  Oneffektiewe inleiding  Swak afsluiting	Geen teken van beplanning  Geen inleidende sin  Geen afsluiting
<b>Sinskonstruksie</b>	Effektiewe en korrekte sinskonstruksie  Logiese en effektiewe verbinding tussen sinne	Korrekte sinskonstruksie  Logiese verbinding tussen sinne	Foute in sinskonstruksie  Min verbinding tussen sinne kom voor	Swak sinskonstruksie  Bykans geen verbinding tussen sinne
<b>Oorspronklike interpretasie van die onderwerp</b>	Hantering van onderwerp dui op oorspronklikheid	Hantering van onderwerp dui op bietjie oorspronklikheid	Effense poging tot oorspronklikheid, maar onderwerp oor die algemeen allegaags hanteer	Geen oorspronklikheid nie. Deurmekaar hantering van onderwerp
<b>Spelling Punktuasie Woordeskat</b>	Uitstekende gebruik van spelling, punktuasie en woordeskat  Hoofsaaklik korrekte taalgebruik	Breë woordeskat, min spelfoute, punktuasie en taalgebruik	Voldoende woordeskat, 'n paar foute ten opsigte van spelling, punktuasie en taalgebruik	Beperkte woordeskat, spelfoute, punktuasie en taalgebruik
<b>Paragrafering</b>	Goeie paragrafering  Logiese en effektiewe verbinding van paragrawe.	Voldoende paragrafering  Logiese verbinding tussen paragrawe.	Effense poging tot paragrafering, maar min onderwerp- eenheid tussen paragrawe	Geen paragrafering

## Aktiwiteit 5: 'n Groepsprojek



Groepe stel 'n collage of 'n plakkaat saam (wat ook as klasversiering kan dien) waarop die volgende fasette kreatief en interessant voorgestel kan word. Gebruik die *Mini-biblioteek*.

- 5.1 Afrikaans het danksy die samekoms van mense uit drie verskillende kontinente aan die vroeë Kaap ontstaan.
- 5.2 Met die aankoms van die Nederlanders in die Kaap moes hulle vir baie dinge wat in Nederland heeltemal onbekend was, nuwe name gee.
- 5.3 Die Suid-Afrikaanse kookkuns is baie deur die gebruik van Oosterse speserye en die kostradisies van die slawe wat meer as 350 jaar gelede na die Kaap ingevoer is, beïnvloed.
- 5.4 Stel 'n gereg visueel voor waarin daar 'n verskeidenheid Oosterse speserye as bestanddele gebruik word.
- 5.5 In Suid-Afrika is daar 'n wye verskeidenheid Koi-plekname wat net so bly voortbestaan het.
- 5.6 Teken 'n kaart waarop daar 'n verskeidenheid Koi-plekname voorkom.
- 5.7 Stel 'n verbeeldingryke dialoog tussen Jan van Riebeeck en 'n Koi-stamhoof voor.
- 5.8 Die volgende is geleende woorde: **geitjie**, **koejawel**, **kierie**, **bredie**, **peper**, **koljander**, **gogga**, **piesang**. Elke groep kies een van die vetgedrukte woorde en stel 'n idioom/uitdrukking, waarin die woord voorkom, visueel voor en verduidelik die betekenis daarvan. Byvoorbeeld: **Hy huil krokodiltrane** – skynheilige trane, nie opregte trane nie.

Assessering: plakkaat				
Assesseringskriteria	4 Baie goed (9-10)	3 Goed (6-8)	2 Gemiddeld (4-5)	1 Swak (3-0)
1. Kleur, illustrasie, leesbaarheid (van die teks, prente, tekeninge)				
2. Kreatiewe denke				
3. Taal en spelling				
4. Netheid				
5. Boodskap oorgedra				
6. Algemene indruk				

## Aktiwiteit 6



Luister in julle groepe na die liedjies wat aan julle voorgespeel word. Julle kan terwyl julle luister die woorde van die liedjies volg. Luister aandagtig watter verskille julle opmerk ten opsigte van die taalvorme wat in die liedjies gebruik word. Skryf die verskille op julle witbord neer.

### Halala Afrika

1. Toe die wêreld hier nog jonk was
2. en die horison wyd en oop
3. was dit groen hier in die halfrond
4. suid van die ewenaar
5. en in die skemer as die son sak
6. en die beeste huis toe loop
7. klink die roepstem van die vroue
8. oor die heuwels van die land
9. halala, halala
10. ewig is ons afrika
11. tula tula mtanami
12. tula tula sanaboni
13. tula tula mtanami
14. ubab uzobuya sihlale naye
15. ubab uzobuya sihlale sonke,  
hmmm-hmmm
16. toe kom die skepe uit die weste
17. wit seile oor die see
18. om te vra vir kos en water
19. en te bly vir soveel meer
20. en die land wat een tyd oop was
21. die land het ons verruil
22. vir die ghetto's van die stede
23. is ons koperdraad gegee
24. halala, afrika
25. sasiphila kamnandi
26. mayibuye afrika
27. Daar was rykdom in die maag
28. van ons moeder afrika
29. diamante, steenkool, goud, edelmetaal
30. en die mense word slawe hier
31. want die mense word betaal
32. om te tonnel in die aarde
33. elke greintjie uit te haal
34. en die groot en oop grasvlaktes
35. span dit toe met doringdraad
36. en van die olifant tot die gemsbok
37. voor die mag kom buig
38. voor die mag van die grootwildjagter
39. voor die mag van sy groot geweer
40. totdat net die stilte oorbly
41. totdat net die stilte heers
42. halala mayibuye afrika

## Toefie se kait<sup>2</sup>



1. Toefie het 'n kait en hy waai.  
Toefie se kait hy waai  
hoeger<sup>3</sup>, hoeger, hoeger assie<sup>4</sup>  
hys<sup>5</sup>.
2. Sy kait waai innie<sup>6</sup> lektriekdrade<sup>7</sup>  
innie lektriekdrade vas.  
Toe sê sy pêllies<sup>8</sup>, toe sê sy pêllies  
"Ons het vi<sup>9</sup> djou<sup>10</sup> gasê<sup>11</sup>!"
3. Toe sê Toefie toe sê Toefie:  
"Ek sal vi djulle<sup>12</sup> blêrie wys."  
Toe sê Toefie toe sê Toefie:  
"Ek sal vi djulle blêrrie wys."
4. Toe roep sy ma: "Djy<sup>13</sup> lossie<sup>14</sup> kait,  
Djy lossie kait  
want djy ga<sup>15</sup> doodsjok<sup>16</sup>,  
want jy ga doodsjok.  
Djy lossie kait.  
Moet<sup>17</sup> lektriek moet lektriek  
moet 'n mens nie speel nie.  
Moet lektriek moet lektriek  
moet 'n mens nie speel nie.

5. Wil djy doodsjok? Wil djy doodsjok?  
Djy lossie kait."
5. Toe voel Toefie, toe voel  
Toefie se hart nes in 'n hok.  
En hy wys, ja hy wys,  
hy wys vi hulle sy vys<sup>18</sup>.
6. En hy sê vi hulle;  
en hy sê vi hulle:  
"Ek sal djulle blêrie wys!"
7. En hy sê vi hulle;  
Toefie sê vi hulle:  
"Ek sal vi djulle blêrrie wys."  
En hy wys vi hulle sy vys.
8. Toefie se kait hy waai  
Toefie se kait hy waai.  
Hoeger, hoeger assie hys.  
Hoeger, hoeger, hoeger assie hys.  
Hoeger, hoeger, hoeger assie hys.

---

<sup>2</sup> vlieër  
<sup>3</sup> hoër  
<sup>4</sup> as die  
<sup>5</sup> huis  
<sup>6</sup> in die  
<sup>7</sup> elektriese drade  
<sup>8</sup> maats  
<sup>9</sup> vir  
<sup>10</sup> jou  
<sup>11</sup> gesê  
<sup>12</sup> julle  
<sup>13</sup> jy  
<sup>14</sup> los die  
<sup>15</sup> gaan  
<sup>16</sup> doodskok  
<sup>17</sup> met

---

<sup>18</sup> vuus.

## Ouerlike raad in Westelike Afrikaans

A

1. My kjent<sup>19</sup> kom sit, en lyster<sup>20</sup> nou vi my:
2. 'n deetlike kjent<sup>21</sup> maak sy se ouerse<sup>22</sup> bly,
3. 'n dwarstelike<sup>23</sup> ene, nee, hierielike kjent<sup>24</sup>
4. sal mette<sup>25</sup> mes hille<sup>26</sup> harte stikkend<sup>27</sup> sny.

B

1. As jy nou skierlik<sup>28</sup> armlik raak<sup>29</sup>,
2. lê dan derie<sup>30</sup> hele dag innie kooi<sup>31</sup> en slaap.
3. Ma<sup>32</sup> staan mettie<sup>33</sup> son op en gat loop werk<sup>34</sup>,
4. en kyk vanaand innie skerm kook jy skaap.

C

1. As jy agtrerie<sup>35</sup> plesiere aan stryk,
2. sal jy vi<sup>36</sup> altyd sosse<sup>37</sup> arm man lyk.
3. As jy net vi soetwyn enne vleisetjie soek,
4. gat<sup>38</sup> jy verniet virrie ryklikeit<sup>39</sup> kyk

<sup>19</sup> kind

<sup>20</sup> luister

<sup>21</sup> deugdelike kind: deeglike kind, betroubare kind

<sup>22</sup> sy ouers

<sup>23</sup> opstandige

<sup>24</sup> hierdie kind

<sup>25</sup> met 'n

<sup>26</sup> bulle

<sup>27</sup> stukkend

<sup>28</sup> skielik

<sup>29</sup> arm word

<sup>30</sup> deur die

<sup>31</sup> in die bed

<sup>32</sup> maar

<sup>33</sup> met die

<sup>34</sup> gaan werk toe

<sup>35</sup> agter die

<sup>36</sup> vir

<sup>37</sup> soos 'n

<sup>38</sup> gaan

<sup>39</sup> rykdom

## Het jy geweet?



**Standaardafrikaans** is 'n soort Afrikaans wat in formele situasies dwarsoor Suid-Afrika gepraat word, in koerante gelees word en oor Afrikaanse radio gehoor word. Afrikaans hoef egter nie net op een manier gepraat of geskryf word nie. Mense se taalgebruik wissel van situasie tot situasie, van streek tot streek of van buurt tot buurt. Ons praat van Afrikaans se variëteite. Variëteite van Afrikaans verskil op drie moontlike maniere van mekaar: a) woorde word op 'n ander manier uitgespreek; b) 'n ietwat ander woordeskat word gebruik; c) 'n ietwat ander manier om woorde in sinne te rangskik, kom voor.

In hierdie lesreeks het ons na die drie soorte Afrikaans geluister.

1. In die liedjie “**Halala Afrika**” word 'n voorbeeld van 'n **Afrikaanse subvariëteit** gebruik wat ontstaan het uit die **historiese Oostelike Afrikaanse variëteit**. Hierdie variëteit is deur die **destydse trek-** en die **Voortrekkerboere** in die binneland van Suid-Afrika versprei.
2. In die liedjie “**Toefie se kait**” word 'n voorbeeld van 'n **Afrikaanse subvariëteit** gebruik wat ontstaan het uit die **historiese Suidelike Afrikaanse variëteit**. Hierdie variëteit is hoofsaaklik in die Kaap en omliggende dele gepraat deur die **destydse ingevoerde slawe** gepraat.
3. In die liedjie “**Ouerlike raad**” word voorbeeld van 'n **Afrikaanse subvariëteit** gebruik wat ontstaan het uit die **historiese Westelike Afrikaanse variëteit**. Hierdie variëteit het ontstaan uit die **destydse Koina** se pogings om Nederlands te praat. Die Koina het dié soort Afrikaans saam met hulle geneem toe hulle langs die Kaapse Weskus opgetrek het om hulle langs die Gariep te gaan vestig.


Dié verskillende soorte Afrikaans is almal korrek en dra by tot die skat van Afrikaans!



Beantwoord die onderstaande vrae in julle **groepe**:

(Maak van die witborde gebruik om hoofgedagtes neer te skryf.)

- 6.1 Die liedjies is almal in Afrikaans, maar in drie soorte Afrikaans. Kon julle groep al die liedjies ewe goed verstaan? Verduidelik.
- 6.2 Watter verskille het julle ten opsigte van die taal wat in die drie liedjies gebruik word, opgemerk? Formuleer julle antwoord helder en duidelik.
- 6.3 Watter liedjie se taalvorm hoor ons oor Afrikaanse radiostasies en op Afrikaanse televisie?
- 6.4 In watter liedjie kom daar baie Engelse woorde voor?
- 6.5 In watter liedjie kom geen woorde uit ander tale as Afrikaans voor nie?
- 6.5 Watter liedjie was vir julle die mooiste liedjie? Hoekom sê julle so?
- 6.6 Is dit volgens julle verkeerd dat daar van ander tale, behalwe Afrikaans, in die liedjies gesing word? Hoekom sê julle so?



Beantwoord die onderstaande vrae individueel en skriftelik:



**Luister** weer na die liedjie “Halala Afrika” wat aan jou voorgespeel word voor jy die vrae beantwoord.

- 6.7 Watter gevoelens het dié liedjie by julle opgewek? Hoe so?
- 6.8 “Toe die wêreld nog jonk was” (reël 1): Sê in jou eie woorde wat dit beteken.

- 6.9 Beskryf die prentjie wat daar vir die leser / luisteraar van die liedjie in die eerste strofe geskets word? (reëls 1 tot 10)
- 6.11 Reëls 16 tot 19 dui 'n verandering in die land wat geskets word aan. Wat het dié verandering veroorsaak?




**Luister** weer na die liedjie “**Toefie se kait**”

- 6.12 Watter gevoelens het die liedjie by julle opgewek? Hoe so?
- 6.13 In hierdie liedjie kom daar talle herhalings voor. Dit het 'n bepaalde funksie. Wat dink jy is die funksie daarvan?



**Luister** weer na die liedjie waarin daar “**Ouerlike raad**” gegee word.

- 6.14 Verduidelik wat 'n “deetlike kjend” is (liedjie A).
- 6.15 Wat doen 'n “deetlike kjend” aan sy ouers (liedjie A)?
- 6.16 Hoe is 'n “dwarstelike” kind (liedjie A)?
- 6.17 Wat doen 'n “dwarstelike” kind aan sy ouers?
- 6.18 Wat is die rede, volgens liedjies B en C, dat 'n mens arm word? Noem drie goeie redes.



Vul na afloop van die lesreeks asseblief die onderstaande vorm in, skeur dit af en handig dit by jou onderwyser in. Baie dankie vir jou samewerking.

My skool :

---

	Ja	Onseker	Nee
1. Ek het die leesstuk oor die verskeidenheid van Suid-Afrika en Afrikaans geniet en interessant gevind.			
2. Ek het nuwe kennis oor die ontstaan van Afrikaans en woorde wat in die Afrikaanse woordeskat opgeneem is, versamel.			
3. Ek is bly ek weet meer van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans.			
4. Afrikaans het eeue gelede binne Suid-Afrika ontstaan deur die bydraes van mense van die Weste (Europa), mense van Afrika en mense van die Ooste.			
5. Ek weet nou dat daar verskillende soorte Afrikaans is.			
6. Ek weet dat die Suidelike en Westelike Afrikaanse variëteite ontstaan het uit die pogings van die Koina en die slawe om Nederlands te praat.			
7. Ek is trots op die soort Afrikaans wat ek praat.			
8. Ek weet nou dat een soort Afrikaans nie mooier of beter as 'n ander soort is nie.			
9. Ek weet nou dat al die soorte Afrikaans (d.i. die Afrikaanse variëteite) die Afrikaanse taal ryker en kleurvoller maak.			
10. Ek weet dat ek al die soorte Afrikaans en hulle taalgebruikers behoort te erken en te waardeer.			

**Bylae B**

**Minibiblioteek**

# Mini-naslaanbiblioteek 4



## Inhoud


1. 'n Collage van die Suid-Afrikaanse verskeidenheid	p.1
2. 'n Verskeidenheid unieke Suid-Afrikaanse plekname	p. 2
3. Inligting oor die Suid-Afrikaanse landswapen	pp. 3, 4
4. Kaarte waarop 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse plekname voorkom	pp. 5, 6
5. Suid-Afrikaanse resepte waarin die Oosterse invloed duidelik na vore kom	p. 7
6. 'n Verskeidenheid Suid-Afrikaanse fauna	pp. 8, 9
7. 'n Verskeidenheid Suid-Afrikaanse voëls	p. 10
8. 'n Verskeidenheid Suid-Afrikaanse seelewe	p. 11
9. 'n Verskeidenheid Suid-Afrikaanse insekte	p. 12
10. 'n Verskeidenheid Suid-Afrikaanse flora	pp. 13, 14
11. 'n Lys afkortings	p.15
12. 'n Afdruk uit die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls	p. 16
13. 'n Afdruk uit die HAT: idiome en woordeskat	pp. 17, 18

1. 'n Collage van die Suid-Afrikaanse verskeidenheid



## 2. 'n Verskeidenheid unieke Suid-Afrikaanse plekname

Afrikaans het ook hier plaaslik geleen om te hou! Veral baie van die mooi en klankryke plekname in Afrikaans kan teruggevoer word na die Khoisan. Hieronder is 'n kaart van Suider-Afrika waarop daar verskeie plekname aangebring is. Veertien van hierdie name kom uit Khoikhoi. Kyk of jy hulle kan opspoor:



Die Khoi name is gewoonlik beskrywend van die omgewing. So beteken *Kakamas* byvoorbeeld "plek waar diere drink". *Outenikwa* verwys na "plek van die heuningmense". Gebruik jou kennis van die plekke wat hierbo aangedui is, en kyk of jy kan vasstel van watter woorde die volgende verklarings is:

- harde, droë grond
- blink rivier
- plek van varings

### 3. Inligting oor die Suid-Afrikaanse landswapen



## Suid-Afrika

<b>Amptelike naam</b>	Republiek van Suid-Afrika
<b>Area</b>	1 221 037 km <sup>2</sup>
<b>Bevolking</b>	44 800 000
<b>Hoofstad</b>	Kaapstad, Pretoria, Bloemfontein
<b>Burlande</b>	Botswana, Lesotho, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Zimbabwe
<b>Hoogste punt</b>	Injesuthi (3 408 m)
<b>Laagste punt</b>	Atlantiese Oseaan (Seevlak)
<b>Kuslyn</b>	2 796 km
<b>Riviere</b>	Oranje, Vaal, Groot Vis, Sondags, Berg, Breë, Limpopo, Caledon, Krokodil, Elands, Umgeni, Tugela, Molopo, Olifants, Harts
<b>Berge</b>	Drakens, Lange, Soutpans, Outeniekwa, Hexrivier, Seder, Witte, Sneeu, Swart, Tafel
<b>Paaie</b>	362 099 km (73 506 km geteer)
<b>Spoortyne</b>	22 298 km
<b>Hawens</b>	Kaapstad, Durban, Oos-Londen, Mosselbaai, Port Elizabeth, Richardsbaai, Saldanha
<b>Lughawens</b>	727 (143 met geteerde aanloopbane)
<b>Parlement</b>	Nasionale Vergadering (400 setels) Raad van Provinsies (90 setels)
<b>Administratief</b>	9 provinsies
<b>Tale</b>	Afrikaans, Engels, IsiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda en Xitsonga
<b>Geloof</b>	Christen (68%), Moslem (2%), Hindoe (1,5%), Tradisioneel (28,5%)
<b>Bevolking</b>	Swart (75,2%), Europees (13,6%), Bruin (8,6%), Indies (2,6%)
<b>Vorige heersers</b>	Groot-Brittanje
<b>Wêrelderfenis-gebiede</b>	Robbeneiland (1999) Sterkfontein Fossielterreine (1999) Groter St Lucia Vleilandpark (1999) uKhahlamba/Drakensbergpark (2000) Kaapse Blommeryk (2004)

#### Pret met isiZulu

<i>Goeiemôre</i> — Sawubona
<i>Tot siens</i> — Uhambe kahle/Usale kahle
<i>Ja</i> — Yebo
<i>Nee</i> — Cha
<i>Verskoon my</i> — Uxolo
<i>Baie dankie</i> — Ngibonga kakhulu
<i>Hoe gaan dit?</i> — Kunjani?
<i>Dit gaan goed, dankie</i> — Ngiyaphila
<i>Moeder</i> — umama
<i>Vader</i> — ubaba

#### Tel in isiZulu

1	Kunye
2	Kubili
3	Kuthathu
4	Kune
5	Kuhlanu
6	Isithupha
7	Isikhombisa
8	Isishiyagalo-mbili
9	Isishiyagalo-kunye
10	Ishumi



#### Vlag



27 April 1994

Die vlag vertoon twee groen bane wat een word, en simboliseer van die eenheid wat in die land verkry is.

Geel, groen en swart is die kleure van die ANC.

#### Landswapen

**Olifanttande** — Wysheid, krag, ewigheid

**Koringare** — Vrugbaarheid, groei en ontwikkeling van potensiaal

**Goue skild** — Identiteit en geestelike weerbaarheid

**Spies en knopkierie** — Verdediging en gesag.

**Hulle lê plat**, om vrede te simboliseer

**Khoisan rotskuns** — Eenheid en vrede

**Protea** — Die handwerk van Afrika, skoonheid en potensiaal

**Sekretarisvoël** — Majesteit, beskerming

**Optomende son** — Bron van lewe en lig

**Volklied** *Nkosi Sikelel' iAfrika*  
God seën Afrika

**Letse** *!ke e: /xarra //ke*  
Eenheid in verskeidenheid

**Nasionale dag** Vryheidsdag (27 April)

**Onafhanklikheid** 31 Mei 1961 (Van Brittanje)  
27 April 1994 (Eerste demokratiese regering)



#### Geleëheid

1 Rand = 100 sent

**Note**  
10, 20, 50, 100, 200 R

**Munte**  
1, 2, 5 R  
5, 10, 20, 50 sent

Die Rand is 'n afkorting vir die Witwatersrand, die gebied om Johannesburg, wat die ekonomiese hartklop van Suid-Afrika is.

#### Die naam Suid-Afrika

Suid-Afrika is een van twee Afrikalande waarvan die naam die geografiese ligging van die land aandui. Die ander een is die Sentraal-Afrikaanse Republiek.

## Inligting oor die Suid-Afrikaanse landswapen



**! ke e:/xarra//ke**

(Mense wat anders is, kom saam)

/Xam is 'n Khoisan-taal wat al voor 1900 heeltemal verdwyn het. Tog weet ons vandag meer van /Xam as van die meeste ander San-tale. En alles wat ons weet, is te danke aan die werk wat dr. Wilhelm Bleek, 'n Duitse taalkundige, sy dogter en sy skoonsuster oor /Xam gedoen het. Hulle werk oor dié interessante San-taal is wêreldberoemd. Wilhelm Bleek se dogter het selfs 'n woordeboek met /Xam-woorde saamgestel en dit is juis dié woordeboek wat gehelp het om die leuse van die Suid-Afrikaanse wapen amptelik te vertaal as:

### **Eenheid in verskeidenheid.**

Die leuse wil dit hê dat Suid-Afrikaners trots moet wees op Suid-Afrika. Op die landswapen kom pragtige simbole voor:

- Die **opkomende son** stel energie en helderheid voor en is ook 'n simbool van lig en lewe.
- Die statige **sekretarisvoël** op die landswapen strek sy vlerke wyd oop. Die oopgestrekte vlerke simboliseer die beskerming van die nasie.
- Suid-Afrika se nasionale blom, die **protea**, beeld die skoonheid van ons pragtige land uit.
- Die **Khoisan-figure** op die landswapen is 'n voorbeeld van Suid-Afrikaanse rotskuns. Die twee figure kyk na mekaar en dit dui op eenheid.
- Die ryp **koringare** beeld die vrugbaarheid van Suid-Afrika uit.
- Wysheid en krag word deur die **olifanttande** op die landswapen gesimboliseer.
- Die wapens, die **knopkierie** en **spies**, is neerge lê en dit dui op vrede.


Miniwoordeboek  
simbool: 'n  
voorwerp, woord  
of teken wat iets  
voorstel of  
verduidelik

Die San is een van die oudste volke van Afrika. Daar is deesdae nog net 'n paar duisend San-mense oor en hulle leef nie meer so in en na aan die natuur soos in die verlede nie. Vroeër het die San in groepe saam gewoon. Bedags het die mans gaan jag en die vroue het veldkos versamel. Die San was uitstekende jagers. In die aande het hulle ure lank om die vuur gesit waar hulle graag stories van hulle voorvaders en tradisies vertel het. Die San-rotskuns is van Afrika se kosbaarste besittings.

#### 4. Kaarte waarop 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse plekname voorkom

- Tsitsikamma
- Kouga Region
- Sundays River Valley
- Sunshine Coast
- Frontier Country
- Karoo Heartland
- Friendly N6
- Amatola Mountain Escape
- Wild Coast

Tel/Fax: +27 (0) 44 874 7474  
 Tel/Fax: +27 (0) 44 874 5059  
 Tel/Fax: +27 (0) 44 874 0067  
 E-mail: [gotravellers@mweb.co.za](mailto:gotravellers@mweb.co.za)  
 Web: [www.sacape.co.za](http://www.sacape.co.za)



MAP NOT TO SCALE

#### EASTERN CAPE TOURISM BOARD

Tel: +27 (0) 43 701 9600  
 Fax: +27 (0) 43 701 9615  
 E-mail: [info@ectourism.co.za](mailto:info@ectourism.co.za)  
 Web: [www.ectourism.co.za](http://www.ectourism.co.za)

- |                                 |  |
|---------------------------------|--|
| — Main Roads                    | ... Mountain Passes                                  |
| — N2 National Roads             | ✈ Airports   |
| — Route 62 / Longest Wine Route | T Toll Road  |
| ... Untarred                    | Conservation Areas / Nature Reserves / Game Reserves |
| - - - Provincial Border         | ▲ 3001m Mountain Peak                                |
| — R72 Coastal Route             | 🚧 Border Post  |
| 🗼 Lighthouse                    |  |

**Detailed Area Maps Available from the Local Tourism Bureaux**

**Kaarte waarop 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse plekname voorkom**





Hierdie mense het 'n totaal ander eetpatroon gehad as die Hollanders en aangesien rys hul stapelvoedsel was, moes daar voortdurend rys ingevoer word om in hul behoeftes te voorsien; ook was hulle gewoon aan talle van die speserye en geurige kruie en hierdie dinge het in groot hoeveelhede in die skepe lêerheen gekom. So kom daar peper, kaneel, naeltjies, gemmer, neut, koljander, foelie, borrie, kerrie en saffraan en daarmee bring dit geleidelik nuwe geure, prikkelende smake en vreemde fisette in die centonige kulinêre styl van die Hollanders.

### Suurvytjie-en-pynappel-sambal

(LEWER 4 PORSIES)

- 24 suurvytjies
- 125 ml (½ k) sterk, warm rooibos- en gekap
- 1 klein pynappel, geskil, outkern en gekap
- 1 klein nielje, geskil en gekap
- 5 ml fyngeperde, vars gemmerwortel

1. Wek suurvytjies ornag in tee. Dreineer, verwyder alle onooglikhede en kap fyn.
2. Meng die vytjies met die pynappel en uit en klam aan met Sambalsous (sien bl. 154). Voeg gemmer by. Skep in 'n geskikte houër, bedek met kleefplastiek en marmeer 1 uur in die koelkas.

Die Sri Lankaanse rooster die speserye langer as normaalweg voordat dit gemaak word en daarom verleen dit aan hul inherente disse 'n kenmerkende "donkerder" smaak as wat tradisionele Indiese geregte het. Indien die speserye gerooster word tot net voordat jy dit ruik, word 'n baie ligte, geurige kerriemengsel verkry. Hierdie ligter Sri Lankaanse speseryemengsel word gebruik in die bereiding van kerriesalt. Moenie te veel speseryemengsel op 'n keer berei nie, behalwe as dit deurlopend gebruik word. Die mengsel sal in 'n digte houër uiters ses tot agt weke 'n wonderlike geur behou. Dit kan wel suksesvol verdubbel of verdriedubbel word. Met ander woorde: berei eerder al om die twee maande 'n kleiner, vars hoeveelheid as 'n groot hoeveelheid wat maande ongebruik op die rak gaan staan.

- 25 g (125 ml/½ k) kalfandersaad
- 15 g (50 ml/6 t) komynsaa
- 15 ml (1 t) vinkelzaad
- 5 ml (1 t) fenegriek
- klein stukkie pyppaneel
- 6 grien kardemomsaad
- 6 kruisnaeltjies
- 6 vars kerrieblare
- 15 ml (3 t) borrie (opsioneel)\*
- 5 ml (1 t) rooipeper

\* Die borrie is nie 'n noodsaaklike bestanddeel van hierdie kerriemengsel nie, maar indien jy die ligter variësie berei, is dit wél nodig om die mengsel effens bitter en geder te maak. Om die rede beveel ek die borrie aan.

1. Skep koljander, komyn, vinkel, fenegriek, kaneel, kardemom en naeltjies in 'n groot swaarboomkastrol en roer oor matige hitte totdat speserye begin ruik. Vir 'n ligter speseryemengsel moet kastrol onmiddellik van hitte verwyder word. Vir 'n donkerder geur moet speserye langer gerooster word, maar pasop vir aanbrand. Verwyder van hitte en voeg kerrieblare, borrie (indien gebruik) en rooipeper by. Roer deur, skep in 'n vlak pan, sprei oop en laat afkoel.
2. Maal al die bestanddele tot 'n fyn poeier en sif deur 'n fyn sif. Gooi alles wat in sif agterbly, weg. Berei speseryemengsel in 'n digte houër.

## 5. Suid-Afrikaanse resepte waarin die Oosterse invloed duidelik na vore kom

### Perskeblatjang

(LEWER 2 GROOT FLESSE)

Suid-Afrikaanse emigrante se verlangte terug huis toe is nêrens meer sigbaar as in hul behoeftes aan Mrs Balls nie.

- 1,5 kg ryp tamiperskes, van pitte afgesny
- 1 groot ui, oorlangs gehalveer, geskil en gekap
- 2 eetknoffelhuissies, gekneus en geskil
- 1 pak (500 g) pitlose tomaties
- 400 g (500 ml/2 k) suiker
**koel-koer** ww. (gekoekloer) Skerp lyk, gluur.

**koel-ke-ma-kran'ka** (-s) (< *Khoekhuens*). ook **koekmakranka** Inheemse holplant met welriekende, sappige, kolfvormige vrugte wat gedeeltelik onderaards ontwikkel; *Gehellis*-soorte, veral *G. ciliaris* en *G. afra*: *In die winterreënsreek kom ongeveer 20 soorte koekmakrankas voor.* *VEK onthou hoe ek as kind 'n ouer suster bewonder het wat koekmakrankas op die reuk af kon kry* (M.E.R.). *Ek loop en soek na koekmakranka / vir aanspraak en vir ruik en proe* (Boernecf).

**koel-ke-pan** (< Z.) Ysterbak wat op 'n spoorbaantjie of langs 'n hogrondse draad kan beweeg en o.a. gebruik

wees: *Sy koketteer met al wat broek dra.*

**ko-ket-te-rie** 1 Behaagsug, oordrewe verlangte om te koketteer, om die manlike geslag te behaag. 2 (-e) Uiting van behaagsug, van te koketteer: *Mans met koketterie aanlê.*

**kok-hals** ww. (gekokhals) (w.g.) Op die punt wees om te brauk; braakhewingsmaak.

**kok-ke-door** (kokkedore) (skerts.) Belangrike persoon, hoë meneer; iemand wat hom groot meneer hou: *Tussen die groot kokkedore sit. Wat maak al die kokkedore vandag hier?*

**kok-ke-rot** (-te) Kakkertak.

**kok-ke-diel** (-e) Kleinrige tipe papegaai, *Nymphicus hollandicus*, uit die Ooste afkomstig, met helderkleurige vlerke, as kouvoël aangehou.

**kok-ke-wiel** (-e) 1 Bokmakierie, geel en groen voël met 'n swart dwarsstreep onder die keel - so genoem na die geluid wat die wyfie maak; *Telophorus zeylonus*. 2 Waterfiskaal (bet. 2). **UITDR.:** *Die kakkewiel het my gesny* - gesê wanneer die vel onder jou toon gesny is as jy kaalvoet geloop het.

**kok-kus** (-se, kokki) 1 (plant.) Deel van 'n split- of gelobde vrug. 2 (bakterie.) Ronde of ovale bakterie. [G. *kokkos* - sandkorrel, bessie]

**ko-kon** (-nc, -s) 1 Omhulsel waarin die ruspers van die meeste skoelapper-soorte hulle as papies toespinn. 2 (by uitdr.) Lewenswyse, situasie e.d. waarbinne iemand hom soos in 'n kokon insluit: *Haar huis was vir haar 'n kokon waarin sy veilig gevoel het.* *Jou kasruk uit die kokon van 'n omgewing wat jou knel.*

**ko-kos-boom** Tropiese palmboom, *Cocos nucifera*, wat harde dopvrugte (klappers) dra, met 'n dik laag vesels (klapperhaar) bedek is, en 'n eethare, wit voering en 'n melkagtige vloeistof bevat, klapperboom, kokospalm.

**ko-kos-melk** Klappermelk.

**ko-kos-ment** Vrug van die kokospalm, klapper.

**ko-kos-o-lie** Olie uit die vleis van die kosnout.

**ko-kos-palm** Kokosboom.

**kok-si-di-o-se** Siekte verwek by gewerdede diere en hyinsekte en weekdiere deur *Coccidia*, 'n orde parasiete.

**koks'jon-ge** (veroud.) Helper van 'n kok - veral op 'n skip.

**koks'maat** (veroud.) Koksjonge.

**koks'mus**, **koks'pet** Hoë wit mus.

**kol** □ s.nw. (-le; -letjie) 1 (a) Ligte, witterige plek op die voorkop van 'n dier - veral 'n perd. (b) Perd met so 'n merk. 2 (a) Middelpunt van 'n skyf: *In die kol skiet.* (b) Skoot wat die kol tref: *'n Kol skiet.* 3 Ronderige vlek: *Jou pak klere is vol kolle.* *Die wyn het 'n kol op die tafeldoek getuut.* 4 (a) Lap aantel: *Daar is*

## K

**kolf-ge-mid-del-de** (krieket) Verhouding tussen aantal lopies van 'n kolwer tot aantal voltooië kolfbeurte: *Die Springbok het 'n pragtige kolfgemiddelde van 60 vir die seisoen.*

**kolf'kam-pie** (krieket) Ruimte tussen hout- en kolfstreep waarbinne 'n kolwer staan: *Die kolwer kan gestouk word of uitgehardloop word as hy huite sy kolfkampie is.*

**kolf'spel** (hist.) Spel uit die 16de eeu, wat gespeel is met elastiese balle wat geslaan moes word met 'n stok, voorsien van 'n hol metaalkolf wat die onderent: *Die gholfspel het waarskynlik uit die kolfspel ontwikkel.*

**kolf'streep** (krieket) Streep ongeveer 1 m voor en parallel met die penne, waaragter 'n kolwer staan.

**kolf'gans** Wit, rooibruin en swart eendvoël, *Alapochen aegyptiacus*, met groen en pers gevlekte vlerke, 'n rooi, kaal ring om die oë en 'n rooibruin kol op die bors, wat dwarsoor Suidelike Afrika voorkom, asook in Egipte, die Middel-Ooste en Suidoos-Europa; berggans.

**kolf'haas** Groterige haas, *Lepus saxatilis*, met wit kol voor die kop; berghaas.

**kolf'hou** (gholf; neol.) Hou waarby die balletjie met 'n enkele hou vanaf die hol in die putjie bclaud.

**ko-lij'bril** (-s) (Sp.) Sierlike voeltjie met lang stert en lang snawel, inheems in tropiese Amerika; fam. *Trochilidae*.

**ko-lik** Hewige krampjyn in die ingewande; buikkramp. [G. *kolike* < *kolon* (dikderm) koliek; -agtig, -pyn.

**ko-lie-waar** (spreek.) In die uitdr. by *my kolie(waar)* - uitroep om die waarheid van 'n bewering te heklentoon.

**ko-li'a'sky**, **ko-li'a'ski** Enigeen van 'n aantal Asiatiese pelse, veral dié van *Mus-tela siberica*. (< Russ. < *Kulu* dorp en skiereiland in Rusland)

**kol-jan'der** Plant met skerp ruikende saadjies wat as spesery gebruik word: *Coriandrum sativum*. **UITDR.:** *Dis vinkel en koljancker (die een is soos die ander), die twee sake, persone is eenders, daar is geen verskil nie.*

**kolik** □ s.nw. (-e) Waterkuil, maalgat: *In 'n kolk verduyn.* *VAar oë het 'n wilde kolk geword* (Ingrid Jonker). □ ww. (gekolk) 'n Kolk vorm; maal (van water): *Die water kolk gevaarlik hier.* **kol'king**.

**kol-la-bo-ra-teur** (-s) (< F.) Saamwerker - veral iemand wat in 'n besette land met die vyand saamwerk: *Kollaborateurs fusileer.* **kollaboreer**.

**kol-la-geen** Lymvormende eiwitstof, hoofbestanddeel van bindweefsel.

**kol-laps** (med.) Volkome ineenstorting.

**kol-la'sie** (-s) 1 Vergelyking van 'n afskrif met die oorspronklike. 2 Reg om geestelike te benoem. 3 Ligte aandete wat op vasdae toegelaat is. [L. *collatio*]

**tydskrif kritiseer**. 2 (in ongunstige bet.) Vil op, bekel: *'n Toespraak kritiseer.* *Altyd en ewig kritiseer.* *Hy kan nooit prys nie; hy kritiseer net altyd.* [G. *kritiein* oordeel]

**Kro-aaf** (Kroate) Bewoner van Kroasië. **Kroa'ties**.

**kroeg** (kroef) Drinkplek by 'n hotel, klub, ens., waar o.a. sterk drank verkrygbaar is; (gesels.) oog: *Heedag in die kroeg lê.* *Die kroeg besoek.* **Damekroeg**, **kroeg:** ~baas, ~bediende, ~juffrou, ~sana.

**kroeg'lo-per** Persoon wat gereeld 'n kroeg besoek; drinker, kroegloper.

**kroek** (-e) 1 Pundok: *VHy ... het steeds groter en groter geword, sodat hy met sy kop en sy voete die twee mure van die kroek genaak het* (W.E.G. Louw). 2 Agterbuurt; lokasie.

**kroep** Kindersiekte veroorsaak deur vernouing van die strottehoof, wat met 'n benoude hoers gepaard gaan. **kroef'perig**, **kroep'boes**.

**kroef'pier** (-s) Sien **KROUPIER**.

**kroef'ke-tel** Apparaat om 'n kroeplyer genesende wasem te laat inasem.

**kroes** (-e) 1 (w.g.) Drinkbeker. 2 Houer om iets in te verhit of te smelt - nog bekend in die ss. **smeltkroes**.

**kroes** b.nw. Dig inmeekaargekrul: *'n Meisie met kroes hare.* **kroes'serig**.

**kroes** b.nw. Siekerig, olik: *Ek voel vandag net kroes.* **kroes'serig**.

**kroes'blaar** Virussiekte in tabak versprei deur 'n insek.

**kroes'bas** Dwerghos met krullerige blare en pers blomme: *Muralia rubraea*.

**kroes'taal** Baie suiwer staal, verkry deur staal of smeedyster met koolstof e.d. in kroese te smelt.

**kroes'kop** Persoon met gekroese hare. **kroes'tang** Tang waarmee warm kroese gelianteer word.

**krok** (-s) (< E.) Iemand of iets wat al oor die gewone ouderdom is vir wat hy ingespan word - gewoonlik met ou gebruik: *Die ou kroks speel vandag teen die derde span.* *So 'n ou krok van 'n motor kan sommer uitmekaarval.*

**kro-ke'** (-te) (< F.) Rolvormige pastei-tjie met fyn vleis of vis, en rys, aurtappels e.d., en met 'n kors van fyn krummels. **kroket'je**.

**kro-ko-dil** (-le) Akkedisagtige reptiel van die trope wat in die water woon en hedek is met horingagtige skubbe, geuistloos in die water dryf en sy prooi met sy kragtige stert slaan: orde *Crocodylia*. [G. *krokodilos*] **krokodil:** ~leer, ~poel.

**kro-ko-dil'tra-ne** mv. Geveemde, getuigetele trans.

**kro'kus** (-se) Irisagtige sierplant; saf-

**P** aan behoefte persone wat 'n hoë leeftyd bereik het: *Die weduwe van die eerste minister kry pensioen. Ouderdomspensioen.* [L. *pendere* weeg] pensioen: ~bewys, ~regtig, ~gewaad, ~reëling, ~wet.

pen-si-oe-na-ris (-sc) Pensioentrekker. Vgl. PENSIONARIS.

pen-si-oen-by-dra-e Bydrae wat 'n werknemer verplig is om maandeliks te stort in 'n fonds waaruit sy pensioen by aftrede betaal word; ook, die pro rata-gedeelte wat die werkgewer tot 'n werknemer se pensioenfonds bydra.

pen-si-oe-neer' ww. (gepensioeneer) Op pensioen stel; 'n jaargeld gee: *Hy is gepensioeneer weens bereiking van die leeftydsgrens, weens swak gesondheid.* Ook selfst.: 'n *Gepensioeneerde, pensioeneering.*

pen-si-oen'fonds Fonds bestaande uit hydraes deur werkgewer en werknemer waaruit pensioene betaal word.

pen-si-oen'leef-tyd Leeftyd, gewoonlik tussen 60 en 70 jaar, waarop 'n werker met pensioen moet afree.

pen-si-oen'trek-keud b.n.w. Wat gelde trek uit 'n pensioenfonds: 'n *Pensioentrekkende weduwe.*

pen-si-oen'trek-ker Persoon wat pensioen trek; pensioenaris, gepensioeneerde.

pen-si-oen'ver-se-ke-ring Verzekering wat 'n mens die reg gee om op latere leeftyd pensioen te trek.

pen-sion' (uitspr. *pan-sjon*) (-s) (F.: *veral in Europese lande*) 1 Eenvoudige losieshuis. 2 Etes in so 'n losieshuis: *Volle pension, inwoning plus etes.*

pen-si-o-na-ris (-sc) (hist.) 1 Regsgeleerde wat as raadman van die Nederlandse regering opgetree het. 2 President van die Duitse Republiek. Vgl. PENSIOENARIS.

pen'skets 1 Skets met inkt en pen geteken. 2 Kort beskrywing, bv. van iemand se lewensloop.

pen'skla-vier (skerts.) Akkordeon, trekklavier.

pen'steek Perdesport waarby die ruiter 'n pen in die grond deur 'n skerp staaf moet steek en oplig.

pens'win-kel (skerts.) Bak met koopware wat met 'n nekhand oor die maag gedra word en o.a. op stasies en by sportbyeenkomste e.d. na kliënte gebring word, pens'winkelier.

pens'wol Wol op die pens van 'n dier.

pen'ta- (G.) Woordelement met die bet. "vyf" in woorde soos *pentagoon, pentamer.* [G. *penite* vyf]

pen-taan' Sterk ontvlambare vloeistof, 'n bestanddeel van petroleum.

pen-ta-e'der (-s) Prisma met gelyksydige driehoek as eindvlakke.

Pen-ta-gon (Amer.) 1 Vyfhoekige gebou in 1943 op Arlington opeerig as militêre hoofkwartier van die VSA, waar die

hoofbevelvoerders van die land, seë en lugmag gevestig is. 2 (fig.) Militêre mag van die VSA.

pen-ta-goon' (pentagone) Vyfhoek. *pentagonaal.*

pen-ta-gram' (-me) Vyfpuntige figuur, gevorm deur die vyf diagonale van 'n reëlmatige vyfhoek.

pen-ta-me-ter (-s) Vers bestaande uit twee maal twee en 'n half daktele.

Pen-ta-teug' Die vyf boeke van Moses, wat ook die eerste vyf boeke van die Ou Testament is. [G. *penia* + *teuchos* boek]

pen-taf'lon (art.) Wedstryd bestaande uit vyf vaste afdelings; vyfkamp: *Die pentafon is reeds by die Griekse Olimpiese spele beoef.* [G. *penie* + *athlon* wedstryd]

pen'te-ke-ni-ng Tekening met pen en inkt gemaak; inktekening.

pen-to'de (-s) Radiolamp met vyf elektrodes. [G. *penia* + *hodos* weg]

pe-nun'bra Halfkaduwee. [L. *paene* amper + *umbra* skaduwee]

pe-n'vis Blaasop met driepuntige stekels, lighruin met swart kolle; *Cyclotylus orbicularis.*

pen'vriend Penmaat.

pen'wor-tel Vernaamste wortel van 'n plant wat regaf groei en takwortels het.

pe'per □ s.n.w. Vrug van die peperstruik, *Piper nigrum* in potciervorm, wat as spesery gebruik word: *Peper was vroër so duur soos goud. Spaanse peper, piment. Peper en sout, half wit, half swart.* □ ww. (gepeper) 1 Met peper bestrooi: *Die sop is te sterk gepeper. 2 (lett. en fig.) Met iets tref; kwaai straf; toetakel, slaan: Peper die mossies! Iemand wat lastige was peper 3 (fig.) Bitsig maak of wees; sterk krui: *Jy moenie jou taal so peper nie. 'n Gepeperde styl gebruik.* pe-per: ~agtig, ~pot, ~struik.*

pe'per-boom Immergroen aierboom wat rooi of swart bessies dra en 'n skerp geur het; *Schinus molle.*

pe'per-duur b.n.w. en bw. Baie duur.

pe'per-kor-rel 1 Saadkorrel of bessie van die peperstruik. 2 (fig.: in die mv.) Bossies wollerige krul-, kroeshare.

pe-per-menf' (-e), ook pipperment 1 Plant wat 'n sterk kanfersmaak het, waaruit olie gepers word. 2 Lekker wat met olie van hierdie plant gegee is: *Pepermentie eet om jou asem lekker te laat ruik.* Vgl. MENTJES, peperment: ~kanfer, ~olie, ~water.

pe-per-menf'i-keur Wynspiritus wat groen gekleur en met pepermentolie gegee is; skertsend ook genoem *jangroenijle, groenmamba.*

pe'per-wor-tel Plant waarvan die wortel, wat 'n pikante, prikkelende smaak het, as kruie gebruik word; ramenas.

pe'plos (-sc) (G.) Kleed deur die vroue van

**S**

onder die oë sien; ky moet besluit. *Hoe staan dit?* (gesest.), hoe gaan dit? *Sy kansa staan goed, sy kansa is beknoud. Dit kom te staan op, dit kos. Laat staan, (a) iets op die plek laat waar dit is, bv. laat staan die koppie (net daer); (b) met rus laat, bv. laat staan die kind, moenie hom so terg nie; laat staan sy snor, dis mooi; (c) ophou met; nie verder voortgaan (met) nie, bv. *hy het die drank laat staan; (d) verlaat, bv. sy vrou het hom laat staan; (e) nie in ag genome nie; wat verder genoem word, is 'n hoër graad, bv. *hy is al horingoud, laat staan nog sy pa; die meeste het nog nooit 'n toneelopvoering bygewoon nie, laat staan nog self daaraan deelgeneem. Hoe staan die lewe?*, hoe gaan dit? *Staan mag, verdedigingsmag, Op een lyn staan met, op dieselfde vlak, van dieselfde aard, bv. sy werk staan op een lyn met sy voorganger s'n. Jou man staan, teenstanders aandurf; opgewasse wees teen jou taak. Op jou eie pote staan, selfstandig wees. *Hy staan sterk, hy is bemiddeld. Staan is val by iets, jou volkome daarmee vertenselwig, bv. ek staan of val by hierdie stelling. Dit staan vas, is bo alle twyfel. Onder verdenking staan, verdink word. Op staande voete, onmiddellik. Staande water, wat nie loop nie; wat sleg is weens stilstaan, iemand te woord staan, hom spreek.****

staan'balk Regop staande balk wat 'n dak stut.

staan'dak Dak wat 'n skuins oppervlak of oppervlakke het; spits dak.

staan'de □ voors. Tydens, gedurende: *Staan die onderhandelinge is intussen slegs kleiner sake afgehandel. Staande die vergadering vir 'n beroep bedank.* □ b.n.w. 1 Regop staande: *Staan die leu (her.), wat op sy vier pote staan. Die staande balk van 'n kruis. Iets staande hou. 2 Wat op dieselfde plek bly, nie beweeg nie: *Staan die water - sien uitdr. onder STAAN. 'n Staande uitdrukking, vas, onveranderlik. 3 Wat in stand bly, altyd beskikbaar is: *Die staande keë, troepe.* UITDR.: *Staan die bly, (a) nie val nie; (b) nie beswyk, tot niet gaan nie, bv. onder alle versoekings staan die bly.***

staan'der (-s) Regop geplaaide hout, ysler, ens. om iets te ondersteun, waarop iets kan rus: 'n *Staanbalk dien as staander vir 'n dak om op te rus.*

staan'geld 1 Geld vir weiding betaalbaar. 2 Betaling, tarief vir 'n staanplek: *Staan geld by die sportveld is R10.*

staan'klok 1 Groot huisklok wat met gewigte werk in 'n hoë houtkas wat op die vloer staan. 2 Giewone klink wat kan staan; teenoor hangklok.

staan'kraag Kraag bv. van 'n hemp of bloes, wat regop staan: 'n *Bruidsrok met 'n fraai staankraag.*

staan'lamp Lamp wat op 'n tafel, lessenaar staan, of lamp met 'n lang skag wat op die vloer staan; teenoor hanglamp: 'n *Staanlamp in die hoek gee 'n vriendelike lig in die sitkamer.*

staan'leer Soort leer met plat sporte en 'n stut wat dit in staat stel om gebruik te word sonder om dit teen 'n muur te laat leun.

staan'plek Plek waar gestaan (kan, moet) word: *Staanplek vir karre, vir mense by 'n vergadering of sportwedstryd, vir trekdier. Al die staanplekke vir die wedstryd is ook reeds verkoop.* UITDR.: *Van die staanplek, van die begin; onmiddellik.*

staan'spoor In die uitdr. uit die staanspoor (uit) of van die staanspoor (af), van die begin af; onmiddellik: *Haar onder-neming was van die staanspoor af suksesvol.*

staan'-staan bw. 1 Stadig, langzaam, tul-mend: *Staan-staan loop. 2 Al staande: *Staan-staan jou jou kos wegskak.**

staan' □ s.n.w. Vertroeheling van die oog-lens; katarak; pèrel op die oog: *Groen staar, gloukoom. Groen staar, katarak.*

*Swaar staar, blindheid van weë siekte in die oogseuwee; blindheid met helder oë. Die staar kry. Die staar lig, die troebel lens verwyder.* □ ww. (gestaar) Strak en wesenloos kyk: *Wat staar almal so na my? *Ure taneen kon sy so sit en staar na die roise waargter die kwaal branders opgesat het (Wilnu Stockenström). Jou blind staar op iets, net daarvoor aandag hê en die res nie sien nie. *Met starende blik, staan'ligting.***

staat' (state) 1 Toestand: *In goeie staat verkeer. 2 Verciste toestand, geleentheid: *In staat wees om iets te doen. 3 Stand, rang, waarligheid: *Ientuul van hoë staat. *Jy was tot so 'n staat en mag gebore / dat elke omdraai van jou hand / die lot vir bate was (N.P. van Wyk Louw). 4(a) 'n Groep mense wat 'n bepaalde gebied permanent bewoon, polities georganiseer onder 'n soewereine regering wat die mag besit om wet en orde in die gemeenskap te handhaaf: 'n *Soewereine staat. Die Afrikaanse. Die staat deur jou optrede skaad. (b) Landsregering, owerheid: *Die ondervys word deur die staat gereël. Die gesag van die staat erken. In opstand kom teen die staat. 5 Rol, lys, tabel: 'n *Staat van inkomste opmaak.* Vgl. STAATMAAK. UITDR.: *Tot alles in staat wees, in die posisie, vermoë wees om alles te doen, te vermag, bv. *Vlek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee (Fil. 4:13 NV). Staat van beleg, toestand van beleër te wees. *Egtelike staat, toestand van getroud te wees. *In gesênde staat, swanger. *In staat van ontbinding, besig om te ontbind of te vergaan. *In staat stel, die geleentheid bied. [L. *status* en deels oorgeneem van************



## **Bylae C**

### **Onderwysersgids vir die voorbeeldlesreeks**

# Onderwysersgids

## ***Die interessante verskeidenheid in Suid-Afrika en Afrikaans***

1. Graad 9-leerders gaan in hierdie lesreeks, soos die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) dit van leerders in die senior fase vereis:
  - aktief deelneem aan demokratiese samelewingsaktiwiteite,
  - krities by sosiale en kulturele kwessies betrokke raak en konstruktief daarop reageer.
  
2. In dié lesreeks word om bogenoemde redes gefokus op:
  - die vaslegging en uitbreiding van taal,
  - die vaslegging en uitbreiding van veral kulturele geletterdheid asook kritiese en visuele geletterdheid,
  - luister-, lees en kyk-, praat- en skryfvaardighede om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te kommunikeer.
  
3. Die lesreeks wil:
  - gretige, buigsame lesers en luisteraars ontwikkel wat self inligting kan ontdek en kan evalueer, verantwoordelik en onafhanklik kan werk,
  - leerders ontwikkel wat aktief kan luister, lees en kyk, en wat vrymoedig kan praat en skryf,
  - leerders ontwikkel wat probleme kan oplos, krities en kreatief kan dink en optree,
  - leerders ontwikkel wat sosiale geregtigheid, menseregte en inklusiwiteit respekteer.
  
4. Die tekste wat in die lesreeks gebruik word, is soos die NKV vereis ryk aan:
  - gepaste sosiale en geskiedkundige kontekste wat tot begrip vir taal se erfenis bydra,
  - gevarieerde styl,
  - prikkelende temas aan die hand waarvan 'n kritiese begrip van waardes ontwikkel kan word,

- uitdagende woordeskat en taalidoom,
- taalverskeidenheid.

5. Die aktiwiteite waaraan leerders in die lesreeks kan deelneem, is in ooreenstemming met die vereistes wat Omsendbrief 32 van 2004 aan portefeulje-items stel, gekies.

6. Leerders neem in die lesreeks deel aan ses aktiwiteite.

Aktiwiteit 1: Makers (pare) neem deel aan 'n *mondelinge* blitsopdrag.

Aktiwiteit 2: Groepe neem deel aan 'n *navorsingsopdrag*. (Kan as 'n moontlike portefeulje-item beskou word.)

Aktiwiteit 3: Leerders neem individueel deel aan 'n *leesbegripopdrag*. (Kan as formele assessering beskou word.)

Aktiwiteit 4: Leerders neem individueel deel aan 'n kort, kreatiewe *skryfopdrag*. (Kan as 'n moontlike portefeulje-item beskou word.)

Aktiwiteit 5: Groepe neem deel aan 'n *groepsprojek*. ('n Opsionele aktiwiteit wat ook as verryking beskou kan word.)

Aktiwiteit 6: Leerders neem in groepe en individueel deel aan 'n *luisteropdrag*.

7. Die lesreeks se uiteindelijke uitkomst is:

- om leerders die geleentheid te bied om die unieke Suid-Afrikaanse verskeidenheid te leer ken en waardeer;
- om leerders te bemagtig met kennis dat Afrikaans tot stand gekom het danksy die interessante samekoms van 'n verskeidenheid mense, tale en kulture uit drie uiteenlopende kontinente (Afrika, Europa, Asië) en dat dié samekoms 'n invloed uitgeoefen het op die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse variëteite soos ons dit vandag ken;
- om leerders met die bogenoemde kennis te bemagtig om die beginsels vervat in die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomst van die NKV waarlik uit te kan leef;
- om danksy al bogenoemde by te dra tot beter begrip en gesonder verstandhoudings in 'n multikulturele Suid-Afrika en uiteindelik tot 'n gees van versoening.

Aktiwiteit	Geïntegreerde Leeruitkomst	Asseseringstandaarde	Teks en inhoud	Integrasie met leerareas	Assesering
<p><b>Aktiwiteit 1</b> is 'n blitsaktiwiteit waaraan makkers (in pare) deelneem.</p>	<p><b><u>LU 2</u></b></p> <p><b>Praat</b></p> <p><i>Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer (NKV, 2002:108).</i></p> <p><b><u>LU 3</u></b></p> <p><b>Lees en kyk</b></p> <p><i>Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer (NKV, 2002:112).</i></p>	<p>2.4 Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan gesprekke deel te neem: - motiveer eie standpunt (NKV, 2002:109).</p> <p>3.7 Evalueer tegnieke wat in visuele tekste gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik (NKV, 2002:115).</p>	<p><b>Teks: Visueel</b> Suid-Afrikaanse wapen en die simboliek wat daaruit spruit.</p>	<p><b>Kuns en Kultuur</b></p> <p><b><u>LU 1</u></b></p> <p><b>Visuele kunste</b> Interpretasie van kunswerk.</p> <p><b>Natuur- Wetenskap</b></p> <p><b><u>LU 2</u></b></p> <p>Konstruksie van wetenskaplike kennis.</p>	<p><b>Selfassesering</b></p> <p>Sien assesseringsblad vir assesseringskriteria (p. 9).</p>

<p><b>Aktiwiteit 2</b> is 'n navorsings-aktiwiteit.</p>	<p><b><u>LU 5</u></b></p> <p><b>Dink en redeneer</b></p> <p><i>Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik (NKV, 2002:120).</i></p> <p><b><u>LU 6</u></b></p> <p><b>Taalgebruik en -struktuur</b></p> <p><i>Die leerder is in staat om klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer (NKV, 2002: 126).</i></p>	<p>5.2 Gebruik taal om te ondersoek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- bevraagteken en oorweeg moontlikhede (NKV, 2002: 123).</li> </ul> <p>5.3 Verwerk inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- kies die beste en mees gepaste inligting uit bronne en voeg dit by eie idees in 'n samehangende aanbieding (NKV, 2002:123).</li> </ul> <p>6.1 Werk met woorde:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- verstaan dat tale woorde by ander tale leen en hoe nuutskeppings in 'n taal ontstaan (NKV, 2002:127).</li> <li>- gebruik samestellings doeltreffend om woordeskat uit te brei (NKV, 2002: 127).</li> </ul>	<p><b>Informatiewe teks</b></p> <p>'n Historiese oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans aan die suidpunt van Afrika in die monde van mense van drie kontinente: Europa, Asië en Afrika.</p> <p><b>2. Wêreldkaart</b></p> <p><b>3. Mini-naslaanbiblioteek</b></p> <p>met prente, kaarte, resepte, wye verskeidenheid inligting oor die Suid-Afrikaanse fauna en flora, uittreksels uit die <i>HAT</i> asook die <i>Woordelys en Spelreëls</i>.</p>	<p><b>Sosiale Wetenskap: Geskiedenis</b></p> <p><b><u>LU 1</u></b></p> <p>Geskiedkundige ondersoek. Leerders is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om verlede en hede te ondersoek.</p> <p><b><u>LU 3</u></b></p> <p>Geskiedkundige interpretasie. Leerders is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.</p> <p><b>Sosiale Wetenskap: Aardrykskunde</b></p> <p><b><u>LU 1</u></b></p> <p>Aardrykskundige ondersoek. Leerders is in staat om inligting uit kaarte te interpreteer.</p> <p><b>Lewensoriëntering</b></p> <p><b><u>LU 2</u></b></p> <p>Sosiale ontwikkeling. Die leerder is in staat om begrip vir diverse kulture te toon.</p> <p><b>Kuns en Kultuur</b></p> <p><b><u>LU 1</u></b></p> <p>Skepping, interpretasie en aanbieding.</p>	<p><b>Assessering van groeps-aanbieding</b></p> <p>(Moontlike portefeulje-item)</p> <p>Sien assesseringsblad vir assesseringskriteria (p. 10).</p>
---	--	---	--	---	--

<p><b>Aktiwiteit 3</b></p>	<p><b><u>LU 3</u></b></p> <p><b>Lees en kyk</b></p> <p><i>Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer (NKV, 2002: 112).</i></p> <p><b><u>LU 5</u></b></p> <p><b>Dink en redeneer</b></p> <p><i>Die leerder is in staat om taal te gebruik om te dink en redeneer te gebruik en om inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik (NKV, 2002:120).</i></p>	<p>3.1 Lees vir genot en inligting (NKV, 2002:113).</p> <p>3.4 Toon begrip van informatiewe tekste:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- maak gevolgtrekkings op grond van bewyse (NKV, 2002:113).</li> </ul> <p>5.2 Gebruik taal om te ondersoek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- bevraagteken en oorweeg moontlikhede;</li> <li>- oorweeg verskillende perspektiewe wanneer inligting gekies word. (NKV, 2002:123).</li> </ul> <p>5.3 Verwerk inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- kies die beste en mees gepaste inligting (NKV, 2002:123).</li> </ul>	<p><b>Informatiewe leesstuk</b> waarin daar op leesbegrip gefokus word.</p> <p><b>Mini-naslaanbiblioteek</b> met prente, kaarte, resepte, wye verskeidenheid inligting oor die Suid-Afrikaanse fauna en flora, uittreksels uit die <i>HAT</i> asook die <i>Woordelys en Spelreëls</i>.</p>	<p><b>Lewensoriëntering</b></p> <p><b><u>LU 2</u></b></p> <p>Sosiale ontwikkeling.</p> <p><b>Sosiale wetenskappe: Geskiedenis</b></p> <p><b><u>LU 1</u></b></p> <p>Geskiedkundige ondersoek.</p> <p><b><u>LU 2</u></b></p> <p>Geskiedkundige kennis en begrip.</p> <p><b><u>LU 3</u></b></p> <p>Geskiedkundige interpretasie.</p> <p><b>Sosiale wetenskappe: Aardryskunde</b></p> <p><b><u>LU 1</u></b></p> <p>Aardryskundige ondersoek.</p> <p><b>Wiskunde</b></p> <p><b><u>LU 5</u></b></p> <p>Datahantering.</p> <p><b>Kuns en Kultuur</b></p> <p><b><u>LU 1</u></b></p> <p>Skepping en aanbieding.</p>	<p><b>Formele assessering</b></p> <p>Sien voorgestelde memorandum.</p>
----------------------------	---	---	--	--	--



<b>Aktiwiteit 5</b> Groepsprojek	<b>LU 4</b> <b>Skryf</b> <i>Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike tekste vir 'n verskeidenheid doeleindes te skryf</i> (NKV, 2002:116).	4.1 Skryf 'n wye verskeidenheid verbeeldingstekste: - collage en plakkaat (NKV, 2002:117).	<b>Collage of plakkaat</b>	<b>Kuns en Kultuur</b> <b>LU1</b> Skepping en aanbieding.	<b>Groep-assessering</b> Sien assesseringsblad vir assesseringskriteria, p. 12).
<b>Aktiwiteit 6</b> Luister-aktiwiteit	<b>LU 1</b> <b>Luister</b> <i>Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer</i> (NKV, 2002:104).	1.1 Luister aandagtig vir spesifieke inligting: - maak gevolgtrekkings; - besin oor inligting en menings (NKV, 2002:105). 1.6 Herken en aanvaar verskillende taalvarieteite (NKV, 2002:107).  2.4 Toon gevorderde interaksievaardighede deur aktief aan groepbesprekings deel te neem.: - bespreek belangrike vraagstukke soos	<b>Liedjies in Afrikaanse streeksvarieteite</b>		<b>Informele assessering</b>

	<p><b><u>LU 6</u></b></p> <p><b>Taalgebruik en -struktuur</b></p> <p><i>Die leerder is in staat om klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer (NKV, 2002:126).</i></p>	<p>sosiale en etniese kwessies;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- stel ondersoekende vrae;</li> <li>- motiveer standpunte deur bewyse;</li> <li>- lug menings;</li> <li>- onderskei wanneer om sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens te toon (NKV, 2002:109-10).</li> </ul> <p>6.5 Ontwikkel kritiese taalbewustheid (NKV, 2002:133).</p>			
--	---	--	--	--	--



## Wenke vir die onderwyser, memorandum- en assesseringsmoontlikhede

Die onderwyser kan met die aanbieding van hierdie lesreeks 'n fasiliteringsrol vervul en leerders begelei en ondersteun om suksesvol aan die ses aktiwiteite deel te neem.

**Aktiwiteit 1** kan tydens die inleidingsfase van die lesreeks as 'n ysbreker beskou word om leerders tot die lesreeks in te lei.

### 'n Moontlike memorandum

(Neem ook kennis dat daar nie net een regte antwoord vir elke aktiwiteit is nie, maar dat sinvolle en goed gemotiveerde antwoorde van leerders krediet verdien.)

#### Aktiwiteit 1

- 1.1 Makers se onderskeie, maar sinvolle en gemotiveerde antwoorde verdien krediet.
- 1.2 Makers se oorspronklike antwoorde verdien krediet.
- 1.3 Die vraag behels integrasie met Natuurwetenskap. Makers pas natuurwetenskaplike kennis toe, deur te weet flora dui op plantelewe en fauna dui op dierelewe.  
Flora: die koningsprotea beeld die skoonheid van Suid-Afrika uit. Die koringare beeld die vrugbaarheid van Suid-Afrika uit.  
Fauna: die sekretarisvoël se oopgestrekte vlerke simboliseer beskerming van die nasie. Die olifant(tande) simboliseer wysheid en krag.
- 1.4 Die knopkierie en assegaai wat neergelê is, dui op vrede. Makers se dink- en redenasievaardighede en gepaardgaande afleidings en gevolgtrekkings verdien krediet.
- 1.5 Makers se dink- en redenasievaardighede en gepaardgaande afleidings en gevolgtrekkings verdien krediet.

### 'n Moontlike selfassesseringsblad vir makers (in pare) – opsioneel

Dié selfassesseringblad kan gedupliseer word en aan makers gegee word - indien onderwyser dit verkies.

Makers: _____	Ja	Onseker	Nee
Datum: _____			
1. Ons het saamgewerk.			
2. Ons kon ons kennis uit Natuurwetenskap en Sosiale Wetenskappe gebruik om antwoorde vir die vrae te vind.			
3. Ons kon die regte afleidings en gevolgtrekkings maak.			
4. Ons het die gesamentlike aktiwiteit geniet.			
5. Ons het nuwe kennis versamel deur aan die aktiwiteit deel te neem.			

#### Aktiwiteit 2

##### 'n Moontlike portefeulje-item

Groepe neem deel aan die navorsingsaktiwiteit aan hulle toegeken. Elke groep ontvang 'n weergawe van die Mini-biblioteek waarin die antwoorde gevind kan word van die bepaalde vrae wat die betrokke groep moet beantwoord. Hierdie verskillende weergawes van die Mini-biblioteek is gebruik sodat die groepe by mekaar kan leer. (Groepe kan meer as een opdrag uitvoer, indien hulle dit verkies.)

Die onderstaande assesseringsblad kan gebruik word of die onderwyser kan 'n assesseringsrubriek ontwerp. Die blad kan gedupliseer word en in leerders se portefeuljes geplaas word.

## Groepsaanbiedingassessering

	Uitstekend	Goed	Redelik	Swak
Navorsingsonderwerp: .....				
Datum .....				
Groep .....				
Groeplede: .....				
.....				
.....				
1. Die mate waarin inligting deur die groep georganiseer is.				
2. Die aanbieding word interessant en geesdriftig gedoen.				
3. Die opdrag word gefokus uitgevoer en daar word gemotiveerd in die groep saamgewerk.				
4. Die groep gebruik die gegewe naslaanbronne effektief.				
5. Die groep gebruik die toepaslike kennis uit die naslaanbronne om die opdrag uit te voer.				
6. Hoofgedagtes word saamgevat en sinvolle gevolgtrekkings word gemaak.				
7. Ondersteunende materiaal dra by tot die sukses van die aanbieding.				
8. Algemene indruk				
Kommentaar:				
Indrukspunt:				

### Moontlike memorandum vir aktiwiteit 2

Die onderwyser kan tydens die opdrag tussen groepe beweeg en 'n begeleidende en ondersteunende rol speel. Begelei leerders tot antwoord sodat leerders antwoorde self kan ontdek.

- 2.1 Groepe hoef nie al die name te identifiseer nie. Agt van die onderstaande plekname is genoegsaam:  
Komaggas, Kuboes, Tsitsikamma, Kareedouw, Kamdeboo, Keiskammahoek, Augrabies, Kakamas, Nababeep, Garies, Hantam, Karoo, Prieska, Outeniekwa, Knysna, Keirivier.
- 2.2 Peper, kaneel, naeltjies, gemmer, neut, koljander, borrie, kerrie, saffraan.
- 2.3 Groepe hoef nie alles te identifiseer nie. Vyf van die onderstaande is genoeg.  
Sommige groep sal waarskynlik net plante-, diere en plekname soos die volgende identifiseer:  
dolfyne, voëls, mense, bokke, skulpe, blomme, insekte.  
Groepe met ander weergawes van die Mini-biblioteek sal waarskynlik onder andere die volgende identifiseer:  
Bottelneusdolfyne, seemeeue, bontbokke, widdoodshaai, rooikat, waierskulp, takbökkieskulp, speldekussingblom, oesterkrakers, varkore, kameelperd, Afrika-olifant, Kango-grotte, bokbaai-vygie, miskruier, swartrenoster, bitteraalwyn, noordkaperwalvis.
- 2.4 Leerders hoef nie alles te identifiseer nie. Agt name is genoeg.  
Daar is egter te veel saamgestelde plekname op die kaart om hier te noem. Gebruik u eie diskresie.
- 2.5 Leerders hoef nie alles te identifiseer nie. Agt name is genoeg.  
Kraan+voël, rooi+hart+bees, jag+lui+perd, stok+sert+meerkat, see+koei, kameel+perd, bont+sebra.
- 2.6 Leerders hoef nie alles te identifiseer nie. Agt name is genoeg. (Onderwyser kan hier help!)

Nederlands: Blaauwklippen, Nietvoorbij, De Leeuwen Jacht, Stellenbosch, Oude Nektar, Boschendal, Veenwouden, De Zoete Inval, Schoongezicht, ens.

Frans: Bien Donn , L'Avenir, Deverson la Pierre, Le Bonheur, Le Riche, Plasir de Merle, Fleurbaix, ens.

Duits: Bernheim, Wiesenhof, Meinert, Laibach, ens.

- 2.7 bitter+aalwyn, konings+protea of berg+roos, gous+blom, spelde+kussing, brood+boom, soet+doring+boom.

### Aktiwiteit 3

#### Leesbegrip

(Aktiwiteit 3 kan as 'n moontlike portefeulje-item beskou word. Leerders kan dit selfs aan die hand van 'n memorandum self assesseer of die onderwyser kan die opdrag formeel assesseer.)

- 3.1 "Eenheid in verskeidenheid" gestel in jou eie woorde, byvoorbeeld:  
Al is daar verskille, is ons een nasie;  
Eensgesindheid heers onder almal;  
Verskeidenhede vorm 'n geheel;  
Eenstemmigheid, al verskil ons, ens.  
(As jou antwoord min of meer soos die voorbeelde is, merk jou antwoord reg!) (1)
- 3.2 byvoorbeeld: bv. (1)  
onder andere: o.a. (1)
- 3.3 Die afkappingsteken word gebruik by meervoudsvorme van woorde wat op 'n *i*, *o* en *u* eindig.  
Oribi's eindig op 'n *i* en kry daarom 'n -'s. (1)
- 3.4 Koejawel: hy is 'n harde koejawel – hy is 'n moeilike persoon.  
Geitjie: Sy is 'n regte geitjie – sy het 'n kwaai humeur.  
Krokodil: Hy huil krokodilrane – hy veins (is vals, gee voor) (3)
- 3.5 Daar kan geskiedenis wees wat dalk nie opgeteken is nie. Leerders se sinvolle motiverings verdien krediet. (1)
- 3.6 'n Millennium is 'n tydperk van 1 000 jaar. (1)
- 3.7  $1652 - 150 = 1702$ . (1)
- 3.8 222,2 km per maand. (1)
- 3.9 Tafelbaai was ongeveer halfpad tussen die Weste en die Ooste. (1)
- 3.10 Uiters: baie; kwesbaar: gevoelig, broos, swak. (As jou antwoord min of meer soos die voorbeelde is, merk jou antwoord reg!) (1)
- 3.11 Stormse : storms op die see kon die seilskepe skade berokken, laat breek, beskadig en selfs laat sink.  
Slytases: die seilskepe kon met verloop van tyd en gebruik beskadig word en nie meer so sterk wees nie.  
'n Tekort aan voorrade: daar was nie meer vars kos, water, brandhout aan boord nie en dit het die bemannings laat swaar kry op die oop see. (3)
- 3.12 Om groente, vrugte en graan te oes, neem lank omdat die groente, vrugte en graan kans moet kry om te groei en ryp te word. (1)
- 3.13 Ja, die Kaap se omstandighede, soos die klimaat en die grond, was baie anders as waaraan Jan van Riebeeck gewoond was in Nederland. (As jou antwoord min of meer soos die voorbeeld is, merk jou antwoord reg!) (1)
- 3.14 Nee, want beeste is baie meer werd (het baie meer waarde) as krale, koper en tabak. (As jou antwoord min of meer soos die voorbeelde is, merk jou antwoord reg!) (1)
- 3.15 uit die staanspoor: van die begin af/onmiddellik. (1)  
Babelse verwarring: wanorde/spraakverwarring. (1)
- 3.16 Daar was te min mense om al die werk te doen. (1)

#### Aktiwiteit 4

Leerders voltooi die genoemde skryfaktiwiteit deur die onderstaande onderstaande stappe (soos deur die NKV bepaal) te volg:

- beplan en ontwikkel die onderwerp deur relevante inligting uit 'n verskeidenheid gepaste bronne te gebruik;
- organiseer idees samehangend en logies in 'n konsepweergawe;
- ontleed eie en ander se skryfwerk, evalueer, maak aanbevelings en toon sensitiwiteit vir ander se regte, gevoelens en persoonlike styl;
- redigeer en verbeter finale weergawe;
- skryf die finale produk.

Die aktiwiteit kan as 'n portefeulje-item beskou word, indien so verkies.

	5	4	3	2	1
Kreatiewe skryfstuk: Onderwerp: .....					
Datum: .....					
Leerder: .....					
1. Deelname aan die skryfproses en effektiewe bestuur daarvan					
2. Doeltreffende redigering van konsepweergawe(s)					
3. Oorspronklikheid van woordkeuses in finale skryfproduk					
4. Helderheid van uitdrukkings in finale skryfstuk					
5. Spelling, puntuasie en styl wat in finale skryfstuk gebruik word					
6. Geheelindruk, kreatiwiteit en trefkrag van finale produk					
Kommentaar:	Totaal uit 30				

## Aktiwiteit 5

### Groepsprojek/Pretwerk (opsioneel)

Groepe stel 'n collage of plakkaat saam.

Projek: .....	****	***	**	*
Datum: .....				
Groep: .....				
Groeplede: .....				
1. Prikkelende, oorspronklike aanbieding				
2. Organisasie van inligting				
3. Collage of plakkaat is leersaam				
4. Interpretasie van idioom				
5. Netjies en afgerond				
Kommentaar:				

## Aktiwiteit 6

### Luisteraktiwiteit

#### Agtergrondinligting vir die fasilitering van aktiwiteit 6

Uit die geskiedenis is dit duidelik dat Afrikaans hoofsaaklik deur Nederlands beïnvloed is, maar nie slegs deur Nederlands nie. Die inheemse Koina en ingevoerde slawe het ook tot die ontstaan van Afrikaans bygedra.

- Die taalvorm wat uit die Nederlands aan die Kaap ontstaan het en later deur die trekboere en die Voortrekkers ooswaarts die binneland ingevoer is, staan bekend as die **historiese Oostelike Afrikaanse variëteit**.
- Die taalvorm wat ontstaan het uit die Koina se pogings om Nederlands aan die vroeë Kaap te praat en later na die omgewing van die Gariep versprei het, staan bekend as die **historiese Westelike Afrikaanse variëteit**.
- Die taalvorm wat ontstaan het uit die ingevoerde slawe se pogings om Nederlands aan die vroeë Kaap te praat, staan bekend as die **historiese Suidelike variëteit**.

Uit hierdie historiese variëteite het hedendaagse subvariëteite van Afrikaans ontstaan soos byvoorbeeld Kaapse Afrikaans (uit die historiese Suidelike Afrikaanse variëteit), Griekwa-Afrikaans (uit die historiese Westelike Afrikaanse variëteit) en Oosgrensafrikaans (uit die historiese Oostelike Afrikaanse variëteit).

## **Groepwerk**

Leerders luister in groepe na die liedjies wat voorgespeel word .

- 6.1 Ja / Nee. Verduideliking verdien krediet.
- 6.2 Verskille ten opsigte van uitspraak, woordeskat en sinsorganisasie.
- 6.3 *Halala Afrika*
- 6.4 *Toefie se kait*
- 6.5 *Ouerlike raad*
- 6.6 Leerder se eie keuses word respekteer.
- 6.7 Ja / Nee. Verduideliking verdien krediet.

## **Individuele werk**

### **Halala Afrika**

- 6.8 Leerder se eie gevoelens word gerespekteer.
- 6.9 Lank gelede
- 6.10 Leerder se eie visualisering en verbeelding verdien krediet.
- 6.11 Daar het skepe uit die Weste aangekom wat die lewe aan die suidpunt van Afrika onherroeplik verander het.

### **Toefie se kait**

- 6.12 Leerder se eie gevoelens word gerespekteer.
- 6.13 Om te beklemtoon.

### **Ouerlike raad**

- 6.14 'n Betroubare kind
- 6.15 Hy luister na sy ouers en maak sy ouers bly.
- 6.16 'n Opstandige kind
- 6.17 Maak sy ouers hartseer.
- 6.18 As jy lui is en as jy plesier nastreef.



Onderwysers vul asb. die onderstaande in. Baie dankie vir u vriendelike samewerking. Dit word opreg waardeer.

My skool: \_\_\_\_\_

	Ja	Onseker	Nee
1. Ek stem saam dat Afrikaans nie alleenlik uit Nederlands ontstaan het nie, maar dat die Koina en slawe se invloed ook bygedra het tot Afrikaans soos ons dit vandag ken.			
2. Die leerders se bewuswording van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf Jan van Riebeeck se landing aan die Kaap (1652), verdien aandag in die kurrikulum.			
3. Ek is van mening dat leerders tydens 'n geïntegreerde lersreeks van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans bewus gemaak kan word deur byvoorbeeld 'n interessante teks wat oor die ontstaan van Afrikaans handel, te gebruik.			
4. Die leerders se bewuswording van die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans vanaf Jan van Riebeeck se landing aan die Kaap (1652) kan in die klaskamer bydra tot wedersydse waardering by alle Afrikaanssprekendes.			
5. Ek is positief oor die moontlikhede wat die NKV bied om die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans met leerinhoud te integreer.			
Kommentaar oor die lesreeks: <i>Die interessante verskeidenheid in Suid-Afrika en Afrikaans:</i>			
Kommentaar oor die beleving van die lesreeks deur die leerders:			
Enige ander kommentaar:			